

D I E
E K O N O M I E S E H E R S T E L
V A N D I E
A F R I K A N E R
I N D I E
O R A N J E R I V I E R - K O L O N I E
1 9 0 2 - 1 9 0 7

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0079031



111166121201220000019

deur

A. P. J. VAN RENSBURG, M.A.(S.A.)

Akademiese proefskrif
ter vervulling van die vereistes vir
die graad D.Phil. in die
Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte
aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Promotor: Dr. M. C. E. VAN SCHOOR

Bloemfontein

1964

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

Bevindes	Grystaat
SUID-AFRIKA	
24 MAY 1965	
KLAS No.	79031
No.	79031
BIBLIOTHEEK	

I N H O U D S O P G A W E

	Bladsy
VOORWOORD	v - ix
PROLOOG	1 - 27

HOOFSTUK I

VERNIETIGING VAN WELVAART	28 - 106
-----------------------------------	----------

Aanvangstydperk van sporadiese verwoesting - Roberts en Kitcheners se krygsbeleid - Plaasverwoesting: afbrand van skure en huise; verwoesting van plaasgereedskap en omheinings; uitroeiing van die veestapel - Verwoesting en afbranding van dorpe - Vernietiging van manne- en vrouekrag: slagveld en konsentrasiekampe - Verkoop van plase - Resultaat: landboubronne totaal vernietig.

HOOFSTUK II

DIE HERSTELPROGRAM VAN 'N VEROWERAAR	107 - 145
--	-----------

Milner met heropbou belas - Kritiek op sy aanstelling - Sy siening van heropbou - Administratiewe rekonstruksie: Sentrale en plaaslike bestuur - Kindergarten-amptenare ingevoer - £35,000,000-lening vir herstelprogram - South African Constabulary - Die Interkoloniale Raad en Spoorweguitbreiding - Kritiek en Waardering.

HOOFSTUK III

SKIKKING DEUR VERDRINGING	146 - 202
-----------------------------------	-----------

Milner se imperialistiese strewe behels totale onderwerping van die Afrikaner - Geestelike verowering deur middel van verengelsing - Landnedersettingskema beoog verbritsing van platteland - Voorbereidende werk gedurende die oorlog: Verslag van Forster-kommissie en vestiging van groepe nedersetters in veilige distrikte - Ná die oorlog: Verengelsing en ekonomiese herstel gekoppel - Verloop van Landnedersetting in die O.R.K. - Vroue-immigrasie - 1904 reeds ongeveer 700 nedersetters - Mislukings weens teenslae en onkunde ook deur

Milner erken - Kritiek van Afrikanerleiers -
 Lotgevalle tot 1912 - Uitwerking daarvan op
 die Afrikaner.

HOOFSTUK IV

KOMPENSASIE - 'N GORDIAANSE KNOOP 203 - 279

Artikel 10 van die Vredesverdrag - Vertolking
 daarvan deur Bittereinders en Milner - Kom-
 pensasie-beloftes - Verwarring en verloop van
 verwarrende vertolkings - Uitvoering van kom-
 pensasie-beloftes - Gevolge op armblankes en
 Bittereinders - Ekonomiese nood - Politieke
 herontwaking - Brandfort-kongres - Gevolg-
 trekking.

HOOFSTUK V

REPATRIASIE-REËLING, FLATERS EN MISLUKKINGS .. 280 - 343

Organisasie en voorbereidende werk gedurende
 die oorlog - Na-oorlogse verloop: Vredesbe-
 palings; Organisasie (Sentrale Raad, plaas-
 like rade, agente, depôts); Beskikbare fond-
 se - Reëlins: ellende in sekere distrikte;
 Milner-program; terugplasing van krygsge-
 vanges, Bittereinders en ontbinding van
 Refugee-kampe; Rantsoene; Aankoms op plase;
 Bywoners en armblankes - Flaters en misluk-
 kings: Omvang; swak amptenare; hoë salarisse;
 swak boekhouding a.g.v. wanbeheer; ander
 flaters - Kritiek in Suid-Adrika - Kritiek in
 Engeland - Samevatting.

HOOFSTUK VI

„UIT EIGEN KRACHT EN ENERGIE“ 344 - 419

Die vredestryding - Toestand van die land aan
 die einde van die oorlog - Terugkeer na plase
 en probleme in verband daarmee: Vervoer,
 Voedsel, Vee, Onderlinge verdeeldheid, Droog-
 te van 1903, Gebrek aan naturelle-arbeid -
 Gees waarin die heropbou aangepak is - Teen-
 slae van 1902 en 1903 oorleef - Kering: Aan-
 tal behoefdiges daal, Ekonomiese herlewing
 begin 1904 met geringe uitsonderings - Be-
 volkingsgroei as essensiële potensiaal in die
 ekonomie - Eenheid en krag in Afrikaner-gele-

dere herstel - Landbou-ontwikkeling - Nywer-
hede - Groter produksie lei tot uitvoer,
beter vervoerstelsel, kapitaalvorming -
Alles gereflekteer in staatsinkomste - Ver-
slae bevestig algemene vordering - Ekonomiese
herstel bevorder politieke herlewing - Skuld-
delging - Herstel bevestig deur Afrikaner-
leiers - Oorlog verloor, vrede gewen.

BESLUIT		420 - 434
BIBLIOGRAFIE		435 - 443

V O O R W O O R D

Gedurende Mei 1950 het daar in Die Huisgenoot uit die pen van dr. D.W. Krüger twee geïnspireerde artikels oor die heroïese verzet van die Afrikaner¹ teen Brittanje gedurende die Anglo-Boereoorlog verskyn. Hierdie grootse siening van 'n deel van die heldeverlede van die Afrikanervolk het vir my as spoorslag gedien om vas te stel hoe hierdie helde van die slagveld en konsentrasiekampe ná die oorlog die daaglikse lewenstryd hervat en voortgesit het. Die studie is ook aangepak omdat, naas die politieke en kulturele geskiedenis van die Afrikaner ná die Anglo-Boereoorlog, wat al so dikwels as navorsingsprojek gedien het, die ekonomiese aspek van die Afrikaner se herstel in hierdie tydperk nog nooit in al sy geledinge in oënskou geneem is nie.

Verskeie historici en ander skrywers het die gebeure in die Oranjerivier-Kolonie gedurende die tydperk 1902-1907 reeds nagevors, bv. Worsfold in The Reconstruction of the

-
1. Reeds gedurende die 18e eeu, toe Hendrik Bibault tydens die verzet teen die wanbestuur van W.A. van der Stel getuig het: "'K ben een Africaander!" het die woord "Afrikaner" 'n hoër inhoud gekry en was dit nie meer net iemand wat in Suid-Afrika gebore is nie, maar ook iemand wat hom nie laat vertrap nie, veral nie deur persone wat nie Afrikaners is nie. Van der Stel se verwysing na "onwetende boeren" en "lompe schoften van boeren" het so ook die benaming "Boer" nasionale inhoud en sinonieme betekenis met "Afrikaner" gegee. Na die Groot Trek was "Boere" die oorspronklike republikeinse burgers van die Oranje-Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek. "Afrikaner" het toe 'n veel wyer begrip verkry. Hoewel die term "Boer" tot die veertigerjare van hierdie eeu bly voortbestaan het, is "Afrikaner" blykbaar 'n suiwerder konnotasie vir 'n gelouterde "Boerenasie" na die oorlog van 1899-1902. Die kern van "Afrikaner" wees na die oorlog blyk miskien ten beste uit genl. C.R. de Wet se uittaling van November 1914, nl. dat die gewapende opstand aan die regering sal toon "dat daar nog in Suid-Afrika 'n paar duisend manne is, wat hul God, hul geskiedenis en hulself nog nie vergeet het nie." (Van Schoor, Malan en Oberholster, Christiaan Rudolph de Wet 1854-1922 - Bloemfontein, 1954 -, p. 128). Waar in hierdie verhandeling, veral na die oorlog, na die Afrikaner verwys word, dui dit hoofsaaklik op die Boere-element wat hom wou rehabiliteer om homself te wees, selfs in 'n situasie waarvan hy die toekoms nie kon peil nie.

new Colonies under Lord Milner (1913); Beak in The Aftermath of War (1906); Amery in The Times History of the War in South Africa (1906-9); dr. J.D. Kriel in Emily Hobhouse, 'n Studie in Altruïsme en Pasifisme (1956) en Headlam n.a.v. The Milner Papers (1933). Worsfold, Amery en Headlam het hoofsaaklik Milner se rekonstruksiewerk as geheel in oënskou geneem en van die standpunt uitgegaan dat dit 'n besonder humane gebaar teenoor 'n oorwonne volk was. Beak wou as oud-repatriasiebeampte van die O.R.K. sy eie werk, waarteen soveel kritiek geopper is, regverdig en daarom is sy uiteensettinge en gevolgtrekkinge nie altyd objektief nie. Dr. Kriel het sekere aspekte van die herstelprogram, bv. Repatriasie en Kompensasie, in breë trekke behandel insoverre as wat Emily Hobhouse daarmee gemoeid was, maar hy het nie aangetoon wat die uitwerking daarvan op die Afrika-nergemeenskap was nie. Dit is dus opvallend dat niemand nog ooit in die besonder die Afrikaner se ekonomiese herstel „uit eie krag" behandel het nie. Vandaar dat ons geskiedskrywing miskien te dikwels die indruk skep dat die „helde"-tydvak van die Afrikanervolk by die Vrede van Vereeniging ten einde geloop het.

Aanvanklik is die behandeling van Die Ekonomiese Herstel van die Oranjerivier-Kolonie tussen 1902 en 1910 in die vooruitsig gestel, maar nadat die meeste beskikbare argivale bronne geraadpleeg is, en na oorlegpleging met dr. M.C.E. van Schoor, wat enkele jare gelede prof. dr. C.J. Uys as sy promotor vervang het, het dit tot Die Ekonomiese Herstel van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie 1902-1907 uitgekristalliseer. Hierdie wysiging is aanvaar wanweë die oorweging dat die studie hoofsaaklik op die landelike gemeenskap, waarin die Afrikaner oorheersend was, gerig is. Vandaar dat die wyer betiteling, wat alle fasette van die ekonomiese lewe van 'n gemeenskap betrek het, vir 'n studie van die ekonomiese herryzenis van die Afrikaner ingeruil is.

Vanselfsprekend bring dit mee dat dié ekonomiese geskiedenis nou meer bepaaldelik en in 'n sekere sin meer sinvol op die ontwikkelingsgeskiedenis van die Afrikaner self betrek is. Dit gaan dus in die eerste instansie nie om 'n ekonomiese geskiedenis van die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie as sodanig nie, maar wel om deur middel van die ekonomiese geskiedenis die Afrikaner se historiese metamorfose en vormaanneming ná afloop van die Anglo-Boereoorlog, in die Oranjerivier-Kolonie, te deurgrond en te verklaar. Omdat die ekonomiese herstel van die Afrikaner teen 1907 verwesenlik is, is die tydperk dienooreenkomstig verander.

Uiteraard moet die Afrikaner se fenomenale ekonomiese herstel tussen die jare 1902-1907 gesien word teen die agtergrond van die ekonomiese en politieke ideale wat die veroweraar vir homself ten doel gestel het. Vandaar dat daar enigsins breedvoerig by die skemas en oogmerke van lord Milner stilgestaan is, enersyds omdat dit direk op die Afrikaner betrekking gehad het, en andersyds omdat dit die beeld verskerp dat die Afrikaner juis teen 'n bepaalde en beplande ekonomiese en politieke situasie homself moes handhaaf.

Gesien teen die agtergrond van soveel oorstelpende teenwerkende faktore het die Afrikaner in die Oranjerivier-Kolonie tussen 1902 en 1907 op ongeëwenaarde wyse herstel - 'n grondslag waarop voortgebou is om ook op ander terreine inherente Afrikanerkrigte te mobiliseer. Die lewe of prestasies van die Afrikanervolk op die gebied van die godsdien, die kuns en die wetenskap, van die krygskuns of die sport mag miskien belangrik wees, maar die ekonomiese vooruitgang van ons volk vorm 'n noodsaaklike voorwaarde of fondament vir alle ander kulturele, politieke of maatskaplike prestasies. Na die ekonomiese rehabilitasie tussen 1902 en 1907 kon ander terreine mettertied herower word, totdat in 1907, met die toekenning van selfbestuur, die ekonomiese en

politieke oorwinning van die Afrikaner grootliks verseker was. Dat die Afrikaner so gou na die oorlog kon herstel, moet aan 'n kanniedoodgees en ander ingebore karaktertrekke toegeskryf word waardeur sy voortbestaan uiteindelik ook verseker is. Terselfdertyd is die siftingsproses wat deur die oorlog begin is, ook op ekonomiese gebied volvoer om die kern van die Afrikanervolk te louter.

* * * * *

Omdat 'n relaas van die herstellpoging na die oorlog haas ondenkbaar is sonder 'n saaklike uiteensetting van die ekonomiese stand in die Oranje-Vrystaat vóór die oorlog en die geweldige aftakeling tydens die oorlog self, vorm die Proloog en die eerste hoofstuk min of meer die inleiding vir wat later volg.

Hierdie proefskrif is reeds in 1953 aangepak en daarom is die destydse geldstelsel, wat toe en ook in die O.R.K. in swang was, dwarsdeur gehandhaaf. Transvaalse argivalia word met Transvaalse Argief - in die voetnote as T.A. afgekort - aangedui.

* * * * *

Graag wil ek my promotor, dr. M.C.E. van Schoor, wie se geduld ek tydig en ontydig dikwels tot die uiterste beproef het, in die besonder bedank vir sy persoonlike belangstelling, wetenskaplike leiding en besielende aanmoediging. Sy lewendige belangstelling in die Afrikaner se geskiedenis was my tot groot nut.

'n Geldelike toekenning van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing het baie daartoe bygedra dat die navorsingswerk sonder groot geldelike probleme verrig kon word. Voorts my dank aan argiefamptenare in die Oranje-Vrystaat

en Transvaal, sowel as die onderskeie biblioteke waar ek werksaam was, vir hulle besondere bereidwilligheid om hulp te verleen by die stofversameling.

Ten slotte my dank en waardering aan my moeder en ontslape vader en veral my vrou wat deur hulle opofferings my studie moontlik gemaak het.

A.P.J. van Rensburg.

Bloemfontein.

30 Oktober 1964.

P R O L O O G

Te midde van oorstelpende ongunstige politieke, ekonomiese en maatskaplike toestande het die Vrystaatse Republiek in 1854 tot stand gekom. Van die Britse Soewereiniteitsregering is 'n bankrot boedel sowel as die onopgeloste Basoeto-vraagstuk geërf. Tereg kon Theal verklaar: „Seldom has a civilized community been thrown entirely on its own resources under circumstances so unfavourable as those in which the O.F.S. commenced its existence.”¹ Desnieteenstaande het die O.V.S. binne 'n halwe eeu tot ekonomiese bloei gekom. Hierdie halwe eeu val eintlik in twee tydperke uiteen.

Tot 1870 het die Republiek sy wordingsproses deurworstel. Daarna het hy sy lewensvatbaarheid getoon. Te midde van steeds stygende oorskotte en toenemende welvaart van die landelike bevolking, kon geld vir die interne ontwikkeling, die organisasie van die openbare dienste en die vernietiging van die ongedekte papiergeld, wat nog in omloop was, aangewend word. Dit was dan ook in hierdie tydperk dat die Vrystaat die benaming „Modelstaat” verwerf het en die bewondering van geleerdes, selfs uit die buiteland, ingeoes het.²

Die Vrystaat het uit sterk gedifferensieerde streke bestaan. In die suide het dit by die Karoo en in die weste by die Kalahari-doringstreek aangesluit - 'n uitstekende skaapwêreld. Die res van die Vrystaat was deel van die golwende vlaktes van die Hoëveld, wat in die noordooste en ooste by die Natalse bergland aangesluit het. Die gemiddelde jaarlikse reënval van 25 tot 30 duim en die menige standhoudende strome het enige soort boerdery moontlik gemaak,

1. Theal, G.M., A fragment of Basuto History, 1854-1871 (Kaapstad, 1886), p. ix.

2. Vgl. Boyce, J., Impressions of South Africa (Londen, 1900), p. 314.

van vee in die suide en suidweste tot graan in die noorde en noordooste. Gemengde boerdery was egter algemeen.

Die aard van die ekonomiese ontwikkeling in die Vrystaatse Republiek is grootliks deur die karakter van die bevolking bepaal. Die boerderybedryf met sy strenge eise en aanspraak op deursettingsvermoë, aanpassing, beplanning en selfstandige oordeel, het tog as een van die sterkste faktore in die vorming van die Afrikaner se karakter en sy volksbewussyn gedien.³ Die Afrikaner het die land skoon gemaak en ontwikkel sedert die Groot Trek, maar die land het ook sy stempel op hulle afgedruk. Waar die mens nog naby aan die natuur lewe, innig aan die grond en veld verbonde is, word uit hierdie verhouding gewoonlik iets egs en goeds gebore. Die Afrikaner was in die landbou oorheersend, en in die produksie-piramiede het die landbou die ganse voetstuk uitgemaak. As gevestigde boer, as werkgewer en grondbewerker het hy rigting aan die grootste deel van die land se opbrengs gegee. Die land en die grond was sy tuiste. Hier het hy saamgeleef en saamgegroeï met sy omgewing. Op sy plaas, in sy eie huisgesin, tussen sy saailande en sy diere, tussen die hoë berge en die weidse vlaktes, het hy tuis gevoel. Die boerdery was in die eerste plek vir hom nie 'n middel om geld te verdien nie, maar die draer van sy huisgesin en van 'n hele lewenswyse. Die hele ekonomiese struktuur het dus verarming teengewerk.

Onder die eerste president, J.P. Hoffman, was die administrasie eenvoudig, maar verwarrend en figuurlik gesproke net so kreupel soos die President en Staatssekretaris dit

3. Van Schoor, M.C.E., Die Nasionale en Politieke Bewuswording van die Afrikaner in Migrasie en sy ontluiking in Transgariep tot 1854 in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1963, II (Kaapstad, 1964), p. 11; vgl. ook Van der Westhuizen, H.M., Die Kulturbewuswording van die Afrikaner in die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, III (Kaapstad, 1950), p. 44 et. seq. oor die Boerdery en Boereplaasgedagte in die vorming van die Afrikanerkarakter.

letterlik was. Die wonings was aller-eenvoudigs en huislike geriewe beperk. Krediet was van minder belang en die algemene handelstoestand sodanig dat geen bankinrigting 'n lonende bestaan sou kon voer nie.

Die volgende president, J.N. Boshof, het veral die geldelike administrasie op 'n gesonde peil gestel. Hy het egter te kampe gehad met die aanhoudende plunderinge van die Basoeto's, die onbestendige aard van 'n groot deel van die bevolking en die volgehoue agitasie in die noordelike Vrystaat vir aansluiting by die Zuid-Afrikaansche Republiek - 'n agitasie wat met die Rhenosterrivier-inval in 1857 sy hoogtepunt bereik en die jong staat £21,119 gekos het.⁴

Ten spyte van 'n langdurige droogte vanaf 1859 tot omstreeks 1864 het die onafgebroke immigrasiestroom uit die Kaapkolonie, die styging in grondwaardes en die staatsinkomste, sowel as die stigting van nuwe dorpe en distrikte, tog vooruitgang beklemtoon.

In Maart 1860 het M.W. Pretorius president geword. 'n Nouer vereniging van die twee republieke het nou baie moontlik gelyk. Sy bestuur was vir die Vrystaat 'n kosbare weelde en met sy vertrek was die finansiële posisie swakker as in 1854. Die redakteur van De Tijd het tereg sy misnoeë oor sy wanbestuur en stelsellose regering duidelik te kenne gegee.⁵

Hierdie teleurstellende ervaring met 'n pionierleier het die Vrystaters laat besef dat 'n selfstandige en ordelike staat hoër eise as die trekpad stel. In hierdie wete het hulle 'n nuwe president gesoek, en hom in die persoon van J.H. Brand gevind. Hy was 'n Kaapse advokaat en politikus, met 'n Europese opleiding en groot administratiewe begaafdheid. Hy sou orde in die chaos van die n^o-Groot-Trekse tydperk in die Vrystaat gaan stig en daarmee ook 'n keerpunt in

4. Collins, W.W., Free Statia (Bloemfontein, 1907), p. 136.

5. De Tijd, 27.5.1863.

die lotgeval van die Oranje-Vrystaat bring. In die stryd teen die Basoeto's het hy die verenigende middelpunt van die volkslewe geword en die Vrystaters tot 'n lotsgemeenskap saamgesnoer - iets wat in die Zuid-Afrikaansche Republiek eers ná afloop van die Eerste Vryheidsoorlog tot stand gekom het.

Die botsing met die Basoeto's het baie geduld, menselewens, geld en opofferings geëis.⁶ Die moeilike omstandighede waaronder die stryd gevoer is, het die Vrystaters se oorwinning des te roemryker gemaak. Dit vorm 'n deel van die heldeverlede van die Afrikanervolk. 'n Mens moet die moed en volharding van die Vrystaters bewonder. Sonder enige hulp van buite is die taak volvoer waarvoor Engeland oorspronklik teruggedeins het. Deur die Basoeto-oorloë is die Vrystaat finaal vir die blanke pioniers verseker en is 'n vrugbare strook landbougrond as graanskuur tot die staat toegevoeg.

Die ontwrigting en stilstand as gevolg van hierdie oorloë is ook gou te bowe gekom. So getuig 'n reisiger reeds in 1861: „I have just returned from the Transgariep. It is a splendid country; the traders and the farmers prosper without exertion. In travelling through I did not see one poor Boer. Their wealth far exceeds that of our colonial boers.”⁷ Tien jaar na die verwoestende oorloë was die finansies reeds weer kerngesond. Geen afgebrande plaaswoning was meer te sien nie. Troppe vee het rustig in die valleie van die Verowerde Gebied gewei en golwende graanlande het tot teen die hange van die berge opgekruip.

Van hierdie rustige, vreedsame en ordeliewende gemeenskap met sy bloeiende ekonomie, het F.W. Reitz in 1889

6. Vgl. Grobbelaar, J.J.G., Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-Vraagstuk in die 19de eeu, Boek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 2^e jaargang, 1939, II (Kaapstad, 1939), pp. 82-192.

7. The Friend, 28.6.1861 (herdruk uit die Grahamstown Journal).

president geword. Die vreedsame ontwikkeling is onder hom voortgesit. Toe dr. H.P.N. Muller, konsul-generaal van die Vrystaat in Nederland, in hierdie jare deur die Vrystaat gereis het, het hy tussen Kimberley en Boshof by die Minnaar-gesin oornag. Die boerderybedrywighede het hom geboei: „Alles getuigde er van groote welvaart en arbeidzaamheid; en er heerschte eene bedrijvigheid, zooals ik die in de Transvaal niet had aangetroffen.”⁸ Ook in die suidelike Vrystaat het hy hom in „deze welvarende boerderij” verlustig.⁹

Teen 1890 het die Vrystaat lank reeds sy kinderskoene van sy vroeë pioniersjare op boerderygebied ontgroeï. In hierdie jaar is 59,549 bale wol geskeer, en drie jaar later is die Republiek op die wêreldtentoonstelling in Chicago goed verteenwoordig. Landboutentoonstellings en -genootskappe is nou ook aan die orde van die dag. Die Sensusopname van 1890 het die vooruitgang bevestig: 5,916,611 wolskape, 703,381 Afrikanerskape, 895,099 beeste ('n vermeerdering van 757,935 sedert 1856), 858,155 bokke (waaronder 627,617 Angorabokke) en 34,787 varke. Dit het neergekom op gemiddeld 549 wolskape, 83 beeste en 80 bokke per bona fide boer. Terselfdertyd het die koring- en mielie-oes onderskeidelik op 204,075 en 185,585 sakke te staan gekom.

Hierdie abstrakte amptelike syfers weerspieël geensins die intieme daaglikse bestaan en welvaartspeil van die boer gesamentlik of afsonderlik nie, want so kan een boer duisende en sy buurman slegs drie skape besit. Tog gee dié syfers 'n denkbeeld van wat die republikeine as geheel in ses-entertig jaar, ten spyte van natuurrampe en ander terugslae tot stand kon bring.

President M.T. Steyn se bewindsaanvaarding ná pres. Reitz het die kulminasie van die mondigheid van die Vrystaat

8. Muller, H.P.N., Zuid-Afrika-Reisherinneringen (Leiden, 1889), p. 253.

9. Ibid., p. 271.

aangedui. Toe reeds - slegs 40 jaar na sy stigting - was die staat so volwasse dat 'n eie seun die leiding kon neem. Dat die verkiesing van Steyn 'n geïnspireerde daad van die volk was, het reeds voor die Tweede Vryheidsoorlog duidelik geblyk toe hy bewustelik as middellaar tussen die imperialiste en Krüger opgetree het, daarna gedurende die vryheidstryd die inspirasie agter die handhawing van die onafhanklikheid was en ook ná die oorlog, toe hy die mondstuk van 'n veronregte volk sou wees. Pres. Steyn het hom veral vir die landbou en nywerhede beywer, sodat die Vrystaatse Afrikaner homself in 'n grotere, verenigde Suid-Afrika sou kon handhaaf.¹⁰

Pres. Steyn wou die Vrystaat ekonomies so versterk dat die Afrikaner sy gevoel van onafhanklikheid kon behou. Daarom het hy die bevordering van die landbou so getroetel en alles in sy vermoë probeer doen om verarming teen te werk. Na 1889 het die Tolverbond met die Kaapkolonie die Staatsinkomste feitlik verdubbel. Die Volksraad kon gevolglik meer subsidies toestaan en so ontwikkeling stimuleer. Hiervoor was wetenskaplike voorligting nodig - iets wat kort vóór die oorlog met die instelling van 'n Landbouraad verwesenlik is. In 1899 is £100 op die begroting vir 'n koelkamer geplaas; bonusse vir die uitvoering van ongediertes is betaal; 'n proefplaas en landbouskool is goedgekeur en £10,000 daarvoor beskikbaar gestel; en £500 is vir die aanmoediging van tabakverbouing gestem, terwyl 'n leningsfonds vir besproeiingswerke in die lewe geroep is. Hierdie vooruitstrewende beleid het getoon dat die terugslag as gevolg van die runderpes van 1896 reeds uitgeskakel was.

Die Vrystaatse boer het ook sy moeilikhede en terugslae ondervind. Behalwe die Basoeto-vraagstuk was daar periodieke droogtes wat groot verliese aan vee en gesaaides veroorsaak het, sprinkaanplae, boetebossies, brandsiekteplae

10. Kieser, A., President Steyn in die Krisisjare (Kaapstad 1951), p. 37.

en veral die runderpes van 1896 wat telkens gedreig het om hulle duur verworwe welvaart 'n knou te gee. Ook was daar nog konjunktuurwisselinge, in teorie onbekend aan die pioniers maar in die praktyk duidelik voelbaar, bv. die „Diamond Boom" wat teen 1876 ten einde geloop het en deur veesiektes en die kwaai droogte van 1876-78 verhewig is.

Reeds voor 1876 het die armblankedom ook sy kop begin uitsteek. Weens die skade deur die Basoeto-oorloë berokken, het talle bankrotskappe gevolg. Sommige van die geruïneerde Afrikaners het weer herstel, maar 'n aansienlike getal kon hul ewewig nie weer herwin nie.¹¹ Droogtes, sprinkane en misoeste het periodieke verarming bevorder, maar dit was veral die runderpes wat die getal armblankes vermeerder het. In 1896 was daar 2363 burgers wat te arm was om 'n eie geweer aan te skaf.¹²

Pres. Steyn was bewus van hierdie swak plek in die ekonomiese lewe van die Republiek. Daarom wou hy die bestaansmoontlikhede op die platteland sekerder maak. Daartoe was progressiewe landboumetodes nodig en gevolglik is die Landbouraad in 1898 in die lewe geroep. Verder het hy die Volksraad beweeg om 'n uitgebreide stelsel van takspoorlyne aan te lê. Sommige armblankes kon aan die nuwe spoorweë werk en ander op die hooflyn wat in 1897 van die Kaapkolonie oorge neem is. Vir kinders van armblankes is 'n Nywerheidskool in Bloemfontein geopen. So is maatreëls getref om die selfrespek en onafhanklikheidsgevoel van die Afrikaner te behou en hom 'n geskikte heenkome te bied.¹³ Die Afrikaner het hom nie deur armoede laat onderkry nie en aan die begin van 1899 was die krisis, wat gedreig het om die lewenstandaard te verlaag, verby. Die verbasende herstelkrag, wat so sterk

11. Weideman, H.J.S., Die Geskiedenis van die Ekonomiese Ontwikkeling van die Oranje-Vrystaat met verwysing na die ontstaan van die Armblankedom, (MS. B. Verhandeling, U.K.O.V.S., 1946), pp. 51-52.

12. Kieser, op. cit., p. 42.

13. Ibid., p. 49.

na die oorlog geopenbaar sou word, was reeds hier aanwesig.

In die verwesenliking van hierdie landelike welvaart het harde inspanning en die geloof in 'n eie lotsbestemming 'n groot rol gespeel. Daar was egter ook ander buitegrenslike faktore wat die voorspoed bevorder het, nl. die ontdekking van diamante en goud. Na die landsarmoede wat deur die Basoeto-oorloë veroorsaak is, het die markte van die Diamantvelde 'n hoogkonjunktuur vir die Vrystaat meegebring. Die diamantmark het stimulerend op die produksievermoë van die Vrystaatse boer ingewerk. Vir die eerste keer sedert die ontstaan van die staat was daar 'n bestendige afsetgebied. Heel gou het grondpryse gestyg. Die lewenstandaard van die platteland is verhoog. Plaaswonings en hul inhoud het verbeter. Gemeentes het sierlike kerke begin bou. Die Republiek het in ekonomiese krag toegeneem. Selfs die Britse geskiedskrywer, J.A. Froude, moes erken: „The two Republics prospered beyond our expectation, and I fear, beyond our wishes.”¹⁴

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het ook die ekonomiese toestand van die Vrystaatse boer bevoordeel. Die aanvraag sowel as die produksie het toegeneem. Die mark was deurgaans goed sodat die landbouers ekonomies sterker geword het. Die nabyheid van die goudvelde het die grondpryse opnuut laat styg en sommige boere het tot £100,000 vir hulle plase gevra.¹⁵ Dit toon duidelik dat die Vrystaatse boere aan selfvertroue gewen het.

Vanselfsprekend het die handel hierby gebaat. Hoewel diamante en steenkool ook in die Vrystaat ontgin is, het landbou en veeteelt die vernaamste bestaansbronne tot 1899 gebly. In 1898 het die landbou £1,360,869 tot die totale uitvoer van £1,874,933 bygedra. In dieselfde jaar het die

14. Froude, J.A., Two Lectures on South Africa (Londen, 1880), p. 18.

15. De Express, 19.2.1889.

wolopbrengs reeds £363,776 bedra, waar dit twee jaar tevore slegs £180,514 was. Waar die invoer in 1860 slegs ongeveer £250,000 was, was dit in 1898 £3,354,994, d.w.s. £403,262 meer as in 1894.¹⁶ Die totale uitvoerwaarde na alle Suid-Afrikaanse state tussen 1895 en 1897 het £5,054,572 bedra en in 1897 was die gunstige handelsbalans £562,543.¹⁷

Die handel van 'n staat speel 'n belangrike rol in sy ekonomiese ontwikkeling. Die toenemende binnelandse koopkrag en stygende welvaart van die bevolking word deur die kommersiële betrekkings met die res van die wêreld getoets. Die handel bepaal voor- of teëspoed. Laasgenoemde het beslissend nie in die Vrystaat van 1897-1898 bestaan nie.

Ook die staatsfinansies het die vooruitgang beklemtoon. In 1870 het die inkomste en uitgawe onderskeidelik £78,904 en £71,176 bedra. Hierna vind 'n geleidelike styging plaas. Reeds die volgende jaar was die Vrystaat so welvarend dat die sg. „blue backs" (£1) 19/6 in Britse geld werd was, terwyl £1 Transvaalse papiergeld slegs 1/6 in Engelse geld in Pietermaritzburg gehaal het.¹⁸ In 1883 het die laaste ongedekte papiergeld verdwyn en het die staatsinkomste tot £275,746 gestyg. Daarby kon die nuwe jaar met 'n batige saldo van £7074 begin word.¹⁹ Teen 1890 styg die inkomste en uitgawe onderskeidelik tot £376,913 en £304,006. Kapitaal is nodig vir ontluiking en 'n staat kan alleen groei wanneer sy finansies kerngesond is.

Die ekonomiese welvaart van 'n volk word veral deur twee faktore bepaal: die groei van die bevolking en die toename in die nasionale produksie of totale volksinkome. Indien die tweede nie tred hou met die eerste nie, vind daar

16. South African Handbooks, No.3, p. 33; Kieser, op. cit., p. 37; Goewermentskoerant, 26.2.1897 en 18.3.1898.

17. Goewermentskoerant, 26.2.1897 en 18.3.1898.

18. De Zuid-Afrikaan, 20.1.1872, korrespondent uit Potchefstroom, Desember 1871.

19. Vgl. Arndt, E.H.D., Banking and Currency Development in South Africa (Johannesburg, 1928), p. 87.

'n afname in die lewenstandaard van die gemiddelde persoon of van die hele bevolking plaas.

Gemeet aan hierdie vereistes was die Vrystaat in 1899 welvarend. In 1856, toe 'n baie onbetroubare sensusopname plaasgevind het, was daar 12,859 blanke inwoners. Terselfdertyd het die totale staatsinkomste £12,245 of ongeveer £1 per persoon bedra. In 1880, toe 'n baie meer betroubare sensusopname gehou is, was die blanke bevolkingsgetal 61,022 en die staatsinkomste £189,246 of ongeveer £3 per persoon. In 1890 styg die bevolking tot 77,716 en die inkomste tot £376,913, d.w.s. meer as £4.8 per persoon.²⁰ Die gelykmatige en gesonde ontwikkeling van die Vrystaat blyk duidelik hieruit, want die nasionale inkome het geleidelik en selfs vinniger as die bevolking gestyg. Na 1890 het die Vrystaat so snel gevorder dat die inkomste in 1898 reeds £1,087,013 was, m.a.w. amper drie keer soveel as agt jaar tevore.

Ekonomiese voorspoed het diep in die lewe van die Vrystaters gegryp. Die vertroue in hul presidente is versterk, veral deur die aandag wat aan alle vertakkinge van die openbare lewe bestee is. Behoorlike kontrole kon sedert pres. Brand se bewind oor alle publieke kantore deur middel van inspeksies uitgeoefen word. Tereg het D'Arbez die volgende oor die publieke administrasie van die Vrystaat geskryf:

„Met dit al ging de Vrijstaat vooruit. Langzaam maar zeker werden alle inrichtingen in de staat verbeterd, en alles wat kon dienen tot het bevorderen van de bloei van de staat werd aangewend. De civiele dienst was tans in uitmuntende orde, de President kon op elke ambtenaar rekenen, recht werd aan allen gedaan inderdaad kreeg men in Zuid-Afrika respekt voor de bekwame wijze waarop de Vrijstaat bestuurd werd.”²¹

20. Saamgestel uit die Oranjeboeke, Sensusopnames en Verslae van die Tesourier-generaal vir die betrokke jare.

21) D'Arbez, De Levensgeschiedenis van President J.H. Brand (Amsterdam, 1914), p. 93.

Gevolglik het die Vrystaters vry geword van pioniersvraagstukke, onenigheid en dwarstrekkerij. Hulle rustigheid, tevredenheid, landelike welvaart en ordelikheid het buitenlandse reisigers soos Anthony Trollope beïndruk. Hulle was tevrede met die lewe en het veilig onder die republikeinse vlag gevoel: „Its own internal affairs are so quiet and easily regulated that it is hardly necessary to lock a door.”²²

Die Vrystaters was beleefd, gasvry en welvarend. Die boere het krediet en skuld gehaat. Trollope het verklaar dat niks, veral nie geld nie, die Vrystaters sou beweeg om die genot van selfregering prys te gee. Hy is veral beïndruk deur die gelukkige landelike samelewing en die rus en kalmte in die land self: „There a quiet people are being governed after their own fashion. There a modest people are contented with the fruition of their own moderate wealth. There a secure and well-ordered people are able to live without fear.”²³

Fenomenale ontwikkeling het die jong staat sedert 1854 gekenmerk: teenoor vyf poskantore in 1854 was daar in 1899 reeds 'n netwerk van 53 verskillende posroetes en 'n gereelde pakketdiens met die buiteland; waar in 1870 slegs £92 vir verkeerwese begroot is, is van 1884 tot 1898 alleen £389,000 aan paaie en brûe bestee; tot 31 Desember 1898 is 391 myl sylyne behalwe die hoofspoorlyne deur die republiek oopgestel en in 1898 was die spoorinkomste reeds £461,370; daar was 'n uitgebreide bankstelsel wat bygedra het tot handelsuitbreiding, die onderneming van uitgebreide produktiewe werke en die algemene ekonomiese versterking van die staat as 'n geheel.^{23a}

Ook die onderwys was in 'n gesonde toestand - 'n teen-

22. Trollope, A., South Africa, II (Londen, 1878), p. 244.

23. Ibid, m p. 251.

23a. Samegestelde verslae van die Tesourier - en Posmeester-generaal vir die betrokke jare; V.N. 4.5.1899, p.353; Goewermentskoerant, 26.2.1897 en 18.3.1898; The Friend, 14.8.68.

maatreël teen verarming en 'n middel ter bevordering van algemene welvaart. In 1898 was daar 199 regeringskole met 293 onderwysers en 8157 leerlinge, teenoor slegs 10 regering-skole, 12 onderwysers en 348 leerlinge in 1874.²⁴ Trollope het beweer dat opvoedingsgeriewe beter as in die Zuid-Afrikaansche Republiek was, terwyl Muller getuig het dat die skole goed was en dat die grootste deel van die bevolking kon lees en skryf. Pres. Steyn het hom veral beywer vir die bevordering van 'n doelmatige onderwysstelsel waardeur armoe-de afgeweer kon word. Meer nog, dit moes uitgebou word dat jong Afrikaners nie na die vreemde moes gaan om hulle dors na kennis te les nie, maar na 'n eie, selfstandige inrigting vir hoër onderwys - deurdrenk met eie tradisies en sedes.

Die benutting van die volle ontwikkelingspotensiaal van die Republiek en die daarmee gepaard gaande voorspoed op elke terrein het ook die platteland betrek. Die peil van die plaaslike bestuur is vanaf die negentigerjare verder verhoog, en, hoewel daar soos in alle lande ook ontevredenes was, het die burgers vertroue in hulle wetgewers en amptenare gehad. Die republikeinse regeringsvorm het regering vir en deur die volk vervolmaak.

Ingevolge die goeie pryse vir landbouprodukte na die diamant- en goudontdekking het ook die distrikte finansieel al hoe sterker geword. Hul inkomste het jaarliks gestyg. Reeds in 1888 het twee distrikte - Harrismith en Bloemfontein - die £20,000 - kerf oortref.²⁵ Ook die spooraanleg deur die Vrystaat het die boere binne bereik van die Randse mark gebring. Die gedagte om net vir eie gebruik te produseer, is geleidelik op die agtergrond geskuif. Die staat was nie meer afgesonderd van die buitewêreld nie en die ekstensiewe boer-

24. Brebner, A., Memoirs of the Life and Work of Rev. John Brebner (Edinburgh, 1903), p. 64.

25. Rapport van den Thesaurier-Generaal over het Dienstjaar 1 Maart 1888 - 28 Februari 1889 en Begroting van Ontvangsten en Uitgaven.

derymetodes het nou meer intensief begin word.

So het die plaaslewe steeds die hartslag van die Vrystaat gebly. Die Vrystaatse Afrikaner was nooit 'n dorpe- of stedebouer nie. Met sy landelike agtergrond het hy hom in die dorp of stad nie tuis gevoel nie en hom derhalwe slegs by sy boerdery bepaal. Anders as die Afrikaanssprekende landelike bevolking het die dorpsbevolking hoofsaaklik uit Engels-, Hollands- en Duitssprekende en Joodse handelslui, ambags- en professionele lui en 'n klein klompie rustende - of afgeleefde boeremense bestaan.²⁶ Met verloop van tyd het die dorpsbevolking al hoe meer kosmopolities geword. In 1880 het die bevolking in die Vrystaatse dorpe egter slegs 10% van die totale bevolking uitgemaak.

Die Vrystaatse dorpe het nietemin 'n gunstige indruk op buitelandse reisigers soos Muller en Trollope gemaak. Die boomryke lane en helder kleure het Muller aan die wonings in Holland herinner. Veral Boshof, Jagersfontein, Philipopolis en Fauresmith het hom as vriendelike en vredige dorpies gunstig beïndruk. Na sy besoek aan Bloemfontein kon hy getuig dat „de fraaie, keurige huizen bewezen toch, dat de bewoners den primitiefsten vorm der Boerenbeschaving verre te boven waren.”²⁷ Bloemfontein was soos enige Europese plattelandse dorp. Almal het gesond en tevrede gelyk: „Geen wonder! Al schenkt de Vrijstaat ook zelden groote fortuinen in korte tijd, armoede en gebrek zijn er ten enenmale onbekende zaken.”²⁸ Van die dorpsbewoners „onderscheidde zich in niets van een beschaafden Nederlander uit goeden huize.”²⁹

Ook Trollope is deur die netjiese hoofstad, Bloemfontein, getref en het o.a. daaroor geskryf: „It is needful that

26. Muller, H.P.N., Oude Tijden in den Oranje Vrijstaat (Leiden, 1907), p. 86.

27. Muller, H.P.N., Zuid-Afrika - Reisherinneringen, p. 257.

28. Ibid., p. 260. *My kursivering.*

29. Ibid., p. 279.

a country should have a Capital, and therefore the Orange Free State has Bloemfontein even though the population has not grown beyond that of the suburb of some European town, still it carries its metropolitan honours with a good air, and shocks no one by meanness, dirt or poverty If there be no luxury, everything is decent The town is so quiet and seems to be so happy and contented, removed so far away from strife and want and disorder, that the beholder as he looks upon it is tempted to think that the peace of such an abode is better than the excitement of a Paris, a London or a New York. I will not say that the peace and quiet can be discerned from the hill top, but he who sits there, knowing that the peace and quiet are lying beneath him, will think that he sees them."³⁰

Hierdie beeld van rus en kalmte wat Trollope in Bloemfontein waargeneem het, kon hy netsowel op enige ander dorp of plaas ondervind het. Die Vrystaatse Afrikaner was 'n netjiese, bestendige, landsgetroue en hardwerkende inwoner. Gustav Bauman, die landmeter, het hom soos volg opgesom: „Harressed by native tribes; threatened on one occasion by the Transvaal; balked by the British, the little republic struggled on It created state departments, it founded schools, it laid out townships, and it established its judiciary"³¹ Terugslae, inboorlingonluste en natuurrampe ten spyt, het alle rasse 'n menswaardige bestaan gevoer.

* * * * *

Die geleidelike styging van beide die inkomste en uitgawe van jaar tot jaar het wel die groei en ontwikkeling van die staetshuishouding weerspieël, maar nie juis die indivi-

30. Trollope, op. cit., pp. 257-258, 269-270.

31. Bauman, G. en Bright, E., The Lost Republic : The Biography of a Land Surveyor (Londen, 1940), p. 18.

duele ekonomiese stand nie. In 'n boerderygemeenskap soos die Vrystaat was dit die belangrikste. Die Vrystaters se hele lewe het om die persoonseconomie gesentreer. As gevolg van sy stoere individualisme het hy aan private besit geglo. Die besit van 'n mooi-bewerkte plaas, die vryheid van die plaaslewe, die speel van die wind oor sy graanlande of die glinstering van die son oor 'n mooi trop Afrikanerbeeste was vir hom van meer innerlike waarde as enige ander aardse skatte.

Hierdie waardes het betekenis aan sy landelike bestaan verleen. Die dorpe was slegs sentrums van voedsel en die kerklike lewe. Ook die ontwikkeling van wolnywerhede en ambagte, selfs die spooraanleg, kon nie die karakter van die Vrystaat verander nie. Die ossewa het steeds die tradisionele vervoermiddel gebly. Alles het op die plaas gerig gebly. Al die begeertes van die bevolking is in die boerdery^{beveilig} en dit het die sukses van die hele ekonomiese stelsel gewaarborg. Tereg verklaar Colin Clark: „(W)e may judge the success of an economic system, as an economic system, by the extent to which it enables men to satisfy (without contravention of morality) their desires.”³²

Die opstal op die boereplaas was die middelpunt van alle bedrywigheide. Naby die huis was die standhoudende fontein wat water vir huishoudelike verbruik en vir die vrugte- en groentetuin voorsien het. Teen die negentigerjare het die eerste boorgate en waterpompe hul verskyning gemaak. Aan die huis was gewoonlik 'n afdak wat as stoorkamer en bergplek vir die kapkar of verewaentjie gedien het.

Nie ver van die woning af nie was die perdestal waar gemiddeld staanplek vir 10 tot 12 perde was. Koeistalle het eers na 1902 hulle verskyning gemaak. Gestawelde klipkrale het op baie plekke voorgekom.

32. Clark, Colin, The Conditions of Economic Progress (Londen, 1951), p. 4.

In rustige eenvoud het die landerye en tuinerye hulle voor die opstal ontplooi. Verderaf was die weikampe. Dáár ginds het gestawelde klipmure, kort voor die oorlog selfs heinings, die grenslyne aangedui en agter die rant het 'n lui-kronkelende rokie in die namiddag-kalmte die aanwesigheid van goeie buurskap verrai.

Binne trefafstand van die plaaseienaar se woning het soms die bywoner se huisie gestaan - gewoonlik die heel eerste opstal wat die eienaar kom bou het. Reeds vanaf 1870 het sekere gesinne as „bywoners” op die groter plase kom bly met die reg om sekere gronde te bewerk en diere aan te hou teen bepaalde dienste of om „'n deel.”³³ Hoewel baie bywoners dit slegs as 'n tydelike uitkomst beskou het met die gedagte om later self plaasbesitter te word, het dit 'n permanente stelsel geword waaronder baie mense gelukkig was.

Teen sononder het die Bantoe-herders die groot- en kleinvee nader aan die opstal gebring. In die meeste gevalle was dit Afrikaner- en Friesbeeste, Merino's en „dikstert” Afrikanerskape. Na melktyd het die bonte bedrywigheid op die werf bedaar en binnenshuis verskuif na die rustige familie-maaltyd. Daarna is „Poeke gevat.” Knielende, dikwels op 'n koue kleivloer, is lig op die pad en seën vorentoe gevra. Dan het die aandgesang gevolg. Die plaasvolk het hierin gedeel. En dan het alles stil geword.

Die plaaswoning was gewoonlik 'n enkelverdieping, eers met 'n strooi-, maar later met 'n sinkdak of „huis onder yster.” Dit het meestal 'n reghoekige ontwerp gehad, wat ontwikkel het van 'n enkele reghoek tot vorms wat lyk na 'n omgekeerde T of soms 'n H op sy sy. Die T-vorm het ontstaan deur die toevoeging van 'n eetkamer en 'n kombuis in die

33. Mondeling getuienis van adj. J.W. Brink, D.T.D., en mnr. Dewald Pretorius, onderskeidelik van Clocolan en Bethlehem. Veel dank is aan hierdie persone verskuldig vir hulle mededelings m.b.t. die plaaslewe voor die Tweede Vryheidsoorlog.

middel van die agterste kant van die enkele reghoek. Die H-vorm het ontwikkel wanneer twee sykamers op 'n reghoek aan die end van die T-been aangebou is namate die gesin groter geword of die boer se voorspoed toegeneem het.

Daar was ook wonings met 'n L-vormige grondplan. Die voorste blok hiervan is eerste gebou met die voorhuis in die middel en slaapkamers weerskante. Reghoekig met die hoofgebou is later 'n tweede blok aangebou om die kombuis en spens te huisves. Hierdie blok was struktureel soortgelyk aan die eerste. Die kombuisblok is later deur middel van 'n platdakgang met die hoofgebou verbind.³⁴

Hoewel geringe Europese invloed in die dorpshuise gesien kon word, het die plaaswoningen ontwikkel om by plaaslike omstandighede en die behoeftes van die boere-gesinne te pas. Sekere kenmerke, bv. die stoepe, het ontstaan uit die begeerte na ontspanning in die ope lug. Die stoepe, gewoonlik van steen of leiklip, was dikwels in die skaduwee van bome en bedek met 'n opgeleide prieel. Gedurende die somermaande het die gesin saans tot na donker hier sit en gesels. 'n Ander kenmerk was die solder om graan en ander benodighede in te bêre.

Die voordeure van die plaaswoningen het gewoonlik 'n afsonderlike bo- en onderdeur gehad. Die stelsel van bo- en onderdeure was vir klimaatstoestande in die Vrystaat besonder geskik, want die bo-deur kon vir vars lug oopgehou word en die onderdeur kon die plaasdiere uithou.

Die boere het maklik in hulle eie behoeftes voorsien en Trollope het selde beter brood as by hulle geëet. Die inhoud van die wonings het van die welvaart van die bewoners getuig. In die woonkamers het hy o.a. die volgende huisraad opgemerk: „Probably two spacious tables, and settees along the walls of which the seats are made of ox-riems, and open

34. Walton, J., Vroeë plase en nedersettings in die Oranje-Vrystaat (Amsterdam, 1955), p. 22.

cupboards in the corners filled not sparingly with crockery. And there is always a pile of books in a corner of the room, - among which there is never one not of a religious tendency."³⁵

In die voorkamer, wat dikwels ook as eetvertrek gedien het, was genoeg meubels, gewoonlik van geelhout gemaak.³⁶ Die steele het 'n groot verskeidenheid van vorme gehad, van rondes met vatvormige sitplekke tot dié met regop vierkantige leunings. Vir die sitplekke en leunings is gewoonlik rottang of riempies gebruik. Die klein tafeltjies was bekoorlike en dikwels grasiouse meubelstukke. Die eetkamertafels was dikwels van die soort met sporte tussen die pote of van dié met ronde rande waar die tafelblad kon oopskuif om 'n ekstra stuk in te las. Dan was daar nog 'n „dresstafel" met allerlei snuisterye.

Die inhoud van die plaaswonings het teen 1890 van gerief en welvaart getuig. In verskeie wonings het reisigers klaviere aangetref - „geene zeldzaamheid bij Vrijstaatsche Boeren."³⁷ In sommige huise was daar behalwe 'n klavier ook nog 'n huisorrel.

Angorabokvelle en ook velle van ander wildsoorte het die vloere bedek. Gordyne was voor die vensters. Selfgemaakte geelhoutkatels met houtpote was in die slaapkamers. Dit het 'n riempiesmat met 'n skaapwolmatras gehad.

In die kombuis was die ketels, melkbekers, panne, potte, koekvorms, drinkbekers, die drinkvaatjie met sy koperbeslag, platysters, 'n stampblok om mielies mee fyn te maak en 'n koperstamper en vysel vir die maak van medisyne in die huis volgens die ou tradisionele en beproefde Boere-rate. Breekware het bestaan uit erdewerk, veral die ingevoerde Japanse Imari-werk met die so bekende blou prentjies en verder koper-

35. Trollope, op. cit., p. 237.

36. Walton, op. cit., p. 22.

37. Muller, H.P.N., Zuid-Afrika - Reisherinneringen, p. 271.

en silwer mesware en vurke. Die oorlose, ronde „Voortrekker-" koppies is algemeen gebruik.

In die badkamers was sinkbaddens, maar by die gegoedes is middelslag porseleinbaddens aangetref, wat selfs nog deur die Voortrekkers uit die Kaap saamgebring is. Baie van hierdie oudhede het tydens die oorlog verlore gegaan, is verwoes deur die Britse troepe of deur die voortvluggende eienaars begrawe. Waar daar vandag nog, veral by die ouer garde, nog so baie van hierdie ou artikels aangetref word, gee dit 'n mens 'n duidelike denkbeeld van wat werklik alles in die Vrystaters se huise aangetref kon word.

Veral na 1870 het die voorheen primitiewe toestande op die boereplase begin plek maak vir moderne geriewe. Ondoeltreffende geboue is deur goeie steengeboue vervang en die meubels is volgens smaak aangekoop of laat maak.³⁸ Reisende bouers en skrynwerkers is in diens geneem en timmerhout, veral geelhout, is ingevoer.³⁹

Die plaasmasjinerie het gewoonlik uit die Amerikaanse „75," 'n tweevoor-ysterploeg, wat in die negentigerjare sy verskyning gemaak het, asook die „Flying Dutchman" bestaan, terwyl McCormick-selfbindermasjiene en die „Daisy Reaper" nie onbekend was nie. Dorsmasjiene is in elke distrik aangetref.

Met hul eenvoudige landelike lewe op die patriargale boereplase en hul ongekompliseerde godsdienstige kyk op sake was die Vrystaters waarlik gelukkig en tevrede. Paulus se woorde: „Ek is vergenoeg," is daaglik uitgeleef. Hulle was getrou aan die regering, aan hul kerk en aan hulle eie oof-tuigings.

Muller was oortuig dat die Afrikaners in die Vrystaat ook maar soos ander nasies onderling twis, „maar overal heb ik kunnen bespeuren, dat de Boeren voor elkander de

38. The Friend, 27.6.1876.

39. Walton, op. cit., p. 22.

innigste belangstelling koesteren, ook al zijn zij maanden reizens gescheiden."⁴⁰ Almal het tot dieselfde sosiale stand behoort, almal was veeboere en landbouers, sonder 'n noemenswaardige kloof tussen arm en ryk. Ook Van Ittersum kon getuig: „Verskil van stand bestond nagenoeg niet. Ieder werd er gewaardeerd volgens hetgeen hij presteerde en het gevolg was een zeer aangename verhouding tusschen de bewoners."⁴¹

Die Afrikanervolk in die Vrystaat het teen 1899 werklik tot 'n geestelike eenheid ontplooi. By hulle was die aspirasie aanwesig om saam te lewe en om hulle as 'n afsonderlike lotsgroep met 'n eie bestemming vir die toekoms te bly handhaaf. Lank voor dit hul broers in Natal en die Kaapkolonie gegun was, het die Afrikaner in die Vrystaat ondervinding van selfbestuur gehad. Daarby het die republikeinse stelsel hulle gepas. Hulle was volkome vry en dit het hulle in staat gestel om 'n navolgenswaardige voorbeeld aan die res van Suid-Afrika voor te hou. 'n Volk of volksgroep wat arm of onderhorig is, kan nie tot 'n volle ontplooiing van sy liggaams- of geesteshoogtes kom nie, kan nie 'n eie hoogstaande kultuur opbou nie. 'n Gesonde ekonomiese bestaan het meegehelp om 'n samehorigheidsgevoel, 'n liefde vir die eie en sy verlede te ontwikkel.

Die Vrystaatse Afrikaners was gehard, rein en lewenslustig en daarby getrou aan hulle kulturele herkoms. Reisigers uit „beskaafde" Europa het hoë lof vir hulle gehad. So het J.W. Howard geskryf: „They were self-contained to a remarkable extent, and the face of the country showed their labours, while the general status of the people indicated that their labours had not been in vain. It may be said that the Free State burghers exhibited the best characteris-

40. Muller, H.P.N., Zuid-Afrika - Reisherinneringen, p. 256.

41. Van Ittersum, W.A., De Vrijstaters en hun Geschiedenis (Leiden, 1900), p. 44.

tics of their race."⁴²

Hierdie loftuiting is heeltemal geregverdig al is dit deur 'n groot bewonderaar van die Afrikaner geskryf. Die Vrystaatse Afrikaner het egter ook tipies menslike gebreke gehad, gebreke tipies van die Afrikaner self. Hier dink ons veral aan sy hardkoppigheid, sy beterweterigheid, sy onwil om hom te laat dissiplineer en regimenteer, waarskynlik omdat hy sy „eie baas" wil wees en niemand anders as baas wil hê nie, en sy neiging tot drankmisbruik. Hoewel lasteraksies en kwaadstokery in veel geringer omvang as in die Zuid-Afrikaansche Republiek voorgekom het, was dit tog aanwesig. Ontug was ook nie heeltemal afwesig nie - die kerkraadsnotule van die verskillende gemeentes in die negentigerjare getuig hiervan. Ook die maatskaplike wetgewing van die Republiek is bewys van die Kerk se onafgebroke stryd om die behoud van goeie sedes.⁴³

Daar was sekerlik ook swakkes onder hulle, maar oor die algemeen kan die wêreldgeskiedenis min pioniers wat kragtiger, reiner, lewenslustiger en meer getrou aan hul kulturele herkoms aanwys. So het 'n waardige landelike adel binne die republikeinse staatsvorm ontwikkel.

Daarby was die republikeinse Volksraad altyd bereid om die burgers te help om vraagstukke te bekamp. Teen 1870 bv. is wetgewing teen boetebossies op die wetboek geplaas; die bestryding van brandsiekte is in 1889 verpligtend gemaak; teen 1890 is omheining op groot skaal aangepak en met die runderpes is die dienste van 'n veeartsenykundige, dr. Otto Henning, verkry. Ook is boormasjiene in droogtetye ter be-

42. Twentieth Century Impressions of the Orange River Colony and Natal, their history, people, commerce, industries and resources (Lloyds Greater Britain publishing company, 1906), p. 13.

43. Kriel, J.D., Die Verhouding tussen Kerk en Staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat, 1854-1902 in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1953, I, pp. 183-186.

skikking van die boere gestel.

Die Volksraad het op groot skaal in die ekonomiese en maatskaplike lewe van die burgers ingegryp. Sodoende is die volk bewus van homself gemaak, van sy reg op 'n eerbare en waardige posisie in sy land. Daar was 'n drang en 'n vasberadenheid om vir almal welvaart te skep, maar dan binne 'n maatskaplike raamwerk waarin individuele inisiatief nog 'n rol gespeel het en die persoonlikheid van die mens en sy eie skeppingsdrang nie onderdruk is nie. Na gelang die staatsinkomste gestyg het, het die Volksraad meer sy aandag aan onderwys, hospitalisasie, landbou, paaie en brûe, die regspleging, ens. gegee. Dit het 'n heilsame uitwerking gehad. Dis algemeen bekend dat die aandeel in die benutting van die rykdomme van sy vaderland wel deeglik die welvaartspeil van 'n volk beïnvloed. Gevolglik kon die pioniersvraagstukke oorwin word en het die Vrystaters so 'n gunstige indruk op buitestaanders gemaak.

Op sy plaas, waar die boer die patriarg en meester was, was hy op homself aangewese om sy moeilikhede te oorwin, en ontwikkel hy die gewoonte om só te handel soos hy dit self goed vind. So het 'n stoere selfstandigheid van optrede teenoor andere tot stand gekom en het 'n persoonlike waardigheid een van sy karaktereienskappe geword. Selfs Milner het ná die Driejarige oorlog in 'n gesprek met sir Percy Fitzpatrick verklaar: „I confess that the genuine old Boer attracts me very much. These old fellows, quite uneducated in our sense, who have never read a book except their Bibles, and very frequently cannot write an ordinary letter, are yet the landed aristocracy and are gentlemen in the best sense; dignified, courteous and hospitable, and amazingly self-controlled.”⁴⁴

Dit was 'n stoere godsdienstige, familievaste geslag.

44. Fitzpatrick, P.J., South African Memories (Londen, 1932), p. 194.

Soos hulle voorouers gelewe het, is die tradisie voortgesit. Die vader sou sy seuns elkeen van jongs af opvoed om ook in die boerdery te tree, of dit nou die merk van aanteeelvee jaarliks was, of 'n stuk grond as trougeskenk, die landelike tradisie sou gehandhaaf word. Die gesinskring sou selfs daarna nog in mekaar se welvaart deel. Ook dit is ekonomies gesond: „An economic system which leaves no place for tradition, makes no provision for the family as an economic unit, and leaves the great majority unable to own their means of production, denies the true dignity of man.”⁴⁵

As 'n geïsoleerde, landelike volk, vir wie daar weinig geleentheid bestaan het om hom op die verwerwing van aardse rykdomme toe te spits, het die Afrikaner tot betreklik kort voor die Driejarige Oorlog nie dikwels voor die versoeking te staan gekom om materialisties te word nie. Op die weg van die ongebreidelde kapitalisme, waardeur die ekonomiese mag in die hande van 'n klein groepie persone gekonsentreer word, het die toekoms van die Vrystaatse Afrikaner voor 1899 teweens ook nie gelê nie. Kapitalisme was nie 'n skepping van die Afrikaner nie - dit het teen sy volksaard en die tradisie van private besit ingedruis. Tog beweer dr. Lamprecht dat die ietwat sombere boerestand sedert die Diamantkwessie in 'n lewenskragtige en vooruitstrewende bevolking verander het en 'n demokratiese opvatting binne die kapitalistiese stelsel begin ontwikkel het.⁴⁶

Gedurende die week is aardse besittings bewerk en opgepas, maar Sondag was die dag van die Here. Die geloof van die Vrystaatse Afrikaner was in die Calvinisme gewortel. Een van die vernaamste kenmerke van die Calvinisme was nog altyd die groot eerbied van sy belyers vir morele waardes.

45. Clark, op. cit., p. 4.

46. Lamprecht, G.J., Die Ekonomiese Ontwikkeling van die Vrystaat van 1870 tot 1899 (Ms. D.Phil.-Verhandeling, Stellenbosch, 1953), p. 1.

Die Vrystaters was gewoon om die bevele en voorskrifte van die Bybel op alle terreine van die lewe te handhaaf en uit te leef. „So sê die Here," was die rigsgaaf van hul lewe. Te midde van onbeskaafde inboorlinge het hierdie geloof die Afrikaner staande gehou. Die kerk en die afgesonderde lewe op die plaas het die volk teen bederwende uitlandse invloede beskerm.

Die Vrystaters het dus die beskawing wat die Voortrekkers na die binneland gedra het, bestendig. Sedert 1870 was daar geen binnelandse politieke onrus of buitelandse bedreiginge wat die gesonde ekonomiese ontwikkeling kon skaad nie. Die doeltreffende onderwysstelsel, die behoorlike gekonstitueerde Hooggeregshof, die staatswaardige openbare geboue, en die knap staatsadministrasie aan die einde van die republikeinse tydperk was almal bewyse van 'n gesonde ekonomie. Die spooraanleg en die inkomste uit invoerregte het die finansies verder verbeter. Met die res van Suid-Afrika sowel as met die buiteland was die verhouding vreedzaam en hartlik. Vanaf 1890 het die Vrystaat reeds konsulêre verteenwoordiging in Engeland, Duitsland, België, Frankryk, die V.S.A. en Italië gehad, en op dié wyse ook buitelandse handelskontakte opgebou.⁴⁷ Die golf van nasionalisme na die mislukte Jameson-strooptog teen die Zuid-Afrikaansche Republiek het tot die sluiting van die Politieke Verbond met daardie staat gelei waarvolgens die Vrystaat, ingeval van die bedreiging van eersgenoemde se onafhanklikheid, hom te hulp sou snel. Só het die Afrikaners in die republiek vaardig geword en lewendig gebly.

Na aanleiding van die model-republiek wat deur die Vrystaters tot stand gebring is, het verskeie buitelandse reisigers besonder vleierende opmerkings gemaak. Die groot Afrikanervriend, J.A. Hobson, het o.m. geskryf: „The Free

47. V.N. 7.5.1888 en 5.5.1890.

Statens knew what they were doing and what they wished. They are proud of their country and have good reason for their pride. On a poor soil, unable to support its population except by assiduous toil, they have built up one of the most successful nations the world has ever seen."⁴⁸ Ook Olive Schreiner het besonder gunstige kommentaar op die Afrikaner as 'n volk gelewer.⁴⁹

Die Vrystaat het geen uitlander-moeilikhede en mense met politieke griewe gehad nie. Die Brit in die Vrystaat was in alle beroepe, behalwe die boerdery te vinde. Hier was die goeie ou soort „Voortrekker-“Engelse met wie die Afrikaner kon saamwerk. Hy was die groot- en kleinhandelaar, smous, siviele amptenaar, en het selfs in die Volksraad gedien, waar J.G. Fraser die laaste voorsitter van die republikeinse Volksraad was.

J.W. Howard het die geskiedenis van die Vrystaat beskrywe as „a record of hard trials bravely borne, of long struggles against the forces of nature and the brute powers of savage man, a tale frequently bedimmed with tears and darkened with suffering, and yet a narrative of a hardy, self-reliant people, who have overcome stupendous difficulties, and created out of what looked most unpromising material a wealthy State - a State more advanced in one sense than any other part of South Africa, since its wealth has been drawn from the mother of all - the land.”⁵⁰

Geen wonder dus dat Bryce na sy reis deur die Vrystaat geskryf het: „In the Orange Free State I discovered, in 1895, the kind of commonwealth which the fond fancy of the philosophers of the last century painted. It is an ideal commonwealth, not in respect of any special excellence in

48. Hobson, J.A., The War in South Africa; Its Causes and Effects, pamflet-uitgawe in President Steyn-Versameling.

49. Schreiner, Olive, Thoughts on South Africa (Londen, 1923), pp. 19, 323.

50. Twentieth Century Impressions of the Orange River Colony and Natal, p. 13.

its institutions, but because the economic and social conditions, which have made democracy far from an unmixed success in the American States and the larger Colonies of Britain, not to speak of the peoples of Europe, whether ancient or modern, have not come into existence here, while the external dangers, which for a time threatened the state, have, years ago, vanished away like clouds into the blue."⁵¹

Tereg is in die Vrystaatse volkslied die ordelikheid besing. Die Afrikaner in die Vrystaat se onverganklike roem lê daarin dat hy hierdie eie „beskawing" tot 1899 teen alle aanslae kon handhaaf. Op die vooraand van die Tweede Vryheidsoorlog was die Vrystaat besig om een van die welvarendste en geldelik mees gesonde state in Suid-Afrika te word. Koersvaste en verligte beleid het mettertyd konserwatisme by die bevolking verdring en die inwoners vir progressiewe idees vatbaar gemaak. Tydens die laaste Volksraadsitting nog is die oprigting van 'n appélhof goedgekeur en geld vir nywerheidskole gestem.⁵² Voor dié republikeinse aspirasies ten volle kon ontplooi, het die Vrystaat, volgens sy Politieke Verbond met die Z.A.R., sy lot by sy Transvaalse broers in die stryd om die bestaansreg van die Afrikaner ingewerp.

Tot op hierdie stadium was daar geen klad op die Vrystaat se naam nie. Tereg kon president Steyn in sy laaste toespraak in die Volksraad sê: „Een terugblik werpende op de geschiedenis van dezen Staat, en het is goed daarop terug te zien, dan kan hij en ieder ander mogendheid slechts getuigen dat de handelingen van de Regeering en het volk steeds gekenmerkt waren met een edele gedragslijn."⁵³

Van Ittersum het verklaar dat, ongeag die uitslag van die oorlog, die Vrystaat, deur sy lot in te werp met die Z.A.R., „een daad verricht, haar verleden, haar onder strijd

51. Bryce, op. cit., p. 314.

52. V.N. 4, 13 en 20 April 1899.

53. V.N. 27.9.1899.

en lijdens verkregen en sedert gehandhaafde onafhankelĳkheid en de dappere dadens der oude Voortrekkers ten volle waardig" is.⁵⁴

Oor die algemeen is Bryce, Van Ittersum, Hobson, Howard en Muller se loftuitinge geregverdig, want uit weinig het die Vrystaters iets nuuts geskep, nl. 'n eie republikeinse praktyk wat die toets van die tyd kon deurstaan en slegs deur geweld en oormag omver gewerp is. Met die geloof dat hulle steeds deur God gelei word, het hulle 'n vorm van republikaanskap geskep waarmee hulle onwetend die Westerse tradisie in suidelike Afrika verryk het.

In die Vryheidstryd het die bloeiende republiek ten gronde gegaan; sy ekonomie, sy landbou- en veeteeltbronne, sy rustige en harmoniese samelewing is vernietig, die idilliese plaaslewe het verdwyn en sou weldra die verdere skokke van die twintigste eeu ondervind. Van voor af sou weer opgebou moes word.

Ten spyte van al die leed en pyn, die verlies van menselewens en -middele, en bowe-al van hul vryheid, het die Vrystaatse Republiek burgers gekweek wat waardig sou wees om hulle eie hantel te verseker. Baie sou in die stryd omkom of uitsak, maar as volk sou hulle hierdie vernedering en teenslae te bowe kom.

54. Van Ittersum, op. cit., p. 45.

H O O F S T U K I.

VERNIETIGING VAN WELVAART.

Daer was alle aanduidinge dat die Oranje-Vrystaat aan die begin van die twintigste eeu in sy bestaande welvaart op politieke, maatskaplike, ekonomiese, kulturele en geestelike gebied 'n nuwe hoogtebloei te wagte was, maar hierdie model ekonomiese staat sou helaas oor 'n tydperk van iets minder as drie jaar deur 'n magtige Britse oorlogsmasjien stelselmatig, gevoelloos en selfs vandalisties afgetakel word. Boereplase met hulle huise, skure, gereedskap, vee-stapels en landerye is woes gelê en dorpies met hulle huise, winkels, kerke en skole is geplunder en vernietig. Boonop sou die manne- en vrouekrag van hierdie staat op die slagveld en in die konsentrasiekampe 'n gevoelige knou toegedien word.

Na die mislukte Bloemfonteinse Konferensie in Mei 1899 tussen Krüger en Milner het dit duidelik geword dat die uiteindelijke vernietiging van die Boere-republieke 'n uitgemaakte saak was. Die republikeinse Afrikaner sou nie sy onafhanklikheid sonder stryd prysgee nie en Milner se verklaring dat die sogenaamde middeleeuse „Despotism of Kruger and the Boer Oligarchy" beëindig en die „political predominance" van die Afrikaner in die Republieke vernietig moes word, het daarop gesinspeel dat die Afrikanerdom en alles wat dit verteenwoordig het, tot niet gemaak sou word.¹ Die stryd teen die begrippe „Krügerisme" en „Afrikanerdom" sou uiteindelik die algehele verwoesting van die ganse ekonomiese struktuur van die landelike bevolking in die twee Republieke meebring.

Geen oorlog het nog ooit sonder verwoesting van private

1. Vgl. Headlam, C., The Milner Papers (Londen, 1933), I, p. 243; II, p. 36.

eiendom verloop nie, maar dit was sekerlik aanvanklik geensins die bedoeling om 'n grootskaalse verwoesting van eiendom op tou te sit nie. Tog het die onvermoë van die Britse leër om die Boeremagte met die wapen onskadelik te stel, mettertyd die oorlog op plaaswonings en vee oorgeplaas. Die landelike bevolking - Afrikaners - het hierdeur gely, want president Krüger het tereg verklaar dat „the Boers were a nation of farmers spread all over the land.”²

Drie fases kan in hierdie verwoesting onderskei word: toevallige, sporadiese verwoesting in die beginmaande van die oorlog; Roberts se proklamasies en verwoesting as afskrikmiddel teen verraaiers; en uiteindelik onder Kitchener 'n algehele en grootskaalse verwoesting wat 'n einde aan die Vrystaatse republiek gemaak het.

Dit is moeilik om 'n vasgestelde datum vir die aanvang van eiendomsverwoesting in die Vrystaat te bepaal, maar losstaande gevalle van moedswillige vernietiging van private eiendom het reeds gedurende Desember 1899 en Januarie 1900 voorgekom toe onderskeidelik 18 wonings in die distrik Jacobsdal en 3 in Koffiefontein deur Britse soldate verwoes is. Lord Methuen, die betrokke opperbevelhebber, het hierdie verwoesting om „militêre redes” goedgekeur.³ Hierdie besondere wyse van verwoesting het waarskynlik sy hoogtepunt tussen Junie en November 1900 bereik.

Conan Doyle beweer dat bogenoemde verwoesting moontlik as waarskuwing vir die Boere bedoel was weens soortgelyke strooptogte wat hulle in Natal onderneem het, „but both the policy and the humanity of such a course appear to be open

2. Ibid, I, p. 411.

3. Doyle, A. Conan, The Great Boer War (Londen, 1902), p. 202; vgl. ook Abraham Fischer-versameling 59/9/4: Oorlogstelegram, 27.12.1899; Hobhouse, E., The Brunt of the War and where it fell (Londen, 1902), p. 6; Amery, L.S., The Times History of the War in South Africa, III (Londen, 1906-9), p. 118, asook Boissevain, Charles, The Struggle of the Dutch Republics (Amsterdam, 1900), p. 20.

to question, and there was some cause for the remonstrance which President Kruger shortly after addressed to us upon the subject."⁴

Lord Kitchener, die Britse stafhoof, moes ook besef het dat „militêre redes" nie ál hierdie eerste verwoestings kon regverdig nie en daarom is op 16 Januarie 1900 in 'n omsendbrief 'n beroep op alle Britse troepe gedoen om deur versoenende optrede die vriendskap van die inwoners te probeer wen. Voorts is offisiere gewaarsku dat hulle moes toesien „that soldiers are never allowed to enter private houses or molest inhabitants under any pretext whatever, and that every precaution is taken to suppress looting or petty robbery by any persons in any way connected with the Army."⁵ Waar voorrade werklik broodnodig was, en inwoners geweier het om dit te verskaf, kon bevelvoerende offisiere ná sorgvuldige ondersoek sodanige goedere met geweld neem en 'n kwitansie daarvoor uitreik.⁶

Ten spyte van hierdie waarskuwing het plaasverwoesting teen die einde van Januarie 1900 sulke afmetings aangeneem dat die Boerepresidente op 3 Februarie 1900 'n skerpbewoorde protes aan lord Roberts, die nuwe Britse opperbevelhebber in Suid-Afrika, gerig het. Hulle maak hierin o.a. beswaar teen die barbaarse vernielsug, geheel in stryd met beskaafde oorlogvoering, waaraan sommige Britse eenhede hulle skuldig maak en waardeur veral weerlose vroue en kinders ontberings moes verduur. Die oogmerk van hierdie krygstaktiek was volgens hulle klaarblyklik „..... algehele verwoesting aan te richten zonder eenige door beskaafde gewoonten geoorloofden gronden daarvoor te hebben en zonder dat zulks dienstig is voor hunne krygsoperatien"⁷

4. Doyle, op. cit., p. 202.

5. Cd. 261/1900, p. 25.

6. Ibid.

7. Argief van die O.V.S. Staatspresident, 1854-1902: P.31
- Uitgaande Telegramme, p. 589.

Twee dae later het Roberts hierdie beskuldiging as onbewese van die hand gewys, maar die Presidente darem verseker dat die strengste bevele uitgereik is om privateien-
dom, sover krygsverrigtinge dit toelaat, te eerbiedig. Alle losbandige of moedswillige vernietiging van eiendom, of leed aan vreedsame inwoners was „.... contrary to British practice and will, if necessary, be vigorously repressed by me.”⁸
Ter staving van hierdie versekering het Roberts met die aanvang van die Britse opmars by wyse van 'n proklamasie aan die Vrystaters in Februarie 1900 Kitchener se waarskuwing van 16 Januarie herhaal en die bevolking terselfdertyd verseker dat bevele uitgereik is waardeur soldate belet is om privaatwonings binne te gaan of om die burgerlike bevolking te molesteer.⁹

Die waarheid is egter dat, tot en met die Britse teenoffensief van Februarie 1900, beide die Boeremagte en die Britse leër hulle aan verwoesting van private eiendom skuldig gemaak het. In sy telegrafiese antwoord op die presidente se beskuldigings het Roberts o.a. ook die republikeinse strydmagte van intimidasie teenoor Britse onderdane in die Kaapkolonie beskuldig en verontwaardig verklaar dat „it is barbarous to attempt to force men to take sides against their own Sovereign and country by threats of spoliation and expulsion.”¹⁰ Enkele dae later het hy ook die Boeremagte in Natal van kwaadwillige vernietiging van eiendom beskuldig. Ten spyte van sy geregverdigde verontwaardiging oor dié optrede van die Boeremagte het hy later in die twee repulieke deur 'n doelgerigte verwoestingsbeleid die inwoners van verset teen die Britse magte probeer afskrik en hulle terselfdertyd tot verraad teen hulle eie mense aangehits.

8. Cd. 582/1901, p. 3 ; Abraham Fischer-versameling 59/9/4 : Inkomende telegram 5.2.1900.

9. Cd. 426/1900, p. 2.

10. Cd. 582/1901, p. 4.

Op 19 Februarie 1900 het die Boere-presidente in antwoord op Roberts se telegram van twee weke tevore spesifieke voorbeelde van onnodige plaasverwoesting in die distrik Jacobsdal aangehaal en ruiterlik erken dat hulle strydmagte soms in die noordelike Kaapkolonie en in Natal om „militêre redes" nie-vegtendes uit hulle wonings moes verwyder. Daar was egter sterk vermoede dat hierdie persone nie neutraal teenoor die oorlog gestaan het nie.¹¹

Vyf dae later het Roberts verontskuldigend verklaar dat dit onmoontlik was om die beweerde verwoesting deur Britse troepe te ondersoek, want daar het reeds 'n lang tydperk daarna verloop. Hy was egter oortuig „that no willful destruction of property by Her Majesty's forces has taken place, except such as was absolutely necessary for military purposes."¹² Die Britse veldmaarskalk was dus uitgeslape genoeg om dieselfde verskoning as die Boerepresident te bied!

Hierdie eerste gevalle van plaasverwoesting deur albei oorlogvoerendes was egter bloot sporadies en, gesien teen die agtergrond van die latere grootskaalse en georganiseerde verwoestingsbeleid van die Britse leër, onbelangrike en geïsoleerde voorvalle. Daar is egter voldoende bewyse dat die eerste Britse besetting van die Vrystaat hierna met buitensporige en barbaarse vernietiging van eiendom gepaard gegaan het en onnoemlike leed aan die nie-vegtende bevolking berokken het. Goedversorgde plaaswoningen - simbole van die gevestigde, welvarende landelike Afrikaner in die Vrystaat - het in 'n vlammesee die veroweraar se vernielsug ten prooi geval en rustige kuddes is óf uitgewis, óf teen belaglike lae pryse opgekommandeer.

Ná die Britse deurbraak by Kimberley en die Cronje-

11. Argief van die O.V.S. Staatspresident, 1854-1902 : P. 31 : Uitgaande telegramme, p. 599.

12. Abraham Fischer-versameling 59/9/4 : Roberts aan die Boere-presidente 24.2.1900.

oorgawe op Majubadag 1900 by Paardeberg het Roberts - lyn-reg in stryd met sy verklaring van 5 Februarie 1900 - deur middel van sy berugte eerste „papierbomme" die Vrystaters van verdere aktiewe verset teen Engeland probeer weerhou. Die belofte is gedoen dat burgers wat die wapen neerlê on-gehinderd en sonder persoonlike en eiendomlike verliese na hulle plase kon terugkeer.¹³ As gevolg van hierdie prokla-masie het onmiddellik daarna geen noemenswaardige en groot-skaalse verwoesting in die Vrystaat gevolg nie, want Roberts sou daardeur homself tot 'n leuenaar gemaak het.¹⁴

'n Tweede proklamasie op 15 Maart 1900 het die eerste „papierbom" herbevestig en belowe dat wapenafleggers onder Britse beskerming sou staan mits hulle 'n eed van neutrali-teit aflê.¹⁵ Hierdie proklamasie was die oorsprong van die „Hensopper-"gedagte, veral nadat dit deur 'n verdere reeks skrikmaak- en belofte-proklamasies of „papierbomme" gevolg is. In die suidelike Vrystaat het laasgenoemde proklamasie die gewenste uitwerking gehad en baie burgers het, in die eerlike oortuiging dat die oorlog reeds beslis was en in 'n poging om hulle besittings te red, die wapen neergelê.¹⁶

Roberts was natuurlik heeltemal te haastig met die neutraliteitsproklamasie, want hy was nog maar net in besit van die hoofstad en die Britse magte was boonop nog nie in staat om die gebied wat hulle verower het doeltreffend te beset en die burgers wat die neutraliteitseed afgelê het, te beskerm nie. Verder was die Boere-teenstand, onder aan-voering van nuwe generaals soos C.R. de Wet, nog glad nie aan verbrokkel nie en die grootste gedeelte van die Vrystaat nog in die Boere se besit. As blufspel het dit aanvanklik geslaag en van die swakkere Afrikaners laat tou opgooi.

13. Cd. 426/1900, p. 2.

14. Otto, J.C., Die Konsentrasiekampe (Kaapstad, 1954), p. 4.

15. Cd. 426/1900, p. 3.

16. Vgl. Cd. 547/1901, pp. 56-57 : Milner aan Chamberlain, 6.2.1901.

Sommige sou gou weer die wapen teen Engeland opneem, veral toe hulle besef dat Roberts hulle nie teen dwangmaatreëls van die Boeremagte kon beskerm nie. Tereg het The Friend later beweer dat hierdie proklamasies van Roberts altyd as 'n skelmstreek deur die Vrystaters bestempel sou word, want „he bought the resistance of some 16,000 burghers with promises which his Government on one pretext and another, afterwards largely refused to fulfill.”¹⁷ Toe die berugte proklamasies kragteloos blyk te wees weens Roberts se onvermoë om aan sy beloftes uitvoering te gee, is plaasverwoesting as vergeldingsmaatreël en afskrikmiddel spoedig hervat.

Die sogenaamde „Protected Burghers” was in 'n uiters moeilike hoek gedryf. Ter goedertrou het hulle hul land in die steek gelaat op versekering van Britse beskerming, maar Boeremagte het hierdie beskermlinge weer tot heraansluiting gedwing. Van Britse kant gesien, is 'n beskermde burger tereg as 'n rebel beskou wanneer hy, ná hy die neutraliteits-eed geneem het, met die wapen teen Engeland betrap is en as strafmaatreël is sy eiendom dan vernietig. Op 27 April 1900 het die korrespondent van die London Times berig dat lord Roberts genl. Pole-Carew en sy kolonne uitdruklik opdrag gegee het „to render untenable” the farms of such men who, having surrendered, were found to be still in league with the enemy, or were but making use of British magnanimity as a means to save their property, while they still actively favoured the enemy.”¹⁸

In 'n onlangs verskene werk, uitgelok deur dr. Otto se proefskrif oor die konsentrasiekampe, verklaar lt.-kol. A.C. Martin dat hierdie bevel die beleid van plaasverwoesting ingelui het.¹⁹ Indien dit as sodanig aanvaar word, is

17. The Friend, 7.10.1904 tydens 'n besoek van Roberts toe hy met groot vertoon deur die jingoïstiese seksie in Bloemfontein ontvang is.

18. London Times, 21.5.1900 (gevind in Pres. Steyn-versameling van koerantuitknipsels).

19. Martin, A.C., The Concentration Camps 1900-1902. Facts, Figures and Fables (Kaapstad, 1957), p. 2.

die gevolgtrekking dat plaasverwoesting aanvanklik slegs as afskrikmiddel vir Hensoppers bedoel was. Dit moes hulle van verdere aktiewe verset teen Engeland weerhou. Ongelukkig het dit dikwels meegebring dat die toevallige aanwesigheid van 'n Boerekommando op 'n plaas, óf selfs die verpleging van gewondes in die opstal, vir Britse bevelvoerders 'n bewys van simpatie met die Boere was.²⁰ Ook is daar nie altyd tussen bona fide Hensoppers en Boere gediskrimineer nie en bloot die feit dat 'n Boeremag op 'n plaas aanwesig was, het tot die verwoesting van die opstal gelei. Gevolglik moes Roberts op 26 Maart 1900 dreig dat alle persone wat verantwoordelik is vir, of aandadig is aan die moedswillige beskadiging van private of openbare eiendom in albei republieke vir sodanige skade aanspreeklik gehou sou word „in their persons and property.”²¹ Nogtans het plaasverwoesting voortgeduur en aldeur was daar die verskoning dat dit om „militêre redes” geskied het.²²

Binne twee maande na die verwoestingsmanie begin het, het die Vrystaat die duidelik sigbare spore vertoon van 'n Britse krygsbeleid wat snel besig was om in 'n uitdelgingsoorlog te ontaard. Die korrespondent van die Manchester Guardian het in Julie 1900, na 'n reis van Kimberley na Bloemfontein, geskryf: „The way is a line of desolation; the farm-houses have not merely been sacked, they have been savagely destroyed.”²³ Ook die verteenwoordiger van die Daily Chronicle het reeds op 28 Mei getuig: „From end to end the Orange River Colony now lies ruined and starving.”²⁴

20. Vgl. C.S. 55/03 : Getuienis van P.B.G. Smit, wie se huis verwoes is, omdat die Boere dit een sy sin as fort gebruik het.

21. Cd. 426/1900, p. 5 ; vgl. ook Beak, G.E., The Aftermath of War (Londen, 1906), pp. 3-4.

22. Amery, op. cit., IV, pp. 66-70 ; III, p. 118.

23. Boissevain, op. cit., p. 20 ; Hobhouse, E., Die Smarte van die oorlog en wie dit gely het (Kaapstad, 1941), pp. 24-25.

24) Abarham Fischer-versameling 59/9/5 : Los koerantuitknipsels.

Hierdie berig was natuurlik oordrewe, want, alhoewel rook-suile die roete van die kolonnes van French, Pole-Carew en Rundle deur die sentrale en oostelike O.R.K. aangedui het, was die grootste gedeelte van die gebied toe nog in Boerehande. Die korrespondent moes só onder die indruk van die verwoesting in die dele wat hy gesien het, gekom het, dat hy 'n algemene beeld gevorm het.

Terwyl Emily Hobhouse en opposisie blaai soos bogenoemde duidelik hulle verontwaardiging oor die barbaarse Britse krygsbeleid te kenne gegee het, het regeringsblaai doelbewus die onnodige verwoesting probeer goedpraat. Hoewel Emily Hobhouse nie tot die krygstoneel toegelaat is nie, is haar verdoemende getuienis deur talle koerante bevestig en, eienaardig genoeg, nooit destyds deur die Britse leerowerhede weerlê nie. Dis intendeel bevestig deur Distrikskommissaris G.S. Tribune van Reddersburg wat in sy maandverslag vir Mei 1900 soos volg getuig het: „A swarm of locusts are not so bad as Brabants men. They have robbed and wrecked everywhere.”²⁵

Op 13 Maart 1900 is Bloemfontein ingeneem en op 2 April is genl.-maj. G.T. Pretymán aangestel as militêre goewerneur van die Vrystaatse distrikte wat verower is. Proklamasiegewys het hy op 27 April Distrikskommissaris vir die verowerde dorpe aangestel. Die persoonlike bates van sommige Boere-leiers in die Vrystaat, o.a. die staatssekretaris, staatsprokureur, W.J.C. Brebner en andere in die banke sowel as alle gelde van die republikeinse regering is bevries.²⁶ Hierdie verregaande maatreël is selfs nog vóór die sogenaamde anneksasie van die Vrystaat teen die einde van Mei 1900 getref. Dis feitlik net so buitensporig soos die nodelose plaasverwoesting deur die gewone

25. M.G.-Stukke : Inkomende verslag vir Mei 1900.

26. M.G.-Stukke : Uitgaande briewe : Pretymán aan bestuurder Nationale Bank 2.4.1900 en 3.5.1900 ; Goewermentskocrant, 29.6.1900.

Tommies.

Intussen moes Roberts alweer in 'n vertroulike omsend-brief met strenge optrede teen onverantwoordelike plundering van plase dreig. Hy het gelas dat 'n verantwoordelike of-fisier alle troepe-afdelings moes vergesel.²⁷ Dat hierdie waarskuwing nodig was, blyk uit genl. C.R. de Wet se protes op 19 Mei 1900 teen sodanige Britse wandade. Ter stawing het genl. de Wet drie gevalle van plaasverbranding in die distrik Bloemfontein aangehaal.²⁸ Roberts se antwoord hierop was dat genoemde plase verwoes moes word omdat daar van die opstalle op die Britse troepe gevuur is, terwyl wit vlae van die dakke gewapper het. Hy was ook verplig om in die distrik Kroonstad twee plase om soortgelyke redes te verwoes en sou voortgaan om alle sodanige gevalle van ver-raad, d.i. wit vlae op die nokke van wonings terwyl Boere op die plase is, te straf deur plase waar dit plaasvind in puin te lê.²⁹

Hierdie verskoning kan nie sonder meer aanvaar word nie, veral omdat plaasverbranding toe reeds maandelank volgehou is sonder dat Roberts voorheen enige motief - behalwe „mili-têre redes" en strafmaatreëls teen Hensoppers wat weer die wapen opgeneem het - daarvoor aangevoer het. Hy het egter nou nog 'n rede gevind om die verwoesting van opstalle wet-tig - en geensins in stryd met die voorskrifte vir beskaaf-de oorlogvoering nie - te laat voorkom, nl. deur voor te gee asof die wonings deur die Boere as forte gebruik is ter-wyl wit vlae daarop geplaas is om die Engelse te mislei.

Uit die aard van die saak het Boeremagte dikwels op plase teenstand gebied, bloot omdat dit strategiese punte

27. M.G.-Stukke : Inkomende brief 18.5.1900.

28. Cd. 582/1901, p. 5.

29. Abraham Fischer-versameling 59/9/4 : Konfidensiële telegram van Roberts aan Hoofkmdt. C.R. de Wet te Heilbron, 21.5.1900 ; Cd. 582/1900 no.7, p. 5 ; Perris, H.G., Blood and Gold in South Africa - an Answer to dr. Conan Doyle (Londen, 1902), pp. 60-62.

was, óf om die aftog te dek. Die wense van die plaasbewoners is natuurlik dan nie in aanmerking geneem nie. Tereg verklaar Beak dan ook: „There were doubtless many cases of hardship, because very frequently the owner was not consulted, and he could do little or nothing to his house being utilized by a Boer commando.”³⁰ Of daar ooit werklik verraad gepleeg is deur wit vlae as teken van neutraliteit op die nokke van huise te laat wapper, kon beide deur dr. Otto en skrywer hiervan nie vasgestel word nie.³¹ Boeremagte het heel dikwels hulle nie aan die inwoners van plaaswonings gesteur nie. Tereg haal Beak ter stawing hiervan aan uit die Morning Leader van September 1900: „Much has been said of Boers firing on British soldiers from farms which flew the white flag. What actually happened again and again was that women and non-combatants flew the white flag on a homestead, and that armed Boers carried on hostile operations on other parts of such farms without any regard to the doings of those in the farmhouse.”³²

Roberts het in elk geval die handige verskoning van „verraad” vir hierdie simbool van neutraliteit tydens 'n skermutseling gehad en daarmee 'n grootskaalse, sistematiese verwoestingsbeleid ingelui waarvan die doel alleenlik die bevordering van die Britse krygskanse was.³³ Op hierdie wyse het nie-vegtendes in die oorlog gemoeid geraak en is geen respek vir private eiendom of besit getoon nie. 'n Mens behoort maar net die bravado-briewe van Tommies aan hulle verwante en nooiens in Engeland in hierdie tyd na te gaan om 'n beeld van die grootskaalse verwoesting van die

30. Beak, op. cit., p. 4.

31. Vgl. Otto, op. cit., p. 6.

32. Beak, op. cit., p. 4. Dis ook waar dat Tommies op Boere gevuur het terwyl wil vlae oor die huise gehang het.

33. Vgl. Phillips, L. March, With Rimington (Londen, 1901), p. 201.

boeregemeenskap se bestaansmiddele te vorm.³⁴

Strafmaatreëls teen Hensoppers wat weer by die Boere-
magte, dikwels onder dwang, aangesluit het, is intussen
voortgesit. Gedurende Mei 1900 is alleen in die distrik
Thaba Nchu 12,099 stuks vee gekonfiskeer omdat eienaars weer
die wapen teen Engeland opgeneem het.³⁵ Roberts het waar-
skynlik kritiek verwag weens hierdie willekeurige optrede
van die Britse leër; daarom wou hy die stellingsoorlog in
die Vrystaat so spoedig moontlik beëindig deur die anneksa-
sie van die Vrystaat, al was nog net 'n gedeelte van die
gebied in Britse besit. Op 28 Mei 1900 het hy die Vrystaat
amptelik as die „Oranjerivierkolonie" geannekseer en drie
dae later krygswet afgekondig.³⁶ Of Roberts geregverdig was
om die Republiek te annekseer ná hy net in besit van hoof-
saaklik die suidelike deel was, is sterk te betwyfel, want
nog de jure, nóg de facto was die Britse magte in besit van
die land.³⁷ Dat die Boere en hulle voormanne nie die oorlog,
soos Roberts later, as afgeloop beskou het nie, blyk uit die
feit dat die oorlog nog twee jaar sou voortduur.

President Steyn het die anneksasie in stryd met die
volkereg beskou omdat die Republikeinse strydmagte nog in
die veld was. Daarom het hy verklaar: „Het volk van den
O.V.S. is en blijft een vrij en onafhankelijk volk en weigert

34. Vgl. Pres. Steyn-versameling 156/4/2 : Koerantuitknip-
sel van „Supplement to New Age, 6 Sept., 1906," waarin
die Britse oorlogswandade veroordeel word n.a.v. 'n
brief van Tom Molley (Mei 1900) oor die verwoesting van
Reitz. Ook Stead, W.T., How not to make peace (Londen,
1900), p. 65 waarin die volgende uit die Morning Leader
van 21 Mei 1900 uit die pen van soldaat E.W. Smith
aangehaal word : „General French and general Pole-Carew
at the head of the Guards and 18th Brigade are marching
in, burning practically everything on the road ... Hun-
dreds of tons of corn and forage have been destroyed.....
I hear today that General Rundle burnt his way up to
Dewetsdorp.

35. M.G.-Stukke : Inkomende Briewe : Distrikskommissaris
van Thaba Nchu aan militêre goewerneur 1.6.1900.

36. Goewermentskoerant, 29.6.1900 ; Cd. 261/1900, pp. 136-137.

37. Vallentin, W., Der Burenkrieg (Leipzig, 1903), p. 202.

zich te onderwerpen aan Britsch gezag."³⁸ Volgens die gewone oorlogsgebruik om te „annekseer" sodra die hoofstad val, is die anneksasie van Britse kant wettig en behoorlik beskou, maar die Boere het dit nooit erken nie en selfs nog in 1901 is deur pres. Steyn en genl. De Wet geproklameer: „De republieken zijn nog niet veroverd, die oorlog is niet afgelopen en de troepen der beide republieken worde nog, evenals bij het begin van den oorlog aangevoerd door verantwoordelijke chefs, onder de toezicht van beide regeeringen."³⁹

Dit moet dus aanvaar word dat óf die Britse troepemagiers op 31 Mei 1902 in staat was om die anneksasie ten volle en doeltreffend toe te pas, óf dat die anneksasie nooit wettig was nie. In laasgenoemde sin het die Vrystaatse Bittereinders dit in elk geval aanvaar en Engeland het met hulle, sy sogenaamde „geannekseerde onderdane," op 31 Mei 1902 'n vredesverdrag onderteken!

Na die „anneksasie" was die verwoesting van plase vanuit 'n regsoogpunt vir die Britte gewettigde optrede, want alle burgers onder die wapen was nou tegnies gesproke „rebellé." Roberts se beleid was nou om die ganse Boere-bevolking te „dismount and disarm" ten einde alle verset teen Engeland te beëindig. Alle vee en wapens, ook van Hensoppers, moes verwyder word.⁴⁰ Die nie-vegtende vroue, kinders en grysaards het die meeste hieronder gely, want plase is eenvoudig van alle bestaansmiddele gestroop. Ter stewing hiervan getuig die Cape Argus op 21 Junie 1900: „Between Bloemfontein and Boshof some thirty or forty homesteads have been burnt down and utterly destroyed. Many others have been burnt down also. Their homes destroyed, women and children have been turned out on the veld in the bitter

38. Abraham Fischer-versameling 59/9/4 : pres. Steyn telegrafies aan Staatspresident Z.A.R., 11.6.1900 vanaf Reitz.

39. Ibid. 59/9/5 : Los Stukke : Proklamasie, 14.1.1901.

40. T.G.-Stukke : Militêre goewerneur aan bevelvoerende offisier Dewetsdorp 10.5.1900.

South Africa winter."⁴¹ Kaptein Danie Theron het gedurende Mei 1900 'n jong moeder, mev. Prinsloo, naby Kroonstad met 'n dagoue baba sonder selfs 'n kombers naby 'n verwoeste plaaswoning aangetref.⁴²

Ten spyte hiervan het die Britse regering in Engeland geroem dat daar nog nooit so 'n beskaafde oorlog gevoer is nie en in sommige gevalle is dit Roberts verkwalik dat hy te toegeeflik was. Die Reuter-beriggewer van die Cape Times het selfs gemeen dat die Vrystaat te sag behandel is; hy het hom aangeraai om die voorbeeld van die Duitsers in 1870 in Frankryk na te volg.⁴³ Roberts self was vasbeslote om die oorlog ten alle koste te beëindig en op 1 Junie 1900 het hy 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens alle Vrystaatse burgers in die veld na 14 dae as rebelle beskou sou word en in persoon of eiendom daarvoor sou boet.⁴⁴ Hierdie dreigement het duidelik bewys dat Roberts se vorige dreigemente en beloftes, sowel as die „anneksasie” van die Vrystaat, geen noemenswaardige uitwerking op die Boere-teenstand gehad het nie. Ter ondersteuning van Roberts se proklamasie het die militêre goewerneur van die O.R.K. op 18 Junie 1900 gedreig dat die eiendom van inwoners, wat versuim om die aanwesigheid van 'n Boere-kommando te verrai, gekonfiskeer sou word. Plase in die nabyheid van die plek waar die spoor verniel is, sou afgebrand word.⁴⁵

Ten spyte van sy vroeëre uitlating dat dit barbaars was om mense teen hulle eie owerheid te dwing, het Roberts nou die nie-vegtendes teen hulle broers in die veld probeer dwing. Sy proklamasievelddtog ten spyt, moes Roberts ervaar

41. President Steyn-versameling 156/4/2 : Koerantuitknipsels ; vgl. ook Cd. 582/1901 no.9 : genl. Louis Botha aan Roberts 4.7.1900.

42. Breytenbach, J.H., Kommandant Danie Theron (Kaapstad, 1950), pp. 173-174.

43. Cape Times, 13.4.1900.

44. Cd. 261/1900, p. 191.

45. M.G.-Stukke : Uitgaande telegram, 22.6.1900 en omsendbrief, 15.6.1900.

dat die stryd voortduur. Baie „Protected Burghers" het weer by die Boere aangesluit, liewer as om op hulle eie mense te spioeneer. Solank die platteland ongeskonde bly, was die Boeremagte steeds van voedselvoorrade verseker. Daarom het plaasverwoesting vanaf Junie 1900 'n vaste beleid van die Britse leërleiding geword en om dit te wettig het Roberts met 'n verdere reeks „papierbomme" in die vorm van proklamasies losgetrek.

Op 16 Junie 1900 het hy die vegtende burgers gedreig dat, as hulle Britse verbindingslinies verwoes, die huise van hulle verwante in die omgewing verwoes sou word en die vooraanstaande siviele inwoners sou krygsgevangene geneem word.⁴⁶ Hierdie dreigement, wat dikwels uitgevoer is, was reëlreg in stryd met art. 23 van die Haagse Konvensie waardeur konfiskasie of vernietiging van eiendom, tensy dit vir krygsverrigtinge noodsaaklik was, verbied is.⁴⁷

So erg het die vernietiging van Boere-eiendom hierna geword dat genl. De Wet verontwaardig daarteen beswaar maak het: „It is with a feeling of great indignation that I have from day to day noticed the reckless devastation of property in this State by the troops under your Excellency's command. Houses and property are under all manner of excuses destroyed and burnt, and defenceless women and children are treated with scorn, and driven on foot out of the houses to seek accomodation under the bare heavens."⁴⁸ Ter stawing van laasgenoemde bewering het hy drie voorvalle in Senekal, Ficksburg en Helbron aangehaal en ten slotte met weerwraak op Britse onderdane gedreig indien Roberts met hierdie skandelige handelwyse volhou.⁴⁹

46. Cd. 426/1900, p. 10 ; Goewermentskoerant, 13.7.1900.

47. Vgl. Perris, op. cit., p. 64. Beak (pp. 2-3) probeer voorgee dat hierdie Konvensie nie die Republieke geraak het nie, omdat hulle nie ondertekenaars daarvan was nie, maar hy vergeet dat Engeland dit onderteken het.

48. Cd. 582/1901, p. 6.

49. Ibid.

Roberts het hom weinig aan hierdie protes gesteur en die blaam vir die verwoesting op die Boere gelê omdat hulle teen sy proklamasies gesondig het. De Wet kon die verwoesting voorkóm, want deur sy burgers se „misdade" het vroue en kinders dakloos geword. Hy het beweer dat die Britse troepe veelgedoen het om laasgenoemde se lot te versag.⁵⁰ Hoewel ons hier bloot die woord van een veldheer teen 'n ander het, word De Wet se weergawe van die onbeskryflike wandade onder dekmantel van Roberts se proklamasie deur James, Roberts se biograaf, bevestig: „This order of necessity gave considerable latitude to local general officers commanding, but whereas some exercised discretion and discrimination, others used neither. As a result a considerable number of farms were laid waste."⁵¹

Vanweë die onoordeelkundige wyse waarop ondergeskikte offisiere dié proklamasie toegepas het, is dit op 18 November 1900 só gewysig dat slegs wonings, vanwaar op die Engelse geskiet is, of wat as basisse gebruik is, afgebrand moes word. James probeer Roberts se uiters strenge optrede regverdig deur te beweer dat die volgehoue spoorwegverwoesting deur die Boere, Roberts se troepe met voedsel tekort bedreig het.⁵² Die vernietiging van boerewonings sou waarskynlik in enkele gevalle geregverdig kon word, maar die feit bly staan dat hierdie vernietigingstaktiek die grondslag van die hele Britse oorlogsvoering in die Republieke geword het. Roberts se anneksasiebeleid het die algehele verwoesting van elke distrik, waar die Boere hulle nog steeds verset het, meegebring.

Op 19 Junie 1900 het Roberts in 'n verdere proklamasie strawwe vir die vernietiging van verbindingslinies uiteengesit: vooraanstaande inwoners sal vir skade in hulle dis-

50. Ibid., p. 7-9.

51. James, David, Lord Roberts (Londen, 1954), p. 357.

52. Ibid., p. 356.

trik verantwoordelik gehou word; 'n boete van nie minder as 'n halfkroon per morg op die grootte van elke plaas in die distrik waar die skade aangerig is, kon op die eienaars gelê word; kwitansies vir gekommandeerde goedere in daardie distrik sou gekanselleer word; inwoners van die distrik kon gelas word om persoonlik treine deur hulle distrikte te vergesel en wonings en plase in die onmiddellike omgewing van die plek waar die skade aangerig is, sou verwoes word.⁵³

Tereg is dr. Otto skerp in sy veroordeling van hierdie proklamasie as 'n gemene poging om gesinne van vegtende burgers teen hulle bloedverwante tot verraad te dwing en om vegtende burgers van verset teen Engeland te weerhou.⁵⁴ Veral is dit 'n klad op Roberts se soldate-eer, waar hy pas vyf maande tevore in sterk taal hom teen onnodige verwoesting en leed aan vreedsame inwoners uitgelaat het.⁵⁵

In antwoord op besware van Boere bevelhebbers het Roberts hom op sy proklamasies beroep om sy wandade te regverdig. Ook het hy verwys na 'n soortgelyke proklamasie wat in Mei 1900 deur sir Redvers Buller uitgevaardig is met die dreigement dat inwoners van hul distrik vir skade aan die spoor en telegraaf verantwoordelik gehou sou word.⁵⁶

'n Algemene vaagheid kenmerk egter Roberts se proklamasie: daar word slegs gemeld van skade wat aangerig mag word, maar of dit deur Boere of saboteurs is, word nie gemeld nie. Later, op 2 September 1900, het Roberts in briefwisseling met genl. Louis Botha dit nader omskryf, nl. dat alle plase binne 'n straal van tien myl van die plek van skade verwoes en van vee en voorrade gestroop sou word. Ook

53. Cd. 426/1900, p. 11 ; Goewermentskoerant, 29.6.1900. Hierdie proklamasie was strydig met art. 50 van die Haagse Konvensie waarvolgens geen algemene straf op inwoners gelê kon word weens die daade van individue nie. (Perris, op. cit., p. 64.)

54. Otto, op. cit., p. 12.

55. Vide supra, p. 31.

56. Cd. 426/1900, p. 7.

waar 'n poging aangewend is om die spoorlyn te beskadig of 'n trein te ontspoor, sou dieselfde straf opgelê word.⁵⁷ Laasgenoemde is so noukeurig in die distrik Bloemfontein deur genl. Knox uitgevoer dat die Distrikskommissaris by die militêre goewerneur moes kla dat hy geen perde in die hande kon kry om sy werk te doen nie.⁵⁸

Die implikasies van die „spoorweg-proklamasie" was ver-reikend:- waar enige geveg naby die spoorlyn plaasvind of Boere oop en bloot 'n voorrade-trein aanval, sou die Boere-wonings in die omtrek dit ontgeld; waar Britse troepe nie die snelbewegende Boeremagte kon verhinder om die spoor te verniel nie, sou hulpelose vroue, kinders en grysaards dit ontgeld; in dieselfde nag kon Boere die spoor op etlike plekke beskadig sodat Roberts se argument dat Boervrouens naby die spoor skuiling aan burgers bied, nie steek gehou het nie. Britse patrollies het gereeld by plaaswonings aangedoen en is daar ontvang, tog wou Roberts dat dieselfde ook nie met Boerepatrollies moes gebeur nie.⁵⁹

Ook die onwettige aanmatiging om inwoners te dwing om treine te vergesel en om vegtende burgers se eiendom te kon-fiskeer, was 'n verbreking van die volkereg. Indien 'n Boereoffisier gelas sou word om die spoor te gaan opblaas, sou hy en sy gesin deur Roberts gestraf word - bloot omdat hy bevele uitgevoer het.

Tot Augustus 1900 is ooreenkomstig die „spoorlyn-proklamasie" 34 plase in die O.R.K. verbrand en die boete van 'n halfkroon per morg op 60 ander gehef.⁶⁰ Na Augustus 1900 is 'n verdere £2544 aan halfkroon-boetes geëin vir slegs een aanval op die spoorlyn in die distrik Winburg. Vyf boere, sommige tot sover as 11 myl van die voorval, moes

57. Cd. 582/1901, p. 11; vgl. ook Beak, op. cit., p. 5.

58. M.G.-Stukke : Militêre goewerneur aan Roberts, 12.7.1900.

59. Otto, op. cit., p. 14.

60. M.G.-Stukke : omsendbrief, Augustus 1900.

hierdie boete betaal.⁶¹

Ten spyte van al hierdie bewyse uit die amptelike Britse korrespondensie het die luitenant-goewernour van die O.R.K. in 1905 in 'n toespraak verklaar dat die boete van halfkroon per morg nooit gehef is nie.⁶² Ook die bepaling insake burgerlikes wat treine moes vergesel ten einde te voorkom dat Boere hulle eie mense sou verongeluk en dus die trein ongehinderd sou deurlaat, is toegepas, dog slegs tot 27 Julie 1900 toe Roberts dit herroep het omdat dit darem te ooglopend in stryd met die reëls vir oorlogvoering was.⁶³ Of burgerlikes verplig is om treine te vergesel, kon nie vasgestel word nie. Slegs 'n dagvaarding aan C. Fichardt van Bloemfontein om op 1 Julie 1900 'n trein vanaf Bloemfontein te vergesel, kon opgespoor word.⁶⁴ Of Fichardt wel 'n trein moes vergesel, kon nie vasgestel word nie.

Op 14 Augustus 1900 het Roberts met 'n verdere dreigement vorendag gekom, nl. „that all buildings and structures on farms on which the scouts or other forces of the enemy are harboured, will be liable to be razed to the ground," terwyl Boeregesinne beveel is „to acquaint Her Majesty's forces with the presence of the enemy upon their farms."⁶⁵ Voorts is gedreig dat, as Boere nie die wapen neerlê en die eed van neutraliteit aflê nie, hulle plase en wonings tot op die grond verwoes sou word. Britse troepe kon nou enige plaas van 'n Bittereinder verwoes en as verskoning hierdie proklamasie aanvoer.

Wat dus aanvanklik as afskrik middel vir eedverbrekers bedoel was, het mettertyd die ganse boerebevolking getref. Plaasverwoesting het sy onverbiddelike gang gegaan en dit

61. C.S. 2805/02, C.S. 2585/03, C.S. 5819/03 en C.S. 6044/03.

62. The Friend, 20.2.1905.

63. Cd. 426/1900, p. 12.

64. South African Conciliation Committee pamflet 50 : A plain statement of the change that has come over the war in South Africa.

65. Cd. 426/1900, pp. 15-16.

het gou duidelik geword dat Roberts se proklamasie in die breedste sin vertolk is. Tereg verklaar Edgar Holt: „But the rules were interpreted very broadly, and for months to come farms were burnt and crops destroyed, not through military necessity (though it certainly weakened the guerilla forces' powers of resistance by depriving them of supplies and centres for recuperation) but as an attempt to intimidate the die-hards into surrender.”⁶⁶

Waptein L. March Philipps, op diens saam met die Remington Guides, het op 6 September die volgende ooggetuieverslag oor die grootskaalse verwoesting gelewer: „The various columns that are now marching about the country are carrying out the work of destruction pretty indiscriminately, and we have burnt and destroyed by now many scores of farms. Ruin, with great hardship and want, which may ultimately border on starvation, must be the result to many families Our troops are everywhere at work, burning and laying waste, and enormous reserves of famine and misery are being laid up for these countries in the future.”⁶⁷

Dit het natuurlik spoedig 'n vraagstuk vir die Britse owerhede geword wat om met die Boere-gesinne te maak wie se huise verwoes is. Op 16 Augustus 1900 het die militêre goewerneur van die O.R.K. die Distrikskommissaris van Vrededorp hieroor gepols: „Instead of feeding Boer families with our supplies which are wanted for troops, could they not be sent to nearest Boer commando as is being done in Pretoria? Such action might have beneficial results. I am averse to wholesale charity. Inhabitants should be made to feel the hardships caused by war.”⁶⁸ Wat die betrokke amptenaar se antwoord hierop was, kon nie vasgestel word nie, maar Roberts het genl. Louis Botha ook verwittig dat,

66. Holt Edgar, The Boer War (Londen, 1958), p. 244.

67. Philipps, op. cit., pp. 187-188.

68. M.G.-Stukke : Uitgaande telegram 16.8.1900.

aangesien nuus deur die vroue na die Boere uitlek, die vroue van burgers wat nog veg sowel as vroue in Brits-besette dorpe, verban sou word. Hulle sou in oop trokke na Britse buiteposte gestuur word, waar Botha hulle kon laat afhaal.⁶⁹

Vier dae later het Botha ten antwoord versoek dat Roberts hom moes verwittig wanneer hy met die verbanning van vroue begin, sodat hy reëlings kon tref om hulle na Europa te stuur.⁷⁰ Hierdie antwoord het die wind uit Roberts se seile geneem, want sy dreigement is toe nooit uitgevoer nie en hy het haastig van sy plan afgesien.⁷¹ 'n Groot-skaalse uitwyking van gedeporteerdes na Europa kon maklik die openbare mening daar gaande maak en tot internasionale verwikkelinge aanleiding gee, wat bes moontlik die militêre toestand in Suid-Afrika nadelig vir Engeland kon beïnvloed.⁷² Die duisende Boerevroue sou waardevolle propaganda vir die Boeresak gewees het en ook 'n verdoemende aanklag teen die wyse waarop die Britse leerleiding die burgerlike bevolking in die oorlog gesleep het.

Intussen moes eedverbrekers veral dit ontgeld weens Roberts se verbrandingsproklamasie. Hoewel nie grootskaals nie, is ook die plase van eienaars wat skuilplek aan Boere verleen het of wie se wonings as forte gebruik is, as afskrik-middel verwoes.⁷³ In sy ope brief aan Conan Doyle verklaar John M. Robertson dat 250 plaaswoningen van eedverbrekers

69. S.A. Conciliation Committee, pamflet 57 : The Expulsion of Boer Women and Children : Roberts aan Botha, 2.9.1900.

70. Ibid., genl. Botha aan Roberts, 6.9.1900.

71. Vgl. Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II (Kaapstad, 1921), p. 65.

72. Kriel, J.D., Emily Hobhouse en die Naweë van die Anglo-Boere-Oorlog, 'n studie in altruïsme en pasifisme, (Ms. D.Phil.-Verhandeling, U.O.V.S., 1956), p. 19.

73. M.G.-Stukke : Uitgaande telegramme 6.9.1900 en om-sendbrief 1.10.1900 aan Distrikskommissaris Heilbron, Boshof, Dewetsdorp, Wepener, Smithfield, Rouxville, Thaba Nchu en Ladybrand.

gedurende hierdie tydperk sonder rede afgebrand is, juis omdat die Britse leër nie in staat was om hulle teen dwangmaatreëls tot heraansluiting te beskerm nie.⁷⁴ Mettertyd het die verwoesting van Bittereinders se eiendom só hand uitgeruk dat kmdt. Steyn in Ficksburg gedreig het om vir elke Boere-woning wat afgebrand word, 'n „jingo“-woning af te brand.⁷⁵

Intussen kon die stortvloed proklamasies en dreigemente nie die Boere se moed breek nie. Waar dit aanvanklik wou voorkom asof die Hensoppers 'n verlamende invloed op die moraal van die Boerevolk sou hê, het daar gedurende die laaste maande van 1900 iets ongekenks in die geskiedenis van oorlogvoering gebeur. Uit skynbare totale nederlaag, instorting en demoralisasie het 'n onverwagte herlewing te voorskyn getree. Krygsgevangenes, Hensoppers, Scouts, gesneuweldes en gewondes het weliswaar die Boeremagte uitgedun, maar die troues van hart het oorgebly om die stryd voort te sit.⁷⁶

Snelbewegende, vlieënde kommando'tjies het Roberts gou hoofbrekens besorg. In 'n poging om dié guerilla-kryg te bekamp, het hy op 14 September 1900 'n proklamasie uitgevaardig waarin verklaar is dat „the war is degenerating, and has degenerated, into operations carried on in an irregular and irresponsible manner by small, and in very-many cases, insignificant bodies of men. I should be failing in my duty to Her Majesty's Government and to Her Majesty's Army in South Africa if I neglected to use every means in my power to bring such irregular warfare to an

74. Robertson, J. ., The Truth about the War, An open letter to Dr. A. Conan Doyle (Londen, 1902, p. 34.

75. M.G.-Stukke : Inkomende telegram aan Roberts 2.11.1900.

76. Vgl. Van der Walt, Viid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika I (Kaapstad, 1951), p. 587; vgl. in hierdie verband ook 'n artikel deur dr. D.W. Krüger in Die Huisgenoot van 9 Junie 1950.

early conclusion."⁷⁷ Met die oog hierop was hy van plan om middele aan te wend wat „ruinous to the country" sou wees „and entail endless suffering on the burghers and their families, and the longer this guerilla warfare continues the more vigourously must they be enforced."⁷⁸

Hierdie proklamasie het duidelik daarop gesinspeel dat plaasverwoesting voortaan op onbeperkte skaal sou plaasvind. Eiendomsverwoesting en leed aan vroue en kinders moes meewerk om die harte van die burgers in die veld te vermurwe sodat die oorlog spoedig in die guns van Engeland beslis kon word.⁷⁹ Dit was 'n beleidsverklaring wat die einde van die Boere-ekonomie voorspel het.

Generaal sir Frederick Maurice probeer hierdie drastiese maatreëls regverdig deur te beweer dat slegs die helfte van die Vrystaatse burgermag op daardie stadium saam met genls. De Wet en Olivier in die veld was. Was dit nie vir De Wet nie, sou die oorlog in die Vrystaat in Augustus 1900 geëindig het. Om die guerilla-kryg in die omgewing van Senekal en Ventersburg te beëindig, het genl. Hunter dus besluit „to lay waste the whole country"⁸⁰ Só het Roberts se proklamasies van 14 Augustus en 14 September weerklank by sy ondergeskikte offisiere gevind. Die lente van 1900 het dan ook inderwaarheid 'n verwoestingsveldtog ingelui wat skaars deur die barbarisme gedurende die jongste Wêreldoorlog geëwenaar is.

Vanaf die einde van September 1900 is mobiele Britse eenhede as garrisoene op sekere plekke gestasioneer om alle bestaansmiddele vir die Boere te vernietig. Teen Oktober was daar sodanige garnisoene in Harrismith, Vrede, Reitz, Lindley, Frankfort en Heilbron. Die guerilla-kryg

77. Cd. 426/1900, p. 17; Goewermentskoerant, 21.9.1900.

78. Cd. 426/1900, p. 17.

79. Vgl. Otto, op. cit., p. 18.

80. Maurice, F., History of the War in South Africa, Compiled by the Direction of His Majesty's Government, III (Londen, 1906), pp. 470, 474.

en die feit dat genl. De Wet steeds die Britse net ontwyk het, het veroorsaak dat hierdie eenhede „had to content itself with warring upon the countryside on which he subsisted.”⁸¹ Waar genl. De Wet ook al vertoef het, is die plaas verwoes - dit moes hom in sy bewegings kortwiek.⁸²

Oral waar die Britse leër nou getrek het, het hulle verwoesting gesaai. Op 17 Oktober 1900 het die korrespondent van die St. James Gazette, wat genl. Campbell deur die distrik Ficksburg vergesel het, hierdie tog soos volg beskryf: „The general told me that he had received orders to ‚sweep‘ the country, and a view of his following soon made it obvious that he had not failed to carry out his orders. All farms on the line of march were cleared of horses, cattle, sheep, waggons, carts, etc. the forage being burnt.”⁸³

Die verwoestingstempo word duidelik wanneer die amptelike Britse Blouboeke nagegaan word. Tussen Junie en September 1900 is een woning in Heilbron, een in Jacobsdal, drie tussen Lindley en Kroonstad en 26 in Winburg verbrand. Gedurende September is 'n totaal van 39 plase in Bethlehem, Ficksburg, Winburg en Vrede verwoes, terwyl gedurende Oktober in Bethlehem, Vrede, Kroonstad, Winburg en Bothaville 113 plase, 1 meule, 1 smidswinkel, 1 winkel, 12 geboue en 37 dorps huise verwoes is onder voorwendsel dat hierdie streke as basisse deur die Boere gebruik is. In November 1900 is in Frankfort, Ventersburg, Kroonstad, Lindley en Heilbron altesaam 91 plase en 16 huise verwoes om die totaal vir die drie maande September, Oktober en November 1900 in slegs 11 distrikte, volgens amptelike Britse opgawe op 271 plase, 53 huise 1 smidswinkel, 1 winkel, 1 meule

81. Ibid., pp. 476-477 ; IV, p. 100.

82. Stead, op. cit., p. 60 : Brief van eerw. Norman Bennett, 17.11.1900.

83. South African Conciliation Committee pamflet 58, p. 6.

en 12 geboue te bring.⁸⁴ Generaal De Wet se plaas aan die Rhenosterrivier was ook hieronder. Ná die oorlog was van al sy handewerk net die dam oor. Emily Hobhouse het dan ook in 1903, na 'n reis deur die afgeleë distrikte getuig dat dakloosheid en verwoesting algemeen op die platteland was.⁸⁵

Die Britse opgawe van verwoeste wonings is egter baie onvolledig en onbetroubaar. Die totale opgawe vir September, Oktober en November 1900 word slegs as 99, 189 en 226 aangegee. Indien dit vergelyk word met die verwoesting in slegs elf distrikte van die O.R.K. gedurende die betrokke maande, is dit geensins 'n getroue beeld van die aantal verwoeste wonings nie. Onder tien gevalle van afgebrande wonings in die distrik Winburg wat onder die aandag van lord Milner gebring is, is slegs een in die betrokke Blouboek genoem en die res is eenvoudig verswyg.⁸⁶

'n Anonieme soldaat het op 23 September 1900 uit Kroonstad geskryf dat sy afdeling van 100 man gedurende 'n tydperk van 34 dae wat sy skrywe voorafgegaan het 28 plase verwoes het.⁸⁷ Hierdie strooptogte moes voor 23 September 1900 plaasgevind het en in die Britse opgawe vir Augustus en September word nie een geval van verwoesting in die distrik Kroonstad verstrek nie. Daar is dikwels beweer dat soldate graag bravado-briewe aan hulle nooiens geskryf het en dat Emily Hobhouse in haar entoesiasme en emosie soms baie aangedik het. Dat dit nie hier noodwendig die geval was nie, blyk uit die feit dat ook ander gevalle van verwoesting verswyg is. Tot 2 November 1900 is agt wonings in Smithfield

84.Cd. 524/1901, pp. 3-10 : Buildings Burnt in each Month.

85. President Steyn-versameling 156/3/12 : Emily Hobhouse Outobiografie vol.XII, skryfster aan lady Hobhouse, 1.7.1903.

86. Vgl. Cd. 524/1901, pp. 3-10 ; ook Beak, op. cit., p. 10 en South African Conciliation Committee pamflet 60 : The Question of Farm Burnings - versoekskrif van Boere-offisiere aan lord Milner.

87. Stead, op. cit., p. 62.

verwoes en ook hiervan rep die betrokke Blouboek geen woord nie.⁸⁸

Intussen het Roberts 'n verdere voorwendsel gevind om plaasverwoesting te regverdig, Op 28 September 1900 het hy verklaar dat waar plaaswonings deur skerpskutters gebruik is die aanvoerders se plase verbrand en van alle vee en voorrade gestroop sou word.⁸⁹

Veral die oostelike en noordoostelike distrikte van die Vrystaat moes dit tot November 1900 ontgeld, maar die ander dele is ook nie gespaar nie. Conan Doyle, wat verkeerdelik beweer dat plaasverwoesting in 1900 beëindig is, staaf hierdie bewering en verstrek syfers wat heelwat hoër as die amptelike Britse opgawes is. Hy stel vas dat meer as die helfte van die 630 huise wat verwoes is, deur skerpskutters gebruik is. Voorts beweer hy dat plase slegs „by geleentheid“ as strafmaatreël verwoes is en dat daar geen stelsel van plaasverbranding was nie. Ten slotte skat hy dat ongeveer 170 wonings in Kroonstad, Ventersburg, Heilbron en Winburg verwoes is.⁹⁰

Beak, daarenteen, wat gedurende die oorlog saam met die Agtste divisie diens gedoen en as repatriasiebeampte onmiddellik na die oorlog herhaalde reise deur die O.R.K. onderneem en insae in verslae oor die toestand van die land gehad het, skat dat vyf en sewentig persent van die plaashuise „suffered more or less severely, and that 5,000 were practically destroyed.“⁹¹

Die verskil in behandeling wat die onderskeie distrikte ontvang het, was so opvallend dat Roberts dit op 28 September noodsaaklik gevind het om 'n proklamasie uit te

88. M.G.-Stukke : Inkomende verslag van die Britse Distrikskommissaris oor die verwoesting in Smithfield, 2.11.1900.

89. Goewermentskoerant, 26.10.1900.

90. Doyle, A. Conan, The War, its Cause and Conduct (Londen, 1902), pp. 86, 92-93.

91. Beak, op. cit., p. 10.

vaardig „to insure uniformity in the treatment of the inhabitants of the various districts"; verder het dit ook voorskrifte bevat „to assist General Officers Commanding in carrying out the conditions of recent Proclamations issued by me"⁹² Met betrekking tot plaasverbranding het dit een nuwe bepaling bevat, nl. dat waar dit nodig was om plase af te brand, verdere kennisgewing uitgereik sou word waarin vermeld sou word waarom dit gedoen is en waarin 'n lys van huise wat volgende aan die beurt sou kom, verstrekk sou word.⁹³

Die gevolg van die strewe om eenvormige behandeling was dat sommige bevelvoerders nou strenger opgetree het. Die getal verwoestings wat deur die onvolledige Britse opgawe aangehaal word, styg merkbaar en waar daar gedurende September 1900 net melding van verwoesting in vier O.R.K.-distrikte gemaak word, word in Oktober 6 distrikte vermeld en in November 7. Redes wat ingevolge Roberts se opdrag van 28 September vir verwoesting aangegee is, het gewissel van huisvesting aan Boere en die gebruik van die plase deur skerpskutters tot verskonings soos die feit dat die eienaar en sy seun op kommando was en omdat 'n geveg in die nabyheid plaasgevind het.⁹⁴ 'n Teruggekeerde offisier het dan ook in Engeland verklaar dat dit geen oordrywing was om te verklaar dat Roberts die helfte van die O.R.K. verbrand het nie.⁹⁵

Op 17 Oktober 1900 het genl. Louis Botha by Roberts teen die roekelose verbranding van plase beswaar gemaak en hom teen die gevolge van 'n vergeldingsoorlog gewaarsku. Vyf dae later het Roberts geantwoord dat die Boere-taktiek nie georganiseerde massa-optrede was nie, maar guerilla-

92. Cd. 426/1900, p. 19.

93. Ibid.

94. Vgl. Cd. 524/1901, pp. 3-10 asook Stead, op. cit., p. 87.

95. South African Conciliation Committee, pamflet 59.

kryg „which I shall be compelled to repress by those exceptional methods which civilised nations have at all times found it obligatory to use under like circumstances.”⁹⁶ Hierdie antwoord het geen twyfel gelaat dat die beleid van plaasverbranding uitgevoer sou word totdat die Boere oorgee nie. Die „exceptional methods” het gou duidelik geblyk. Eerw. Timoney het beskryf hoe twintig huise in 'n vallei op die mees diaboliese wyse deur die Australian Bushmen vernietig is, sodat selfs die Turke van sulke barbarisme sou teruggedeins het.⁹⁷ 'n Rukkie later het George Griffith in die Daily Mail geskryf dat die gebied 'n honderd myl suid van Johannesburg 'n volkome woesteny was. „It was here that the disasters and disgraces of Spion Kop, Nicholson's Nek, Colenso, and Magersfontein were wiped out in blood and fire”⁹⁸

As ervare soldaat kon Roberts nouliks geglo het dat guerillakryg skrydig met erkende oorlogsgebruik was. Dit was 'n onbegonne taak om ál die Boere-guerilla's onskadelik te stel en daarom moes die gevegsterrein beperk word. Sonder bestaansmiddele sou die Boere na ander distrikte uitgedryf word waar Britse magte teen hulle kon veg. Tereg skryf Beak: „It was obvious that, if the federal forces were ever to be overcome, the theatre of war must be curtailed So long as the Boers were able to continue the struggle in every district, victory for the British seemed indefinitely postponed. But if the enemy could be compelled to abandon certain areas, and to concentrate on certain points, the victory was assured to the British by sheer force of numbers, if by nothing else. To compel the republican forces to evacuate certain districts, and to

96. Cd. 582/1901, p. 13.

97. President Steyn-versameling 156/4/2 : Koerantknipsel van The New Age, 6.9.1906.

98. Ibid.

concentrate in certain others, was the object with which the country was commenced."⁹⁹

Vanaf Oktober 1900 is Distrikskommissaris opdrag gegee om alle manlike familiebetrekkings van burgers op kommando te vang en as krygsgevangenes na Kaapstad te stuur, terwyl afwesiges se plase verbrand en al hulle vee gekonfiskeer moes word.¹⁰⁰ Hierdie maatreël was veral gemik teen „Protected Burghers" wat weer by Boeremagte aangesluit het. Persone wat ingevolge hierdie beleid weggestuur is, moes ongetwyfeld nuus van die verdelgingsoorlog in die krygsgevangenekamp versprei het. Pleidooie van krygsgevangene Boere-offisiere aan lord Milner om die verwoesting te beëindig, het op dowe ore geval. Sy verweer was dat die berigte van grootskaalse verwoesting in die republieke oordrewe was en „where farms have been burned, I believe it has always been under circumstances which justified such a proceeding under the recognized rules of civilized warfare. I am sure that no one regrets the necessity of such measures more than the Commander-in-Chief who has authorized them, and whose conduct of the war throughout has been marked by singular humanity and leniency. But when a farmhouse, flying the white flag, is used to decoy our soldiers into an ambush, or when a man, who has been set free under an oath of neutrality, harbours or give information to the enemy, it is necessary to punish such treachery in a manner calculated to prevent its recurrence, and to check the indefinite prolongation of the war by illegitimate means."¹⁰¹

In hierdie laaste woorde van Milner moet die kern van die verwoestingsbeleid gesoek word. Hy sowel as Roberts het die Boere-weerstand as 'n nuttelose voortsetting van

99. Beak, op. cit., p. 9.

100. M.G.-Stukke : Telegram aan Distrikskommissaris van Boshof en Hoopstad, 23.10.1900.

101. Headlam, op. cit., II, pp. 80-81 : Milner aan T.Kerr Anderson, 12.9.1900.

die oorlog deur onwettige metodes beskou. In werklikheid was die verhoed-metodes van die Britse leër onwettig behalwe insoverre as wat dit Hensoppers wat weer aangesluit het geraak het. Gesien vanuit die Britse militêre standpunt kon Boere wat eers die neutraliteitseed geneem en daarna weer by die kommando's aangesluit het se plase ten regte verwoes word. Hulle het de jure verraad gepleeg, maar om Bittereinders oor dieselfde kam as hulle te skeer, was 'n groot fout. Nes Roberts kon Milner ook nie die opregte Afrikaner-siel peil nie, het hy nie besef nie dat vir die Boer sy „land” in werklikheid net die platteland was en solank dit nie in Britse hande was, was die oorlog nog gladnie verby nie. Amery, wat andersinds uitgesproke pro-Brits in sy siening van die verwoestingsbeleid is, tree hier verrassend objektief op wanneer hy skryf: „Lord Roberts was unable to see that the Boers, being essentially a nation of farmers, would regard with comparative equanimity the loss of their towns, largely the resort of races alien to themselves When these towns were gone, he persisted in believing that it was contrary to the usages of war for his enemy to remain in arms. Hence his mistake resolve to treat, not as regular combatants, but as rebels, who required punishment rather than defeat, a white race defending their homes with a bravery and resource which have rightly won the admiration of the world.”¹⁰²

Holt, wat besonder onpartydig teenoor die oorlog staan, huldig dieselfde sienswyse as Amery i.v.m. Roberts se verwoestingsbeleid. Hy verklaar verder dat dit wel in sekere opsigte geregverdig kon word, „but in the long run there was little to be said for a policy which was certain to cause lasting bitterness. In the eyes of later generation the British Liberals who stoutly opposed it were wiser than

¹⁰². Amery, op. cit., IV, pp. 494-495.

the Unionists who condoned it."¹⁰³

Lionel Curtis, een van Milner se „Kindergarten" wat gereeld in dagboekvorm aan sy moeder in Engeland geskryf het, was met weersin vervul toe hy die grootskaalse verwoesting in die Vrystaat aanskou. Gedurende die laaste week van Oktober 1900 het hy soos volg aan sy moeder geskryf en daarmee Emily Hobhouse se aantygings teen die Britse krygsbeleid gestaaf: „I cannot control my wrath as we go down the line and see the poor little homesteads in ruin.... What fool in his folly taught us we could prevent men from brigandage by making them homeless Charley Rankin told us he had been with a column who marched across the Free State east from Kroonstadt with orders to burn every farm indiscriminately. And they did so irrespective of who the owners were, whether prisoners of war, men who had come in under the proclamation, or actual beligerents It will take more years than I shall live to wipe out this stain Men have lost their reason and are committing acts which would be bad enough if it were only for the punishment which they must somehow or somewhere bring upon us And Chestermaster, who --- has since had all information through his hands at Government House, gives it as deliberate opinion that, take it all in all, the Boers have played the game This is a fine war indeed. We annex a country on paper which we have not yet conquered in fact, and then call casualties murders, and treat magnificent persistence as rebellion Thank God X (d.i. Milner) sees the sin and folly of it, but wrong has been done, and more will be done before he can stop it, that will follow in our trail from generation to generation."¹⁰⁴

Voorwaar profetiese woorde!

103. Holt , op. cit., p. 244.

104. Curtis, Lionel, With Milner in South Africa (Oxford, 1951), pp. 142-144.

Dat die Boere-teenstand uit suiwer patriotisme spruit en nie misdadig was nie, kon Roberts nie begryp nie. In sy onvermoë om die Boere-guerillakryg te breek, het hy derhalwe 'n gewelddadige oorlogsbeleid gevolg waardeur die nie-veg-tendes ook in die krygsverrigtinge gesleep is.

Hoewel Milner plaasverwoesting op grond van verraad goedgekeur het, het hy blindelingse verwoesting van oeste en wonings afgekeur op grond daarvan dat dit barbaars en ondoeltreffend was en boonop verreikende politieke gevolge kon hê. Daarom het hy op 31 Oktober 1900 die leerleiding aangeraai om al die huise te beset (sic!), maar om geen wonings te verbrand tensy die verraad van die bewoners dit noodsaak nie.¹⁰⁵ Om plaasverbranding dan ook aan bande te lê en misverstand daaromtrent uit die weg te ruim, het Roberts op 18 November 1900 'n verduidelikende proklamasie uitgevaardig: Geen plaas mag verbrand word tensy daar verraad gepleeg is of vanaf die opstalle op troepe geskiet is, óf as strafmaatreël vir die beskadiging van die spoor- of telegraaflyn, of waar plase as afspringplekke vir strooptogte gebruik is en dan alleen met uitdruklike skriftelike verlof van die bevelvoerende offisier. Die blote feit dat 'n plaaseienaar op kommando was, moes geensins as rede vir die verwoesting van sy plaas aangevoer word nie. Alle vee en voorrade moes verwyder of vernietig word.¹⁰⁶ Die „verraad" waarna verwys is, was klaarblyklik op eedverbrekers gemik.

Die Britse kolonnes was egter oor die lengte en breedte van die O.R.K. versprei en Roberts se proklamasie het hulle nie dadelik bereik nie, of anders het ondergeskikte offisiere hulle nie veel aan sy vermaning tot matigheid gesteur nie. Daarom kon kaptein March Phillips op 23 November 1900 nog o.a. soos volg skryf: „Kroonstad, Lindley, Heil-

105. Headlam, op. cit., II, p. 164.

106. Cd. 426/1900, p. 23.

bron, Frankfort has been our round so far.... Farm burning goes merrily on, and our course through the country is marked as in prehistoric ages, by pillars of smoke by day and fire by night. We usually burn from six to a dozen farms a day. I do not gather that any special reason or cause is alleged or proved against the farms burnt We found that one reason or other generally covers pretty nearly every farm we come to, and so to save trouble we burn the lot without inquiry These farms are dry and burn well In the background a number of Tom-mies are seen chasing poultry Further off still, herds and flocks and horses are being collected and driven off ...
....."¹⁰⁷

'n Ander verskoning wat dikwels vir plaasverwoesting aangevoer is, was dat sodanige plase as voorraad-depots vir die Boeremagte gedien het.

Tussen 16 Oktober en 9 November 1900 is só 'n „groot getal" plaashuise in die distrik Kroonstad verwoes en vee weggevoer. „The operations were confined mainly to devastating the country as far as possible,"¹⁰⁸ het kapt. F.R. de Bertodano, Distrikskommissaris van Kroonstad op 9 November 1900 aan die militêre goewerneur in Bloemfontein geskryf. Ten spyte van sy openlike erkenning van Britse verwoestingsmaatreëls probeer hy nogtans die blaam op die Boere lê deur te verklaar dat „..... the ruin of farmers appears to be more certain owing to the continued tactics of guerilla warfare practised by those of the Boers now in arms."¹⁰⁹ Die verwoesting was in elk geval so deeglik dat alle soorte graankos ingevoer sou moes word, want slegs in twee geïsoleerde

107. Phillips, op. cit., pp. 201-203.

108. C.S. 3225/01.

109. Ibid. Genl. Hunter het skynbaar sy opdrag: „Laying waste country used as base by enemy," letterlik uitgevoer. Veral eedverbrekers se wonings is verwoes.

gevalle sou boere iets kon produseer.¹¹⁰

Nog een besondere geval van grootskaalse verwoesting verdien vermelding: Roberts het genl. Hunter op 30 Oktober 1900 gemagtig om 'n Boere-sametrekking in die nabyheid van die dorpie Ventersburg op te breek en „to sweep the district” met behulp van Bruce Hamilton se troepe.¹¹¹ Hierdie opdrag is letterlik uitgevoer. Ds. J.D. Kestell het getuig dat benewens die dorp ook 143 plase in die omgewing afgebrand is.¹¹² Na aanleiding van dié duiwelse werk van Bruce Hamilton het David Lloyd George hom soos volg in die Britse Laerhuis uitgelaat: „This man is a brute and a disgrace to the uniform he wears.”¹¹³

Hierdie en soortgelyke verwoestingsmaatreëls het werklik die O.R.K. in 'n huilende wildernis omskep. Deur die verwoesting moes bestaansmiddele vir Boere-kommando's beperk word. Ter ondersteuning hiervan is Distrikskommissaris in die O.R.K. op 20 November 1900 gelas om alle winkels, behalwe dié in besit van Britse troepe, te sluit. Alle ander handelaarslisensies moes ingetrek word en indien iemand betrap word dat hy goedere vergader, moes dit gekonfiskeer en hy krygsgevangene geneem word.¹¹⁴

Nadat die volle omvang van plaasverbranding tussen Junie en November 1900 bekend geword het, het die Kaapse N.G. Kerk op 7 Desember 1900 by lord Milner beswaar gemaak „We condemn these practices as directly contrary to the principles which regulate civilised warfare. The question may well be raised, whether the most cruel wars of the previous century can yield a parallel to the destruction of property now being carried on in the Republics”¹¹⁵

110. C.S. 3225/01.

111. Cd. 457/1901, p. 75.

112. Kestell, J.D., Through Shot and Flame (Londen, 1903), p. 142.

113. Hansard LXXXIX, no.6.

114. M.G.-Stukke : Telegrafiese omsendbrief, 20.11.1900.

115. Cd. 547/1901, p. 19.

Nadat hy van dié sukses van sy verwoestingsbeleid verneem het, veral die skrikbewind van September tot November 1900, moes Roberts oortuig gewees het dat hy die Boerevolk vermorsel het. Ingenome het hy verklaar dat die oorlog verby was en die opperbevel aan Kitchener oorgedra. Die jingoïstiese Bloemfonteinse Post verklaar dan ook dat, toe Kitchener die bevel oorgeneem het, die meeste Boere na vrede verlang het. Kitchener was egter nie opgewasse vir dié taak nie. Daarom lê dié blad die blaam vir die uitgerekte verdelgingsoorlog wat nog sou volg aan die voete van Kitchener.¹¹⁶

Blykbaar as gevolg van die N.G. Kerk se protes, lord Milner se vroeëre raad aan hom en tot 'n mate Roberts se „matigheidsproklamasie" van 18 November, wat aanvanklik deur Kitchener gehandhaaf is, was daar gedurende Desember 'n skerp afname in die getal verwoeste wonings. Die stroping en vernietiging van bestaansmiddele het egter volstoom voortgeduur. Die nuwe opperbevelhebber het nogtans op 7 Desember 1900 sy teleurstelling uitgespreek dat daar nog voedselvoorrade oorgebly het na die deurtog van Britse kolonnes in sekere distrikte. Hy het selfs so ver gegaan om offisiere te vermaan „that they should fully recognise the necessity of denuding the country of supplies and live-stock, in order to secure the two-fold advantage of depriving the enemy of means of subsistence, and of being able to feed their own columns to the fullest extent from the country."¹¹⁷ Naturelle naby die spoorlyn is selfs deur Kitchener versoek om niks te plant nie in 'n poging om te verhoed dat die Boere by hulle sou voedsel kry.¹¹⁸

Ook „Protected Burghers" se beskermingsertifikaat is vanaf 4 November 1900 ingekort. Alle vee, voedselvoorrade en waens moes ook van hulle plase verwyder word ten einde

116. The Bloemfontein Post, 24.10.1904.

117. C.S. 47/02 : Omsendbrief, 7.12.1900.

118. Beak, op. cit., p. 160.

te verhoed dat dit in die hande van die Boere val.¹¹⁹ Nes Roberts voor hom was Kitchener magteloos om die guerillakryg te bekamp. Na die „anneksasie“ van hul hoofstede het die republikeine die krygstoneel oor die lengte en breedte van die land uitgerek en met suiwer militêre maatreëls kon die Bittereinders nie onderwerp word nie. Die stroping van selfs „Protected Burghers“ se plase het baie Boere wat die eed van neutraliteit geneem het, weer by die kommando's laat aansluit. Ten einde hierdie hernude teenstand die hoof te bied, het Kitchener hom aanvanklik op die sogenaamde „Vredeskomitees“, bestaande uit verraaierelemente, verlaat om die Boere tot oorgawe oor te haal. 'n Groot vergadering van vredesoekers is bv. op 20 Desember 1900 op Belfast gehou. Hiertydens is besluit dat indien Engeland gewillig sou wees om Boere na hulle huise terug te stuur, hulle gewillig sou wees om die wapen neer te lê en die eed van getrouheid af te lê.¹²⁰

Die meeste Boere was egter nie papbroeke en verraaiers nie met die gevolg dat die vredeskomitees hulle dikwels vasgeloop het. In 'n poging om invloedryke persone se steun vir hulle vredespogings te werf, het 'n afvaardiging bestaande uit oud-generaal Piet De Wet, D.J.H. Van Niekerk en C.L. Botha, die latere regter van die Unie van Suid-Afrika, ds. Andrew Murray, moderator van die Kaapse N.G. Kerk, gaan pols. Hy het geweier om hulle te steun en teleurgesteld moes genl. Piet De Wet op 19 Februarie 1901 vir lord Milner laat weet: „De Weleerw. heer A. Murray zal niet te vreden zijn met iets minder dan de onafhankelijkheid der beide Republieken. Ik heb met alle mogelijke middelen getracht hem te overtuigen van de onhoudbaarheid zijner

119. J.S. 18/01 : Regeringsekretaris aan J.S. Visagie, 15.3.1901; M.G.-Stukke : Telegrafiese omsendbrief aan Distrikskommissaris, 4.11.1900.

120. Cd. 547/1901, p. 50 : Telegram van Milner aan Chamberlain.

posisie, maar hij is onbeweeglijk."¹²¹ Selfs dreigemente dat hy as rebelle-ondersteuner weggestuur sou word, kon ds. Murray nie beweeg om teen die Bittereinders kant te kies nie. Hierdie groot volksfiguur het hier duidelik getoon waar hy staan en dit was, wat die O.R.K. betref, die nekslag aan die vredesoekers.

Toe die vredeskomitees nie na wense vorder nie, het Kitchener besluit om die burgerlike bevolking in kampe byeen te bring, hoofsaaklik om voorrade-depôts vir die vegtende burgers te vernietig.¹²² Dié beleid was natuurlik ook veral nodig omdat die plase kaal gestroop is en die bewoners met hongersnood bedreig is. In die Britse Laerhuis het Chamberlain verklaar dat die kampstelsel noodsaaklik gemaak is weens die feit dat genl. Louis Botha sy voorneme te kenne gegee het om plase te verbrand en te verwoes en om inwoners (Hensoppers) te verplig om by die Boere aan te sluit.¹²³

Hierdie verklaring van Chamberlain was gegrond op 'n omsendbrief van genl. Botha op 3 Desember 1900, waarin hy Boere-offisiere en landdroste gemagtig het om „Protected Burghers" tot heraansluiting te dwing deur hulle te arresteer en hulle eiendom te konfiskeer. Nêrens in die omsendbrief is egter melding van die verwoesting van woonhuise en ander eiendom as strafmaatreël gemaak nie.¹²⁴ Chamberlain se bewering was gegrond op 'n telegram van Kitchener waarin laasgenoemde verkeerdelik beweer het dat Botha in sy omsendbrief sou verklaar het: „Do everything in your power to prevent the burghers laying down their arms. I will be com-

121. Verslag der Depitatie die naar de Kaap kolonie werd afgezonden door de Vredes Comitès in de Oranje Rivier Kolonie 1901.

122. C.S. 47/02 : Omsendbrief aan alle bevelvoerder, paragrafe 29, 31 en 37.

123. Davitt, M., The Boer Fight for Freedom (Londen, 1902), p. 579.

124. Kriel, op. cit., p. 26.

pelled if they do not listen to this, to confiscate everything moveable or immovable, and also to burn their houses."¹²⁵ Hierdie aanhaling was wel vervat, soos dr. Kriel duidelik aantoon, in 'n vroeër skrywe van genl. Botha aan die landdros van Bethal, dog in sy omsendbrief het hy die dreigement nie herhaal nie.¹²⁶ Die vroeër dreigement van Botha toon duidelik dat die Transvaalse vredeskomitees so reg in Kitchener se hande gespeel het.

Dr. Kriel beweer dat, hoewel genl. Botha se omsendbrief van 3 Desember 1900 geen aanleiding tot die konsentrasiekampe as sodanig gegee het nie, het dit wel die oprigting van kampe vir die „Protected Burghers" meegebring, wat vergelding van Boerekant gevrees en in groot getalle na die Britse linies om beskerming gestroom het.¹²⁷ Na voorbeeld van hierdie „refugee-kampe" is die konsentrasiekampe later op veilige plekke opgerig.

Tot en met Kitchener se oorname van die opperbevel het die Boervroue met behulp van hul kinders en getroue bediendes nog steeds die boerderye bestuur en kon hulle die kommando's van voedsel en kleding voorsien. Deur 'n stelselmatige beleid van ontvolking van die platteland wou Kitchener hieraan 'n einde maak. Gepaard hiermee was daar 'n ander middel wat dieselfde doel beoog het, nl. die grootskaalse hernude vernietiging van bestaansmiddele self.

In 'n verslag aan Chamberlain op 6 Februarie 1901 oor toestande in die O.R.K. en Transvaal het Milner dan ook uitdruklik verklaar dat die oorlog nou hoofsaaklik teen voorrade gemik is. Omdat die Boere van die opbrengs van die land leef en selfs winkels in die dorpies stroop op soek na voedsel en kleding, „our forces, on their side, are com-

125. Cd. 902/1902, pp. 119-120 : Kitchener aan Brodrick, 6.12.1901.

126. Kriel, op. cit., p. 27.

127. Ibid., p. 28.

pelled to denude the country of everything movable, in order to frustrate these tactics of the enemy."¹²⁸ Hy het toe ook al voorspel dat „the events of the last six or seven months will involve a greater amount of repair and a longer period of recuperation, especially for agriculture, than anybody could have anticipated when the war commenced.”¹²⁹ Die verlies aan gesaaides en vee was veral baie ernstiger as die verbranding van „even a considerable number of farms, having regard to the very rough and inexpensive character of the majority of these structures”¹³⁰

Amery probeer die vernietiging van bestaansmiddele regverdig deur te verklaar dat dit een van die vernaamste strewes van 'n oorlogvoerende moet wees. Hy gee egter toe dat die Britse troepe so besig daarmee was dat hulle nie tyd vir veg gehad het nie. Die toepassing van hierdie krygsbeleid het die kampstelsel tot gevolg gehad.¹³¹

Ten einde die „skoonmaak-“beleid te laat vlot, het Kitchener dus die O.R.K. in vier afdelings verdeel, elk onder beheer van 'n bevelvoerende offisier „... to clear the country systematically of all horses, cattle and supplies.”¹³² Nou was alles gereed om die finale nekslag aan die landboubronne van die O.R.K. te besorg. In sy omsendbrief no.31 van 15 Maart 1901 aan bogenoemde aanvoerders het Kitchener onder die opskrif „Clearing of Orange River Colony” die sogenaamde „verskroeiende aarde-“beleid aangekondig. Alle gesinne op plase en hulle vee moes na die naaste spoorwegstasie vervoer word; alle vervoermiddele op die plase wat nie vir militêre doeleindes nodig was nie, moes vir hierdie doel gebruik word; persoonlike besittings saam met gesinne moes volgens die beskikbare vervoer beperk word; alle

128. Cd. 547/1901, p. 55.

129. Ibid., p. 56.

130. Ibid., p. 55.

131. Amery, *op. cit.*, IV, pp. 66-67.

132. Cd. 605/1901, p. 5.

gesaaides op die lande moes vernietig word deur óf die vee daarin te jaag, óf dit te verbrand; alle voer moes vernietig of gekonfiskeer word; voorrade wat nodig was om gesinne te voed, moes tot by die spoor saam gestuur word - die soldate kon neem wat hulle nodig gehad het en die res moes vernietig word; offisiere kon vee vir verbruik deur die troepe neem, dog geen aanteelevae moes vir militêre doeleindes gebruik word nie; alle perde moes verwyder word en voertuie óf verwyder óf vernietig word; bakoende en meulens moes ook verwoes word.¹³³

Binne vier dae na hierdie omsendbrief van Kitchener is die „skoonmaak-beleid" in die distrik Bloemfontein so deeglik toegepas dat die waarnemende luitenant-goewerneur op 19 Maart 1901 by lord Milner moes kla dat daar geen bestaansmiddele in die onmiddellike omgewing van die dorp oorbly nie. Voorts het hy gepleit dat lord Milner vir Kitchener moes probeer oorhaal om 'n bietjie meer diskressie aan die dag te lê i.v.m. sy bevel insake die bymekaarmaak van vee in die O.R.K. Die inwoners, van wie die meeste lojaliste was, is van elke lewende ding ontnem.¹³⁴

By die nalees van die amptelike korrespondensie in die O.R.K. gedurende die volgende paar maande blyk die groot-skaalse verwoesting van bestaansmiddele duidelik. E.F. Sheppey van die plaas Umzi naby Bloemfontein het op 1 April 1901 gekla dat tussen 50 en 70 perde daagliks deur troepe naby sy huis begrawe word en as gevolg van die stank kon hy dit nie meer naby sy huis waag nie. Dat die doodmaak van vee toe reeds lank aan die gang was, blyk uit sy verdere mededeling dat gedurende die voorafgaande nege maande ongeveer 9000 perde op daardie een plek begrawe is.¹³⁵

133. C.S. 47/02.

134. C.S. 541/01.

135. C.S. 685/01 : E.F. Sheppey aan Luitenant-goew.,
1.4.1901.

Gedurende Maart en April 1901 het Britse troepe die oostelike en suidoostelike O.R.K. ten suide van Heilbron skoongemaak. „Large quantities of grain, forage, food-stuffs, and ammunition were seized and destroyed," het Kitchener in sy vorderingsverslag op 8 Mei 1901 getuig. Hy het voorts bevestig dat, nadat genl. Elliot gedurende April 1901 deur Parys en Reitzburg getrek het, daar geen voorrade in dié twee distrikte oorgebly het nie.¹³⁶

In sy verslag vir Februarie en Maart 1901 het die magistraat van Boshof gemeld dat groot getalle vee deur die militêre owerheid aldaar bymekaar gemaak word en dat die meeste plase in die onmiddellike omgewing van die dorp verlate en verwoes was.¹³⁷

Tereg skryf Vulliamy dat hierdie verwoestingsveldtog beide vir Kitchener en sy soldate „extremely distasteful" was.¹³⁸ Wanneer selfs beroepsoldate teësinnig hulle plig uitvoer, moes die verwoesting inderdaad groot en weersinwekkend gewees het. Buite en binne die plaaswonings is alle bewyse van die vooroorlogse welvaart vernietig. Bravado-briewe van anomiene soldate is volop en is gretig deur W.T. Stead, die groot Boere-vriend, in sy publikasies gebruik om die Britse krygsbeleid aan die kaak te stel. So skryf 'n offisier van die Yeomanry soos volg in die Warwick Advertiser: „The farms are being burnt down and we have been told to do as much looting and damage as we like We used to have plenty of fun I've smashed dozens of piano's...."¹³⁹

'n Gewone soldaat onder genl. Rundle was meer sober en saaklik in sy weergawe van die geweld wat oor die eens vreedsame Vrystaatse veld losgebars het: „Since we left

136. Cd. 605/1901, pp. 4-6.

137. C.S. 1019/01.

138. Vulliamy, C.E., Outlanders (Londen, 1938), p. 350.

139. Ibid.

Harrismith we have been on the march, burning farms and houses and everything we come across."¹⁴⁰ Stead is dikwels deur die vyande van die Afrikanervolk as 'n „aartspropagandis" bestempel en selfs daarvan beskuldig dat hy, in sy poging om die destydse Britse regering in diskrediet by die kiesers te bring, soms gegewens „gekook" het. Maar die verhale van Britse soldate in hulle briewe huis toe - verhale van uitspattige geweld in die O.R.K. - word deur G.B. Beak, 'n Britse offisier en 'n objektiewe waarnemer, gestaaf. Hy skryf o.a. „Clearance included the destruction or removal of practically everything except buildings and dams ... Millstones and agricultural implements were broken; horses, mules, oxen, and vehicles of every description were collected for purposes of transport. Cattle and sheep, which could not be driven into our lines, or which were not immediately required for food, were slaughtered on the spot and left either to rot or to be devoured by the aasvogels."¹⁴¹

Geen wonder dus dat sir David Barbour, wat in hierdie tyd 'n studie van die ekonomie van die O.R.K. gemaak het, daarna verklaar het dat dit geruime tyd sou duur alvorens die O.R.K. ten volle van die gevolge van die oorlog sou herstel.¹⁴²

Die Montreal Daily Witness het op 11 Mei 1901 die volgende uittreksel uit die brief van 'n Kanadese offisier in Suid-Afrika gepubliseer: „.... and now lord Kitchener has decreed that the country has to be made so that the Boers cannot live in it. You do not know what deserted places and desert country means. I am willing to wager that if you came around after one of our columns you would not find a living thing, except, perhaps, a stray dog or

140. Stead, W.T., Methods of Barbarism (Londen, 1901), p. 58.

141. Beak, op. cit., p. 16.

142. Cd. 628/1901, p.19.

something that would only complete the scene if desolation
.... everything a scene of utter ruin and desolation."¹⁴³

In hierdie trant kan daar ad infinitum met aanhalings uit soldate-briewe voortgegaan word. Ons volstaan egter met die gevolgtrekking dat Kitchener se beleid duidelik daarop gemik was om die Boere deur 'n hongerdood in plaas van met die wapens te oorwin. Al kan die bravado-briewe van anomiene soldate aan hulle nooiens geensins as objektiewe feite-materiaal behandel word nie, gee dit daren 'n beeld van wat op 'n Boereplaas aangetref kon word - klaviere, dorsmasjiene, stoomketels wat nog in Engeland vervaardig is, - die vernietiging waarvan maar min bekoring selfs vir ruwe soldate ingehou het.¹⁴⁴

Dat die weergalose verwoesting van eiendom selfs aanvoerders tot matigheid beweeg het, blyk uit die feit dat Kitchener op 17 Mei 1901 sy vorige omsendbrief insake die „skoonmaakbeleid" moes herhaal en as waarskuwing laat byvoeg het: „Commanders of Columns will be held absolutely responsible that all farms and the country is entirely cleared of stock and supplies in the vicinity of their march. N.B. All sacking or other material which could be made use of for clothing is to be removed or destroyed."¹⁴⁵

Hooimiedens is aan die brand gestee, sakke graan verbrand en vee op hope doodgestee. Oeste op die lande is aan die brand gestee of vertrap, al na gelang van die stadium waarin die plante verkeer het. Ander voedselware, soos bv. kruideniersware, is verwoes of na die Britse linies gevoer. By die leerhoofkwartier was lywige verslae i.v.m. voorrade en periodiek is besonderhede hieruit aan die be-

143. Pres. Steyn-versameling 156/2/1 : Pamflet : Meditation for the Church of England Congress.

144. Vgl. Hobhouse, E., Die Smart van die Oorlog en wie dit gely het, p. 131 ; Stead, W.T., Methods of Barbarism, pp. 56-58.

145. C.S. 47/02 : Omsendbrief, 17.5.1901.

trokke afdelings verstrek. Op 'n groot kaart is dan met behulp van verskillende kleure die toestand van die verskillende distrikte aangedui: rooi het algehele vernietiging van voorrade aangedui, blou gedeeltelike en geel geen.

„Eventually column commanders were required to vouch by a written certificate that they had denuded of all supplies the areas in which they had been operating. And thus, for month after month, the monotonous, wearisome, humdrum process of attrition continued," aldus Beak.¹⁴⁶

Ramsay MacDonald het gedurende 1902, net na afloop van die oorlog, tussen Lindley en Kroonstad gereis en o.a. soos volg geskryf: „The country was as waste as the edge of the Sahara; almost the only cattle we saw were carcasses rotting on the wayside"¹⁴⁷ Selfs Milner, wat tog sekerlik nie soos Macdonald „skietgoed" vir 'n komende verkiesing versamel het nie, het na 'n reis deur die verwoeste gebiede aan mev. Montefiore bely dat die toestand van die land afskuwelik was en dat dood en verwoesting oral te bespeur was. Die Britse magte moes die land kruis en dwars skoon stroop as gevolg van die „sinlose" guerilla-kryg van die Boere, het hy verklaar. Die O.R.K. was feitlik 'n woestyn en die ganse bevolking in „refugee-kampe" langs die spoorlyn gevestig.¹⁴⁸

Weens die skoonmaakbeleid is die veestapel stelselmatig vernietig en hier was die verlies dan ook die grootste. The Edinburgh Evening News van 3 November 1901 het die

146. Beak, op. cit., pp. 16-17 ; vgl. ook C.S. 629/01, C.S. 2380/01, C.S. 2861/01 en C.S. 3226/01 waarin die verwoesting van meulens en graan beskryf word.

147. McDonald, J.R., What I saw in South Africa (Londen, 1902), pp. 51-52. Ter stawing en aanvulling het 'n ooggetuie van sodanige barbarisme, mev. J.H. Toerien van Bloemfontein, aan skrywer verhaal hoe hoog die doodsbeendere van diere in 'n kraal op hul plaas Vissershoeck in die distrik Philippolis, gelê het. Die bloed het soos 'n stroom water uit die kraal gevloei terwyl die diere gedood is.

148. Headlam, op. cit., II, p. 273 : Milner aan mev. Montefiore, 11.9.1901.

Britse krygsbeleid treffend opgesom: „The troops, failing to crush the Boers, are making war on cattle, on farm-houses, and Boer towns.“¹⁴⁹

Nog voor die „anneksasie“ van die O.R.K. in Mei 1900 is die veestapel uitgedun. Alleen in die distrik Philippolis is gedurende Mei 1900 gekonfiskeerde groot- en kleinvee deur die militêre owerheid volgens krygswet verkoop. Ten spyte van die versekering van die Distrikskommissaris is dieselfde vee later weer van die kopers sonder vergoeding gekommandeer vir verbruik deur die troepe.¹⁵⁰

Onmiddellik ná die „anneksasie“ is „groot getalle vee“ bymekaar gemaak en per openbare veiling verkoop. Die opbrengs hiervan is in die skatkis van die O.R.K. gestort.¹⁵¹ Op 23 Julie 1900 is die Distrikskommissaris gelas om, waar vee vir Imperiale diens benodig is, sodanige voorrade van die plase te verkry. Hierdie konfiskasie moes egter eweredig op al die plase in die distrik uitgevoer word en sonder dat plaasbewoners daardeur gebrek sou ly.¹⁵²

Vrybuitende private agente het hierdie toestand van sake deeglik uitgebuit, sodat die Distrikskommissaris op 6 Augustus 1900 gewaarsku moes word dat agente van private kontrakteurs deur die distrikte kon reis om „reserve“ osse te koop, maar geensins vee kon kommandeer nie.¹⁵³

Nadat baie inwoners van Hoopstad weer die wapen teen Engeland opgeneem het, is al hulle vee, asook dié van hul familiebetrekkings as afskrikmiddel gekonfiskeer.¹⁵⁴ Mettertyd is hierdie beleid ook in ander distrikte toegepas.

Wettige agente het die Britse troepe vergesel, maar

149. Abraham Fischer-versameling 59/10/9 : Woerantknipsel van The Edinburgh Evening News, 3 November 1901.

150. C.S. 1720/06.

151. Cd. 903/1902, p. 31 : Goold-Adams se verslag vir Mei 1901.

152. Hoopstad Magistratuur : Inkomende omsendbrief, 23.7.1900.

153. Ibid.

154. Ibid. : Omsendbrief, 23.10.1900.

ook bloedsuiers van firmas soos die Cold Storage Company en Weil's Transport. Laasgenoemde agente het Britse uniforms gedra en hulle as offisiere voorgedoen. Hulle het so kwaai te kere gegaan dat Castletown, die Distrikskommissaris van Harrismith, op 10 September 1900 by die militêre goewerneur gekla het oor die „present system of indiscriminate confiscation and requisition.”¹⁵⁵

Verskeie van hierdie agente is later weens veediefstal en bedrog aangekla. Gedurende Augustus 1900 is A.F. Fleischer, 'n Weil-agent, op die aanklagte „Commandeering without authority, stealing cattle, looting, offering a bribe to a person to connive at theft” tot ses maande tronkstraf gevonniss.¹⁵⁶

So kwaai het die onwettige konfiskasie van vee in Harrismith en Vrede toegegaan dat die betrokke Distrikskommissaris moes waarsku: „The extraordinary amount of cases in which cattle and stock are taken without receipts (although most distinct orders on the subject are issued) leads to one or other supposition, either that the order is continuously disobeyed by the troops, or that the cattle and stock are absolutely stolen by the agents referred to.”¹⁵⁷

Die Distrikskommissaris het getuig dat persone, wat hulle as offisiere voordoën, groot getalle vee konfiskeer sonder om enige kwitansie daarvoor uit te reik. 'n Geloofwaardige Britse onderdaan het hierdie bewering bevestig en verklaar dat hy nie durf waag om amptelik beswaar te maak nie uit vrees dat al sy besse dan sou verdwyn. 'n Sekere „inspekteur” Fuller het toentertyd pas daar aangeland met die oogmerk om trekosse na Pretoria en Johannesburg te neem. „If he carries this programme out, he will denude the O.R.C.,” het die Distrikskommissaris geskryf.¹⁵⁸ Hierdie agente

155. M.G.-Stukke : Inkomende brief, 10.9.1900.

156. Cd. 981/1902, p. 200.

157. M.G.-Stukke : Inkomende brief, 10.9.1900.

158. Ibid.

het ook as agente vir die verkoop van gebuite kame en perde opgetree. Hoewel die Britse leerleiding nie vir hierdie wandade geblameer kan word nie, het die menigte proklamasies van Roberts en Kitchener soveel verskonings en skuiwergate vir verwoesting van eiendom gelaat dat skelms en diewe na hartelus kon aas op die veestapel van die O.R.K.

Die gemelde Cold Storage Company is aan die begin van die oorlog gestig, eers met sir Gordon Sprigg en later met sir J. Sieveright as voorsitter. Hulle het al agter die Britse troepe aan getrek en soveel vee geslag as wat vir die troepe nodig was. Hierdie vleis het hulle teen elf pennies per pond verkoop, hoewel hulle, in die meeste gevalle waar hulle wel die voorrade gekoop het, slegs $7\frac{1}{4}$ pen-
nie per pond betaal het. Die Distrikskommissaris van Harrismith het hulle beskuldig dat hulle op groot skaal aanteel-
vee uit die distrik verwyder om dit ná die oorlog teen 'n goeie wins van die hand te sit. Een agent, wat deur hom onder kruisverhoor geneem is, het erken dat hy in Harrismith alleen 5000 stuks vee bymekaar gemaak het. Sy weeklikse kwota wat hy vir die verbruik van die troepe gekonfiskeer het, was 1502 beeste en 5449 skape.¹⁵⁹

Na aanleiding hiervan kan 'n denkbeeld gevorm word van die groot getalle vee wat vir ál die Britse kolonnes gekonfiskeer is. Ook naturelle in diens van die Cold Storage Company het gewetenloos vee gekonfiskeer. Ook die naturelle op die Vrystaatse grens het na willekeur geroof en aan die eerste die beste koper verkoop.¹⁶⁰

Hoeveel vee werklik gedurende die oorlog deur roofben-
des en vrybuiters gesteel is, kon nie vasgestel word nie. Dit kan egter sonder gevaar van teenspraak beweer word dat vee wat nie deur die Britse leer gekonfiskeer, verbruik of

159. Ibid.

160. Ibid.; vgl. ook C.S. 1986/06 : B.J. Cronje aan die regeringsekretaris, 26.1.1906.

verkoop is nie, deur allerhande fortuinsoekers verwyder is. Hulle oogmerk was om dit na die oorlog teen fabelagtige pryse in die twee verowerde kolonies aan die vorige wettige eienaars te verkoop.

Die kwaaieste uitroeiing van vee het egter gedurende die toepassing van Kitchener se „skoonmaak-“beleid geskied. Geen vee moes in Boerehande kon val nie en daarom is selfs lojaliste se vee geneem as hulle nie daarmee na 'n „veilige plek“ onder Britse beskerming, wou verhuis nie.¹⁶¹

Die amptelike Britse Blouboeke verstrek uiters onjuiste en onvolledige verslae m.b.t. die grootskaalse stroping en vernietiging van vee en ander boerdery-produkte en implemente. Vir die tydperk van Maart tot Augustus 1901 toe hierdie beleid op sy felste gewoed het, vind ons die volgende totale in genoemde bronne:- 119,999 beeste, 49,499 perde, 1000 ton voer en 2912 waens en ander voertuie wat ook buitgemaak is.¹⁶² In sommige verslae word egter net van „baie vee“ of „baie perde“ wat buitgemaak is, gemeld. Slegs m.b.t. die distrik Heilbron vind ons 'n enigszins betroubare en volledige verduideliking, nl. „ All stock removed from this district.“¹⁶³

Hierdie gegewens kom belaglik voor wanneer uit die amptelike korrespondensie van die C.R.K. blyk dat daar op 18 Mei 1901 - lank voor die stroping van plase sy toppunt bereik het - reeds 133,777 skape en bokke en 5733 beeste byeen gebring was.¹⁶⁴ In die betrokke Blouboeke word nie eers van skape en bokke melding gemaak nie en ook nie van 15,500 stuks vee en 2500 perde wat reeds gedurende Januarie in die distrik Koffiefontein en Petrusburg bymekaar gemaak

161. M.G.-Stukke : Militêre goewerneur aan Direkteur van Voorrade, 4.1.1901.

162. Cd. 605/1901, 4; Cd.695/1901, pp. 4-7, Cd. 820/1901, pp. 26-44.

163. Cd. 605/1901, p.4.

164. C.S. 1482/01.

is nie.¹⁶⁵

Generaal sir Frederick Maurice, amptelike Britse geskiedskrywer van die Britse regering oor die oorlog, staan baie meer objektief teenoor die oorlog en verstrek syfers wat die Blouboek-verslae van Kitchener werklik verspot laat voorkom. Ongelukkig maak hy selde 'n onderskeid tussen beeste, skape en perde en verkies om net van „vee” te praat. Gedurende dieselfde tydperk van Maart tot Augustus 1901 verstrek hy die volgende getalle: 714,300 stuks vee, 1012 waens en karre, 1000 sakke meelblom en 184,400 lbs. graan. Hierdie vee was ook slegs uit tien distrikte afkomstig - almal in die noordelike O.R.K. geleë, nl. Bloemfontein, Boshof, Vredefort, Heilbron, Vrede, Frankfort, Kroonstad, Senekal, Winburg en Bethlehem. Genl. Maurice beweer selfs in sy oorsig dat Britse aanvoerders dikwels in twyfel was of hulle die vrugtelose agtervolging van die Boere nie moes laat vaar vir die meer „winsgewende” strooptogte en verwoesting nie.¹⁶⁶

Genl. Maurice se weergawe meld dikwels dat genl. Elliot 'n hele gebied van alle lopende en groeiende goed beroof het of „no corner had been left unsearched.”¹⁶⁷ Daarby stel hy Kitchener se onbetroubare verslae behoorlik aan die kaak, bv. waar die betrokke Blouboek-verslag meld dat genl. Elliot gedurende Julie en Augustus 1901 sowat 20,000 beeste, 2,600 perde en 748 voertuie tussen Glen en Bethlehem gebuit het, gee Maurice dit as ongeveer 60,000 stuks vee aan.¹⁶⁸ 'n Mens kom dus sterk onder die indruk dat die amptelike Britse bronne lord Kitchener se vandalistiese strooptogte opsetlik wou verbloem.

Ten spyte van al bogenoemde ooglopende sukses van sy nuwe krygstrategie wou lord Kitchener sy aanvoerders blyk-

165. M.G.-Stukke : Telegram van militêre owerheid aan militêre goewerneur, 3.2.1901.

166. Maurice, op. cit., IV, pp. 96-321.

167. Ibid., pp. 260-325.

168. Ibid., p. 321 ; Cd. 820/1901, p. 7.

baer weer sterk op die erns van die saak wys, want op 28 September 1901 het hy aan elkeen 'n telegram gestuur waarin hy hulle op die hart gedruk het dat elkeen in sy gebied vir die algehele uitwissing van „the enemy, as well as every living creature,” verantwoordelik gehou word.¹⁶⁹

Gedurende Oktober 1901 het hierdie vermaning daartoe gelei dat genl. Elliot in Harrismith 26,000 stuks vee versamel het. Tussen 19 en 30 November het hy voorts in Bethlehem, Lindley en Kroonstad 200 voertuie en 42,000 stuks vee gebuit, terwyl „heaps of destroyed farm stuff and implements marked his track across the veld.”¹⁷⁰ Teenoor hierdie getalle in genoemde distrikte verstrek die Blouboeke vir die hele tydperk November en Desember 1901 in sewe distrikte slegs die volgende: 20,470 beeste, 4886 perde en 403 waens en karre.¹⁷¹ Opmerklik is dit dat geen melding van skape gemaak word nie.

Ongelukkig verstrek genl. Maurice geen opgawes vir Desember 1901 tot Mei 1902 nie en behalwe vir November en Desember 1901 verstrek Britse Blouboeke nog net opgawes vir Februarie 1902, nl. 25,000 beeste, 2,000 waens en 2,000 perde tydens 'n strooptog langs die Wilgerivier tot by Harrismith.¹⁷² Indien die amptelike Britse Blouboeke se opgawes vir die tydperk ná Desember 1901 aanvaar word, is dit duidelik dat volgens hulle en genl. Maurice tussen Maart en Desember 1901 meer as driekwartmiljoen stuks vee van Boereplase verwyder is, behalwe natuurlik die vee wat gesteel en deur die troepe-eenhede verbruik is.

Gedurende die eerste maande van 1902 voor die vrede gesluit is, moes die vee-strooptogte onverpoosd voortgeduur het, want op 16 Januarie 1902 het die magistraat van

169. Maurice, op. cit., IV, p. 327.

170. Ibid., pp. 328, 334-335.

171. Cd. 823/1901, p. 8, Cd. 824/9101, p. 7, Cd. 890/1902, p. 8.

172. Cd. 970/1902, p. 8.

Harrismith nog soos volg gewaarsku: „The restocking of this country after the war is going to be a very serious matter. Cattle will have to be imported from other Colonies and these are sure to die from all kinds of diseases. At present a large number of valuable cows and heifers are being killed for consumption by the troops.”¹⁷³ Die magistraat wou weet of daar nie stappe gedoen kon word om die diere te behou nie.

Die vernietiging van die veestapel het egter voortgeduur en op 18 Februarie 1902 het Milner vir luitenant-gouverneur Goold-Adams van die O.R.K. in kennis gestel dat die Oorlogskantoor 'n bedrag van £93,505 eis, welke bedrag die verkoopsom van gekonfiskeerde en gebuite vee was wat volgens krygswetregulasies verkoop is.¹⁷⁴

'n Baie opvallende leemte, beide in Maurice se andersins taamlik volledige opgawe en die Britse Blouboeke, is die feitlik totale afwesigheid van gegewens oor vee-strooptogte in die suidelike, suidoostelike en selfs oostelike O.R.K. Die suidelike O.R.K. was tog die veestreek by uitnemendheid en daar moes die skaapverliese baie groot gewees het. Al verwysing daarna vind ons in Kitchener se Novemberverslag 1901 waarin hy meld dat die „stelselmatige skoonmaak” so deeglik deur troepe onder Bruce-Hamilton uitgevoer is dat die Britse troepe in daardie deel van die O.R.K. al onttrek kon word.¹⁷⁵ Teen Januarie 1902 is genl. Knox se troepe ook noordwaarts uit die gebied tussen die Caledon en Thaba Nchu verskuif.¹⁷⁶ Die hele O.R.K. moes nou baie „skoon” gewees het, want verslae oor buitgemaakte vee het ál minder geword en uiteindelik opgedroog.

Op 12 November 1902 het genl. Louis Botha aan Chamber-

173. C.S. 190/02 : Verslag, 16.1.1902.

174. C.S. 502/02.

175. Cd. 823/1901, p. 46.

176. Cd. 890/1902, p. 10.

lain geskryf dat die veeverliese die grootste was. Behalwe vee in besit van die militêre owerhede en die Repatriasieraad was daar ten tye van sy skrywe slegs 120,000 beeste, 700,000 skape en bokke en 27,000 perde in die O.R.K.¹⁷⁷

Generaal Botha het voorts verklaar dat dit interessant sou wees om vas te stel hoeveel van genoemde vee ná die vrede na die O.R.K. gebring is, „but even the figures as given would, to anyone who knew that country before war, convey some notion of the fearful loss during it, and be convincing as to the truth of the statement that large tracts - the greater portion of the country in fact - were completely denuded of every living animal on them.”¹⁷⁸ Ramsay MacDonald huldig dieselfde standpunt as genl. Botha en hy beweer dat die vernietiging van vee in die O.R.K. groter as in Transvaal was.¹⁷⁹

'n Mens vorm 'n enigszins denkbare beeld van die uitdunning van die veestapel indien die Sensusverslag van 1904 met genl. Botha se gegewens vergelyk word:- volgens die sensusverslag was daar in die O.R.K. in 1904, nadat baie vee alreeds weer ingevoer is, 363,204 beeste teenoor 895,099 in 1890; 76,251 perde teenoor 248,878 in 1890; 2,999,547 skape teenoor 6,619,992 in 1890; 734,169 bokke teenoor 858,155 in 1890 en 1323 volstruise teenoor 1461 in 1890.¹⁸⁰ Daar was dus 'n vermindering van 59%, 69% en 55% onderskeidelik ten opsigte van beeste, perde en skape. Al word die verliese as gevolg van die runderpes in 1896 in aanmerking geneem, was dit nogtans 'n geweldige knou vir die ekonomie van die Vrystaat.

Dr. A. Kieser beweer, sonder verstreking van sy

177. Cd. 1329/1902, p. 5.

178. Ibid., p. 8.

179. Macdonald, J.R., Wat ek in Suid-Afrika gesien het (Johannesburg, 1941), p. 94.

180. Sensusverslag vir die O.R.K. 1904, p. 52. Groot troppe vee is natuurlik ook gedurende die oorlog in Basoetoland en die Noordelike Kaapkolonie versteek.

The first part of the paper discusses the importance of maintaining accurate records of all transactions. It is essential for the business to have a clear and concise record of all income and expenses. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit. The second part of the paper discusses the importance of keeping the books up to date. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit. The third part of the paper discusses the importance of keeping the books up to date. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit. The fourth part of the paper discusses the importance of keeping the books up to date. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit. The fifth part of the paper discusses the importance of keeping the books up to date. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit. The sixth part of the paper discusses the importance of keeping the books up to date. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit. The seventh part of the paper discusses the importance of keeping the books up to date. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit. The eighth part of the paper discusses the importance of keeping the books up to date. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit. The ninth part of the paper discusses the importance of keeping the books up to date. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit. The tenth part of the paper discusses the importance of keeping the books up to date. This will help in the preparation of the tax return and in the event of an audit.

bronne, dat die getal skape in die O.R.K. teen 1900 ongeveer 8,043,837 was, m.a.w. selfs meer as in 1890. Eers teen 1907 was die getal skape in die O.R.K. weer naastenby soos in 1900, nl. 8,020,308.¹⁸¹ Alleen muile, donkies en varke het in 1904 'n vermeerdering op 1890 en 1880 getoon, maar as 'n landboustaat se rykdom en welvaart in varke, muile en donkies gemeet moet word, is dit inderdaad 'n betreurenswaardige toestand.

In 'n toespraak in Berlyn in 1902 het genl. de Wet duidelik die toestand in die O.R.K. geskets toe hy verklaar het: „Ons boere is meestal veetelers, en die vee is weg." Sy oortuiging was dat die landbouverliese skaars met £60 miljoen vergoed sou kon word.¹⁸² Ook genl. Smuts, wat goed op hoogte van sake was, het op 4 Januarie 1902 soos volg aan pres. Krüger geskryf: „Byna alle plaatsen en dorpen in beide republieken waren verwoest en afgebrand; byna alle graan en middelen van bestaan vernield, haast alle levende have gedood of liever wreddadig vermoord...."¹⁸³

Die laaste sinsnede getuig van emosionele opwelling en stem ooreen met die getuienis van genl. C.J.J. Badenhorst, wat omstreeks Junie 1901 soos volg oor sy distrik, Boshof, geskryf het: „Ach, hoe vreeselijk geleet na mijn anders zoo schoon district. Schapen liepen rond half verminkt, de bajonet in hun kop gestoken, nog maar half levend, de oogen uitgestoken..... Geheelen kralen gevuld met duizende doode schapen en bokken, vaak drie rijen op elkander waarvan de onderste laag soms nog levend begraven onder de anderen; tal van paarden zag men doodgeschoten, in één woord, de aasvogels vlogen als zwermen sprinkhanen over het district."¹⁸⁴

181. Die Volksblad, 17.9.1932.

182. Van Schoor, Malan en Oberholster, Christiaan Rudolph de Wet (Bloemfontein, 1954), p. 105.

183. Abraham Fischer-versameling 59/9/5.

184. Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika (Amsterdam, 1903), p. 422.

Ook omheininge van plase, o.a. genl. De Wet syne, is verwyder en so verniel dat Boere daarna gekla het dat dit onbruikbaar was. Bowendien het die Boere na die oorlog verneem dat die omheininge wat vir blokhuislyne gebruik is, regeringsbesit geword het.¹⁸⁵ Boormasjiene en leerlooierye is verwoes en daarby het gewetelose fortuinsoekers en natu- relle volgens Britse opgawe tot 30 Oktober 1901 skade ten bedrae van £92,866 op plase aangerig.¹⁸⁶ Graan en plaas- implemente het ook onder die veroweraar se verwoestingsbe- leid gely. Genl. Knox het selfs Basoeto's gebruik om oes- te in Ficksburg en Clocolan te oes en daarna te verbrand.¹⁸⁷

Ook die akkerbou het gelyk as gevolg van die vernietig- ing van trekdier, plaasimplemente en landboumateriaal, as- ook die feit dat lande vir 'n lang ruk braak gelê en selfs in woestenyë verander het. Die terugslag vir akkerbou as gevolg van die oorlog blyk duidelik uit 'n vergelyking van die sensussyfers vir 1890 en 1904, bv. waar in 1890 sowat 204,075 sak koring geoes is, kom die koringoes in 1904 op slegs 63,584 sak te staan.¹⁸⁸ Ook die gars- en rogproduk- sie daal terwyl mielies 'n verdubbeling op 1890 getoon het. Aangesien geen sensusopname in 1898 of 1899 gedoen is nie en selfs statistici dit moeilik sal vind om naastenby die vermeerdering tot 1899 te bereken - want die Vrystaat het as landbouland steeds van krag tot krag gegaan - kan slegs volstaan word met die bewering dat mielies ná die oorlog die stapelvoedsel van 'n verhongerde Boerebevolking geword het.

Voor die oorlog was die Vrystaatse dorpe toonbeelde van die ekonomiese groei en bloei. Hoewel die uitlandse

185. C.S. 205/03 : Antwoord van regeringsekretaris op navrae van J.F. Venter van Petrusburg.

186. C.S. 3583/01 : Militêre goewerneur van Pretoria aan luitenant-goewerneur van O.R.K., 3.10.1901; vgl. ook C.S. 245/01 en C.S. 197/01.

187. C.S. 4609/01.

188. Sensusverslag 1904, p. 55.

element hoofsaaklik daar woonagtig was, het baie boere tuishuise daar aangehou, m.a.w. 'n sekere kapitale belegging daar gehad. Tuishuise is gewoonlik uit die weeldgeldjies aangekoop en dit sou ook verwoes en verpletter word. Net soos die plase verwoes is, is op weinige uitsonderings na elke Vrystaatse dorp gedurende die oorlog op skaamtelose wyse geplunder en verwoes. Die volgende tipiese voorbeelde bevestig hierdie bewering:-

Bethlehem: Gedurende November en Desember 1901 het genl. Dartnell se troepe alle huise in die dorp gestroop, nadat die inwoners gelas is om die dorp te ontruim.¹⁸⁹ Selfs die brandkas van prokureur Van Raalte en die twee plaaslike banke is oopgebreek en persoonlike sowel as dokumente van plaaslike sake-ondernemings vernietig.¹⁹⁰ Na aanleiding van Van Raalte se klagte is kolonel Slaney van Harrismith gestuur om verslag van die verwoesting te doen. Hy het o.a. geskryf: „Practically every house in the town was broken into, furniture, pictures and looking glasses smashed, chests of drawers and boxes forced open, and the contents,¹⁹¹ when not taken away, thrown about in the greatest confusion."

Hierna het elke afdeling wat deur die dorpgetrek het en die naturelle weggedra wat hulle wou. Baie van die dakwerk van geboue en buitegeboue is vir blokhuisse gebruik. Hierdie getuienis van Slaney is later deur 'n voormalige balju van Bethlehem, A. Sugden, bevestig.¹⁹²

H. Middleton, Bethlehemse magistraat, het net na die vredesluiting die plundering aan private wonings en selfs die tronk gerapporteer. Op die plase was alles so verwoes

189. C.S. 680/02 : Verslag van Britse onderdane in Bethlehem aan Milner, 8.3.1902.

190. C.S. 746/02: H.W. Van Raalte aan regeringsekretaris, 10.3.1902. Ook 30,000 gombome en duisende ingevoerde vrugtebome op sy plaas is verwoes .

191. Ibid. : Verslag van K. Slaney, 21.4.1902.

192. C.S. 841/02. Ook die lokasie is verwoes.

dat net die mure van huise nog gestaan het.¹⁹³ Selfs gedurende die wapenstilstand wat die vredesluiting voorafgegaan het, is 32 plase in die distrik verwoes.¹⁹⁴

Gedurende Oktober 1902 het Ramsay Macdonald soos volg oor die toestand van die dorp geskryf: „Round the village so far as we could see, not a farmhouse was standing, and on the way thither we passed the site of what were prosperous stores, but only a heap of stones marked where they had been. All had been burned. About one-fifth of the village itself had been destroyed, the houses on the outlying streets having been pulled to pieces to provide fuel for the troops; but when remarking upon the deplorable destruction, we were told that Bethlehem had suffered least of the villages in that part of the Colony.”¹⁹⁵ Waarskynlik omdat Bethlehem as hospitaalsentrum gebruik is, was die omvang van die verwoesting nie groter nie.

Tussen Bethlehem en Lindley het Macdonald sy reis soos volg beskryf: „The sad dreariness of that sunny Sunday drive will haunt me to my dying day. Every mile or so we came upon the tall gum trees or cactus hedge of a farm, and in the midst, the gaunt, blackened gables stood like the ghosts of happy homes A Kaffir kraal now and again, a stray white man wandering about amongst the ruins or over the empty fields, only added to the sense of desolation.”¹⁹⁶

Bethulie: Ook hier was die verwoesting sodanig dat daar ná die oorlog slegs een bewoonbare huis was.¹⁹⁷

Boshof: Reeds in Augustus 1901 het die magistraat gekla dat Britse troepe die dorpswonings baie beskadig het

193. C.S. 1738/02 : Middleton aan regeringsekretaris, 8.6.1902.

194. C.S. 3039/02, C.S. 3162/03, C.S. 3365/02.

195. Macdonald, J.R., What I saw in South Africa, p. 49.

196. Ibid., p. 50. Die huis van 'n generaal, 'n aansienlike gebou van goed-bewerkte klip, was 'n groue ruïne.

197. C.S. 888/03 : Klagte van magistraat, 2.2.1903.

omdat hulle ingebreek het om vuurmaakhout in die hande te kry.¹⁹⁸ Op 24 Oktober 1901 was reeds 37 wonings totaal verwoes terwyl 85 beskadig is. In 'n volledige beskrywing van die skade meld die magistraat o.a. die volgende grade van beskadiging: „completely destroyed; completely demolished; walls pulled down; 10 doors removed; flooring removed; floor pulled up; house very much damaged inside; all woodwork removed; house pulled down.”¹⁹⁹

Teen Maart 1902 was die hele dorp ontruim en ontvolk. Tydens die afwesigheid van die inwoners het Britse troepe die wonings verder geplunder, terwyl al die vee in die distrik bymekaar gemaak en na Kimberley verwyder is.²⁰⁰

Tydens haar besoek aan Boshof op 15 Junie 1903 het Emily Hobhouse geskryf dat ongeveer een-derde van die dorpswoningen verwoes is en dat bome afgekap en heinings verwoes is.²⁰¹ Alleen aan heinings en openbare geboue is £575-15/- skade berokken.²⁰²

Ook die plaaswoningen in die distrik het goed deurge-loop. Na 'n rondreis het die magistraat op 9 Oktober 1902 geskryf dat hy grootskaalse verwoesting in die distrik aanskou het, „the houses on almost every farm being in a sad state of destruction.”²⁰³

Bothaville: Op 23 Oktober 1900 het genl. Hunter die dorpie geheel en al verwoes. Ter verskoning is aangevoer dat dit 'n depôt van die vyand was.²⁰⁴

Bultfontein: Toe die dorp gedurende Januarie 1901 deur Britse troepe ontruim is, is alles in die dorp verwoes.²⁰⁵

198. C.S. 3231/01 : Magistraatsverslag vir Augustus 1901.

199. C.S. 3878/01 : Magistraatsverslag, 24.10.1901.

200. C.S. 724/02 : Telegram van Magistraat, 12.3.1902; vgl. ook C.S. 686/02 en C.S. 985/02.

201. President Steyn-versameling 156/3/12 : Memoirs XI; Emily Hobhouse en lady Hobhouse, 15.6.1903.

202. Magistratuur Boshof : Brief van burgemeester, 19.2.1903.

203. Ibid. : Magistraatsverslag, 9.10.1902.

204. Doyle, A. Conan, The War, its Cause and Conduct, p. 92; Cd. 524/1901, pp. 6-8.

205. C.S. 395/02 : Verslag van C. . Hartley.

Fauresmith: Net na die vredesluiting het die magistraat gaan ondersoek instel en gevind dat die hofsaal en openbare geboue in 'n betreurenswaardige toestand was. Die deure en vensters was stukkend, die oorblywende meubels waardeloos en die brandkaste oopgebreek. Hoewel nie baie wonings beskadig is nie, was die meubels geplunder en vernietig „..... From the quantity of furniture I observed strewn about in streets it is safe to conclude that every house has been systematically looted, and wholesale destruction of furniture has been freely indulged in,"²⁰⁶ was die magistraat se bevinding.

Ficksburg: Tydens die „skoonmaak“-tydperk het die dorp kwaai deurgeloop onder die kolōnes van Rundle en Knox. Terwyl meulens en plase in die distrik deurgeloop het en vee, waens en karre gekonfiskeer is, is ongeveer 17 myl aan dorpsheininge verwoes. Die meeste dorpswonings met hul inhoud is verwoes.²⁰⁷ As strafmaatreëls is baie Protected Burghers se eindom verwoes. Na die oorlog moes 273 plase in die distrik herbou word.²⁰⁸

Fouriesburg: Met betrekking tot hierdie dorpie skryf Beak: „Not a single house was left entire.“²⁰⁹

Frankfort: Hierdie dorp was „completely smashed up, and there were only eight houses in the whole district with walls still standing,"²¹⁰ volgens die verslag van die Distrikskommissaris van Vrede ná die oorlog.

Heilbron: Gedurende Maart 1901 het die kolonne van maj. Weston en lt.-kol. Williams groot verwoesting aangerig sodat G.D. Gray, Kommissaris van Polisie, na die oorlog dit

206. C.S. 2063/02 : Magistraatsverslag, 29.6.1902.

207. C.S. 5587/02 : Boerepetisie, 8.12.1902; vgl. ook C.S. 3544/02 waarin die dorpsraad die verwoesting rapporteer asook Maurice, F., op. cit., IV, p. 54.

208. The Friend, 8.1. 1903.

209. Beak, op. cit., p. 17 ; vgl. The Friend, 3.11.1902 en Cd. 605/1901, p. 7.

210. C.S. 34/01 ; vgl. Beak, op. cit., p. 17.

as 'n „tenantless waste" beskryf het.²¹¹

Hoopstad: Volgens Emily Hobhouse is ruim een derde van die dorp gedurende die oorlog verwoes.²¹²

Jacobsdal: Na die oorlog het die magistraat gevind dat 22 dorpswonings - die beste in die dorp - afgebrand was.²¹³

Jagersfontein: Op 22 Desember 1900 het kol. Hallet die Engelssprekende sakelui in die dorp ontbied en hulle 48 uur grasia verleen om pad te gee. In opdrag van lord Kitchener moes die dorp ontruim en alle voorrade wat vir die Boere tot nut kon wees, vernietig word.²¹⁴ Die magistraat van Fauresmith het na ondersoek gedurende Junie 1902 bevind dat „een of twee" wonings afgebrand was, maar dat ál die huise „have been looted in a most thorough manner and furniture and household utensils litter the streets everywhere."²¹⁵

Ladybrand: Dié dorp is so deeglik verwoes dat selfs dr. Fourie, wat op diens saam met die Boere-Rooikruis was, se mediese instrumente ter waarde van £175 beskadig is.²¹⁶

Lindley: Gedurende Augustus 1901 is die dorp geheel en al verwoes. Alleen aan kerkeiendom is £4250 skade berokken.²¹⁷ Tydens die oorlog het Britse troepe en Boere die dorp agttien keer verower en herower. Na 'n besoek aan die dorpie gedurende Augustus 1903 het The Friend soos volg geskryf: „During this cruel war the district has been

211. C.S. 863/02 ; vgl. ook Cd. 605/1901, pp. 4-5.

212. President Steyn-versameling 156/3/12 : Diverse Stukke d.I : Memoirs XI : Emily Hobhouse aan Lady Hobhouse, 15.6.1903.

213. C.S. 2690/02 : Verslag, 23.7.1902 ; vgl. ook Stead, W.T., Methods of Barbarism, p. 63.

214. C.S. 392/03 : Petisie van sakelui.

215. C.S. 2063/02 : Verslag, 29.6.1902.

216. C.S. 3170/02 ; vgl. C.S. 2449/02 : Magistraatsverslag, 7.6.1902.

217. C.S. 2196/02 : ds. H.E. du Plessis aan regeringsekreteraris, 5.7.1902. Hy het verklaar dat weens die armoede die inwoners nie die kerk en pastorie kon herbou nie.

swept of every living thing; and every house, with the exception of two, completely destroyed; in most places even the walls were levelled to the ground. It was a sad, weird sight, to behold the roofless houses in this once prosperous village, the streets overgrown with grass, almost every tree cut down, carcasses lying about, and here and there a small tent pitched among the ruins."²¹⁸

Ook Emily Hobhouse het met diepe emosie gedurende Augustus 1903 soos volg aan haar tante vanaf die „ruins van Lindley" geskryf: „.... and at last drove into the silent broken village white in the moonlight. A strange medley it was of ruins and tents with a few new roofs, brand new, rising here and there from the refuse of the past.... The whole of Lindley is too sad and dejected outwardly and inwardly to write about Our trek from Lindley was a sad one; we drove away from the ruins early, trying to shake off the depression which hung upon the place."²¹⁹

Selfs die Nasionale Bank wat in 1899 teen 'n koste van nagenoeg £2658 opgerig is, is nes die bank in Vredefort, saam met die res van die dorp verbrand.²²⁰

Tydens sy besoek aan Lindley het Ramsay Macdonald in 1902 geskryf: „When I awoke next morning and looked out it was as though I had slept among some of the ancient ruins of the desert. Every house, without a single exception was burnt A few faithful peach blossoms from blasted and broken branches struggled to respond to the warm touch of spring, and managed to throw a shimmer of pink amidst some of the ruins...."²²¹

Parys: Na die oorlog kon die eerste magistraat geen

218. The Friend, 28.8.1903.

219. Pres. Steyn-versameling 156/3/12 : Diverse Stukke I, Outobiografie XVIII, p. 3.

220. C.S. 3199/01 : Verslag algemene bestuurder van Nasionale Bank, 6.9.1901.

221. Macdonald, J.R., What I saw in South Africa, p. 51.

woonplek vind nie. Behalwe die meeste wonings was die tronk en skool ook verwoes. Die magistraat moes boumateriaal aanvra om die regeringsgeboue te herstel²²² Hy het gemeld dat Vredefort in dieselfde toestand verkeer het.

Petrusburg: John Villett van die O.R.C. Volunteers het na die oorlog gevind dat al die wonings geplunder en huisraad verwyder is. Wol en bokhaar het in die strate gestrooi gelê.²²³

Philippolis: Gedurende Oktober 1900 het kolonels White en Barber se troepe die distrik en dorp geplunder, selfs dr. O. Krause se mediese instrumente en deel van sy apteek verwoes.²²⁴ Net na die oorlog het die assistent-magistraat na ondersoek gevind dat daar net een bewoonbare huis was. In die hele dorp was daar net een klein tafeltjie en dis deur die magistraat as skryftafel gebruik.²²⁵ Volgens die magistraat is elke plaaswoning óf verbrand, óf aansienlik beskadig tydens die oorlog.²²⁶

Senekal: In die nabyheid van die dorp is perde by die honderde doodgeskiet, terwyl skape in hope doodgelê het. Waar plaaswonings nie afgebrand is nie, is hulle totaal onbewoonbaar gemaak.²²⁷

Na die oorlog het die magistraat soos volg oor die toestand van die dorp gerapporteer: „There is no furniture anywhere. The streets are overgrown with grass. The whole place presents a sufficiently desolate appearance.”²²⁸ Vloere van die huise was opgebreek en deure verwyder. Nêrens was daar meubels te vinde nie. Selfs die kerkhorlosie en die raamwerk van die kerkorrel is verwyder. Ook die Engelse kerk en die openbare geboue is verwoes.²²⁹

222. C.S. 2086/02 en C.S. 2743/02.

223. C.S. 3430/02 : Verslag vir Junie 1902.

224. C.S. 2178/02.

225. C.S. 2229/02 : Verslag, 5.7.1902.

226. C.S. 2711/04 : Verslag, 19.4.1904.

227. Kestell, op. cit., p. 186.

228. C.S. 2569/02 : Verslag, 17.7.1902.

229. Ibid.

Smithfield: Die hofsaal is geplunder, stoele, rakke en tafels verwyder, terwyl die horlosie en brandkas stukkend was, het die magistraat na die oorlog bevind. Die water van die spruit kon nie as drinkwater gebruik word nie weens die dooie diere wat daarin gegooi is. Die Repatriasieraad het dit noodsaaklik geag dat die dooie diere ook uit die strate verwyder word, want die distriksgeneesheer het verklaar dat die stank die dorp onbewoonbaar gemaak het.²³⁰

Die magistraat was baie swartgallig na hy die verwoesting in die dorp en distrik volledig ondersoek het. In 'n vorderingsverslag tot 31 Augustus 1902 het hy verklaar dat die meeste plase geheel en al verwoes is en dat dit vyf jaar sou duur voor die distrik tot normale omstandighede herstel sou wees. Ook in die dorp was al die wonings verwoes, meubels vernietig, terwyl perde-karkasse uit die strate verwyder moes word. Die magistraatskantoor was in chaos en nes in Jagersfontein is 'n waardevolle biblioteek verwoes.²³¹

Ook in Reddersburg en Dewetsdorp het dooie diere in die strate gelê.²³²

Ventersburg: Gedurende die laaste week van Oktober 1900 het genl. Bruce Hamilton hierdie dorpie geheel en al verbrand.²³³

Vrede: Soldaat Victor Swift het reeds tydens die oorlog geskryf dat die Britse troepe Vrede in 'n erbarmlike toestand gelaat het. Hulle het duisende skape om die lewe gebring en toe in opdrag van hul offisier die dooie skape in die huise opgestapel sodat die pes die Noeremagte

230. C.S. 2541/02 : Magistraatsverslag, 19.7.1902; vgl. ook C.S. 2408/02 : Magistraatsverslag, 9.7.1902.

231. C.S. 3637/02 : Magistraatsverslag, 31.8.1902 ; vgl. C.S. 3892/02.

232. C.S. 4384/02 : Verslag van maj. L.M. Morris van die S.A.C.

233. Maurice, op. cit., III, p. 483 ; Cd. 524/1901, pp. 8-9.

sou verhoed om die huise te gebruik.²³⁴ 'n Paar dae later het genl. de Wet dié besondere kolonne gevang en hulle gedwing om die karkasse uit die huise te verwyder. Toe magistraat P. Waugh van Standerton na die vrede kom ondersoek instel, het hy die volgende gevind: die magistraatskantoor was erg beskadig, die pos en telegraafkantoor afgebrand, vloere opgebreek en al die skoolbanke was weg; meubels het totaal ontbreek en duisende karkasse van skape het in die strate en erwe rondgelê.²³⁵

Na die oorlog moes ook die boere in buitegeboue en stalle woon, want op een na is al die plaaswonings afgebrand.²³⁶

Vredefort: Gedurende April 1901 is hierdie dorpie ook verbrand. Selfs die kerk is verwoes. Die inwoners is ont-ruim sodat daar op 22 Junie 1902 slegs twee inwoners is die hele dorp was.²³⁷ Toe die eerste magistraat na die oorlog daar aanland, het hy gevind dat ook in die nabygeleë dorpie Parys alle handelsake verwoes is. Moedeloos het hy toe geskryf: „It seems to me that the term in which normal business can be resumed, will be measured by years and not months.”²³⁸ Agt dae later het die magistraat sy droewige stillewenskets voltooi met die berig dat daar geen slot, deur of venster in Vredefort was nie.²³⁹

Die verwoesting van die dorpie moes baie sorgvuldig geskied het, te oordele aan verslae van die magistraat onmiddellik na die oorlog. Nege en dertig huise was sonder deure, veertig was so verbrand dat nog net die mure staande gebly het. Die meeste van die huise sou herbou moes word, terwyl die strate en pleine welig met gras oorgroei was. In Parys

234. Hobhouse, E., Die Smarte van die Oorlog en wie dit gely het, p. 131 ; vgl. Beak, op. cit., p. 90.

235. C.S. 2524/02 : Verslag, 6.7.1902.

236. C.S. 5365/04 : Verslag van magistraat van Vrede, 15.7.1904.

237. C.S. 1937/02 : Magistraatsverslag, 22.6.1902 ; vgl. ook C.S. 3408/02 : Helen Cheyne aan Chamberlain, 1.7.1902.

238. C.S. 1943/02.

239. C.S. 1992/02 : Magistraatsverslag, 30.6.1902.

het soorgelyke toestand geheers.²⁴⁰

Met sy aankoms in Vredefort het die Distrikskommissaris op 21 Junie 1902 die volgende telegram aan die regeringsekretaris gestuur: „On arrival I find the town a complete ruin Practically the place is a desert Your board and staff (d.i. die plaaslike Repatriasieraad) are living in the veldt.”²⁴¹ Nadat die troepe die dorpie verwoes het, moes die distrik dit ook ontgeld. Behalwe vier was al die plaaswonings verwoes, volgens 'n magistraatsverslag na die oorlog.²⁴²

Wepener: Volgens 'n magistraatsondersoek gedurende Junie 1902 blyk dit duidelik dat die regerings- en skoolgeboue sowel as private wonings sonder deure en vensters was en ook andersinds baie beskadig, terwyl die meeste plase en plaaswonings ook ernstig beskadig is.²⁴³

Zastron: Aan die hofsaal, skool en poskantoor alleen was daar na die oorlog 95 stukkende vensters, terwyl die deure, nes in die geval van private wonings, verwyder en afgewring was.²⁴⁴

Nagenoeg 25 Vrystaatse dorpe is dus ernstig verwoes en geplunder. Veral na die wegvoering van kinders en vrouens na die konsentrasiekampe het die eens vreedsame, netjiese en gelukkige dorpies dit behoorlik ontgeld. Slegs die groter sentra, soos Bloemfontein en Kroonstad, wat as leërkwartiere gebruik is, het die vernielsug gespaar gebly. Die res was woes en wild toe hulle bewoners na die vrede terugkeer. Uit die aangehaalde voorbeelde - oral gestaaf deur die getuienis van Britse magistratre ná die oorlog - staan die Britse

240. C.S. 2086/02 : Magistraatsverslag, 23.6.1902.

241. C.S. 1864/02.

242. C.S. 1148/04 : Magistraatsverslag, 16.2.1904 ; vgl. ook C.S. 2743/02 waarin die verwoesting van die tronke, skole en poskantore in Vredefort en Parys beskryf word.

243. C.S. 2200/02.

244. C.S. 3511/02 : Magistraatsverslag, 27.8.1902.

militêre owerheid dus uit eie mond veroordeel.

Op 12 November 1902 het genl. Louis Botha in 'n brief aan Chamberlain gemeld dat die volgende dorpe geheel en al verwoes is: Vredefort, Villiers, Parys, Lindley, Bothaville, Ventersburg en Reitz, met Vrede as gedeeltelik verwoes.²⁴⁵ Beak, wat saam met die Agste Divisie op diens was, verklaar dat Bothaville, Ventersburg, Trompsburg, Lindley en Fouriesburg geheel en al verwoes is, terwyl Vrede, Reitz, Senekal en Dewetsdorp weinig sagter behandel is.²⁴⁶

Joseph Chamberlain het op 6 November 1902, na aanleiding van die oproep van die Boeregeneraals aan die beskaafde wêreld waarin op die verwoesting en nood in hulle land gewys is, verklaar dat die volgende dorpe in die O.R.K. „feitlik onaangeraak" was: Bloemfontein, Kroonstad, Winburg, Heilbron, Harrismith, Ficksburg, Bethlehem, Ladybrand, Thaba Nchu, Bethulie, Fauresmith, Jagersfontein, Koffiefontein en Boshof.²⁴⁷ Soos blyk uit die vroeëre aangehaalde voorbeelde van tipiese dorpsverwoesting, was hierdie inligting beslis onjuis. Agt van die 14 dorpe deur Chamberlain aangehaal, is óf kwaai verwoes, óf ernstig beskadig. 'n Mens kom dus tot die slotsom dat beide genl. Botha en Chamberlain t.o.v. die O.R.K. nie op hoogte van sake was nie. Genl. Botha self het nie 'n volledige beeld van die verwoesting gehad nie, terwyl Chamberlain dit opsetlik wou verbloem.

Hierdie bewering word bevestig deur Ramsay Macdonald, wat met verwysing na Chamberlain se lys van „feitlik onaangeraakte" dorpe soos volg skryf: „This is absurd. I was in ten of those places, and whilst those which had been made the headquarters of the army, like Bloemfontein, were not so badly damaged to the eye, even there, furniture was destroyed, books burnt, and movables of any value taken

245. Cd. 1329/1902, p. 8.

246. Beak, op. cit., p. 17.

247. Cd. 1329/1902, pp. 2-5.

away. He might have said that some of them were comparatively untouched - comparatively, that is, with places like Ermelo and Lindley, which were totally destroyed."²⁴⁸

Chamberlain moes ook lelik op sy neus gekyk het toe die Kamer van Koophandel in die O.R.K., waarvan die lede uitsluitlik Engelssprekend was, tydens sy besoek aan die O.R.K. gedurende Februarie 1903 in 'n versoekskrif die volgende 26 dorpe as verwoes aangegee het: Vrede, Frankfort, Villiers, Heilbron, Parys, Rouxville, Smithfield, Fauresmith, Ventersburg, Vredefort, Bothaville, Hoopstad, Lindley, Reitz, Zastron, Reddersburg, Philippolis, Bethlehem, Senekal, Ficksburg, Fouriesburg, Wepener, Jagersfontein, Petrusburg, Luckhoff en Jacobsdal.²⁴⁹

Nie alleen is die materiële welvaart van die O.R.K. deur middel van plaas- en dorpsverwoesting tydens die oorlog die nekslag toegedien nie, maar die grootskaalse skool- en kerkverwoesting het ook sy geestelike en opvoedkundige altaar aangetas. Alle kerkgenootskappe het kwaai gely. In sommige gevalle is selfs die doopregisters verwoes. Op 18 September 1902 het ds. L.J.J. Marquard soos volg aan die regeringsekretaris geskryf: „The destruction of Church property has been far greater than I had at first supposed. The losses sustained are in many instances almost irreparable. In more than one congregation the silver plate has been removed, baptismal and other registers have been destroyed."²⁵⁰ Ds. Marquard het getuig dat gemeentelede self so verarm is dat hulle nie die kerk sou kon herstel nie.

Die omvang van kerkverwoesting blyk duidelik uit die eise om skadevergoeding ná die oorlog. Voordat die eise van Heilbron, Senekal, Jagersfontein, Fauresmith en Bloemfontein

248. Macdonald, J.R., What I saw in South Africa, p. 49.

249. The Friend, 7.2.1903.

250. C.S. 3847/02 ; vgl. ook Oberholster, J.J. e.a., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat (Bloemfontein, 1964) pp. 104-105.

tein ingehandig is, het 32 N.G. kerke, 11 gemeentes van die Church of England, 9 Wesleyaanse kerke, 6 Gereformeerde gemeentes, 2 Metodiste, 4 Rooms-Katolieke en 1 gemeente van die Baptiste Kerk altesaam £48,274 skadevergoeding geëis. Milner het self erken dat die totale eis van die kerke £50,000 sou oorskry.²⁵¹ Uit bogenoemde eis kan in elk geval afgelei word dat tenminste 65 kerke in die O.R.K. in 'n mindere of meerdere mate tydens die oorlog beskadig of verwoes is.

Die kerke sou geen skadevergoeding ontvang nie en ook nie in die £3 miljoen repatriasiehulp volgens die vredes-terme deel nie, maar die O.R.K.-regering het in 1903 darem £15,000 opsy gesit om verwoeste kerkeiendom weer bewoonbaar te maak. Van hierdie bedrag het die N.G. Kerke wat £39,090 geëis het, slegs £6982 ontvang - 'n luttele bedrag as in aanmerking geneem word dat alleen Frankfort se kerk, wat voor die oorlog teen 'n koste van £8,000 opgerig is, geheel en al verwoes is.²⁵²

Hoeveel plaaswonings werklik tydens die oorlog verwoes is, kon nie presies vasgestel word nie. Volgens amptelike Britse bronne het die getal tot Januarie 1901 slegs 634 be-loop, en die verwoesting sou sedertdien gestaak gewees het.²⁵³ Op 22 November 1901 het die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek hierdie getal in 'n brief aan lord Salisbury verwerp toe hulle oor Kitchener se krygsbeleid gekla het. In dié skrywe is verklaar dat nie een van die huise, waaruit Boere-gesinne met geweld verwyder is, staande gebly het nie en dat, behalwe die verwoeste dorpe, die getal verwoeste wonings in albei republieke ten minste

251. C.S. 2229/03 : Milner aan regeringsekretaris 7.5.1903; vgl. ook C.S. 1661/03, C.S. 1920/03, C.S. 3520/03, waarin verskeie kerkgenootskappe oor die verwoesting van kerkeiendom kla.

252. C.S. 3562/03 : Regeringsekretaris aan alle kerkgenootskappe, 30.5.1903 ; vgl. ook C.S. 3562/03A.

253. Cd. 524/1901, p. 2.

30,000 beloop.²⁵⁴ Hierdie getal is deur die Boeregeneraals in hulle oproep aan die „beskaafde wêreld" herhaal.²⁵⁵

Na aanleiding hiervan het Chamberlain die Goewerneur in Johannesburg om meer inligting gevra omdat hy blykbaar die bewering van die Boeregeneraals wou weerlê. Die beskuldiging insake die 30,000 verwoeste wonings was ook vir kommentaar in dié opdrag ingesluit. Op 27 Oktober 1902 is ten antwoord berig: „A very large number of houses in both Colonies have no doubt been destroyed or seriously damaged. Total of both classes may amount to as much as 30,000."²⁵⁶ Hoeveel hiervan in die Vrystaat was, is nie vermeld nie.

Net een aspek van die verwoesting bly nog oor en dit is reeds in 'n omvattende verhandeling breedvoerig deur dr. Otto behandel. Hier word dus net met enkele verwysings daarna volstaan.

Die verwoesting en dreigemente van beide Roberts en Kitchener kon nie daarin slaag om die kern van die Afrikanervolk te verlei of te intimideer nie en daarom is, soos reeds aangetoon, die nie-vegtende burgerlike bevolking binne die krygsoperasies betrek. Volgens die voorskrifte van die Den Haagse Konvensie was die Britse owerheid, ná hul besetting van die gewese Republiek, daarop aangewys om as plaasvervangers van die wettige gesag die inwoners te beskerm. Hierin het hulle in gebreke gebly en te midde van die verwarring en verwoesting is selfs druk op nie-vegtendes uitgeoefen om Boerekommando's te verraai.

Aanvanklik is hulpelose vroue en kinders by die puin van hul verwoeste wonings gelaat om self die mas op te kom. Namate die verwoestingsveldtog gevorder het, het die getal hulpeloses steeds aangegroei. Mettertyd het hulle by ver-

254. Cd. 902/1902, p. 120.

255. Cd. 1329/1902, p. 10.

256. T.A., Luitenant-Goewerneur 3.

wante in die dorpe onderdak gevind.²⁵⁷ Roberts se poging om die vroue en kinders op die kommando's af te laai, is op taktvolle wyse, soos reeds gesien, deur genl. Botha gefnuik.

In navolging van „Refugee-“kampe vir lojaliste is die konsentrasiekampe hierna in die lewe geroep. Dit was 'n direkte uitvloeisel van Kitchener se verwoestingsbeleid. Hy het self erken: „This course has been pointed out by surrendered Burghers, who are anxious to finish the war, as the most effective method of limiting the endurance of the Guerillas.“²⁵⁸ Die vredeskomitees het Kitchener dus ook so beïnvloed. Dikwels is deur Bittereinders teenoor skrywer na genl. Piet de Wet as die voorsteller van hierdie beleid verwys.²⁵⁹ Hy het goed geweet hoe geheg die Boer aan sy plaas en huisgesin was.

Die Britse leërleiding het dus met die konsentrasiekampe alleen 'n spoedige en suksesvolle einde aan die kryg beoog. Die kampe het dan ook 'n nuwe stelsel van verskrikking ingelui waarop die relatief-eerbare benaming van oorlog moeilik toegepas kon word. Lord Milner, wat as siviele administrateur goed op hoogte van sake moes gewees het, erken openlik dat die konsentrasiekampe begin is met die uitsluitlik militêre oorweging om die einde van die oorlog te verhaas.²⁶⁰ Ook Beak erken: „The clearance and devastation of the Colony, of which some account has already been given, embraced the removal of the inhabitants from their homes. Devastation was accompanied by deportation and deportation

257. Otto, op. cit., p. 36 ; vgl. ook Cd. 582/1901, nos. 9 en 10 : briewe van genls. Botha en de Wet ; Hobhouse, E., The Brunt of the War and where it fell, pp. 53-57.

258. Amery, op. cit., IV, p. 86.

259. Beide adj. J.N. Brink, D.T.D., van Clocolan en mnr. A.P. Hattingh van die historiese plaas Groenvlei in Lindley het afsonderlik hierdie feit teenoor skrywer beklemtoon.

260. The Morning Leader, 7.10.1901 : Milner aan Uitlander-komitee in Kaapstad.

was followed by detention."²⁶¹ So is die konsentrasiekampe, in navolging van die „Refugee-“kampe vir Hensoppers, opgerig.

Onder groot lyding en vernedering van die kant van die Hensoppers, gewapende naturelle en Britse troepe is die vroue in oop trokke na die kampe vervoer. Die lyding en sterfte in die kampe is oorbekend en word volledig deur dr. Otto geskets. Die konsentrasiekampe het die groeikrag van die Afrikanervolk geknak en tewens die Boere-ekonomie 'n verdere knou toegedien, want gedurende die laaste vyftien maande van die oorlog het die reeds vernielde landbou-ekonomie totaal tot stilstand gekom.

Tot Augustus 1901 het die Britse krygsbeleid hom hoofsaaklik op die verwoesting van eiendom en die konsentrasie van nie-vegtendes toegespits. Kitchener moes geglo het dat die leed van vrou en kind die Boere-teenstand meteens in duie sou laat stort. Toe dit nie onmiddellik gebeur nie, het hy 'n interdik op die bankbalanse van alle burgers wie se vroue in die konsentrasiekampe verkeer het, geplaas en dié interdik het tot 16 Junie 1902 van krag gebly.²⁶² Op 7 Augustus 1901 het hy ook in 'n verdere proklamasie die Bittereinders wat nie voor 15 September 1901 oorgee, met verbanning gedreig. Ook die onderhoudskoste van gesinne in konsentrasiekampe van burgers wat nie voor gemelde datum oorgee nie, sou van sodanige burgers verhaal word en sou 'n eis teen hulle roerende en vaste eiendom in die twee kolonies wees.²⁶³

Teneinde die Boereteenstand ook meteens te vermurwe, is die eiendom van vooraanstaande Afrikaners eerste aangesig om so, deur middel van die verleentheid van hul leiers, die ganse Boerenasie op sy knieë te bring.

261. Beak, op. cit., p. 22.

262. C.S. 1724/02.

263. Cd. 732/1901, p. 6.

Op 23 September 1901 het lord Milner Kitchener se dreigement van 7 Augustus - wat nie die verlangde uitwerking gehad het nie - opgevolg met 'n verdere proklamasie waarvolgens alle Bittereinders se besittings ná 15 September 1901 verkoop kon word om die onderhoudskoste van hul gesinne in die konsentrasiekamp te betaal.

Die eerste vyftien plase wat ingevolge hierdie proklamasie verkoop sou word, is op 7 Februarie 1902 geadverteer. Hieronder was o.a. die plase van asst.-hoof-kommandant A.M. Prinsloo van Bethlehem, kommandant G.J. Haasbroek van Bloemfontein en kommandant A.J. Lotter van Heilbron. Ook genl. Hertzog se vader se plaas in Fauresmith was daaronder.²⁶⁵ Een plaas in Bethlehem, ses in Bloemfontein, drie in Heilbron en een elk in Ladybrand, Fauresmith, Bethulie, Kroonstad en Boshof sou verkoop word. Later is agt van hierdie plase van die lys geskrap, omdat die koste van daardie eienaars se gesinne in die kampe deur agente betaal is.²⁶⁶

Gedurende Mei 1902 is 'n verdere 38 plase geadverteer om op 12 Junie 1902 verkoop te word.²⁶⁷ Na die vredesluiting is hierdie verkoping gekanselleer, maar daar is bepaal dat die terugkerende eienaars die kampkoste sou moes vergoed.²⁶⁸

Ten spyte van 'n openbare verklaring van luitenant-gouverneur Goold-Adams van die O.R.K., dat die proklamasie insake die verkoop van grond vir onderhoudskoste van Boeregesinne in kampe nooit toegepas is nie,²⁶⁹ kon in die loop van hierdie navorsing tog die teendeel bewys word. Op 31 Mei 1902 is die volgende plase of gedeeltes daarvan verkoop: Witbanksfontein van asst.-hoofkommandant A.M. Prinsloo vir £1200; dele van Driefontein en Klein Rietkuil van kmtd. J.D. Grobler vir £500; Vlakkuil van kmtd. A.J. Lotter vir

264. Goewermentskoerant, 3.1.1902.

265. C.S. 491/02 en C.S. 1875/02.

266. Goewermentskoerant, 7.3.1902 ; C.S. 1875/02.

267. Goewermentskoerant, 9.5.1902.

268. C.S. 1724/02 : Proklamasie, 1.6.1902.

269. The Friend, 20.2.1905 : Toespraak te Winburg.

£550; helfte van die Hertzog-familieplaas vir £1200; die plaas Middelpunt van J.L. Viljoen in Bethulie vir £1300; Alsemfontein van P.A. Venter vir £3100; en Doorlands Poort van W.S. Smit in Fauresmith vir £2125. J.G. Fraser het hierdie plase vir die regering aangekoop en die regeringsekreteraris was ingenome dat veral die plase van asst.-hoofkmdt. Prinsloo en kmdte. Grobler en Lotter beslis hulle koopprys werd was.²⁷⁰

Sowat 14,482 morg Boere-eiendom - uitsoek-plase - is dus teen die belaglik lae bedrag van £9975 verkoop, d.w.s. skaars 14/- per morg. Dit is miskien 'n nog groter klad as die verwoesting van eiendom op die Britse krygsbeleid in Suid-Afrika, want die verwoestingsbeleid het uitgeloop op die konsentrasiekampe en toe moes Boere se grond verkoop word om die onkoste van krygsmaatreëls, wat die vernietiging van die Boere-ekonomie bewerk het, te delg. Aanvanklik was dit die voorneme van die Britse regering om hierdie plase aan inkomende Britse nedersetters te gee, maar teen September 1902 was dit nog nie gedoen nie.²⁷¹ Die onwettige verkoping van hierdie plase het 'n ernstige nasleep vir die Britse regering gehad en het veral daartoe bygedra om die gevoel teen Engeland op te sweep.

Tydens hulle onderhoud met Chamberlain wou genl. Botha van hom weet of die oorspronklike eienaars miskien hulle plase terug kon kry, waarop Chamberlain ontwykend geantwoord het dat die plase teen goeie pryse verkoop is en hy wis nie of die vorige eienaars die plase of die geld wou hê nie. Genl. de Wet het dadelik bevestig dat die plase teen belaglik lae pryse verkoop is. In een geval was dit nie die helfte van die plaas se waarde nie. Lord Milner het aan die betrokke Boer gesê hy kon die geld, maar nie

270. C.S. 775/02.

271. Cd. 1284/1902, p. 18 : Chamberlain-verklaring tydens onderhoud met Boere-generaals, 5.9.1902.

die plaas kry nie. Chamberlain het 'n ander ontvlugkans probeer soek deur te verklaar dat sommige van die plase aan private persone verkoop is, maar hy sou lord Milner nader om die plase wat deur die regering gekoop is, aan die eienaars terug te gee.²⁷² Op hierdie wyse is genl. Prinsloo se plaas deur luitenant-goewerneur Goold-Adams aan hom terugbesorg.²⁷³

W.S. Smit se plaas Doorlands Poort is vir £2125 verkoop, terwyl die onderhoudskoste van sy gesin in die konsentrasiekamp slegs £173 was.²⁷⁴ J.L. Viljoen is na die oorlog in kennis gestel dat die kampkoste van sy gesin ongeveer £61 bedra het. Nadat skuldbriewe van nagenoeg £629 van die verkoopsom (£1300) van sy plaas afgetrek is, kon hy vir die oorblywende £596 by die Tesourie aansoek doen.²⁷⁵ P.A.Venter se plaas Alsemfontein (3039 morg) is teen £3100 verkoop - volgens hom net die helfte van die waarde daarvan. Ook was hy los goedere ter waarde van £3510 op die plaas kwyd. Sy gesin se kampkoste was slegs £200. Toe hy sy plaas, een van die beste in die suidelike O.R.K., terugvra, is hy eers teen 1904 meegedeel dat die regering baie jammer was, maar dat die plaas aan 'n private persoon verkoop is.²⁷⁶

As versoeningsgebaar is Venter £2637 aangebied. Hy was bereid om dit „onder protes“ te aanvaar, waarop uitbetaling geweier is. Hy was oortuig dat sy verlies ongeveer £6000 bedra het. In 1904 het hy uiteindelik £2900 „onder protes“ aanvaar, maar sy plaas het hy nooit weer teruggekry nie.²⁷⁷

Daar kon geen bewyse in die regeringskorrespondensie

272. Ibid.

273. C.S. 2618/02.

274. C.S. 2670/02 : W.S. Smit aan regeringsekretaris, 24.7.1902.

275. C.S. 3976/02.

276. C.S. 5198/04 ; vgl. ook C.S. 860/03.

277. Ibid.

opgespoor word of enige van die ander plase, behalwe genl. Prinsloo syne, aan die vorige eienaars terugbesorg is nie. 'n Mens geraak dus tot die slotsom dat teen Maart 1902 die Britse krygsbeleid geheel en al ontaard het in 'n verdelingsbeleid waarin besit en vryheid skromelik verontagsaam is. Terwyl Boere-plase vir die onderhoud van hul gesinne in die kampe verkoop is, was daardie „onderhoud" so goed dat die sterftesyfer veral in die Brandfort-, Heilbron- en Vredefortkampe baie hoog was.²⁷⁸

Die gesinne van Bittereinders is teen hulle sin as krygsgevangenes na die kampe vervoer en daarom moes die Britse owerheid na regte die onkoste van die kamplewe gedra het. Wat die „refugees" of lojaliste-gesinne betref - mense wat self om verwydering gevra het - is dit gans 'n ander storie. Hulle moes na regte betaal het. Hierdie oordeelsfout van die Britse owerheid het nog verder die groeiende haat teen Engeland versterk en vir geslagte laat voortleef.

'n Grootmoedige daad om weerlose vroue en kinders te beskerm, soos Chamberlain in die Britse Laerhuis beweer het, was die konsentrasiekampe dus nie, maar slegs 'n uitvloei-sel van die Britse militêre ideaal om die oorlog spoedig te beëindig.²⁷⁹

Op die lang duur het die konsentrasiekampe en die verwoestingsbeleid dus aan hul doel beantwoord. Die burgers, veral die Vrystaters onder De Wet, het nog kars gesien om met die stryd voort te gaan, hoewel die afvalliges reeds so groot in getal was dat teen die einde van die oorlog sowat 7000 Transvalers en Vrystaters teen die Republiek geveg het.²⁸⁰ Van die 29,569 burgers waarmee die Vrystaters

278. Vgl. Hobhouse, E., The Brunt of the War and where it fell, pp. 328-329 ; ook Otto, op. cit., pp. 130-144.

279. Otto, op. cit., p. 169.

280. The Friend, 6.2.1903 : herdruk uit „Ons Land."

die oorlog begin het, was daar ten tye van die vredesluiting by benadering slegs 5833 in die veld, nadat 12,358 krygsgewange was 8318 gehensop het en ongeveer 2610 gesneuwel het.²⁸¹

Die Boere is met totale ondergang as nasie bedreig indien hulle met die stryd sou voortgaan: onskuldige Boerevroue en -kinders - die wasdom van die Boerevolk - was besig om in die konsentrasiekampe uit te sterf en deur die knou wat die jeug gekry het, sou 'n reeds te groot land nog yler bevolk kon word en bowendien sou die oorblywendes van honger op die verlate en verwoeste plase en dorpe omkom. Tereg skryf Beak: „By the beginning of 1902, however, the devastation of the Orange River Colony, as far as human food was concerned, was comparatively complete.”²⁸² Ook die Monthly Review van April 1903 erken: „When the Boers surrendered, they surrendered because winter was come. It was not the cold they were afraid of, but starvation.”²⁸³

Die verwoesting en konsentrasiekampe sou dan ook grootliks deurslag tot die oorgawe gee. As redes waarom hulle die wapens neerlê; noem die Boere dan ook nie die Britse wapen-oorwig of -oorwinnings nie, maar

„1. Dat de kriegspolitiek, door de Britsche militaire autoriteiten gevolgd, geleid heeft tot de algeheele verwoesting van het grondgebied der beiden Republieken, met afbranding van plaatsen en dorpen, vernieling van alle midelen van bestaan en uitputting van alle hulpbronnen noodig voor het onderhoud onzer families, het bestaan onzer legermachten en het voortzetten van den oorlog.

„2. Dat het plaatsen onzer gevangen families in de Concentratiekampen geleid heeft tot een ongehoorden toestand van lijden en ziekten, zoodat in betrekkelijk korten

281. Cd. 1792/1903, p. 445.

282. Beak, op. cit., p. 18.

283. Monthly Review, April 1903.

tijd ongeveer 20,000 onzer dierbaren aldaar gestorven zijn en het afgrijselijk vooruitzicht ontstaan is, dat bij voortzetting van den oorlog ons gansche geslacht op die wijze zal kunnen uitsterven."²⁸⁴

Beak probeer die oorlogswandade verdoesel wanneer hy skryf: „Possibly no contest was ever fought with more humanity than the late South African War“²⁸⁵ Tog was dit in Engeland, sowel as in ander lande, 'n oorwoë mening dat die oorlog nie volgens die voorskrifte van beskaafde oorlog-voering gevoer is nie. Lid Sulzer het bv. op 31 Maart 1902 in die Huis van Verteenwoordigers in die V.S.A. voorgestel dat die Britse regering verwittig moes word dat die oorlog volgens die voorskrifte van die Geneefse en Haagse Konvensies voortgesit moes word.²⁸⁶

Dat die twee gewese Republieke deur die Britse krygstaktiek in 'n verlate wildernis omskep is, is uit vele oorde voldonge bewys. Slegs enkele aanhalings staaf dié bewering.....

Reeds in sy verslag van 6 Desember 1901 het Milner teenoor Chamberlain besorgdheid oor die na-oorlogse bevolking uitgespreek: „Even if the war were to come to an end tomorrow, it would not be possible to let the people in the concentration camps go back at once to their former homes. They would only starve there. The country is, for the most part, a desert.....“²⁸⁷ Met sy aankoms in die O.R.K. in Februarie 1903 moes Chamberlain self erken: „I have seen, of course, something of the ravages of the war that is over, and no doubt the destruction of property has been far greater

284. Kestell en Van Velden, De Vredesonderhandelinge tussen de Regeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de Verteenwoordigers der Britsche Regeering (Pretoria en Amsterdam, 1909), p. 209

285. Beak, op. cit., p. 1.

286. Leyds Argief : Klein Kabinet : The Times, 1 April 1902.

287. Cd. 903/1902, p. 135. Beak, p. 77, het die suidoostelike O.R.K. as 'n „verlate wildernis“ en die suidwestelike dele as „mile after mile of desolate veldt“ beskryf.

than I anticipated, greater, I believe, than has been known at Home."²⁸⁸

Op 21 September 1902 het lord Milner in 'n skrywe aan lady Edward Cecil 'n troostelose beeld geskets: „The country is quiet only it is a complete wreck it is a melancholy spectacle. The farm-houses are all gone What is far more serious is the total absence of stock..."²⁸⁹

Amery, wat nooit vir die Boere sou kant kies nie, gee in enkele reëls 'n skets van die haglike toestand van die O.R.K.: „The whole of this population was to be planted out and helped till it could support itself in a country which the war had converted into a absolute wilderness. From end to end of the two colonies there was hardly a farmhouse left standing. In large areas the live stock had been almost exterminated. Except for a few dams and occasional fences which had escaped destruction the whole apparatus of rural civilization had practically been wiped out."²⁹⁰

Ramsay Macdonald het die verlate toestand van die eens welvarende „model-"republiek in 1902 o.a. soos volg geteken: „For weeks I followed the fresh footprints of the god of war I saw the roadside strewn with the bones of horses and cattle I drove through the desert silences and the burnt pastures where sheep used to bleat and cattle low; I looked upon the blackened walls of burnt houses, Above all, I stood by solitary graves where only the shepherd or the herdsman will ever wander, and saw the crowded crosses outside the camps where the little children

288. The Friend, 6.2.1903. Geen wonder dus dat die Boere-generaals in hulle oproep aan die „beskaafde wêreld" (Cd. 1329/1903, p. 10) verklaar het dat nie eens £30,000,000 die boerderyverliese sou vergoed nie.

289. Headlam, op. cit., II, p.384. Vgl. ook Vulliamy, op. cit., p. 357, genl. Louis Botha in 'n artikel na die oorlog skryf van „the misery which hung like a cloud over the Transvaal and Free State....."

290. Amery, op. cit., VI, p. 43. Vgl. The Friend, 7.1.1903, waarin „Old Sol" na 'n reis deur die O.R.K. soos volg skryf: „..... Waste and barren veldt, except for a blockhouse here and there...."

sleep"291

Lord Milner het later, toe die skokkende beeld van verwoesting in magistraatsverslae voor hom ontvou is, geskryf: „It must necessarily take some years to bring the country back in all these respects to the condition in which it was before the war."292

En terwyl duisende verarmde Afrikaners na die oorlog moes worstel om van dag tot dag te leef in die skrale verwagting van hul deeltjie van die veelgeroemde „vrye gif" van £3 miljoen, het lord Kitchener, die man wie se krygstaktiek die Boere-ekonomie finaal in puin gelê het, 'n skenking van £50,000 ontvang „in acknowledgement of his meritorious services in South Africa."293 Die Cape Argus het hierdie skenking probeer regverdig deur aan te toon „that apart from Lord Kitchener's priceless services as soldier and statesman, £50,000 represents less than a single day's expenditure during the continuance of hostilities; so that, in a sense the amount has been already saved again and again by the practical declaration of peace."294 Vir die jingoïstiese pers en die Britse leerleiding, was die spoedige einde van die oorlog van oorheersende belang omdat dit minder uitgawe vir die Britse belastingbetaler sou beteken. Dat die Boere-ekonomie in hierdie strewe ten gronde gegaan het, kon die imperialiste weinig skeel.

So het vrede gekom in 'n land waar loopgrawe en verwoeste plase verlate littenkens was wat die grond nog lank sou skend en die versombering sou aanvul. Tereg het Jan H. Hofmeyr geskryf: „It was to a devastated land that

291. Macdonald, J.R., What I saw in South Africa, pp. 46-47.

292. Cd. 1551/1903, p. 5. Vgl. ook Cd. 1551/1903, p. 105 waarin luitenant-goewerneur Goold-Adams die verwoeste toestand van openbare geboue in die O.R.K. beskryf. Ook die Northern Whig het op 28 September 1903 o.a. geskryf van „a country despoiled of everything.... presents almost insuperable difficulties in the repatriation of its whole people."

293. The Cape Argus, 11.6.1902.

294. Ibid.

peace came. Blockhouses and barbed wire entanglements, and ruined farmsteads served ever to remind us of the struggle."²⁹⁵

Na hierdie verwoeste en geplunderde land het die Boer teruggekeer om van vooraf te begin bou. Dr. D.W. Krüger beskryf die tuiskoms aangrypend: „Wanneer hy die werf binne-ry, merk hy die verwoesting en verlatenheid. Sy familie is weg, sy diere weggeroof en sy woning afgebrand. Hy is byna tot die bedelstaf geruïneer Uit daardie tyd dateer die brief van 'n teruggekeerde wat skryf dat 'n hond en 'n paar sinkplate, waaronder hy leef, al is wat hy besit. Vir hom is die toekoms troosteloos, terwyl die vryheid van sy land slegs 'n herinnering is. 'n Ou geslag het verdwyn Besig met die daaglikse sorge om 'n bestaan te maak, in die veranderde toestande na die eertydse welvaart, kon die teruggekeerde by wyle dink aan eertydse kamerade op die oorlogsveld in 'n vergeefse stryd. Sy buurman wat verraad gepleeg het, het baie van sy besittings gered en soms selfs welgesteld geword as loon vir sy ontrou. Die bittereinder daarenteen het alles verloor”²⁹⁶

Maar in die moeisame na-oorlogse herstel sou die Afrikaner die wete hê: „Ek het die oorlog verloor, maar my siel gered.....”

295. Hofmeyr, Jan H., South Africa (Londen, 1931), p. 104.
296. Die Huisgenoot, 9.6.1950.

H O O F S T U K I I .

DIE HERSTELPROGRAM VAN 'N VEROWERAAR

"A great work was to be done
for the Empire in South Africa;
Lord Milner was the one man
capable of doing it" -

W.B. Worsfold.

Alfred Milner, die man wat vyf dae voor die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog tydens 'n gesprek met James Molteno erken het: „I am determined to break the dominion of Afrikanerdom.....”,¹ is ironies genoeg met die herstelprogram in die verowerde republieke belas.

Volgens Lionel Phillips was Milner die regte man om hierdie groot taak te kom aandurf : „(H)e has established the Government of the new Colonies upon a high plane, which it will need all the intelligence of his successors to maintain. No one charged with so difficult an undertaking could complete it without making some mistakes. Apart altogether from the mental power he displayed, his refusal to become Secretary for the Colonies, in England, because he felt that South Africa still needed his services show the reality of his patriotism.”²

Die tyding dat Milner die heropbouwerk van die verwoeste kolonies moes behartig, het vir beide die Britse Liberale Party en die Kaapse Afrikanerbond as 'n skok gekom. John X. Merriman het verklaar dat om Milner met die heropbou te belas „a suicidal and ruinous policy” sou wees

1. Sir Alfred Milner on the Real Object of the War (pamflet uitgegee in 1899), p. 8.

2. Phillips, Lionel, Transvaal Problems (Londen, 1905), p. 14.

en vervolg: „He was a violent partizan; his predictions never came true; the bursts of fustian and frivolous utterances of his despatches showed an ill-balanced and ill-regulated mind, which was utterly unable to cope with the problem.”³ Ook Henry Campbell-Bannerman, amptelike leier van die Britse Liberale Party, het op 19 November 1901 voorspel dat tensy die Britse regering sy beleid in Suid-Afrika wysig, „the whole of the Dutch population in our colonies, as well as in the two territories, would in all probability be permanently alienated from us”⁴

Goldwin Smith wou 'n lord Durham i.p.v. Milner hê. „Milner's very name must provoke a resistance of despair,”⁵ het hy tereg verklaar. Nogtans verdedig Pyrah Milner: „Milner was well fitted alike by personal attributes and former training for such an undertaking Clarity of vision, constructive effort, and efficient execution were the hallmarks of a rule by which he attempted not merely to repair the ravages of war, but also to raise the level of civilization in the two colonies.”⁶

Milner, wat hom weinig aan die kritiek op sy aanstelling gesteur het, het sy taak as repatriasie, hervestiging en die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika gesien. Daarom wou hy hom haas met die materiële ontwikkeling van die land en sy hulpbronne „and with the work of building up an administration so competent and so imposing as to enforce an unwilling respect....”⁷ Hoe gouer Milner met sy herstelprogram kon begin, des te vinniger kon hy die oorgawe van die Boere te verhaas. As die ekonomiese en politieke huishouding eenmaal weer aan die gang was, sou dit, vanuit 'n morele oogpunt gesien, die Boere jaloers

3. Worsfold, W.E., Lord Milner's Work in South Africa (Londen, 1906), p. 497.

4. Ibid., p. 499

5. Pyrah, G.B., Imperial Policy and South Africa 1902-10 (Oxford, 1955), p. 68.

6. Ibid., p. 182.

7. Headlam, C., The Milner Papers, II, pp. 428-429.

maak op hulle vyande en die Hensoppers.⁸ Intussen het Chamberlain in die Britse Laerhuis die na-oorlogse Britse beleid in die nuwe kolonies geskets as handhawing van vrede; 'n tydperk van kroonkolonie-regering, en uiteindelik selfregering, maar ter wille van Milner het hy in dieselfde asem bygevoeg dat „considerations to victory must come first.”⁹ 'n Voorvereiste vir die Milner-administrasie was egter dat die Afrikanerdom eers verpletter moes word. „We can never allow, and never have allowed, that any shred of independence be left,”¹⁰ het Salisbury tereg in die Britse Hoërhuis verklaar.

Terwyl die oorlog voortgeduur het, het Chamberlain die breë raamwerk verskaf waarin Milner sy skemas sou in pas. Reeds gedurende Oktober 1900 is voorbereidings getref dat die Hoë Kommissarisskap van die Goewerneurskap van die Kaapkolonie geskei word sodat Milner 'n vrye hand met betrekking tot die administratiewe rekonstruksie van die nuwe Britse kolonies kon hê. Ná die vertrek van Roberts, aan die einde van November 1900, het Milner Administrateur van die O.R.K. en Transvaal geword, hoewel hy eers aan die einde van Februarie 1901 amptelik die administrasie van dié twee kolonies oorgeneem het.¹¹

Hierdie administrasie is met voorbedagte rade so beplan dat die Britse administratiewe stelsel sy stempel op elke vertakking van die openbare lewe sou afdruk. In hierdie proses is nie slegs nuwe administratiewe kanale in die lewe geroep nie, maar ook 'n reorganisasie van die sentrale en plaaslike bestuursvorme te weeg gebring. Voor laasgenoemde kon geskied, het Milner seker gemaak dat hy die „regte” amptenare vir sy doel in die hande kry. Met die

8. Ibid., p. 277.

9. Pyrah, op. cit., p. 67.

10. Ibid.

11. Worsfold, op. cit., p. 470.

oog hierop het hy gedurende die laaste week van Oktober 1900 in Bloemfontein met J.G. Fraser en ander „local lights" onderhoude ter voorbereiding van sy na-oorlogse administrasie gevoer.¹²

Hierna het hy sy verlof-tydperk in Engeland benut om die raamwerk van burgerlike regering verder te beplan. 'n Groep merkwaardige jong Britte - meestal van sy ou Alma Mater, New College in Oxford - is deur hom gekies „to help him in his immense task, to form the nucleus of the future Civil Service to be established in the two Republics."¹³ Só ontstaan die „Kindergarten" van Milner 'n spotnaam wat, volgens Lionel Curtis, van sir William Marriot afkomstig was.¹⁴ As uitgesproke burokraat het Milner hulle in Engeland gaan werf. Later het hy hulle uit die Britse leër in Suid-Afrika aangevul. Onder hierdie gewillige assistente was manne soos Lionel Curtis, Feetham, Robinson, Bob Brand, Geoffrey Dawson, asook John Buchan en Patrick Duncan (latere goewerneurs-generaal van Kanada en Suid-Afrika), H. Wilson, Hamilton Goold-Adams en Philip Kerr (later lord Lothian).¹⁵

Hierdie amptenare is spoedig in sleutelbetrekkings in die verowerde kolonies geplaas. Op 1 Maart 1901 is Hamilton Goold-Adams as luitenant-goewerneur van die O.R.K. aangestel. Twee maande later kon hy rapporteer dat die hoofdepartemente van die administrasie reeds van die militêre na die burgerlike owerhede oorgeplaas is. Dit het bykomende aanstellings en die skepping van verskeie staatsdepartemente genoodsaak. Gedurende die herfs van 1901 is E.B. Sargant deur Milner uitgenooi om die opvoedkundige rekonstruksie te kom waarneem. In Julie 1901 is 'n Landboudepartement en gedurende Oktober 1901 'n Landraad in die

12. Headlam, op. cit., p. 156.

13. Wrench, J.E., Alfred lord Milner, the man of no illusions (Londen, 1958), p. 239.

14. Curtis, Lionel, With Milner in South Africa, p. 344.

15. Crafford, F.S., Jan Smuts (Kaapstad, ongedateerd), p. 69.

lewe geroep. Verder is 'n aantal basiese wette opgestel. Gevolglik kon Milner op 15 November 1901 aan Chamberlain skryf: „Despite all the difficulties and discouragements of the present time, the machinery of the Government is getting rapidly into working order, and, as soon as normal conditions are restored, the new colonies will find themselves provided with an Administration capable of dealing with the needs of a great and progressive community, and with efficient and trustworthy courts of law.”¹⁶

Die tyd sou Milner leer dat 'n doeltreffende administrasie nie alles kon vermag nie. Die vertroue van die bevolking was ewe noodsaaklik. Milner se verlede en die simbool van Britse oorheersing het hom dit ontsê. Meer as die helfte van die blankes in Suid-Afrika, o.m. ook Engelssprekendes, het hom nie vertrou nie.

Terwyl die einde van die Boere-verset in sig was, het hy bykomende kanale geskep waardeur sy herstel-program kon vloei. Aan die einde van Februarie 1902 was daar in die O.R.K. reeds 'n stelsel van plaaslike selfregering met gesondheidsrade in Bloemfontein en al die ander distrikte onder Britse beheer in die lewe geroep. In Bloemfontein was die stadsraad ook weer aan die werk. Met die aanvang van burgerlike bestuur ná die oorlog sou die ander munisipaliteite ook spoedig herlewe. Worsfold, 'n vurige bewonderaar van Milner, beweer dat voor Milner in 1902 na Engeland vertrek het, die plaaslike bestuur herstel was „on lines which, in point of administrative efficiency and public convenience, enabled it to challenge comparison with the systems of the most highly developed European states.”¹⁷ Net soos voor die oorlog sou die munisipaliteite as barometer van die dorpsbevolking en oefenskool vir self-

16. Cd. 903/1902, pp. 135-136.

17. Worsfold, W.B., The Reconstruction of the new Colonies under Lord Milner, I (Londen, 1913), p. 263.

bestuur dien.

Terwyl die voormelde voorbereidings gedurende die oorlog vir die herstelprogram getref is, het Milner eers onmiddellik na die vredesluiting begin met die werk van „repairing the ravages of war and restarting the new Colonies on a higher plane of civilization.”¹⁸ „Repairing the ravages of war” het die algehele ekonomiese rehabilitasie van die verowerde gebiede en die repatriasie van amper die ganse oorspronklike bevolking omvat. Verkeersweë, boerdery, mynwese, sowel as die regspleging, handhawing van wet en orde en die uitbouing van plaaslike bestuursvorme het binne die bestek van hierdie heropbouprogram geval.

Tydens die oorlog was Milner se militêre berekeninge telkens foutief. Sy politieke berekeninge sou eers ná die oorlog deeglik beproef word. Na Vereeniging het hy al die dinge waaroor Krüger en Rhodes gebots het, beheer, maar nie so stewig in die saal gesit as wat hy dit begeer het nie. Hy wou kroonkolonie-bestuur hê, want daarsonder sou sy rekonstruksiewerk nie vlot nie. Die kroonkolonie-stelsel het hom dan ook in die eertydse republieke nagenoeg absolute gesag verleen. Hoewel hy die verowerde kolonies nog tot 20 November 1902 volgens krygswet bestuur het, het Milner binne die eerste paar weke van militêre beheer ontslae geraak. Daarna het hy oor volslae uitvoerende en wetgewende gesag beskik met luitenant-goewerneurs in Bloemfontein en Pretoria om hom by te staan. Hancock verklaar dat Milner buitengewone magte ontvang het, maar dat buitengewone dinge ook van hom verwag is. Die blote terugplasing van die ou bevolking was geensins die einde van sy werk nie. Bykomende skeppingswerk is van hom verwag. Milner self het later die eerste drie jaar van rekonstruksie in Suid-Afrika as die uitstaande skeppingstydperk in sy lewe bestempel - 'n

18. Headlam, op. cit., p. 367.

tydperk waarin sy administratiewe prestasies nie die geringste was nie.¹⁹

'n Reuse-taak het weliswaar op Milner gewag. Die hervestiging van die ontwrigte bevolking was bykans 'n bomenslike taak; amper iets in die sin van die terugkeer van die Jode uit Babilon. Ekonomies was die land in 'n haglike toestand. Hiervan het Milner voldoende bewyse aanskou toe hy na die ondertekening van die vredesverdrag met sy staf na Pretoria afgereis het: „Not a human being in sight nothing but partridges, buck and burnt veldt.”²⁰ Milner self het die kapitale verlies van die boerebevolking tussen £20 en £30 miljoen geskat.²¹

Spoorverbindinge was ernstig beskadig; die rollende materiaal was nie alleen afgeleef en verniel nie - 102 lokomotiewe en 984 trokke was beskadig²² - maar as gevolg van die geweldige eise wat daaraan gestel is en die afwesigheid van herstellfasiliteite, was dit heeltemal waardeloos. Baie brûe en stasiegeboue was verwoes. Landbou het tot stilstand gekom, die veestapel was vernietig, paaie onrybaar en die mynindustrie onproduktief.

Onmiddellik na die vrede het die militêre owerheid nog die monopolie oor die ontoereikende spoorweë gehad en dit vir die demobilisasie van die duisende imperiale troepe gebruik. Burgerlike vervoergeriewe was dus uiters beperk, te meer omdat die meeste perdekarre en waens, so volop aan die begin van die oorlog, vernietig was. „It will take five or six years to re-establish the flocks and herds Practically the war made a clean sweep of all implements,”²³ het H. Birchenough in 'n verslag geskryf.

19. Hancock, W.K., Smuts, The Sanguine Years, 1870-1919 (Cambridge, 1962), p. 172.

20. Wrench, op. cit., p. 239.

21. Headlam, op. cit., p. 304 : Milner aan Chamberlain, 6.6.1902.

22. Cd. 903/1902, p. 197.

23. Cd. 1844/1903, pp. 36-37.

Te midde van die grootskaalse verwarring wat onmiddellik op die oorlog gevolg het, het die nuwe administrasie vorm aangeneem. Resident-magistrate het geleidelik die militêre owerhede in die besette dorpe vervang en baie republikeinse Volksraadsbesluite is deur Britse proklamasies vervang om die weg vir kroonkolonie-regering voor te berei.²⁴ Binne drie weke na die vredesluiting was daar in albei kolonies 'n Uitvoerende Raad, bestaande uit die Luitenant-goewerneur en sy hoofamptenare, om die militêre owerhede te vervang.

Aan die begin van Julie 1902 het Milner by Chamberlain aangedring om in albei kolonies Wetgewende Rade saam te stel, waarin 'n aantal benoemde onoffisiële lede as minderhede die plaaslike belange sou verteenwoordig. Sy redes hiervoor was o.a. die onvoorsiene opeenhoping van wetgewende vraagstukke; behoefte aan mense met kennis van plaaslike aangeleenthede om die openbare mening te paai wat reeds gefrons het oor wetgewing deur vreemde amptenare ingedien, en om 'n versoeningsgees te skep deur Boer en Brit te laat saamwerk. Vroeg in 1903 het hy vervolgens, vir elk van die twee verowerde kolonies 'n Wetgewende Raad in die lewe geroep, bestaande uit ses Britse hoofamptenare en vier onoffisiële lede - 2 Britte en 2 Boere - wat deur hom as goewerneur benoem is. J.G. Fraser, gewese voorsitter van die republikeinse Volksraad; R. Macfarlane, vrederegter en veldkornet uit die republikeinse dae; J.F.J. van Rensburg, landmeter uit die Republiek se dae en J.M. Wessels, ook 'n gewese republikeinse amptenaar, was die benoemde lede in die O.R.K.²⁵ Hierdie Raad is later met 8 lede - 4 amptenare en 4 benoemdes - aangevul.²⁶

24. Eybers, G.W., Select Constitutional Documents illustrating South African History 1795-1910 (Londen, 1918), pp. 347 en 515.

25. Goewermentskoerant, 9.1.1903.

26. Toespraak van die luitenant-goewerneur by die opening van die 4^e sitting van die O.R.K. Wetgewende Raad, 27.6.1904.

Daar is dus gesorg dat die Boere in onbelangrike minderheidstem sou uitbring. Dit het hom enige regstreekse politieke seggenskap in die nuwe kroonkolonie ontsê. Milner, wat elke vorm van kompromis gehaat het,²⁷ en sy amptenare kon in hulle bestuursdade dus deur niemand en niks hier te lande tot verantwoording geroep word nie.

Chamberlain sowel as Milner wou hê dat die vernaamste Boere-leiers in hierdie liggaam moes dien sodat alle belange deur die beste mense verteenwoordig kon word, maar die Boere - "except in the case of a few unduly amenable 'Hands-uppers' who could hardly regard themselves as representatives of more than a fraction of their people, did in fact, though invited, refuse to serve."²⁸

In Transvaal het genls. Botha, De la Rey en Smuts besef dat, indien hulle tot so 'n liggaam sou toetree, hulle vir die Britse bestuur mede-verantwoordelik sou wees.²⁹ In die O.R.K., waar The Friend onophoudelik gepleit het dat manne soos De Wet, Hertzog en Steyn in die Wetgewende Raad opgeneem moes word as blyk van vertroue in die Bittereinder, het hulle dieselfde standpunt as Botha e.a. ingeneem. Maar die Boere-leidsmanne van weleer het verkies om volksleiers te bly. Met volle instemming van pres. Steyn het hulle besluit om geen amptelike betrekking onder die kroonkolonieregering te aanvaar nie, maar om sover moontlik vir die volk 'n voorspraak te wees en hulle vir selfregering te beywer waartoe die vredesverdrag hulle reg gegee het.³⁰ Gevolglik het hulle vry gebly om te kritiseer en te organiseer en die beste uit die Traktaat van Vereeniging te haal.

27. Vgl. Headlam, op. cit., p. 211 waar Milner op 2 Maart 1901 aan lady Edward Cecil geskryf het: "Every concession we make now means trouble hereafter..... I foresee that I shall be driven to compromise - a thing I loathe."

28. Pyrah, op. cit., pp. 143-144.

29. Vgl. Worsfold, W.B., The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, II, pp. 225-226.

30. Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 201.

Dit was 'n wyse stap waardeur die Afrikaner se selfrespek behoue gebly en hy nie die naprater van 'n vreemde bewind geword het nie. Selfs Pyrah erken: „It was an intelligent and astute move, and the fullest measure of credit must be given to the Boer leaders in that, though they constantly demanded self-government, and often indulged in purely destructive and even unfair criticism of the Milner régime - no one more so than Smuts - their activities and propaganda never became of a subversive nature.”³¹

Dit spreek grootliks tot lof van die Afrikaner dat hulle nooit die Traktaat van Vereeniging wou verander nie. Nog minder het hulle die kwessie van getrouheid aan die Kroon aangeroe. Hulle sou hulle deel van die vredesverdrag nakom en langs konstitusionele weg hulle politieke regte opeis.

Die Britse bevolkingsdeel het Milner geredelik ondersteun, en so kon die eerste Wetgewende Raad van die O.R.K. op 14 Januarie 1903 vergader. Milner het, ondanks die feit dat die voormanne van die Afrikaners afsydig daarvan gestaan het, hierin 'n voorwaartse stap gesien, en in sy gelukwensing bygevoeg: „I trust that the addition to the Council of unofficial members of high position and proved capacity will strengthen its deliberations, and tend to hasten the advancement of the Colony, which is already showing such gratifying signs of recovery from the ravages of war.”³²

Ook die voorsitter van die Wetgewende Raad het in die toevoeging van nie-amptelike lede die voorbereidende stap tot die totstandkoming van 'n raad van gekose volksverteenwoordigers gesien. J.G. Fraser het namens die benoemde lede die hoop uitgespreek dat hulle eerlank deur gekose volksverteenwoordigers vervang sou word en dat die raadsaal

31. Pyrah, op. cit., p. 144.

32. Notule van die O.R.K. Wetgewende Raad, 14.1.1903, p. 5.

eerlank die federale parlement van 'n verenigde Suid-Afrika sou huisves.³³

The Friend het voortdurend vir die heraanstelling van gewese republikeinse staatsamptenare gepleit omdat hulle die land en sy mense ten beste geken het en doeltreffend kon beheer.³⁴ Na die opheffing van krygswet, en met alle mense gevolglik gelyk voor die wet, het die Luitenant-goewerneur wyslik hierdie raad gevolg. 'n Aantal gewese republikeinse amptenare is weer in ondergeskikte betrekkings in diens geneem. Van die 43 vername betrekkings, soos departementshoofde en magistrate, was 26 gebore Suid-Afrikaners, terwyl persone wat in die O.R.K. gebore is in 300 minderbelangrike betrekkings geplaas is. Van laasgenoemde was 92 gewese republikeinse amptenare.³⁵ The Friend was hierna tevrede dat die oorspronklike inwoners, by aanskoue van bekende gesigte onder die amptenare, mettert tyd sou vergeet dat toestande verander het.³⁶

Sover dit plaaslike bestuur betref, is die O.R.K. in 23 distrikte verdeel, elk met 'n magistraat aan die hoof.³⁷ Gewoonlik was dit 'n oud-offisier van die Britse leër. Magistrate se werk is baie bemoeilik deurdat alle vorme van plaaslike bestuur weens die oorlog tot stilstand gekom het. Selfs The Friend moes in 1903 vir groter belangstelling in plaaslike aangeleenthede pleit.³⁸ Dit was asof die gees van die bevolking vermorsel was. Daarom was die pligte van magistrate veel omvattend, was hulle administratiewe eerder as regterlike amptenare. Benewens hulle gewone ampspligte moes hulle toesien dat 'n ontwortelde bevolking weer 'n begin maak, moes hulle toesig hou, raad gee, help met die herlewing van dorpsbesture, plase besoek en verslag oor

33. Ibid., pp. 6 en 10.

34. The Friend, 6.12.1902

35. Cd. 3528/1907, p. 15 : Selborne aan die Koloniale Sekretaris, 5.11.1906.

36. The Friend, 27.11.1902.

37. Goewermentskoerant, 4.7.1902.

38. The Friend, 10.2.1903.

die vordering in hulle distrikte doen. Oor hierdie magistrate was daar - repatriasie uitgesonderd - selde klagte. Dit skyn asof hulle hulle baie gou by die aard van die Vrystaatse Afrikaner aangepas het en 'n mens hoef maar net die amptelike korrespondensie na te slaan om te beseef hoe sterk hierdie mense die belange van die Boerebevolking in die eerste moeilike na-oorlogse dae op die hart gedra en telkens by die sentrale owerheid as pleitbesorgers vir die verarmde landbouers in die bresse getree het.

Hierdie vertoë is deur die Luitenant-goewerneur met 'n ope oor ontvang. Selfs die uitgesproke pro-Boere orgaan, The Friend, het hom hiervoor hoë lof toegeswaai en o.a. opgermerk: „He has tackled the work in a true spirit of conciliation, and determination to place the country on a firm and prosperous footing, with equal rights for all white men.”³⁹ Die begeerte van so 'n owerheid om met die Afrikaner as gelyke saam te werk, het veel gedoen om die bitterheid van neerlaag uit te wis. Die luitenant-goewerneur was selfs slim genoeg om die geneentheid van die Boer te probeer wen deur, nes die gewese republikeinse president, voor die aanvang van die sittings van die Wetgewende Raad 'n rondreis deur die verskillende distrikte te onderneem om hom met die behoeftes en omstandighede van die inwoners vertrouwd te maak.⁴⁰

Oo'r Ramsay Macdonald kon min fout met die O.R.K.-administrasie vind en het sowaar 'n pluimpie in die hoed van luitenant-goewerneur Goodl-Adams kom steek deur te beweer dat hy reg - hoewel strenge reg - aan die Boer laat geskied het. Die gevolg was dat die Boere 'n aansienlike mate van vertroue in sy beheer gewin het. Dit was verblydend, selfs vir 'n strenge kritikus soos Macdonald, om 'n gevoel aan

39. The Friend, 4.12.1902.

40. O.R.K. Hansard, 1904 : Notule van die Wetgewende Raad, 27.6.1904, p. 9.

te tref dat die Luitenant-goewerneur griewe ernstig en billik oorweeg.⁴¹ In Transvaal, nader aan Milner self, was die toestand heel anders.

Macdonald en The Friend se lof vir Goold-Adams se simpatieke en bedagsame optrede was bepaald verdiend, en magistrade se optrede het beslis 'n gunstige indruk op die Boere gemaak. Maar die sleutelposisies in die administrasie - juis daardie betrekkings waar die Boer aan sy „eie mense" gewoond was en waar hy voorheen met vrymoedigheid om hulp kon aanklop - het in die „Kindergarten" se beheer beland en deur kleinlike en neerhalende optrede teenoor die „eenvoudige" Boer is die goeie werk van Goold-Adams en andere dikwels geneutraliseer.

Veral in die O.R.K. met sy goeie administratiewe tradisie kon Milner egter i.p.v. die „Kindergarten," uitsoekamptenare volgens Afrikanertradisie gerekruteer het. In die „Kleuterskool" het hy ook nie altyd die beste amptenare aangestel nie, met die gevolg dat die Britse administrasie swak weggeval het en „petty displays of spite was too often inspired by a notion that they were knightlets in their districts, and that both chivalry and gentlemanliness would be wasted on the Boer."⁴²

Teen hierdie soort optrede het Ramsay Macdonald dan ook sterk gewaarsku: „The returning Boer is a subjected but not a humiliated man, and the young generation may be even more sullen under British rule than the present generation. It is, therefore, a mistake which may bear fatal results if we assume that English ascendancy is established and that the country can be governed absolutely by what lord Milner calls English 'ideas'. The demand of the aggressive English sections that the Boer shall now show his acceptance

41. Macdonald, Ramsay, Wat ek in Suid-Afrika gesien het, p. 105.

42. Macdonald, Ramsay, What I saw in South Africa, p. 62.

of the British flag by becoming an Englishman can only keep South Africa unsettled, and defeat what benefits might otherwise follow from British rule."⁴³

Die Milner-regime het boonop 'n flater begaan om die Boere te ontwapen. Daardeur is die wantroue vergroot en die politieke oogmerke van die veroweraar om die Boer as onderworpende te beskou geopenbaar. In 'n verslag oor die werksaamhede van die South African Constabulary se werksaamhede tot 31 Desember 1902 lees ons die volgende veel-seggende sin: „It has not been considered politic to allow them (the Boers) to be armed any longer."⁴⁴

Teenoor so 'n bewind was die Afrikaner magteloos. Omdat hulle aan die ou republikeinse stelsel gewoond was, kon hulle hulle nie maklik met al Milner se nuwe idees vereenselwig of versoen nie. Generaal Kemp beweer dan ook dat Milner se hele regeringstelsel, sentraal sowel as plaaslik, om hierdie rede van die begin af tot mislukking gedoem was: Vanaf Milner tot by die eenvoudigste magistraat, is almal deur die Boere - veral in Transvaal - as 'n vyand van die Boerenasie beskou.⁴⁵ Afrikaanssprekendes wat wel deur Milner in sy administrasie opgeneem is, is met die grootste agterdog bejeën. Ramsay Macdonald het verklaar dat Milner deur die Boere gehaat en verag word, want vir hulle was hy die politieke hoof van die anderkant in die rasse-stryd en hy het nooit sy veragting vir hulle weggesteek nie.⁴⁶

Milner het self sy ongewildheid onder die Boere erken. Volgens hom was hulle polities te uitgeslape om openlik teen hom te velde te trek, maar „there are a hundred indirect ways, in which they are able to foment, and even to

43. Ibid., p. 58.

44. Cd. 1551/1903, p. 201.

45. Kemp, J.C.G., Die Pad van die Veroweraar (Kaapstad, 1942), pp. 66-67.

46. Macdonald, Ramsay, Wat ek in Suid-Afrika gesien het, p. 103.

suggest, dissatisfaction with the Government"47 Tydens haar besoek aan die O.R.K. in 1903 is Emily Hobhouse getref deur die onoorbrugbare kloof wat daar bestaan het tussen die Britse owerhede aan die een kant en die intellektuele Boereklas - predikante en politieke leiers - aan die ander kant. Dit het ook spoedig vir haar duidelik geword dat die Britse owerheid die predikante van die N.G. Kerk gewantrou het, waarskynlik omdat hulle so 'n diepgaande invloed op die volksmassas uitgeoefen en boonop geweier het om Milner se verengelsingsbeleid (waarna in 'n volgende hoofstuk verwys sal word) gelate te aanvaar.⁴⁸

Ook die politieke leiers van die Afrikanervolk is gewantrou. „I found the authorities were nervous at the influence of the Boer Generals," verklaar sy later in haar herinneringe, „..... yet it was thirteen months after peace and the entire country was disarmed. It was the custom to drop the 'General' and speak of Mr. Botha, Mr. Jan Smuts, Mr. Brand, and so on." Onderlinge wantroue moes noodwendig tot 'n breuk lei en so kon Emily Hobhouse reeds teen die helfte van 1903 met oortuiging verklaar: „The cleavage is complete. Each goes its own way regardless of the other, or it would be truer to say socially regardless - Politically each keeps a sharp eye on the other."⁴⁹

* * * * *

Behalwe die „Kindergarten" het Milner se administrasie ook op ander kragbronne gerus, nl. die goudmyne wat hy so spoedig moontlik winsgewend wou maak; verengelsing van die onserwysstelsel; kragtige Britse immigrasie; die

47. Headlam, op. cit., p. 428 : 'n Vertroulike verslag van Milner aan Chamberlain, 26.9.1902.

48. Memoirs XI : Emily aan lady Hobhouse, 21.6.1903.

49. Memoirs XII : Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 1.7.1903.

South African Constabulary - in naam 'n polisiemag, maar in werklikheid 'n soort besettingsleër om die Boere as 't ware te intimideer; en Milner se vaardigheid om geldkrediete in Engeland vir die verowerde kolonies te vind.

'n Goeie voorbeeld van laasgenoemde was die £35 miljoen „gewaARBORGDE lening.“ Dit was 'n geweldige skuldelas vir die nuwe kolonies na die verwoestende oorlog, die droogte en die na-oorlogse depressie. Toe Milner dié lening by die Imperiale regering wou aangaan, het die Boere by monde van generaal Botha beswaar gemaak omdat dié bedrag die grootste nasionale skuld in verhouding tot die bevolking was en sonder die toestemming van die bevolking opgelaa sou word.⁵⁰

Die Britse owerheid het die lening goedgepaa^rt en aan die Boere voorgehou dat die Transvaal hierdeur baie vinnig kon ontwikkel en dat ongeveer £6,000,000 aan spoorwegontwikkeling bestee sou word waardeur die Boere maklik markte vir hulle produkte sou bereik.⁵¹

Tydens sy besoek aan Johannesburg in 1903 het Chamberlain verklaar dat die O.R.K. nie tot bogenoemde lening sou hoef by te dra nie, want die Transvaalse myne was die waarborg daarvoor en die O.R.K. se inkomste was net genoeg om die uitgawe te dek. The Friend het dadelik die spook van inlywing by die Transvaal opgeja en verklaar dat die O.R.K. bereid was om met die suster-kolonie saam te werk as die tyd vir federasie ryp was, maar dit moes as onafhanklike kolonie gedoen word.⁵²

Milner wou die mynwese so spoedig moontlik weer 'n bate maak. Die myne het tog immers die oorlog veroorsaak. Kort na die vrede is 'n belasting van 10% op die mynwinste

50. Luitenant-Goewerneur Transvaal : Band 73 : Brief van Botha aan Lawley, 4.7.1903.

51. Cd. 1844/1903, p. 27 : Verslag van H. Birchenough, 21.8.1903.

52. The Friend, 20.1.1903.

gehef ten einde enige twyfel oor hul verantwoordelikheid uit die weg te ruim en om staatsinkomste te verkry.⁵³

Spoeedig het daar arbeidsmoeilikhede ontstaan. Die naturelle was bederf deur die baie en maklike geld gedurende die oorlog en het geweier om ondergronds te werk. Milner was dus verplig om die Mosambiek-ooreenkoms met die Portugese aan te gaan op voorwaarde dat die vooroorlogse tariefverhouding op die verskillende spoorweë onveranderd gehandhaaf sou word.⁵⁴ Hierdie ooreenkoms het nog nie die arbeidsmoeilikhede opgelos nie en uiteindelik moes Chinese ingevoer word.

Dit was logies dat ook die onderwys 'n belangrike deel van die herstelprogram sou uitmaak. Wat die denasionalisasie van die Afrikaner betref, sou die onderwys ten nouste met Milner se landnedersettingskema skakel, soos weldra in 'n volgende hoofstuk sal blyk.

Een van Milner se belangrikste hulpmiddels was egter die South African Constabulary. Sedert September 1900 is die instelling van 'n polisiemag vir die Transvaal en O.R.K. op die voorbeeld van die Kanadese berede polisie oorweeg. Toentertyd is voorgestel dat hierdie mag van oorspronklik 5,000 man uit die Britse leër, die Koloniale en ander Kontingente in Suid-Afrika saamgestel moes word. Sy werk sou wees om die militêre garnisoene se werk oor te neem en verowerde distrikte te bewaak, m.a.w. om veral Hensoppers te beskerm. Volgens proklamasie 24 van 22 Oktober 1900 het Roberts vir die instelling van hierdie mag onder genl. Baden-Powell voorsiening gemaak. Milner wou teen Junie 1901 - die datum waarop hy verwag het om die oorlog te beëindig - 6,000 man gereed hê. Op aanbeveling van Roberts is dit egter tot 10,000 man vergroot nadat die Imperiale Oorlogskantoor ingewillig het om die koste van die bykomende 4,000 vir drie jaar te dra. Vanaf 2 Augustus 1901 is dit

53. Headlam, op. cit., p. 369.

54. Cd. 904/1902, p. 21.

onder die persoonlike toesig van Milner geplaas.⁵⁵

Omdat die oorlog toe nie teen die helfte van 1901 iets van die verlede was nie, kon die polisie gevolglik nie uit die leërafdelings saamgestel word nie. Dus is die grootste gedeelte van die mag in Engeland en Kanada gewerf en alles in die werk gestel om persone in die hande te kry wat Suid-Afrika hul tuiste sou maak. Hulle moes die Britse element help versterk. Tereg verklaar Worsfold dat in die samestelling van die mag „lord Milner had determined that no opportunity of adding to the permanent British population of the two colonies should be lost.”⁵⁶

Sedert Julie 1901, toe die mag reeds 9,000 man sterk was, en die oorlog nog onverbiddelik voortgeduur het, is dit as militêre eenheid gebruik.⁵⁷ Veel van die agterdog en wantroue van die Afrikaner in hierdie mag het hieruit gespruit, want mense wat teen hulle geveg en hul onafhanklikheid help vernietig het, moes ironies genoeg hulle na die oorlog beskerm. Die agterdog is verder versterk deur die feit dat 250 Vrystaatse Hensoppers in die Constabulary opgeneem is.

Aan die einde van 1901 het die mag uit 10,016 man bestaan, maar ten tye van die vrede was daar net 9,503. Teen die helfte van 1903 was daar slegs 6,159 man wat as berede polisie diens gedoen het.⁵⁸

Sestien dae na die vredesluiting is die mag van militêre diens onthef en het dit met patrolliediens in die verowerde gebiede begin. Hoewel Worsfold beweer dat dit die verspreide blanke plase teen gewapende naturelle moes beskerm en teen politieke onrus moes waak, het Milner sy oog-

55. O.R.C. 341 : Report on the Liquidation of the Affairs of the late Inter Colonial Council 1910, p. 5 ; Worsfold, W.B., Lord Milner's work in South Africa, p. 530.

56. Worsfold, W.B., Lord Milner's Work in South Africa, p. 530.

57. Ibid., p. 531.

58. O.R.C. 341, pp. 16-17 ; vgl. Cd. 1551/1903, p. 195.

merke daarmee as besettingsleër duidelik verraaï toe hy reeds op 14 Desember 1901 aan Chamberlain geskryf het dat dit 'n mag was „upon which we shall for some time so largely depend for the maintenance of the peace of the country.....”⁵⁹

Teen Augustus 1902 was daar in 28 distrikte en 61 wyke in albei kolonies reeds 210 polisiestasies. Die Britse magistrate kon hulle pligte aanvaar in die wete dat dié polisie daar was om hulle te rugsteun. Dat hulle die Boer moes intimideer, blyk duidelik uit die verslag oor hul werksaemhede tot aan die einde van 1902: „As it is, British prestige has now been established throughout the land, and in some districts, in fact, where the Boer Government had never before been able to make headway and pacification and repatriation have progressed rapidly.”⁶⁰

Behalwe gewone polisiepligte was hierdie polisiemag behulpsaam met repatriasie, ondersoek na eise om skadevergoeding en het hulle gewapende naturelle-bendes ontwapen om bestaansveiligheid in die verskillende distrikte te verseker. Aan die einde van 1902 was die offisiere soos volg saamgestel: 68 uit die Britse leër, 42 uit Engeland, 30 uit Kanada, 18 uit Australië en Nu-Seeland, 13 uit Indië en 73 uit Suid-Afrika. Sowat 250 Hensoppers het „as a link with the people” (sic!) as tolke, gidse en „plain-clothes agents” saam met hierdie „effective armed police force” diens gedoen.⁶¹

Geen bewys van imperiale fondse vir die mag tot 30 Junie 1902 kon opgespoor word nie, maar dit wil blyk dat die mag tot aan die einde van die oorlog as veg-eenheid beskou is. Nogtans het dit 'n kostelike uitgawe vir die O.R.K. en Transvaal meegebring. Voorrade en uitrusting

59. Cd. 903/1902, p. 198 ; vgl. ook Worsfold, The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, I, p. 247.

60. Cd. 1551/1903, pp. 202, 194-195.

61. Ibid., pp. 195-201.

het op £97 per man per jaar uitgewerk. Vanaf 1 April 1901 tot 30 Junie 1904 moes die O.R.K. en Transvaal saam £7,323,278 opdok om die mag in stand te hou. Eers later het die Britseregering £100,000 bygedra. Hoewel die Constabulary 'n aansienlike getal buitgemaakte perde in besit gehad het, is gedurende die boekjaar 1902-1903 'n verdere £100,000 aan perde vir hulle bestee.⁶²

The Friend het heftig beswaar gemaak teen die hoë salarisse van die polisie en voorgestel dat dit in 'n klein bereide mag met laer besoldiging verander word. In die toenmalige omstandighede kon die O.R.K. nie so 'n las, wat die herstel nog verder vertraag het, dra nie.⁶³

Omdat hierdie polisie Engelssprekend was, die land en sy inwoners nie verstaan het nie en hulle geminag het, was dit besonder gehaat by die Afrikaner. Onmiddellik na die oorlog het die gewoonte ontstaan om 'n „poliesman" nie in die huis te nooi as hy op amptelike besoek is nie, maar hom buite te laat wag. Eers later, toe Afrikaners ook tot die polisie toegetree het, het hierdie houding verander.⁶⁴

Ten spyte hiervan het die Luitenant-goewerneur tydens die opening van die Wetgewende Raad in 1903 verklaar dat hierdie mag uitstekende diens aan die O.R.K. bewys en dit het die „moderate sum" van £250,000 per jaar vir die O.R.K. bedra.⁶⁵ 'n Skot wat deur die O.R.K. getoer het, het verklaar dat die Constabulary niks beter as die gewese republikeinse polisie was nie, maar tien keer meer gekos het.⁶⁶

The Friend het op 23 Januarie 1903 verklaar dat die polisie hul werk swak doen. Toe die groot koste aan die mag verbonde aan die lig kom, het dié blad voorts verklaar dat

62. O.R.C. 341, pp. 5-7 en 17.

63. The Friend, 12.12.1902.

64. Kemp, op. cit., pp. 82-88 ; Van der Heever, C.M., General J.B.M. Hertzog (Johannesburg, 1944), pp. 199-206.

65. The Friend, 15.1.1903.

66. The Friend, 3.3.1905.

daar geen rede is waarom die S.A.C. nie die SACK sal kry nie.⁶⁷

Tydens Chamberlain se onderhoud met die Boere in Bloemfontein het hulle hom versoek om die Constabulary te ontbind. Toe 'n afvaardiging Boere uit Philippolis die regering om permitte vir haelgewere kom vra om hulle vee en gesaaides te beskerm, het The Friend ter ondersteuning verklaar dat die polisie dit tog nie kon doen nie - hulle moes maar liever boetebossies uittrek.⁶⁸

Tydens die Brandfort-kongres in 1904 waarna die Oran-gia-Unie tot stand gekom het, is bitter gevoelens teen die polisie uitgespreek. Deurgaans was die oortuiging dat hulle vir hulle werk totaal onbekwaam was, en dat hulle die land en sy mense gladnie ken nie. Mnr. Roos van Lindley het verklaar dat een Boer dieselfde werk as 15 polisie kon doen. Mnr. C.N. van Reenen van Bethlehem het vertel dat die polisie snags vroue uit die bed jaag onder voorwendsel dat hulle gewere soek, maar wanneer hulle naturelle-diewe moet vang, verdwaal hulle. Mnr. J. Erwee van Tacibosspruit het voorgestel dat hulle vervang word met mense wat die Af-rikaner se taal kan praat. Hoe onbekwaam hulle was, blyk uit mnr. P. Macdonald van Wepener se vertelling. Hy het gaan kla dat twee naturelle weggeloop het. Die eerste vraag van die polisie was wat die kleur van die naturelle was en watter koers hulle ingeslaan het!

Aan die einde van die bespreking het die kongres-gangers eenparig 'n voorstel aanvaar dat die owerheid ver-soek word om die polisie op dieselfde grondslag as die be-rede polisiemag van die gewese republieke te organiseer, voorts dat Suid-Afrikaners in die mag aangestel moet word, nl. uit mense wat met die land en die taal van die inwoners vertrouwd was, en dat dit onder toesig van die prokureur-

67. The Friend, 17.1.1903.

68. The Friend, 6.2.1903.

generaal geplaas moes word.⁶⁹ Hierdie versoek het op dowe ore geval.

Die Constabulary het voortbestaan totdat die O.R.K. verantwoordelike bestuur ontvang het en gewese Boere-voor-manne die bewind oorgeneem het. Op 30 Junie 1908 is dit ontbind. Uit die verslag van die Likwidator van die Inter Koloniale Raad in 1910 blyk duidelik dat die mag veels te groot was om as polisiemag gebruik te word en dat daardeur 'n swaar las op die finansies van die twee verowerde kolonies gelê is: „The conditions of service necessary to raise the Constabulary as rapidly as possible for employment in the field had far-reaching effect on the financial resources of the two Colonies and involved onerous liabilities which have only been recently discharged.”⁷⁰ Om alles te kroon moes die O.R.K. en Transvaal uiteindelik by ontbinding ook nog £143,769 aan gratifikasie, retoerpassate en pensioene betaal.

Die Constabulary was dus maar net nog 'n deel van Milner se administrasie waardeur die Afrikaner gedurig aan die uitkoms van die oorlog herinner is. In plaas daarvan om as 'n doeltreffende polisiemag te funksioneer, was hulle eintlik niks meer as 'n Britse besettingsleër nie. Omdat die lede van die mag Engelssprekend was, het die Boere in hulle die verpersoonliking van die Afrikaner-vyand gesien - mense wat die oorwinning van Britse oormag en geweld in vredestryd moes konsolideer.

'n Veel blywender bydrae is deur Milner m.b.t. die spoorweë en deur die Inter Koloniale Raad gelewer. In geen ander land het spoorweë soveel tot die bevordering van politiek eenwording as in Suid-Afrika bygedra nie. Dit is om die vrede dat Milner al sy kragte ingespan het om spoorweë in die nuwe kolonies uit te brei. Die spoorweë moes as

69. Offisieel Verslag van die Brandfort-kongres, pp. 68-71.
70. O.R.C. 341, p. 18.

nuwe Westerse beskawingsmiddel nuwe ekonomiese middele na die binneland van Suid-Afrika bring en sodoende die konserwatiewe Boere-gemeenskap losruk uit sy ou selfgenoegsame leefwyse sodat hy die nuwe tempo wat deur die veroweraar na hom gebring is, kon aanvaar. „The one thing which the Boers will thoroughly appreciate will be railways bringing their richest land into touch with the best markets...,”⁷¹ het Milner reeds op 14 Desember 1901 aan Chamberlain geskryf.

Milner het van die begin af ingesien dat die ontwikkeling van die spoorweë die gewese republieke op 'n hoër ontwikkelingsvlak sou plaas en hulle tot groter politieke rypheid sou voer. Sonder 'n goeie spoorwegstelsel kon die plattelandse distrikte gladnie in aanraking met die natuurlike mark, die Witwatersrand, gebring word nie. Daaronder was daar dan ook „no hope for a more intimate fusion of races and points of view through the establishment of successful British farmers on the land.”⁷²

Gedurende die oorlog is daar geweldige eise aan die spoorweë gestel; daarom was verkeerswese 'n ernstige vraagstuk en „the attempt to reconcile the demands of the army, the repatriation departments and the general public upon railways was, for at least two months, one of the most pressing and most harassing of the duties of the Administration.”⁷³

Sover dit verkeerswese in die O.R.K. betref, staan die tydperk 1903-10 dan ook bekend as die „scramble for railways.” Tereg kon lord Selborne in 1905 in sy memorandum oor spoorwegvereniging verklaar dat „railways have now taken the place of roads as the highways of South Africa

71. Cd. 903/1902, p. 198.

72. Amery, L.S., The Times History of the War in South Africa, VI, p. 136.

73. Cd. 1551/1903, p. 4.

.... The development of the interior which thus far has taken place has been mainly due to railway communication.⁷⁴"

Vóór die oorlog is die spoorweë van Transvaal en die Vrystaat afsonderlik beheer. Die spoorweë in Transvaal, met uitsondering van die Pretoria-Pietersburglyn, is gebou en beheer deur die Nederlands Suid-Afrikaanse Spoorwegmaatskappy. Volgens ooreenkoms het die Kaapse regering die Vrystaatse spoor gebou en tot 1896 beheer. Toe het die Vrystaat dit oorgeneem en dit tot die Britse inbesitname beheer. Gedurende die oorlog het die spoorweë in beide republieke in besit van die Britse leër gekom en is hulle gesamentlik as die Imperial Military Railways onder die beheer van 'n Direkteur geplaas en deur die Royal Engineers bestuur.⁷⁵

Sir Percy Girouard, wat as Direkteur van die Central South African Railways aangestel is, het op 30 Junie 1902 die spoorweë van die militêre owerheid oorgeneem en, met hoofkantoor te Johannesburg, onder burgerlike bestuur geplaas. Aangesien die militêre owerheid die Vrystaatse en Transvaalse spoorweë as één stelsel gefunksioneer het, het sir Percy dit ook ná die oorlog as één stelsel beskou en sake so gerocel dat die winste en administratiewe koste deur elke kolonie afsonderlik geën en bygedra word. Hierna sou deur middel van 'n Britse Order-in-Rade van 15 September 1902 die spoorweë in beide kolonies gesamentlik in 'n enkele stelsel ingesluit word en amptelik die Central South African Railways heet. Dit is onder die gesag van Milner as Goewerneur en Hoë Kommissaris en 'n finansiële raad van beheer gebring. Op die spoorweguitbreidingskonferensie van 3 tot 6 Maart 1903 in Johannesburg het Milner dan ook in sy openingsrede verklaar: „The Imperial Government, which by conquest, became the owners of them both has decided to

74. The Friend, 22.11.1905.

75. The Friend, 6.12.02.

hand them back, not to the two Colonies separately, but to the two Colonies as one."⁷⁶

In die Wetgewende Raad van die O.R.K. het die Luitenant-goewerneur, met verwysing na die spoorweë, verklaar dat die beleid van 'n verenigde administrasie daarop gerig was om uitbreiding van die sentrale spoorwegnet te bewerkstellig, „with a view to opening up fresh districts, and to fostering the various industries which are dependent on the railway for their successful prosecution."⁷⁷

Milner moes besef het wat die onvermydelike gevolg sou wees, indien die spoorweë van Transvaal en die O.R.K. weer geskei sou wees. Dit sou hom in 'n onmoontlike posisie geplaas het. As Britse Hoë Kommissaris was dit sy taak om vir elk van die vier kolonies 'n billike aandeel van die spoorverkeer te verseker. Maar hy was ook Goewerneur van die O.R.K. en Transvaal. As Goewerneur van die O.R.K. moes hy vir daardie kolonie so 'n deel van die verkeer oor die O.R.K.-spoorweg verkry dat dit 'n voldoende aandeel van die spoorweginkome sou geniet. As Goewerneur van Transvaal was dit weer sy plig om toe te sien dat die Transvaalse spoorweg tot die grootste voordeel vir daardie provinsie bestuur word. Vir goedere vanaf die kus kon Transvaal meer inkomste oor die Delagoabaai- en Durban-lyn as oor die O.R.K.- en Kaapse lyn verkry. Dit was dus buite die kwessie om die Transvaalse spoorwegadministrasie aan te moedig om van laasgenoemde lyne gebruik te maak. Behalwe die feit dat die Portugese en Natalse lyne korter roetes na die see was, was Transvaal se spoorweginkomste daaruit ook groter.

Solank Transvaal se spoorstelsel alleen sou staan, sou sy belange só lynreg teen dié van die Kaap en die O.R.K.

76. T.A. T.G. 164 : Minutes of the Proceedings of the C.S.A.R. Extension Conference.

77. Notule van die Wetgewende Raad van die O.R.K., 14.1.1903.

staan as die ou Transvaalse spoorweë voor die oorlog teenoor die Kaap. Sy plig as Goewerneur van Transvaal sou dan in direkte botsing met sy plig as Goewerneur van die O.R.K. gewees het, asook met sy plig en verantwoordelikheid as Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika. Daarom dat Milner die netelige vraagstuk kon oplos deur die O.R.K. en Transvaal se spoorweë te verenig.

Amery verklaar dat Milner ook ver in die toekoms gesien het deur die twee spoorstelsels onder een onafhanklike liggaam te laat resorteer, want daardeur het hy die weg vir die moontlike amalgamasie met die Kaapse en Natalse hooflyne voorberei. Dit sou weer 'n groot stap in die rigting van federasie wees, en terselfdertyd die administrasiekoste verminder.⁷⁸

Milner se mag is dus versterk, nie alleen deur beheer oor die spoorweë van die twee kolonies nie, maar ook deur die modus vivendi van Desember 1901 wat deur die arbeidstekort op die goudmyne genoodsaak is. In ruil vir Portugese werkvolk sou Delagoabaai sy voor-oorlogse kwota aan spoorvervoer geniet. Die verenigde spoorweë sowel as die modus vivendi met die Portugese het 'n groot mate van ekonomiese selfstandigheid aan die twee gewese republieke teenoor Natal en die Kaapkolonie besorg. Bowendien was die surplus-inkomste van die noordelike spoorweë meer as voldoende om die rente op die lening van £35 miljoen te delg.⁷⁹

As gevolg hiervan was dit duidelik dat die twee noordelike kolonies 'n vername rol in die unifikasie van Suid-Afrika sou speel. Milner moes dit wel deeglik besef het, daarom dat hy so begerig was om die Kaapse grondwet opgeskort te kry, sodat die Kaap as kroonkolonie makliker by die noordelike kolonies en Milner se federasie-planne kon

78. Amery, op. cit., VI, p. 8 ; Headlam, op. cit., p. 256.

79. Van der Poel, J., Railway and Customs Policies in South Africa (Longmans, 1933), pp. 106-125.

inskakel.⁸⁰

As gevolg van die verenigde spoorweë het die konserwatiewe Vrystaters dadelik gevrees dat hulle deur Transvaal oorheers sou word. The Friend het dadelik vir die selfbestaan van die O.R.K. geskerm: „What we wish to point out is that although the two new Colonies are under one Governor, they are still independent of each other, and, as such, their industries should also remain independent. We in the Orange River Colony do not want to be overshadowed by our more important neighbour, and in the matter of our railway policy we will assuredly be so unless we run our lines as a separate system....”⁸¹

Toe dit boonop bekend word dat spoorwegwerkswinkels te Viljoensdrift gebou sou word, was die gort behoorlik gaar. Volgens The Friend was dit veral in Transvaal se belang en in 'n hoofartikel is prontuit verklaar: „In the future the Authorities will find that the disturbing elements in South Africa will be found in the Cape Colony and Johannesburg, and we in this Colony would prefer to remain outside this turmoil and be allowed to work out our own destiny quietly.”⁸²

Milner het hom geensins aan sodanige dreigemente gesteur nie. Toe Chamberlain in Suid-Afrika op sy inspeksietoer deur die twee nuwe kolonies aankom, het The Friend opnuut 'n aanval op kapitaliste soos sir Percy Fitzpatrick geloods, omdat hulle voornemens was om die hele spoorgeleied te oorheers veral omdat hulle die nodige sekuriteit vir die gewaarborgde lening sou voorsien.⁸³

Tydens Chamberlain se besoek aan Bloemfontein het die handelslui in hulle adres aan hom ook gepleit dat die O.R.K. nie 'n aanhangsel van Transvaal moes word nie. 'n

80. Headlam, op. cit., p. 405.

81. The Friend, 6.12.1902.

82. Ibid.

83. The Friend, 5.2.1903.

Afsonderlike administrasie, 'n onafhanklike geregshof en eie spoorweg - en onderwysdepartemente moes gewaarborg word. Ook die Boere-afgevaardigdes het by Chamberlain gepleit dat die spoorweghoofkantore na Bloemfontein terugverplaas word.⁸⁴ Chamberlain het geen antwoord op hierdie versoeke verstrek nie.

Intussen is die wins en administrasiekoste van die spoorweë nog deur die O.R.K. en Transvaal afsonderlik geën en bygedra. Tydens 'n konferensie in Johannesburg gedurende Maart 1903 het dit geblyk dat hierdie dubbele administrasie en inkomste-verdeling tussen die twee kolonies ondoeltreffend was. Milner het ook besef dat hierdie stelsel op 'n fiasko gaan uitloop. Derhalwe het hy op die konferensie aangekondig dat die ou stelsel van twee afsonderlike sake-ondernemings iets van die verlede was. Die ganse spoornetwerk is van toe af tot 'n enkele organisasie omskep waardeur dit die gesamentlike eiendom van die O.R.K. en Transvaal geword het. Die inkomste en uitgawe sou ook voortaan as 'n eenheid behandel word.⁸⁵

Voor hierdie konferensie plaasgevind het, het onderlinge naywer veroorsaak dat die O.R.K. en Transvaal mekaar swaar met spoortariewe belas het. Samesmelting van organisatoriese belange sou 'n verlaging van tariewe meebring - iets waarvoor The Friend reeds lank gepleit het - en tog het sommige Boere-voormanne die verandering as „onoordeelkundige officiële opdrijving van bezigheids optimisme" bestempel.⁸⁶

Tydens voorgemelde konferensie moes beslis word hoe 'n beperkte bedrag op die voordeligste wyse vir spooruitbreiding aangewend kon word. Van die gewaarborgde lening

84. The Friend, 7.2.1903.

85. Headlam, op. cit., p. 440.

86. Preller-versameling, Band 74 : dr. F.V. Engelenburg aan Transvaal Armen Kommissie, 19.11.1906.

moes ten minste £5,000,000 vir spooruitbreiding benut word. Nadat die spoorweë in drie kategorieë verdeel is, is na heelwat geredekawel die volgende spoorlyne vir onmiddellike aanbou in die O.R.K. goedgekeur: Viljoensdrift - Harrismith; Vereeniging - Johannesburg; Bloemfontein - Ficksburg - Harrismith; Klerksdorp - Kroonstad, en Springfontein - Jagersfontein. Saam met Transvaalse uitbreiding, t.w. Springs - Ermelo en Pretoria - of Krugersdorp - Rustenburg, sou dit altesaam 738 myl teen 'n uitgawe van £5,161,000 beloop. Verder is besluit dat in die O.R.K. die verbindings Modderpoort - Bethlehem en verlengings van Jagersfontein na Kimberley of Bloemfontein na Kimberley baie noodsaaklik was.⁸⁷ Dit sou die vernaamste graandistrikte binne trefafstand van die belangrikste markte bring en so die ekonomiese herstel van die boeregemeenskap bevorder.

Weens moeilikheid oor die verdeling van die Imperiale lening tussen die O.R.K. en Transvaal en die begeerte om die Milner-administrasie uit te brei, het Milner op 20 Mei 1903 een van sy „most original and fruitful” instellings in die lewe geroep, nl. die Interkoloniale Raad. Die funksie van hierdie liggaam was om Milner en die twee luitenantgoewerneurs omtrent die geldelike administrasie van die noordelike spoorweë, uitgawe in verband met die Constabulary, administrasie van die Imperiale lening en 'n paar kleinere onder-afdelings van die staatsdiens te adviseer.⁸⁸ Deur middel van 'n algemene begroting moes sake, waar afsonderlike ontwikkeling tot wrywing en geldverkwisting kon lei - soos reeds deur The Friend aangedui is - geadministreer word. Verder sou die twee kolonies afsonderlik en onafhanklik geadministreer word.

Die Raad het bestaan uit Milner, die twee luitenantgoewerneurs, die inspekteur-generaal van die Constabulary,

87. T.A., T.G. 164, p. 3 en p. 18.

88. O.R.C. 341, pp. 3-4 ; Headlam, op. cit., p. 440.

die koloniale tesouriers en prokureurs-generaal, die spoorwegkommissaris, twee onoffisiële Wetgewende Raadslede van die kolonies asmede 'n paar benoemde, dekoratiewe nie-amp-telike lede. Dit het die totaal op 14 lede te staan gebring. In 1904 is die raad tot 26 uitgebrei deur ses lede van die Transvaalse en vier van die O.R.K. se Wetgewende Raad en twee lede, een deur die Britse Minister van Kolonies en een deur Milner benoem, by te voeg.⁸⁹

Aanvanklik het Milner slegs 'n raad beoog om die twee kolonies van advies te bedien hoe die Imperiale lening wat aan spoorweë en nedersetting afgestaan is, bestee sou word. Dit het dus slegs sekere aspekte van die kolonies se ekonomiese ontwikkeling betrek, maar die raad se werksaamhede sou uiteindelik die ganse ekonomiese struktuur van die twee nuwe kolonies oorheers en die voorloper van unifikasie in Suid-Afrika word. Milner het van die begin daarop aangedring dat die Interkoloniale Raad grense moes ignoreer en die twee kolonies as een moes behandel. Volgens hom was veral spoorweë en nedersetting gemeenskaplike sake van die twee kolonies en daarom die Interkoloniale Raad om gemeenskaplike beheer uit te oefen.⁹⁰

As die £35 miljoen volgens uitgawe verdeel moes word, sou die O.R.K. weens sy kleiner inkomste bankrot speel. Spooraanleg in die O.R.K. sou Transvaal meer bevoordeel as spooraanleg in Transvaal self, want laasgenoemde het goedkoop kos benodig - kos wat alleen van die O.R.K. se graan-distrikte kon kom. Milner het die lening dus as 'n wedersydse las beskou en dit verdeel volgens die wyse waarop dit die voordeligste benut kon word.

'n Wesenlike swakheid van die Interkoloniale Raad was dat dit nie geld kon leen nie. Milner het hard probeer om

89. Inter Colonial Council of the Transvaal and Orange River Colony, Debates, November 1904, p. V.

90. Amery, op. cit., VI, p. 86.

dit te verkry, maar het misluk en daarmee is die raad as blywende instelling gedoem. Hy wou graag sien dat die raad spooraanleg finansier, maar onkoste op so 'n groot skaal het lenings van die koloniale parlemente genoodsaak, en so 'n stap sou dus ook die Transvaalse parlement 'n beherende aandeel in O.R.K.-aangeleenthede gee. Dit was juis waarteen The Friend gewaarsku het en wat deur die Interkoloniale Raad verhoed moes word.⁹¹

Gelyktydig met die stigting van die Interkoloniale Raad is daaruit 'n spoorwegkommissie benoem om as 'n soort uitvoerende liggaam onder voorsitterskap van die Spoorwegkommissaris finansiële beheer uit te oefen. Tydens 'n buitengewone vergadering van die Interkoloniale Raad in Maart 1904 is voorgestel dat 'n gekose komitee van die raad in die lewe geroep moet word om doeltreffende beheer oor die Spoorweë uit te oefen deur gereeld in Johannesburg vergaderings te hou. Tydens die bespreking hierop het dit duidelik geword dat die uitvoerende gesag nie veel beheer oor die spoorweë het om dit doeltreffend te administreer nie. Vervolgens is twee verslae opgestel. In die een is op die aanstelling van 'n bykomende Spoorwegkommissaris aangedring. Hy moes besondere kennis van geldelike aangeleenthede besit om die sakedeel van die spoorweë te behartig.⁹²

Die alternatiewe verslag, wat later aanvaar is, het aanbeveel dat die betrekking van Kommissaris afgeskaf en in plaas daarvan 'n Hoofbestuurder en 'n geldelike Kontroleur en rekenmeester van die Interkoloniale Raad aangestel word. Hierdie persone moes deur vier vier amptelike lede, twee vir elke kolonie bygestaan word, en saam sou hulle die spoorwegkomitee uitmaak.⁹³ Die Hoofbestuurder het dus

91. Vgl. Headlam, op. cit., pp. 556-7 : Milner aan Selborne, 14.4.1905.

92. T.A. 73 : Inter Colonial Council Debates, Maart 1904, p. 127.

93. Worsfold, W.B., The Reconstruction of the New Colonies under lord Milner, II, p.33.

die Spoorwegkommissaris as uitvoerende hoof van die spoorstelsel vervang, terwyl die spoorwegkomitee die Kommissaris se pligte as adviseur van Milner en beheer oor die spoorweë oorgeneem het. Die ouditeur sou die boekhou en rekeninge behartig. Eers teen die einde van die geldelike jaar in 1904 is daar dus orde in die rekeninge afdeling van die spoorweë geskep.⁹⁴

Milner se ganse finansiële huishouding was egter te afhanklik van die spoorweginkomste, en het dus aan 'n sterk fondament ontbreek. Wanneer die spoorweginkome gedaal het, het dit die hele geldelike struktuur in gevaar gebring, te meer omdat die rente vir die gewaarborgde lening ook daaruit gehaal is. Hierdie swak plek in die geldelike administrasie het duidelik geblyk toe die spoorwegbegroting in Maart 1903 nie geklop het nie en die tekort vir albei kolonies op £1,800,000 te staan gekom het. Milner moes self erken: „We are in an awkward fix”⁹⁵ Later is die tekort wel vermy, maar ten koste van nuwe spoorsanleg wat uitgestel moes word en besuiniging ten opsigte van die Constabulary en ander vertakkinge van die staatsdiens.

Die Interkoloniale Raad moes intussen sorg dat die gewaarborgde lening van £35,000,000 tussen die O.R.K. en Transvaal verdeel word. Uiteindelik het die O.R.K. £7,700,000 en Transvaal £27,300,000 daarvan ontvang. Van hierdie bedrae is £4,472,089 in die O.R.K. en £13,965,837 in Transvaal aan spoorweë bestee.⁹⁶ Ongeveer £18,000,000 d.w.s. meer as die helfte van die gewaarborgde lening, is dus aan spoorweë bestee, waar daar aanvanklik van slegs £5 of £6 miljoen sprake was.⁹⁷ Dit was die voordeligste belegging wat tydens die Milner-bewind gemaak is, want ook

94. Inter Colonial Council Debates November 1904, p. 2.

95. The Bloemfontein Post, 3.3.1904.

96. O.R.C. 341, pp. 55, 45.

97. Vgl. Cd. 1844/1903, p. 27.

die boerdery in die O.R.K. het grootliks daarby gebaat.

Verder is in die twee kolonies tesame £7,168,467 aan repatriasie en kompensasie bestee, m.w.a. die veelgeroemde „vrye gif" van £3 miljoen en ander repatriasie- en kompensasiegelde is as 'n las op die verowerde kolonies self gelê. Ook £1,560,852, wat as vergoeding aan lojaliste betaal is, asook £2,465,925, wat in albei kolonies aan Britse landnedersetting bestee is, is van die gewaarborgde lening afgetrek. Kleinere uitgawes aan openbare werke, instandhoudingskoste en betaling van ou skulde van die Zuid-Afrikaansche Republiek, nl. £2,500,380, het die res van die £35,000,000 opgeslurp.⁹⁸ Geen wonder dus dat die Interkoloniale Raad soms as 'n dekmantel vir buitensporige geldverkwisting bestempel is nie.⁹⁹

Ten tye van die uitbreek van die oorlog was daar 1109 myl spoorlyne in die Vrystaat en Transvaal. Tydens die oorlog is 226 myl aangelê. Nadat die £35,000,000 gewaarborgde lening aan die twee verowerde kolonies toegestaan is, het Chamberlain namens die militêre owerhede 'n eis van £1,250,000 vir die oorlogsaanbou ingedien. Die nuwe spoorwegadministrasie het geweier om die geld te betaal en die saak na die Britse Koloniale Kantoor verwys. By gebrek aan beskikbare fondse is die eis nie betaal nie, maar toe die spoorweë onder die Interkoloniale Raad aan die einde van die geldelike jaar in 1906 'n wins afwerp, is £500,000 aan die Britse Oorlogskantoor gestuur. Die spooruitbreiding is op so 'n skaal aangepak dat die militêre owerheid onmoontlik ten volle vergoed kon word, want aan die einde van 1904 was 403 myl nuwe aanleg reeds onder konstruksie.¹⁰⁰

Die Interkoloniale Raad het tot 1908 voortbestaan.

98. O.R.C. 341, pp. 55, 45.

99. Worsfold, W.B., The Reconstruction of the new Colonies under lord Milner, II, p. 345.

100. T.K. 173/1 : Central South African Railways : Verslag van die Algemene Bestuurder 1904, p. 3.

Toe is gevoel dat sy funksie na regte deur die regerings van die twee nuwe selfregerende kolonies oorgeneem moes word.¹⁰¹ Vervolgens het daar op 1 Junie 1908 twee konvensies in werking getree om voorsiening te maak vir die verdeling van eiendom deur die Interkoloniale Raad geadministreer, en die gesamentlike bestuur en die administrasie van die spoorweë in die O.R.K. en Transvaal.¹⁰²

Die rollende materiaal wat sedert die begin van die oorlog tot Junie 1908 verkry is, is op die basis van 74% vir Transvaal en 26% vir die O.R.K. verdeel. Vanaf 2 Junie 1908 sou die spoorweë as een stelsel deur 'n raad van 5 lede, 3 vir Transvaal en 2 vir die O.R.K., met hoofkantoor in Johannesburg en 'n Algemene Bestuurder aan die hoof, bestuur word.¹⁰³

Die twee spoorwegkonvensies het die spoorweë buite die politiek geplaas. Verder is die O.R.K. se vrees vir Transvaalse oorheersing gesus deurdat Transvaal net een stem meer as die O.R.K. gehad het in plaas van 9 teen 3 onder die Interkoloniale Raad. The Friend het die twee konvensies heelhartig verwelkom en terselfdertyd 'n laaste klap aan die Milner-administrasie uitgedeel: „Lord Milner annexed our Railways to be exploited by the Rand for our punishment. Our earnings were in large taken from us and devoted to the improvement or construction of Fourteen Streams and Delagoabay. Lord Milner's program was to make us underpartner until the Rand could become independent. In the new 'pool,' on the other hand, we have a genuine instalment of the federation principle, of which lord Milner's 'pool' was a mockery.”¹⁰⁴

Tog was daar onder Milner en Britse kroonkolonie-bewind

101. Notule van die Wetgewende Raad van die O.R.K. 19.12.1907, p. 5 : Toespraak deur Abraham Fischer.

102. Goewermentskoerant, 5.6.1908.

103. The Friend, 6.6.1908.

104. The Friend, 11.6.1908.

groot spoorweguitbreiding in die O.R.K. Waar daar teen 1899 slegs ongeveer 442 myl spoorweë was, was daar teen April 1908 reeds 1,001 myl, wat, behalwe die hooflyne, ook 'n netwerk van taklyne, veral na die graangebiede, ingesluit het.¹⁰⁵ Belangrik was veral die voltooiing van die Natalse lyn oor Harrismith na Bethlehem in Maart 1905 en die aansluiting tussen Modderpoort en Bethlehem in Julie 1907, sodat die Bloemfonteinse lyn met Natal verbind is nadat Modderpoort en Bloemfontein reeds in Junie 1904 verbind is. Hierdie lyne het landbouprodukte binne bereik van die belangrikste marksentra gebring.

Die arbeidstekort na die oorlog wat tot die invoer van Chinese gelei het, is ook deur die spoorweë ervaar en het aanvanklik die spoorwegprogram gestrem. In Julie 1903 is die moontlikheid van blanke arbeid vir die eerste keer geopper. Die Interkoloniale Raad het besluit om nuwe lyne deur middel van blanke arbeid te bou om so die ekonomiese nood onder die blankes te verlig. Dit het die fondament van die hedendaagse blanke arbeid van die spoorweë gelê. Na 1907 is ook slegs blankes in goedereloodse en op stasiieperronne gebruik en aan die einde van 1908 was tussen 1900 en 2000 blankes in spoorwegdiens in albei kolonies.¹⁰⁶

Samevattend kan dus verklaar word dat Milner se administrasie lofwaardige pogings aangewend het om die twee verowerde republieke se ekonomiese herstel te bespoedig, maar op kulturele en politieke gebied is 'n magtige Afrikaanse teenkanting teen Milnerisme gevorm. Milner se landnedersettingskema en sy denasionalisasie planne m.b.t. die onderwys was noodlottig onrealisties. Sy denasionalisasie planne het presies die teenoorgestelde uitwerking gehad en

105. Saamgestel uit die verslae van die Algemene Bestuurder van die Spoorweë tot 1908.

106. Jaarverslag van die Algemene Bestuurder van die Spoorweë 1908, p. 4.

Milnerisme het sinoniem met „Britse oorheersing" geword. Dit het 'n sterker anti-Britse gevoel as selfs vóór die oorlog gevoed. In hierdie opsig het Milner die Afrikanervolk onbewus 'n groot diens bewys. Uit Boere-oogpunt beskou sou die herroeping van Milner, volgens genl. De Wet, eintlik 'n ongelukkige stap gewees het, want „he is helping the Boer cause so ably by the anger he is creating....., so if a Liberal Ministry does recall him, it won't have much practical effect." 107

Toe Milner Suid-Afrika in April 1905 verlaat, was die £35,000,000-lening feitlik gespandeer. Tog is daar, naas spoorweguitbreiding, verbeterde onderwys, wetenskaplike landbou en die hervatting van die Randse mynbou, weinig vir die Afrikaners van die eertydse Republieke mee bereik. Milner se hoë amptenare was gehaat en verag, sy bereide konstabels openlik geminag en die landnederstellingstelsel 'n groot mislukking. Slegs die uiters jingoïstiese Bloemfontein Post het hom geprys en verklaar dat sy administrasie die O.R.K. oor 'n baie kritieke tydperk heen gehelp het. 108

Veel kritiek - soms baie onregverdig - is Milner dikwels teen die hoof geslinger. Genl. Smuts het hom as 'n satraap beskou, wie se verwaandheid hom altyd woedend maak het. Voorts het hy Milner daarvan beskuldig dat hy sy vriende probeer bevoordeel het met 'n administrasie wat 'n „karnival van oordadigheid" in 'n land was „wat op die rand van bankrotskap gestaan het." 109

Dit is natuurlik onbillik om te verwag dat die oweraar sy vorige vyand in alles sy sin moes gee, maar die wyse waarop sommige amptenare 'n vreemde stelsel afge-

107. Hobhouse Memoirs XII : Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, 1.7.1903.

108. The Bloemfontein Post, 29.7.1904.

109. Crafford, op. cit., pp. 70, 72.

dwing het, het blywende vervreemding meegebring. Die uitgerekte kroonkolonie-bewind, die onrealistiese landnedersettingskema en die verengelsingsbeleid in die onderwys het Milner se gebrek aan mensekennis verraa. Die denasionalisasieplanne het nie rekening gehou met die ontoeskietlike fermheid van die Boere-karakter nie. Dit het 'n herlewing van Afrikanernasionalisme verhaas en goedbedoelde en goeie veranderings is met meer as die normale agterdog bejeën. Miskien verdien Milner juis lof dat sy administrasie in sodanige omstandighede nie in tirannie ontaard het nie.

Die daling in die goud-opbrengs was vir Milner 'n kwaai slag, omdat hy groot na-oorlogse uitbreiding van die goudmynnywerheid voorsien en sy herstelplanne dienooreenkomstig ingerig het. In 'n poging om sake te verhelp, het hy goedkoop Chinese arbeid ingevoer en daarmee sy kop in 'n bynes gestee. Ten spyte van die kritiek van die Liberales en die Afrikaners het hy toegewyd sy taak verrig. Tereg kon Curtis verklaar: „The conception of public duty which Lord Milner set, has never been passed.....”¹¹⁰

Behalwe buitengewone persoonlike mag, het Milner ook nog die magte verbonde aan sy amp as Hoë Kommissaris geniet. Dit het hom in staat gestel om die noordelike spoorweë onder een administrasie te verenig, knap, opgeleide onderwysers in te voer en, hoewel tydelik, 'n Suid-Afrikaanse tolunie, te bewerkstellig. Ook kon hy so die eerste omvattende ondersoek na naturelle-beleidsrigtings deurvoer. Die gesonde spoorwegadministrasie het 'n model vir latere ontwikkeling geword. Al hierdie prysenswaardige bouwerk het Pyrah laat skryf: „The fabric of civilization which the war had destroyed, Milner restored in a much more perfect form.....”¹¹¹

110. Curtis, op. cit., p. 348.

111. Pyrah, op. cit., p. 235.

Verwarring oor die vertolking van Artikel X van die Vredestraktaat, te min fondse, droogte, die instorting van die Boere-landbou-ekonomie en verarming was groot hindernisse op sy weg. „Despite all this, Milner and his assistants performed most efficiently their task of rural rehabilitation, not merely as an emergency operation, but with far-sighted planning which inaugurated in South Africa a new era of scientific agriculture.“¹¹²

Die Britse staatsdiens was nog altyd bekend vir sy hoë peil van doeltreffendheid en goeie amptenare. Hoewel daar bittere teenkanting was, het Milner op sy ingeslane weg voortgegaan om in elke vertakking van die openbare lewe opgeleide vakmanne daar te stel. Hy het geglo in sy stelsel en sy amptenare. Pyrah verklaar dan ook: „One of the chief virtues of the regime which Milner established was its integrity. It stands to his abiding credit that he instituted the best traditions of the British Civil Service, and endowed the Transvaal for the first time in its history with a clean and efficient administration....“¹¹³

Die masjinerie wat Milner geskep het om weeropbou te bewerkstellig, het uiteindelik ook 'n groot bydrae tot die unifikasie van Suid-Afrika gelewer. Die verenigde noorde-like spoorweë en die Interkoloniale Raad het die ekonomiese skeidsmuur tussen die O.R.K. en Transvaal verwyder en uit hierdie samewerking is veral na 1910 'n breë patroon geskep.

Toe Milner op 2 April 1905 afskeid van Suid-Afrika geneem het, het slegs die stedelike bevolking sy imperialistiese strewe toegejuig. In 'n afskeidstoespraak in Johannesburg op 31 Maart 1905 het hy vir oulaas verklaar: „If you believe in me, defend my works when I am gone I shall live in the memories of people here, if I live at all,

¹¹². Hancock, op. cit., p. 172.

¹¹³. Pyrah, op. cit., p. 154.

in connection with the great struggle to keep this country within the limits of the British Empire I should prefer to be remembered for the tremendous effort, wise or unwise in various particulars, made after the war, not only to repair its ravages, but also to restart the Colonies on a far higher plane of civilization than they had ever previously attained."¹¹⁴

Hoe dit ook al sy, Milner se bouwerk het geen blywende herinnering in Suid-Afrika geword nie. In 'n sekere sin was hy 'n tragiese figuur, want nog in sy eie leeftyd moes hy aanskou hoe baie van sy skeppings tot niet gaan. Ná die toekenning van verantwoordelike bestuur het die Afrikaner baie van sy skemas holus bolus oorboord gegooi. Die Constabulary is met 'n eie Suid-Afrikaanse polisiemag vervang, die Interkoloniale Raad is ontbind, landnedersetting was 'n mislukking, en die skoolstelsel het nooit ontwikkel na dit wat Milner geïdealiseer het nie.

Milner het hom misgis in sy oordeel dat militêre neerlaag die Afrikanerdom verpletter het. Net soos Durham hom met die Franse in Kanada misreken het, het Milner die Afrikaner se wesensaard nooit kon deurgrond nie. Die skok van die neerlaag, sowel as die daaropvolgende Milner-administrasie het die uitwerking gehad om die Afrikaner tot volle bewussyn van homself te bring. Juis hierdie herontwaking sou hom in staat stel om finaal die vernederende knegskap van 'n verowerde van hom af te werp.

¹¹⁴. Headlam, op. cit., pp. 546-547.

H O O F S T U K I I I .

SKIKKING DEUR VERDRINGING.

„I (Milner) feel, more than ever,
that the whole weight of the Imperial cause in this part of the world rests on me, that I am bearing it alone." - C. Headlam.

Milner het in die Afrikanervolk 'n gedugte teenstander gesien. In 1898 het hy in 'n brief aan mej. Bertha Synge verwys na die groot stryd wat in Suid-Afrika op hom wag, „a struggle in which humanly speaking, I am going to win You may say 'humanly speaking' is a big if," het hy hierop laat volg, „and so it is. The Higher Powers seem twice in the past to have directly intervened and wrought a miracle for the Afrikanders. Why not a third time? It is small wonder that the pious parsons of the Dutch Reformed Church really believe that the Lord of Hosts is always on the lookout and will get them out of any tight place. But I have my private heresy and doubt whether He will always do it....¹”

Uit hierdie geloofsbelydenis blyk duidelik dat Milner reeds vóór die oorlog die oorweldiging van die Afrikanerdom in gedagte gehad het. In die lig hiervan gesien het ál Milner se doelstellinge - ekonomies, opvoedkundig en konstitusioneel - vir die Afrikaner 'n onheilspellende betekenis ingehou.

Veel is reeds geskryf oor die feit dat Milner die Tweede Vryheidsoorlog „veroorzaak" het, dat hy daarop uit was „om die Afrikanerdom te breek," soos James Molteno by geleentheid verklaar het. Milner het later by herhaling on-

1. Wrench, J.E., Alfred lord Milner, the man of no illusions, p. 195.

dat hy ooit hierdie uitlating gebesig het. As bewys hiervoor haal Wrench 'n skrywe aan van Milner op 8 Mei 1899 aan die Natalse goeweneur, sir Walter Hely-Hutchinson, waarin hy laat deurskemer dat die radikale hervorminge, soos deur Krüger aangebied, deur die uitlanders aanvaar moes word. Milner skryf: „Personally I am playing quite openly and whole-heartedly for radical reform Possibly the Transvaal may never become part of our South African Empire, though I think, with statesmanship on our side, it must come in time....”²

Minder as twee maande ná die aanvang van die oorlog het hy ook in 'n brief aan Chamberlain, Britse minister van kolonies, ontken dat hy ooit gesê het dat hy vasbeslote is „to break the Dominion of Afrikanerdom.” Hy verduidelik: „I stated what I did consider to be the real root difference between our policy and that of the South African Republic and its sympathizers, viz., that the latter aimed at maintaining throughout South Africa the predominance of a single race, while we were contending for equality But as a matter of fact, if the case was reversed, and the non-Dutch South Africans were trying to oppress their Dutch fellow-countrymen, I should be just as much opposed to them as to the Dutch oligarchy of the Transvaal. It is this opinion, to which I adhere, which is no doubt responsible for Mr. Molteno's statement that I said 'I am determined to break the Dominion of Afrikanerdom.'”³

Hoe koddig klink hierdie holle woordespel as Milner twee weke later aan mej. Synge skryf dat die oorlog „a war of liberation from the rule of the Mauser” is.⁴ Dit het spoedig geblyk dat hy die republieke vir iets ergers as die bewind van die Mauser wou bevry.

2. Ibid., pp. 199-200.

3. Ibid., p. 208 : Milner aan Chamberlain, 30.11.1899.

4. Ibid., p. 209 : Milner aan mej. Synge, 11.12.1899.

Met die denasionalisasie van die Afrikaner voor oë het Milner na die oorlog sy onderwysbeleid en landnedersettingskema aangepak. Dit was daarop gemik om die Afrikaner op geestelike en materiële gebied onder te ploeg of tot 'n magtelose minderheidsgroep in sy eie land te reduceer.

Die so bekende poging van Milner om deur middel van die opvoeding en onderwys die Afrikaner te denasionaliseer, is reeds breedvoerig in talle wetenskaplike verhandelinge bespreek.⁵ Hier word dus volstaan deur slegs in hooftrekke die onderwysbeleid aan te dui, hoewel skrywer met hierdie oorsigtelike beeld gladnie buite rekening laat dat die onderwys 'n belangrike en selfs beslissende aspek van die Milner-bevind was nie.

Dit is verstaanbaar dat Milner soveel waarde aan onderwys geheg het in sy poging om die Afrikaner te verengels. Hy moes besef het dat dit nooit voldoende sou wees om die Afrikaner in getalle te oortref deur middel van grootskaalse immigrasie en hom dan met rus te laat nie. Afrikaners wat soos Britte praat en dink sou tewens Britse immigrasie onnodig maak. Dit was Kitchener wat Milner daarop gewys het dat die gedagte aan 'n Britse meerderheid in die Afrikanerwieg gedoem is. Milner moes dus verengels en die Afrikaner in getalle oortref. „Next to the composition of the population, the thing which matters most is its education," het hy reeds op 27 Desember 1900 aan majoor Hanbury Williams geskryf.⁶ Die denasionalisasie van die Afrikaner

5. Vgl. Beukman, B.I.S., Die Geskiedenis van Onderwys in die Vrystaat 1898-1912 (Ms. Univ. S.A., 1936; Linde, A.A., Die Geskiedenis van die onderwys in die O.V.S. met spesiale verwysing na die ontwikkeling van moeder taalonderwys (Ms. U. Stell., 1938); Van Rooyen, I.M., Die C.N.O.-beweging gedurende die periode 1900-1908 in die O.R.K. met verwysing na die C.N.O.-beweging in die Transvaal, Kaapland en Natal (Ms. Univ. S.A., 1946); Van Schoor, M.C.E., Dr. Brill as onderwysfiguur in die O.V.S., 1873-1907 (Ms. Univ. S.A., 1948); en Verwey, C.T., Die Geskiedenis van die Onderwys, 1895-1905, in die O.V.S. (Ms. Univ. S.A., 1935).

6. Headlam, C., The Milner Papers, II, p. 243.

moes dus ook deur die skole geskied.

Milner het besef dat die Afrikaner sy taal as politieke wapen gebruik. Verder het hy vas geglo in die meerderwaardigheid van die Engelse taal. Hy het geweier om die noodsaak van tweetaligheid te erken: „English should be made indispensable, and the rising generation should be compelled to learn it.”⁷ Hollands moes toegelaat word totdat verengelsing goed wortel geskied het en om die nie-Engelssprekende van bevooroordeeldheid te weerhou.⁸

Reeds in die kampskole is die kinders van Bittereinders en krygsgevangenes gedenasionaliseer. Na die repatriasie van die bevolking is hierdie skole deur regeringskole in die dorpe vervang. In hierdie skole is die alleenreg van die Engelse taal vooropgestel en aan Hollands 'n skrale drie uur per week toegestaan, terwyl Geskiedenis as vak ingespan is om die Afrikanerkind ook geestelik te verbrits. Die gees, rigting en inslag van die gewese republikeinse onderwysstelsel is vervang met vrye (liberale), nie-sektariese, nie-verpligte Engelse staatskole. Hierdeur is veral die Hollandse taal in knegskap geplaas. Tereg bevestig Pyrah: „To teach a Boer child English was, to Milner, to give him the means of advancing himself in every profession except the most backward forms of agriculture; to teach an English child Dutch was a complete waste of time....”⁹

Hoewel pres. Steyn reeds voor die oorlog eie universitêre opleiding vir Vrystaters in die vooruitsig gestel het, was dit Milner wat dit verwesenlik het. Gratis primêre en sekondêre onderrig het later tot hoër - en universitêre onderrig gelei. Hiervoor verdien Milner beslis lof. Die snelle vordering van onderwys blyk daaruit dat daar teen

7. Pyrah, G.B., Imperial Policy and South Africa 1902-19 p. 243.

8. Headlam, op. cit., pp. 42-43.

9. Pyrah, op. cit., p. 203.

Maart 1903 reeds 42 dorpskole in die O.R.K. was.¹⁰

Hierna het die vordering nog vinniger geskied. Van 192 skole met 12,507 leerlinge en 280 onderwysers in 1903-04 styg dit in 1906-07 tot 306 skole met 17,201 leerlinge en 621 onderwysers.¹¹ In opdrag van Milner het die owerheid in die O.R.K. deur middel van die Departement van Onderwys van die heel begin af die ganse beheer, bestuur en finansiering van die onderwys op hom geneem. Daardeur kon die behoorlike uitvoering van die beleid van verengelsing en liberale, nie-sektariese onderwys gewaarborg word. Teen die einde van 1903 is skoolkommissies deur die owerheid benoem. Die owerheid het van die standpunt uitgegaan dat, aangesien die staat alle onderwysfondse verskaf, daar in die verband geen verantwoordelikheid meer op die skoolkommissies gerus het nie. Dienooreenkomstig is die inwoners die reg van verkiesing van die kommissies ontsê, hul pligte tot nietighede beperk en hulle mag om onderwysers te benoem hulle ontnem. Met 'n liggaam waarvan die belangrikste taak was om klagtes van ouers aan te hoor en wat tog geen stappe kon doen sonder die toestemming van die departement nie, sou die burgers van die eertydse Vrystaatse republiek nie gediend wees nie. Die beginsel dat ouers seggenskap in die onderwysbeleid en veral in die benoeming van onderwysers moet hê, is deur die Britse bewind totaal negeer.¹²

Die Afrikaners het gou teruggeveg teen die verengelsing. Hulle het die sentralisasie, sekularisasie en desnasionalisasie van die Milner-stelsel verdoem. So ontstaan C.N.O.-skole. In haas elke O.R.K.-dorp is so 'n skooltjie aangetref wat uit geloof en eie geldmiddele gestig is. Ook

10. Cd. 1551/1903, p. 109.

11. Verslag van die Departement van Onderwys van die O.R.K. vir die jaar geëindig 30 Junie 1907, pp. 7-8.

12. Van Schoor, M.C.E., Onderwys in die Oranje-Vrystaat, Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1960 (Pretoria, 1963), p. 165.

in Bloemfontein is 'n C.N.O.-skool in die voorportaal van die Gereformeerde Kerk opgerig wat weldra tot die Sentrale Laer- en Hoërskool, vandag die grootste in die Vrystaat, sou ontwikkel.¹³

Om hom uit hierdie onuithoudbare posisie los te wikkkel, het die owerheid gedurende 1905 amalgamasie tussen die C.N.O.-skole en die regeringskole bewerkstellig. Finansiële laste het die meeste C.N.O.-skole tewens daartoe gedwing. Volgens 'n nuwe onderwys-ordonnansie is die meerderheid van skoolkommissielede deur die blanke belastingbetalers verkies en hierdie kommissies kon voortaan leerkragte benoem en distrikskole beheer. Engels het nog die medium van onderrig gebly, maar eweveel tyd moes aan die studie van Hollands as aan die studie van Engels gewy word. Sover dit godsdiensoonderrig betref, sou suiwer Bybelgeskiedenis deur onderwysers, en dogmatiese onderwys deur predikante na skoolure doseer word.¹⁴ Die onderwys het dus neutraal geword.

Teen 1906 was daar nog ongeveer duisend kinders in enkele C.N.O.-skole. Vir baie Afrikaners het die regering-skole vreemd aan hulle volksaard gebly. Grootliks deur toedoen van pres. Steyn, wie se geloof in die krag van die vrou vir die volkslewe hom daartoe gelei het, is die Oranje Meisjes en Normaalschool in 1907 te Bloemfontein opgerig. Die doel met hierdie skool was om 'n vrye C.N.O.-skool te hê „alwaar dochters uit ons volk bezielde met liefde voor't volk tot onderwyzeressen zullen worden opgeleid.“¹⁵

Met die bewindsaanvaarding van die Orangia-Unie in 1907 het genl. Hertzog dadelik 'n nuwe onderwyswet laat opstel en aanneem. Dit sou die ideale van die Afrikaner op onderwysgebied veel meer as totnogtoe verwesenlik, maar terselfdertyd ook nie die regte van die Engelse minderheids-

13. Ibid., p. 169.

14. O.R.K.-Wetboek 1900-1906, pp. 1218-1219 : Wet 29 van 1905.

15. Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 176.

groep misken nie, want die nuwe grondwet het die beginsel van tweetaligheid erken.¹⁶

Die ingevoerde skoolhoofde en onderwysers het hul posisies behou, hoewel permanente aanstellings tweetaligheidsertifikate vereis het. Alle krediet moet aan veral die Skotte en Iere onder hulle gegee word vir die hoë peil van onderwys wat hulle kom instel en deurentyd gehandhaaf het, en waardeur die Vrystaatse onderwyswêreld bepaald verryk is. Hoewel hulle in hulle kultuurdrang vreemd teenoor die Afrikanerkind gestaan het, het ernstige wrywing selde voorgekom.

* * * * *

Naas die verengelsing van die Afrikanerkind het Milner, wat na die vrede van Vereeniging uit erkenning van sy diens aan imperialisme tot 'n burggraaf van die Verenigde Koninkryk verhef is, egter nog 'n ander hulpmiddel geskep om die Afrikanerdom geheel en al onder te ploeg. Dit was die veelbesproke landnedersettingskema waarmee hy die ou rasse-verdeling wat vir die botsende belange en ideale van die verlede verantwoordelik was, wou vernietig. Hy wou tesame met die repatriasie van die ou bevolking 'n „fresh population” op die platteland vestig.¹⁷ So sou die O.R.K. en Transvaal verengels en finaal en volkome onder Britse heerskappy gebring word. Tereg het hy verklaar: „If we can appreciably strengthen the British element, it is all we want.”¹⁸

Hiermee wou hy eintlik die politieke, maatskaplike en ekonomiese stelsels in die nuwe kolonies so inrig, dat hulle as tipiese Engelse kolonies hulle plek in die Britse Ryk kon

16. Goewermentskoerant, 1.7.1907.

17. Cd. 1163/1902, p. 101 : Milner aan Chamberlain, 21.2.1902; vgl. ook Millin, S.G., General Smuts, I (Londen, 1936), p. 200; ook Phillips, Lionel, Transvaal Problems, p. 13.

18. Headlam, op. cit., p. 217 : Milner aan Chamberlain, 20.2.1901.

volstaan. Sy ganse heropbouwerk is dus met voorbedagte rade beplan om te voorkom dat daar ooit weer twee uiteenlopende politieke stelsels in Suid-Afrika kon bestaan. Hy het gehoop dat sorgvuldig-uitgesoekte Britse nedersetters 'n geheel nuwe uitkyk by die plattelandse Boer sou bewerkstellig.¹⁹ Die werklike doel van die veelbesproke nedersettingsplan was dus om die „agterlike“ Afrikanerdom op die platteland, deur 'n „Ulster-“ bevolking tussen hulle te plaas, te neutraliseer en te verengels. In dieselfde mate as wat lord Durham vroeër in Kanada die Franse element deur nuwe Britse inkomelinge wou oorstroom, wou Milner van die begin van die twintigste eeu in Suid-Afrika die twee gewese republieke vir Britse imperialisme verseker.

Die verbritsing van Suid-Afrika, veral Transvaal en die Oranjerivierkolonie, was dus 'n vername punt in Milner se herstelprogram. Hy het self bely dat imperialisme vir hom 'n politieke dogma was: „In reality it has all the depth of a religious faith. It is a question of preserving the Unity, to develop freely on its own lines and to fulfill its distinctive mission in the world.“²⁰ Sy algemene politieke beleid kan dan ook soos volg saamgevat word: „to establish an English population with English law and language and to trust its government to none but a decidedly English legislature.“²¹ Daarom dat hy openlik verklaar het dat die vestiging van Britse nedersetters die imperialisme se enigste beskerming in die verowerde kolonies was.²²

In 1839 het Durham met betrekking tot die verbritsing van Kanada feitlik dieselfde woorde gebruik toe hy immigrasie aanbeveel het om die Franse in Benede-Kanada te oorstroom. „It must henceforth be the first and steady purpose of the British Government to establish an English population, with

19. Wrench, op. cit., p. 241 ; Headlam, op. cit., p. 98.

20. Milner, A., The Nation and the Empire, p. XXVII.

21. Amery, L.S., The Times History of the War in South Africa, VI, p. 17 en p. 29.

22. Headlam, op. cit., p. 370.

English laws and language, in this Province, and to trust its government to none but a decidedly English legislature."²³ Selfs die bewoording stem in albei gevalle ooreen. Daar kan dus geen twyfel wees dat Milner met behulp van landnedersetting en immigrasie die Afrikaner tot 'n magtlose minderheid in sy eie land wou laat daal nie, nes Durham met die Franse in Kanada wou doen.

Reeds in Junie 1900 het Milner in 'n vertroulike skrywe aan genl. Pretymann, militêre goewerneur van die O.R.K., soos volg insake landnedersetting bely: „I consider this the greatest of all our problems, one in which success would be most important, but which is most difficult to approach."²⁴ Hierdie brief is etlike weke na die „anneksasie" van die Vrystaatse Republiek geskryf en toon duidelik hoeveel waarde Milner aan 'n Britse meerderheidstem in die verowerde kolonies geheg het. Vir hom sou die Suid-Afrikaanse vraagstuk nie opgelos wees alvorens die meeste van die landbouers Brits was nie.²⁵

Anderhalf jaar voordat wapengeweld die Afrikaner van sy erfregtelike besitting sou beroof en toe die Boere-teenstand in die veld nog geensins afgetakel was nie, het Milner reeds as toekomsideaal die verdwering van die Afrikaner in sy eie land in 'n vertroulike brief soos volg gelug: „On the political side, I attach the greatest importance of all to the increase of the British population If, ten years hence, there are three men of British race and two of Dutch, the country will be safe and prosperous We not only want a majority of British, but we want a fair margin..."²⁶

Volgens Milner sou dus alleen 'n staat waarin die Britse bevolking oorheersend was werklik vooruitstrewend

23. Durham, lord, A Report on Canada (Londen, 1930), p. 212.

24. Headlam, op. cit., p. 134 : Milner aan Pretymann, 20.6.1900.

25. Ibid., p. 144 : Milner aan Chamberlain, 9.5.1900.

26. Ibid., p. 242 : Milner aan Hanbury-Williams, 27.12.1900.

wees. Indien daar drie inwoners van Hollandse afkoms teenoor twee van Britse afkoms sou wees, sou die Britse regering „ewigdurende moeilikhede" ondervind. „A mere sprinkling" sou van geen nut wees nie, want dan sou die Britse element geabsorbeer en net meer Afrikaans as hule bure word.²⁷ Daarom was dit vir hom van die allergrootste belang om soveel soos moontlik van die Britse soldate, veral die koloniale kontingente en die Yeomanry, na die oorlog hier te hou. Hulle moes in alle afdelings van die staatsdiens opgeneem word, maar veral in die boerdery 'n heenkome vind om as waarborg vir Britse gesag op die Suid-Afrikaanse platteland te dien.²⁸

Milner was verontrus dat so min Engelse in Suid-Afrika in die boerdery betrokke was. Daarin het hy 'n groot bedreiging vir sy toekomsplanne vir dié land gesien. In 'n brief wat hy in September 1901 aan 'n vriend in Engeland geskryf het, het hy daarop ingegaan - nadat hy die taalbeleid wat na die oorlog gevolg sou word, bespreek het: „I have no idea whatever to admit equality of languages, and I hope there will be little trouble in making English the language of Courts, Schools and Parliament, but always with a tolerance of Dutch where necessary as long as necessary.... A far greater problem to my mind than that of language is that of the land. Over 5/6ths of South Africa (all the soil) is virtually in Dutch hands, as industry and commerce are in British. The danger of the race division being accentuated and deepened by an economic division - a purely Dutch agricultural party opposed to a purely commercial British one - is very great. It thus becomes of the first importance to strengthen the British element on the land."²⁹

In Januarie 1902 het hy by Chamberlain aangedring op voortdurende en konsekwente optrede insake „a question which

27. Ibid.

28. Cd. 1163/1902, p. 89 ; ook Headlam, op. cit., p. 283.

29. Wrench, op. cit., p. 229.

is of the deepest importance to this country, viz. the settlement of British colonists upon the land."³⁰ Voorts het hy verklaar: „Our great hope is in getting a considerable number - several thousands - of settlers of a superior class, and placing them in districts where there is already a British nucleus, preferably in the eastern parts of the Colony, in the Conquered Territory, and in the southern and southwestern districts of the Transvaal...."³¹ Die Verowerde Gebied - die vrugbare graanskuur van die O.R.K. wat ten duurste tydens die Basoeto-oorloë met Afrikanerbloed gekoop is - moes dus die wenakker word van 'n nuwe skema wat die karakter van dié gebied moes verander.

Die grootste struikelblok in die weg van die imperialistiese landnedersettingsplan was die Afrikaanse platteland met sy pioniertipes. Om die rede wou Milner graag hierdie laaste ankerplek van Afrikaner-wees verower. „Lord Milner has also recognised the fact that the great obstacle in the way of anglicising South Africa is the veldt, and he has favoured every means for getting as much of it as possible out of the hands of the Dutch, and into hands of men pledged to British interests,"³² het die Edinburgh Review in 1904 in 'n oorsig oor die vordering van die landnedersettingskema geskryf.

Die landelike Afrikaner het Milner steeds laat twyfel of die verowerde kolonies ooit volkome Brits sou word. Tydens 'n gesprek met Fitzpatrick na die oorlog het Milner sy onsekerheid ondubbelsinnig bely: „I cannot feel certain that I understand the Boers, and that I can see into their minds. It is not hostile suspicion; anyone can be suspicious, that is cheap; it is the feeling that I cannot understand and

30. Ibid., p. 240 : Milner and Chamberlain, 25.1.1902.

31. Headlam, op. cit., p. 243.

32. Edinburgh Review, April 1904. (Gevind in Fischer-sameling koerantknipsels).

feel sure."³³

Ten spyte van Milner se openlike erkenning dat Britse immigrante as waarborg vir Britse gesag op die platteland moes dien, het Selborne later ontken dat dit ooit die voorname was om die ou bevolking kunsmatig onder te kry: „The settlers have not been placed on the land in the Transvaal and O.R.C. to over-awe or outvote the older population They were placed there first and foremost with the object of creating that feeling of mutual sympathy and respect, leading to eventual fusion between Boer en Briton, which comes to men who are engaged side by side in a common industry, and secondly to advance the particular interests of the agricultural industry itself and through it the interests of the whole country, by arraying the settlers on the side of those enterprising Boer farmers who lead the van of agricultural progress."³⁴

Die Milner-bewind was egter die mening toegedaan dat indien boerdery vinnig ontwikkel, die gevolg sou wees dat die verowerde kolonies ekonomies vooruitgaan. Deur middel van algemene landbou-ontwikkeling sou die algemene belang van Afrikaner en Brit só saamgesnoer word dat verdeeldheid en rassehaat stadigaan sou verdwyn en die Afrikaner langs hierdie weg geleidelik sou verengels. Ter bevordering van hierdie beleid moes duisende Britse immigrante ingevoer en tussen Afrikaanssprekendes op die platteland gevestig word.

Die nuwe inkomelinge moes dan aan die ou ortodokse landbougemeenskap nuwe wetenskaplike landbou metodes kom leer. Dit was verder van die allergrootste belang dat die nuwe intrekkers van Britse afkoms moes wees. In sy verslag van 28 November 1900 het die Landnedersettingskommissie dan ook bevestig: „We find amongst those who wished to see British

33. Fitzpatrick, Percy J., South African Memories (Londen, 1932), p. 194. My kursivering.

34. C.S. 3709/06 : Selborne aan Minister van Kolonies, 29.9.1906.

rule maintained and its influence for good extended but one opinion on the subject. There even seems reason for fear lest the vast expenditure which has marked the war should be absolutely wasted unless some strenuous effort be made to establish in the country, at the close of the war, a thoroughly British population, large enough to make a recurrence of division and disorder impossible."³⁵

Ook hier stem die kommissie se aanbevelinge baie ooreen met dié van Durham toe hy in 1839 geskryf het: „I rely on the adoption of a judicious system of colonization as an effectual barrier against the recurrence of many of the existing evils..... It is by a sound system of colonization that we can render these extensive regions available for the benefit of the British people."³⁶ Nes Milner later het hy ook met rekenkundige sommetjies vorendag gekom om te bewys hoe Britse gesag oorheersend kon wees. Hy het selfs verklaar dat as sy berekeninge foutief is, een jaar se immigrasie dit sou herstel.³⁷

Gedurende Milner se besoek in 1901 aan Engeland het Chamberlain op 'n dinee ter ere van hom in heildronk ingestel en ten slotte opgemerk: „His greatest work yet lay before him, in establishing the administrative machinery of the new order of things, which it was hoped would unite the two races and lay the foundations of a United South Africa as loyal as the sister federations of Canada and Australia."³⁸

Om so 'n toestand te verwesenlik, het Milner dadelik by die Britse regering aansoek gedoen om £2 miljoen vir immigrasie beskikbaar te stel. Met hierdie geld wou hy geskikte grond vir Britse nedersetters koop, omdat hy oortuig

35. Cd. 626-627/1901, p. 7. My kursivering.

36. Durham, op. cit., p. 244. My kursivering.

37. Ibid.

38. Headlam, op. cit., p. 253 : Toespraak, 25.5.1901. My kursivering.

was dat „a swiftly flowing stream of British immigrants were vital to the solution of the problem of establishing harmony in a white and United South Africa.”³⁹

In die breë konsepsie van die Britse Ryk het Milner dus die moontlikheid gesien dat die verskillende volkselemente tot een nasie met een taal, een strewe en een vlag kon saamgroeï. Die imperialistiese ideaal was egter daarop ingestel dat dié nasie Brits moes wees, d.w.s. lynreg teen die nasionale herlewing wat by die Afrikaner na die smarte van die oorlog te bespeur was.

In 'n memorandum van 8 November 1901 aan die Imperiale regering het Milner vervolgens 'n duidelike uiteensetting van sy standpunt oor landnederstelling gegee. Volgens hom was die vermeerdering van die Britse bevolking 'n noodsaaklike vereiste alvorens tot die unifikasie van Suid-Afrika oorgegaan word. Andersinds het hy 'n grootskaalse herhaling van die „betreurenswaardige ondervinding” in die Kaapkolonie gevrees. Hy het die toestand soos volg gesien: aan die einde van die oorlog sou daar 'n totale blanke bevolking van 940,000 wees bestaande uit 496,000 Afrikaners (Dutch) teenoor 368,000 Britte en 76,000 blankes van ander nasionaliteite. Deur 'n regeringsbeleid wat immigrasie begunstig, tesame met nywerheidsontwikkeling, kan die blanke Suid-Afrikaanse bevolking na vyf jaar soos volg saamgestel wees: die totale blanke bevolking van 1,270,000 sal dan moontlik uit 615,000 Britte, 544,000 Afrikaners en 111,000 van ander nasionaliteite bestaan. Waar die „federale volksraad” in die eerste geval uit 90 lede (10,000 blankes of 2,000 kiesers vir een lid) met 39 Britse en 51 Afrikaner-verteenwoordigers sou bestaan, kan die federale volksraad na vyf jaar, moontlikerwys 122 lede tel, waarvan 64 Britte en 58 Afrikaners sou wees. Aangesien 'n deel van die Afrikaner-verteen-

39. Ibid., p. 255.

woordigers intussen met die Britse politiek versoen sou raak, sou die Britse meerderheid sterker en die oorheersing verseker wees.⁴⁰

Op 25 Januarie 1902 het Milner aan Chamberlain geskryf dat baie distrikte al van vegtende Boere gesuiwer was en dat voornemende nedersetters nie meer lank laat wag moes word nie. Sy groot vrees was dat imperialisme in Suid-Afrika vroeër of later met 'n plattelandse bevolking, uitsluitlik Afrikaans en landboukundig- onproduktief, teenoor 'n snel groeiende nywerheids- en Britse bevolking in die stede oorhoop sou lê. Daarom het hy vir staatsondersteunde Britse immigrasie gepleit: „It is our duty to provide for the influx of a selected British population, who will do much to consolidate South Africa sentiment in the general interests of the Empire.”⁴¹

Hoewel hy met die moontlikheid dat die meerderheid van die boerestand altyd Afrikaans sou bly, rekening gehou het, wou hy „enige sterk Engelse distrikte” en „in die meeste distrikte” 'n suurdeeg van Britse boere sien, wat sterk genoeg sou wees om die Britse nasionaliteit teenoor die Afrikaners te handhaaf. Verder oorwegings was dat die plattelandse distrikte tot dusver almal onderbevolk was en daar 'n rooskleurige toekoms vir boerdery in Suid-Afrika was, want die landboukundige bronne in Transvaal en die O.R.K. was nog nooit ten volle benut nie.⁴² 'n Maatskaplike verandering sou verder nodig wees om sodoende deur nuwe, ondernemende blanke nedersetters, veral op die platteland, die boeregemeenskap te versterk, want hulle was „far too few, and far too easy-going, to do even the remotest justice to the vast natural capabilities of the soil on which, for th

40. Ibid., pp. 279-280 ; ook Worsfold, W.B., The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, I pp. 9-10.

41. Headlam, op. cit., p. 283 ; Cd. 1163/1902, p. 89.

42. Cd. 1163/1902, pp. 89 en 83.

most part, they have done little more than squat."⁴³

Milner se tweeledige doel met landnederstelling was dus om die Afrikaner^{te} verbrits en terselfdertyd die ekonomiese ontwikkeling van die nuwe kolonies te versnel: "(I)t appears that the judicious settlement of a large number of colonists of the best class is of the first importance for the economic development of the country, and for the gradual and peaceful solution of the race difficulty in South Africa Land Settlement must be undertaken on large scale; otherwise, however useful, it will be politically unimportant."⁴⁴ Hier-voor was lenings nodig, anders kon Suid-Afrika vir imperialisme verlore gaan: "I wish to place on record my profound conviction that, unless in raising these loans we provide a substantial sum for the purchase of land and the settlement thereon of farmers of British race, an opportunity will be lost which will never recur, and the neglect of which will have the most prejudicial effect on the future peace and prosperity of South Africa If we lose the next year or two, we lose the game...."⁴⁵

Sy toekomstige Britse meerderheid het Milner ook in die nywerheidsontwikkeling van die stedelike gebiede in die noorde gesien. Weer was die wens vader van die gedagte en het hy met sy kenmerkende rekenkundige sommetjies 'n seep-bel-wêreld van florerende Britse imperialisme aan homself voorgetower. Hy het uitgerekend dat sestig persent van die blanke bevolking spoedig tot die nywerheids- en handels-klasse sou behoort, terwyl die boere-element die oorblywende persentasie sou uitmaak. Driekwart van die nywerheidsbevolking sou Britte en die res Afrikaners wees, terwyl drie agstes van die boerbevolking ook Brits sou wees. Gevolglik

43. Cd. 903/1902, p. 135 : Milner aan Chamberlain, 6.12.1901.

44. Cd. 1163/1902, p. 89 : Milner aan Chamberlain, 25.1.1902.

45. Headlam, op. cit., p. 284.

het hy op 9 Junie 1902 aan Chamberlain geskryf: „The next year or eighteen months will decide the whole future. Our aim should be to get on as fast as possible with all recuperative work. This will both keep up prestige of Government, and help to keep in this country the thousands of willing and splendid settlers, who are anxious to find employment here. Despite the present gush, a British population is our only ultimate safeguard.”⁴⁶

Milner was dus vasbeslote om die twee gewese republieke ook geestelik vir Engeland te verower. Aan 'n vriend het hy in April 1903 soos volg geskryf: „The South African struggle continues. It has changed its character; it is no longer war with bullets, but it is war still Of course, we can only maintain South Africa at all by maintaining this strength of British sentiment and by increasing the number of British people.”⁴⁷

Die bewering dat die twee verowerde kolonies onontwikeld en, uit 'n Britse oogpunt gesien, agterlik was, was gedeeltelik waar. Maar dan moet onthou word dat dit twee jong state was, waar die Afrikaner in betreklik korte tyd veel uitgerig het. Milner moes deeglik op hoogte hiervan gewees het, sodat sy bewering van agterlikheid slegs 'n rookskerm was waaragter hy sy angliseringsplanne versteek het. Wat Britse wapens nie gedurende die oorlog kon vermag nie, nl. om die Afrikaner te vernietig, moes in vredes-tyd plaasvind, en dit terwyl die eertydse welvarende landelike Afrikaner gesukkel het om van die oorlogsverwoesting te herstel.

Geen wonder dus dat Ramsay Macdonald na 'n reis deur die nuwe kolonies hom soos volg oor landnedersetting - „Skikking deur Verdringing” - uitgelaat het nie: „The first news which met the returning Boer was that Lord Milner

46. Ibid., p. 370.

47. Ibid., p. 449.

proposed to dispossess him forcibly of a large part of his farm in order to settle in his midst men who would vote against him, work against him, be policemen over him, and generally keep him in his place..... On Lord Milner's part, the settlement scheme is a frank confession that he either does not trust conciliation by kindness, or that he does not want it; that the war has to be supplemented by a transplanting of people; that our grip on South Africa still depends on our ability to elbow our way through the Dutch population and plant in their midst a majority of votes Lord Milner knows that his South African policy involves the elbowing out of the Dutch after the manner of the Ulster plantation."⁴⁸

Onder die dekmantel dus dat die ekonomiese ontwikkeling in die verowerde kolonies deur nuwe „vooruitstrewende" Britse nedersetters versnel moes word, het Milner sy afstootlike imperialistiese beleid in die eertydse republiek probeer deurvoer.

Landnedersetting in die O.R.K.:

Met die „anneksasie" van die Vrystaat in Mei 1900 het die vraagstuk van landnedersetting vir die eerste keer sterk op die voorgrond getree, in Britse regeringskringe sowel as in die pers. Op 17 Augustus 1900 is H.O. Arnold-Forster in opdrag van Chamberlain as voorsitter van 'n kommissie aangestel wat ondersoek moes instel insake landnedersetting en veral die vestiging van Britse soldate wat na die oorlog in Suid-Afrika wou bly. Behalwe Forster is nog twee lede, een 'n militêre offisier, W.R. Southey, en die ander, A.H. Loring as sekretaris op grond van sy kennis van Suid-Afrikaanse toestande, in die kommissie benoem.⁴⁹

48. Macdonald, Ramsay, What I saw in South Africa (Londen, 1902), pp. 67-68; Reeds in Junie 1902 het teruggekeerde Boere gevind dat nedersetters tydens hul afwesigheid op hul plase gevestig is (Notule Sentrale Repatriasieraad, 3 Julie 1902 en 7 Julie 1902).

49. Cd. 626-627/1901, p. 3.

Hierdie kommissie se opdrag was om vas te stel of daar beskikbare grond vir nedersetting was en hoe dit verkry kon word; om verslag te doen oor die aantal nedersettings wat gestig kon word en hoeveel kapitaal nodig sou wees om nedersetters 'n goeie begin te gee; om in samewerking met die militêre owerheid juiste voorwaardes vas te stel waarvolgens grondskenkings aan voornemende nedersetters gedoen kon word; om te oorweeg of dit in die toenmalige omstandighede wenslik sou wees vir die regering om spesiale stappe te doen om sporadiese nedersetting van offisiere of manskappe van die Yeomanry en ander troepe-afdelings wat oor eie kapitaal beskik het aan te moedig, en welke maatreëls getref kon word om grond te bekom.⁵⁰

'n Kantoor is in Kaapstad ingerig om inligting in te win met betrekking tot voornemende nedersetters en beskikbare grond. Die aanbevelings en bevindinge van die Kommissie toon duidelik dat die bevordering van Britse imperialisme die hele ondersoek ten grondslag gelê het. Aan die Verowerde Gebied van die eertydse Oranje-Vrystaat is besoek gebring en die Kommissie was besonder beïndruk deur die natuurlike hulpbronne en moontlike graanproduksie van die gebied. Ook voorgestelde besproeiingskemas in Transvaal is bespreek.

Van verskeie troepe-afdelings is name van persone wat na die oorlog in Suid-Afrika wou agterbly, ontvang - 'n totaal van 531 -, maar 'n noukeurige ontleding van die aansoekers het laat blyk dat die oorgrote meerderheid geen ondervinding van boerdery gehad het nie en by hulle ontslag uit die leër ook nie boere wou word nie. Tog het die Kommissie aanbeveel dat hierdie persone nie verlore moes gaan nie, want hoewel hulle nie as eersteklas landbouers beskou kon word nie, „their retention in the country in good employment would prove advantageous from the public point of

50. Ibid.

view, and that the object of the Government, namely, the strengthening of the British element in South Africa, would in fact be served by their retention."⁵¹

Hier het die Kommissie niksvermoedend verraaï wat die owerheid se oogmerke met landnederstelling was. Milner se reekse pleitbriewe vir die instandhouding van imperialisme het dus nie op dowe ore geval nie. Hier ook het dit duidelik geblyk dat die nedersettingskema 'n onderduimse poging van die kant van Milner was om die Afrikanerdom te breek - iets wat hy aan die begin van die oorlog so heftig ontken het.

Wanneer 'n mens na aanleiding van Milner se briewe en geskrifte sy karakter probeer ontleed, tree heeltemaal 'n ander persoon na vore as die populêre opvatting wat gehuldig word. Die algemene opvatting is dat hy 'n briljante intellektualis met 'n taamlik onbuigsame persoonlikheid was. Milner was egter net in een ding onwrikbaar: sy onvermoeide toewyding aan sy land en sy geloof in Engeland se imperiale roeping. Oor ander sake kon hy nogal besonder realisties wees, maar oor Engeland se rol in Suid-Afrika was hy 'n fanatieke idealis.

Die kommissie het so reg in Milner se kraal gepraat toe hulle verklaar het dat 'n weldeurdagte nedersettingskema van manne van Britse afkoms van die allergrootste belang vir die toekomstige voorspoed van Suid-Afrika sou wees: „Dealing with the question as a whole, we desire to express our firm conviction that a well-considered scheme of settlement in South Africa by men of British origin is of the most vital importance to the future prosperity of British South Africa."⁵² Die uitgawe aan die oorlog sou tevergeefs wees indien daar nie 'n daadwerklike poging in Suid-Afrika aangewend sou word om 'n Britse bevolking alhier te vestig nie.

51. Ibid., p. 7 en p. 3.

52. Ibid., p. 7.

Nes Milner het die kommissie ook met oulike sommetjies vorendag gekom om te bewys dat die twee eertydse republieke deur landnedersetting verbrits kon word. Hulle het geredeneer dat die geskatte republikeinse bevolking van 200,000 in die Vrystaat en Transvaal by die aanvang van die oorlog, deur siekte (sic!) en die slagveld uitgedun sou word. Dan was daar sommige wat reeds verhuis en nog sou verhuis, en 'n groep wat vrywillig hulle aan Britse oorheersing sou onderwerp. Die onversoembare groep, wat na aftrekking hiervan sou oorbly, sou nie te groot wees nie „To redress the balance and to create a British preponderance in both Colonies is not a serious task, nor, indeed, in view of the smallness of the numbers to be dealt with, is there any reason to doubt that by a consistent and well-directed policy these great countries may be made thoroughly British States - a strength, and not a weakness, to the Empire.”⁵³

Verder het die kommissie aangetoon hoe grond in die hande gekry kon word en selfs grondpryse in die Verowerde Gebied van die eertydse Oranje-Vrystaat aangehaal. Regeringsgrond, veral in die Verowerde Gebied, moes vermeerder word. Baie boere sou as gevolg van die oorlogsverwoesting en verbande hulle plase moes prysgee. Die instelling van 'n permanente Landraad is bepleit. Hierdie raad moes van tyd tot tyd geskikte grond vir nedersetting aankoop en nedersettings sistematies beplan.⁵⁴ Daar is selfs melding gemaak van verbande in die hande van banke in die O.R.K. en die moontlikheid dat die verbandhouders die verbande sou oproep of aan die regering sou oordra.

Hier het die kommissie egter die bal misgeslaan, want na die oorlog het dit geblyk dat die Afrikaner nie uit vrye wil sou oorgee nie en die bestuurder van een van die grootste banke het teenoor Ramsay Macdonald verklaar dat, ten

53. Ibid.

54. Ibid., pp. 8-9, 20.

spyte van Milner se verklaring tot die teendeel, die banke geen verbande sou oproep nie.⁵⁵

Vervolgens het die kommissie besproeiing aanbeveel, asook voorwaardes met betrekking tot die vestiging van oud-soldate. Algemene aanbevelings van die kommissie het die volgende omvat: plase aan nedersetters moet sover moontlik bymekaar wees sodat daar verbinding en wedersydse hulp kon wees. Hulle sou as 'n suurdeeg deurwerk en boonop enige vorm van vyandiggesindheid dwarsboom: „We consider it not only permissible, but most desirable, to place settlers in the centre of districts which have been, or still are disaffected, but in each district there should be a sufficient number of British residents to make exclusive dealing or any other form of hostile combination on the part of the disaffected, impossible or innocuous”⁵⁶

Groot plase kon aan twee tot vier nedersetters gegee word wat gesamentlik die voorwaardes sou nakom. Eers as daar nie meer oud-soldate beskikbaar was nie, sou ander persone as nedersetters oorweeg word. Volgens sekere voorwaardes is eksperimentele militêre nedersettings vir soldate sonder boerdery-ondervinding ook voorgestel. Daar is aanbeveel dat oud-soldate ook in die spoorweë, polisie en poswese geplaas moes word. Ten tye van die voltooiing van die verslag was daar reeds 7,176 aansoeke van oud-soldate wat na die oorlog wou agterbly.⁵⁷

Milner wou graag uitvoering aan die aanbevelinge van die kommissie gee en hy is verder in sy voorneme versterk deur die Wilcocks-verslag insake besproeiing. Op Egiptiese skaal het laasgenoemde op 'n ambisieuse wyse vir reuse-opgaardamme gepleit om duisende morge met lusern, beet en suiker te besproei.⁵⁸

55. Macdonald, *op. cit.*, p. 69.

56. Cd. 626-627/1901, p. 17.

57. *Ibid.*, pp. 19 en 244-245.

58. Cd. 1163/1902, pp. 39 en 57; vgl. Walker, E.A., A History of South Africa (Longmans, 1947), p. 501.

In Mei 1901 is ook in Transvaal met aanvoorwerk vir landnederstelling begin toe die Cattle Preservation Department in die lewe geroep is. Die doelstellinge hiervan was o.a. om aanteelbeeste te bewaar sodat Transvaal aan die einde van die oorlog nie sonder vee sou wees nie. In Desember 1901 is 'n Landraad in die lewe geroep om hierdie departement se werk oor te neem en om Milner insake landnederstelling, repatriasie en landbou te adviseer.⁵⁹ Van die Britse regering het Milner voorlopig in 1901 £500,000 vir landnederstelling ontvang. Hiermee sou nedersetters in veilige verowerde gebiede gevestig word.⁶⁰

Die Landraad in die O.R.K., wat in Oktober 1901 in die lewe geroep is, het bestaan uit mnre. T. Smith, hoof van die kern van 'n landboudepartement wat reeds gedurende Julie 1901 in die lewe geroep is; J. Palmer, 'n Bloemfonteinse boer en voormalige lid van die Republikeinse Uitvoerende Raad en M. Anderson, bestuurder van die National Bank van die O.R.K., met maj. Apthorpe van die South African Constabulary as sekretaris. Hierdie raad moes die regering adviseer oor die aankoop van grond, regeringsgrond opmeet en voorwaardes vir nedersetting opstel, algemene voorbereidingswerk doen, 'n register van voornemende nedersetters hou, en met proefplase begin. Die raad het sy werk begin deur 'n groot aantal skape en beeste van die militêre overheid oor te neem.⁶¹

Aan die einde van 1901 was daar al 2,123 aansoeke by die O.R.K.-raad. Die belangrikste groep aansoekers was die Scottish Sharpshooters Society of Edinburgh onder kolonel Hill. Toe was reeds 111,600 morg teen £208,318 aangekoop. Hoewel groot gebiede nie geskik vir boerdery was nie, was daar plek vir 150 nedersetters.⁶²

59. Cd. 3028/1906, p. 15.

60. Cd. 1163/1902, p. 81; Cd. 1463/1903, p. 36; Worsfold, op. cit., II, p. 91.

61. Worsfold, op. cit., II, p. 91.

62. Cd. 1163/1902, pp. 149-150.

Tot op 21 Desember 1901 is daar 82 nedersetters in die O.R.K. gevestig.⁶³ Baie van hierdie nedersetters was ontslane soldate. In die distrik Thaba Nchu alleen is 38 gevestig.⁶⁴ Kolonel Hill se groep van 43 is soos volg verdeel: 13 in die distrik Sannaspos, 19 in Thaba Nchu, een by Vredefortwegstasie en 10 elders. Die groep van die South African Constabulary en die Yeomanry het uit 39 bestaan. Negentien van hulle, waaronder bosbou-deskundige C. Grant, is in Thaba Nchu gevestig en die res naby Bloemfontein, Kroonstad en Vetrivier - meestal gebiede waar nie meer gevegte plaasgevind het en waar Boere-kommando's nie sou kom nie. Op generaal De Wet se plaas Roodepoort in die distrik Kroonstad is 11 lede van luitenant Collins se Robert's Horse gevestig.⁶⁵

Hierdie nedersetters was die voorlopers van die groot poging wat in die winter van 1902 aangewend sou word om stormenderhand Suid-Afrika „tot oorvloed onder die Britse vlag" te voer.⁶⁶ Milner was baie geesdriftig oor veral kol. Hill se groep in Thaba Nchu en wou hulle binne bereik van die Bloemfonteinse mark bring deur die spoor oor Sannaspos na Thaba Nchu te verleng.⁶⁷ Hy wou nog goeie grond teen die heersende lae pryse bekom, regeringsgrond in die O.R.K. laat opmeet en model-proefplase in die lewe roep, veral omdat grond in die O.R.K. baie vrugbaarder as in Transvaal was.⁶⁸ Om ook buite die landbou vir Britse nedersetters plek te maak, het Milner 'n werkverskaffingsburo in Johannesburg goedgekeur. Offisiere kon die name van soldate, wat in Suid-Afrika wou agterbly, daarheen stuur.⁶⁹

63. C.S. 4580/01 : Verslag insake Britse nedersetting tot 21.12.1901.

64. C.S. 4444/01 : Verslag van landboudepartement, 12.12.1901.

65. C.S. 4580/01.

66. Amery, op. cit., VI, p. 38.

67. Cd. 1163/1902, p. 86 : Milner aan Chamberlain, 30.12.1901.

68. Ibid., p. 90 en p. 93 : Milner aan Chamberlain, 25.1.1902.

69. C.S. 384/02 : Leërbevel, 21.1.1902.

Teen Januarie 1902 was dit duidelik dat die Boere-teenstand gebreek was. Dit het Milner aangespoor om met hernude ywer landnedersetting te bepleit. Hy het by die Britse regering aan die hand gedoen dat dele van groot Boereplase, wat nie deur die eienaar bewerk kon word nie, gekoop moes word en daarop moes Britse setlaars gevestig word wat die Afrikaner 'n les in boerdery sou leer. Hy was oortuig dat dit die Britse regering se plig en in hulle belang was om die Afrikaner as boer te behou, dog nie as 'n agterlosige boer nie. Hy het geweet dat die terugkerende Afrikaner geldelike hulp sou benodig, maar hy wou in plaas daarvan vee, saad en implemente gee. In ruil hiervoor moes gedeeltes van oorvloedige grond, wat die Britse regering wou hê, van die Afrikaner geneem word.⁷⁰

Toe die repatriasie-owerheid na die vrede hierdie aanbod aan die terugkerende Bittereinders doen, het dit hulle laat vrees dat die Britse regering van hul nood na al die verwoesting misbruik sou maak en met geweld hulle grond sou afneem. Van nature en vanweë hul ekstensiewe boerderymetodes was die Afrikaner se plase groot, maar hy was lief vir die grond en sou dit nie maklik prysgee nie. Milner se poging om goeie grond vir nedersetters in die hande te kry, sou die teruggekeerde Afrikaner nie juis tot vreedsame aanvaarding van sy nuwe onderdaanskap voer nie en sou 'n groot antipatie teen die nedersettingskema wek.

Op 11 Februarie 1902 het Milner vir Goold-Adams, die Luitenant-goewerneur van die O.R.K., in kennis gestel dat hy die instelling van 'n onafhanklike Landraad in die O.R.K. oorweeg, wat beide met die hervestiging van die ontwrigte Afrikanerbevolking sowel as die vestiging van nuwe nedersetters behulpzaam sou wees. So sou dié liggaam beide 'n

70. Cd. 1163/1902, p. 91.

Landnedersettingsraad en 'n Repatriasieraad wees⁷¹. Hieruit blyk duidelik dat Milner sy landnedersettingskema as deel van hervestiging in die O.R.K. beskou het, m.a.w. hervestiging van die ou landelike bevolking en anglisasie moes deur dieselfde kanaal geskied.

Die Britse regering het ook besluit om, as erfgenaam van die republikeinse regering, vir die oorlogsjare rente te eis op lenings wat aan Afrikaners voorgeskiet is om plase op te bou, wat gedurende die oorlog deur Britse troepe verwoes is. Die Afrikaner het daaragter 'n plan gesien om hulle te dwing om van hulle grond vir Milner se doeleindes afstand te doen, want min van hulle kon onmiddellik na die oorlog die lenings aansuiwer. Die weiering van die repatriasierade om eienaars van meer as 1,200 morg grond uit repatriasiebronne te help, is ook deur die Afrikaner beskou as 'n manier om hulle te dwing om grond tot Milner se beskikking te stel.⁷²

Tot Januarie 1902 is £180,000 in die O.R.K. aan landnedersetting bestee en nog gedurende dieselfde maand is op die plaas Wilgeboomnek in Thaba Nchu met bosbou-plantasies begin.⁷³ Rooskleurige verslae oor die toestand en vordering van die eerste nedersetters is intussen deur die selfvoldane Milner na Engeland gestuur. Daar het egter ook reeds waar-
skuwende stemme opgegaan. So het die magistraat van Kroonstad gewaarsku dat die nedersetters aanvanklik nie onder die Afrikaners versprei moes word nie, want dan sou hulle die Afrikaner-idees aanvaar en niks van hul eie aan die Afrikaner oordra nie. In Suid-Afrika, het hy geskryf, leer die Engelse Afrikaans en die Afrikaners nie Engels nie.⁷⁴

Milner se „suurdeeg-element" moes dus eers posvat in die land voor hulle van betekenis kon wees. Magistraat

71. Ibid., p. 97.

72. Macdonald, op. cit., p. 70.

73. Cd. 1163/1902, p. 103 ; The Friend, 1.7.1903.

74. C.S. 894/02 : A.W. Barker aan regeringsekretaris, 25.3.1902.

Barker het gewis die vinger op die seer plek gelê, want voor die nedersetters invloed na buite kon uitoefen, moes hulle eers self wortel skiet en hulle posisie stabiliseer, m.a.w. hulle ekonomiese en politieke posisie moes sodanig word dat die Afrikaner van hulle kon leer en so mettertyd na hulle standpunt oorgehaal kon word. Of Milner se idealistiese droom dat die nedersetters Suid-Afrika spoedig - binne vyf jaar het hy gereken - na oorvloed en verengelsing sou voer, hiermee rekening gehou het, sou alleen deur die toekoms en die eersvolgende sensusopname bewys word.

'n Ontleding van aansoekers tot 15 April 1902 het getoon dat twee voornemende nedersetters £10,000 aan kapitaal gehad het, maar 190 was sonder kapitaal en 836 het tussen £5 en £100 gehad.⁷⁵ Vir persone wat Suid-Afrikaanse toestande geken het, was dit duidelik dat slegs 'n minimale getal van hierdie nedersetters werklik 'n kans gehad het om hulle enigsins as boere in die O.R.F. te handhaaf. Dit het weereens bewys hoe gering die Britse kennis oor Suid-Afrikaanse toestande was.

Ooreenkomstig Milner se vroeëre mededeling aan Goold-Adams is die Landrade intussen versterk om ook met repatriasie behulpsaam te wees. Dit sou help om die Afrikaner om die bos te lei en die indruk skep dat landnedersetting repatriasie sou aanvul en sou help om hulle herstel te bespoedig. Milner moes op hierdie wanopvatting staat gemaak het, want onmiddellik na die vrede het hy opnuut voornemende nedersetters uitgenooi om hulle in verowerde kolonies te vestig.⁷⁶

Beak beweer dat die Landnedersettingsdepartement beperk in omvang was, weens gebrek aan grond en fondse om grond aan te koop.⁷⁷ Milner moes dit ook besef het, te meer

75. Cd. 1163/1902, p. 154.

76. Vgl. Cd. 1551/1903, p. 100.

77. Beak, G.F., The Aftermath of War, p. 70 en p. 72.

daar hy 'n groot aantal Britse soldate op plase wou vestig voordat die Bittereinder-Afrikaners volstoom terugkeer. Op 2 Junie 1902 het hy aan Chamberlain getelegrafeer dat die £500,000 wat in 1901 vir landnedersetting geskenk is, uitgeput was. Hy het onmiddellike magtiging vir 'n verdere £500,000 daarvoor gevra - wat dan ook elf dae later goedgekeur is.⁷⁸

Chamberlain wou die nedersetters op klein plasies naby mekaar vestig, anders sou die skema faal. Milner het juis aan aansoekers in Suid-Afrika bo nedersetters uit Engeland voorkeur gegee.⁷⁹ Dit was klaarblyklik om te verhoed dat vreemdelinge deur plaaslike toestande oorweldig word.

Pas na die vrede is kolonel Rimington se groep van 27, wat elkeen £150 aan kapitaal gehad het, op 12,000 akker in Ficksburg gevestig. Die Cathcart-groep het 15,000 morg in Thaba Nchu ontvang, terwyl die Ross-groep elk 400 morg in Ficksburg ontvang het. Verder was daar 3193 aansoekers, waarvan die Abe Bailey-groep die belangrikste was.⁸⁰ Al hierdie nedersetters was uit Suid-Afrika afkomstig.

Landnedersetting was vir Milner so belangrik dat nedersetters reeds voor die vrede gevestig was, d.w.s. vóór die tuiskoms van die meeste Afrikaners en lank vóór daar wetlike voorsiening vir staatsondersteunde nedersetting en staatsgronde aan nedersetters op huur- en koopkontrakte was. Die gevestigde nedersetters was nog onder tydelike voorwaardes en behoorlike Landnedersettingsordonnansies is eers in Oktober en November 1902 onderskeidelik vir die O.R.K. en Transvaal opgestel.⁸¹

Vroue-immigrasie het ook aandag geniet, want daar is gevrees dat die Britse soldaat wat hom in Suid-Afrika vestig,

78. Cd. 1163/1902, pp. 125-126 en 142.

79. *Ibid.*, pp. 141-143 : Milner aan Chamberlain, 13 en 21 Junie 1902.

80. C.S. 2874/02 : Landnedersettingsverslag, 4 Junie tot 14 Julie 1902.

81. Cd. 1463/1903, pp. 25-37 en 57-59.

maklik met 'n Afrikanermeisie kon trou. Chamberlain het gevolglik op 21 Junie 1902 verneem of Milner die South African Expansion Committee en British Women's Emigration Association sou toelaat om maandeliks 100 vroue „of all classes" na die nuwe kolonies te stuur om daar werk te soek. Hy wou ook weet of Milner £15,000 vir hierdie doel sou afstaan, of hy vry treinkaartjies kon verseker en sover moontlik geskikte betrekkings in regeringsdiens vir die vroue kon reserveer.⁸²

Milner het na ondersoek £15,000 gewaarborg. Hy het intussen ook 'n Vroue-Immigrasiedepartement in die lewe geroep en sou, behalwe die voorkeurregte deur Chamberlain aangevra, ook £5 reiskoste, ontvangs en verblyf in Kaapstad in 'n hostel en vry spoorvervoer na hul bestemming aanbied. Hy was ook bereid om by te dra tot die oprigting van 'n hostel in Johannesburg waar die vroue kon vertoef tot hulle werk kry. Hy kon egter nie belowe dat hy enige vaste getal sou ontvang nie, maar sou van tyd tot tyd laat weet hoeveel hy nodig het en watter soort.⁸³

Hierna is daar op uitgebreide skaal propaganda onder die vroue van Brittanje gemaak om hulle in die nuwe kolonies in Suid-Afrika te kom vestig en die hele skema is op paradysagtige wyse geskilder. Aan die goedvertrouende Britse vrou is dit voorgelou dat daar baie vakatures in Suid-Afrika is, van tik tot tuinbou en van huishoudelike tot winkeldiens en dat dit boonop haar plig was om haar in Suid-Afrika aan die bors van 'n eensame Brit te gaan werp, anders sou hy in 'n Afrikanergesin in trou.⁸⁴

Ook in Suid-Afrika is die vroue-skema wyd en syd geadverteer. Ten spyte van die feit dat betrekkings volop was, was daar geen groot aanvraag vir die meisies nie.⁸⁵

82. Ibid., p. 1.

83. Ibid., p. 2.

84. Macdonald, op. cit., p. 75.

85. Ibid., pp. 75-76.

Die meeste van die meisies wat uiteindelik wou kom, was van die huisbediendeklas in Engeland. By hulle aankoms in Suid-Afrika was hulle so kieskeurig dat hulle geweier het om aangebode betrekkings teen die vasgestelde salarisse te aanvaar. Die meerderheid van hulle het uiteindelik na die Rand gegaan om daar hulle heil te seek.⁸⁶

Die feit dat die meeste meisies huisbediendes in Engeland was, het hulle al dadelik van die meeste betrekkings uitgesluit. Gedurende September 1902 het die sekretaris van die Vroue-Immigrasiedepartement Ramsay Macdonald meegedeel dat hy slegs vir 50 meisies, hoofsaaklik as huisbediendes, betrekkings kon vind. Geen wonder nie dat Macdonald die skema as 'n metode bestempel het om die skaarste aan huisbediendes in Suid-Afrika op te los.⁸⁷

Gedurende November 1902 het Milner Chamberlain verwittig dat hy 'n koshuis vir die meisies in De Villiersstraat in Johannesburg opgerig het. Hy sou 25 meisies per week kon ontvang wanneer daar werkgeleenthede vir hulle was. Min van die meisies wou egter voor Kersfees 1902 uit Engeland vertrek. Uiteindelik sou 50 in Januarie 1903, 'n verdere 50 twee weke later en ander groepe gedurende Februarie en Maart vertrek.⁸⁸

Uiteindelik is 100 vroue volgens hierdie skema na die O.R.K. gebring. In hierdie Kolonie is £1,360 aan die skema bestee. Dit was egter 'n groot mislukking. Volgens die sekretaris van die Vroue-Immigrasiedepartement was sommige van die meisies moreel swak en onwillig om die dorpe te verlaat. Diegene wat wel na die platteland is, het vroeër of later weer na die dorpe gevlug.⁸⁹

Intussen is deur die Landnedersettingsordonnansie van 1902 voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Landneder-

86. Cd. 1463/1903, p. 37 en p. 17.

87. Macdonald, op. cit., p. 76.

88. Cd. 1463/1903, p. 37 : Onslow aan Milner, 5.12.1902.

89. C.S. 3616/06.

settingsraad wat die owerheid insake grondaankope en alle ander sake betreffende landnedersetting, moes adviseer. Ooreenkomstig hierdie Ordonnansie kon voornemende nedersetters aansoek doen wanneer grond vir nedersetting beskikbaar was. Voorkeur sou gegee word aan persone wat openbare diens verrig het. Geen persoon in die O.R.K., wat meer as 25 morg grond besit het, kon grond as nedersetter bekom nie.⁹⁰ So is dit moontlik gemaak vir arm boere en bywoners om ook in die nedersettingskema te deel. Dit wou dus voorkom asof Afrikaners ook daarin kon pas. Sover in die loop van hierdie ondersoek vasgestel kon word, het geen Afrikaner, behalwe Scouts en Hensoppers, wat aan Britse kant gedurende die oorlog geveg het, in die voordele van landnedersetting gedeel nie.

Om nedersetters te help om grondbesitters te word, kon hulle grond volgens billike voorwaardes bekom. Huurkontrakte sou oor vyf jaar strek teen 4% rente, maar kon verleng word; voorskotte vir plaasverbeterings moes binne tien jaar teen 5% rente terugbetaal word; die huurder kon die betrokke grond koop en oor 'n tydperk van 30 jaar teen 4% rente afbetaal; plase sou gereeld geïnspekteer word; die regering behou alle minerale- en verkeersregte. Dan was daar talle klousules wat die owerheid teen verliese, luiheid, onbevoegdheid of oneerlike gedrag van nedersetters beskerm het. Vir 'n tydperk van drie maande na hierdie Ordonnansie in werking getree het, sou die Luitenant-goewerneur die reg hê om grond toe te ken sonder om volgens die Ordonnansie te handel. Die rede hiervoor was dat groot stukke grond vroeër reeds aan goedgekeurde aansoekers toegeken is en dit was nodig om eers hierdie persone se besitreg te waarborg.⁹¹

Ten spyte van die breedvoerige besonderhede van die Landnedersettingsordonnansie was daar egter nie volle helder-

90. Cd. 1463/1903, p. 26 en p. 37.

91. Ibid., pp. 25-37.

heid oor wat nou van nedersetters verlang is voordat hulle kon begin boer nie en hoe groot die gemiddelde plase sou wees nie. Eers teen Februarie 1903 is hierdie leemte besef en toe het maj. Apthorpe verklaar dat die gemiddelde grootte van toegekende plase ongeveer 1,500 akker was. 'n Vee- en saaiplaas was ongeveer 2,000 akker en 'n suiwer veeplaas 3,500 akker. Toe eers is ook verklaar dat goedgekeurde nedersetters 'n minimum-kapitaal van £400 moes hê, of vee en implemente ter waarde van £400.⁹² Deur hierdie laaste bepaling is alle Afrikaners finaal van die skema uitgesluit, want bywoners het nie aan die finansiële en ander vereistes voldoen nie, terwyl grondbesitters se plase baie groter as 25 morg was. 'n Geringe getal Scouts en Hensoppers het oorgebly om in die skema te deel.

Teen 1903 was reeds 546,355 uit 'n totaal van 1,274,820 akker grond aan nedersetters toegeken. Aan die einde van Januarie 1903 was 362 nedersetters - uit ongeveer 5,000 aansoeke - hierop gevestig.⁹³ Ook was 65 verarmde Afrikanergesinne - gewese Scouts - op regeringsgrond naby Heilbron gevestig, terwyl voorbereidings getref is om 'n tweede groep op genl. Piet de Wet, die Hensopper, se plaas te vestig.⁹⁴

In teenstelling met die O.R.K., waar nedersetters slegs op voorskotte volgens sekere voorwaardes kon staatmaak, en aanvanklik van eie kapitaal afhanklik was, is in Transvaal groter daadwerklike ondersteuning verleen. Aan elke nedersetter is 'n ploeg, 'n span osse, 'n tent en ander landbou-implemente geleen. Ook het nedersetters rantsoene ontvang. In ruil hiervoor moes die helfte van hul eerste oes aan die regering afgestaan word. Aan elke nedersetter is verder 'n voorskot van £700 toegestaan, waarvan £300 aan die oprigting

92. Cd. 1551/1903, p. 102 : Memorandum, 28.2.1903.

93. Ibid., p. 101 ; vgl. Worsfold, op. cit., II, p. 92 : Van die 362 nedersetters was 209 uit die Britse Ryk buite Suid-Afrika afkomstig. Teen 17 Februarie 1903 was daar al 370 nedersetters in Transvaal.

94. Cd. 1551/1903, p. 67.

van 'n woning en omheining bestee moes word, £300 aan plaasbenodighede en £100 vir „living expenses" was.⁹⁵

Teen Februarie 1903, toe Chamberlain sy inspeksie-besoek aan Suid-Afrika gebring het om te aanskou hoe die Milner-regime gevorder het, was reeds £1 miljoen aan landnedersetting bestee.⁹⁶ Ten tye van sy besoek aan Bloemfontein het die inwoners van die dorp in 'n verwelkomingsadres o.a. versoek dat grondlose burgers op dieselfde wyse as Britse immigrante in die nedersettingskema moes deel.⁹⁷ In al sy toesprake en beloftes het Chamberlain die petisionarisse 'n antwoord skuldig gebly.

Intussen is die Imperial South African Association (I.S.A.A.) in Engeland gestig om uit alle dele van Engeland nedersetters vir die O.R.K. te werf. Aan getroude pare of jong manne, wie se susters hulle na Suid-Afrika sou vergesel, is voorkeur gegee.⁹⁸ Weer was die doel hiervan klaarblyklik om te verhoed dat die ongetroude Brit met 'n Afrikaanse meisie trou.

Die eerste drie jaar ná die oorlog was vir die nedersetters noodlottig, deels weens natuurrampe, maar ook weens die onkunde van die nuwelinge - hulle het te veel op akkerbou staatgemaak. Na die langdurige droogte het die reën in 1903 te laat gekom. Omdat hulle dus gedwing was om laat te plant, het die ryp hulle ook nog groot skade berokken. Tot oormaat van ramp het groot swerms sprinkane in die suidelike O.R.K. uitgebroei sodat ook 'n groot deel van die jong koring en hawer vernietig is. Ook die soetveld, die enigste winterweiding vir hulle vee, is deur die sprinkane verwoes.⁹⁹

Baie van die nedersetters was feitlik geruïneer, maar

95. Cd. 3028/1906, p. 15.

96. Cd. 1552/1903, p. 39.

97. The Friend, 6.2.1903.

98. C.S. 5925/03 : Sekretaris I.S.A.A. aan regering-sekretaris, 7.7.1903.

99. Beak, op. cit., p. 73.

Milner wou hulle ten alle koste behou. Die regering was dus genoodsaak om hulp te verleen in die vorm van uitstel van die betaling van die eerste paalement van hul lenings, wat gemaak is om omheiningsmateriaal aan te koop. In sommige gevalle is termyne met drie jaar verleng. Tog was hierdie tegemoetkoming nie voldoende om hulle uit hul ellende te help nie en bykomende noodleniging moes gedoen word.¹⁰⁰

Tien boormasjiene is aangekoop en kosteloos aan die nedersetters geleen om boorgate te boor waarop windpompe ook kosteloos vir hulle opgerig is.¹⁰¹ Verder is ses besproeiingskemas, t.w. Strydfontein (Kroonstad), Kransdraai (Bethulie), Mushroom Valley (Winburg), Roodepoort (Bloemfontein), Oosfontein (Philippolis) en Uitspanning (Rouxville), begin en is die vestiging van nedersetters aldaar in die vooruitsig gestel.¹⁰² Teen 1904 het Milner dit ook goedgekeur dat aantelwee aangekoop en tot beskikking van die nedersetters gestel moes word.¹⁰³

Tot 30 Junie 1904 is 1,025, 456 akker teen £791,949 in die O.R.K. vir landnedersetting aangekoop. Toe was daar 656 gesinshoofde gevestig, waarvan 573 Engelssprekend was.¹⁰⁴ Ten spyte van hul opdraande stryd was baie van die O.R.K.-nedersetters nie van die moederverloor-soort nie. Hulle het begin om boere-verenigings te stig waardeur menings gewissel en wedersyds baat uit landbou-proefnemings gevind kon word.¹⁰⁵

Familiebetrekkinge van soldate wat na die oorlog in die O.R.K. agtergebly het, is intussen deur die immigrasieafdeling van die Landnedersettingsdepartement na die O.R.K. gebring. Tot 30 Junie 1904 het 47 mans, 142 kinders en 155 vroue hulle in hierdie kolonie kom vestig. Die vermin-

100. Ibid., pp. 73-74.

101. Wrench, op. cit., p. 242.

102. Cd. 2482/1905, p. 34.

103. Wrench, op. cit., p. 242 ; Cd. 2482/1904, p. 35.

104. Cd. 2482/1904, p. 34.

105. Cd. 2104/1904, pp. 138 en 139.

derde passaatgeld kon in paaiemente berugbetaal word.¹⁰⁶

In die Imperiale Blouboeke is die nedersetters en die sukses van die skema deur Milner hemelhoog aangeprys in 'n poging om nog meer immigrante te lok. Veral die hertog van Westminster was 'n geesdriftige ondersteuner van die skema. Hy het self in die oostelike Vrystaat, waar die stasie Westminster tans geleë is, 'n landgoed van duisende morg besit wat deur nedersetters vir hom bewerk is. Dikwels was hy die skyf vir aanvalle deur The Friend omdat hy op sy landgoed soos 'n feodale landheer teenoor sy leenpligtiges gestaan het. Op 24 Januarie 1904 het Milner o.a. aan hom geskryf: „We have now got between 500 and 600 people - British men - on the land in the Orange River Colony With a few exceptions they are doing well, though they had an awful season to start with. I hope to see an equal number placed on the land within the next twelve months.”¹⁰⁷

Vanaf sy aankoms tot en met sy vertrek was Milner egter gladnie op hoogte van demografiese toestande in Suid-Afrika nie. Eers in 1904 het die sensusopname taamlik noukeurige gegewens met betrekking tot die vier kolonies verstrek. In die O.R.V. moes dit Milner ontstel het. As die feit in aanmerking geneem word dat 70-85 persent van die blankes aan die Afrikaanse kerke behoort het, was die Afrikaners nog ver in die meerderheid.¹⁰⁸ Met die vergelykbare getalle vir ouderdom en geslag kon met veiligheid 'n uiteindelijke Afrikaner-oorheersing oor die Britse element voorspel word. Milner moes toe meer as ooit besef het dat alleen groot-skaalse Britse immigrasie laasgenoemde kon verhoed.

Aan die stemme wat reeds in die verowerde kolonies teen die skema opgeklank het, het hy hom geensins gesteur nie. Hy was net mismoedig omdat daar so min private steun

106. Cd. 2482/1905, p. 35.

107. Headlam, op. cit., p. 492.

108. Census of the Orange River Colony, April 1904, p.118.

vir sy onderneming was. Gerugsteun deur grootskaalse immigrasie het hy nog steeds aan uiteindelijke sukses geglo: „If the thing caught on, there is no reason why we should not, in the course of ten years, have between 5,000 and 10,000 British Settlers on the land in the new Colonies, and that would settle the political question. The towns and industrial centres are British....”¹⁰⁹

In die oë van Milner was landnedersetting dus nog steeds 'n maatreël om die eertydse republieke te verbrits. 'n Ontleding van nedersetters staaf hierdie bewering. Tot 13 April 1904 was daar 541 Engelse en 86 „Dutch” nedersetters onder die 627 nedersetters wat hulle in die O.R.K. gevestig het. Onder die „Dutch” was daar 71 voormalige National Scouts,¹¹⁰ d.w.s. ook politieke vyande van die nasionaalvoelende Afrikaners. En ten spyte van Milner se bewering dat die nuwe inkomelinge die beskawing en doeltreffende, moderne boerderymetodes na die agterlike kolonies sou bring, het die magistraat van Smithfield na 'n toer deur sy distrik verklaar dat die nedersetters „not such a desirable class of people” was.¹¹¹

Uit die voorafgaande blyk dit dat Milner baie vir die nuwe inkomelinge gedoen het. Ten tye van die natuurrampe van 1902-3 moes die Afrikaner staande bly sonder veel regeringshulp. Behalwe rantsoene, waarvoor hulle later moes betaal, is niks vir hulle gedoen nie. Met behulp van staats-toelae en -lenings wou Milner die nuwe inkomeling in 'n gunstiger en sterker ekonomiese posisie teenoor die Afrikaner plaas. Met behulp van geld, verkry uit belastingbronne van die verowerde kolonies, moes die nedersetter kunsmatig aan die lewe gehou word totdat hy welvarend kon word. As hy eenmaal hierdie posisie bereik het, kon hy invloed na buite

109. Headlam, op. cit., p. 492.

110. C.S. 2340/04 : Milner-telegram, 13.4.1904.

111. C.S. 800/04 : Verslag, 1.2.1904.

uitoefen en, met sy ekonomiese welvaart as lokaas, help om die Afrikaner onder die Imperiale banier te skaar. Na 'n rondreis deur sy distrik het die Bloemfonteinse magistraat in April 1904 dan ook in sy verslag geskryf dat, in teenstelling met die Afrikaner die nedersetters volop vee het en welvarend voorkom. Hy voeg ook by: „These new settlers are the brightest spot for the politician who can rivet his attention on the future, but for the immediate present such men with their well-developed ability of looking after themselves seems hardly to offer so interesting an object as their less self helpful neighbours who have fallen on more evil times.”¹¹²

Die ooglopende voordele wat deur die owerheid aan die nedersetters verseker is, is ook deur binnelandse instansies in die O.R.K. opgemerk. Vanaf 1904 word al hoe meer kritiek daarteen uitgespreek - 'n bewys dat die teruggekeerde Afrikaner weer van homself bewus begin word het. Veral nadat die begroting tot Junie 1905 bekend geword het, het Ons Vriend, wat sterk pro-Afrikaner was, hierdie nedersetting-skema gekritiseer. In 'n hoofartikel meld die blad dat in die komende jaar £30,000 as 'n soort rente in die staatskas gestort sou word teenoor £950,000 wat aan landnedersetting bestee is. Die redakteur het die stelsel as „absoluut onproduktief” veroordeel, aangesien die administrasie alleen £7,000 per jaar beloop het.¹¹³

Die Brandfort-kongres van 1904 het ook die stelsel aangeval en sy ontevredenheid uitgespreek dat Afrikaners minder staatshulp as die ingevoerde nedersetter ontvang. Daar is besluit dat die kongres „spreek as zijn diep gevoelde overtuiging uit, dat de Regering geen regte heeft om van buiten de grenzen dezer Kolonie een enkel nieuw ,setler' in te brengen en te ondersteunen op de wijze tot nu toe

112. C.S. 4521/04.

113. Ons Vriend, 1.7.1904.

gevolgd, namelijk, op kosten der bevolking, zoolang nog de oude bewoners des lands niet zijn gered van de ruinerende gevolgen van de oorlog en zoolang de reeds ingevoerde 'settlers' nog van de steun der Regering afhankelijk zijn om te kunnen bestaan."¹¹⁴

Tydens die bespreking van landnedersetting het genl. Hertzog dit betreur dat die owerheid steeds meer nedersetters wil invoer, want dit bewys die wantroue van die Britse regering in die volk van die O.R.K.¹¹⁵ The Friend het in 'n hoofartikel te kenne gegee dat, so gou die O.R.K. selfbestuur ontvang, hy die landnedersettingskema oorboord gaan gooi.¹¹⁶

Te midde van hierdie spervuur het Milner meer grond vir nedersetting aangekoop. In sy vorderingsverslag tot Junie 1905 het hy gespog dat „talle nedersetters" begerig was om dié grond volgens die vasgestelde voorwaardes te bekom, dog weens gebrek aan fondse om meer grond aan te koop, kon nie aan alle aanvrae voldoen word nie. Namate onbewerkte grond verbeter en oopgestel is, het die getal nedersetters gestyg sodat hulle op 700 gesinshoofde, waarvan 598 Engelse was, te staan gekom het. Hulle het 1,082,382 akker bewoon.¹¹⁷

Pogings is ook aangewend om grond onder „digte nedersetting" te plaas en 15,935 akker is daarvoor afgestaan. Wat die „digte nedersetting" sou wees, is egter nie duidelik omskrywe nie. Aan die I.S.A.A. is twee stukke grond toegeken, een stuk vir agt nedersetters in Lindley en die ander vir nege nedersetters in Springfontein, waarop hulle na 'n opleidingstydperk van een jaar op vaste grondslag kon gaan boer. Soortgelyke nedersettings is ook in Kroonstad en

114. Offisieel Verslag van de Verrichtingen van het Nasionaal kongres gehouden te Brandfort op 1 en 2 Desember 1904, p. 74.

115. C.S. 1164/05, p. 94.

116. Headlam, op. cit., p. 554 : Milner aan Selborne n.a.v. The Friend-artikel, 14.4.1905.

117. Cd. 3028/1906, p. 2.

Heilbron in die vooruitsig gestel.¹¹⁸

Eers teen Junie 1905 het die owerhede besef dat dit te veel van die nedersetters gevra was om met akkerbou alleen die mas op te kom en toe is £50,000 gestem waarmee 25,000 skape, 71 koeie en 1,200 bokke aangekoop is. Na twee jaar, waartydens die regering die helfte van die aanteel sou kry, het dit die eiendom van die nedersetters geword.¹¹⁹ Al hierdie maatreëls kon die nedersetters egter nie van ondergang red nie.

Toe hy vertrek, het Milner geskryf dat landnederstelling tot hiertoe 'n groot sukses was. Hy het dit egter betreur dat ontoereikende fondse verdere uitbreiding verhoed het. Hy moes ook erken dat daar ontevrede nedersetters was, maar het dit daaraan toegeskryf dat dit die groep was wat gewoonlik die hoogs moontlike voordeel uit ooreenkomste met die regering wou haal en uit eie wil niks sou doen nie. Weens swak grond het sekere nedersetters weggetrek, maar die goeie soort nedersetter was oor die algemeen tevrede.¹²⁰

Teen April 1905 was Milner baie pessimisties oor landnederstelling en in 'n vertroulike skrywe aan Selborne het hy minder seker oor die oorwinning van imperialisme oor Suid-Afrika geklink: „People think the War decided that South Africa should remain for good and all part of the British Empire. I never took that view..... Success in the war did not mean that we should necessarily keep her It only made that result possible - at most probable. To make it certain, requires years of strong, patient policy ...”¹²¹

Hy het voorts verklaar dat die toekoms van landnederstelling donker was, maar darem nog geskryf: „As regards Land Settlement, meaning especially the introduction of British settlers on the land, I can only say that, as far

118. Ibid., pp. 2-3.

119. Ibid., p. 5.

120. Ibid.

121. Wrench, op. cit., p. 253. My kursivering.

as it has gone - and unfortunately it has not gone far - it has justified, and more than justified, my extreme keenness about it."¹²² Ter verskoning van die mislukking het hy die depressie na die oorlog en die arbeidsvraagstuk aangevoer. Ook was dit moeilik om die regte soort nedersetters te kry, om geskikte grond vir hulle te kry en om hulle oor die eerste moeilikhede en mislukking te help.¹²³

Hoewel hy beweer dat die paar honderd nedersetters belangrik was, en hy pas nog die vorige jaar duisende binne die volgende tien jaar na die O.R.K. en Transvaal wou bring om die Afrikaner uiteindelik in getalle en stemme-oormag te oortref, sing hy teen 1905 'n ander deuntjie: „The man, who thinks we intended to outnumber the Boers on the land, is an ass. But a greater ass is he who thinks that it is no use attempting to leaven, because you can't outnumber them....."¹²⁴ In hierdie woorde het Milner feitlik die mislukking van sy stelsel geboekstaaf. Sy eertydse vergesigte van 'n vooruitstrewende Britse boerestand, wat die Afrikaner sou kom leer boer, was iets van die verlede en nou was hy net bekommerd dat die klompie proefkonyn-nedersetters na die toekenning van selfbestuur aan hulle lot oorgelaat sou word.¹²⁵

In Oktober 1905 het The Friend die reeds sterwende stelsel nog verder aan die kaak gestel: „On the Government farms, under-acred and over-valued, the unlucky settlers, in spite of fencing done for them, and advances of sheep and seed, are now in many cases on the verge of collapse."¹²⁶ Van die Westminster-skema het ook nie veel gekom nie. As ywerige ondersteuner van Milner se plan het hy twee afdelings immigrante na die O.R.K. gebring en op sy groot plase naby

122. Headlam, op. cit., p. 555 : Milner aan Selborne, 14.4.1905.

123. Ibid.

124. Ibid.

125. Ibid.

126. The Friend, 23.10.1905.

Thaba Nchu gevestig. Van sy eerste groep was nog net een nedersetter oor en van die tweede het een reeds selfmoord gepleeg en die res het nie durf kla nie, so streng het hy as feodale heer teenoor hulle gestaan.¹²⁷

Insiggewend is dit dat die Afrikaners en die koerante wat hulle ondersteun het, geen haat teenoor die nedersetters gekoester het nie; eerder meegevoel dat hulle die slagoffers was van 'n stelsel wat van die begin af gedoem was omdat die Engelse nedersetters die slagoffers van 'n teoretiese beplanning was wat in die praktyk moeilik verwesenlik sou kon word.

Tydens 'n kongres in Bloemfontein in Mei 1906 het pres. Steyn met verwysing na die nedersetters verklaar dat die O.R.K. nie meer armblankes wou hê nie. Die Afrikaner wou die nuwe inkomeling nóg onderdruk, nóg was hy bang vir hom, want hy het as boer met dieselfde moeilikhede te kampe gehad. Die oud-president het ook voorspel dat hierdie gemeenskaplike lyding samesmelting in die hand sou werk.¹²⁸

President Steyn het voorts verklaar dat alleen die Afrikaner met sy praktiese ervaring van boerderytoestande die nedersetters kon help uit die modderpoel waarin hulle gedompel was. „Wij zullen natuurlijk vragen dat geen meer zullen worden uitgezonden, totdat eerst degenen die wij hier hebben op het land, zullen zijn teruggeplaatst, die hun leven in steden en dorpen uitkwijnen en een last worden op de belastingbetalers,”¹²⁹ het hy verklaar.

Afgesien van die feit dat Milner nie naastenby met die landnedersettingskema bereik het wat hy uiteindelik daarmee beoog het nie, was dit ook van 'n praktiese oogpunt gesien 'n mislukking. Dit was uiters onbillik om nedersetters af te laai op grond waar byna geen merkat kon bestaan nie.¹³⁰

In Junie 1906 was daar in Transvaal 596 nedersetters

127. Ibid.

128. Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p.212.

129. Ibid., p. 213.

130. Ibid., p. 210.

op 940,000 akker, terwyl 666 gesinshoofde op 1,181,684 akker in die O.R.K. geboer het. Ten spyte van die feit dat die aanbou van spoorweë hulle bevoordeel het en hulle gronde teen die helfte van 1905 feitlik almal omhein was, was hulle geldelike toestand swak. Uitstaande lenings het £77,620 bedra.¹³¹ Gevolglik is van 1 Julie 1905 tot 30 Junie 1906 slegs 280 morg grond vir nedersetting aangekoop. Intussen moes weens die droogte 654 boorgate vir hulle geboor word.¹³²

Klaarblyklik was die meeste plase waarop nedersetters gevestig is, swak en arm aan water. Groot getalle nedersetters het dan ook hulle departementele gronde opgegee en elders in die O.R.K. grond gaan koop. Ten spyte van hierdie ooglopende feite dat die skema 'n mislukking was, is nogtans £6,000 aan omheining vir nedersetters bestee. Van die aangekoopte grond was 375,886 nie vir boerdery geskik nie.¹³³ Ook die I.S.A.A. het in 1906 bankrot gespeel.

Die droogte van 1906 het die meeste oorblywende nedersetters van akkerbou na veeteelt laat oorslaan. Bykomende vee is aan hulle voorsien en die regeringsromery te Tweespruit opgerig sodat hul room daar bemark kon word. Teen die herfs van 1906 het groot swerms sprinkane hul laaste gesaaides verwoes. Met die winter op hande het baie nedersetters plase by Afrikaners gaan huur teen 'n veel laer prys as die skema-plase. Gevolglik was afkorting op lenings aansienlik minder as die vorige jaar.¹³⁴

Wanadministrasie het meegehelp om die stelsel verder in onguns te bring. Veral tussen 1906 en 1907 was dit duidelik dat die nedersetters as boere misluk het. Baie het toe reeds na die stede verhuis. J.A. Sugden het in 'n verslag aan die Direkteur van Landbou in Maart 1907 die neder-

131. Bylae Wetgewende Raad Mei-Julie 1906 ; Cd. 3028/1906, p. 92.

132. Cd. 3528/1907, p. 76.

133. Ibid., pp. 74-77.

134. Ibid., p. 77.

setter se swak kennis van toestande in die O.R.K. betreur.¹³⁵ Die voor die handliggende gevolgtrekking is dat daar nage-laai is om die nedersetters goed oor boerderyvraagstukke in die O.R.K. in te lig, en te goeder trou is mense wat elders in die Britse Ryk 'n bestaan kon maak na die twee verowerde kolonies gelok waar hulle die bietjie wat hulle gehad het, moes prysgee in 'n poging om die imperiale oogmerke met Suid-Afrika te verwesenlik.

Nog gedurende 1906 moes die pryse van nedersettingsplase in Hoopstad en Kroonstad verminder word omdat niemand daarop wou boer nie.¹³⁶ Hierdie gronde is onmiddellik na die oorlog, in Milner se oorwinningsroes en te midde van sy politieke ideale vir 'n Britse Suid-Afrika, teen hoë pryse aangekoop en toe het die owerheid verklaar dat geen verlies op die grond gely sou word nie.

Vanaf Januarie 1907 moes talle plase herwaardeer word. Maj. Apthorpe het verklaar dat die waardasies onmiddellik na die oorlog deur persone vasgestel is wie se oogmerke dit was om grondpryse in hulle distrikte hoog te hou.¹³⁷ Groot verliese is hierdeur gely.

Gedurende die hele kroonkolonie-bewind in die O.R.K. is nooit enige syfers m.b.t. die produksie van die nedersetters verstrek nie - slegs die aantal vee wat deur die owerheid aan hulle verskaf is en wat hulle self besit het, sodat die indruk gewek word dat die Britse gesag nie in hierdie belangrike aspek van landnedersetting geïnteresseerd was nie, maar slegs die Britse boer op die land wou hou om Britse oorheersing ten koste van die ou bevolking te verseker.

'n Vergelykende staat van 1904 en 1905 wat in 'n verslag oor landnedersetting voor die Wetgewende Raad van die O.R.K. gelê is, toon dat daar in 1904 uit 'n totaal van 1856

135. C.S. 4502/06.

136. C.S. 3846/06.

137. C.S. 3846/3/06.

nedersetters (mans, vroue en kinders), 1437 Engelse en 419 Afrikaanssprekendes was, m.a.w. 77.5 was Engelssprekend en 22.5 Afrikaanssprekend. Van laasgenoemde was 270 kinders van verarmde Afrikaner-nedersetters, terwyl daar slegs 76 Afrikaner-gesinshoofde teenoor 540 Engelse was. In 1905 het die totale Engelse nedersettings bevolking tot 1611 gestyg, terwyl die Afrikaanssprekendes tot 266 gedaal het met slegs 45 gesinshoofde teenoor 590 aan Britse kant.¹³⁸ Ses en tagtig persent van die nedersetters was dus Britte. Die Afrikaanssprekendes wat padgegee het, is deur die owerhede as van die bywonersklas beskou. Hulle het na die stede gegaan om as hande-arbeiders 'n heenkome te vind, terwyl sommige weer by die ouere bevolking as bywoners in diens getree het.

Volgens die tesourier-generaal van die O.R.K. was daar in 1907 ongeveer 700 nedersetters. Almal het gesukkel na die aantal swak oeste. Na aanleiding van hulle geldelike toestand kon hulle in drie groepe verdeel word: ongeveer 250 wat selfversorgend was; 250 wat nie met soveel kapitaal as die eerste groep begin het nie, maar tog vol hoop vir die toekoms was, en 200 wat in 'n swakker toestand was as toe hulle begin het.¹³⁹

Hierdie verslag toon duidelik dat Milner se landneder-setting-kaartehuis besig was om ineens te stort. Dit word verder gestaaf deur die feit dat tussen 1 Julie 1906 en 17 Junie 1907 geen bykomende grond vir nedersetting deur die regering aangekoop is nie. Gedurende hierdie tydperk is intendeel 3,198 morg vir £2,774 verkoop en 3,820 morg aan die Departement van Landbou oorgemaak. Uitstaande lenings aan nedersetters het £70,749 bedra, terwyl terugbetalings ten bedrae van £16,471 gedoen is.¹⁴⁰

138. Bylae Wetgewende Raad v.d. O.R.K., Mei-Julie 1906.

139. Bylae Wetgewende Raad van die O.R.K. 1907, p. 57.

140. Ibid.: Verslag insake landnedersetting, 1.7.1906 tot 17.6.1907.

Die hele skema was dus besig om op 'n fiasko uit te loop ten spyte van 'n bewering deur die pro-Milner Bloemfontein Post dat dit 'n uitmuntende sukses was. Tereg is dan ook beweer dat die nedersetters, omdat hulle deur die Britse owerheid in onkunde oor boerderytoestande in die O.R.K. gelaat is, „are more Africander than the Africans.”¹⁴¹ Die hulpvaardige vriendelikheid van hul Afrikaanse bure het veel hiertoe meegehelp.

Eerstens was die plase te klein. Die Afrikaners het vroegtydig hierop gewys, maar Milner het volgehou dat die nuwe inkomelinge die ou inwoners sou kom leer boer. The Friend, as pro-Afrikaner orgaan skerp in sy veroordeling van die Milner-bewind, skryf o.m.: „The settlers whom he brought out to this country to give its inhabitants a lesson in farming have received one instead. For the men themselves nothing but sympathy can be felt. They were encouraged by the Government to undertake farming on the wrong lines, with the result that some of them have lost the whole of the capital they have put into the ground, while all of them, with the exception of those who possess stock, are in serious difficulties.”¹⁴² Die redakteur het aanbeveel dat die £7,000 wat jaarliks aan die administrasie van landnedersetting bestee is, in die vorm van £250 elk aan 28 nedersetters as hulp geskenk moes word.

'n Skot wat gedurende 1905 deur die O.R.K. gereis het, het soos volg oor die skema geskryf: „This is a pet scheme of lord Milners', run by him under the idea that the British settlers brought into the Colony would prove a loyal backbone to a disloyal body. Far from this being the case, there are no more outspoken critics of the Government than these very land settlers. If Government had put aside some of their numerous farms for the poorer Boers, and given each

141. The Bloemfontein Post, 12.3.1906.

142. The Friend, 18.10.1904.

family a plough and oxen, it would have conferred far more benefit on the Colony than by introducing men who do not know the country, and who have still their experience to buy."¹⁴³

Hierdie brief lewer opnuut bewys dat Milner nie soseer oor die nedersetters se prestasies in die boerdery begaan was nie, as dat hulle oor die Afrikaner moes waghou ten einde toekomstige rassewrywing uit te skakel. Hulle moes toonbeelde van die Milner-wantroue in die Afrikaner wees, maar het spoedig, nes die Afrikaner, self kritiek op die landnedersettingskema uitgespreek. So het 'n nedersetter in 1905 die onbevoegdheid van landnedersettingamptenare aan die kaak gestel. In sy afwesigheid het 'n nedersettingsinspekteur op sy plaas aangekom. Die inspekteur moes verslag oor die gesaaides doen. Op 'n nabygeleë land was gars geplant. Hy wis nie watter gewas dit was nie en moes sy naturelle-drywer se hulp inroep om dit te identifiseer.¹⁴⁴

Met sulke amptenare kon nie verwag word dat dit met die nedersetters, wat van hulle oordeel afhanklik was, voor die wind moes gaan nie. Inderwaarheid was die toestand van die nedersetters nooit op enige tydstip so rooskleurig soos wat dit deur Milner en sy opvolgers in Blouboeke aan die Britse publiek voorgeskilder is nie. Reeds in 1904 het The Friend verklaar dat die nedersetters slegter as die verarmde Afrikanerboere daaraan toe was: „They have become victims of the callous and unscrupulous colonization scheme instituted by lord Milner, and against the advice of the practical farmers of the country."¹⁴⁵

Teen 1905 verswak hulle toestand sodanig dat hulle die herwaardasie van hulle plase versock het. Die redakteur van The Friend het dadelik met kritiek toegeslaan en ver-

143. The Friend, 2.3.1905.

144. The Friend, 2.11.1905.

145. The Friend, 29.12.1904.

klaar dat Milner slegs 'n Imperiale polisiemag met boerdery slegs as bysaak beoog het, en dat die nedersetters op politieke gebied met die Afrikaner volkome saam gestem het. In plaas daarvan dat die Afrikaner deur hulle 'n les geleer is, het hulle self een ontvang.¹⁴⁶ Die meeste nedersetters het mettert tyd liever by hul Afrikanerbure as by die adviseurs van die landnedersettingskema om hulp en raad gaan aanklop. Weens die totale onkunde waarin hulle gelaat is, het dit so lank geduur voordat hulle besef het dat hulle akkerbou alleen nie die mas kon opkom nie. Eers toe hulle in Augustus 1905 nie die rente op hulle lenings kon aansuiwer nie, het hulle na veeboerdery begin oorslaan.¹⁴⁷

Ongeag die natuurrampe, die teleurstellings i.v.m. kompensasie en repatriasie en met slegs hulle eie inherente krag om op staat te maak, het die verarmde Afrikanerboere, sonder enige staatshulp soos in die geval van die nedersetters, intussen stadig maar seker weer van die oorlogsverwoesting herstel. The Friend, wat op die herstel van die Afrikaner geroem het, het teen September 1905 verklaar dat daar in die O.R.K. net angs oor die nedersetters kon bestaan ten spyte van alles wat die regering vir hulle gedoen het.¹⁴⁸

Milner het Suid-Afrika in 1905 verlaat. Terug in Engeland het hy, en dit slegs vier jaar na die Vrede van Vereeniging, met die gedagte behep geraak dat imperialisme die stryd in Suid-Afrika sou verloor. Hierdie feit word geopenbaar deur mev. Asquith, eggenote van 'n latere Britse eerste minister. Na 'n gesprek met hom in 1906 het sy soos volg geskryf: „Milner came to see me on March 28, and we had a long talk..... There is something out of drawing with his judgment. He has got it on the brain that we shall lose South Africa.”¹⁴⁹ Voorwaar profetiese woorde!

146. The Friend, 4.11.1905.

147. The Friend, 18.8.1905.

148. The Friend, 14.9.1905.

149. Wrench, op. cit., p. 261.

Aan die einde van 1906 was dit duidelik dat die O.R.K. ook selfbestuur sou ontvang. In die Britse Hoërhuis het Milner toe reeds begin aandring daarop dat die nedersetters in die konstitusie beskerm moes word. Selfs by die imperiale owerheid is nou die vrees gewek dat die Afrikaners die nedersettingskema oorboord sou gooi ná die toekenning van selfbestuur. 'n Groot vergadering van nedersetters is gevolglik belê en, nadat die hele aangeleentheid aan hulle verduidelik is, is 'n beroep op die Britse regering gedoen om vir nog vyf jaar landnedersetting self te administreer.¹⁵⁰ Die Britse owerheid in Transvaal en die O.R.K. het dus met 'n voorstel vorendag gekom dat dié twee kolonies 'n imperiale lening van £4 miljoen moes aangaan waarvan £1½ miljoen aan landnedersetting bestee sou word wat vir 'n verdere tydperk onder die beheer van die imperiale owerheid sou bly.¹⁵¹

Hierdie voorstel is aan invloedryke Afrikanerleiers in albei kolonies voorgelê. Dit het dadelik heftige kritiek uitgelok, veral van weë die groot bedrag wat aan landnedersetting bestee sou word. In wese het die voorstel nog daarop neergekom dat Engeland die Afrikaner nie vertrou nie. Die kolonies moes landnedersetting finansier, maar Engeland sou beheer uitoefen. Dit was niks meer as wantroue in die Afrikaner nie. Op 7 September 1906 het genl. Hertzog in sy antwoord aan Selborne verklaar dat die ou bevolking van die O.R.K. vertrou verlang. Om 'n nuwe lening van £4 miljoen aan te gaan en aan te wend soos voorgestel is, sou baie ontevredenheid veroorsaak.¹⁵²

Genl. Hertzog het veral gewys op die wantroue wat die vorige Britse regering by die Vrystaters met hulle landnedersettingskema verwek het, „with the avowed object of over-awing and artificially swamping the legitimate vote of

150. Cd. 3523/1907, p. 77.

151. J.S. 3709/06.

152. Ibid. ; vgl. Van den Heever, J., Generaal J.B.M. Hertzog, p. 216.

the old population." Hy het voorts geskryf dat landneder-setting „is an institution conceived in distrust, that it was created in distrust and that at the present moment it is sought to be perpetuated through distrust of the people now desired by H.M.G.(overnment) to contribute to its support."¹⁵³

Voorsts het genl. Hertzog beklentoon dat Milner die skema in die lewe geroep het en beheer het met die geswore doel om die regmatige stem van die Afrikaner te oordonder en kunsmatig onder te kry. Die voorstel vervat in Selborne se brief aan hom dat die beheer oor landneder-setting vir 'n raad gereserveer moet word wat deur die nedersetters aangesel sou word, sou, indien dit uitgevoer word, die grootste en fataalste fout wees wat ooit deur die Britse regering in verband met die toekenning van selfbestuur begaan kon word. „It will be considered as a direct and open declaration by His Majesty's Government to the people of these Colonies that they are not to be trusted...." Die O.R.K. sal eenparig 'n lening verwerp vir die handhawing van „an establishment so defective in its administration and doomed to utter failure."¹⁵⁴

Genl. Hertzog het sy verdoemende verwerping van Selborne se voorstel afgesluit deur hom op 'n klaarblyklike misverstand te wys: „In expressing my opinion as I have done, I have not lost sight of what Your Lordship calls 'the unsatisfied anticipation of the British Tax-payer to a substantial contribution from these Colonies.' I feel, however, that the people of this Colony, which deeply regretting that any such anticipation on the part of the British Tax-payer should ever have been raised, have every right to hold, as they do hold, that they were in no wise a party to the causing of any such expectations, and that they should not

153. C.S. 3709/06.

154. Ibid.

be held responsible for the actions of men appointed by His Majesty's Government then in power, and who neither represented the people of this Colony, nor in any manner consulted their wishes in the matter.... To purchase the Goodwill of the British investor at the price indicated by me, would be criminal....."¹⁵⁵

Ook Abraham Fischer, later eerste minister van die O.R.K., het heftig teen die voorgenome plan i.v.m. landnederstelling te velde getrek..... "the new-comers were to be Imperial guards over and amongst the older inhabitants, and farmers only as a secondary consideration. Conceived in distrust, the scheme was carried out in total disregard of the wishes, feelings and interests of the old inhabitants." Die skema was 'n mislukking, want baie nedersetters het al hul plase verlaat en die res het „Afrikaners" geword. Landnederstelling „was managed without the guiding spirit of experience, which would probably have ensured at least efficiency and economy in the administration of the funds devoted to the purpose. No wonder that, except by those who have been responsible for or connected with the work, it is generally admitted that the undertaking has in the main been a dismal failure."¹⁵⁶

Genl. Louis Botha het namens Transvaal verklaar dat die gedagte aan 'n raad in Londen om oor die nedersetters te waak „would never have been made but for a lurking suspicion and want of trust in the people of the Transvaal and especially that part with which we are more particularly associated." Die proefneming met die nedersetters het reeds getoon hoe gevaarlik gebrek aan kennis van Suid-Afrika is en „we are certain that it is in the interests of the settlers themselves that they shall be in the hands of practical local people who know their difficulties and can sympathise with

¹⁵⁵. Ibid.

¹⁵⁶. Ibid.

their troubles, and that they shall not be left to be dealt with by people abroad, who have not so much sympathy for the settlers as for certain political objects which they wish to achieve."¹⁵⁷

Die Afrikanerleiers se eenparige uitspraak was dus dat die ganse skema uit agterdog gebore en getoë is as 'n poging om die uitkoms van die oorlog in vredestryd te konsolideer. Boonop is die ware oogmerke daarvan verbloem om dit voor te hou as 'n eerlike poging om die sogenaamde agterlike en onontwikkelde kolonies ekonomies te bevorder.

Ten spyte van hierdie openhartige verklarings van Afrikanerleiers was die Britse regering nie bereid om die Afrikaner met landnederstelling te vertrou nie. Na die toekenning van selfbestuur is in elke kolonie 'n Landraad in die lewe geroep om vir vyf jaar die nedersetters te „beskerm en hulle belange te behartig.”¹⁵⁸ Die lede van dié Landrade is deur die Britse regering aangestel en was aan hom verantwoordelik. In die O.R.K. is maj. K.P. Apthorpe tot voorsitter met M. Anderson en H.W. Stockdale as bykomende lede aangestel.¹⁵⁹

Tot 17 Julie 1908 is grond ter waarde van £1,100,000 vir landnederstelling in die O.R.K. aangekoop. Terselfdertyd het voorskotte aan nedersetters £50,000 bedra en vee ter waarde van £35,000 is aan hulle geskenk. Daarenteen het die totale inkomste uit landnederstelling tot aan die einde van die eerste kwartaal van 1907 op slegs £60,034 te staan gekom.¹⁶⁰ Finansiëel was die skema dus ook 'n volslae mislukking.

Na Milner se vertrek en die toekenning van selfbestuur het die twee „Afrikanerpartye” die verkiesingstryd in die

157. Ibid.: Botha aan Selborne, 21.9.1906.

158. Worsfold, op. cit., II, p. 103.

159. Goewermentskoerant, 20.9.1907.

160. Begrotingstoespraak Koloniale Tesourier in Wetgewende Raad, 1908, p. 13.

twee verowerde kolonies gewen. Dit het Milner nog verder versterk in sy vrees dat die Britse Ryk Suid-Afrika sou verloor. In 1907 het hy aan die destydse redakteur van The Star in Johannesburg 'n brief geskryf waarin hy die rol bespreek wat die Britse opposisie in die Suid-Afrikaanse politiek moet speel: „Opposition to the Boers because they are what they are, i.e. Boers and not British, is out of date. The fight is no longer for predominance. That is settled. The point is that, accepting Boer predominance, not as a desirable thing, but as a fact, a British party ... can do a lot, and an increasing lot, as the old issues recede, to influence any Transvaal or other South African Government Every government will want to be on some sort of decent terms with the representatives of the industrial community....”¹⁶¹

Die hele strekking van hierdie brief is dié van 'n man wie se ideale ontsenu is. Slegs die sukkelende nedersetters in die twee verowerde kolonies was bewys van die „stryd wat reeds besleg” was.

Toe Milner vertrek, was daar 557 Britse nedersetters in Transvaal en 691 in die O.R.K. Aan die einde van die kroonkolonie-tydperk was £1,300,000 in Transvaal en £1,200,000 in die O.R.K. aan landnedersetting bestee, sodat nog £500,000 in die O.R.K. daarvoor beskikbaar was. Worsfold sowel as Wrench verklaar dat landnedersetting in die O.R.K. meer vooruitstrewend en suksesvol as in Transvaal was, waar die nedersetters as gevolg van die nywerheidsomwenteling na die oorlog na meer winsgewende bedrywe as boerdery in die stede gelok is. In die O.R.K. was toestande meer gevestigd, boerdery meer ontwikkel en op groter skaal, terwyl meer water vir besproeiing beskikbaar was. Worsfold beweer ook dat die belange van die nedersetters in die

¹⁶¹. Wrench, op. cit., p. 269.

O.R.K. beter geadministreer is. Hoewel die getal nedersetters spoedig in Transvaal met meer as 100 en tussen Junie 1905 en 1911 in die O.R.K. met 53 gedaal het, verklaar hy nogtans dat dié wat op die plase oorgebly het, vooruitstrewend geword het, soos die pryse wat hulle tydens tentoonstellings verower het, getuig het. In 1911 was daar 647 nedersetters oor in die O.R.K. Hulle het 4,000 perde, 31,000 beeste en 302,000 skape besit.¹⁶²

Geleidelik loop die skema dus ook in die O.R.K. dood. Daarom dat die nedersetters se bydrae op landbou- en ekonomiese gebied geen noemenswaardige plek in die boerderygeskiedenis van Suid-Afrika inneem nie. Ondersock deur middel van besoeke aan nasate van nedersetters in die O.R.K. het aan die lig gebring dat diegene wat boere gebly het, mettertyd wel selfvoorsienend geword het en in enkele gevalle selfs welvarend. 'n Toonaangewende ekonomiese posisie het hulle nooit kon beklee of verower nie. Mnr. H.W. Stockdale, nasaat van een van die Thaba Nchu-nedersetters, boer vandag nog op die plaas wat deur sy vader onder die eerste Landnedersettingsordonnansie bekom is. Hy was tot betreklik onlangs direkteur van die koöperasie in Clocolan en algemeen 'n gesiene persoon in die distrik. Tydens 'n onderhoud het hy verkies om Afrikaans te praat. Ook in Thaba Nchu, waar ek by die Worringham-gesin oornag het, is die gesprek deurentyd in Afrikaans gevoer.

Milner se politieke oogmerke met sy herstelprogram is dus nooit verwesenlik nie. Britse immigrasie het nie plaasgevind op 'n skaal groot genoeg om 'n betekenisvolle uitwerking op die blanke bevolking van Suid-Afrika te hê nie. In April 1904 was die blanke bevolking van Johannesburg slegs 83,363 waar dit 76,500 vóór die oorlog was. Alhoewel dié bevolking vinniger vermeerder het in die daaropvolgende jare

162. Worsfold, op. cit., II, pp. 102-105.

- dit was 121,857 in 1911 - het die blanke bevolking in die kuskolonies in werklikheid gedaal.¹⁶³ In Mei 1911 was slegs 51.7% van die blanke bevolking van die Unie van Suid-Afrika in die stede woonagtig¹⁶⁴ in plaas van die 60% wat Milner so vol vertroue in die vooruitsig gestel het.

Tot vandag toe het die landelike kiesafdelings in die Vrystaat oorheersend Afrikaans gebly. In 1911 het 78.74% van die blanke bevolking van die Vrystaat aan Afrikaanse kerke behoort¹⁶⁵ - 'n verdere bewys dat landnederstelling misluk het. Sedert 1904, toe 70.85% van die blanke bevolking aan Afrikaanse kerke behoort het, het die moontlikheid van 'n Britse meerderheid dus nog verder vervaag. Pyrah verklaar tereg: „The land-settlement scheme turned out to be the least successful of Milner's ventures.”¹⁶⁶

In 1912, toe die Landraad ontbind is, het huurgelde tot op datum £60,000 bedra. Daarenteen is tot 1907 £1,250,000 aan landnederstelling bestee en tussen 1907 en 1912 'n verdere £1,250,000. Die inkomste het dus slegs 2.4% van die uitgawe bedra. Die uiteindelijke administratiewe koste het £29,058 bedra. Worsfold beweer dat die huurgeld voldoende was om die rente en administratiewe koste te dek en dan is sy veelseggende gevolgtrekking: „In other words, the Free State Province had secured a useful addition to its population without any sacrifice or revenue.”¹⁶⁷ Die feit dat die bedrag aan landnederstelling bestee teen 4% van die gewaarborgde lening van £35 miljoen geleen is, verswyg hy heeltemal.

Die Britse nedersetters in albei kolonies kon nie klaar hul behandeling nadat hulle in 1912 onder die Unie-

163. Official Year Book of the Union of South Africa 1910-1916, p. 148 ; Census of the Union of South Africa 1911, p. 40.

164. Census of the Union of South Africa 1911, p. 24.

165. Ibid., p. 932.

166. Pyrah, op. cit., p. 200.

167. Worsfold, op. cit., II, p. 105.

minister van Lande geplaas is nie. In 1912 is 'n wet aangeneem waardeur nedersetters in staat gestel is om, nadat aan sekere voorwaardes voldoen is, feitlik 'n ewigdurende erfpag oor die eiendom te verkry. Van hierdie voorwaardes was die belangrikste dat 'n verband ten gunste van die regering aangegaan moes word waarvolgens die balans van die koopprys binne 'n vasgestelde tydperk en rente van 4% per jaar op die kapitale bedrag betaal moes word. Terselfdertyd is nuwe Landrade in alle provinsies in die lewe geroep met volmag om met alle nedersetters volgens die 1912-wet te handel. In die Vrystaat is maj. Apthorpe, wat vanaf 1901 met landnedersetting in dié gebied belas was, op die raad aangestel.¹⁶⁸

Worsfold verklaar in 1913 dat die nedersetters hulle tweeledige doel, nl. om boerdery te verbeter en om same-smelting te bewerkstellig, regverdig het: „The measure, which has thus added some 1,100 farmers to the population of the former Boer republics, was carried through by Lord Milner in the teeth of the adverse criticism of many British South African who were in other respects staunch supporters of his policy, and the loud condemnation of political opponents in England. Time alone can show in what degree these settlers will be effective in fulfilling their double mission - to quicken Boer agriculture by British enterprise, and to bind together the two nationalities by mutual interests of a common pursuit. But one thing at least is certain. No effort of statesmanship could have been better calculated to attain these ends, and none could have been pursued with a more disinterested aim, or under more discouraging conditions.”¹⁶⁹ Die tyd en feite getuig egter teen Worsfold se bewieroking van Milner se mislukte landnedersettingskema.

Ten spyte van 'n uitgawe van £2½ miljoen tot 1912 aan

168. Ibid., p. 106.

169. Ibid.

landnedersetting het slegs ietwat meer as 640 nedersetters in die O.R.V. 'n tuiste in die boerdery gevind. Saam met die oorblywende nedersetters in Transvaal is dus ongeveer tussen 2,000 en 3,000 mans, vrouens en kinders op plase gevestig. Dit was ongeveer die helfte van die 1820-Setlaars en slegs ongeveer een agste van die totaal wat Milner beoog het. Om 'n Britse meerderheid in die blanke bevolking van Suid-Afrika te skep, is daar dus geen sprake van nie. In Mei 1911 was die Afrikaners nie 40% van die totale bevolking - soos Milner gehoop het nie - maar meer as 54%. Dis onmoontlik om 'n noukeurige beraming van die getal Afrikaners in die totale blanke bevolking te maak, maar die kerklike sensus van 1911 in die landswye sensusopname toon dat 54.37% van die blanke bevolking lidmate van die Afrikaanse kerke was.¹⁷⁰

Die oorlog is met 'n ooreenkoms beëindig en die Brit is in die twee verowerde kolonies nie in daardie oorheersende posisie geplaas wat hy gehoop het om te kon inneem toe Roberts aan die begin van die oorlog verklaar het dat die oorgawe onvoorwaardelik moes wees nie. In plaas van 'n versoeningsbeleid het Milner met sy nedersettingskema gekom om die uitslag van die oorlog in vredestryd doeltreffend te konsolideer. Hy moes self erken dat dit misluk het.

Die immigrante wat op die wyse op hulle afgedwing is, het veroorsaak dat baie Afrikaners tot betreklik onlangs skepties teenoor alle vorme van immigrasie gestaan het.

Ten spyte van al sy sorgvuldige beplanning het Milner een belangrike aspek totaal buite rekening gelaat, nl. die kwessie van grond. Wanneer 'n mens, van watter nasionaliteit ook al, in Suid-Afrika met die grond te doen het, leer jy die harde bestaansvereistes van die land ken. Hierdie vereistes het die Afrikaner help skep, en in hulle stryd

170. Census of the Union of South Africa 1911, p. 924.

om die natuur te tem, moes die nedersetters óf soos die Afrikaner word, óf die stryd laat vaar en stede toe trek. Maar sonder uitsondering het die nedersetters een van hierdie twee weë gevolg.

H O O F S T U K I V .

KOMPENSASIE - 'N GORDIAANSE KNOOP.

'n Faktor wat die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die O.R.K. ernstig vertraag het, was die wanopvatting oor en verwarrende vertolking van Artikel 10 van die vredesverdrag¹ wat soos volg gelui het: „As soon as conditions permit, a Commission on which the local inhabitants will ^{be represented by} ~~will~~ be appointed in each district of the Transvaal and Orange River Colony, under the presidency of a Magistrate or other official, for the purpose of assisting the restoration of the people to their homes and supplying those who, owing to war losses, are unable to provide for themselves with food, shelter, and the necessary amount of seed, stock, implements, etc., indispensable to the resumption of their normal occupations.

„His Majesty's Government will place at the disposal of these Commissions a sum of three million pounds sterling for the above purposes, and will allow all notes issued under Law I of 1900 of the Government of the South African Republic, and all receipts given by the officers in the field of the late Republics or under their orders, to be presented to a Judicial Commission, which will be appointed by the Government, and if such notes and receipts are found by this Commission to have been duly issued for valuable consideration they will be received by the first-named

1. Vgl. Hancock, W.K., Smuts, the Sanguine Years, 1870-1919, p. 161 waar beweer word dat die benaming „verdrag" aanvegbaar is. Die vredesverdrag het geen betiteling gehad nie. Die inleiding meld slegs dat die ondertekenaars „agree on the following articles." Milner het die verdrag „terms of surrender" genoem, terwyl Kitchener daarna as „terms of peace" verwys het. Genl. Louis Botha het dit 'n „verdrag" genoem. Hoofsaaklik om Botha tevrede te stel, het die Britse regering later van die „Treaty of Vereeniging" begin praat.

Commissions as evidence of war losses suffered by the persons to whom they were originally given. In addition to the above-named free grant, His Majesty's Government will be prepared to make advances as loans for the same purposes, free of interest for two years, and afterwards repayable over a period of years with 3 per cent interest. No foreigner or rebel will be entitiled to the benefit of this clause."²

By nadere ontleding maak hierdie Artikel vir drie gebeurlikhede voorsiening, t.w. (a) Hervestigingshulp aan uitgeroeides, wat blykbaar die primêre doel van die £3,000,000 was; (b) kompensasie of uitbetaling van militêre kwitansies en republikeinse bewysbriewe, wat die sekondêre doel was (die balans, na (a) uitbetaal is, kon ook hiervoor aangewend word), en (c) lenings teen 3% aan boere wat nie rebelle was nie. Laasgenoemde staan los van die „Free Grant" van £3,000,000. Die regsposisie is dus duidelik en daar is van dubbelsinnigheid enitlik geen sprake nie. Tog het die beliggaming van soveel begrippe - hervestigingshulp, vergoeding van militêre kwitansies en staatslenings -, wat almal teen die agtergrond van „war losses" gestel is, beslis gapings gelaat en Artikel 10 vir meer as een vertolking vatbaar gemaak. Gebrek aan duidelike formulering van die ietwat uiteenlopende oogmerke van Artikel 10 het tot verwarring gelei nadat die verdrag reeds 'n voldonge feit was.

Uiteenlopende verklarings is dan ook later aan dié betrokke artikel gekoppel. Nie net die Afrikaners het in hierdie opsig gestruik nie, maar selfs Milner het aanvanklik in die duister rondgetas. Die algemeen aanvaarde vertolking was dat die £3,000,000 kompensasie vir die oor-

2. Cd. 1096/1902, pp. 12-13 ; Bybers, G.W., Select Constitutional Documents illustrating South African History 1795-1910, pp. 346-347.

Commissions as evidence of war losses suffered by the persons to whom they were originally given. In addition to the above-named free grant, His Majesty's Government will be prepared to make advances as loans for the same purposes, free of interest for two years, and afterwards repayable over a period of years with 3 per cent interest. No foreigner or rebel will be entiteld to the benefit of this clause."²

By nadere ontleding maak hierdie Artikel vir drie gebeurlikhede voorsiening, t.w. (a) Hervestigingshulp aan uitgeroeides, wat blykbaar die primêre doel van die £3,000,000 was; (b) kompensasie of uitbetaling van militêre kwitansies en republikeinse bewysbriewe, wat die sekondêre doel was (die balans, na (a) uitbotaal is, kon ook hiervoor aangewend word), en (c) lenings teen 3½ aan boere wat nie rebelle was nie. Laasgenoemde staan los van die „Free Grant" van £3,000,000. Die regsposisie is dus duidelik en daar is van dubbelsinnigheid enitlik geen sprake nie. Tog het die beliggaming van soveel begrippe - hervestigingshulp, vergoeding van militêre kwitansies en staatslenings -, wat almal teen die agtergrond van „war losses" gestel is, beslis gapings gelaat en Artikel 10 vir meer as een vertolking vatbaar gemaak. Gebrek aan duidelike formulering van die ietwat uiteenlopende oogmerke van Artikel 10 het tot verwarring gelei nadat die verdrag reeds 'n voldonge feit was.

Uiteenlopende verklarings is dan ook later aan dié betrokke artikel gekoppel. Nie net die Afrikaners het in hierdie opsig gestruikel nie, maar selfs Milner het aanvanklik in die duister rondgetas. Die algemeen aanvaarde vertolking was dat die £3,000,000 kompensasie vir die oor-

2. Cd. 1096/1902, pp. 12-13 ; Eybers, G.W., Select Constitutional Documents illustrating South African History 1795-1910, pp. 346-347.

logsverliese van Bittereinders was. Daarteenoor was Milner se uiteindelijke interpretasie dat hierdie hervestigingshulp alle persone betrek het. Hierdie standpunt het hy gehuldig nadat die vredesverdrag reeds 'n beklonke saak was en die Afrikaners niks meer aan die saak kon doen nie.

Hierdie vertolking van Milner is deur die Bittereinders, wie se hele verwagting op die £3,000,000 gerig was, as verraad beskou. Dit het tot jarelange haarklowery en gesloer gelei met die gevolg dat die uitbetaling van die £3,000,000, veral aan „Joiners" en naturelle, eintlik geen rol in die ekonomiese opheffing van die Afrikaner na die oorlog gespeel het nie. Dit het intendeel 'n nadelige en vertragende invloed uitgeoefen waardeur die politieke gevolge van die oorlog versterk en wantroue in die Britse owerheid verhoog is. Hierdie wantroue het enersyds die versoening tussen Afrikaner en Brit belemmer, en andersyds die Afrikaner gestaal om uit eie krag te herstel.

Die kompensasie-vraagstuk dagteken feitlik vanaf die dag toe Britse troepe republikeinse grond betree het. Dit is 'n ou gebruik van veroweraars - en die Britte was geen uitsondering nie -- om voedsel en vervoer van die inwoners van verowerde landstreke te kommandeer. Ook in die Vrystaat is hierdie gebruik vanaf 1900 deur Britse veldhere toegepas. Roberts het met die grootskaalse inval in die Vrystaat in Februarie 1900 by wyse van 'n proklamasie aangekondig dat aan rekwisities deur offisiere om voedsel, voer, voorrade of onderdak voldoen moes word. Vir alles sou volgens heersende markpryse dadelik betaal word. Indien inwoners weier om die gevraagde goedere te verskaf sou dit met geweld geneem en 'n kwitansie of bewys daarvoor uitgereik word.³

Ook die Boere-kommando's het benodighede van die be

3. Cd. 426/1900, p. 2 ; vgl. ook J.S. 6047/02 waarin 'n skaal van pryse aangekondig is.

volking gekommandeer en bewyse daarvoor uitgereik. In die Zuid-Afrikaansche Republiek het Wet I van 1900 die regering gemagtig om tot £1,000,000 aan bewysbriewe (Goewermentsnote) vir hierdie doel uit te gee. In die Vrystaat is militêre kwitansies met dieselfde gesag deur Boere-offisiere uitgereik.⁴

Op 11 Julie 1900 het Kitchener verdere voorsiening vir die kommandering van benodighede vir krygsverrigtinge gemaak. Hiervolgens kon tot die helfte van 'n boer se besittings gekommandeer word, maar dan moes 'n beskermingsertifikaat aan sodanige persoon uitgereik word en die gekommandeerde goedere moes op die keersy van sodanige sertifikaat aangeteken word.⁵ Later tydens die „skoonmaak-“ beleid is hierdie regulasies aangevul. Ten einde die beweeglikheid van die Boere-kommando's aan bande te lê, is distrikskommissarisse gelas om perde in hul distrikte bymekaar te maak. Kwitansies moes aan almal, behalwe persone wat nog teen Engeland geveg het, uitgereik word.⁶

Die gebruik om dadelik vir gekommandeerde goedere te betaal, is op 17 Desember 1900 gestaak. Toe is by wyse van 'n leërbevel aangekondig dat alle eise vir gekommandeerde goedere eers ná die oorlog betaal sou word.⁷ Hierdie beleidsverandering moet klaarblyklik daaraan toegeskryf word dat die O.R.K. toe reeds so deur die oorlog ontwrig was dat die leërowerheid nie meer tussen Mensopper, rebel of Bittereinder kon onderskei nie en hulle eers na die oorlog na die handelwyse van kwitansiehouers ondersoek wou instel.

Gedurende die verwoestingstydperk, toe die meeste plase verbrand en alle vee weggevoer is, is bepaal dat

4. Kestell, J.D. en Van Velden, D.S., De Vredesonderhandelinge tusschen de Regeeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en der Vertegenwoordigers der Britsche Regeering (Amsterdam, 1909), pp. 122 en 125 ; Cd. 3028/1906, p. 55.

5. C.S. 47/02.

6. M.G.-Stukke : Opdrag aan distrikskommissaris van Wepener, 6.9.1900.

7. Cd. 3028/1906, p. 75.

toesighoudende offisiere by die ontruiming van 'n plaas 'n kwitansie moes uitreik vir alle goedere deur Britse troepe geneem, asook goedere wat vernietig is.⁸ Dit was bepaald 'n growwe flater aan die kant van die Britse leërbevel, want offisiere het dikwels kwitansies uitgereik net om hulself te beskerm „and without any expectation that compensation would be claimed.”⁹ Nogtans kan hieruit afgelei word dat plaasverwoesting gedurende hierdie tydperk as wettige oorlogsverliese beskou is, want kwitansies daarvoor sou na die oorlog vergoed word. Ook het dit boere onder die indruk gebring dat hulle oorlogsverliese later 'n wettige eis teen die vredesterme sou wees. Dat dit trouens 'n beleidsaak was dat gekommandeerde goedere betaal sou word en dat die oorlogtydse Britse gesag eiendomsverwoesting as wettige oorlogsverliese beskou het, blyk allereers uit die feit dat Milner reeds op 20 Junie 1900 hierdie toestand voorsien het toe hy Pretymaan, die militêre goewerneur van die O.R.K., dit op die hart gedruk het dat kwitansies vir gekommandeerde goedere so spoedig moontlik betaal moes word, anders sou die bevolking vertroue in die Britse gesag verloor.¹⁰ Tweedens blyk dit uit 'n telegram van die militêre goewerneur aan die Distrikskommissaris van Dewetsdorp, pas 'n week na bogenoemde vermaning van Milner ontvang is, nl. „Compensation for damage will not be paid for till after war.”¹¹

Toe daar 'n vooruitsig op vrede was, het Milner weldra van standpunt verander. Tydens die samespreking met genl. Botha te Middelburg het hy nou geweier om dié beginsel te aanvaar dat Engeland vir skuld verantwoordelik was wat tydens die oorlog aangegaan is, maar as „an act of grace” £1,000,000 as kompensasie aangebied, „for all losses, for which commandeer-notes and receipts were to be admitted as

8. O.S. 47/02 : Omsendbrief no. 31 van 15.3.1901.

9. The Ploemfontein Post, 1.11.1904.

10. Headlam, C., The Milner Papers, II, p. 133.

11. N.G.-Stukke : Uitgaande telegram, 27.6.1900.

evidence."¹² Die republikeinse afgevaardigdes het egter tydens die finale vredesonderhandelinge te Vereeniging be- toog dat bewysbriewe en militêre kwitansies 'n ereskuld was en dat die Britse regering dit ten volle moes betaal, aan- gesien Engeland alle bates van die republieke oorgeneem het.¹³

By die nagaan van die voortdurende en drukke telegra- fiese raadpleging tussen Milner en Chamberlain hieromtrent, blyk dat laasgenoemde bereid was om vrygewig te wees ten einde uitrekking van die oorlog te verhoed. Op 16 April 1902 het hy o.a. getelegrafeer: „We are willing to be generous, we do not exclude the idea of gifts."¹⁴ Weiering om kwitansies te vergoed, kon die vredesberaad laat misluk, m.a.w. betaling daarvan kon 'n voorwaarde vir die voortsetting van die oorlog wees. Milner wou nie ten volle toegee nie, maar het darem op 23 Mei 1902 teenoor Chamberlain erken: „But, though not vital, the gift of some money may be an important element in their decision...."¹⁵

Hoewel Milner dus ten alle koste wou voorkóm dat die presedent geskep word dat die veroweraar die onkoste van die oorlog betaal, het hy eindelik ingestem dat bewysbriewe en kwitansies vergoed moes word. Insiggewend ook is Head- lam se kommentaar dat nóg Milner, nóg Kitchener „had the least inclination to refuse compensation for damage caused by the war."¹⁶ Milner het £1,000,000 aan die hand gedoen, maar na onderlinge raadpleging deur die republikeine het genl. de Wet die bedrag van £3,000,000 voorgestel.¹⁷ Net soos die Afrikaners die vredesverdrag in sy geheel teë- sinnig aanvaar het, het ook Milner baie teësinnig hiertoe

12. Headlam, op. cit., p. 347.

13. Ibid.

14. Ibid., p. 335

15. Ibid., p. 354.

16. Ibid., p. 347.

17. Kestell en Van Velden, op. cit., p. 126 ; vgl. ook Headlam, op. cit., p. 347.

ingestem, want „this extravagant liberality to enemy will certainly involve corresponding extravagance in dealing with compensation to loyalists and cost many millions.“¹⁸

Die republikeinse afgevaardigdes het dus hul sin gekry met die gevolg dat die klousules m.b.t. kompensasie en repatriasie in die ontwerp-vredesverdrag, wat aan die Britse regering voorgelê is, soos volg gelui het: „11. A Judicial Commission will be appointed, to which Government notes issued under Law I of 1900 of the South African Republic, may be presented within six months. All such notes as are found to have been duly issued in the terms of that Law, and for which the persons presenting them have given valuable considerations, will be paid, but without interest. All receipts given by the officers in the field of the late Republics, or under their orders, may likewise be presented to the said Commission within six months, and, if found to have been given bona fide for goods used by the burgher forces in the field, will be paid out to the persons to whom they were originally given. The sum in respect of the said Government notes and receipts shall not exceed 3,000,000C. sterling, and if the total amount of such notes and receipts approved by the Commission is more than that sum, there shall be a pro rata diminution. Facilities will be afforded to the prisoners of war to present their Government notes and receipts within the six months aforesaid.

„12. As soon as conditions permit, a Commission on which the local inhabitants will be represented, will be appointed in each district of the Transvaal and Orange River Colony, under the presidency of a Magistrate or other official, for the purpose of assisting the restoration of the people to their homes, and supplying those who, owing to

18. Headlam, op. cit., p. 352 : Milner aan Chamberlain, 21.5.1902.

losses, are unable to provide for themselves, with food, shelter, and the necessary amount of seed, stock and implements, etc., indispensable to the resumption of their normal occupations. Money for this will be advanced by the Government, free of interest, and repayable over a period of years."¹⁹

In hierdie voorlopige vredesverdrag het repatriasie dus geheel en al afsonderlik van kompensasie gestaan. Artikel 11 het in werklikheid beteken dat die Britse regering 'n bedrag van £3,000,000 as vergoeding vry aanbied. Artikel 12 het bepaal dat die Britse regering rentevrye lenings sou voorskiet om repatriasie-onkoste te dek. Gesien in die lig van latere verwikkelinge het die Afrikaner-leiers se vertolking van Artikel 10 van die finale vredesverdrag op hierdie voorlopige verdrag berus ²⁰

Die Britse regering het in die finale vredesverdrag artikels 11 en 12 van die voorlopige verdrag saamgevat in wat later die veelbesproke Artikel 10 sou word. Artikel 12 is egter voor artikel 11 gespan sodat repatriasie of hervestiging die primêre bestanddeel geword het. In vergelyking met die ontwerp-verdrag was die finale produk dus beslis vatbaar vir teenstrydige uitleg, m.a.w. die Boere-afgevaardigdes kon nie tevrede wees met hierdie interpretasie van hulle opvattinge nie.

Die optrede van pres. Steyn en genl. Smuts onmiddellik hierna het getoon dat hulle gevaar sien. President Steyn sou by die aanhoor van die uitkoms van die vredesberaad teenoor Jack Brebner verklaar het: „Jack! Magtig Jack! Julle het

19. Cd. 1096/1902, p. 7 : Kitchener aan Sekretaris van Staat, 21.5.1902; vgl. Kestell en Van Velden, op. cit., pp. 118-119 vir Hollandse teks.

20. Vgl. Kriel, J.D., Emily Hobhouse, 'n Studie in Altruïsme en Pasifisme, p. 164.

die volk vir driemiljoen verkoop!"²¹ Teen hul sin²² het die Afrikaners hierna een na die ander, behalwe ses, hulle vryheid weggeteken en Britse onderdane geword, maar nie voor die vérsiende en skerpsinnige Smuts van Milner die versekering afgedwing het dat slegs Bittereinders en krygsgevangenes deel sou hê aan die £3,000,000 „Free Grant” nie.²³

Hierdie erkenning van Milner het daartoe gelei dat Afrikanerleiers Artikel 10 soos volg geïnterpreteer en aan hul volksgenote verduidelik het: Die £3,000,000 was 'n vrye gif van die Britse regering, bedoel as kompensasie vir oorlogsverliese deur Bittereinders en krygsgevangenes gely, terwyl die onkoste verbonde aan die hervestiging van die ontworteldes as geheel met rentevrye lenings, deur die Britse regering voorgeskiet, bestry sou word.²⁴

Beak, repatriasiebeampte in die O.R.K., erken dat die hele repatriasie- en kompensasie-vraagstuk, soos beliggaam in Artikel 10 van die finale vredesverdrag, vir meer as een vertolking vatbaar was. Sy eie oordeel is: „Article X was briefly a statement of the price paid by the British Government for the surrender of the Boer forces.”²⁵

Gustav Preller is skerp in sy oordeel van Artikel 10 en tereg/skryf hy: „Dit was die begin van 'n geskiedenis só skandelik as 'n mens g'n tweede sal kan aanwys nie; want as 'n mens vandag kalm en besadig die offisiële lektuur nagaan, dan is die gevolgtrekking onvermydelik, dat die re-

21. Kruger, Nellie, Rachel Isabella Steyn (Kaapstad, 1949), p. 46.

22. Vgl. De Wet, C.R., Die Stryd tussen Boer en Brit (Kaapstad, 1959), p. 229 waar genl. de Wet getuig: „Die vredesverdrag - die Britse voorstel, wat die Volksverteenwoordigers aangeneem het - is onderteken ... Elkeen van ons wat die dokument onderteken het, het gevoel dat hy verplig was om so te handel!”

23. Cd. 1284/1902, p. 5 : Botha aan Milner, 29.7.1902.

24. Cd. 1329/1902, p. 12 : Boere-generaals aan Chamberlain, 12.11.1902.

25. Beak, G.B., The Aftermath of War, 148.

patriasie en kompensasie daarop aangelê was om die volk nog verder in die verderf te stort, in plaas van op die been te help. Hulle moes ook stoflik ,die nek gebreek word'"²⁶

Preller het natuurlik, nes baie Afrikaners, Artikel 10 beskou as 'n erkenning van die skade wat hulle aangedoen was en wat vergoed moes word. Verkeerdelik beweer hy dat dit die oogmerk sou gewees het om deur middel van repatriasie en kompensasie die volk se materiële ellende te verskerp. Wat hy moes gesê het, was dat onbekwame en dikwels onwillige amptenare die vredesvoorwaardes, veral Artikel 10, op afkeurenswaardige wyse uitgevoer het en daardeur onnodige beproewinge vir die oorloggeteisterde Afrikanervolk veroorsaak het.

'n Ontleding van Artikel 10 bring die volgende teenstelling of duisterhede aan die lig: Die woord „kompensasie” kom nêrens in die finale vredesverdrag voor nie. Headlam beweer dat in Artikel 10 in sy finale vorm „the principle of compensation was practically eliminated.”²⁷ Desnieteenstaande sou die woordstryd oor die praktiese implikasies daarvan nog lank voortduur, want die bewoording „Free Grant” het in sigself die betekenis van gewetensgeld bevat, waarby die Afrikaners natuurlikerwys die vergoeding van oorlogsverliese betrek het. Ook die toegewing in die tweede paragraaf van Artikel 10, nl. dat die Britse owerheid alle bewysbriewe en kwitansies deur republikeinse offisiere uitgereik, as getuienis van oorlogsverliese sou aanvaar, was vaag en ietwat dubbelsinnig. In letterlike sin het dit beteken dat die plaaslike repatriasierade alle bewese oorlogsverliese as getuienis by die vasstelling van onderstand, noodsaaklik vir die hervatting van normale bedrywigheide, aan gerepatrieerdes sou beskou. Die Afrikaners, inteendeel, het hierdie toegewing as kompensasie vir oorlogsverliese beskou.

²⁶. T.A., Gustav Preller-versameling : Pamflet, p. 22.
²⁷. Headlam, op. cit., p. 360.

Al is die „Free Grant" van £3,000,000 as hulpmiddel vir praktiese rekonstruksie bedoel en al is bepaal dat geen uitlander of rebel daarin sou deel nie, was dit uit die staanspoor ook nie duidelik wat met die woord „people" bedoel is nie. Indien die Britse owerheid die „anneksasie" van die twee republieke in 1900 as wettig beskou het, was alle Bittereinders prakties rebelle. So het senator C.A. van Niekerk, voormalige president van die Unie-Senaat, en enigste oorlewende van die weierers om die vredesverdrag te onderteken, dit ook gesien. Hy het geweier om 'n eis om skadevergoeding in te stel: „Waarom? Ek het myself beskou as 'n rebel."²⁸ 'n Mens kan ointlik nie van 'n vredesverdrag op 31 Mei 1902 praat nie, want beide die O.R.K. en Transvaal was toe al de jure as Britse grondgebied geannekseer. Uit dié oogpunt beskou, was dit eintlik 'n ooreenkoms met Engeland se eie onderdane wat as rebelle na die „anneksasies" voortgeveg het. Slegs as Engeland self bly glo het aan die onafhanklikheid van die republieke, kon hy uiteindelik met hulle vrede gemaak het.

Aan die ander kant verskyn op die vredesverdrag net die handtekeninge van Britte en van Afrikaners wat die Bittereinders in die veld en die bona fide krygsgevangenes verteenwoordig het. Geen National Scout of Hensopper se naam verskyn op die verdrag nie en dis dus te verstaan dat die Afrikaners Artikel 10 vertolk het dat dit slegs op Bittereinders en krygsgevangenes betrekking het. Die feit dat later bykomende fondse as vergoeding aan Hensoppers, Uitlanders, Britse onderdane en naturelle gestem is, het opnuut die indruk versterk dat die £3,000,000 net vir Bittereinders bedoel was. Eers teen Mei 1903 kom daar helderheid wanneer die skretaris van die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K. die deelgenote in die „Free Grant" omskryf:

28. Persoonlike Versameling : C.A. van Niekerk aan A.P.J. van Rensburg, 13.6.1957.

"The claimants entitled to share in this grant are all those ex-burghers of the two late Republics who have sustained war losses, and whose pecuniary circumstances are, or were, at the time when peace was restored, such as to justify assistance being given to them out of the said grant to enable them to resume their occupations."²⁹

Maar ook hierdie omskrywing kan geïnterpreteer word dat persone wat nie oorlogsverliese kon bewys nie, nie in die £3,000,000 kon deel nie. Hulle was klaarblyklik op voorskotte en lenings aangewys. Bowendien kon Hensoppers in twee fondse deel, nl. as „ex-burghers" in die „Free Grant" en, indien hulle enduit lojaal aan Engeland gebly het, ook in die bykomende vergoedingsfonds aan Hensoppers en andere.

Boonop was daar nie dadelik helderheid oor wat 'n „war loss" nou eintlik was nie. Eers in November 1902 het die prokureur-generaal in 'n vertroulike omsendbrief vanaf Pretoria 'n „war loss" omskryf. Dit was óf gekommandeerde goedere, óf vir werklike skade deur Britse magte berokken.³⁰ Bewysbriewe en militêre kwitansies was slegs bewyse dat verliese as gevolg van die oorlog gely is. Tydens sy onderhoud van 11 November 1902 met genls. Botha en De la Rey het Chamberlain verder verklaar dat kwitansies nie noodwendig vergoed sou word nie. Hy het beweer dat oorlogvoerendes mekaar se eiendom kon konfiskeer. Na konfiskasie was daar 'n nuwe eienaar. Voorts het hy verklaar: „A note which merely states that on such a day a British officer took so many cattle from a certain man is worth nothing..... it depends on the circumstances under which it was given."³¹

Dat Artikel 10 dus werklik vir uiteenlopende verklarings

29. Magistratuur Jacobsdal : Inkomende Korrespondensie, 23.5.1903.

30. T.A., Luitenant-Goewerneur Transvaal : Band 84 no. 93/13,; C.S. 6047/02.

31. T.A., Luitenant-Goewerneur Transvaal : Band 134 no. 115/29.

vatbaar was, is ook die mening van L.S. Amery wat verklaar dat, sover dit die letter van Artikel 10 betref, nie alleen Dittereinders nie, maar ook Hensoppers en selfs die Britse bevolking in die £3,000,000 kon deel, hoewel dit tog nooit die bedoeling van die Britse regering was nie.³² Die verwarrende vertolkings wat aan die betrokke artikel gekoppel is, het nie alleen die Afrikaner-boer nie, maar selfs die Britse administrateurs in die duister laat rondtas.

Hierdie verwarring het onmiddellik na die ondertekening van die verdesverdrag begin. In 'n amptelike kennisgewing aan die krygsgevangenes in Ceylon het die Minister van Kolonies op 5 Junie 1902 ondubbelsinnig te kenne gegee dat die £3,000,000 vir repatriasie en as kompensasie vir krygsverliese beskikbaar gestel sou word.³³ Milner was egter versigtiger, maar steeds vaag. In 'n skrywe van ongeveer dieselfde datum aan Chamberlain insake die £3,000,000 verklaar hy dat dit pro rata verdeel sou word onder diegene wat verliese as gevolg van die oorlog kon bewys.³⁴ Vyf maande hierna verklaar Chamberlain egter in die Britse Laerhuis dat „the grant was entirely for all who are destitute, or who cannot make a fresh start in life without help.”³⁵ Terselfdertyd het genl. Botha getuig dat die Afrikaners altyd onder die indruk verkeer het dat die £3,000,000 in gedeeltelike kompensasie vir krygsverliese betaal sou word en ter stawing Milner se skrywe hierbo aangehaal.³⁶ Merkwaardig is dit ook dat Milner self in sy vorderingsverslag 4 April 1903 die £3,000,000 onder die opskrif „Compensation” behandel.³⁷ Ook die amptelike regeringskorrespondensie van die

32. Amery, L.S., The Times History of the War in South Africa, VI, pp. 82-83.

33. Kriel, op. cit., p. 163 : Aangehaal uit 'n private argief.

34. Cd. 1163/1902, p. 141 : Milner aan Chamberlain, 11.6.1902.

35. Cd. 1329/1902, p. 6 : Aangehaal deur Botha in 'n brief aan Chamberlain, 12.11.1902.

36. Ibid.

37. Cd. 1551/1903, p. 14.

O.R.K. klassifiseer alle aansprake op hulp volgens Artikel 10 as „Claims for Compensation.”

Maar weldra word die verwarring groter. Onsekerheid het aanvanklik ook ten opsigte van die benaming „Free Grant” in Artikel 10 bestaan. In hierdie verband is die moeilikhede opgeklaar na 'n verklaring deur 'n woordvoerder van die Britse regering dat die £3,000,000 deel van die Transvaalse lening ten behoeve van Suid-Afrika sou wees.³⁸ Volgens hierdie uittaling sou die £3,000,000 dus geen „Free Grant” wees nie, maar die twee verowerde kolonies sou self vir hulle heropbou moes betaal. So het Milner op 12 Junie 1902 die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K. telegrafies verwittig dat die O.R.K. se deel van die £3,000,000 deel van hulle lening sou wees. Twee dae later het hy dit met 'n verdere telegram opgevolg waarin die Repatriasieraad daarop gewys is dat beide die „Free Grant” en alle voorskotte deur die lening gedek sou word.³⁹ Sir Hamilton Goold-Adams het hierdie informasie op 25 Februarie 1903 aan die Wetgewende Raad van die O.R.K. oorgedra⁴⁰ en gedurende Mei 1903 is proklamasiegewys bevestig dat £5,000,000 van die lening van £35,000,000 by die Britse skatkis afgesonder sou word vir „repatriation and compensation in the Transvaal and Orange River Colony.”⁴¹ Volkome helderheid is verkry toe Milner op 5 Februarie 1904 aan die Minister van Kolonies geskryf het: „The three million free grant and the five millions of the Guaranteed Loan, have all along been treated as one

38. Cd. 1329/1902, p. 39.

39. Repatriasieraad O.R.K. : Inkomende korrespondensie 42/02.

40. Notule van die Wetgewende Raad, 25.2.1903, p. 92.

41. Goewermentskoerant, 15.5.1903 ; Cd. 1552/1903, p. 36 : Milner aan die Koloniale Kantoor, 16.2.1903.

fund."⁴²

Worsfold het die „Free Grant" van £3,000,000 en die lening van £5,000,000 as twee afsonderlike fondse beskou en gevolglik beweer dat Milner £8,000,000 vir repatriasie en kompensasie beskikbaar gehad het.⁴³ Uit die voorafgaande paragraaf blyk egter duidelik dat dit net £5,000,000 was. Die administratiewe koste verbonde aan die hervestigingsplan sou wel uit „other public Funds" bestry word.⁴⁴

Gesien in die lig van bostaande verklarings insake die £3,000,000 as deel van die lening, moet aanvaar word dat die Britse regering heel gou ná die ondertekening van die vredesverdrag alle gedagte aan 'n „Free Grant" oorboord gegooi en van die standpunt uitgegaan het dat die veelgeroemde „vrye gif" van £3,000,000 slegs as lening voorgeskiet sou word.⁴⁵ Indien Artikel 10 nou dienooreenkomstig verder letterlik vertolk word, kry dit gans 'n ander betekenis, nl. dat die lening nie vir kompensasie gebruik sou word nie, maar slegs as noodleniging van „the people," d.w.s. Hensoppers, verraaiers, Bittereinders en krygsgevangenes. Die lenings in Artikel 10 gemeld, staan dan nie los van die £3,000,000 nie. Die lenings was wel besigheidstansaksies, maar het hulpverlening en nie wins ten doel gehad nie. Die oogmerke van die lenings en die „Free Grant" was dus dieselfde.

Hierdie algemene vaagheid van en wanvoorstellings insake die betekenis van Artikel 10 het aan die lig gekom

42. Cd. 2102/1904, p. 10. £3,000,000 van hierdie bedrag was die „Free Grant" wat in Artikel 10 vermeld is, terwyl die res in November 1902 as 'n vrywillige gif van £2,000,000 as kompensasie aan Britse onderdane, neutrale uitlanders en naturelle toegestaan is. Hierdie bedrag is deur Milner ook as 'n hervestigingsfonds beskou, hoewel dit geen verband met die vredesverdrag gehad het nie, want die lening as geheel sou vir „repatriation and kindred purposes" aangewend word.

43. Worsfold, F.B., The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, I, p. 89.

44. Cd. 1551/1903, p. 14.

45. Vgl. Kriel, op. cit., p. 164.

tydens 'n onderhoud tussen Chamberlain en genls. Botha en Koos de la Rey.⁴⁶ Hieruit het duidelik geblyk dat die Afrikaners se vertolking van dié artikel lynreg teen die Britse interpretasie daarvan gestaan het. Botha en De la Rey was oortuig dat die £3,000,000 net vir Bittereinders, krygsgevangenes en weduwees van gesneuwelde burgers, maar geensins vir Scouts, Hensoppers of enigiemand anders bedoel was nie.

Uit die verslag insake die onderhoud blyk dan ook dat die skerpsinnige Botha, wat hier duidelik die doelbewuste woordvoerder van sy verslane volk was, telkemale vir Chamberlain getroef het. Chamberlain het verklaar dat die £3,000,000 betrekking gehad het op (a) noodleniging aan mense wat as gevolg van die oorlog verliese gely het, m.a.w. iemand wat vóór die oorlog armlastig was, sou dus nie daaraan deel hê nie; (b) persone wat nie hul normale bedrywigheede as gevolg van gebrek aan die nodige vee, saad, implemente, ens. kon voortsit nie; (c) 'n tussengroep tussen (a) en (b) waar grondeienaars, wat hul grond kon verkoop om geld in die hande te kry, ook deur die owerheid gehelp sou word. Chamberlain was verder van mening dat National Scouts ook onder Artikel 10 betrek is, as gevolg van die sinsnede „the restoration of the people.”

Hierop het genl. Botha skerp gereageer en verklaar dat die National Scouts geensins by die vredesonderhandelinge verteenwoordig was nie. Hulle het gedeel in die £2,000,000, wat die Britse regering na die vrede vir kompensasie aan Britse onderdane bewillig het. Voorts het hy bevestig: „Our contention all along was that the National Scouts became British subjects long before peace was signed, and as British subjects they fall under the £2,000,000 and not

46. In 'n vertroulike verslag in die Transvaalse Argief insake die onderhoud word genl. De Wet se naam nie genoem nie, hoewel hy toentertyd ook as lid van die Driemanskap in Engeland was.

under the £3,000,000."⁴⁷

Chamberlain se ontwykende antwoord was dat, al was die Scouts van die begin af Britse onderdane, hulle tog wel onder die £3,000,000 geval het, want hulle was inwoners ("people") van die twee verowerde kolonies. Die £3,000,000 is geskenk ongeag die "people" vriende of vyande was. Die £2,000,000, het hy verklaar, was geheel iets anders, want dit het buite die vredesverdrag gestaan, m.a.w. hy het dit onomwonde gestel dat die Scouts in die £3,000,000 sou deel, omdat hulle inwoners van die land was, en verder ook in die £2,000,000 omdat hulle tydens die verloop van die oorlog Britse onderdane geword het. Wat die National Scouts betref, sou daar voorwaar met dubbele maat uitgedeel word.

Genl. Botha se teen-argument was dat die vredesverdrag 'n ooreenkoms tussen die verteenwoordigers van Bittereinders en krygsgevangenes en die Britse regering was. Die Scouts het reeds vroeër hulle eie ooreenkoms met die Britse regering aangegaan. Elke groep het dus sy eie ooreenkoms met die Britse regering gehad. Genl. Botha het voorts verklaar dat volgens Chamberlain se interpretasie enige Britse soldaat ook 'n deel van die £3,000,000 kon eis. Chamberlain het dadelik geantwoord dat soldate nie inwoners van die verowerde gebiede was nie, maar Botha het weer getroef deur te verklaar dat die Scouts tog lede van die Britse leër was. Die Scouts het reeds menigvuldige voorregte ontvang omdat hulle op sekere voorwaardes oorgegee het, o.a. uitbetaling van kwitansies vir „gekommandeerde" vee wat nog altyd in hulle besit was.⁴⁸

Chamberlain het hom op 'n floue wyse probeer verweer deur te verklaar dat dit maar die beloop van die oorlog was, want die Scouts het die waagstuk onderneem en saam met die

47. T.A., Luitenant-Goewerneur Transvaal : Band 134
no. 115/29, p. 6.

48. Ibid.

Britte as oorwinnaars geëindig. Ten slotte het hy die volgende insiggewende verklaring gedoen: „The peace terms clearly referred in words to the Burghers in the field and to prisoners of war. When you come to the questioning of the £3,000,000, it refers to the whole people.”⁴⁹ Hierdie uitspraak het dit duidelik gestel dat die £3,000,000 hervestigingshulp vir almal in die verowerde kolonies was en is bevestig deur die amptelike briefwisseling met die gesaghebbers in die O.R.K. Met verwysing na die £3,000,000 en of burgers wat voor die einde van die oorlog oorgegee het daarin mag deel, het die regeringsekretaris op 29 November 1902 aan H. Potgieter van Zastron geskryf dat burgers „who surrendered upon any proclamation” daarop geregtig was.⁵⁰

Botha was ten regte baie verbaas oor hierdie vertolking van Artikel 10, veral omdat Milner aan hom gesê het dat die £3,000,000 nie vir Scouts bedoel was nie.⁵¹ Botha word hierin deur ander Boere-leiers gesteun. Senator C.A. van Niekerk is vandag nog daarvan heilig oortuig dat die £3,000,000 net vir Bittereinders en krygsgevangenes bedoel was, „maar positief nie vir die ,protected' burgers nie.”⁵² Ook genl. Hertzog het verklaar: „The understanding was clear that the three millions were for burghers in the field and real prisoners of war.”⁵³ Tydens die Brandfort-kongres aan die begin van Desember 1904 het genl. de Wet verklaar: „Artikel tien zegt dat de drie millioen is voor bona fide krygsgevangenen en de Burgers, die tot het einde in het veld zijn gebleven Toen artikel tien onder bespreking was, hebben wij duidelijk gevraagd, welke burgers aan de drie

49. Ibid.

50. C.S. 5503/02.

51. T.A., Luitenant-Goewerneur Transvaal : Band 134 no. 115/29.

52. Private Versameling van A.P.J. van Rensburg : C.A. van Niekerk aan A.P.J. van Rensburg, 13.6.1957.

53. The Friend, 20.7.1905.

millioen ponden deelnemen, de Burgers in het veld, de krygsgevangenen, of de Burgers, die onder Lord Roberts' Proklamasie wapens neergelegd hadden. Lord Kitchener en Lord Milner antwoordden gelijk, dat de Burgers, die onder Lord Roberts' Proklamasie wapens afleggen, niet aan de drie miljoen ponden deelnemen."⁵⁴

Nie alleen was dit die Boerleiers se standpunt nie, maar alle Bittereinders syne. Hoewel die woord „kompensasie" nie in die vredesverdrag voorkom nie, het Bittereinders die bepaling dat geregtelike ondersoek na krygsverliese ingestel sou word, so vertolk dat die £3,000,000 Kompensasie vir sodanige verliese was - 'n versekering waarsonder hulle nie sou oorgegee het nie. In sy vorderingsverslag vir Augustus 1902 skryf die Bethlehemse magistraat o.a.: „Very little can be gathered from the farmers as to their interpretation of Article X; but at one time they were loud in their demands and most persistent in their attempts to get their share of the £3,000,000, which to their minds their leaders had obtained as the price of surrender."⁵⁵ Die magistraat meld verder dat Bittereinders verontwaardig was oor die deelname van Hensoppers in repatriasiehulp.

Ook in Transvaal het selfs Britse amptenare gesukkel om te midde van talle moeilikhede i.v.m. kompensasie die juiste uitleg van Artikel 10 te vind. So het die magistraat van Ermelo gekla: „The Terms of Surrender do not mention Compensation Claims. The three million are to be used for those who want help and the whole system of 'claims' gives an idea which does not appear to be contemplated in the articles, and which is obviously mischievous."⁵⁶

54. Offisieel Verslag van de Verrichtingen van het Nasionaal kongres gehouden te Brandfort op 1 en 2 Desember 1904, p. 34.

55. Magistratuur Bethlehem : Brieweboek, verlag vir Augustus 1902.

56. T.A., Luitenant-Goewerneur Transvaal : Band 84 no. 93/13 : magistraat van Ermelo aan die Luitenant-Goewerneur, 28.10.1902.

Die feit dat die omvang van onderstand deur die oorlogsverliese van elke persoon bepaal is, het die wanbegrip van kompensasie laat ontstaan. Die Britse opvatting was dat oorlogsverliese slegs as maatstaf sou dien om vas te stel hoeveel hulp 'n boer nodig het om weer van vooraf te begin, terwyl die Afrikaner oortuig was dat hy volle vergoeding vir al sy skade sou ontvang. By die oorweging van eise het die Sentrale Regterlike Kommissie dan ook gevind dat die algemene opvatting was dat die noodleniging deur repatriasierade nie kompensasie was nie sodat die £3,000,000 onaangeraak gebly het.⁵⁷

Ook die Sentrale Regterlike Kommissie, wat op 30 Oktober 1902 aangestel is om eise te ondersoek, het verdwaal in die doolhof van uiteenlopende vertolkings wat aan Artikel 10 gekoppel is. Ten einde raad is hulle op 29 Januarie 1904, nadat gerepatrieerdes reeds 14 maande lank op kompensasie gewag het, na Milner om 'n uitleg daarvan te vra. Milner het hulle meegedeel dat die noodleniging wat reeds deur repatriasierade bestee is om boere op die been te help, uitgawe van die £3,000,000 was en teen individue gedebiteer moes word wat, hangende die verdeling van die £3,000,000 reeds repatriasiehulp ontvang het. Hierdie repatriasieskuld moes van elke persoon se aandeel van die £3,000,000 afgetrek word. Enige skuld wat daarna nog oorbly, sou as lenings ooreenkomstig die slotgedeelte van Artikel 10 beskou word.⁵⁸

As gevolg hiervan het 'n Boere-deputasie op 25 Mei 1904 die Luitenant-goewerneur van Transvaal besoek. Hy het pro-

57. Cd. 3028/1906, pp. 61 en 64.

58. Ibid., p. 64. Die lede van die Sentrale Regterlike Kommissie was regter sir William Smith, wat as voorsitter in Maart 1903 deur maj. T.M. McInnery, 'n Australiese prokureur, vervang is, en R.K. Loveday, burgemeester van Pretoria; B.J. Kleynhans, gewese minister van mynwese van die Zuid-Afrikaansche Republiek; C.G. Radloff, 'n Ficksburgse boer en J. Muneberg as sekretaris.

beer om homself uit die doolhof van wanopvattinge, vaagheid en haarklowery insake die £3,000,000 te ontworstel en dit duidelik gestel dat Artikel 10 letterlik vertolk moes word en dat die „Free Grant" dus geensins as kompensasie bedoel was nie: „In the Minutes of the Conference which took place at that time it is distinctly laid down, and accepted by both sides, that the terms, as they were signed, were to be taken literally, and that no fresh conditions were to be introduced. Now, in those terms it is clearly stated that the signatures are made on behalf of the burghers of the two States, those of the Transvaal and Orange Free State, as it was then, and it is impossible to read into these terms now the interpretation that they were signed on behalf of any particular section the word 'compensation' does not occur once in the whole of those terms."⁵⁹ Later het hy verder verduidelik: „Analysis will show that the ruling idea of the provisions is 'relief.' It was a free gift intended to be used for repatriation purposes, but more particularly for those who had lost all their worldly possessions in the war."⁶⁰

Genl. Beyers, lid van die Transvaalse deputasie, het aan die Luitenant-goewerneur weer die Afrikaner-gesigspunt gestel en geëis dat volgens Artikel 10 die £3,000,000 as kompensasie onmiddellik aan die burgers betaal moes word. Verder het hy daarop gewys dat die vredesverdrag met die verteenwoordigers van Bittereinders en bona fide krygs-

59. Cd. 2104/1904, pp. 153-154.

60. Cd. 2563/1905, p. 33. Ten spyte van hierdie versekering is dit verbasend dat sir Hamilton Goold-Adams in 1906 kon verklaar: „Indeed, the final distribution of the Free Grant, as is well known, is based practically on the assessed claims of all ex-burghers, whether destitute or not." (Verslag van die Ouditeur-generaal oor Repatriasierekeninge, 1906, p. iv.). Vgl. verder C.S. 5938/02 waar die sekretaris van die Sentrale Regterlike Kommissie die Smithfieldse repatriasieraad gelas het om alle eise te ondersoek, maar om grondbesitters se eise te verwerp omdat die £3,000,000 repatriasiehulp en nie kompensasie was nie.

gevangenes gesluit is. Hensoppers en verraaiers was nie hier verteenwoordig nie. Daarom was daar algemene verbasing dat die eise van Hensoppers ook oorweeg word.⁶¹ Die Boere-deputasie moes onverrigtersake vertrek.

Hierdie uitlatings van Milner en sir Arthur Lawley het finale einde aan die verwarring insake die £3,000,000 gebring en uiteindelik bevestig dat dit as repatriasiehulp en nie kompensاسie bedoel is nie. Eers aan die begin van 1904 het die Bittereinder dus begin besef wat sy werklike posisie t.o.v. Artikel 10 van die vredesverdrag was.

* * * * *

Terwyl beide die Britse owerheid en voormalige Boere-leidsmanne getrag het om tot helderheid insake Artikel 10 te geraak, is die kompensاسie-vraagstuk, wat 'n ware Gordiaanse knoop geword het, vergroot deur die skepping van bykomende kompensاسiefondse, t.w. vir militêre kwitansies, „Protected Burghers,” Britse onderdane, naturelle en uitlanders.

Aan die einde van die oorlog is eise teen die leër vir gekommandeerde goedere op ten minste £4,000,000 geskat. In sy strewe om „control of settlement and early pacification of the country” te verkry, het Milner alle verantwoordelikheid vir eise meer as £3,000,000 aanvaar.⁶² Hy het verder daarop aangedring dat die leër eise vir gekommandeerde goedere so gou as moontlik moes uitbetaal, want „a sense of grievance and injustice was rapidly spreading.”⁶³

Gevolgtrek is 'n Military Claims Board, bestaande uit 'n paar Britse offisiere, benoem om eise vir gekommandeerde

61. Scholtz, G.D., Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869-1914 (Johannesburg, 1941), p. 114.

62. C.S. 1720/06 : War Office aan Britse Minister van Kolonies, 29.5.1906.

63. Amery, op. cit., p. 81.

goedere na te gaan. In teenstelling met vroeëre proklamasies waarvolgens alle gekommandeerde goedere vergoed sou word, het die War Office ook 'n nuwe deuntjie begin sing en verklaar dat net eise vir goedere wat werklik gebruik is, toegelaat sou word. Bittereinders sou dus geen kompensasie vir hulle verwoeste eiendom ontvang nie. Daar sou ook geen aandag geskenk word aan „damage done, whether by British or Boers, to the property of those who had surrendered under proclamations formally promising them protection.”⁶⁴

Tot Januarie 1903 het die Military Claims Board ongeveer £1,500,000 vir gekommandeerde goedere uitbetaal. Toe was nog 50,000 eise ter waarde van £4,000,000 uitstaande. Intussen was Hensoppers en Scouts bitter ontevrede omdat hulle m.b.t. gekommandeerde goedere oor dieselfde kam as ander persone ^sgekeer is. Tydens Chamberlain se besoek aan die verowerde kolonies het hy 'n afvaardiging onder leiding van genl. Andries Cronje en Piet de Wet verseker dat Hensoppers en Scouts m.b.t. kompensasie nie oor die hoof gesien sou word nie. Gedurende sy verblyf in Bloemfontein het hy hulle opnuut verseker: „The British Government cannot and will not desert those who have been its friends. We dont want to make distinctions, but we recognise our duty to those who stood by us in troublous times.”⁶⁵ Ook Milner het verklaar dat Hensoppers en Scouts se aanspraak op spesiale kompensasie „was a claim of right and based on definite promises.”⁶⁶

Na samesprekenigs tussen Chamberlain en Milner is gevolglik 'n Military Compensation Fund in die lewe geroep. Afgesien van die £1,500,000 wat reeds vir gekommandeerde

64. 6047/02 : Vertroulike omsendbrief, 26.11.1902. Net waar kwitansiehouers saam met die Britse magte enduit geveg het en eervol ontslaan is, sou kwitansies vergoed word. Vgl. in hierdie opsig ook Cd. 3028/1906, pp. 75-76.

65. The Friend, 6.2.1903 ; Amery, op. cit., p. 81 ; vgl. ook The Friend, 24.1.1903.

66. The Bloemfontein Post, 13.9.1904.

goedere uitbetaal is, is nog £3,000,000 deur die War Office in hierdie fonds gestort wat „for war losses sustained by certain classes of ex-burghers" aangewend sou word.⁶⁷ Hierdie fonds is ook onder beheer van die Sentrale Regterlike Kommissie gestel.

Tot tyd en wyl die toekennings aan Hensoppers en Scouts vasgestel sou word, is hulle met allerhande toekennings gepaai. Sir Hamilton Goold-Adams het reeds in Augustus 1902 verklaar dat, alhoewel die meeste Scouts voor die oorlog bywoners was, „we ought to do something more for them than for the ordinary bijwoner.”⁶⁸ Aan die einde van die oorlog was daar 1,920 Vrystaters wat as Home Guards, Scouts en Volunteers saam met die Britse magte geveg het.⁶⁹ Behalwe rentevrye lenings vir 'n onbepaalde tyd is gedurende Augustus 1902 30 waens en 30 spanne osse en £38,000 kontant voorlopig vir verdeling onder Scouts en Volunteers geskenk. Aan die einde van Februarie 1903 is verder aan alle verraaiers wat vir Engeland geveg het, elk £50 kontant of vee ter waarde van £50 geskenk.⁷⁰

Intussen is 'n verdere bedrag van £2,563,624 in albei kolonies aan oorblywende militêre kwitansies uitbetaal sodat £1,936,376 van die Military Compensation Fund oorgebly het. Hierdie bedrag, voortaan bekend as The Protected Ex-Burgher Fund, sou aan Hensoppers en ander verraaiers uitgedeel word.⁷¹

Nes in die geval van Artikel 10 het hierna 'n langdurige geredekawel gevolg voordat omtrent 'n „Protected Burgher” helderheid verkry is. Aanvanklik is twee groepe

67. C.S. 2075/03 : Instruksies aan Sentrale Regterlike Kommissie ; vgl. ook Amery, op. cit., p. 81.

68. C.S. 3001/02 : Memorandum, 7.8.1902.

69. C.S. 490/03 : Verslag van die Britse Inligtingsdiens.

70. C.S. 1877/03 : Omsendbrief, 27.2.1903 ; Notule van die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K. 15.8.1902 en 30.8.1902 ; C.S. 3001/02.

71. C.S. 2075/03 ; vgl. ook T.A., T.V. 165 : Instructions re Compensation Claims.

persone hieronder betrek, nl. diegene wat as gevolg van Britse proklamasies oorgegee het, en diegene wat aktiewe hulp aan die Britse magte verleen het.⁷² Hierdie omskrywing was te vaag en moes van tyd tot tyd aangevul word om sekere persone te diskwalifiseer en ander weer daarby te betrek.

Hoewel die finale vredesverdrag ook 'n Britse proklamasie was, is Bittereinders en krygsgevangenes egter heel gou deelname aan die Protected Burgher Fund ontsê.⁷³ Hulle was op repatriasiehulp geregtig. Na vertoë deur kommandante De Villiers van Ficksburg, Van der Merwe van Senekal en Crowther van Ladybrand, wat almal saam met genl. Prinsloo oorgegee het, het Milner besluit dat hierdie persone en die burgers wat saam met hulle oorgegee het, ook op „special consideration" geregtig was en ook as Protected Burghers kwalifiseer.⁷⁴ Bittereinders het dikwels na hierdie kommando as die „nine penny boys" verwys,⁷⁵ en nou het Milner se versekering grootliks bevestig dat Prinsloo verraad gepleeg het toe hy na die inname van Bethlehem in die Witteberge met meer as 2,000 man oorgegee het.

Mettertyd het dit duidelik geword dat slegs vegtende burgers wat gehensop het, werklik „Protected Burghers" was. Selfs tuisblyers en burgers wat medies ongeskik vir krygsdiens was, is dus van deelname in hierdie fonds uitgesluit. Die deurslaggewende argument was dat die Britse proklamasies „were intended to reduce the fighting strength of the Boer commandoes in the field by detaching as many burghers from them as possible, but it did not affect those who were

72. C.S. 2075/03 : Instructions re Compensation Claims.

73. C.S. 2642/02 : Briefwisseling tussen die owerheid en prokureur Zach de Beer van Harrismith.

74. C.S. 1462/03 ; C.S. 4797/03.

75. Mondelinge getuienis van adj. J.W. Brink, D.T.D., wat ook aan hierdie kommando verbonde was.

not in arms."⁷⁶ So was die Prinsloo-"verraaiers" op kompensasie geregtig omdat hulle oorgawe die vegkrag van die Boere 'n gevoelige knou gegee het.

Eers teen Junie 1903 is finaal vasgestel wat 'n "Protected Burgher" was, nl. 'n republikeinse soldaat wat oor-gegee het as gevolg van beloftes deur verantwoordelike Britse offisiere en wat, ná hy die wapen neergelê het, saam met sy familiebetrekkings lojaal teenoor Engeland gebly het.⁷⁷ By die finale beoordeling van "Protected Burghers" se eise het die Sentrale Regterlike Kommissie boonop in aanmerking geneem of 'n Hensopper na sy oorgawe enige daadwerklike hulp aan die Britse leër verleen het. Hierna het die kommissie aan alle "Protected Burghers" 10/- in die £ op hul beraamde eise betaal, maar in 55 gevalle is meer betaal omdat hierdie klompie persone besondere dienste aan die Britse magte gelewer het.⁷⁸

Die laaste kompensasiefonds wat in die lewe geroep is, is 'n bedrag van £2,000,000, wat uit die O.R.K. se deel van die £35,000,000-lening vir kompensasie aan Britse onderdane, naturelle en uitlanders bewillig is.⁷⁹ Hierdie fonds was ook die gevolg van vertoë deur Britse onderdane, uitlanders en naturelle aan Chamberlain tydens sy besoek aan Suid-Afrika. Hulle het ook beswaar gemaak omdat hulle nes Bittereinders behandel is t.o.v. Artikel 10 van die vredesverdrag. Na oorlegpleging met Milner het die Britse regering £2,000,000 vir kompensasie aan hierdie groepe persone

76. C.S. 5100/03 : Briefwisseling tussen die overheid en die magistraat van Heilbron, 4.3.1903 ; vgl. C.S. 4952/03 vir die voorbeeld van 'n "neutrale" burger aan wie kompensasie geweier is ; ook C.S. 4802/03 m.b.t. tuisblyers en die Notule van die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K. : Uitgaande brief 758/02, waar dit duidelik gestel word dat burgers wat nie kragtens spesifieke oorgawe-proklamasies gehensop het nie, van die Protected Burgher Fund uitgesluit is.

77. C.S. 4802/03 : Briefwisseling met Bethlehemse magistraat, 30.6.1903.

78. Cd. 3028/1906, pp. 80-81.

79. Vgl. Cd. 1552/1903, p. 36 : Milner aan die Koloniale Kantoor, 16.2.1903.

opsy gesit en toe ook, heel ironies, die mooiklinkende naam „Free Grant" daaraan gegee.⁸⁰ Persone wat in hierdie fonds sou deel, het die volgende betrek: „(a) Who, at the outbreak of the war, were British subjects, and who rendered no assistance to the Governments or forces of the late Republics; (b) Who, being originally British subjects, were placed on the burgher rolls of either of the late Republics without their consent; who never exercised burgher rights or accepted any official post under the Government of either of the late Republics, and who rendered no assistance to those Governments or their forces during the war; (c) Who, being burghers, whether of British extraction or not, refused to take up arms against the British, at no time rendered any services to the Governments of the late Republics or their forces during the war, and took the earliest opportunity of actively identifying themselves with the British cause."⁸¹ Verder sou naturelle en neutrale uitlanders ook daarin deel.

Ten opsigte van persone uit kategorie (c) hierbo, nl. verraaiers, blyk dit duidelik dat hulle kompensاسie bloot 'n premie op verraad was - 'n taktiek waarin die Brit nogal uitgemunt het! Enigeen wat voor die einde van die oorlog onder Britse banier geskaar was, sou sy deel van die £2,000,000 ontvang.

Uiteindelik is dus drie afsonderlike fondse deur die Sentrale Regterlike Kommissie behartig, nl. die „Free Grant" van £3,000,000; £2,000,000 as kompensاسie aan Britse onderdane, neutrale uitlanders en naturelle, en laastens £4,500,000 vir die vergoeding ten opsigte van militêre kwitansies en Hensoppers. Eers by die toekenning van kompensاسie aan Britse onderdane en Hensoppers het daar dus duidelikheid tussen hervestiging en kompensاسie gekom, nl.

80. T.A., T.R. 165 : Instructions re Compensation Claims.

81. S.S. 2075/03 : Instruksies van die Sentrale Regterlike Kommissie.

Bittereinders en bona fide krygsgevangenes sou noodleniging en repatriasiehulp uit die £3,000,000 ontvang, terwyl kompensasie aan Hensoppers, Britse onderdane, uitlanders en naturelle uitbetaal sou word.

By die skepping van bykomende kompensasiefondse en die insluiting hiervan onder die jurisdiksie van die Sentrale Regterlike Kommissie, is Artikel 10 van die vredesverdrag 'n laaste klap besorg. Soos dit aanvanklik gestel is, sou die Sentrale Regterlike Kommissie ondersoek na bewysbriewe en militêre kwitansies instel sowel as verslae van plaaslike kommissies oorweeg om die bedrag van uitkering van elke eis vas te stel. Plaaslike kommissies sou dan dienooreenkomstig repatriasiehulp verleen, m.a.w. uitbetalings doen. Uiteindelik was dit egter die Sentrale Regterlike Kommissie wat nie alleen alle gelde uit die oorspronklike £3,000,000 nie, maar ook m.b.t. die Military Compensation Fund en The Protected ex-Burgher Fund en die „Free Grant“ vir Britse onderdane, neutrale uitlanders en naturelle uitbetaal het. Dit was 'n totale verbreking van die bepalinge van die vredesverdrag. Ter verduideliking van hierdie ongerymdheid skryf die Sentrale Regterlike Kommissie in sy finale verslag: „It was a duty which had to be undertaken in order to give effect to the interpretation placed on Article X.“⁸²

Die plaaslike kommissies is altyd gestrem weens gebrek aan eenvormigheid in samestelling en daarom was daar in die uitvoering van hul taak ook geen eenvormigheid nie. Die uiteenlopende verslae wat aan die Sentrale Regterlike Kommissie voorgelê is, is voldoende bewys hiervan. Deur hierdie liggaam met beide die vasstelling en uitbetaling van eise te belas, is egter verseker dat alle distrikte oor dieselfde kam geskeer sou word.

* * * * *

82. Cd. 3028/1906, p. 56 en p. 60.

Terwyl die haarklowery i.v.m. Artikel 10, die „Free Grant” van £3,000,000 en ander kompensasiefondse aan die gang was, moes Milner sy herstelprogram van stapel stuur. Hy het hom oënskynlik nie oor die getwis i.v.m. die inhoud en betekenis van Artikel 10 bekommer nie. Volgens hom moes noodleniging dadelik geskied indien die gerepatrieerdes die volle voordeel van Artikel wou ondervind. Om dié rede kon nie getalm word totdat die behoorlike verdeling van die £3,000,000 tussen duisende eisers voltooi was nie.⁸³ Gevolglik het hy sy persoonlike vertolking van Artikel 10 gevolg en die herstelprogram in werking gestel deur voorlopig al die gerepatrieerdes persoonlik verantwoordelik te hou vir repatriasie-onkoste deur middel van persoonlike rekeninge van goedere teen kosprys verskaf.⁸⁴ Hierdie besluit bevestig dat Milner op hierdie stadium nog nie duidelikheid i.v.m. Artikel 10 gehad het nie en op die finale beslissing daaroor gewag het.

Juis hierdie optrede van Milner het die gerepatrieerde Afrikaners onder die wanindruk gebring dat die eintlike kompensasie vir krygsverliese nog sou plaasvind en dat die noodleniging geen verband met die £3,000,000 gehad het nie. Beak, wat as assistent-sekretaris van die O.R.K.-Repatriasieraad ten volle op hoogte van die toestand was, skryf dan ook: „The idea was generally prevalent among the ex-burghers that the £3,000,000 mentioned in the Terms of Surrender were to be paid in compensation for war losses, that the moneys expended by the local commissions on repatriation and relief were not compensation, and that the £3,000,000 still remained untouched.”⁸⁵ Hierdie vertolking was natuurlik foutief.⁸⁶ Wat wel kon gebeur, was dat die

83. Cd. 1551/1903, p. 14 : Milner aan Chamberlain, 4.4.1903 ; Worsfold, op. cit., p. 88.

84. Cd. 1163/1902, p. 14 : Milner aan Chamberlain, 10.6.1902.

85. Beak, op. cit., p. 259.

86. Vide supra, p. 2.

balans van die £3,000,000, ná repatriasie afgehandel was, as kompensasie aangewend kon word.

Intussen het die Afrikanerleiers in Engeland sekere aspekte van Artikel 10 met Chamberlain bespreek. In hul versoek om 'n onderhoud met Chamberlain het hulle duidelik laat deurskemer dat hulle die £3,000,000 as kompensasie beskou. Voorts het hulle o.a. op kompensasie aangedring vir verliese wat deur Britse troepe deur gebruik, verwydering, verbranding en vernietiging van alle private eiendom van inwoners van die gewese republieke veroorsaak is.⁸⁷

Chamberlain het egter botweg geweier om enige wysigings m.b.t. Artikel 10 aan te bring en verklaar: „In regard to these terms I will only say that there is no parallel in history for conditions so generous granted by a victorious beligerent to its opponents.”⁸⁸ Hierin was Chamberlain nie verkeerd nie, maar dit moet onthou word dat die Brit na die oorlog 'n skuldige gewete gehad het.

Op 1 September 1902 het die Boere-generaals weereens 'n dringende beroep op Chamberlain gedoen om wesenlike („substantial”) kompensasie, hulp en noodleniging aan hulle volk, d.i. gewese republikeinse burgers, toe te staan, want hulle welvaart en geluk, en die voorspoed van hul land het grootliks daarvan afgehang.⁸⁹ Chamberlain was egter nie geneë om die vredesverdrag te heroorweeg nie. Toe genl. Botha verder om hulp aan weduwees en wese aandring, het Chamberlain geweier en ontwykend na die Amerikaanse Burgeroorlog verwys toe die oorwinnaars „made no provisions whatever, either by way of grant or pension or allowances to the side that had been conquered.”⁹⁰ Dat die Amerikaanse Burgeroorlog en die verowering van die Boere-republieke

87. Cd. 1284/1902, p. 4 : Boere-generaals aan Chamberlain, 23.8.1902.

88. Ibid., p. 7 : Chamberlain aan Boere-generaals, 28.8.1902.

89. Ibid., p. 9.

90. Ibid., p. 23.

deur Brittanje geensins paralelle gevalle was nie, toon hoe swak Chamberlain se argumente werklik was.

Op 6 November 1902 het Chamberlain 'n verdere antwoord verstrek en die Boere die skuld vir die oorlogsverwoesting ten blaam gelê, omdat hulle aanhou veg het toe die uitslag van die oorlog reeds 'n beklonke saak was. Ook hierdie „wise-after-the-event-“argument het klaarblyklik niemand anders as homself oortuig nie. Tog het hy belowe dat die Britse regering die versorging van reddelose weduwees en wese sou behartig en dat die oprigting van groot weesinrigtings te Brandfort en Springfontein reeds beplan word.⁹¹

Hierna het die Boere-generaals hulle na die „beskaafde wêreld“ om geldelike hulp gewend en o.a. gemeld dat selfs £30,000,000 nie eers toereikend sou wees om hervestiging deur te voer, m.a.w. vir oorlogsverliese te vergoed nie. Chamberlain se reaksie hierop was dat die £3,000,000 nie kompensasie vir oorlogsverliese nie, maar slegs 'n noodlenigingsfonds vir werklike hulpbehoewendes.⁹² Hierdie onderstand het geen verband met oorlogsverliese gehou nie.

Intussen moes 'n verslane volk weer op die been gehelp word. The Friend het vroegtydig gewaarsku dat die gesloer in verband met die uitbetaling van kompensasie die boer strem, want hy wag op kontant om vee te koop. Indien te lank versuim word, sou die Afrikaners hulle eise se waarde opeet, want die koste van rantsoene word van die eise afgetrek.⁹³

In sy vorderingsverslag oor die herstel van sy distrik tot 31 Augustus 1902 het die magistraat van Smithfield verklaar dat toestande in sy distrik haglik was. 'n Bad is bv. as 'n „Londense weelde“ beskou. Mensoppers in sy distrik se kwitansies is uitbetaal, maar tog het hy gekla:

91. Cd. 1329/1902, p. 5.

92. Ibid., pp. 6 en 10.

93. The Friend, 22.12.1902.

„Many men who are undeserving are getting paid and others who have suffered and ^{are} thoroughly deserving get nothing.”⁹⁴

'n Maand later het ook die magistraat van Boshof vir die uitbetaling van kompensasie gepleit om boere weer op die been te help.⁹⁵

Op 29 Oktober 1902 het 'n sekere „J.H.” van Harrismith soos volg geskryf: „Er zijn twee dingen die wij dringend noodig hebben, en dat is regen en uitbetaling van kompensatie.” Hy het verwys na die knellendste droogte in baie jare en die daarmee gepaard gaande hoë veepryse. Vir ou afgeleefde koeie is van £20 tot £25 en vir ongesoute, sieklike ingevoerde vee van £20 tot £30 stuk betaal. Die Afrikaners het geen geld gehad om weer hulle plase en veestapel op te bou nie en kompensasie sou spoedig uitbetaal moes word om hulle van ondergang te red.⁹⁶

Ook die magistraat van Ficksburg het op 1 November 1902 die wydverspreide ontevredenheid in sy distrik as gevolg van die wanbetaling van kompensasie beklemtoon.⁹⁷

Hierdie vertraging het tot ekonomiese stilstand op Afrikaanerplase gelei. Op 8 Desember 1902 het Ficksburgse Afrikaners versoek dat kompensasie spoedig uitbetaal moes word, want op stoflike gebied raak die distrik al verder agter omdat daar geen geld is om vee te koop nie.⁹⁸

Ten spyte van reeds ontvangte hulp aan repatriasie het hierdie Afrikaners nog steeds op kompensasie bly hoop - 'n bewys dat hulle die repatriasihulp en die £3,000,000 „Free Grant” as twee afsonderlike fondse en laasgenoemde wel as kompensasie beskou het. Waardevolle tyd het dus vir die landbouer verlore gegaan omdat hulle nie duidelikheid m.b.t. Artikel 10 gehad het nie.

94. C.S. 3637/02.

95. C.S. 4171/02.

96. The Friend, 29.10.1902.

97. C.S. 4758/02.

98. C.S. 5587/02.

Bowendien het die owerheid klaarblyklik van die veronderstelling uitgegaan dat repatriasiehulp aan die eertydse Boerebevolking voldoende was om hulle op die been te help en dat „kompensasie" nie so 'n dringende saak was nie. Die sekretaris van die Sentrale Regterlike Kommissie het op 5 Januarie 1903 o.a. soos volg aan die magistraat van Kroonstad geskryf: „I would point out that those Ex-Burghers who will be entitled to share the grant of £3,000,000 will already have received assistance from the Repatriation Commissions, and that thus the need to assess their claims is hardly so pressing as that of British subjects."⁹⁹

Wydverspreide ontevredenheid het weldra ontstaan weens die uitvoering van Britse beloftes in die vredesverdrag. Tydens 'n besoek aan Bloemfontein op 8 Desember 1902 was Milner verplig om water op die smeulende kole van ontevredenheid te gooi. Hy het verklaar dat, hoewel dit onmoontlik was om alles te vergoed, elke eis tog deeglik oorweeg sou word.¹⁰⁰ The Friend het pertinent daarop gewys dat boere tot die bedelstaf gedwing is as gevolg van die oorlog, maar opnuut 'n begin kon maak al sou slegs die militêre kwitan-sies uitbetaal word. Die onbevredigende wyse waarop laasge-noemde uitbetaal is, het meer as enigiets anders tot ver-bittering en wantroue aanleiding gegee.¹⁰¹ 'n Korrespondent vanaf Philippolis het tereg aangevoer dat die welvaart van die bevolking grootliks op die spoedige uitbetaling van alle billike eise berus.¹⁰²

Kompensasie sou gedurende die beginmaande van 1903 sterk op die voorgrond tree. In die afwesigheid van pres. M.T. Steyn, wat in Julie 1902 om gesondheidsredes na Europa

99. Magistratuur Kroonstad : Inkomende korrespondensie, 5.1.1903. Volgens 'n verklaring deur Chamberlain in Engeland het Hensoppers intussen ten minste vyftig persent van hulle eise ontvang. (C.S. 5586/02).

100. The Friend, 8.12.1902.

101. The Friend, 17.12.1902.

102. The Friend, 18.12.1902.

vertrek het, het ander Afrikanerleiers soos Beyers, Botha en De Wet nie stilgesit nie en op alle moontlike maniere vir die volk as voorspraak probeer dien. 'n Besondere geleentheid daartoe het hom voorgedoen toe Chamberlain Suid-Afrika besoek het.

Aan die begin van 1903 het Chamberlain met sy „inspektietoer“ deur die twee verowerde kolonies begin. Eintlik was dit om voorraad-opname van Brittanje se nuwe besittings te kom maak. Veral Transvaal het besondere aandag geniet ten einde vas te stel of die kolonies in staat was om swaar belastingdruk te weerstaan ten einde Engeland se oorlogskuld te help betaal.¹⁰³

Chamberlain se aankoms het die imperialistiesgestemde bevolkingsdeel aanleiding gegee tot 'n uitbarsting van oormoed, wat 'n toenadering tussen Afrikaner en Engelsman feitlik onmoontlik gemaak het. Die Britse minister is luidkeels deur die Britse gemeenskap as oorwinnaar verwelkom. Oral het hy toesprake gehou en die eenheid van die Britse Ryk op die voorgrond gestel. Te midde van hierdie uitgelatenheid het die Afrikaner stilswyend staan en toekyk.¹⁰⁴ Die triomftog van die Minister van Kolonies het die oorlogswonde opnuut laat bloei.

Die jingoïstiese verwelkoming van Chamberlain het van The Friend die volgende kommentaar ontlok: „There are Crown Colonies and Crown Colonies, and we want the one with less Crown and more Colony.“¹⁰⁵ Dit was dus duidelik dat Chamberlain se segetog as oorwinnaar nie die sobere Vrystaters beïndruk het nie en hulle in gees nog lank nie vir die Britse Kroon gewin het nie.

Te Pretoria het Afrikanerleiers besluit om die volk

103. Grauman, H., Rand Riches and South Africa (Kaapstad, 1935), p. 162.

104. Engelenburg, F.V., Generaal Louis Botha (Pretoria, 1928), p. 103.

105. The Friend, 8.1.1903.

se nood en behoeftes onder sy aandag te bring.¹⁰⁶ Chamberlain het egter aan die Traktaat van Vereeniging bly vasklou deur te verklaar dat die vredesverdrag die handves van die Afrikanervolk was en dat dit nutteloos sou wees om aan die bepalinge daarvan te torring.¹⁰⁷ Hulle het Chamberlain nietemin versoek om nie die beoogde £35,000,000-lening as oorlogsbelasting op die Transvaalse volk te lê nie, maar aan die hand gedoen dat die volk self, onder volle selfbestuur, daarvoor moes besluit.¹⁰⁸ Chamberlain het spottend hierop geantwoord en hulle aangeraai om liever na die Krügermiljoene te help soek en op hierdie wyse hulle lojaliteit te betoon.¹⁰⁹ Hy het gepraat van „geheime fondse" wat vermoedelik in besit van Boere-afgevaardigdes in Europa was en wat vir die versorging van weduwees en wese gebruik kon word.¹¹⁰ Genl. Botha wou van hom weet of van hierdie geld in die vredesverdrag melding gemaak word. Met Chamberlain se erkenning van die teendeel het daar finaal 'n einde aan die amptelike Britse belangstelling in dié geld gekom.¹¹¹

Genl. Beyers het tydens hierdie onderhoud openlik verklaar dat repatriasie 'n fiasko was.¹¹² Vertraagde kompensasie het grootliks hiertoe bygedra en die Afrikanerleiers

106. Kemp, J.C., Die Pad van die Veroweraar, p. 91.

107. Worsfold, op. cit., p. 163. Tog het genl. Smuts aan die toekoms getwyfel „omdat ik het Vereeniging Traktaat meer als een op ons geforceerde dwanguitoefening, dan als iets waarnaar wij als een soort van Magna Charta kunnen terugwijzen, beschouw." (Pres. Steyn-versameling 156/2/1 : Smuts aan Steyn, 18.7.1906.)

108. T.A., Luitenant-Goewerneur Transvaal : Band 73 : Botha aan Lawley, 8.1.1903.

109. Kemp, op. cit., p. 91.

110. Daar was geld van die republieke oorsee. Op 24 Julie 1900 het die Uitvoerende Raad van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n geheime besluit geneem dat 'n kommissie, bestaande uit S.W. Burger, F.W. Reitz, J.C. Smuts, A. Fischer en J. Luyt benoem word met beskikkingsreg oor alle gelde van die twee republieke, hetsy in Suid-Afrika of oorsee. Hierdie fondse moes in belang van „de Afrikaansche zaak" aangewend word. (Vgl. Abraham Fischer-versameling 59/9/5 : Los stukke i.v.m. die Anglo-Boereoorlog).

111. Englenburg, op. cit., p. 107.

112. Scholtz, op. cit., p. 105.

het 'n lang lys griewe en klagtes daaroor aan Chamberlain voorgelê.

Aan die begin van Februarie 1903 het Chamberlain in Bloemfontein aangekom. Tydens die onthaal met sy aankoms het hy welsprekend geraak oor die republikeinse regeringstelsel onder pres. Brand en die vertroue uitgespreek dat die nuwe bewind dieselfde tevredenheid sou gee. Met hierdie vleitaal het hy klaarblyklik gehoop om die goeie gesindheid van die Vrystaatse Afrikaner te verower. Hy het o.m. beloof om vóór sy vertrek uit Bloemfontein 'n verklaring m.b.t. kompensasie te doen.¹¹³

Hoe deursigtig die imperialistiese oogmerke met Chamberlain se besoek was, blyk uit die feit dat Kaartjies om die onthaal vir hom by te woon, drie ghienies gekos het. In 'n brief aan The Friend het „Son of the Soil“ tereg verklaar dat hierdie bedrag alleen betaal kon word deur miljoenêrs wat hulle sakke gevul het terwyl Afrikaners hulle land verdedig het.¹¹⁴

Omdat geen Afrikaner die onthaal bygewoon en Chamberlain kon spreek nie, het 'n Afrikaner-afvaardiging 'n onderhoud probeer reël. 'n Adres is vooruit aan hom voorgelê. Hulle het veral oor die spoorwegvereniging met Transvaal gekla en op onmiddellike uitbetaling van kompensasie en militêre kwitansies aangedring. Ander sake soos die vergoeding vir die gebruik van Boere-eiendom deur Britse troepe gedurende die oorlog; die terugbetaling van onderhoudskoste wat Boere vir die versorging van hul gesinne in konsentrasiekampe betaal het en besondere hulpverlening aan bywoners is ook geopper. Ten slotte het hulle besorgdheid uitgespreek oor die verkwistende administrasie wat op 'n finansiële ramp afstuur.¹¹⁵

113. The Friend, 6.2.1903.

114. The Friend, 17.1.1903.

115. Abraham Fischer-versameling 59/9/7 : afskrif van adres.

Die dag ná die onthaal het Chamberlain die afvaardiging van Afrikaners te woord gestaan. Verskeie lede van die afvaardiging was eertydse krygsoffisiere, o.m. genls. De Wet, Hertzog, Brand, Niewoudt, Froneman, Hattingh en Badenhorst. Die onderhoud, wat twee en 'n halfuur geduur het, is die volgende dag deur The Friend onder die volgende opskrifte gepubliseer: „Mr. Chamberlain meets Boer leaders, A Stormy Interview, Accused of Mischief Making.”¹¹⁶

Met sy binnekoms het Chamberlain genl. De Wet 'n handdruk gegee. Die Generaal het bly staan en wou praat, maar is deur Chamberlain gevra om te sit. Chamberlain het dadelik, in Engels en sonder 'n tolk, met 'n aanval op die Afrikaners begin na wie hy as die „extreme section” verwys het. Met verwysing na hul aangebode adres het hy verklaar dat dit „a number of imaginary and baseless grievances” bevat en dat dit voorkom asof dit die werk van kwaadstokers is. Met betrekking tot die versoek om onmiddellike uitbetaling van kompensasie, het hy verklaar dat die Britse owerheid baie meer vir hulpbehoewendes en bywoners as die gewese republikeinse regering doen. Sonder om enige tegemoetkoming aan die Afrikaners te beloof, het hy hom ten slotte weer op die Traktaat van Vereeniging beroep.¹¹⁷

Na hierdie uitbarsting het genl. De Wet namens die Afrikaners geantwoord. Hy het gesê dat hy aanvanklik bly staan het omdat hy Chamberlain wou verwelkom, maar dit sou na laasgenoemde se toespraak nes mosterd na die maal wees. Die Afrikaner-afvaardiging het na die „Kaffer-”afvaardiging aan die beurt gekom. Toe die Afrikaners 'n onderhoud wou reël, is hulle smalend gevra wie hulle verteenwoordig. In skerp kontras met Chamberlain se tirade het genl. De Wet se kalme berisping die les bevat dat Chamberlain se optrede

116. The Friend, 7.2.1903.

117. Ibid.

onderlinge samewerking belemmer.¹¹⁸ Hierna is die onderhoud beëindig.

Die Vrystaatse Kamer van Koophandel het in hulle adres aan Chamberlain op kompensasie vir handelware wat deur Britse magte by die ontruiming van dorpe verwoes is, aangedring. Ook die inwoners van Bloemfontein het kompensasie van gekommandeerde goedere, volgens Roberts se belofte, en volle betaling van militêre kwitansies versoek. Ook het hulle geldelike hulp in verdienstelike gevalle aangevra.¹¹⁹

In antwoord hierop het Chamberlain daarop gesinspeel dat die styging in grondpryse na die oorlog reeds 'n aansienlike „kompensasie" was. Nogtans het hy toegegee dat die verwoesting groter was as wat hy en ander in Engeland vermoed het. Van hierdie voldonge feit het hy nogtans probeer wegstroom deur die Afrikaners te verwyt dat, indien hulle na die inname van hul hoofstede oorgegee het, die verwoesting nie so groot sou gewees het nie. Chamberlain het uit die Vrystaatse hoofstad vertrek sonder dat hy sy beloofde verklaring oor kompensasie gedoen het. Hy het slegs 'n vae belofte gedoen dat kompensasie so spoedig moontlik uitbetaal sou word.¹²⁰

Tydens Chamberlain se besoek het The Friend in 'n hoofartikel die feit beklemtoon dat, indien kompensasie al eerder uitbetaal was, heelwat van die ellende nie sou bestaan het nie. Baie Afrikaners het plase, maar geen geld om vee en plaasimplimente aan te koop nie. Boonop is hulle plase so met verbande belas dat hulle geen kontant meer kan bekom nie.¹²¹ 'n Korrespondent het die toestand mooi saamgevat: „Geld is schaars, kost is op, and yet no compensation."¹²²

Met sy besoek het Chamberlain dus in werklikheid geen-

118. Ibid.

119. The Friend, 6.2.1903.

120. Ibid.

121. The Friend, 4.2.1903 en 6.2.1903.

122. The Friend, 23.7.1903.

een van die bestaande euwels uit die weg kon ruim nie. Daarom dan ook dat J.G. Fraser in die Wetgewende Raad niks oor die kompensasie-aspek van Chamberlain se besoek gerep het nie. Hy het slegs 'n onbestrede mosie ingedien waarin Chamberlain vir sy besoek bedank word. Vaagweg het hy die moontlikheid geopper dat die besoek „will be of the greatest benefit to the country in general, and result in increased good feeling among all classes of the community and greater confidence in the future of South Africa under British Rule.”¹²³

Die uitvoering van kompensasie-beloftes het ten spyte van Chamberlain se besoek nog steeds die dringendste vraagstuk in die ganse herstelprogram gebly. Die mislukking van die Britse bewind om hierdie beloftes gestand te doen, sou mettertyd ook sy politieke implikasies hê. 'n Korrespondent van The Friend het met die volgende woorde die spyker op die kop geslaan: „It is the mighty stumbling stone in the way of getting at the hearts of the people.”¹²⁴

Bowendien was daar volop klagtes oor die verskil in behandeling van arm en ryk boere wat daarop gedui het dat die optrede van die repatriasie- en kompensasie-liggame nie bo kritiek verheue was nie. Veral hul houding ten opsigte van krygsgevangenes het kommer gewek: „The exile returns from banishment beyond the seas, for the crime of fighting for the independence of the country which gave him birth. He is, perhaps, still clad in the green corduroys of Ceylon, or wearing the umbrella hat which sheltered him from the burning rays of the sun in Bermuda or India. During his absence his farm has been burned to the ground, his stock all gone; but his wife has received a few 'briefjes.' Armed with these, he proceeds to see the chairman of the

123. Notule van die Wetgewende Raad v.d. O.R.K., 11.2.1903, p. 55.

124. The Friend, 15.1.1903.

Board, or the Head Official of the Compensation Board, and presents his claim in many instances he is looked upon as an interloper, - a horrid Boer who is deserving of no sympathy."¹²⁵ So 'n Afrikaner is dikwels van bakboord na stuurboord gestuur, sodat hy later maar uit moedeloosheid sy plaas net verder teen woekerrente verband het.

Mettert tyd het selfs Hensoppers en Britse onderdane hul stemme laat hoor. In die Wetgewende Raad van die O.R.K. het lid Burns-Thomson verklaar dat die lede van die Sentrale Regterlike Kommissie uit voeling met die volk was: „I wish, sir, to state and to state most emphatically that the Chairman of that Commission who arrogates to himself the authority of the Czar of Russia, is totally out of touch with the people, and he is not only out of touch with them, but in his manner towards them he is arrogant, overbearing and unsympathetic....."¹²⁶

Hy het voorts ter stawing van hierdie bewering voorbeelde van McInnery se optrede aangehaal. In Vrede het 'n eiser £1150 vir oorlogsverliese en kwitansies van die Sentrale Regterlike Kommissie geëis. Hy is £286 aangebied. Toe hy dit weier, het McInnery hom by die deur uitgejaag. Raadslid Stockdale het ook getuig dat as 'n eiser met sy eis na McInnery gaan, hy £200 of £300 aangebied word, al is hy op £600 of £800 geregtig.¹²⁷ Hierdie sprekers het veral namens Britse onderdane en Hensoppers gepraat. Die Bittereinders, vir wie die finansiële prentjie baie donkerder was, het geen amptelike kanaal gehad waardeur hul griewe en teleurstelling gelug kon word nie.

Veelvuldige klagtes het ook voorgekom m.b.t. kompensasië van gekommandeerde goedere. Daar was 'n algemene traag-

125. The Friend, 23.1.1903.

126. Notule van die Wetgewende Raad van die O.R.K., 26.7.1904, p. 154.

127. Notule van die Wetgewende Raad van die O.R.K., 12.7.1904.

heid om dit te vergoed, ten spyte van grondige bewyse en Chamberlain se versekering dat 'n kwitansie, wat deur 'n Britse offisier onderteken is, so goed soos papiergeld was wat deur die Bank van Engeland uitgereik is.¹²⁸ Op een stadium het P. Bosman van Poshof - een van baie wie se militêre kwitansies verwerp is omdat hy ná kommandering van goedere deur Britse offisiere weer op kommando gegaan het - sy saak onder die persoonlike aandag van Chamberlain gebring. Chamberlain het die Sentrale Regterlike Kommissie op die vingers getik en beklemtoon: „In such cases since the days of the Duke of Wellington, His Majesty's Government have been accustomed to pay for supplies taken....." Dit was nooit die houding van die Britse leër om op die besittings van verowerdes te teer nie en die vergoeding van militêre kwitansies was 'n gevestigde gebruik, „amounting, as it seems to me, to an obligation, ... to pay for the supplies"¹²⁹ Ten spyte van hierdie vermaning het die Sentrale Regterlike Kommissie geen duimbreedte van sy verklaarde beleid afgewyk nie en Bosman se eis verwerp op grond daarvan dat baie persone oor dieselfde kam geskeer is en om daarna 'n beleidsverandering te weeg te bring, sou onnodig geldelike komplikasies meebring.¹³⁰

Van konsekwente optrede was daar egter nie altyd sprake nie. So het F.A.S. Schimper van Winburg, wat na die eerste Roberts-proklamasie gehensop het, slegs £1,600 vir sy eis van £11,500 ontvang, omdat hierdie goedere vóór sy oorgawe verwoes en gekommandeer is.¹³¹ Daarenteen is aan pres. Steyn se broer, J.W.G. Steyn van Bloemfontein, van wie goedere ter waarde van £3,674 na sy krygsgevangeneneming gekommandeer is, na raadpleging met lord Roberts, volle kom-

128. C.S. 859/03 : Prokureur P.A. Cloete van Bethlehem aan die regeringsekretaris, 22.7.1903.

129. C.S. 8515/03.

130. Ibid.

131. C.S. 6704/03.

pensasie betaal.¹³²

Tydens die Brandfort-kongres in 1904 is menigvuldige klagtes oor kompensasie geopper, veral van die kant van Hensoppers. 'n Mens hoef maar net die aanhangsel tot die amptelike verslag na te gaan om te beseef hoeveel ontevrede nes daar onder hulle was. Daarom is dit verstaanbaar dat die Bittereinders die Scouts bespot en gesê het dat hulle vir hulle verraad geen kompensasie sou ontvang nie.¹³³

Teen Februarie 1903 was die grootste deel van die militêre kwitansies uitbetaal, maar almal - Bittereinder, Hensopper, naturel en Britse onderdaan - het ver wag dat die eintlike „kompensasie” vir oorlogsverliese nog sou plaasvind. So het prokureur Zach de Beer op 18 Februarie 1903 vanaf Harrismith aan pres. Steyn geskryf dat goeie reëns geval het en dat daar alle hoop bestaan dat die Afrikaner weer ekonomies sou herstel. Hy het dit egter betreur dat elke boer nie sy regmatige paar honderd pond kompensasie kon ontvang om skape aan te koop nie, „want niet alleen zou het land daardoor verrijkt worden, maar binnen een paar jaar zou de burger die nu in de modder zit, weer de kop in de lucht kunnen steken en zeggen : ik ben een man.”¹³⁴

Selfs Milner het in Februarie 1903 in sy vorderingsverslag aan Chamberlain geskrywe dat die herstel in die verowerde kolonies sneller sal geskied indien kompensasie uitbetaal word.¹³⁵ Ook maj. MacLaughlin van die Repatriasie-departement het op 3 Maart 1903 geskryf: „The present great and pressing need is the payment of compensation and as soon as this is done repatriation may, in a great measure, cease altogether.”¹³⁶

Hier het beide Milner en MacLaughlin nog steeds die

132. S. 4434/03.

133. The Friend, 24.1.1903.

134. Pres. Steyn-versameling 156/2/1.

135. Cd. 1551/1903, p. 6.

136. Ibid., p. 53.

fout begaan om repatriasie en kompensasie as twee afsonderlike aangeleenthede te bestempel. Herhaalde verklarings van owerheidsweë onder die hoof „kompensasie" het tot gevolg gehad dat die Afrikaner repatriasie slegs as tussentydse hulpverlening beskou het totdat hulle deel uit die hooggeroemde „Free Grant" van £3,000,000 in die vorm van kompensasie uitbetaal sou word.

Tydens haar reis deur die O.R.K. in 1903 het Emily Hobhouse tot die slotsom geraak dat die Afrikaner 'n fout begaan het om so lank op kompensasie te wag. Dit het vir haar duidelik geword dat alle persone alle gedagtes aan die „Free Grant," kompensasie en die vergoeding van militêre kwitansies uit hul kop moes sit. Sy was verder oortuig dat predikante die magistratre as voorsitters van kompensasierade moes vervang het.¹³⁷

Die wyse waarop Bittereinders vergoed sou word, het reeds in 1903 bedenkinge tot gevolg gehad, veral na die Britse regering se besondere tegemoetkoming aan Hensoppers wat nog tydens Chamberlain se besoek bekend gemaak is. So het die magistraat van Bethlehem gewaarsku: „But I fear that if ex-burghers are to be treated as per our instructions, they will not only become dissatisfied and lose all faith in the Government, but will afterwards turn into rebels...."¹³⁸ Dit was profetiese woorde wat 'n dekade later bewaarheid is.

Emily Hobhouse het haar tante in Engeland soos volg m.b.t. die praktiese toepassing van Artikel 10 ingelig: „The three millions being a 'free gift' as stated in the peace terms is a joke. Except some scanty rations to widows and orphans, I can hear of no 'gift'."¹³⁹ Hoewel eensydig ingelig deur Afrikanerleiers, het sy misbruike m.b.t. die administratiewe onkoste van die onbevoegde repatriasierade

137. Pres. Steyn-versameling 156/3/12 : Memoirs XI : Emily aan lady Hobhouse, 18.6.1903.

138. C.S. 4802/03 : Magistraatsverslag, 18.6.1903.

139. Pres. Steyn-versameling 156/3/11, Memoirs XI.

blootgelê. Uit gesprekke met genl. Hertzog, Charlie Fichardt en Daniels het sy verneem dat die onkoste van die rade in Bloemfontein £4,000, Boshof £1,200 en £1,700 in Kroonstad beloop het. „Strings of compensation claims pass through the hands of these men, but very rarely is one attended to, and then he is lucky if he gets a small portion. Generally these claims go round from board to board and end up in Bloemfontein again where they stick hopelessly." 140

Onnodige vertraging in die beoordeling en uitsifting van eise het beslis voorgekom. Selfs inspekteur Head van die Repatriasiedepartement moes op 25 Julie 1903 kla dat die eise-kommissie van Bethlehem so stadig werk dat dit langer as 'n week duur om 20 eise te oorweeg. In Bloemfontein weer het twee lede van die kommissie nie 'n steek verrig nie.¹⁴¹ Hierdie vertraging het 'n verlamme gees van niksdoen tot gevolg gehad en die gebrek aan kontantgeld het vir die eerste keer 'n oorbelaagde rol in die lewe van die Afrikaner gespeel en gedreig om sy inherente innerlike kragte op die agtergrond te skuif. Tiperend hiervan was die waarskuwing wat deur die magistraat van Fauresmith in sy maandelikse verslag vir Julie 1903 geopper is: „All the people are waiting to hear how much compensation they are going to get before they start sowing or anything to put their property in good order again. If the Compensation Board had never existed, this district would now be in a far more prosperous condition than it is, and the sooner the Burghers receive what is due to them and become disappointed, the sooner they will find out that they must put their shoulders to the wheel and do a little work." 142

So ernstig het die toestand, selfs van handelslui geword dat die Bethlehemse Kamer van Koophandel op 28 November

140. Ibid.

141. C.S. 5369/03.

142. Repatriasieraad van die O.R.K. : Inkomende briewe, Monthly Reports, 1903.

1903 op 'n amptelike verklaring insake kompensasie aangedring het, want „the question of compensation has become one of the most important to the welfare of the Colony, for the great delay which has occurred in doing much to hinder the progress of the People, of Trade and Commerce. The very backward state of the country (brought about by the war and the extended drought) is not being helped by the delay in the settlement of claims, and there is no mistaking the fact that the people of the Colony are looking upon compensation as a prelude to more prosperous days.”¹⁴³

Die langverwagte uitbetaling van kompensasie is verder vertraag deur die gebrek aan behoorlike klassifikasie van die eise van die onderskeie bevolkingsgroepe. Sommige gebore republikeinse burgers se eise is as dié van Britse onderdane behandel, terwyl ander, gebore en opgevoed onder die Britse vlag maar met vaste eiendom in die gewese Vrystaatse republiek, se eise onder dié van „Protected Burghers” behandel is, „their ownership of property being the only detail which decided their being Burghers of a state in which they took no political interest or standing.”¹⁴⁴ Die amptelike reaksie op die gemelde Kamer van Koophandel se brief was dat 'n verklaring oor kompensasie-eise oorbodig was, want die regulasies daaromtrent is na rype beraad opgestel.¹⁴⁵

Desnieteenstaande het Emily Hobhouse op 25 November 1903 geskryf dat aangesien niemand die doen en late van die Repatriasiedepartement begryp nie, dit moeilik gaan om gesaghebbend oor hierdie geheimsinnige departement te skryf. Sy het bitter teen kompensasie te velde getrek: „I regret having to use the word 'compensation' in the above remarks. It is the current expression, so it must be used, but I never like to do so without protest. It was a most unwise and

143. C.S. 8308/03.

144. Ibid.

145. Ibid.

misleading word to have selected for the giving of sums of money, which common sense knew from the first moment could only be a fraction of the losses sustained. The value even of each man's fraction is diminished by the long postponement."¹⁴⁶

Die gesloer met kompensasie het uiteindelik net so 'n groot rol as die na-oorlogse droogte gespeel om alle repatriasiehulp ongedaan te maak. Tereg het die magistraat van Fauresmith in sy verslag van 4 Januarie 1904 gewaarsku: „They all seem to live on hope of compensation and as the majority are ex-burghers, I myself am of opinion that their hopes will be slightly shattered and when it comes to a final they might be able to pay their storekeepers score and that is all and then they will really want relieving."¹⁴⁷ Ter stawing van hierdie bewering het hy aangetoon dat Fauresmith se eise alleen £1,100,000 bedra. As in aanmerking geneem word dat daar 23 distrikte was en die O.R.K. se deel van die £3,000,000 afgebaken sou word, sou sy distrik slegs 4% van die gestelde eise ontvang. Dit sou net voldoende wees om die inwoners se winkelrekeninge te vereffen.¹⁴⁸ En terwyl hierdie ontnugtering op die Bittereinder gewag het, is daar tot 4 Desember 1903 reeds £556,000 in die O.R.K. aan „Protected Burghers" uitbetaal.¹⁴⁹ Ook die Britse onderdane, neutrale uitlanders en naturelle se eise is intussen uitbetaal, maar weens die tydrawende stelsel van die afneem van getuienis, moes teen Augustus 1903 nog 8,488 eise van Bittereinders en krygsgevangenes ondersoek word.¹⁵⁰

Die Sentrale Regterlike Kommissie het aan alle „Protected Burghers" 10/- in die £ op hul beraamde eise uitbe-

146. The Friend, 30.11.1903 : Brief gedateer 25.11.1903.

147. Government Relief Department 1479F/03.

148. Ibid.

149. Government Relief Department 1487/03 : Telegram van die Sentrale Regterlike Kommissie, 4.12.1903.

150. Government Relief Department 1329/03, 1275/03, 1186/03.

taal. Hoewel geen getalle van „Protected Burghers" verstrek is nie, kan afgelei word dat die O.R.K. die grootste getal Hensoppers opgelewer het, want teenoor £640,130 wat aan Transvaalse Hensoppers uitbetaal is, is amper dubbel hierdie bedrag, nl. £1,157,976 in die O.R.K. aan hulle uitbetaal. Verder is in die Transvaalse gebied wat aan Natal afgestaan is, £66,666 en in die westelike distrikte in die omgewing van Mafeking £30,184 toegeken.¹⁵¹ Koste in verband met die uitbetaling het 'n raps meer as £49,270 bedra en teen Julie 1904 was die meeste „Protected Burghers" reeds vir hulle verraad vergoed.¹⁵²

Die eerste uitbetalings in Bethlehem en Ficksburg is besonder gunstig ontvang. Veral die Boere wat saam met Prinsloo oorgegee het, is baie goed behandel.¹⁵³ Hierdie burgers het reeds teen die helfte van 1900 oorgegee en sommige kon hulself intussen onder Britse beskerming verryk, terwyl kompensasie vir die Bittereinder tot 1904 nog net 'n toekomsgedagte was. Desnieteenstaande was daar „Protected Burghers" in Dewetsdorp wat gekla het dat kompensasie „turns out to be a miserable dole of from ten to twenty per cent."¹⁵⁴ Hulle was ontevrede omdat slegs 'n geringe persentasie van hulle oorspronklike en dikwels buitensporige eise vergoed is!

Uit die fonds van £2,000,000 vir Britse onderdane, naturelle en neutrale uitlanders is £300,000 aan naturelle afgestaan. Hiervan het Natal £15,000, Transvaal £114,000 en die O.R.K. £171,000 ontvang. Alle naturelle het 10% van hulle eise ontvang.¹⁵⁵

Nes „Protected Burghers" het Britse onderdane buitensporige hoë eise ingestel. In die O.R.K. het 1,799 eisers

151. Cd. 3028/1906, pp. 80-82.

152. Notule van die Wetgewende Raad van die O.R.K. 12.7.1904, p. 160 ; vgl. ook Cd. 3028/1906, p. 82.

153. The Friend, 24.12.1903.

154. The Friend, 12.7.1904.

155. Cd. 3028/1906, pp. 67-68.

sowat £1,368,693, d.w.s. gemiddeld £760.8 geëis. Na hersiening het die Sentrale Regterlike Kommissie die totale eis op slegs £512,495, d.w.s. gemiddeld £284.9 vasgestel. Aan die Witwatersrand is 4,934 eise ten bedrae van £1,560,139 ingestuur, maar na hersiening is dit op £674,308 vasgestel. Dit het op £136.6 gemiddeld neergekom, m.a.w. veel minder as in die O.R.K. In die res van Transvaal, insluitende die gebied wat aan Natal afgestaan is, is 2,801 eise ten bedrae van £2,015,512 ingestuur, maar na hersiening is dit op £578,272 beraam. Altesaam 2,042 eise is verwerp.
opdrag

Volgens van Milner moes al die goedgekeurde eise ten volle uitbetaal word. Toe daar egter boonop aan 695 neutrale uitlanders, wat hulle direk op Milner beroep het, 'n bedrag van £135,615 toegeken is, was die £1,700,000, wat na aftrekking van die bedrag aan naturelle oorgebly het, ontoereikend om alle eise te vergoed. Uiteindelik het elke Britse onderdaan en neutrale uitlander, na 'n finale beraming, 17/4 in die £ ontvang.¹⁵⁶

Ironies is dit dat die meeste uitlanders die republieke op die vooraand van die oorlog verlaat het, maar darem 87% van hulle beraamde eise om kompensاسie ontvang het. Dit staan in skerpe teenstelling met die skrale vergoeding wat Bittereinders eers heelwat later sou ontvang.

Die Bittereinders is verder benadeel deur die feit dat na die oorlog so 'n lang tydperk verstrek het waarin talle kwitansies, wat oorlogsverliese kon staaf, verlore geraak het. In Bloemfontein is daar vir 600 eise slegs 7 kwitansies voorgelê.¹⁵⁷

Intussen het magistrate uit alle dele van die O.R.K. aan kompensاسie in hul verslae prominensie verleen. Hulle opmerkings het gewissel van stilstand in boerderybedrywig-

156. Ibid., pp. 72-74.

157. Government Relief Department 1336/03 : Verslag 23.9.1903.

hede weens die gewag op kompensasie tot die dringende noodsaaklikheid van die uitbetaling daarvan om wantroue in Britse beloftes te voorkom. Na die welkome reëns gedurende 1903-1904 was die Afrikaner vol moed en onmiddellike kompensasie sou daadwerklik help om hulle op die been te bring.¹⁵⁸

Al wat Bittereinders omtrent hulle eise verneem het, was 'n verklaring deur die Luitenant-goewerneur van die O.R.K. in die Wetgewende Raad dat hulle „binnekort“ uitbetaal sou word. In antwoord op hierdie aankondiging het J.G. Fraser verklaar dat die ontevredenheid wat daar in die O.R.K. bestaan het, die gevolg van die vertraagde kompensasie was.¹⁵⁹

So ernstig het die nood in sommige distrikte teen Julie 1904 geword dat die magistraat van Frankfort 'n dringende beroep op die owerheid gedoen het om 'n kompensasie-voorskot aan sy distrik toe te staan. Vleis was skaars en sy distriksgenote het hoofsaaklik van mieliepap en min groente geleef.¹⁶⁰

Toe hongersnood die Afrikaner aan die begin van die winter van 1904 in die gesig staar het die Repatriasiedepartement skulde vir ontvangte rantsoene begin invorder. Dit het geskied terwyl Bittereinders nog geen kompensasie ontvang het nie. Verontwaardig het Emily Hobhouse by die Minister van Kolonies in Londen teen hierdie stap beswaar gemaak. Sy het veral na hulpbehoewende weduwees verwys. Eers drie maande later is sy ten antwoord op haar skrywe meegedeel dat behoeftiges by die „Destitute Burgher Fund“ om hulp kon aanklop. As regverdiging vir die skuldoproep is aangevoer dat die owerheid net wou vasstel of gerepatrieerdes al sodanig herstel het om hulle skulde te kan ver-

158. C.S. 468/04 ; C.S. 765/04 ; C.S. 2711/04 ; C.S. 1783/04 ; C.S. 1708/04 ; C.S. 1112/04.

159. Notule van die Wetgewende Raad v.d. O.R.K., 27.6.1904, pp. 5-9.

160. C.S. 5116/04 : Verslag, 9.7.1904.

effen!¹⁶¹

Teen September 1904 was daar soveel ontevredenheid dat die Britsgesinde Bloemfontein Post vir die owerheid in die bresse moes tree. Kitchener en die Britse leërbevel is as sondebokke, weens die uitreiking van bewysbriewe vir gekommandeerde en verwoeste voorrade, uitgesonder. Voorts het die blad geskryf: „The whole history of the War Compensation Fund is a painful one; and one must deeply regret that the British Government was deaf to the appeals of those who said: ‚Make no promises; compensate, heal, restore as justice may guide you, but make no promises for they breed nothing but further claims and discontent.‘”¹⁶²

Die blad het verklaar dat stelselloosheid die groot tekortkoming van kompensasierade was. Werk is onnodig herhael wat op tyd- en geldverkwisting uitgeloop het: „The £3,000,000 set aside under the Vereeniging Pact have been administered by military men. It is part of Lord Kitchener's weakness that he is a bad judge of men and it was a grave mistake to place financial and semi-judicial affairs in the hands of military officers for the most part untrained to such problems.”¹⁶³

So moes eise van £70,000,000 met 'n bedrag van £3,000,000 gekompenseer word. Daarom was kompensasie „worse than a crime; it was a mistake - a howling blunder begotten of conciliation and other exotic imports into this country. It was part of the silly policy that could not believe men were soldiers because they were dressed in suits of 'dittoes'; imagined that a republican might leave his side and yet men's words as bonds when lying was almost a virtue and, finally, concluded a peace when six weeks more campaigning would have finished the wretched business with

161. C.S. 5099/04 : Korrespondensie 5 Mei tot 15 Augustus 1904.

162. The Bloemfontein Post, 13.9.1904.

163. Ibid.

out argument and without promises,"¹⁶⁴ het The Bloemfontein Post in een van sy seldsame objektiewe oomblikke geskryf.

In 1905 het die langverwagte kompensasie ook vir Bittereinders en krygsgevangenes aangebreek. Die eerste uitbetalings aan Bittereinders in die O.R.K. het op 23 Oktober 1905 in Boshof begin. Daarna het die ander distrikte aan die beurt gekom totdat kompensasie op 24 Januarie 1906 met die uitbetalings in Bothaville afgesluit is. Op 12 April 1906 het die Sentrale Regterlike Kommissie ontbind.¹⁶⁵

Om uitvoering aan Artikel 10 te gee, is met volle instemming van Milner die volgende stelsel gebruik: Aan elke persoon wat oorlogsverliese kon bewys en aan wie 'n deel van die „Free Grant" toegeken is, is £25 van dié toekenning ten volle toegeken; aan diegene wat noodleniging van die repatriasierade ontvang het - en wat hulle moes terugbetaal - is £25 van hulle lenings afgetrek; na al die bostaande bedrae van die £3,000,000 afgetrek is, is die res pro rata verdeel onder diegene wat verliese ten bedrae van meer as £25 gely het; eisers sonder repatriasieskuld het £25 asook hul pro rata-aandeel uit die res in kontant ontvang, terwyl diegene wie se skuld minder as £25 was, die res in kontant ontvang het.¹⁶⁶ Die uiteindelijke en langverwagte kompensasie sou dus in die meeste gevalle 'n afrekening met geslote beurs wees en Afrikaners moes tot hul ontnugtering verneem dat die blikkieskosrantsoene, lank reeds opgeëet, hul „kompensasie" was.

Geeneen van die volgende eise is aanvaar nie: Maatskappye en groot sake-ondernemings; persone wat maatskappye of kollektiewe liggame verteenwoordig, salarisse verskuldig deur die eertydse republieke; eise t.o.v. sekere dienste,

164. The Bloemfontein Post, 1.11.1904.

165. Goewermentskoerant, 13 en 20 Oktober 1905 ; 3, 10 en 24 November 1905 ; 15 Desember 1905 en 12 April 1906.

166. Cd. 3028/1906, p. 64.

bv. as hoefsmede, aan kommando's gelewer; eise vir vee wat om die lewe gebring is, gebuit is of weggeraak het, terwyl die eienaar op kommando was; eise vir gesaaides op lande; eise vir buit wat weggeraak het; eise vir oeste gedurende die oorlog en moontlike vermeerdering van 'n veestapel gedurende die oorlog en die eise van rebelle uit Natal of die Kaapkolonie.¹⁶⁷

Voorskotte, beide in die O.R.K. en Transvaal, in kontant en in die vorm van voorrade het ongeveer £5,481,783 bedra. Hiervan moes gratis rantsoene aan weduwees en behoeftige burgers ter waarde van £583,758 afgeskryf word. 'n Totale skuld van £4,898,025 vir albei kolonies het dus oorgebly.¹⁶⁸ Indien die £3,000,000 hiervan afgetrek sou word, kon die totale skuld van boere in Transvaal en die O.R.K. verminder geword het. Dit was egter onmoontlik, want nie alle boere het hulle boerderybedrywighede met behulp van voorskotte hervat nie en hulle kon oorlogsverliese en dus 'n aandeel in die £3,000,000 bewys.

Die meeste Bittereinders het repatriasiehulp ontvang. Uit 'n totaal van 68,330 wat op deelname aan die £3,000,000 geregtig was, het 50,991 of ongeveer 75% voorskotte van die repatriasierade ontvang - 'n bewys hoescer die boerebevolking deur die oorlog verarm is. Volgens hul aandeel uit die £3,000,000 is £1,418,026, waarvan £478,624-15/- in die O.R.K., van Bittereinders se repatriasieskuld afgetrek. Aan die Natalse regering is bowendien 'n bedrag van £100,000 toegeken om aan Bittereinders in Vryheid, Utrecht en 'n deel van Wakkerstroom uit te betaal, sodat slegs £2,900,000 oorgebly het vir verdeling tussen die O.R.K. en Transvaal.¹⁶⁹

Alvorens eise oorweeg is, moes op alle beëdigde ver-

167. Ibid., pp. 62-63 ; vgl. verder Magistratuur Jacobsdal : Inkomende korrespondensie : sekretaris Sentrale Repatriasieraad aan inspekteur van eise, 23.5.1903.

168. Cd. 3028/1906, p. 64.

169. Ibid., p. 65.

klarings seëls ter waarde van 2/- geplaas word.¹⁷⁰ In die Transvaal is 24,752 eise ondersoek. Hiervan is 2,683 ten bedrae van £822,131 verwerp en 21,899 ten bedrae van £17,648,507 is ten volle of gedeeltelik toegelaat. Die Sentrale Regterlike Kommissie se beraming was slegs £7,621,232, wat m.a.w. net 43% van die totale skade gedek het. In die O.R.K. is 17,747 eise ondersoek. Hiervan is 615 ten bedrae van £335,904 verwerp en 17,132 ten bedrae van £17,872,932 ten volle of ten dele toegelaat. Die Sentrale Regterlike Kommissie se beraming was slegs £8,432,534, m.a.w. dit het ongeveer 42% van die totale skade gedek.¹⁷¹ Dat die verlies van die Afrikaner in die O.R.K. tydens die oorlog groter as in Transvaal was, blyk uit die feit dat volgens die eise wat toegelaat is, die gemiddelde skade per eiser in Transvaal £805 teenoor £1,043 in die O.R.K. was. Volgens die beraming van die Sentrale Regterlike Kommissie was die onderskeie bedrae per eiser £348 teenoor £492. Dit moet egter in gedagte gehou word dat baie eise nie deur bewyse gestaaf kon word nie en dus verwerp is.

Omdat elke toegelate eiser sy £25 ten volle ontvang het, hetsy in kontant of ter delging van repatriasieskuld, is 'n bedrag van £1,395,991-8-7 uitbetaal. Daar het dus £1,504,008-16-5 oorgebly om pro rata verdeel te word onder diegene wie se eise op meer as £25 beraam is. Hierdie bedrag was voldoende om ls. 10.7d. in die £ uit te betaal. By berekenings sou hierdie breuk egter baie moeilikheid veroorsaak het. Die Sentrale Regterlike Kommissie het gevind dat, indien eise hoër as £25 met 5% verminder word en die beskikbare geld met £4050-1-3 aangevul word, die pro rata-balans 2/- in die £ sou wees. Milner het hierdie stap goedgekeur, met die gevolg dat die totale bedrag van die „free

170. Government Relief Department 943/03 : Koloniale tesourier aan magistraat van Frankfort, 17.2.1903.

171. Cd. 3028/1906, p. 65.

grant" tot £3,004,050-1-3 vermeerder is.¹⁷²

Voorts het die Sentrale Regterlike Kommissie 'n hele reeks sommetjies gemaak om hulle werk en die werklike „kompensasie" te illustreer, bv. iemand wat £50 eis, ontvang £25 kontant en dan verder 2/- in die £, d.w.s. nog £2-10/- - 'n totaal van £27-10/- wat dan 55% van sy eis bedra het. Hoe groter egter die eis, hoe kleiner die persentasie, want iemand wat £1,000 eis, sou altesaam £122-10/- of 12 $\frac{1}{2}$ % ontvang. Die plaaslike magistraat het aan eisers hul toekennings per tjek uitbetaal.¹⁷³

In Bethlehem het genl. Michael Prinsloo slegs £174-12/- of 5.2% van sy eis van £3,379-11/- ontvang. Die Afrikanerheld, kommandant Loffie Davel, het £212-12/- of 3.3% van sy eis van £6,373-5-2 ontvang. Aan die weduwee Dina Odendaal, wie se man as Bittereinder gesneuwel het, is slegs £1,289-18/- of 5.5% van 'n eis van £23,276 betaal op grond daarvan dat sy 'n grondeienaar was en dus haar grond kon verband het. In teenstelling hiermee het Engelssprekendes ruimskoots vergoeding ontvang, bv. J.J. Strapp het £3,250 of 31.2% van sy eis van £10,429 ontvang. Ook H.N. Middleton, wat in 'n oomblik van uiterste jingoïsme voorgestel het dat Bethlehem se naam na „Milner" verander word, het as hoteleienaar £205 of 66.3% van sy eis van £309 ontvang. Bethlehemse naturelle het almal 10% van hul eis ontvang.¹⁷⁴

C.G.F. Richter, 'n Bloemfonteinse Bittereinder het net £912 of 3.9% van sy groot eis van £23,284 ontvang. G.A. Fichardt en sy seuns het net £38-18/- of 0.65% van hulle eis van £5,923 ontvang. Pres. M.T. Steyn het darem £60, d.w.s. 10%, van sy eis van £600 ontvang. Abraham Fischer, latere eerste minister van die O.R.K., het £12,509 geëis, maar het niks ontvang nie. Die rede hiervoor was dat hy 'n aanbod

172. Ibid., pp. 65-66.

173. Ibid., p. 67.

174. Magistratuur Bethlehem : Claims for War Losses.

van £40,000 deur die Britse leër vir 'n deel van sy grond van die hand gewys het.¹⁷⁵

In Boshof is C.J. Groenewald se eis afgekeur omdat hy as „Protected Burgher" later weer die wapen teen Engeland opgeneem het. Later het hy £156-10/- van sy eis van £3,064-16/- ontvang omdat sy huis afgebrand is ná hy weer op kommando is.¹⁷⁶

Interessant is dit om na te gaan hoe gewese republikeinse Volksraadslede behandel is. Die hartroerende toesprake wat tydens die laaste sitting van die Vrystaatse Volksraad die vryheidsideaal so op die voorgrond gestel het, het vir sommige net lippetaal gebly. Die volgende voorbeelde staaf hierdie bewering: J.A. Venter, oud-Volksraadlid vir Kafferrivier, het as Bittereinder slegs £242-8/- vir sy eis van £4,069 ontvang. Daarenteen het Johannes S. Theron, oud-Volksraadlid vir Kaalspruit, as Hensopper £2,500 van sy eis van £9,916 ontvang.¹⁷⁷ Die Hensopper het dus meer as 25% en die Bittereinder minder as 6% van hul skade ontvang. Die 948 Hensoppers van die distrik Bloemfontein is dan ook, soos hierdie enkele voorbeeld bewys, baie beter as die 1,395 Bittereinders behandel.

Ook in ander distrikte is Hensoppers vir hul verraad goed beloon. In Ficksburg het D.C. Botha £2,162 of 42% van sy eis van £5,141 ontvang. W.G.J. Breed, 'n Hensopper van dieselfde distrik, het £2,050 of 35.5% van sy eis van £5,774 ontvang.¹⁷⁸ Hierteenoor het geen Bittereinder van Ficksburg enige kompensasië van so 'n omvang, selfs nie eens vir veel groter eise, ontvang nie.

Genl. C.R. de Wet het geen eis om kompensasië ingestuur nie, hoewel sy huis afgebrand, omheiningsmateriaal verwyder en sy veestapel gebuit is. Nogtans het die eise-kommissie

175. Magistratuur Bloemfontein : Claims Commission.

176. Magistratuur Boshof : Claims Commission.

177. Magistratuur Bloemfontein : Claims Commission.

178. Magistratuur Ficksburg : Claims Commission.

van Kroonstad £50 aan hom toegeken. Hy het dit geweier.¹⁷⁹

Kommandant Chris van Niekerk, voormalige President van die Senaat, het in antwoord op 'n navraag insake kompensasie aan hom, soos volg aan my geskryf: „Ek het botweg geweier om 'n eis in te stel teen die Britse regering ten opsigte van oorlogsverliese deur my gely in die Tweede Vryheidsoorlog. Ek was verbitterd oor die nietige som wat beskikbaar gestel is vir AL die verliese wat die burgers gely het en daar ek jonk en sterk was, het ek hul ondersteuning uit hierdie bron nie aanvaar nie en staat gemaak op my kragte om vir myself 'n lewensbestaan, met Gods hulp, te verdien. Ek het dan ook geen uitbetaling ontvang nie.“¹⁸⁰

Talle Afrikaners met wilskrag en staal in die bloed het soos genl. De Wet en kmdt. Van Niekerk geweier om die veroweraar se gewetensgeld te aanvaar. Met sulke voormanne kon die Afrikanervolk dan ook grootliks op eie krag en met behoud van sy selfrespek uit die puin van die oorlog herrys en die knegskap wat die oorlog oor hom gebring het, afwerp.

Hierteenoor het verraaiers mildelik kompensasie ontvang. S. Maré van Bloemfontein, wat as gids vir sir Redvers Buller gedurende die oorlog opgetree het, het behalwe die helfte van sy gewone eis ook nog £400 as spesiale toekenning vir sy dienste ontvang.¹⁸¹

In Transvaal het genl. Louis Botha 'n eis vir £20,000 ingestuur, maar hy het net £900 ontvang. Hy het dit as 'n belediging beskou en die bedrag netso teruggestuur.¹⁸² Toevallig het Bittereinder J.J. Boshoff van Brandfort ook 'n eis vir £20,000 ingestuur waarvoor hy slegs £150 ontvang het.¹⁸³

179. Magistratuur Kroonstad : Claims Commission ; vgl. ook Kestell, J.D., Christiaan de Wet (Kaapstad, 1920), pp. 107 en 148.

180. Private Argief van A.P.J. van Rensburg : C.A. van Niekerk aan A.P.J. van Rensburg, 29.1.1957.

181. C.S. 2972/03 : Leërbevel aan Luitenant-goewerneur O.R.K., 20.4.1903.

182. Engelenburg, op. cit., p. 109.

183. Magistratuur Bloemfontein : Claims Commission.

'n Bittereinder van Harrismith, J.F. de Villiers, het 4,000 skape, 600 beeste, 200 perde, 6 waens, 2 spanne muile, 2 karre asook 'n woonhuis met 16 vertrekke en buitegeboue verloor. Sy kompensasie hiervoor het slegs £370 bedra.¹⁸⁴ Daarenteen is lafaards, wat tydens die oorlog in Basoetoland met hul vee gaan wegkruip het, ruimskoots vergoed vir verliese wat hulle nie eintlik gely het nie. So het A.W. Liddel van Clifton, Bethlehem, wat nie op kommando gegaan het nie, maar in Basoetoland gaan skuil het, ná die oorlog £3,758 kompensasie geëis, en omdat hy nie teen Engeland geveg het nie, is £1,561 of 41.5% van sy eis uitbetaal.¹⁸⁵

In hierdie trant sou ad infinitum voortgegaan kan word. Dit is dan ook geen wonder dat daar soveel gegronde klagtes oor en teen kompensasie ingebring is nie. Dit was werklik asof daar op groot skaal bedrog geploeg is om die Afrikaner in 'n minderwaardige ekonomiese posisie te dompel, of ekonomies heeltemal onder te ploeg. Onbetroubare amptenare, geldverduistering en die hovaardige houding van baie lede van repatriasierade het meegehelp om wantroue in die Britse administrasie te skep. Tydens hul onderhoud met Chamberlain te Pretoria op 8 Januarie 1903 het die Afrikanerleiers die omslagtige, verkwistende en ondoeltreffende beheer oor repatriasie betreur.¹⁸⁶

Van die wydverspreide ontevredenheid insake kompensasie het die Sentrale Regterlike Kommissie in hul finale verslag geen woord gerep nie. Daar is alleen gespog dat in meer as drie jaar 63,079 eise beoordeel is. Verder is buitensporige en lagwekkende eise taamlik breedvoerig behandel om aan te toon hoe hul onderskeidingsvermoë getoets is.¹⁸⁷ Dit was voorwaar 'n vreemde weerligafleier!

184. Magistratuur Harrismith : Claims Commission.

185. „Offisieel Verslag“ van die Brandfort-kongres, ahangsel, p. ix.

186. Engelenburg, op. cit., p. 106.

187. Cd. 3028/1906, p. 83 en p. 86.

Vir die eens so welvarende boeregemeenskap was die geringe kompensasie 'n groot slag. Die verlies van menslike waardes en vrugtelose inspanning het die werklike skade verhoog. Boonop moes 'n teleurgestelde Afrikanerdom tot 1905 op 'n gedeeltelike nakoming van Engeland se beloftes by Vereniging wag. Toe die eerste tjeks ontvang is, het ontugtering en bittere teleurstelling die Afrikaner diep in die hart gegryp. Die eertydse smeulende gevoel van wantroue en haat het ontvlam waardeur die kloof van verbittering dieper en wyer gemaak is. Meer as die verwoesting van die oorlog self het geskokte verbittering 'n merk vir baie jare gelaat. Nie net die oorlog en die wyse waarop die republieke verower is, het haat verwek nie, maar veral die feit dat - in die oë van die Afrikaner - die Brit, soos in die verlede, ooreenkomste nie nakom nie en die Afrikaner probeer onderdeurspring. Op die eensame en mees afgeleë plase sou Afrikaners hul kinders opvoed en die toekoms instuur met die vermaning om die Brit nooit te vertrou nie.

* * * * *

Die onopgeloste kompensasienvraagstuk het veral die vooroorlogse verarmde Afrikaner en bywoner swaar getref en hul reeds kwynende ondernemingsgees tot ruggraatlose niksdoen geneutraliseer. Dit het die getal armblankes steeds laat aangroei. Die vertraging as gevolg van amptelike omslagtigheid met die uitbetaling van kompensasie, veral weens die uiteenlopende vertolkings, het veroorsaak dat die teruggekeerde Afrikaner, wat gretig was om dadelik met heropbou te begin, net met sy grond, sonder oeste en sonder vee sit en wag het. The Friend verklaar tereg dat die Afrikaner deur middel van repatriasierantsoene en goedkoop kos onwetend binne 'n jaar al sy kompensasie-eise se geld sou opeet en dan niks, behalwe „ruin and empty tins of Maconochies

rations," sou oorhou nie.¹⁸⁸

Op 29 Augustus 1903 het die magistraat van Hoopstad reeds van 29 armblanke-gesinne in sy distrik melding gemaak. Dié amptenaar het die wanbetaling van kompensasie hiervoor verantwoordelik gehou en verder gewaarsku: „These lists are bound to increase considerably before the next mealie and kaffir corn crops are reaped, unless the ex-Burgher claims are paid out before.”¹⁸⁹

Ook in die noordelike Vrystaat sou die stygende getal armbblankes weldra kommer verwek. Die Kroonstad Times het op 15 Januarie 1904 die toestand van armbblankes in Bothaville onder die aandag van die owerheid gebring en o.a. soos volg geskryf: „This is greatly ascribed to the tardliness with which the compensation is paid out, by which poor people are prevented from making a start in however smaller way.” Daar was reeds mense wat volslae armbblankes geword het. In Bothaville was geen slaghuis nie. 'n Vrou met 'n pasgebore baba moes in die koue Vrystaatse winter met een kombers klaarkom.¹⁹⁰ Weldra het dit erger geword. Die gesloer met die uitbetaling van kompensasie het later veroorsaak dat sommige Bittereinders hul plase teen 8/- tot 10/- per morg, ongeveer die helfte van hul vooroorlogse waarde, moes verkoop.¹⁹¹

Die Afrikaner was geheel en al aan die genade van die veroweraar oorgelaat. So staan die opkoms van die Afrikaner-volk in die O.R.K. tussen 1902 en 1907 duidelik in die teken van oorlog en stryd. Oorlog ontsenu 'n volk, te meer as die stryd nie met sukses bekroon word nie. Die oorlog en die kompensasie-vraagstuk het beslis nie die armbblankedom veroorsaak nie, maar die deurslag gegee dat dit kronies geword

188. The Friend, 22.12.1902.

189. C.S. 6164/03.

190. C.S. 534/04 : Aangehaal uit Kroonstad Times, 15.1.1904.

191. The Friend, 31.10.1904 : Brief van A.A. van Bultfontein.

het. So het die veranderde ekonomiese toestand die „los“ bevolking van die platteland verdrywe, waar hulle voorheen 'n betreklike idilliese bestaan gevoer het. Uit 'n homogene samelewing het 'n klasse-samelewing ontstaan waarin sommige individue verplig was om hulle outonomie prys te gee en arbeiders - veral in die dorpe - te word, óf anders van honger om te kom. So is pioniers van die land teen hul sin in die arbeidsreserwe gedwing en daar gehou. Dit spreek grootliks tot lof van die Afrikaner dat slegs 'n geringe persentasie op hierdie eensame paadjie uitgestoot is.

Die optrede van die Sentrale Regterlike Kommissie het verder sout in die wonde van die Afrikanerdom gevryf. Die wantroue wat hierdie liggaam in die Afrikaner openbaar het, het verdere vervreemding en ontevredenheid gewek. So is geweier om sommige eise in Vrede uit te betaal omdat hierdie kommissie getwyfel het of daar vóór die oorlog soveel vee in Vrede was as wat die eise bedra het.¹⁹²

Die gesloer met die uitbetaling van kompensasie en die talle floue verskonings waarom regmatige eise nie uitbetaal is nie, het mettertyd veroorsaak dat individuele griewe in politieke kanale gevloei het. Dit was asof die Afrikaner oral van sy minderwaardige posisie bewus gemaak moes word. Tereg verklaar Pirow: „The condition of the people in the countryside, already desperate, worsened further while incompetent - sometimes even hostile - officials dallied in their comfortable offices. Before payments were actually made so much red tape had to be disentangled that speculators and unscrupulous agents reaped a rich harvest at the expense of the long-suffering burghers.“¹⁹³

Die latere politieke denke van die Afrikaner is dan ook sterk deur die „kompensasie-skandaal“ beïnvloed. Waar

192. C.S. 4080/04 : Magistraatsverslag, 13.6.1904.

193. Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog (Kaapstad, ongedateerd), p. 43.

staatshoofde later 'n versoeningsbeleid voorgestaan het, het die Afrikaner die naweë van die oorlog nooit vergeet nie. Ook teenoor sy mede-Afrikaner wat hom in die steek gelaat het, en wat die volle vertroue van die Engelse geniet het, het die opregte Afrikaner 'n onuitwisbare gevoel van bittere teleurstelling ontwikkel.¹⁹⁴ Slegs die inherente adel van karakter het verhoed dat dit in volgehoue haat gebed geraak het.

Die ekonomiese nood van die Afrikaner in teenstelling met die opvallend gunstige posisie waarin die verraaier van sy volkseie geplaas het, het opnuut die verdeling binne die Afrikanerdom tussen Hensopper en Bittereinder beklemtoon. Tereg verklaar dr. J.A. Coetzee dat die Afrikanerdom verdeeld die oorlog begin het, verdeeld daarin gebly het en verdeeld daaruit gekom het.¹⁹⁵ Tog het die voorttrekkery van verraaiers deur die Britse owerheid nie daarin geslaag om die „Hensopgees“ na die oorlog op die ganse Afrikanerdom oor te plant nie. Die gelouterde Afrikanerdom ná die oorlog, waartydens die swakker element in homself uitgeskakel is, het geweier om homself prys te gee vir 'n bietjie finansiële gewin.

Dit het die Bittereinders en talle krygsgevangenes nietemin as een van die skandelikste naweë van die oorlog beskou, nl. dat die vyand van die nasionaalvoelende Afrikaner na afloop van die oorlog as deel van die volk („people“) beskou is, en boonop die meeste gebaat het by 'n stelsel wat daartoe bygedra het om die Bittereinder op stoflike gebied in 'n ontredde toestand te laat. Terselfdertyd het die inskakeling van verraaiers onder die voordele van Artikel 10 die kloof tussen die ware Afrikaner en sy ruggraatlose

194. Weideman, N.C., Die Politieke Naweë van die Anglo-Boere-oorlog in Transvaal tot 1907 (Ms. Universiteit van Pretoria, 1955), p. 113.

195. Coetzee, J.A., Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie (Johannesburg, 1941), p. 320.

volksgenoot vergroot. Die ooglopende voorttrekkery van ver-raaiers is dikwels goedgepraat met die verskoning dat dit wantroue in Britse beloftes sou voorkóm. Aan die ander kant, in sy strewe om die steun van die verraaier-element te behou, het die Britse owerheid dit heeltemal uit die oog verloor dat juis die kompensasiiebeleid die oorsaak was dat die Bittereinders nie met die Britse owerheid versoen is nie. Dít was staatmansbeleid op sy swakste.

Dit ly geen twyfel nie dat die vertraging in verband met die uitbetaling van kompensasie en die wydverspreide en gepaardgaande ontevredenheid met die Milner-regime direk tot die nasionale ontwaking in die O.R.K. in 1904 bygedra het. Die ekonomiese nood van die Afrikaner het sy politieke denke geprikkel en die Afrikanerdom in die O.R.K. sou daar-toe kom om sy regte as landsburger op te eis. Tereg kan die Brandfort-kongres van 1904 die Paardekraal van die Vry-staat genoem word, want nes Paardekraal na die eerste an-neksasie van Transvaal die einde beteken het van 'n gedwee aanvaarding van Britse oorheersing, so het Brandfort getoon dat die oorlog nie die siel van die Afrikaner saam met sy stoflike welvaart vernietig het nie, en dat daadwerklike verzet teen wanbestuur aan die opvlam was.

Op 17 September 1904 het agttien mans ten huise van N. Vermaak te Brandfort, onder voorsitterskap van J. Vlot-man, byeengekom om die Sentrale Regterlike Kommissie en die wyse waarop kompensasie uitbetaal word te bespreek. Vlotman was 'n „Protected Burgher" wat deur die Sentrale Regterlike Kommissie as 'n Bittereinder geklassifiseer is. Op 14 September 1904 is hy in kennis gestel dat die datum waarop kompensasie uitbetaal sou word, nog onseker was.¹⁹⁶

Sir Hamilton Goold-Adams, Luitenant-goewerneur van die

196. Offisieel Verslag van de Verrichtingen van het Nasio-naal Kongres gehouden te Brandfort op 1 en 2 Desember 1904, pp. 2-3 ; vgl. Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Heetzog (Johannesburg, 1944), p. 199.

the first of these is the fact that the
the second is the fact that the
the third is the fact that the
the fourth is the fact that the
the fifth is the fact that the
the sixth is the fact that the
the seventh is the fact that the
the eighth is the fact that the
the ninth is the fact that the
the tenth is the fact that the
the eleventh is the fact that the
the twelfth is the fact that the
the thirteenth is the fact that the
the fourteenth is the fact that the
the fifteenth is the fact that the
the sixteenth is the fact that the
the seventeenth is the fact that the
the eighteenth is the fact that the
the nineteenth is the fact that the
the twentieth is the fact that the
the twenty-first is the fact that the
the twenty-second is the fact that the
the twenty-third is the fact that the
the twenty-fourth is the fact that the
the twenty-fifth is the fact that the
the twenty-sixth is the fact that the
the twenty-seventh is the fact that the
the twenty-eighth is the fact that the
the twenty-ninth is the fact that the
the thirtieth is the fact that the
the thirty-first is the fact that the
the thirty-second is the fact that the
the thirty-third is the fact that the
the thirty-fourth is the fact that the
the thirty-fifth is the fact that the
the thirty-sixth is the fact that the
the thirty-seventh is the fact that the
the thirty-eighth is the fact that the
the thirty-ninth is the fact that the
the fortieth is the fact that the
the forty-first is the fact that the
the forty-second is the fact that the
the forty-third is the fact that the
the forty-fourth is the fact that the
the forty-fifth is the fact that the
the forty-sixth is the fact that the
the forty-seventh is the fact that the
the forty-eighth is the fact that the
the forty-ninth is the fact that the
the fiftieth is the fact that the
the fifty-first is the fact that the
the fifty-second is the fact that the
the fifty-third is the fact that the
the fifty-fourth is the fact that the
the fifty-fifth is the fact that the
the fifty-sixth is the fact that the
the fifty-seventh is the fact that the
the fifty-eighth is the fact that the
the fifty-ninth is the fact that the
the sixtieth is the fact that the
the sixty-first is the fact that the
the sixty-second is the fact that the
the sixty-third is the fact that the
the sixty-fourth is the fact that the
the sixty-fifth is the fact that the
the sixty-sixth is the fact that the
the sixty-seventh is the fact that the
the sixty-eighth is the fact that the
the sixty-ninth is the fact that the
the seventieth is the fact that the
the seventy-first is the fact that the
the seventy-second is the fact that the
the seventy-third is the fact that the
the seventy-fourth is the fact that the
the seventy-fifth is the fact that the
the seventy-sixth is the fact that the
the seventy-seventh is the fact that the
the seventy-eighth is the fact that the
the seventy-ninth is the fact that the
the eightieth is the fact that the
the eighty-first is the fact that the
the eighty-second is the fact that the
the eighty-third is the fact that the
the eighty-fourth is the fact that the
the eighty-fifth is the fact that the
the eighty-sixth is the fact that the
the eighty-seventh is the fact that the
the eighty-eighth is the fact that the
the eighty-ninth is the fact that the
the ninetieth is the fact that the
the ninety-first is the fact that the
the ninety-second is the fact that the
the ninety-third is the fact that the
the ninety-fourth is the fact that the
the ninety-fifth is the fact that the
the ninety-sixth is the fact that the
the ninety-seventh is the fact that the
the ninety-eighth is the fact that the
the ninety-ninth is the fact that the
the hundredth is the fact that the

O.R.K., was in hierdie tyd in Engeland waar hy aan die Britse publiek verkondig het dat daar geen ontevredenheid in die O.R.K. was nie. By Vlotman het toe die gedagte ontstaan om 'n griewe-kommissie tot stand te bring om die klagtes van die inwoners onder die aandag van die owerheid te bring.¹⁹⁷

Ten einde te verseker dat hulle die regte ding doen, is die raad van Abraham Fischer ingeroep. Sy raad was dat die kommissie ook een van die persone wat na Roberts se proklamasies oorgegee het, een wat by die Britse magte aangesluit het en 'n Bittereinder-offisier moes insluit. Gevolglik het die griewekommissie uit J. Vlotman (voors.), G.H. Erwee (sekr.), W.H. Maas, G.J. van Graan, J.P. Marais, M.J. Vermaak en J.J. van Rensburg - die Bittereinder - bestaan.¹⁹⁸

Insiggewend is dit dat hierdie verset uitgegaan het van die oorlogtydse pro-Britse groep en dat slegs een Bittereinder op die kommissie gedien het. Dit was die begin van 'n vloed van nasionalisme wat weldra die O.R.K. sou oorstroom. Die eertydse Britse groep het die aanvoorwerk gedoen, maar toe aksie vereis is, was dit weer die oorlogtydse leiers wat na vore getree het om die vaandel van die Afrikanerdom te dra.

Die griewekommissie het 'n Manifest opgestel wat in De Vriend gepubliseer is. Hierin doen hulle 'n beroep op die burgers van die O.R.K. „dat de burgers van Brandfort de tijd gekomen achten om een uitspraak van de gansche bevolking te verkrijgen, opdat de regeering van Z.M. Koning Eduard duidelijk begrijpt dat de toestand der burgers van de Oranje Rivier Kolonie dringende verbetering eischt.“¹⁹⁹ Voorts word die feit beklemtoon dat de Luitenant-goewerneur op 'n petisie uit Harrismith geantwoord het dat kompensasie

197. Die Volksblad, 10.8.1957 : Getuienis van J.J. van Rensburg, gelewer in die rubriek „Stop van Myne.“

198. Offisieel Verslag, p. 4 ; C.S. 8404/04.

199. Ibid.

„slechts zeer onvoldoende" uitbetaal sal word, en die wyse waarop kompensasie geskied, nie in ooreenstemming met die beloftes aan die bevolking was nie. 'n Verklaring van alle griewe was dus noodsaaklik.

Kenmerkend is die volgende woorde, byna in dieselfde gees waarin Piet Retief in 1837 in sy beroemde Manifeste geprotesteer het: „Wij zijn bewust dat de armoede in ons land het toppunt bereikt. Wij weten dat er vele families zijn wien het hoogst noodige ontbreekt. Wij weten dat overal er talrijke personen zijn wien het bankroet voor de deur staat Het aantal onzer gerechtvaardigde grieven is legio. De ellende vermeerdert elke dag. De samenwerking, die wij ons voornamen toen de vrede was verklaard, wordt ons onmogelijk gemaakt door de wijze waarop de regeering zich tegenover ons gedraagt.²⁰⁰

Hulle beroep hulle op die vredesverdrag en verklaar dat die kompensasie-bedrog alle groepe van die bevolking raak en dat gemeenskaplike lyding hulle verenig. Ten slotte kom die wekroep dat alle distrikte komitees en afgevaardigdes na 'n nasionale kongres in Brandfort moet kies.

Intussen het Luitenant-goewerneur van sy besoek aan Engeland teruggekeer. Hy was woedend oor die verklaring oor die ontevredenheid in die pers. Hy het onmiddellik met Vlotman in verbinding getree en hom versoek om dadelik na Bloemfontein te kom om die aangeleentheid te bespreek.²⁰¹ Vlotman het in verbinding met die ander lede van die griewekommissie getree en per vragtrein is hulle na Bloemfontein. Op die trein het hulle besluit dat daar geen afsonderlike onderhandeling sou wees nie. Almal sou saam beraadslaag en saam besluit.²⁰²

Op Maandag 3 Oktober 1904 het die Luitenant-goewerneur

200. Ibid.

201. Magistratuur Brandfort : Uitgaande Stukke : C.J. Bell aan J. Vlotman, 30.9.1904.

202. Die Volksblad, 10.8.1957.

hulle 'n onderhoud toegestaan. Nes stout skoolkinders wat verbrou het, is hulle een-een na binne geroep en oor hulle griewe ondervra. Hulle klagtes het veral oor die vertraagde kompensasie gegaan.²⁰³

Na die onderhoude het die Luitenant-goewerneur dit sy plig geag om die paar kommissielede te waarsku dat hulle in groot moeilikheid kan beland indien hulle vergaderinge in die kolonie gaan hou. Hulle mag selfs gearresteer word.²⁰⁴ Vlotman het 'n uitdagende houding aangeneem en verklaar dat die vergaderings gehou sou word. Die Luitenant-goewerneur het daarop 'n meer gematigde toon aangeslaan.²⁰⁵

Gedurende die daaropvolgende weke is vergaderings oor die hele O.R.K. gehou en is afgevaardigdes na die kongres in Brandfort gekies. Die kongres is vir 1 en 2 Desember 1904 belê en uiteindelik het 102 afgevaardigdes, verteenwoordigend van elke groep van 15,000 gewese burgers van die Vrystaat, in Brandfort vergader en genl. Hertzog tot voorsitter gekies.²⁰⁶ Die kongres is ook deur genl. De Wet bygewoon. Genl. Louis Botha van Transvaal is egter deur siekte verhoed om 'n uitnodiging te aanvaar. Luitenant-goewerneur Goold-Adams is ook uitgenooi. Hy het die uitnodiging van die hand gewys, dog hom nogtans bereid verklaar om na die kongres 'n afvaardiging te woord te staan.²⁰⁷

The Bloemfontein Post het aanvanklik die kongres probeer doodswyg, maar dit later probeer verkleineer deur te beweer dat die „intelligente“ Afrikaners in alle distrikte die kongres as „onnodig en onwaardig“ beskou en dat die volk dit nie wou hê nie.²⁰⁸

Die saak van kompensasie het op die kongres voorrang

203. Offisieel Verslag , pp. 11-12.

204. The Friend, 4.10.1904.

205. Die Volksblad, 10.8.1957.

206. Offisieel Verslag , pp. 16, 25-29 ; The Friend, 21.10.1904.

207. Offisieel Verslag , pp. 17 en 19.

208. The Bloemfontein Post, 1.12.1904.

geniet. Mnr. Lyell van Trompsburg het verwys na die kwintansies „wat so goed soos geld is" en nog nie uitbetaal is nie. Heftig is daarop gewys dat Roberts met sy proklamasies troubreuk gepleeg het. Die £3,000,000 was net vir Bittereinders en bona fide krygsgevangenes bedoel. Die verklaring van die Luitenant-goewerneur op Wepener dat eise om kompensاسie deur sekere geheime inligting beïnvloed is, het agterdog gewek.

Mnr. C. Botha van Parys het verklaar dat die Roberts-proklamasies en die daaropvolgende teleurstelling die volk geruïneer het. Daar was groot armoede weens die versuim om kompensاسie uit te betaal. Mnr. Willis van Vrede het in Engels gepraat en hom honend uitgelaat oor die troubreuk wat gepleeg is. Hy het verwys na die vrugtelose versoeke om kompensاسie. Dit was futiel om pleidooie te lewer voor 'n administrاسie wat met die Milner-strewe besiel was om die Afrikaner 'n nekslag toe te dien. Hy het voorts melding gemaak van Chamberlain se verklaring dat die boere moes plaas toe, herbou en vee koop, want die Britse regering sou kompensاسie betaal. Met betrekking tot die National Scouts het Chamberlain verklaar dat hulle die kinders van die Britse regering is. Spreker meen hulle is tans die stiefkinders. Voor die ink van die Hensop-proklamasie en die belofte dat hulle nie weggestuur sou word nie, droog was, is 500 Hensoppers na Ceylon en Indië gestuur. Daar was geen beskerming na die oorgawe nie. Uitbetaling is geweier op grond daarvan dat Boere-kommando's plase van Hensoppers besoek het. Die Sentrale Regterlike Kommissie was stelselloos en die lede daarvan onbekwaam. Die voorsitter, McInnery, was 'n onbelangrike prokureurtjie uit Australië wat hier grootmeneer wou speel. Die heer Loveday is die „eerlike" lid vir Baberton genoem. Dit wek agterdog wanneer iemand ter verdediging eerlik genoem word, het spreker onder gelag verklaar.

Genl. De Wet het onder luide toejuiging aan die woord gekom. Hy het na die Roberts-proklamasies verwys as die moordende liddietbomme wat die Afrikanerdom vernietig het. Hy was vas oortuig dat net Bittereinders en krygsgevangenes in die £3,000,000 sou deel. Verder het hy 'n verklaring oor die Afrikaner se vertolking van die „Free Grant" van £3,000,000 gedoen. Die Hensoppers is nooit deur die Britse militêre owerheid beskerm nie. Indien slegs bona fide krygsgevangenes en Bittereinders in die £3,000,000 sou deel, sou elkeen 'n aansienlike bedrag ontvang, maar as almal daarin deel, was die hoop om iets te kry maar skraal.

Mnr. Olivier van Lindley het aangetoon dat indien 'n persoon wie se vader 'n onbelaste plaas besit om 'n lening aansoek doen in gevolge Artikel 10, hy aangeraai is om 'n verband op die plaas te neem.

Mnr. Dessels van Reddersburg het verklaar dat ál proklamasie wat deur Engeland nagekom is, dié met betrekking tot die anneksasie was. Hy het daarop gewys dat baie Hensoppers gedurende die oorlog vee van die Britse owerheid gekoop het na 'n waarborg dat dit nie afgeneem sou word nie. Tydens die „skoonmaak"-veldtog is die vee gekonfiskeer en die eienaars weggestuur. Geen kompensasie hiervoor is beskikbaar nie. Hy het voorgestel dat, as die saak nie besleg word nie, dit na die Wêreldhof in Den Haag geneem moes word.

Adv. C.J. Botha van Bloemfontein het aangetoon dat die lede van plaaslike kommissies nie mense is met kennis van die land nie, dog Britse offisiere wat in burgerlike drag geplaas is. Hy het aangehaal hoe „Protected Burghers" behandel word. Wanneer 'n naam genoem word, word heel eerste 'n verslag van die Inligtingsdiens oor hom aangevra. In plaas van die getuienis van die Inligtingsdiens te ondersoek, word die eis volgens hul getuienis behandel. Roberts was daarvan bewus dat hy Hensoppers nie kon beskerm nie. Na

die oorlog was sy verskoning dat hy nie wis dat die oorlog so lank sou aanhou nie.

Mnr. J.H.B. Wessels van Bethlehem het die verwarrende administrasie van kompensasie-eise blootgelê. So bv. is 'n Bittereinder as 'n Hensopper behandel en is tagtig persent van sy eis uitbetaal, terwyl 'n bona fide Britse onderdaan slegs tien persent ontvang het. Hy het openlik verklaar dat Bethlehem „verneuk" is. Spreker het self McInnery oor 'n eis geraadpleeg. Die antwoord was dat hy nie 'n flenter omgee of dit dadelik of op die oordeelsdag uitbetaal word nie. McInnery het self verklaar dat hy meer mag as Milner het.

Mnr. Bohnen van Philippolis het vertel van dienspligtige burgers wat nooit op kommando was nie en tog as Bittereinders behandel word. Mnr. Barnard van Luckhoff het gesê dat, onder die waarborg van kompensasie, winkeliers goedere aan Afrikaners verkoop het. Teen 1904 is kompensasie nog nie uitbetaal nie en word Afrikaners vir winkelskuld gedagvaar; gevolglik word hul plase net verder verband.²⁰⁹

Mnr. A. Preller van Bothaville het vertel van 'n vrou wat 'n hoender moet verkoop vir skryfbehoeftes ten einde 'n brief aan die Sentrale Regterlike Kommissie oor haar eis te skryf. Dan verneem sy uit Pretoria net: „I regret." „Dit lyk of daar 'n regret-siekte in Pretoria heers," het hy verklaar. Mnr. Hardiman van Wepener het ook in Engels gepraat en op die troubreuk van die Britse owerheid en op hul rondspringery met betrekking tot die klassifikasie van eise gewys.

Aan die einde van die bespreking oor kompensasie is 'n eenparige voorstel aanvaar dat, aangesien daar wanpraktyke en wanbetaling van kompensasie was en die getuienis van die Inligtingsdiens nie openbaar gemaak word nie, die

209. Dit sou later 'n belangrike oorsaak van die armblankedom word.

£3,000,000 dadelik uitbetaal moes word. Alle kwitansies van Britse offisiere moes ten volle vergoed word.

Die volgende agt besluite is aanvaar: 'n Nuwe ondersoek moes deur 'n onpartydige kommissie na kompensasie ingestel word; die £3,000,000 moet onmiddellik uitbetaal word; alle kwitansies moet ten volle vergoed word; alle aansprake gegrond op proklamasies van Roberts en ander Britse offisiere moes vervul word; volgens die internasionale reg was alle persone op kompensasie geregtig; die publikasie van alle uitbetalings en die administrasie daarvan word gevra ten einde die wantroue van die burgers te verwyder; tensy voormelde voorstelle nagekom word, bestaan die gevaar dat die O.R.K. nie met die Britse owerheid sal saamwerk nie; en die memorandum moes aan die Luitenant-goewerneur voorgeleê word wat dit met bewyse aan die Koning moes deurstuur.²¹⁰

Aan die einde van die beraadslaginge is, as aanhangsel by die notule, besonderhede opgestel van 821 gevalle uit alle distrikte wat onvoldoende kompensasie ontvang het. Aangesien Bittereinders toe nog geen kompensasie ontvang het nie, was dit feitlik almal voorbeelde van „veronregte” Mensoppers, bv. 'n sekere Coetzee wat vir sy eis van £16,810 slegs £993 ontvang het.²¹¹

Aan die begin van 1905 het 'n Skot deur die O.R.K. gereis en daarna verdoemende verklarings aan die Edinburgh Evening News gedoen, wat later deur The Friend herdruk is. Hy skryf o.a. die volgende: „Many claims yet await payment, and the vast majority of those paid have been but a pittance on the damage wrought by the troops. Officers' receipts for property seized during the war are not worth the paper they are written on, in spite of Mr. Chamberlain's declaration to the contrary.”²¹²

210. Bogenoemde feite is uit die „Offisieel Verslag” van die Brandfort-kongres geneem, pp. 30-56.

211. The Friend, 23.1.1905.

212. The Friend, 3.3.1905.

Gedurende Oktober 1905 het lord Selborne, vergesel van die Luitenant-goewerneur, 'n inspeksiereis deur die O.R.K. onderneem. Op Harrismith het hy 'n onderhoud met boere gehad. Hulle grootste klagte was die onregverdige kompensasie. Mnr. J.L. Wepener het verklaar dat die Britse leërbevel gedurende die oorlog 'n sogenaamde „black list" aangehou het waarin die doen en late van krygsgevangenes aangeteken is. Hierdie lys word deur die Sentrale Regterlike Kommissie gebruik wanneer hulle eise uitbetaal.²¹³

Lord Selborne het geantwoord dat die £3,000,000 geensins as kompensasie bedoel was nie, want volgens genl. Louis Botha was die skade alleen £70,000,000. Die £3,000,000 was slegs „a small dividend in the pound to help farmers to start again." En met verwysing na die onregverdige uitbetaling het hy verklaar: „being the gift of the British people it was for the British people to settle how they were going to give it."²¹⁴

Met verwysing na die onregverdige behandeling van Bittereinders het mnr. Willis van Vrede verklaar dat die £3,000,000 nie „An Act of Grace" was nie, maar 'n bepaling van die vredesverdrag wat uitgevoer moes word. Boonop word Bittereinders beroof sodat die Hensoppers en verraaiers betaal kon word. Hy het beweer dat die Sentrale Regterlike Kommissie meer kwade gevoelens as Milner se administrasie teen Engeland gewek het.²¹⁵

Die beslommernis wat mense hulle moes getroos om getuienis ter stawing van eise te gaan aflê, het die administrasie net meer ongewild gemaak. So moes 'n weduwee, wat 'n eis om £1,700 ingedien het, twee keer van Bultfontein na Boshof reis om getuienis af te lê. By een geleentheid het dit haar vyftien dae geneem om die afstand af te lê. Gewoon-

213. The Friend, 12.10.1905.

214. Ibid.

215. The Friend, 20.7.1905.

weg het so 'n reis net agt uur geduur. Sy moes op elke plaas waar sy aangedoen het, smeeek om die gebruik van 'n perdekar.²¹⁶

Die Brandfort-kongres is gedurende Julie 1905 in Bloemfontein hervat. Intussen is die beskrywingspunte van die oorspronklike kongres aan die Britse koning voorgelê. Op 18 Julie 1905 is sy antwoord gepubliseer. Daarin verklaar die Britse regering kort en klaar dat by Vereeniging nie onderneem is om kompensasie te betaal nie, dat die Sentrale Regterlike Kommissie met die grootste sorg aangestel is en dat geen nuwe ondersoek na eise om kompensasie ingestel sou word nie. „His Majesty's Government entirely deny the justice of the various complaints made in general terms, that they have failed to carry out their pledges with regard to compensation and repatriation, either in the matter of the Peace terms of Vereeniging, or otherwise.....”²¹⁷

Finaal blyk ook die Britse regering se standpunt dat hy die £3,000,000 nie as kompensasie bedoel het nie. „It was made clear from the beginning that only a limited sum, though a large one, was available, whether for protected burghers or ex-burghers, and that in the terms of the Surrender of Vereeniging the Government had not undertaken to give compensation in the ordinary sense of the word, but a definite sum by way of relief to assist the burghers to resume their normal occupations.”²¹⁸

The Friend het hierdie antwoord op die besluite van Brandfort as „brazen mendacity” beskryf.²¹⁹

Die voortgesette kongres het die ongunstige antwoord van die Britse regering betreur. Abraham Fischer het die onregverdigheid van die Sentrale Regterlike Kommissie aan-

216. The Friend, 21.10.1905.

217. The Bloemfontein Post, 19.7.1905.

218. The Friend, 20.7.1905 ; The Bloemfontein Post, 19.7.1905.

219. The Friend, 20.7.1905 ; The Bloemfontein Post, 20.7.1905.

geval en beklemtoon dat volgens die internasionale reg die Afrikaner op kompensاسie geregtig was. Genl. De Wet het verklaar dat hy nie met die antwoord van die Britse regering teleurgesteld was nie. Reeds gedurende die oorlog het Engeland sy beloftes nie nagekom nie. As die Engelse, na hulle behandeling van die Afrikaners, nog 'n skoon gewete het, wens hy hy was 'n Engelsman, het hy onder gelag verklaar. Ten slotte het hy aangeraai dat die Afrikaner liewer met sy griewe na die graf as na die Britse regering moes gaan.²²⁰

Hierdie antwoord van die Britse regering, wat op hierdie tydstip deur tegemoetkoming verdere moeilikhede kon voorkom het, het onmiddellik daartoe aanleiding gegee dat 'n Afrikaner-organisasie in die O.R.K. in die lewe geroep is om die Afrikaner weer baas in sy eie land te maak. Op aanbeveling van genl. Hertzog is toe besluit om 'n „Nasionale Vereniging" te stig en 'n voorlopige „Hoofkomitee" is benoem om aanvoerwerk te doen.²²¹

Milner het hierdie politieke herlewing van die Afrikaner in die O.R.K. met 'n gevoel van onrus gade geslaan. In 'n brief aan die Britse Minister van Kolonies het hy erken dat die algemene houding en stemming van 'n baie groot groep Afrikaners onrusbarender as 'n jaar of selfs ses maande tevore was.²²²

Die Brandfort-kongres en die voortsetting daarvan in Bloemfontein het bevestig dat dit nie soseer om spesifieke kompensاسie in besondere gevalle gegaan het nie as dat die Britse owerheid se herhaalde troubreuk beklemtoon is. Opvallend is die feit dat juis die Mensoppers en verraaiers, hulle wat besondere geldelike hulp ontvang het, onder die ontevredenes getel het. Die loon van hul verraad was

220. The Bloemfontein Post, 20.7.1905.

221. De Vriend, 21 en 28 Julie 1905.

222. Headlam, op. cit., pp. 517-519.

voorwaar gering!

Vir die Bittereinder was dit nie soseer 'n kwessie van kompensasie as van eerlike staatsmanskap nie. Engeland moes bewys dat hy sy woord kon hou. Genl. Louis Botha het tereg op 29 September 1906 soos volg aan Selborne geskryf: „There are losses which never can be made good again and wounds which time alone can heal. But here we have to do with losses which can be repaired and which every dictate of true policy and wise statesmanship requires to be repaired without delay. Unless this is done, there will not be that faith in public honour, that sense of contentment and extinction of the spirit of grievance and injury which are essential to all true political and social progress in the new Colonies. Should full compensation not be possible, it would yet be essential that such a measure of compensation be given as will remove the present sense of injury, grievances and hopelessness under which a large part of the population is still labouring.”²²³

Die politieke herlewing van die Afrikaner na die Brandfort-kongres was die begin van 'n politieke party wat in 1907 in 'n selfbesturende staat die bewind aan gewese republikeinse voormanne sou toevertrou. Die na-oorlogse ekonomiese nood het dus tot 'n groot mate die wonde van verskeuring geheel wat deur die oorlog geslaan is. Bittereinder, Hensopper en verraaier is nou almal as Afrikaners teen die Britse owerheid in een kamp geja. Van nou af het dit duidelik geword dat Brittanje die oorlog in Suid-Afrika gewen, maar die vrede verloor het.

Beide Afrikaner en Brit het die hele kompensasieraaisel ontleed en gekritiseer. Voldoende bewyse van die Afrikaner se standpunt is reeds aangehaal, derhalwe word met enkele beskouinge van Britse skrywers en historici volstaan.

223. C.S. 3709/06.

Worsfold beweer dat die betaling van kompensasie aan Bittereinders en krygsgevangenes „evoked not gratitude, but disappointment and irritation.”²²⁴

Beak as repatriasiebeampte verklaar: „All classes in the community entertained the erroneous belief that they were entitled to compensation and indemnification which would place them in as flourishing, or even more flourishing a position than they occupied before the war.”²²⁵ Insoverre as wat die Afrikaner, nes die ander bevolkingsgroepe 'n verkeerde vertolking aan Artikel 10 van die vredesverdrag gekoppel het, is Beak se oordeel korrek. Maar hy laat na om te meld dat die vredesverdrag, en nie die oorsaak of uitkoms van die oorlog nie, die Afrikaner se sienswyse bepaal het.

Amery het die hele kompensasiegedagte as onsinnig en polities gevaarlik bestempel: „To be generous to the people she had conquered, to do all that was possible to improve their condition and wipe out all the traces of war was England's duty; to compensate the Republics for levying war against her was absurd in principle and politically dangerous.”²²⁶ Amery het nog in 'n tydvak geskryf toe haas elke Brit in die wêreld onder die waan verkeer het dat dit die Republieke was wat oorlog begeer het.

Deurgaans het Britse historici dit beklemtoon dat nêrens in die geskiedenis die oorwonne volk vergoed is omdat hy teen die oorwinnaars oorlog verklaar het nie. Aan die „onregverdigheid” van die oorlog en die Britse skuldgevoel, wat juis in die „Free Grant” en ander hervestigingshulp geopenbaar is, het hulle geen aandag gewy nie. Die Afrikaner se sienswyse daarenteen is juis bepaal deur die feit dat

224. Worsfold, W.B., The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, II, p. 92.

225. Beak, op. cit., p. 259.

226. Amery, op. cit., V, p. 595.

Engeland bereid was om hom weer op die been te help nadat sy bestaansmiddele deur die oorlog verwoes is.

Milner het op 13 Maart 1905 soos volg aan die Britse Minister van Kolonies geskryf: „Compensation has, on the whole, been rather a curse than a blessing. You give a man a pound and he hates you for it, because he asked for four and expected two, and all his neighbours, who have not got anything, hate you equally.”²²⁷ Milner self kon hierdie gevolge van die kompensasie-skandaal voorkom het, indien die oorspronklike gedagte van hervestiging gehandhaaf is. Die kompensasie-element, waardeur persone verkeerdelik onder die indruk gebring is dat hulle oorlogsverliese vergoed sou word, en die kompensasiefondse wat na die vrede vir ander bevolkingsgroepe geskep is, was beslis verkeerd en in stryd met Artikel 10. Daarom was die uiteindelijke uitbetalings nie kompensasie of hervestigingshulp vir Bittereinders nie, maar 'n premie op die verraad van Hensoppers en „joiners.”

Veel van die kritiek teen die Milner-regime was 'n direkte uitvloeisel uit die kompensasievraagstuk. Die aanvanklike amptelike dwalinge is mettertyd as opsetlike misleiding vertolk. Sarah Gertrude Millin vertolk die Bittereinder-standpunt ten opsigte van die Milner-bewind en kompensasie soos volg: „Smuts had declared his administration between 1902 and 1906 to have been 'the darkest period in the history of the Transvaal.' It was worse, he said, than the bloodshed during the war.”²²⁸

Die Milner-bewind het beslis 'n growwe flater begaan om ooit die gedagte aan kompensasie te laat posvat, terwyl almal tog geweet het dat die beskikbare fondse vir rekonstruksie totaal ontoereikend was. Daarby moes die burgerlike owerheid na die oorlog toe ook nog die blaam vir die

227. Headlam, op. cit., p. 374.

228. Millin, S.G., General Smuts, I (Londen, 1936), p. 216.

Britse leër se flaters op sy skouers neem. Die uitreiking van kwitansies wat na die oorlog aan allerlei gedragskodes getoets sou word, het 'n brandende vraagstuk net dieper in die lotgevalle van die Afrikanervolk laat gryp.

Uiteindelik het die kompensasië-raaisel 'n versoberende invloed beide op Hensoppers en Bittereinders uitgeoefen en hulle die onnatuurlike roes van die oorlog laat afskud. Die Hensoppers is wreed ontnugter toe hulle ook tot die besef gebring is dat die Brit se beloftes nie te waterdig is nie. Aan die ander kant het dit die Bittereinder tot die wrede werklikheid gebring dat hy op eie krag vir sy ekonomiese herstel aangewys was en nie op aalmoese van die veroweraar moes staat maak nie. So is die swakkere groep vanself uitgeskakel en die Hensopper in die kring van opregte Afrikaners teruggebring. Dat die Bittereinder hom as sodanig aanvaar het, het reeds tydens die Brandfortkongres geblyk.

„Kompensasië" van so 'n wye omvang soos in hierdie hoofstuk aangetoon is, was uiteraard 'n reuse taak. Daarom was sommige van die felle kritiek van die Afrikaner daarteen beslis onbillik. Tog dra die Britse owerheid self die skuld dat soveel ongerymdhede en wanbegrippe ingesluip het en dat die wantroue in Britse beloftes vererger is. Hierdie wantroue sou later die politieke situasie in Suid-Afrika sterk beïnvloed en o.m. in die Rebelle van 1914 geopenbaar word.

Vir die Bittereinder het kompensasië en al die gerede-kawel daarvoor niks in die sak gebring nie - vir hom was dit teleurstellende repatriasie. Die Hensopper daarenteen het die beloning van sy verraad gesmaak - vir hom was dit waarlik kompensasië.

Vir die ekonomiese herstel van die Afrikaner in die O.R.K. het kompensasië 'n meulsteen om die nek blyk te wees. Die oorgrote meerderheid van die bevolking was Bit-

tereinders wat bloedweinig daarby gebaat het; intendeel, die gesloer met die uitbetaling daarvan en die feit dat rantsoene en repatriasiehulp hul „kompensasie" was, het hulle verder verarm. Die lang tydperk van niksdoen en wag het hulle ekonomiese herstel aanmerklik vertraag.

Meer as drie jaar na die ondertekening van die vredesverdrag moes die Afrikaner met leë hande en beurs van Britse beloftes en gifte afskeid neem. Hy was dus, soos sy voorouers tydens die verwoestende oorloë op die Kaapse oosgrens, op eie kragte aangewys om weer 'n begin te maak en homself ekonomies te herstel. Hoe hy hierdie toets deurstaan het, sal weldra blyk.

H O O F S T U K V.

REPATRIASIE - REËLING, FLATERS EN MISLUKKINGS.

Reeds in 1901 het Chamberlain, die Britse Minister van Kolonies, besef watter geweldige taak die hervestiging van die bevolking van die twee verowerde republieke sou wees. Met die oog hierop het hy vroeg in 1901 vir Milner aangeraai om 'n Landbank in die lewe te roep, wat, na beëindiging van vyandelikhede, teen 'n redelike rentekoers geld vir repatriasiedoeleindes kon voorskiet.¹

Milner, daarenteen, wou 'n staatsdepartement direkte beheer oor repatriasie laat uitoefen. Gevolglik het hy voorgestel dat repatriasie van die ontwrigte bevolking, die hulpskema vir Britse vlugteling en die beoogde landnedersettingskema alles onder een omvattende repatriasiedepartement moes resorteer. Die onkoste verbonde aan so-danige repatriasiedepartement wou hy bestry uit die £500,000 wat reeds deur die Britse regering vir Relief and Re-Settlement gestem is, asook verdere fondse wat van tyd tot tyd tot sy beskikking gestel sou word.² Die ekonomiese herstel van die bevolking sou dus hoofsaaklik met behulp van lenings gefinansier word.

Aanvanklik wou Milner in albei kolonies 'n kommissie van drie lede, wat goed met die land en sy landboukundige behoeftes bekend was, die taak van rekonstruksiewerk opdra. Na raadpleging met sir Hamilton Goold-Adams, die Luitenant-goewerneur en administrator van die O.R.K., het hy egter van plan verander. Aan die begin van 1902 is in

-
1. Amery, L.S., The Times History of the War in South Africa, VI, p. 37.
 2. Cd. 1163/1902, p. 81 : Milner aan Chamberlain, 30.12.1901. Soos elders aangetoon, was anglisasie deur middel van landnedersetters dus deel van die repatriasieskema.

die O.R.K., sowel as in Transvaal, 'n spesiale Landraad in die lewe geroep, wat beide vir die hervestiging van die ou boerebevolking en die immigrasie en vestiging van Britse nedersetters verantwoordelik sou wees.³

Die Landraad van elke kolonie het uit vooraanstaande invloedryke persone bestaan, wat kennis van plaaslike aangeleenthede gehad het. Die voorsitters van die Landrade sou voltydse amptenare wees en sou vir 'n tydperk van twee jaar aangestel word. Die orige lede van die rade sou uit deeltydse amptelike en nie-amptelike lede bestaan. Die nie-amptelike lede sou geen vaste salaris ontvang nie, maar volgens 'n vasgestelde skaal vir die bywoning van raadsvergaderinge vergoed word. Die taak van die landrade sou wees om toesig te hou oor en landnedersetting en repatriasie te koördineer. Elke Landraad is verder onder die administratiewe direkteurskap van 'n organiserende sekretaris geplaas. In die praktyk het dit egter daarop neergekom dat elke Landraad uit twee adviserende rade, een vir repatriasie en die ander vir landnedersetting - elk met sy eie organiserende sekretaris - bestaan het. In die O.R.K. is maj. H.J. McLaughlin tot sekretaris en G.B. Beak tot assistent-sekretaris van die repatriasie-afdeling van die raad benoem. Verder is die raad deur 'n personeel van klerke bygestaan. 'n Sentrale Voorradedepôt sou later onder toesig van die sekretariaat geplaas word. Maj. McLaughlin moes gegewens van die konsentrasiekampe vergelyk en uitvoerige registers vir elke distrik opstel, waarin die aantal persone wat gerepatrieer moes word en hulle onderskeie behoeftes aangetoon word.⁴

Milner wou uitgeweke Britse onderdane, wat nou verbonde aan die Transvaalse mynwese en nywerhede was, eerste

3. Cd. 1163/1902, pp. 82, 97 en 101.

4. Ibid., p. 97 : Milner aan Goold-Adams, 11.2.1902 ; Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 20.

repatrieer. Hierdie terugtog het reeds na die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek deur Roberts begin. Om die organisasie daarvan te behartig, is die Refugee Aid Department in die lewe geroep. Gedurende 1901 het 5,492 van hierdie uitlanders teruggekeer en in Februarie 'n verdere 6,581, van wie die meeste na die Rand is.⁵ Die voormalige republikeinse bevolking sou egter eers ná die oorlog gerepatrieer word.

'n Groot hoeveelheid voorbereidende werk was vanselfsprekend nodig. Beak maak die betekenisvolle bewering dat daar vooraf maar bloedweinig aandag aan die behoeftes van die gerepatrieerdes geskenk is, en dat daar geen voorlopige bestellings vir vee, saad en ander benodighede geplaas is nie. Dit sou die Repatriasiedepartement later duur te staan kom.⁶

Teen April 1902 was dit duidelik dat 'n algehele oorgawe van die Boere, óf 'n algemene vrede, die werk van die repatriasie-afdeling van die Landraad uit verband sou ruk. Gevolglik is besluit om repatriasie tot 'n afsonderlike departement te omskep. Geleidelik is 'n register van alle persone wat vir repatriasie in aanmerking sou kom, opgestel. Daarin was 'n oorgawe van die boer se eiendom, die waarde daarvan, die hulp wat hy na die oorlog sou benodig, en, belangrikste van alles, wat sy persoonlike houding teenoor Britse gesag was.⁷

Hoewel hierdie registers duidelik die behoeftes van repatriasiewerk en individue moes aangetoon het, is daar nogtans tot en met die finale vredesverdrag niks gedoen om voorrade byeen te bring nie. Dit het later onnodige ellende, selfs hongersnood, tot gevolg gehad wat andersins voor-

5. Cd. 1163/1902, pp. 81. 101 en 123 : Milner aan Chamberlain, 21.2.1902 en 25.4.1902.

6. Beak, G.B., The Aftermath of War, p. 36.

7. T.A., Luitenant-goewerneur Transvaal : Band 84-85 no. 93/45 : Repatriation, Miscellaneous Matters ; vgl. ook Amery, op. cit., p. 38.

kom kon gewees het. Hierdie registers was dus slegs 'n vae grondslag waarop die herstelprogram moes rus. Bowendien was geen gegewens met betrekking tot Bittereinders en krygsgevangenes beskikbaar nie.

Ten spyte van dié tekortkominge in die repatriasieskema, moet Milner se poging om die tente in die konsentrasiekampe mettertyd met rousteengeboue en sinkdakke te vervang, aangeprys word. Toe die uittoeg uit die kampe begin, kon die hout en sink na die verwoeste plase saamgeneem word. Hy wou ook vee invoer, maar die komitee wat hiermee belas was, het aanbeveel dat net opreggeteelde bulle ingevoer moes word, terwyl aanteelwee in Suid-Afrika opgekoop moes word. Tog het hy twee eksperimentele skeepsvrage vee uit Australië en Noord-Amerika vir die Transvaalse Landraad bestel.⁸ Behalwe hierdie aankope kan geen ander praktiese voorbereidings van enige aard vir die herstelprogram opgespoor word nie.

Boonop het niemand enige besondere kennis van repatriasie gehad nie. As verskoning vir baie van die mislukkinge van repatriasie kon die Ouditeur-generaal van die O.R.K. in sy verslag oor repatriasie-rekeninge tereg soos volg skryf: „The cessation of hostilities found the Repatriation Department, which had been in existence as a small Central Staff for a couple of months, in a state of total unpreparedness to cope with the mass of work such as was bound to accumulate upon the commencement of Repatriation.”⁹

The Luitenant-goewerneur Goold-Adams van die O.R.K. het duidelik op gebreke in die aanvanklike beplanning van repatriasie gewys: „In the first wild rush which succeeded the conclusion of hostilities it was a matter of life and death to get things done as fast as possible. The country

8. Cd. 1163/1902, p. 101 : Milner and Chamberlain, 21.2.1902.

9. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc. 1906, p. 21.

was denuded of stock and stores, and, to a large extent, of buildings. The work of repatriating a homeless population had to be commenced at least with quite insufficient machinery for the purpose."¹⁰

* * * * *

Die vrede was nie 'n onvoorwaardelike oorgawe nie. Daar was vredesvoorwaardes wat deur albei kante aanvaar is en sommige van hierdie vredesvoorwaardes het direk op repatriasie betrekking gehad. Daar was ook verpligtinge wat nagekom moes word.

Artikel 2 en 'n gedeelte van Artikel 10 het direk betrekking op repatriasie gehad. Eersgenoemde het bepaal: „Secondly, Burghers in the field beyond the frontiers of the Transvaal and Orange River Colony, and all Prisoners of War who are out of South Africa, who are Burghers, shall, on their declaration that they accept the status of subjects of His Majesty King Edward VII, be brought back to their homes as soon as transport and means of existence can be assured."¹¹

Hiervolgens is dit duidelik dat hervestiging die eerste fase van die herstelprogram vir die ontwrigte republikeinse bevolking behels het. Omdat die vredesonderhandelars aan beide kante op hoogte van sake was sover dit die verwoesting van die republieke betref het, moes hulle besef het dat die blote hervestiging van die bevolking op die plase nie selfonderhouding, soos vóór die oorlog, sou beteken nie. Die gerepatrieerdes sou op die verwoeste plase en in die afgebrande dorpe van honger omkom. Daarom het 'n gedeelte van Artikel 10 die verdere repatriasie-program

10. Ibid., p. i : voorwoord tot die ouditeur-generaal se verslag insake repatriasierekeninge.

11. Cd. 1096/1902, p. 12.

aangedui: „1. A Commission will be appointed for the purpose of assisting the restoration of the people to their homes and supplying those who, owing to war losses, are unable to provide for themselves with food, shelter, and the necessary amount of seed, stock, implements, etc., indispensable to the resumption of their normal occupations..... 2. In addition His Majesty's Government will be prepared to make advances as loans for the same purposes free of interest for two years and afterwards repayable over a period of years with three per cent interest.....”¹² Hierdie bepalinge van die vredesverdrag het die repatriasie-afdeling van die Landraad eensklaps in 'n volwaardige Repatriasie-departement met 'n reusagtige organisasie omskep, „employing nearly a thousand officials, which temporarily overshadowed all the other branches of the administration.”¹³

Alhoewel Artikels 2 en 10 só die breë beginsels van repatriasie vasgelê het, „it was found to be desirable in the interests of the Colony to extend the operations of the newly-formed department over a field never contemplated by the signatories to the Articles of Surrender.”¹⁴ Die na-oorlogse verloop van die Repatriasiedepartement het dus in bostaande Artikels sy beslag gekry.

Hoewel hy uitgesproke pro-Boer was, lewer Ramsay MacDonald insiggewende getuienis oor die toestand van die O.R.K. na die vrede. Ongelukkig vermeld hy selde sy bron of segsman en daarom bly belangrike dele van sy werk slegs vae bewerings waarvoor dikwels geen bewys gevind kan word nie. Tiperend hiervan is sy bewering dat een van die republikeinse vredesonderhandelaars vertel het dat die repatriasiekommissies op spesiale versoek van die Boere in die lewe geroep is en dat die skerpsinnige genl. De Wet die ontwerper

12. Ibid.

13. Beak, op. cit., pp. 36 en 75-76.

14. Cd. 1551/1903, p. 47 : Vorderingsverslag van Goold-Adams, 7.3.1903.

van die voorstel was.¹⁵ Al was genl. De Wet goed op hoogte van die behoefte van die boeregemeenskap na hy die weergalose verwoesting van plaaseiendom aanskou het, is hierdie bewering onjuis. Milner verdien hierdie twyfelagtige onderskeiding, want op 21 Mei 1902 het hy soos volg aan Chamberlain geskryf: „The commissions in Clause 12 are my suggestion. I see advantage in bringing magistrates into first touch with their districts in discharge of a popular duty (sic!), and securing co-operation of leading burghers.”¹⁶

Omdat die owerheid moes verhoed dat die inwoners van honger omkom, het Milner dadelik na die vrede die organisasie van die Repatriasiedepartement voltooi. In elk van die twee nuwe kolonies is twee leningsrekenings geopen, een vir die repatriasie van gewese republikeinse onderdane en die ander vir Britse vlugteling. Die samestelling van die verskillende repatriasiekommissies is ook voltooi. In elk van die twee hoofstede is voorsiening vir 'n Sentrale Repatriasieraad gemaak. In die O.R.K. het die Sentrale Repatriasieraad uit J.G. Fraser (voorsitter), gewese Volksraadslid van die Vrystaatse Republiek, P.J. Blignaut, gewese staatsekretaris van die Republiek, J. Robertson (later vervang deur F. Style) en E.F. Cannel bestaan met maj. McLaughlin as sekretaris.¹⁷

Hoewel daar met uitsondering van Fraser en Blignaut geen ander voormalige republikeine in 'n vername betrekking van die Repatriasiedepartement aangestel is nie, was luitenant-goewerneur Goold-Adams baie tevrede met die samestelling daarvan: „I was fortunate in securing for this Central Board the services of a number of gentlemen of proved

15. Macdonald, J.R., Wat ek in Suid-Afrika gesien het, p. 131. Geeneen van De Wet se biograwe, Kestell en Rosenthal, sowel as hyself maak hiervan melding nie.

16. Headlam, C., The Milner Papers, II, p. 352. Die verwysing hier na „Clause 12” toon dat Milner hier nog die ontwerp-vredesverdrag in gedagte het.

17. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 20.

business capacity, who from long participation in affairs under the late Orange Free State had acquired an intimate knowledge both of local conditions and of the leading people in the various districts. Guided principally by their recommendations; I was able to appoint local district commissions that may be fairly said to have been representative, even at the outset, of the divergent interests in the individual districts."¹⁸

Op die eerste sittingsdag van die Sentrale Raad van die O.R.K. op 11 Junie 1902 is die volgende kwalifikasies vir lede van repatriasierade opgestel: „The members of Commissions should be prominent citizens, likely to have the confidence of the inhabitants of their respective districts; of known integrity, who can be expected to exercise a wise discretion with firmness in giving effect to foregoing purposes, having in view relief consistent with the interests of the Government."¹⁹

Elke plaaslike raad of kommissie sou uit 'n magistraat, as voorsitter, drie amptelike en drie nie-amptelike lede bestaan. Magistrate moes naamlyste voorlê waaruit die Sentrale Raad aanbevelings voor die Luitenant-goewerneur gelê het. In opdrag van Milner moes plaaslike rade verteenwoordigend van die inwoners wees, „that is, presumably the strictly burghers element, for British subjects and foreigners were excluded from benefiting by the repatriation scheme in the Orange River Colony, and the Orange River Colony Volunteers were dealt with by their own ex-officers."²⁰

18. Cd. 1551/1903, p. 47 : Vorderingsverslag, 7.3.1903 ; vgl. ook Fraser, J.G., Episodes in My Life (Port Elizabeth, 1922), p. 302, waarin die skrywer beweer dat hy die reëls vir die Sentrale Repatriasieraad en al die plaaslike rade in die O.R.K. opgestel het.

19. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 11.6.1902.

20. Beak, op. cit., p. 48. Lede van plaaslike rade het £1 per dag ontvang plus 15/- per dag wanneer hulle op reis was. Die sekretaris-penningmeester moes die rekeninge behartig en notule van alle verrigtinge hou. Hiervan moes hy maandeliks aan die Sentrale Raad verslag doen.

'n Noukeurige ontleding van die lede van plaaslike rade in die O.R.K., volgens 'n naamlys wat aan bevelvoerende of-fisiere van die Military Compensation Board voorgelê is, toon dat daar in die oorgrote meerderheid slegs een Bittereinder op elke raad aangestel is en dat die res óf National Scouts, óf Hensoppers, óf Engelse was. Van die ses lede van die Ficksburgse kommissie was slegs een Afrikaanssprekend; so ook in Harrismith, Heilbron en Thaba Nchu.²¹

Beak beweer nogtans dat die „wilde Boer,” d.w.s. Bittereinder, die grootste verteenwoordiging in hierdie rade gehad het, want repatriasie het onmiddellik na die oorlog begin en die Bittereinder was die enigste beskikbare persoon. Hy beweer voorts dat net Vredefort 'n uitsondering hierop was, en hier is later wel 'n oud-kommandant aangestel.²² Insoverre as wat die Bittereinder beskikbaar was, het Beak gelyk, maar verder maak hy, as beamppte wat goed op hoogte met die samestelling van die kommissies was, hom skuldig aan 'n growwe onwaarheid. Die Bittereinders was oor die lengte en breedte van die twee verowerde kolonies versprei. Daarenteen het Hensoppers as Britse huurlinge in hulle eie distrikte diens gedoen. Hulle was bekend aan die Britse magistrate wat die naamlyste van inwoners aan die Sentrale Repatriasieraad moes verskaf. Krygsgevangenes was gladnie beskikbaar nie.

Milner se voorskrifte met betrekking tot die samestelling van plaaslike rade is ook nie orals nagekom nie. Bealwe in Smithfield en Vredefort, waar twee militêre of-fisiere as voorsitters aangewys is, was die resident-magistrate oral voorsitters van plaaslike rade. Die meeste rade het dan verder uit vier tot ses gewone lede bestaan, maar in Springfontein en Winburg was die getal onderskeidelik

21. O.S. 312/03 ; Goewermentskoerant, 29.8.1902.

22. Beak, op. cit., p. 49 ; Notule van die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K., 3.7.1902 : petisie van Bittereinders.

agt en sewe.²³

Die Afrikanerleiers was teen die aanstelling van Hensoppers en Scouts in repatriasierade. Gevolglik het hulle, by monde van genl. Botha, Milner versoek om sake te heroorweeg en rade opnuut „out of the people" saam te stel.²⁴ Genl. Botha se biograaf, Spender, verklaar dat Milner geweier het „(because he) was in no mood to enter upon any general scheme of charity towards the Boer people."²⁵

Die Boere-generaals is hierna na Europa en tydens hul onderhoud met Chamberlain op 5 September 1902 in Londen het hulle weer die onbevredigende samestelling van repatriasierade opgehaal. Genl. Botha het beweer dat op al die repatriasierade twee of drie National Scouts, of andersins persone wat voor die vredesluiting oorgegee het, aangestel is. Sodoende het tussen ses en sewe duisend mense twee of drie verteenwoordigers op die rade gehad en 55,000 Bittereinders slegs een. Die polisiekapteins wat boonop in elke kommissie aangestel is, het vreemd gestaan teenoor die mense wat hulle moes dien en bowendien het hulle weinig kennis van boerdery gehad.²⁶ Dit moes bepaald vernederend vir 'n Bittereinder gewees het om by 'n gewese Scout of Hensopper om hulp te gaan aanklop. Genl. Botha het ook verklaar dat sommige lede van plaaslike rade nooit boere was nie, maar eienaars van losieshuise.

Chamberlain het verklaar dat die Afrikaners nie kon verwag dat die Britse regering die Scouts, wat vir Engeland geveg het, slegter as die Afrikaners moes behandel nie. Hy het verder ontken dat Scouts en Hensoppers groter verteenwoordiging as die res van die bevolking in die repatriasierade gehad het; dog hy het saamgestem dat dit wenslik sou

23. C.S. 312/03 ; Goewermentskoerant, 29.8.1902.

24. Cd. 1284/1902, p. 5 : Botha aan Milner, 29.7.1902.

25. Spender, H., General Botha, The Career and the Man (Londen, 1919). p. 151.

26. Cd. 1284/1902, p. 20.

wees om praktiese boere op die rade te hê en het belowe dat hy in dier voege aan Milner sou skryf.²⁷

In sy vorderingsverslag van April 1903 was Milner vol lof vir die werk wat deur Bittereinders in die repatriasie-rade gelewer is: „The ex-Burgher members of these Commissions have, in most cases, been very zealous, and of the greatest assistance to the Government in ascertaining and relieving the most pressing needs of the Boer population.”²⁸ Ook Beak loof as repatriasiebeampte die oud-kommandante vir hulle geesdrif en waardevolle kennis van plaaslike omstandighede wat van onskatbare waarde was. Hy verklaar egter, nes Emily Hobhouse, dat magistrate lede, maar nooit voorsitters van die rade moes gewees het nie, want sommige van hulle was nie alleen ongeskik vir repatriasiewerk nie, „but for Government service of any kind.”²⁹

Onmiddellik na die aanstelling van die plaaslike repatriasierade in die O.R.K., moes lede die eed van getrouheid aflê en belowe om hulle pligte sonder vrees, gunsbewyse of voordeel na die beste van hul vermoë te verrig, en om die stilswye met betrekking tot hulle beraadslaginge te bewaar. Voorsitters van plaaslike rade het opdragte van die Sentrale Raad ontvang en moes vir 'n behoorlike werkverdeling van sy raad sorg. Hulle is bygestaan deur 'n sekretaris-rekenmeester, 'n stoorman, een of twee klerke, „conductors” en natu- relle wat vee en vervoermiddele moes oppas.³⁰

Terwyl repatriasie-agente in Kaapstad, Oos-Londen, Port Elizabeth en Durban aangestel is, „the remaining personnel of the Repatriation Department,” volgens Beak, „consisted literally of the 'chronic Ikonas' of more than five nations. The vast majority of the employees, from the highest to the

27. Ibid.

28. Cd. 1551/1903, p.3.

29. Beak, op. cit., p. 49 ; vgl. ook Abraham Fischer-versameling 59/9/5 : Memoirs XVII.

30. Report of the Auditor-general of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p.20.

lowest rank, had served during the war in some capacity on one side or the other. The interpreters, storemen and the conductors were usually of Dutch extraction, but nearly every European nationality and every British colony was represented."³¹

In Transvaal was die Repatriasiedepartement soos volg saamgestel: Die hoof, kapt. Hughes, was sekretaris van die Sentrale Raad wat in Pretoria vergader het en wat self uit vyf onder-departemente saamgestel was, nl. Vervoer, Voorrade, Vce, Rekenmeester en Geboue.³² Beide die plaaslike rade en die sekretaris van die Sentrale Raad was direk aan die Koloniale tesourier verantwoordelik en alle gelde deur albei aangevra, is van die tesourie verkry. Omdat die tesourier 'n lid van die Uitvoerende Raad was, is die Repatriasiedepartement in Transvaal dus direk onder toesig van die koloniale regering geplaas.³³ In die O.R.K., waar plaaslike rade aan die Sentrale Raad, en nie direk aan die regering verantwoordelik was nie, was daar dus veel meer geleentheid vir wanpraktyke as in Transvaal.

Ondergeskik aan die Sentrale Raad in Transvaal was die 38 repatriasiedepôts waarvan 23 by die spoorlyn opgerig is. Elkeen van hierdie depôts was onder toesig van 'n superintendent, wie se personeel uit 'n assistent-superintendent, 'n rekenmeester en 'n wisselende getal klerke en stoormanne bestaan het. Depôts is opgerig waar 'n hoofdorp of magistraat was; punte vanwaar 'n groot aantal mense bedien kon word, en plekke by die spoorlyn vanwaar goedere na afgeleë distrikte vervoer kon word. Saam met die Sentrale Raad is 'n komitee, wat met plaaslike toestande in Transvaal vertrouwd was, aangestel om as adviserende liggaam die regering i.v.m. repatriasie by te staan. Kapt. Hughes het die taak

31. Beak, op. cit., p. 54.

32. Reports and Financial Statements of Repatriation Department of Transvaal, 1906, p. 1.

33. Worsfold, W.B., The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, I, p. 38.

van sy departement duidelik omlyn: „What was aimed at, was to give only such assistance as was absolutely necessary to enable them to resume their normal occupation, and to guard against their being in any way pauperised or given articles which were of no use to them.”³⁴

Uit hierdie saaklike uiteensetting van die organisasie van die Repatriasiedepartement in Transvaal is dit tog duidelik dat die administrasie veel planmatiger as in die O.R.K. aangepak en deurgevoer is.

Uit Artikel 10 van die vredesverdrag blyk duidelik dat die opstellers nie die repatriasie as sodanig nie, maar wel die ekonomiese herstel van die gerepatrieerdes in gedagte gehad het nadat hulle die Refugee-kampe verlaat, die wapen neergelê, uit ballingskap teruggekeer en weer op hulle verwoeste plase aangeland het. Die Britse regering sou £3,000,000 tot beskikking van repatriasierade in elke distrik van die O.R.K. en Transvaal stel, en verder voorskotte by wyse van lenings as noodleniging beskikbaar stel vir diegene wat deur die oorlog verarm is: „Those for whose assistance the Repatriation Department was established were essentially of the farming community who had, in nearly every instance, lost their all through the ravages of war, and although a great number were landowners, even these had nothing but the bare veld to return to.”³⁵

Noodleniging en nie kompensasie nie was dus die oorheersende oogmerk met die „Free Grant” van £3,000,000 sowel as die voorskotte by wyse van lenings. Die benaming „Free Grant” het egter tot ernstige misverstand aanleiding gegee. Beak het dit letterlik vertolk in die sin dat van Suid-Afrika nie verwag sou word om daarvoor (d.i. repatriasie) te betaal nie.³⁶

34. Reports and Financial Statements of Repatriation Department of Transvaal, 1906, p. 2.

35. Verslag van die Repatriasie Skulde-Kommissie in die O.R.K., 1908, p. 10.

36. Beak, op. cit., p. 39.

Die bepaling in die vredesverdrag dat kwitansies vir gekommandeerde goedere ter staving van oorlogsverliese aan die Sentrale Regterlike Kommissie voorgelê kon word, het boere aanvanklik verkeerdelik laat glo dat oorlogsverliese gekompenseer sou word. Omstandighede het later die hele strekking van die saak opgeklaar. Vanweë praktiese oorweginge het verliese ten gevolge van die oorlog in werklikheid as maatstaf vir noodleniging en repatriasiehulp in elke besondere geval gedien. Daar was ook 'n groot mate van vaagheid insake die voorskotte by wyse van lenings. Hoeveel geld presies vir hierdie doel afgestaan sou word en die presiese tydperk waarin die lenings terugbetaal moes word, is nie vasgestel nie.

Genl. Louis Botha het dit betwyfel of die £3,000,000 voldoende vir repatriasie sou wees. Hy wou dat vir weduwees en wese besondere voorsiening gemaak word, aangesien hulle nie oorlogsverliese as sodanig kon aantoon nie. Chamberlain se verweer was dat daar reeds meer vir die verowerde kolonies gedoen is as wat van die veroweraar verwag kon word.³⁷

Die Boere-generaals se onderhoud met Chamberlain in die Koloniale Kantoor het hulle oortuig dat Engeland geen verdere hervestigingshulp by die £3,000,000 sou voeg nie.³⁸ Na hierdie oortuiging het die generaals hulle op die beskaafde wêreld beroep om die Afrikanervolk van ondergang te red.

Die Driemanskap se bedeltog hierna was 'n mislukking. In Europa het hulle meer geesdrif as geldelike bydraes teëgekom. Abraham Fischer was hierop bedag toe hy pres. Steyn

37. Cd. 1284/1902, p. 20 : Snelskrif-verslag van onderhoud in die Koloniale Kantoor, 5.9.1902. Botha was ook gekant teen Chamberlain se voorstel om wese in weeshuise te plaas. Hy (Botha) sou liever sien dat daar voogde oor sodanige wese aangestel word en dat staatshulp aan die voogde verleen word (Cd. 1329/1902, pp. 5-8).

38. Spender, op. cit., p. 157.

in Oktober 1902 meegedeel het dat hy finansiële sukses uitskakel.³⁹ Dit was ook so. Uiteindelik het die fonds-insameling op £103,819-12-10 te staan gekom.⁴⁰ Van hierdie bedrag is £70,000 aan weduwees en wese bestee en die res aan C.F.O.-skole. Geen wonder dat Britse koerantskrywers vol leedvermaak hierdie skamele bedrag met die veelgeroemde „Free Grant” van £3,000,000 van die Britse regering vergelyk het nie!

Die Kaapse Afrikanerbond het tot 7 Augustus 1902 'n bedrag van £62,778 vir weduwees en wese ingesamel. 'n Soortgelyke fonds in Bloemfontein het tot 6 Julie 1903 die som van £7,854 opgelewer en 350 weduwees is hieruit gehelp.⁴¹

Vanweë die swak geldelike ondersteuning wat die Afrikanerleiers in Europa ontvang het, was dit dus baie duidelik dat die sukses van repatriasie van die veroweraar se genade en hoofsaaklik van die Afrikaner se eie herstelkrag sou afhang. Die drie generaals het dus van hul bedeltog teruggekeer om maar die beste uit die Britse beloftes in die vredesverdrag te haal.

Soos uit die hoofstuk oor Kompensasie blyk, was daar velerlei wanopvattinge, verwarrende vertolkings en meningsverskil oor die aanwending van die £3,000,000 wat vir hervestigingsdoeleindes in Artikel 10 van die vredesverdrag beloof is. Eers met Chamberlain se besoek aan Suid-Afrika het dit duidelik geword dat die £3,000,000 nie kompensasie vir oorlogsverliese was nie. Na alle hulpbehoewendes op die been gehelp is, sou die balans pro rata verdeel word

39. Pres. Steyn-versameling 156/2/1 : Fischer aan Steyn, 21.10.1902.

40. T.A., Luitenant-goewerneur Transvaal, Band 73 : Boers and Burgher Matters. Prëller (Pamflet, p.7) en Van der Walt, Wiid en Geyer (Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p. 627) gee onderskeidelik £110,388-19-6 en £125,000 aan, maar geen dokumentêre bewyse is hiervoor gevind nie.

41. C.S. 3533/03 : Herdruk uit Ons Land, 5.5.1903 ; C.S. 4873/03 : Sekretaris van die Bloemfonteinse fonds aan die regeringsektaris, 6.7.1903.

onder diegene wat wel kon bewys dat die oorlogsverliese deur hulle gly, die bedrag van £25 oorskry het.⁴² So-danige uitbetalings was dus nie kompensasie nie, maar bykomende hervestigingshulp.

Repatriasie moes intussen begin, d.w.s. nog vóór die £3,000,000 daarvoor beskikbaar gestel is. Milner het besluit om nie te wag totdat die geredekawel oor die £3,000,000 beëindig is en die finale verdeling gemaak is nie. Gevolglik het hy Artikel 10 volgens sy eie vertolking in werking gestel. In 'n telegram aan Chamberlain het hy dit duidelik gestel: „assistance must be given immediately, whereas distribution (of) £3,000,000 will take time.”⁴³

Intussen kon die gerepatrieerdes wat oorlogsverliese gely het hulle eise eers aan die Sentrale Regterlike Kommissie vir ondersoek en daarna aan die Sentrale Repatriasie Raad vir oorweging met die oog op uitbetaling voorlê. Nadat dit alles afgehandel is, kon die eise vervolgens bymekaar gereken en die £3,000,000 dan pro rata onder die verskillende eisers verdeel word. Dit bewys nogeens dat Milner op hierdie stadium die £3,000,000 nog as kompensasie beskou het. Hy het diegene wat gerepatrieer is, persoonlik aanspreeklik vir onkoste gehou. Vir elke gerepatrieerde is 'n rekening uitgemaak van benodighede wat teen kosprys verskaf is.⁴⁴

Sy opvatting dat die gerepatrieerdes self vir hulle repatriasiekoste aanspreeklik was, blyk duidelik uit die verdere bepaling dat „the amount allotted to every claimant will be deducted from the account against him for goods or money supplied, and the balance will be his debt to the state, which will be made a charge on his property and be repayable on the terms laid down in the Conditions of

42. Headlam, op. cit., p. 375.

43. Ibid., p. 372 : Milner aan Chamberlain, 10.6.1902.

44. Cd. 1163/1902, p. 141 : Milner aan Chamberlain, 10.6.1902.

Surrender."⁴⁵

Die bewoording van laasgenoemde bepaling dui tewens ook daarop dat Milner van die staanspoor af oortuig was dat die pro rata gedeelte van die £3,000,000 wat elke eiser as kompensasie sou ontvang, minder as die betrokke eiser se repatriasieskuld sou bedra. Hy moes dus ook geweet het dat die £3,000,000 veels te min was om die gerepatrieerdes weer op die been te help. Dit sou die nood slegs gedeeltelik verlig. Dit was inderdaad 'n aalmoes of „Free Grant."

Milner se opvatting oor repatriasie word gestaaf deur sir Hamilton Goold-Adams se vorderingsverslag van 7 Maart 1903 waarin hy dit duidelik stel hoe repatriasie in die O.R.K. aangepak is: „Although Article X had indicated a proportion of the assistance being by way of free grant, it was decided that all advances and issues should in the first instances be treated as loans. To have encumbered the Local Commissions with the duty of deciding then and there who was and who was not entitled to a free grant might have materially delayed the more important work of getting the people back on their farms before the end of the current ploughing season. Not were there at this period sufficient data to show even the approximate amount that any individual might expect in respect of compensation for war losses."⁴⁶

Milner se optrede om nie te wag op die verdeling van die £3,000,000 nie en dadelik met repatriasie te begin, was bepaald 'n wyse stap. Dit het beslis gehelp om grootskaalse ellende te voorkom. Dr. J.D. Kriel verklaar egter dat Milner se optrede in werklikheid gemotiveer is deur die feit dat hy op daardie tydstip nog nie geweet het wat die finale beslissing oor Artikel 10 sou wees nie. Gevolglik moes hy uiters versigtig met sy beskikbare fondse werk en tot tyd en wyl daar meer duidelikheid oor die aangeleentheid

45. Headlam, op. cit., p. 372 ; Cd. 1163/1902, p. 143 :
Milner aan Chamberlain, 4.4.1903.

46. Cd. 1551/1903, p. 48.

sou kom, moes repatriasie voortgaan en noukeurig boek gehou word van alle geld wat daarvoor gebruik sou word.⁴⁷

Daar was egter oral bewys van grootskaalse ellende en dit moes Milner in sy besluit beïnvloed het. Hy moes óf wag op die verdeling van die £3,000,000, óf toelaat dat 'n groot deel van die bevolking van honger omkom.

Reeds op 10 Junie 1902 het genl. E. Hamilton telegrafies van Heilbron laat weet dat kommandant Mentz berig dat 'n aantal gesinne in 'n hopelose en verhongerde toestand verkeer. Dit was vrouens wat gedurende die oorlog voortvlugtend was en wie se mans krygsgevangenes was.⁴⁸ Op dieselfde dag het genl. Elliott getelegrafeer: „My one anxiety now is the families on the veld who have no food and no transport to take them into supply centres.”⁴⁹

Ná die vredesluiting was daar spoedig 'n toestroming van hulpelose gesinne uit Basoetoland na Ficksburg.⁵⁰ Op 11 Junie 1902 het genl. Elliott vanaf Tweekoppies getelegrafeer: „Please forward as soon as possible supply of rations for burghers and families in surrounding district who are in extreme want. Also a supply of blankets needed.”⁵¹

In Kroonstad het genl. Knox op dringende verzoek van die veldkornette tien dae se voedselrantsoene vir ongeveer 1,200 volwassenes en 1,100 verhongerde kinders gevra.⁵² Op 24 Junie het maj. Ensor, Distrikskommissaris van Vredefort, vir 'n aantal gesinne skoene, klere en komberse aangevra.⁵³ Ook uit Bethlehem en Lindley is dringend voedsel gevra, terwyl die magistraat van Frankfort gepleit het dat skep-

47. Kriel, J.D., Emily Hobhouse en die Naweë van die Anglo-Boereoorlog, 'n Studie in altruïsme en passie, p. 166.

48. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 45/02.

49. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 46/02

50. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 44/02 : Distrikskommissaris van Maseru aan die Repatriasieraad, 9.6.1902.

51. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 46/02.

52. Ibid. : Telegram, 12.6.1902.

53. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 82/02.

nette aan hom gestuur moes word sodat in die Wilgerivier vis gevang kon word.⁵⁴

Op 2 Julie 1902 het die magistraat van Bethlehem telegrafies die hulpbehoewende toestand van sekere gesinne in Lindley onder die owerheid se aandag gebring: „Many needy persons are women and children who have no means of conveyance from their homes to town.”⁵⁵ In Reddersburg het mense te haastig na hulle plase teruggegaan en gevolglik het ellende gevolg, sodat die magistraat dringend om voedselrantsoene moes aansoek doen. In Boshof was die toestand so sorgwekkend dat die magistraat die konsentrasiekampowerhede moes versoek om nie meer gesinne huis toe te stuur wat nie vir hulself kon sorg nie.⁵⁶

Al hierdie onrusbarende voorbeelde van wydverspreide armnoede en gebrek toon duidelik dat daar vóór en ná Milner se telegram van 10 Junie 1902 aan Chamberlain, waarin hy sy voorneme aankondig om nie op die verdeling van die £3,000,000 te wag nie, maar dadelik te repatrieer en noodleniging te verskaf, behoefte aan onmiddellike bystand was. Milner was ten volle geregverdig om op 22 Maart 1905 in sy vaarwel-toespraak te verklaar: „The one thing essential, the one thing imperative, when we took over this country, a total wreck, with half its population in exile, with no administrative machinery whatever, and, as far as the plant of government was concerned, with the scantiest equipment of any civilized country in the world, was to make it a going concern as soon as possible. We could not stand

54. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 93/02 en 115/02.

55. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 115/02 ; vgl. Beak, op. cit., p. 121 : „Strange as it may seem, many of the women and children managed to evade the troops and remained in the veldt until peace was declared. As soon as it was known that the Government would provide rations for the inhabitants, these people came from all quarters to receive the meat and flour taken over by the department from the military. They stated that they had undergone terrible hardships. They were half-naked and very hungry.”

56. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke 125/02 en 97/02.

fiddling over small economics while people starved."⁵⁷

* * * * *

'n Reuse taak het op die Repatriasiedepartement gewag. Dit moes toestande bekamp, wat in die geskiedenis heel onbekend was. Milner het slegs algemene toesig gehou en groot vryheid aan die twee koloniale regerings gelaat, terwyl laasgenoemde weer op hul beurt die plaaslike rade wye diskressie toegelaat het. Beak verklaar tereg dat die Sentrale Raad in Bloemfontein van die standpunt uitgegaan het dat die plaaslike rade die behoeftes van hulle distrikte die beste geken het.⁵⁸

Die wesenlike repatriasie het in drie afdelings geresorteer: om die boere so gou moontlik op hul plase terug te kry; om hulle van voldoende rantsoene te voorsien tot tyd en wyl hulle self kon oes, en om hulle van saad, vee, implemente, ens. te voorsien sodat hulle self hulle lande kon bewerk. Só gesien is die mees breedste vertolking aan die sinsnede „assisting the restoration of the people to their homes" gegee.

Tydens die eerste vergadering van die Sentrale Raad is 'n reeks regulasies neergelê wat mettertyd, na gelang praktiese probleme opgeduik het, gewysig en deur bykomende regulasies aangevul is. By dieselfde geleentheid is ook die oogmerke van die owerheid met betrekking tot repatriasie soos volg omlyn: „The object the Government has in view being assistance and supply to those unable to provide themselves; each case must be dealt with on its own merits, and the greatest care must be exercised to avoid everything which might foster pauperisation."⁵⁹ Almal wat in staat was om vir hulself te sorg, sou geen repatriasiehulp ontvang nie.

57. Headlam, op. cit., p. 544.

58. Beak, op. cit., p. 130.

59. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 11.6.1902.

Hieronder het persone getel wat geen of nie hoë verbande op hulle plase gehad het nie.

Die plaaslike rade kon beëdigde getuienis aanhoor en kon onpartydige persone raadpleeg wat waarskynlik die vooroorlogse toestand, gewoontes, lewenstandaard en karakter van die aansoekers om hulpverlening geken het. Hulle moes periodiek die plase van almal, wat bystand of lenings ontvang het, besoek en verslag doen van die wyse waarop die hulp of lening bestee is. Vir hierdie doel moes distrikte in afdelings verdeel word.⁶⁰

Voorrade is gewoonlik deur die Sentrale Raad aangekoop nadat plaaslike rade daarom aansoek gedoen het, maar in sekere gevalle kon plaaslike rade self aankope ter plaatse doen. Alle lenings moes aanvanklik deur die Sentrale Raad goedgekeur word, maar op 21 Oktober 1902 is besluit dat in die toekoms slegs lenings van meer as £400 aan hulle vir goedkeuring voorgelê moes word.⁶¹

Plaaslike kommissies is heel aan die begin gewaarsku dat die O.R.K. se deel uit die £3,000,000 waarskynlik nie meer as £1,000,000 sou bedra nie en daarom moes lenings aan gerepatrieerdes nie hoog wees nie. Die heersende grondpryse moes as basis vir lenings dien. Hulp moes sover moontlik in goedere en nie in kontant geskied nie ten einde te voorkom dat die geld op waardelose artikels vermors of ter vereffening van skuld aangewend sou word, in welke gevalle die gerepatrieerdes steeds hulpbehoewend sou wees.⁶² Tot 31 Desember 1902 is £65,879 in die vorm van kontantlenings voorgeskiet, terwyl uitgifte in die vorm van goedere £323,800 beloop het. 'n Verdere bedrag van £143,681 is in die vorm van vee en voorrade uitgereik.⁶³

60. Ibid.

61. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 9.7.1902 en 21.10.1902.

62. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 11.6.1902.

63. Cd. 1551/1903, p. 47 : Milner se vorderingsverslag van April 1903.

Die Weeskamer van die O.R.K. het ook geld as lenings beskikbaar gestel. Bedrae van nie hoër as £1,500 kon op eerste verband verkry word, maar in geen geval sou sodanige lening hoër as die helfte van die plaas se waarde wees nie.⁶⁴

Die Repatriasieraad het geensins onderneem om huise te herbou of te herstel nie. Daarvoor moes lenings by die repatriasierade aangegaan word. Gesinne wie se broodwinners krygsgevangene was, kon lenings aangaan indien vriende as borge teken. As dit nie moontlik was nie, moes hulp in die vorm van goedere verleen word sodat, as die teruggekeerde man later weier om sy skuld te betaal, die goedere terugge- neem kon word.⁶⁵ Aan boere wat dadelik aan die werk wou spring, kon dadelik goedere verkoop of geld geleen word. Niemand moes egter op plase toegelaat word of van repatria- siehulp voorsien word as hy nie formeel die wapen neergelê het nie.⁶⁶

Plaaslike rade kon saad aan grondeienaars verkoop in- dien dit beskikbaar was, maar vee kon slegs as deel van 'n lening of skenking voorsien word en moes nie aan persone wat op die ope mark kon koop, verkoop word nie.⁶⁷ Aanvank- lik is ook opdrag gegee dat grondeienaars nie toegelaat moes word om voorrade op krediet te koop nie, aangesien hulle lenings kon aangaan, maar hierdie verbod is later verslap, want al het sodanige persone oor kontant beskik, was dit vir hulle onmoontlik om benodighede te bekom omdat die Re- patriasieraad die plaaslike markte geheel en al gemonopoli- seer het.

In sommige gevalle is grondeienaars na die oorlog so aan bande gelê deur bestaande verbande dat dit ook vir hulle onmoontlik was om opnuut sonder hulp te begin. In sommige gevalle het die Repatriasieraad vee en kontant vir 'n tweede

64. Goewermentskoerant, 4.7.1902.

65. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 30.7.1902 en 24.6.1902.

66. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende Stukke, 87/02.

67. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 23.6.1902.

en derde verband op hul gronde verskaf. In sekere gevalle is bestaande verbande deur die Repatriasiedepartement oorgeneem ten einde skuldenare in staat te stel om makliker 'n begin te maak. Lenings van hierdie aard was egter gering en is aangegaan teen 6% rente waar ander voorskotte teen 3% verskaf is. Indien 'n verband meer as £300 bedra het, is slegs een derde daarvan in kontant voorsien en die res in die vorm van vee. In ander gevalle is lenings in kontant voorsien sodat vee in die Kaapkolonie aangekoop kon word.⁶⁸

Bywoners en andere wat nie kontant kon betaal nie, is toegelaat om vee op skuld te koop op voorwaarde dat 'n grondeienaar borg staan. Die getal is deur die grondeienaar bepaal en die vee het as sekuriteit vir die grondeienaar gedien.⁶⁹

Uit bogaande voorbeelde van hulpverlening blyk dit duidelik dat die regulasies veral vir die boer opgestel is. Nêrens word van die verarmde dorpsinwoners melding gemaak nie. Geen wonder dus dat krotte en agterbuurte selfs in die kleinere dorpies ontstaan het nie. In Januarie 1903 het 'n aantal petisionarisse by sir Arthur Lawley, Luitenant-Goewerneur van Transvaal, op praktiese hulp vir die verarmde stedelike bevolking aangedring.⁷⁰

Beak verklaar dat die Repatriasiedepartement geen onderskeid op grond van nasionaliteit gemaak het nie. Britse onderdane en lojaliste, vir wie £2,000,000 as kompensasie opsy gesit is, kon tot een derde van hul beraamde eise as voorskot ontvang. Omdat armoede egter 'n universele verskynsel is, was daar ook Engelssprekende armblankes en is die British Refugee Aid Department vir hulle in die lewe geroep.⁷¹ Verarmde dorpsbewoners is ook hierby betrek.

Die uitgangspunt insake repatriasiehulp aan hulpbe-

68. Verslag van die Repatriasie Skulde-Kommissie, 1908, p. 12.

69. Ibid., p. 22.

70. The Friend, 15.1.1903.

71. Beak, op. cit., pp. 67-68.

hoewendes was dat „the provision to be made for them is to be measured by their present requirements and not by their position before the war.”⁷² Die oogmerk was dus 'n nuwe begin en nie die ekonomiese herstel van die vooroorlogse ekonomie nie. Hoewel die owerheid dus deur middel van repatriasie aanvanklik hulp verleen het, was dit net om hongersnood en ellende af te weer. Ekonomiese herstel moes uit die Afrikaner self kom. In hierdie stryd teen armoede en gebrek het sommige uitgestoot geraak, maar die harde kern het staande gebly, waardeur die Afrikanervolk in die eerste na-oorlogse jare van grootskaalse armoede gered is.

Die „Ex-Burgher”-bevolking van die O.R.K. is deur maj. McLaughlin vir repatriasiedoeleindes in drie klasse verdeel: National Scouts, of diegene wat daadwerklik die Britse oorlogspoging gesteun het; Grondeienaars en Bywoners of hulpbehoewenes. Eersgenoemde groep is deur die O.R.C. Volunteer Department bygestaan en elke persoon wat as gevolg van oorlogsverliese hulpbehoewend was, het tot £50 kontant as lening ontvang. Die tweede groep was eienaars van 1,000 morg of meer verbandlose grond en hulle is buite Artikel 10 gereël.⁷³ Soos later gesien sal word, het die bywonergroep die meeste sorg en hulp vereis.

In verband met die repatriasie van krygsgevangenes het die Britse Sekretaris van Staat opdragte aan die owerhede in die verowerde kolonies gestuur. Onder meer is 'n lys name van alle krygsgevangenes ingesluit en hulle doen en late, houding, karakter en geneentheid teenoor Britse gesag volledig uiteengesit. By hierdie opdrag is die volgende wenk gevoeg: „Burghers who show the least conciliatory spirit should be the last to be repatriated, but

72. C.S. 2776/02.

73. Worsfold, op. cit., p. 45 ; Cd. 1551/1903, pp. 49-50 : Verslag van Goold-Adams, 7.3.1903.

you should not let this be publicly known."⁷⁴

Die algemene ontslag van gevangenes uit krygsgevangene-kampe in Suid-Afrika is op 20 Junie 1902 aangekondig. Dit het egter geblyk dat oorsese krygsgevangenes baie skepties teenoor die vredesvoorwaardes gestaan het. Selfs telegramme van hulle eie generaals kon hulle nie oortuig nie. Baie krygsgevangenes het botweg geweier om die eed van getrouheid aan die Britse kroon af te lê. In November 1903 het generaals De la Rey en Ferreira die Boere in Indië egter oortuig dat hulle die eed moes aflê en terugkeer. Teen die einde van Julie 1904 is die laaste vier Transvalers uit die Indiese kamp ontslaan. Twee Vrystaters was egter nog daar in Mei 1907 nadat 158 gedurende Januarie 1904 teruggekeer het.⁷⁵ Van die 5,000 krygsgevangenes op St. Helena wat die Canada op 11 Januarie 1902 na Suid-Afrika moes terugbring, was slegs 278 bereid om te vertrek.⁷⁶

Krygsgevangenes is by hulle aankoms in Suid-Afrika nie dadelik na hulle plase toe nie. Elke skeepslading het nie meer as 100 persone van een distrik ingesluit nie. By hulle aankoms is hulle na kampe in Umbilo en Simonstad waar

74. Luitenant-Goewerneur Transvaal, Band 25 : Prisoners of War : Inhoud van telegramme aan krygsgevangene-kampowerhede.

75. C.S. 116/04 en 4594/06 : koloniale sekretaris van die O.R.K. aan die Britse Sekretaris van Staat Mei 1907 ; Lt. G. Transvaal Band 25. Daar was ook 'n klompie onversoenbares wat gladnie na die verowerde kolonies wou terugkeer nie. The Friend van 14 Februarie 1903 vertel van oud-president F.W. Reitz wat na Texas wou emigreer. Ook die Argentynse regering het baie gunstige voorwaardes aan voornemende immigrante gebied en 'n sekere McGregor van Kroonstad het as voorsitter van die Argentynse komitee op een stadium melding gemaak van 2,600 wat daarheen wou emigreer. Onder hulle was o.a. ook genls Tobias Smuts en Brits van Transvaal. Vergelyk in hierdie verband C.S. 4767/02 waar sekere persone om paspoorte na Argentinië aansoek gedoen het. Dis bekend dat Afrikaners in Argentinië gaan woon het In 1905 het die Britse regering ondersoek ingestel na die getal en omstandighede van Afrikaners in Argentinië, maar ongelukkig is die betrokke gegewens, t.w. C.S. 6892/05 en 8016/05, waarna in ander stukke oor die saak verwys word, tydens die brand van 1905 in die Goewermentsgebou in Bloemfontein verwoes.

76. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 206/02 : Kopie van telegram aan Milner, 23.6.1902.

hulle drie of vier dae vertoef het en van komberse en klere voorsien is. Hulle het verder rantsoene vir die duur van hulle reis ontvang. Krygsgevangenes wat vir hulself kon sorg, kon gaan waar hulle wou, maar moes hulle self by hul aankoms in hulle distrikte by die plaaslike magistraat aanmeld.⁷⁷

Oor die algemeen is gevind dat die meeste teruggekeertes dadelik terug plaas toe wou gaan. Op 10 November 1902 het die superintendent van die Brandfortse Refugeekamp gekla oor die tekort aan waens om die mense plaas toe te vervoer, want „the returning prisoners do not remain long in camp but go off to their farms at once. Where possible they take their families with them, but, through lack of transport, many of them have to go out on foot, leaving the women and children to follow as soon as waggons can be obtained.”⁷⁸

In verband met die terugkeer van krygsgevangenes na hulle plase was veral twee dinge opvallend. Ten eerste was dit ironies dat die veelbesproke konsentrasiekampe die speerpunt van die terugkeer was en dus die basisse vanwaar die herstel begin is. Ten tweede het verstandige uitsoekers die grondbesittende gesinshoofde met hulle afhanklikes en heel laaste die heeltemal onvermoënde bywonersklas uit die kampe ontslaan - repatriasie veel draagliker gemaak.

Teen die helfte van Junie 1902 het die meerderheid Bittereinders reeds die wapen neergelê gehad en hulle is toegelaat om huiswaarts te keer indien hulle vir hulself kon sorg; andersinds het hulle tydelike verblyf in die Refugeekampe gevind. Ook burgers wat gesinne in die konsentrasiekampe gehad het, is na hul oorgawe daarheen. Indien hulle in staat was om hulle gesinne te onderhou, kon hulle

77. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 181/02 : Milner aan O.R.K.-owerheid, 2.7.1902.

78. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 764/02.

na hulle tuistes vertrek. Indien hulle dit nie kon doen nie, moes hulle in die kampe vertoef totdat die Repatriasie-departement in staat was om hulle te repatrieer. In sy vorderingsverslag vir 1902 aan Chamberlain kon Milner spog dat, met uitsondering van 900 „onversoenbares" van wie 500 tot Januarie 1904 geweier het om terug te keer, die repatriasie van krygsgevangenes gedurende die eerste ses maande na die vredesluiting sonder een enkele onaangename voorval voltooid is.⁷⁹

Vir die kamp- en repatriasie-owerhede was die begeerte van die Afrikaner om dadelik plaas toe te gaan, verbasend, want eersgenoemde het klaarblyklik geweet van die verwoeste toestand waarin die Afrikaners hulle tuistes sou vind. Tog was die gedurige vertrek uit die kampe gedurende die eerste weke na die vredesluiting 'n algemene gesig op die Vrystaatse vlaktes. Beak gee 'n mooi beeld hiervan: „Day by day, and all day long, for many weeks clouds of dust were seen to rise as the long spans of oxen and mules, dragging waggon after waggon, laden with food, tents and a strange assortment of domestic articles, crawled snake-like out of the canvas-town on to the illimitable veldt, wending their way to some distant farmstead. The loading has not been so easy a task as might be supposed. The conductor knows that his waggons are not of the best, and his animals none of the strongest. He cannot contemplate with equanimity a breakdown on the open veldt. The camp superintendent, ever mindful of the welfare of his proteges, insists upon the absolute necessity of taking the whole of the first equipment - the first month's rations, bedding, and a tent against the restoration of the homestead. But the old 'vrouw' has a host of broken furniture, in additon to the foodstuffs she has managed to save from liberal camp rations. Her man has his carrios, collected or manufactured during hie im-

prisonment overseas. The children are loathe to leave behind their books and toys"⁸⁰

Wanneer alles eindelijk gereed was, het die trek na die kaal veld begin. Vir diegene was die smart, hoon en swaarkry van die kampe iets van die verlede, maar 'n veel groter stryd het voorgelê.

By die aankoms op die plaas was die eerste taak om van die half-verbrande oorblyfsels van die ou wonings 'n tydelike woonplek te maak. 'n Gedeelte van die nog staande murasie is met stukke bruikbare sinkplate oordek om ten minste 'n beskutting vir die gesin te hê. Die voorsitter van die Smithfieldse repatriasieraad het in hierdie verband o.a. die volgende geskryf: „The farmers did not generally attempt to restore their dwellings, but converted out-buildings into living rooms. The practice of allowing families on leaving the concentration camps to take away with them the tent they had occupied was of great assistance, as such tents were in many instances the only dwellings available for many months, and in a few instances are still in use.”⁸¹

Ook Amery het die Afrikaner se moed geloof om in uifers onsimpatieke omstandighede opnuut 'n begin te probeer maak: „They pulled themselves together manfully, and, with great energy and resource, set to work patching up habitable rooms out of such walls still standing....”⁸²

Dikwels moes die man of seun na die naaste dorp stap om die noodsaaklikste voedselrantsoen te ontvang, want daar kon eers na die eerste lentereëns in Oktober 1902 geploeg en gesaai word en dan sou dit nog maande duur voordat daar geoes kon word. Selfs die weduwees van gesneuwelde burgers het 'n wil geopenbaar om weer op eie bene te staan. Die

80. Beak, op. cit., pp. 140-141.

81. Government Relief Department : Inkomende stukke : Monthly Reports, 2.5.1903.

82. Amery, op. cit., p. 51.

Ficksburgse korrespondent van The Friend het in 'n oorsig oor die eerste maande na die oorlog dié vroue soos volg geloof: „The women are working the farms and exhibiting energy, endurance and knowledge that many men have not and never will have.”⁸³

Met hulle vertrek uit die O.R.K. se Refugeeekampe het gerepatrieerdes een maand se rantsoene ontvang, een tent vir elke gesin, beddegoed, klere en kombuisbenodighede. Die gesinshoof het 'n briefie van die kamp-superintendent ontvang waarin sy naam en die van sy gesin en blanke afhanklikes aangeteken is, asook die datum waarop hulle van rantsoene voorsien is. Plaaslike repatriasierade sou verdere rantsoene na ontvangs van dié briefie uitreik wanneer die eerste maand se rantsoen verbruik was. Dié rantsoen het bestaan uit een pond meel, meelblom of beskuit en een pond blikkiesvleis per dag vir elke volwassene. Kinders onder twaalf jaar het die helfte van hierdie rantsoene ontvang.⁸⁴

Alle rantsoene is gedebiteer teen die individue wat dit ontvang het en laasgenoemde moes daarvoor teken. Pryse was nie hoër as die heersende markpryse nie. Daar is gevind dat geen besware geopper is teen die pryse van die Repatriasiedepartement nie, maar 'n aansienlike getal skuldenaars het later beweër dat hulle belowe is dat alle rantsoene gratis sou wees.⁸⁵

Die rantsoenkwestie het later groot onaangenaamheid tot gevolg gehad. Die totale koste aan rantsoene vir die eerste maand by die vertrek van gesinne uit die Refugee-

83. The Friend, 14.2.1903.

84. Magistratuur Boshof : Inkomende stukke : Omsendbrief, 29.7.1902 ; Cd. 1551/1903, p. 53. In Transvaal is soortgelyke rantsoene uitgereik. Vgl. in hierdie opsig: Reports and Finances of the Repatriation Department of the Transvaal, 1906, p. 3 ; T.A., Luitenant-Goewarneur Transvaal, Band 84 no. 93/11 : Progress of Repatriation in Transvaal ; Worsfold, op. cit., p. 46.

85. Verslag van Repatriasie Skulde-Kommissie, 1908, p. 9.

kampe het £126,000 beloop waarvan £96,400 vir rantsoene en £29,600 vir uitrusting was. Hiervan was die O.R.K. se deel £41,444 vir rantsoene en £10,047 vir uitrusting. Milner het beweer dat Kitchener ingestem het tot 'n ooreenkoms waarvolgens hierdie geld uit militêre fondse betaal sou word.⁸⁶ Dit sou 'n billike eis van die Afrikaners gewees het, want gedurende die oorlog het die leër duisende stuks vee gekonfiskeer, verkoop en as voedsel vir Britse troepe gebruik.

Die Afrikaners was natuurlik sonder enige voedselware op die verwoeste plase en toe dit rugbaar word dat die Repatriasiedepartement voedselrantsoene sou staak, het die inwoners van Hartebeesfontein die Transvaalse Luitenant-Goewerneur versoek dat uitgereikte rantsoene gratis moes wees en nie die ontvangers ten laste gelê moes word nie, „a debt which they can see no hope for years to come of redeeming.”⁸⁷

Kitchener het ontken dat hy ooit direk of indirek 'n belofte gemaak het dat die eerste maand se rantsoene gratis sou wees.⁸⁸ Hierdie ontkenning, toe Kitchener in 1904 in Indië was, was nogal ironies. As die voedselrantsoene vir die eerste maand nie uitgereik is nie, sou gerepatrieerdes in die Refugeekampe moes bly en dan sou hulle tog deur die owerheid gevoed moes word.

In 1904 is die saak op die lange baan geskuif. Die Kommissie insake Repatriasieskulde het in 1908 bevind dat dit nooit die bedoeling van die O.R.K.-regering was dat rantsoene gratis sou wees nie. Hoewel die kommissie eensins die bona fides van persone wat beweer het dat sodanige belofte gemaak is, wou betwis nie, kon geen dokumentêre

86. T.A., Luitenant-Goewerneur Transvaal, Band 84 no. 93/15 : War Office aan Kitchener, 9.12.1903.

87. Luitenant-Goewerneur Transvaal, Band 83 no. 92/1 : Versoekskrif, 22.8.1903.

88. Luitenant-Goewerneur Transvaal, Band 84 no. 93/15 : Kitchener aan Transvaalse Luitenant-Goewerneur, 7.1.1904.

bewys ter staving van dié aanspraak opgespoor word nie.

'n Afsonderlike rekening is wel gehou van persone wat weens siekte of ouderdom geheel en al nie in staat was om sodanige gelde terug te betaal nie. 'n Balans van £12,000, verskuldig op hierdie rekening is gedurende 1906-7 deur die Hoë Kommissaris afgeskryf.⁸⁹

Die aanspraak van gerepatrieerdes dat alle rantsoene gratis moes wees, was op die volgende gegrond: By vertrek uit die Refugeekampe is een maand se rantsoene gratis aan elke gesin verskaf wat daarom aansoek gedoen het. Die militêre owerheid het klaarblyklik hierdie rantsoen as 'n wesenlike eis teen die Repatriasiedepartement beskou, maar die burgerlike administrasie het dit nooit as sodanig erken nie.⁹⁰ Die Kommissie van Onderzoek na Repatriasieskulde beweer in sy verslag van 1908 dat, volgens mondelinge inligting van gewese repatriasiebeamptes, indien die leër op verffening van die eerste maand se rantsoene sou aangedring het, die siviele owerheid sodanige eise weer van repatriasie-skuldenare sou verhaal het.⁹¹

Ook onder Transvaalse repatriasie-dokumente kon geen verdere korrespondensie insake die eerste maand se rantsoene opgespoor word nie en ook hier moet op die finale rekeningstaat staatgemaak word. In Transvaal is £11,585 aan uitgawe erken onder die hoof „Rantsoene aan burgers by vertrek uit kampe" en verder 'n bedrag van £142,202 aan Free Issues. Albei bedrae is as onverhaalbaar aangegee.⁹² In die O.R.K. se finale repatriasierekening is £11,707 aan rantsoene vir die eerste maand afgeskryf, terwyl £41,794

89. Verslag van Repatriasie Skulde-Kommissie, 1908, pp. 9-10.

90. Ongelukkig is die dokumente van die Refugeekampe in die O.R.K. tydens die reeds gemelde brand van 1905 verwoes. Daar het geen ander skriftelike verslae van ooreenkomste behoue gebly nie. Daar moet dus volgens die finale repatriasierekeninge van die O.R.K. geoordeel word.

91. Verslag van Repatriasie Skulde-Kommissie, 1908, p.10.

92. T.A., T.K. 165 : Reports and Financial Statements of the Repatriation Department, 1906, p.13.

as „issues to destitute persons" erken is.⁹³

Die reeds vermelde Kommissie insake repatriasie-skulde het tot die slotsom geraak dat die eerste maand se rantsoene deur die repatriasiedepartement as die „final free issue" deur die kampowerheid beskou is, maar „in those instances in which a second supply was obtained the amount charged has either been recovered from the debtor by deduction from his Compensation Award or by cash payment or still remains to his debit in the books of the Department."⁹⁴

Hierdie kommissie het dus aanvaar dat die eerste maand se rantsoene gratis was. Verder kon hulle geen regverdiging vind vir die aanspraak dat ander rantsoene ook afgeskryf moes word nie. Skuld ten opsigte van rantsoene het in 1908 nog ongeveer £35,000 bedra. As hierdie bedrag afgeskryf was, sou dit slegs die skuld van die O.R.K. vergroot het. Boonop sou persone, wat reeds terugbetalings gedoen het, op uitbetaling daarvan aangedring het.

Die syfers wat deur die finale rekeningstaat verstrek word, wek die indruk dat die eerste maand se rantsoene slegs aan oues van dae en sieklikes (invalides) gratis voorsien is, soos blyk uit die bedrae van £11,707 (wat deur die Repatriasieskuldekommissie as „ongeveer £12,000 aangegee is) en die Transvaalse „rantsoene by vertrek uit kampe" van £11,585. Hierdie twee bedrae, wat tesame £23,292 beloop het, was veel minder as die £96,400 wat oorspronklik deur die Britse leër in Desember 1903 as uitgawe aan rantsoene vir die eerste maand geëis is.

Die Kommissie insake Repatriasieskulde in 1908, nadat selfregering toegeken is, het dus óf nie sy werk deeglik gedoen nie, óf opsigtelik weggeskram van die feit dat ook die eerste maand se rantsoene van die gerepatrieerdes ge-

93. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., p. 52.

94. Verslag van die Repatriasie Skulde-Kommissie, 1908, p. 10.

vorder is. Nêrens verwys die Kommissie na die finale rekeningstaat van die Ouditeur-generaal van die O.R.K. nie en die Transvaalse repatriasiedokumente is ook nie deur die Kommissie geraadpleeg nie. Die Kommissie het hom ook te veel op die mondelinge getuienis van gewese repatriasiebeamptes, en veral Beak se bewering dat die eerste maand se rantsoene gratis was, verlaat. Beak het hier opsetlik 'n leuen vertel om sy aandeel in die repatriasieskandaal te bedek. Nes in die geval van die £3,000,000 het die Britse vertolking van die voedselrantsoene lynreg teen dié van die Afrikaner ingedruis en gehelp om die ekonomiese agterstand te vergroot. Uit die aandeel van die O.R.K.-Afrikaners in die £3,000,000 is £480,000 beskikbaar gestel vir die terugbetaling van voorskotte - wat ook die eerste maand se voedselrantsoene ingesluit het - aan die Repatriasiedepartement.⁹⁵ Deur onregverdig die koste van rantsoene vir die eerste maand van gerepatrieerdes te verhaal, is 'n aansienlike deel van die „kompensasie" weens oorlogsverliese opgeslurp. Dit het wantroue in Britse beloftes verderger en die Afrikaner laat glo dat die Repatriasiedepartement tot sy nadeel in die lewe geroep is.

Met behulp van die „eerste maand se rantsoene" is die grootste gedeelte van die bevolking van die O.R.K. gerepatrieer. Aan die einde van September 1902 was nog net die verarmde klas in die kampe. Die posisie van hierdie mense het spoedig 'n ernstige vraagstuk geskep. Daar is gevoel dat die enigste wyse waarop hierdie vraagstuk opgelos kan word, sou wees om grondeienaars te beweeg om soveel bywoners as moontlik op hulle plase in dieselfde hoedanigheid as voor die oorlog te vestig. Grondeienaars is egter self deur die oorlog verarm, en hulle was nie daartoe bereid nie, tensy sodanige repatriasiehulp wat aan bywoners ge-

95. Report of the Auditors-General of the Transvaal and O.R.C. in Loan Expenditure, etc., 1905-6, p. 65.

gee sou word, vir hulle as grondeienars voordelig sou wees om hulle terug te neem.⁹⁶

Bywoners moes dus tot laaste wag, omdat hulle geen tuiste gehad het om na terug te keer nie. Toe hulle wel kon vertrek, is getroude mans eerste toegelaat om terug te keer plaas toe. By die vertrek van sodanige gesinne uit die kampe is die woningvraagstuk aldaar verlig.⁹⁷

Om bywoners te help, is hulle toegelaat om benodighede op skuld te koop. Verder kon hulle osse kry om te ploeg indien hulle bewys kon lewer dat 'n grondeienaar lande om 'n deel aan hulle afgestaan het en bereid was om hulle weer as bywoners op sy grond terug te neem. Saad kon na die oes teruggegee word. In sommige distrikte is van vyf tot tien ploegspanne in opdrag van Milner rondgestuur om vir bywoners en weduwees te ploeg. Hierdie ploegspanne het lande teen 'n nominale fooi van 5/- per akker vir ou lande en 7/6 in die geval van nuwe lande bewerk.⁹⁸

Op hierdie wyse was daar gedurende September 1902 meer as 600 osse met drywers, touleiers, ploë en saad in die distrik Winburg versprei. In plaas van huur vir die osse te vra, is 'n kwart van die oes opgeëis. As gevolg van die droogte van 1903 het hiervan niks gekom nie, en die bywoners het verder in die skuld geraak. Ook in Ficksburg, waar 700 osse versprei was, en in Kroonstad-Bothaville waar 'n gelyke

96. Cd. 1551/1903, pp. 7 en 50 : Milner aan Chamberlain, 4.4.1903, asook die verslag van maj. McLaughlin, 3.4.1903 ; vgl. ook Worsfold, op. cit., p. 45 en Beak, op. cit., p. 153. Bemiddelde Afrikaners met heelwat grond het geweier om persone as bywoners aan te neem wat gedurende die oorlog op een of ander wyse die Engelse gehelp het. Vgl. hier Amery, op. cit., p. 54 waar hy beweer dat „a very large proportion of them had been bywoners on the lands of the farmers who now made their conduct during the war an excuse for refusing to take them back. This refusal was most marked in the case of the bywoners who had served the British.”

97. Cd. 1551/1903, p. 18.

98. Ibid., p. 5.: Milner aan Chamberlain, 4.4.1903 ; Luitenant-Goewerneur Transvaal, Band 84 no. 93/1 : Ploughing Scheme.

getal behulpzaam was,⁹⁹ het al die moeite, wat werklik in die guns van Milner spreek, geen praktiese resultate opgelewer nie.

Opdrag is verder aan plaaslike repatriasierade gegee „to make all necessary and proper advances in cash and kind to all persons requiring the assistance and relief in Article X." Daaraan is toegevoeg dat „the value of such advances should be debited against the persons to whom they are made,"¹⁰⁰ hoewel die owerheid tog geweet het dat bywoners slegs by hoë uitsondering sodanige skulde sou kon vereffen. Bywoners het gesukkel om 'n geldige of markwaardige waarborg te verskaf vir kontant en voorrade en, nes ander hulpbehoewendes, moes hulle toe skuldbriewe teken. Hierdie dokumente was, in die woorde van sir Hamilton Goold-Adams, „in no sense legal instruments; they were neither stamped nor registered, and had little in common with the ordinary promissory note; they may best be compared to an ordinary trademan's account, which may, or may not, become a bad debt."¹⁰¹

Omdat Milner alle hulp van owerheidsweë as 'n lening beskou het, afgesien daarvan of die ontvanger daarvan ooit in staat sou wees om dit terug te betaal of nie, het die bywonersklas gou in die skuld geraak, want hulle was geneig om te glo dat „skuld aan die regering geen skuld was nie." Repatriasiehulp het dus nie tot die wesenlike opheffing van die bywonersklas bygedra nie.

Van groter belang was die oplossing wat gevolg het op 'n versoekskrif van oud-staatsekretaris P.J. Blignaut. Net na die vredesluiting het hy die O.R.F.-owerheid daarop gewys dat bywoners ook die bietjie besittings wat hulle gehad

99. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke : Monthly Reports, 18.11.1902 asook die vorderingsverslae vir 1903.

100. Beak, op. cit., p. 44.

101. Cd. 1551/1903, p. 48 : Vorderingsverslag, 7.3.1903 ; Worsfold, op. cit., p. 46.

het, gedurende die oorlog verloor het. Hy het gepleit vir stappe om te verhoed dat hulle volslae armblankes word.¹⁰² Gevolglik is daar in Julie 1902, wat Bloemfontein as hoofkwartier, onderstandswerke (Relief Works) in die O.R.K. begin. By Strydpoort, drie myl ten weste van Kroonstad, is 'n besproeiingsdam begin. Verdere damme is by Kransdraai tussen Springfontein en Bethulie en by Mushroom Valley ten suide van Winburg aangepak. By Tweespruit is vyf myl spoorweë gebou en vanaf Januarie 1903 is by Parys 'n besproeiingskanaal uit die Vaalrivier gegrawe. Altesaam was daar dus vyf arbeidskampe. Salarisse het van 4/6 per dag vir 'n agturige werkdag vir mans, en van 1/6 tot 3/- per dag vir seuns tussen 12 en 18 jaar gewissel, terwyl vrouens tente herstel het of as verpleegsters teen 2/- per dag diens gedoen het. Tot Januarie 1903 was 1218 mans en 1471 vroue en kinders in hierdie arbeidskampe.¹⁰³

Persone wat sonder heenkome was en wat nie na hierdie kampe wou gaan nie, se name is van die rantsoenlys geskraap.¹⁰⁴ So is bywoners verplig om die luilekkerlewe van die Refugeekampe vaarwel te sê. Uit 'n moreel-opvoedkundige oogpunt was die onderstandswerke dus van groot belang. Bywoners is so geleer om te werk en nie maar alles van die owerheid te verwag nie. Ook vir die owerheid was dié werke voordelig. Inkomste is daaruit verkry en meer bewerkbare grond vir Milner se plattelandse nedersetting van immigrante is daardeur beskikbaar gestel.¹⁰⁵

Naby Lindley is ook nog die sogenaamde Hope Homes onder ds. Osborne Howe in die lewe geroep. Dit was 'n groep plase waar gepoog is om boere sonder heenkome te help. Met repatriasiehulp is hier tot 1 Desember 1904 ongeveer 1,000

102. C.S. 1620/02 : Memorandum, Junie 1902.

103. Cd. 1551/1903, pp. 92-94 : Verslag van Direkteur van „Relief“, 23.2.1903.

104. Sentrale Repatriasieraad : Uitgaande stukke, om-sendbrief, 27.10.1902.

105. Beak, op. cit., pp. 68-69.

hulpbehoewendes onderhou. Op 30 September 1905 is die Hope Homes gesluit nadat dit maandeliks £6.10/- per kop gekos het om dit aan die gang te hou. Die totale uitgawe hieraan verbonde was £28,850.¹⁰⁶

Hervestiging is dus noodwendig deur die demoraliserende invloed wat die oorlog op die swakkere Afrikaners gehad het, in die wiele gery. Ten spyte van arbeidskampe en onderstandswerke, waar daarna gestreef is om verdere uitsakking van hierdie mense te voorkom, het die getal potensiële armblankes steeds toegeneem. So het die Ficksburgse korrespondent van The Friend op 16 Oktober 1902 oor die toestand in Ficksburg geskryf: „The town is rapidly filling with arme blanke, who are scenting the Repatriation carcass from afar. These men, as everyone is aware, are not the pick of the people, and they soon become demoralised and dull to the honours of labour. At present it is impossible to refuse aid. Work is unobtainable, and they cannot be faced with the alternative of starving or stealing.”¹⁰⁷

Ook die Londense Times het op 28 September 1903 melding gemaak van die swakkere groep „whose energies were at least weakened or exhausted by demoralization and defeat, and who would be likely to require an unusual amount of help from others before they would undertake with due seriousness and perserverance the task of helping themselves.”¹⁰⁸

'n Kommissie van Onderzoek na die Armblankevraagstuk in die O.R.K. het in 1908 bevind dat die gevolge van die oorlog die getal armblankes laat aangroei het: „Numbers of families were reduced to destitution during the late war and have been unable to retrieve their position.”¹⁰⁹ Ten tye van hierdie

106. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., pp. 52 en 72 ; Notule van die Wetgewende Raad van die O.R.K., 3.7.1903, p. 36.

107. The Friend, 16.10.1902.

108. The Times, 28.9.1903 (Kopie gevind in O.V.S.-Argief).

109. Report of the Commission appointed to enquire into the position and circumstances of Poor Whites in the O.R.C., 1908, p.5.

verslag was daar 750 armblanke-gesinne, waaronder 3,400 kinders, in die O.R.K.

Dat die oorlog van 1899-1902 'n bykomende en selfs beslissende faktor in die veroorsaking van die armbankedom in die O.R.K. en Transvaal was, word egter heel ligtelik deur die Carnegie-verslag van 1932 aangeroeer.¹¹⁰ De Kiewiet daarenteen stel dit baie duidelik dat die oorlogsverwoesting die armbankedom in Suid-Afrika versterk het. Hy skryf o.a.: „When the British army command decided to break Boer resistance by laying waste the land, it destroyed much that reconstruction could never replace. At the Peace of Vereeniging not less than 10,000 individuals had been torn loose from the land which was their way of life and the pillar of their self-respect. The townward drift was only partly, therefore, the country's response to modern industry's call or energetic workers..... A large proportion were defeated men, unable to maintain their hold on the land, destitute in both wealth and energy.”¹¹¹

So het die oorlog en daarna repatriasie die Afrikaner se selfrespek op die spel geplaas. Repatriasie het die siftingsproses wat deur die oorlog begin is, voortgesit en die swakker Afrikaners uitgeskakel, ook in die ekonomiese lewe. Daardeur is die armbankedom, wat reeds voor die oorlog sy kop uitgesteek het, as 'n kroniese verskynsel bevestig.

* * * * *

Dit spreek vanself dat die repatriasie van 'n ontwrigte blanke en nie-blanke bevolking 'n reuse taak was en dat deeglike voorbereiding daarvoor noodsaaklik was. Vir diegene wat daarvoor verantwoordelik was, was daar on-

110. Vgl. Grosskopf, J.W., Die Armblanke-Vraagstuk in Suid-Afrika in Verslag van die Carnegie-Kommissie, I (Stellenbosch, 1932), p. 85.

111. De Kiewiet, C.W., A History of South Africa, Social and Economic (Oxford, 1946), p. 196.

gelukkig geen voorbeeld van repatriasie in 'n ander land wat nagevolg kon word nie. Sedert die oud-Testamentiese tydperk en die terugkeer van die Jode uit Babilon was daar nêrens 'n geval waar die ganse bevolking van 'n staat in sy vorige posisie herstel moes word nie. Die owerheid moes dus algaande uit sy foute leer. So is die herstelprogram nie alleen dikwels deur onbevoegde amptenare in die war gestuur nie, maar velerlei misbruike, veral ten opsigte van die finansiële administrasie, het tot wantroue in en griewe teen repatriasie aanleiding gegee.

Beak verklaar dat daar veral drie groot foute met betrekking tot die administrasie van die Repatriasiedepartement was, nl. swak boekhouwerk, geen behoorlike stelsel met die aankoop van voorrade nie, en hulp wat verleen is aan persone wat nie onder Artikel 10 van die vredesverdrag geval het nie.¹¹² Soos uit hierdie hoofstuk sal blyk, was daar ook baie ander misbruike en tekortkominge wat daartoe gelei het dat die Afrikaner nie die volle voordeel wat hom toegekom het, uit die slotgedeelte van die vredesverdrag kon haal nie. Toe die Ouditeur-generaal se verslag oor repatriasie-rekeninge in 1906 gepubliseer is, is talle leemtes en gebreke geopenbaar. Swak toesig oor rekeninge deur voorsitters van repatriasierade en misbruike deur die lede van plaaslike rade was die vernaamste klagtes. Dít het ten slotte neergekom op algemene wanadministrasie as gevolg van swak amptenare.

Geen voorsiening is gemaak vir die talle verantwoordelike betrekkinge wat plotseling in die O.R.K. ontstaan het nie. Dit was bepaald swak beplanning aan die kant van Milner, aan wie die moeilike en verantwoordelike taak opgedra is om die oorlogskade te herstel en die twee nuwe kolonies op 'n hoër beskawingsvlak te plaas. Spoedig moes daar vir

112. Beak, op. cit., p. 215.

'n getalryke en selfs lompe administratiewe personeel voorsiening gemaak word: die Sentrale Raad van 4 lede; 23 distriksrade van tussen 4 en 6 lede plus 'n personeel bestaande uit 'n sekretaris-rekenmeester, 'n uitreiker, 'n vee- en vervoeropsigter en 'n boodskapper; die sekretaris en assistent-sekretaris van die Sentrale Raad en 'n personeel van 6 lede; 'n hoofrekenmeester met sy personeel van 6 lede; 'n ouditeur met sy personeel van 6 lede; 'n hoofstoorman met sy personeel van 4 lede; drie veeartse; 'n agent in Kaapstad en honderde naturelle wat as boodskappers, touleiers, wadrywers, veewagters, ens. diens gedoen het. Vanaf die einde van Februarie 1906 is verder 'n personeel van 6 inspekteurs en 3 ondersoekers in diens geneem om die rekeninge van die verskillende distrikte na te gaan.¹¹³

Milner was oorhoop met die militêre owerheid en wou dus gladnie geoefende en opgeleide persone in die leër, wat geweet het hoe om met kommissariaat te werk, in die Repatriasie-administrasie opneem nie. Daar moet toegegee word dat die meeste repatriasiebeamptes wel probeer het om goeie werk te doen, maar vanweë hulle onervarendheid het daar talle leemtes en gebreke ontstaan.

Dit was uiters moeilik om naas die Sentrale Repatriasieraad in Bloemfontein nog 22 ander geskikte finansiële administrateurs op korte kennisgewing na beëindiging van die oorlog te vind. Tereg het die Ouditeur-generaal van die O.R.K. dan ook in sy verslag van Maart 1906 insake repatriasierekeninge gemeld dat baie verliese gely is as gevolg van die groot haas waarmee die saak deurgevoer is en die gebrek aan opgeleide personeel en ondervinding. Nogtans het hy die owerheid op die vingers getik oor die swak toesig wat gehou is. Hy het o.a. geskryf: „Under these circumstances it is not to be wondered at that serious losses

113. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., p. 125.

have been incurred, and absolute financial accuracy has not been observed. I do not, however, consider that sufficient care was taken to see that the instructions given, as regards proper accounting, were actually carried out, nor can I find that the Government ever called upon responsible officers to make good losses, which in many instances might have been obviated, had they exercised proper supervision over their subordinates."¹¹⁴

Die repatriasiebeamptes in die verskillende distrikte, veral die sekretarisse en rekenmeesters is ter goedertrou in diens geneem - net soos dit met die aanstelling van magistrate die geval was. Posverbinding tussen die hoofkantoor in Bloemfontein en die afgeleë distrikte was as gevolg van die groot afstande ongereguleerd en daarby was die vervoerdienste nog ontwrig. So het dit soms weke geduur voordat die plaaslike rekenmeesters van benodigdhede, o.a. die nodige vorms, in besit was om hulle werk behoorlik te doen.

Dikwels was daar klagtes dat magistrate onbevoeg was om as voorsitters van plaaslike rede op te tree. Dat sommige magistrate nie opgewasse was om toesig oor repatriasie te hou nie en hul plig versuim het, is selfs deur sir Hamilton Goold-Adams, luitenant-goewerneur van die O.R.K., erken. So bv. het die magistraat van Kroonstad, wat spesiaal van die Kaap „ingevoer” is, die mees flagrante flaters begaan.¹¹⁵ Reeds in September 1902 het dit geblyk dat die magistraat van Ladybrand sy plig insake repatriasie nie nakom nie. Op aandrang van die sekretaris van die betrokke raad was hy genoodsaak om te bedank en is 'n Engelssprekende boer, H.W. Stockdale, in sy plek aangestel.¹¹⁶ 'n Mens moet egter in gedagte hou dat, behalwe sy werk as voorsitter van die repatriasieraad in sy distrik, die magistraat nog sy ander en veelvuldige

¹¹⁴. Ibid., p. 2.

¹¹⁵. Ibid., p. ii.

¹¹⁶. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 27.9.1902 en 8.10.1902.

ampsplygte moes nakom.

Ook die lede van die betrokke rade het hulle eie plase en bedrywe gehad waarna hulle moes omsien. Dit is dus te verstane dat die rekeninge in die meeste distrikte geheel en al in die rekenmeester se hande gelaat is. Hierdie rekenmeesters was meestal rou amptenare sonder kennis van die plaaslike aangeleenthede en die inwoners. Die Ouditeur-generaal het met verwysing hierna o.a. opgemerk: „That the accounts in many of the districts were found at a later date to be in a state of hopeless confusion is not to be wondered at when it is understood that at first the only supervision exercised over them was from the Head Office, upon examination of the monthly returns, which were often received in a most irregular manner.”¹¹⁷

Klagtes in verband met repatriasierade was volop. Op 10 Oktober 1902 het 83 petisionarisse van Heilbron die volgende klagtes oor hulle repatriasieraad ingedien: Die raad weier om saad aan die boere te verskaf; baie boere is rantsoene geweier op grond daarvan dat hulle vaders en ouma's grond besit, bv. 'n sekere Serfontein, wie se hele besitting 'n perd was, se aansoek om rantsoene is geweier omdat sy vader en skoonvader grond besit; vroue het te voet dorp toe geloop en moes daar twee tot drie dae op rantsoene wag; osse is geweier aan boere wat wou koop en 'n halfuur later is alles aan mnre. Mentz en Howell, twee lede van die plaaslike raad, teen £7 stuk verkoop.¹¹⁸ Dieselfde klagte is uit Reitz ontvang.

Terselfdertyd was daar klagtes oor die Kroonstadraad en die Ouditeur-generaal het maj. J.H. Ensor opdrag gegee om ondersoek in te stel en verslag te doen. Sy verslag het die volgende ongereeldhede aan die lig gebring: Daar was 'n totale gebrek aan organisasie; daar was drie hoog-gesalari-

117. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., p. 22

118. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 16.10.1902, pp. 215-216 ; C.S. 4477/02 ; Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 666/02.

eerde amptenare om één persoon se werk te verrig; die plaaslike sekretaris was heel onbekwaam; eiebelang in plaas van die publiek syne het oorheers en daarom het repatriasie in Kroonstad stadig gevorder; in 'n spesiale onder-komitee het 30 blankes gedien; 'n bedrag van meer as £45 is kontant ontvang, maar geen aparte inskrywing is daarvoor gemaak nie, eweso ook nie uitgawe van ongeveer £29 nie; die vee-getalle het groot tekorte getoon; verder is daar 'n eis van £6,554 uitbetaal vir 305 osse, 59 skape en 220 muile wat gevrek het, maar daar was geen bevredigende bewys dat die diere wel gevrek het nie. Gevolglik is die magistraat, kapt. de Bertodano, na 'n ander distrik verplaas, die Kroonstadraad is ontbind en die sekretaris is ontslaan.¹¹⁹

Op 19 Desember 1902 het die voorsitter van die Vredefort-kommissie gekla dat twee lede van sy kommissie, mnre. Pistorius en Kriel, niks doen nie.¹²⁰ Dit was reeds in Augustus 1902 duidelik dat die plaaslike kommissies vanweë hul hoë ledetal te lomp was om doeltreffend te funksioneer. Reeds op hierdie stadium het die hoofrekenmeester van die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K. aanbeveel dat £2,500 maandeliks gespaar kon word as die ledetal van kommissies verminder word.¹²¹

As gevolg van die skandale in verband met rekeninge in Kroonstad en Bloemfontein het The Friend 'n pleidooi gelewer vir die aanstelling van eerlike persone en 'n ondersoek van owerheidsweë na gunsbewyse en afskepinge teenoor boere. „There are numbers of men doing nothing all day long, living on the Repatriation Board," het The Friend op 5 Februarie 1903 in 'n inleidingsartikel geskrywe.

Elke maand moes baie geld aan salarisse en lone uitbetaal word, want hierdie werknemers se besoldiging het gewis-

119. C.S. 4851/02 ; C.S. 4431/02 : Verslag van maj. Ensor, 11.10.1902.

120. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 19.12.1902, p. 300.

121. Ibid., 22.8.1902.

sel van £1 per dag vir die bywoning van vergaderings tot die £1,000 per jaar plus £7 per maand voertoelae wat aan die sekretaris van die Sentrale Repatriasieraad betaal is.¹²² Gedurende die tydperk Mei 1902 tot Junie 1905, toe die Repatriasiedepartement ontbind is, is £149,238, d.w.s. ongeveer £50,000 per jaar aan salarisse uitbetaal.¹²³ Daarby het C.G. Radloff, die Ficksburgse boer wat die O.R.K. in die Sentrale Regterlike Kommissie verteenwoordig het en deurentyd in Pretoria was, £1,000 p.j. plus £1 per dag toelae ontvang.¹²⁴ In September 1903 is bowendien besluit om aan alle klerklike amptenare wat een jaar diens agter die rug gehad het, 'n bonus van twee maande se salaris te betaal.¹²⁵ Geen wonder dus dat daar dikwels verklaar is dat dit die Repatriasiedepartement van die O.R.K. £7 gekos het om hulp ten bedrae van £8 te verleen.¹²⁶

Daar was ook voortdurend klagtes oor die boekhoustelsel. In 1906 het die Ouditeur-generaal veral oor rekeninge gekla: in baie gevalle is kwitansies vir rantsoene nie geteken deur die persone aan wie hulle uitgemaak was nie, óf andersinds was hulle gladnie geteken nie - dit is toe te skryf aan die feit dat, weens die gebrek aan vervoer, bure dikwels vir mindergegoedes hul rantsoene „getrek" het. Verder is bewysstukke vir dooie diere nie voldoende gestaaf nie. Behalwe die reeds vermelde ongereeldhede in Kroonstad, is daar ook in Edenburg en Vredefort nog eise vir voer vir diere uitbetaal lánk nadat die diere aan boere verkoop is.¹²⁷ Gedurende November 1902 is die verwarring in verband met die beheer oor rekeninge sterk onder die aandag van die Sentrale Re-

122. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., p. 125.

123. Ibid., p. 52.

124. C.S. 3110/03.

125. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on Repatriation, p. 60.

126. Notule van die Wetgewende Raad van die O.R.K., 30.6.1905, p. 13.

127. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, pp. 24-26.

patriasieraad gebring deur die arrestasie van die sekretaris van die Bloemfonteinse repatriasieraad op aanklag van geldverduistering. By ondersoek het geblyk dat die Bloemfonteinse rekeninge skreiend verwaarloos is.¹²⁸

Hierdie wanadministrasie het ook in Transvaal voorgekom waar die boekhoustelsel van die begin tot die einde in 'n warboel was. Duisende ponde het hierdeur verlore gegaan of spoorloos verdwyn.¹²⁹ 'n Optelsommetjie toon duidelik dat aan administratiewe koste in die O.R.K. en Transvaal altesaam £4,627,835 bestee is, terwyl slegs £2,601,952 aan noodleniging bestee is.¹³⁰

Van salarisse alleen het die administratiewe koste in Transvaal £211,412 beloop. Verder is £25,101 aan bonusse vir amptenare wat uit die diens bedank het, betaal, £25,226 aan drukwerk, £1,700,000 aan vervoer, en van £19,339 kon geen rekenskap gegee word nie. In sy finale verslag het die Transvaalse Ouditeur-generaal dan ook gekla oor die hopelose toestand waarin die meeste van die rekeninge gevind is, baie uitbetalings wat dubbeld gedoen is, terwyl die kwitansies wat uitgereik is, dikwels gedupliseer is en „they were found to be in such utter confusion that they had to be entirely rewritten after the depots had closed down.”¹³¹ Skade as gevolg van vrekte onderdiere het in Transvaal £657,986 bedra.

Nie net die algemene boekhouding in die O.R.K. het veel te wense oorgelaat nie, maar ook ten opsigte van aankope, tenders, kontrakte en verkope was daar ongerymdhede. Op geen tydstip, behalwe miskien teen die einde, het die Repatriasiedepartement geweet welke bestellings uitstaande was, óf watter reeds uitgevoer is nie, „the result from an

128. Ibid., p. 22.

129. Kemp, J.C.G., Die Pad van die Veroweraar, p. 84 ; T.A., Luitenant-Goewerneur Transvaal, Band 84 no. 93/7.

130. Vgl. die finale verslae van die Ouditeurs-generaal van die O.R.K. en Transvaal, 1906.

131. Repatriation Department of Transvaal : Report and Financial Statement, p. 23.

Audit point of view being most unsatisfactory, as, owing to the issue of verbal orders, the Accountant paid invoices upon receipt of the supplies or more often merely upon receipt of rail notes, relying upon the memory of the Director or Assistant Director for details as to prices or terms of purchase which had been made weeks beforehand."¹³²

In Januarie 1903, sewe maande na die totstandkoming van die Repatriasiedepartement, was daar slegs drie geskrewe kontrakte, hoewel toe reeds voorrade ter waarde van meer as £400,000 aangekoop was. In Harrismith, Bethlehem en Vrede was daar geen toesig oor aankope nie. Harrismith was die hoofdepôt vir die ander twee distrikte en, sonder goeie boekhou, het hier groot voorrade opgehoop. Skade ten bedrae van £600 is hierdeur gely deurdat voorrade uiteindelik teen groot verliese van die hand gesit moes word.¹³³

Ook op blikkiesvleis is groot verliese gely. Van die militêre owerheid is 791,696 pond blikkiesvleis oorgeneem, terwyl 3,787,566 pond van handelaars aangekoop is. Weens die swak toestand hiervan is £10,000 skade gely. Kontrakte vir 1,480,000 pond blikkiesvleis is verder uitgevoer, maar daar was net dokumentêre bewys dat 953,956 pond beskikbaar was en hiervan kon net 859,696 pond verkoop word. Geen kwotasies is gevra toe die surplus verkoop is nie en alles is aan een handelaar in Durban ten 2d. per pond verkoop, hoewel dit 7½d. per pond gekos het. Die verlies op hierdie transaksie het £33,955 beloop.¹³⁴

Volgens Beak het die surplus na die droogte van 1903-4 ontstaan. Die aankoper van voorrade het probeer veilig speel deur eerder te veel as te min voorrade beskikbaar te hê.¹³⁵ Die betrokke amptenaar het blykbaar meer besigheidsin as goeie oordeel aan die dag gelê en so die repatriasie-

132. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 28.

133. Ibid., pp. 35-36, 28.

134. Ibid., pp. 36, 49-50 en 121-122.

135. Beak, op. cit., p. 222.

skandaal vererger. As gevolg van foutiewe uitvoering van koringbestellings is in Ficksburg en Ladybrand onderskeidelik £416 en £193 skade gely.¹³⁶

Verliese as gevolg van onoordeelkundige vee-aankope was besonder groot. In November 1902 het 'n sekere J. Kirk-Hunter homself as afgesant van die staat Victoria in Australië voorgestel en 'n onderhoud met die Sentrale Repatriasieraad gevoer. Die gevolg hiervan was dat hy deur middel van 'n sake-onderneming 2,000 volbloed Merinoramme uit Australië in Kaapstad teen £4 stuk sou lewer. Toe 1,727 ramme in Februarie 1903 in Kaapstad aankom, het die Kaapse agent van die Repatriasiedepartement getelegrafeer dat hulle baie klein, swak geteel en hopeloos ongeskik vir aanteel was, ten spyte van Kirk-Hunter se versekering dat hulle deur Australiese deskundiges ondersoek en ten opsigte van kwaliteit en gesondheid gesertifiseer was. Die ramme het 'n maand lank by die kus „aangesterk,” gedurende welke tydperk 172 gevrek het. Daarna is 639 teen £1 stuk, 50 teen 8/- stuk en 22 teen £4 stuk verkoop. Die oorblywende 844 is na die O.R.K. vervoer. Dáár is hulle geledere met 94 ander ramme aangevul en die trop van 938 het die volgende uiteinde gehad: 201 het gevrek, 720 is verkoop en van 17 kon geen rekenskap gegee word nie. Die totale verlies op dié rame-transaksie het meer as £6,957 beloop.¹³⁷

'n Kommissie bestaande uit C. Stevens, E.R. Grobler en C. Southey, het 9,246 beeste en 22,480 skape elders in Suid-Afrika in opdrag van die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K. gaan aankoop. Die totale koste van die kommissie het £153,142 bedra. Die beeste is teen £14.10/- stuk aan boere aangebied, maar hulle het geweier om £5 stuk te betaal. Boere in Bethulie en Boshof wat wel daarvan gekoop het, het

136. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 39.

137. Ibid., pp. 48-49.

later baie gekla oor die swak gehalte van dié vee. Stevens het verder £1,994 aan kommissie ontvang vir 686 beeste wat hy van homself aangekoop het!¹³⁸

Tydens die Brandfort-kongres gedurende Desember 1904 het die heer Willis van Vrede wanpraktyke en flaters van Vrede se repatriasieraad geopenbaar. Honderd osse is teen £17.10/- stuk aangekoop. Twintig daarvan is teen £10.10/- stuk aan boere verkoop. Die res kon nie verkoop word nie en het op 'n vendusie tussen £3 en £4 behaal. Die verlies is van repatriasiefondse verhaal.¹³⁹

Die heer Lyell het getuig dat 4,000 êe deur die Sentrale Repatriasieraad teen £4 stuk gekoop is. Later is 3,000 van hulle teen 10/- stuk verkoop. So is 'n groot verlies gely.¹⁴⁰ Dan was daar nog die geforseerde aankoop van 1,500 blokhuisse van die militêre owerheid teen £10 stuk. Slegs 'n gedeelte hiervan kon teen £5 stuk aan boere verkoop word en 'n totale verlies van £750 is hierdeur gely.¹⁴¹ Oordeelsfoute, gebrek aan besigheidsin en swak mensekennis is dus vanaf die Sentrale Raad tot by die geringste amptenaar aan die dag gelê.

Swak versorging het verder aansienlike skade ten opsigte van gevrekte vee tot gevolg gehad. Altesaam 10,982 beeste, perde, muile en skape van die Repatriasiedepartement ter waarde van £154,785 het gevrek of weggeraak. Gedurende die hele repatriasietydperk het 24.4% van alle perde, 22.8% muile, 9.5% beeste en 0.9% skape gevrek. Verliese ten opsigte van vee en voorrade in alle distrikte het £172,675 bedra. Die Sentrale Raad met £30,691, Kroonstad met £29,873, Heilbron met £16,856 en Vredefort met £14,492 het die grootste verliese getoon.¹⁴² Nadat die militêre owerheid £34,920 as

138. Ibid., pp. 41-44 ; Vgl. ook Beak, op. cit., p. 221 ten opsigte van vee-aankope.

139. C.S. 1164/05 : Notule van Brandfort-kongres.

140. Ibid.

141. Report of the Auditor-General on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 27.

142. Ibid., pp. 171-172, 52, 67-68 ; vgl. Beak, op. cit., pp. 219 en 278.

korting vir gevrekte vee toegestaan het, moes nog £140,979 as dooie verlies afgeskryf word, terwyl £2,002 verduister is.

Wat die Relief Works betref, is altesaam £347,769 in die O.R.K. bestee. Hierdie arbeidskampe was 'n mislukking. Hulle het net tydelike verligting en uitkoms vir die verarmdes gebring. Hulle was die antitese van repatriasie. Hulle het die euwels van die konsentrasiekamplere voortgesit en die getal armblankes vermeerder. By Mushroom Valley was daar onproduktiewe uitgawe van £44,176, insluitende diefstal van £380 uit die brandkluis. By Kransdraai en Strydfontein het die onkoste onderskeidelik £29,835 en £76,168 beloop, terwyl die besproeiingsdamme waarmee begin is, onvoltooid gelaat is.¹⁴³

Dan was daar ook nog die sogenaamde „Volunteer“-repatriasie. Dit was republikeine wat gehensop en by die Burgher Volunteers, die Bloemfontein Farmers Guard en die Field Intelligence aangesluit het. Die hervestiging van hierdie verrasiers is afsonderlik van die ander O.R.K.-burgers deur maj. Leggett van Pretoria geadministreer. Hiervoor moes die Repatriasiedepartement van die O.R.K. £120,700 - meestal skenkings van £50 - opdok, asook 'n verdere tekort van £19,054 wat aangesuiwer moes word nadat die „Volunteer“-repatriasie afgesluit is.¹⁴⁴

Ondersoek van die lys van skuldenare in die repatriasie-rekeninge van die O.R.K. toon verder dat baie persone hulp ontvang het waarop hulle, volgens Artikel 10 van die vredesverdrag, nie geregtig was nie. Repatriasiehulp is bv. aan grondeienaars sonder verbande op hul grond, aan landneder-setters en aan ryk handelaars verleen. Beak probeer misstappe van sy Departement goedpraat deur te verklaar: „There is

143. Report of the Auditor-General on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, pp. 12-13 en 15.

144. Ibid., p. 54.

no doubt that the Orange River Colony Department erred in adhering too strictly to the wording of Article X in this connection."¹⁴⁵

Voorbeelde van die flaters van onbetroubare en onbekwame amptenare is legio. 'n Sekere Strauss van Reitz het bv. 'n aanbod van £12,000 vir sy plaas van die hand gewys. Tog het die Repatriasieraad hom 'n lening toegestaan en aan hom rantsoene tot Oktober 1902 verskaf. Verder het 'n sekere Botha, wat in regeringsdiens was, ook rantsoene van die Repatriasieraad ontvang.¹⁴⁶ Gedurende Desember 1902 het The Friend berig dat een van die rykste boere in die O.R.K. 100 beeste teen £10 stuk by die Repatriasiedepartement gekoop het. Die verarmde boere, wat werklik hierdie beeste moes gekoop het, kon dit nie bekostig nie.¹⁴⁷ In Edenburg het S.W. Visser, 'n groot grondbesitter, £705 kontant aan repatriasiehulp ontvang.¹⁴⁸

Ander klagtes teen repatriasie was volop. Uit Ficksburg het die korrespondent van The Friend gekla dat persone, wat reeds ongeveer 300 skape besit het, weer gelyk gedeel het met die verarmde boer in die toekennings van Januarie 1903.¹⁴⁹ In Harrismith is gekla dat alle aankope van die plaaslike repatriasieraad deur een sakeonderneming, wie se eienaar lid van die repatriasieraad was, gedoen is.¹⁵⁰ In Hoopstad het 'n sekere Singleton, wat 7,000 morg grond besit het en lid van die plaaslike repatriasieraad was, £1,139 as lening ontvang sonder dat hy 'n verband op sy grond of enige ander waarborg in vaste eiendom verskaf het. Een van sy borge het later geblyk 'n bywoner sonder eiendom te wees.

145. Beak, op. cit., p. 218.

146. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke 767/02 : Klagte v.d. Bethlehemse raad, 25.11.1902.

147. The Friend, 12.12.1902.

148. Report of the Auditor-General on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 58

149. The Friend, 6.1.1903.

150. Sentrale Repatriasieraad : Uitgaande stukke, 804/03 : Skrywe aan die sekretaris van Harri-smith-raad, 26.1.1903.

Singleton het baie vee goedkoop te koop gekry en ook rantsoene ontvang.¹⁵¹

'n Verdere voorbeeld van persoonlike gewin vir lede van repatriasierade of hulle familiebetrekkinge is dié van J.C. Robertson, 'n landnedersetter van Hoopstad en broer van die voorsitter van die plaaslike repatriasieraad. Hy, sowel as kapt. Henry van die South African Constabulary, het in repatriasietoekenings gedeel.¹⁵²

In Vredefort het ene McKenzie, 'n ryk man en swaer van een van die lede van die plaaslike repatriasieraad, 1,000 stuks vee van die repatriasieraad gekoop, terwyl baie armes en behoeftiges nie geleentheid gegun is om te koop nie.¹⁵³ In Senekal is £97.10/- kontant as repatriasiehulp aan die plaaslike klerk van die repatriasieraad toegeken. Aan mev. Gordon, vrou van die Senekalse sekretaris, is £229.10/- en aan afsonderlike lede van die Gordon-gesin kontant ten bedrae van £571 as repatriasiehulp toegestaan. In Bloemfontein het prokureur - later regter - C.L. Botha, lid van die Bloemfonteinse repatriasieraad, £40 ontvang.¹⁵⁴

Ander flagrante misbruike is selfs deur die hoogste amptenare gepleeg. In Julie 1904 bv. het die Uitvoerende Raad van die O.R.K. vir kolonel H.J. McLaughlin, voormalige sekretaris van die O.R.K. se Sentrale Repatriasieraad en latere Direkteur van „Relief,” as regeringsnedersetter op die plaas Sterkfontein aanvaar. Die waarnemende Luitenant-Goewerneur het aan hom 'n skenking van £1,000 uit repatriasiefondse gedoen op voorwaarde dat hy die geld aan vee en die opbou van die plaas bestee. Op 7 November 1904 het kolonel McLaughlin 'n oortrokke bankrekening van ongeveer £102 gehad en dié bedrag is toe as voorskot op sy salaris

151. Notule van die Sentrale Repatriasieraad, 8.4.1903 en 29.4.1903 ; The Friend, 4.2.1903.

152. Report of the Auditor-General on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 57.

153. C.S. 1476/03.

154. Report of the Auditor-General on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 58.

aan hom geskenk - weer uit repatriasiefondse. Voorrade van ongeveer £26, wat verkoop moes gewees het, is ook aan kolonel McLaughlin geskenk en by drie geleenthede in 1904 is sy salaris en 'n bonus vooruitbetaal.¹⁵⁵

Met een verdere amptelike flater word volstaan. 'n Sekere luitenant Cockroft is op advies van Beak 'n betrekking by die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K. aangebied. By sy aankoms het hy egter in diens van die „Volunteer-“repatriasie getree. Nogtans het die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K. sy passaat vanaf Engeland uit repatriasiefondse betaal.¹⁵⁶

Soms blyk dit duidelik dat baie boere weens die willekeurige optrede van repatriasie-amptenare in die toekenning van bystand nie die funksionering van repatriasie verstaan en vertrou het nie. Hulle wou graag vee aanskaf, maar dan nie van die vee wat deur die Repatriasiedepartement aangebied is nie. Wat die Afrikanerboer nie kon begryp nie, was die ongehoorde pryse wat vir maer en siek vee betaal moes word. Hierdeur is hulle van 'n aansienlike deel van die hervestigingsfonds ontdoen. Die voorsitter van die Winburgse repatriasieraad het die weiering van boere om vee van die Repatriasiedepartement te koop egter verkeerdelik soos volg vertolk: „At present, in their usual suspicious way, they have the idea firmly rooted in their minds that the Government wish to make money out of them and force them to buy from the Repatriation, and as a consequence many have refused their loans.”¹⁵⁷ Die buitensporigheid van die Repatriasiedepartement sou later 'n politieke skyf vir Afrikanerleiers word. In 1908 het die Afrikaners, ná die toekenning van selfbestuur, selfs ondersoek na repatriasierekeninge in die O.R.K. en Transvaal gelas.

155. Ibid., p. 60.

156. Ibid., p. 61.

157. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 368/02.

Toe die Brandfort-kongres in 1904 plaasvind, was die gebreke in en verbittering teen die hele repatriasiestelsel die hooftema in baie toesprake. Vele misbruike, wat selfs die amptelike oog van die Ouditeur-generaal in 1906 sou ontglip, is deur die praktiese Afrikaner-landbouers blootgelê.

P.F. Olivier het tydens hierdie kongres verklaar dat repatriasie niemand tot nut is nie. Groot winste van £5 tot £6 word op 'n os gemaak. 'n Arm man moes twee goeie borge verskaf om geld by die repatriasieraad te leen. Dit kon op dieselfde wyse by 'n handelsbank verkry word. Iemand wat homself nie kon help nie, kon nie deur die repatriasieskema gehelp word nie. Een afgevaardigde het selfs sover gegaan om te sê dat dit spekulasie i.p.v. repatriasie was.¹⁵⁸ Die heer Botha van Parys het geskerm vir grondbesitters wat vir armes borg gestaan het. Wanneer die skuldenaar opgeskroef is, moes die grondeienaar betaal en geruïneer word. So het repatriasie 'n vloek geword.

Die heer Roos van Fouriesburg het te kenne gegee dat die onsekerheid oor en wanvoorstelling insake repatriasie en kompensasie baie geruïneer het. Aan boere is die versekering gegee dat hulle op repatriasieventusies vee kon koop en met hul kompensasiegeld vir oorlogsverliese daarvoor kon betaal. Onder hierdie wanindruk het boere tot £25 stuk vir beeste betaal. Toe die kompensasie-seepbel bars, moes baie dié vee weer verkoop en het dieselfde beeste slegs £10 op die ope mark behaal. Aansluitend hierby het mnr. Serfontein van Heilbron verklaar dat, in plaas van die burgers op die pad na herstel te plaas, repatriasie hulle ruïneering voltooi het.

Gevolgtrek het die Brandfort-kongres eenparig besluit dat repatriasie onvoldoende en onbevredigend was. Daar is ook beweer dat die owerheid in baie gevalle op terugbetaling

158. C.S. 1164/05 : Notule van Brandfort-kongres.

van voorskotte aangedring het waar dit onmoontlik vir die gerepatrieerdes was. Die volgende besluit is vir voorlegging aan die Britse koning geformuleer: „Tevens dankbaar erkennende de goede intensie der Regering, gebleken in de regeling tot uitstel van terugbetaling, doch het onwenselik vindende, dat deze terugbetaling wordt in verband gebracht met de toekenning van ieders deel uit de drie millioen vrije gift; oordeelt dat de rekeningen voor verleende onderstand moeten worden herzien door deskundige personen, en dat een gedetailleerde verantwoording te worden gepubliceerd in het Hollands en Engels door Zijn Majestits Regering over de administrasie en distribusie van repatriasie fondsen in het algemeen.”¹⁵⁹

Hierdie besluit het geen reaksie van owerheidsweë ontlok nie en dit het tot verdere verbittering in die geledere Afrikaners gelei, en ook dikwels oorhaastige kritiek tot gevolg gehad. So het selfs genl. Louis Botha in 1903 verklaar: „The work of Repatriation is a complete and dismal failure.”¹⁶⁰ Botha het Milner ook meegedeel dat slegs wanneer die beleid van rekonstruksie positiewe resultate toon, hy die verantwoordelikheid volgens 'n vrye grondwet sou help dra en Schalk Burger het verklaar: „If the new Government had been supported by the burghers, repatriation would have been a success.”¹⁶¹

The Friend het na aanleiding van genl. Botha se uitspraak oor repatriasie verklaar: „Lord Milner's despatches about the huge success of this Department are nothing more than fairy tales.”¹⁶² In 1905 het dié blad die hoë administratiewe onkoste verbonde aan repatriasie gekritiseer. Toe reeds het die Afrikaners oral gespot deur te verklaar dat dit die Repatriasiedepartement £7 gekos het om £8 te bestee. Volgens The Friend was die eintlike hervestigingshulp nie

159. Ibid.

160. The Friend, 16.7.1903.

161. Pyrah, G.B., Imperial Policy and South Africa 1902-10, p. 158.

162. The Friend, 16.7.1903.

£1,118,600 nie maar £750,000 en dít het £682,442 gekos!¹⁶³

Die kritiek en bitterheid wat teen repatriasie ontstaan het, was veral teen die onbekwaamheid, korrupsie en onsimpatieke houding van die amptenare gemik. Die talle misbruike deur onbevoegde en onbetroubare personeel het die skema aan kritiek blootgestel en daarom kon veral Ramsay Macdonald, Emily Hobhouse en The Friend geregverdigde aanvalle doen.

Hoewel hy, nes Emily Hobhouse, die hele repatriasieskema deur Afrikaner-bril gesien het, het Ramsay Macdonald profetiese woorde geuiter toe hy reeds gedurende Oktober 1902 verklaar het dat die administrasie van die repatriasierade een van die vaste griewe van die Afrikanervolk sou word.¹⁶⁴ The Friend het tereg opgemerk: „We could fill pages of this paper with proofs of the fact that repatriation proved to a great extent a hollow sham, and that the repatriators were in many instances the gainers from a policy which, though well-meant, proved a failure, and an expensive one in every aspect.”¹⁶⁵

Voortgaande het die redakteur 'n kwaai aanval op die Britse pers gedoen wat sulke rooskleurige verslae oor die toestand van die gerepatrieerdes publiseer, asook teen die Britse Blouboek van 1903,¹⁶⁶ waarin Milner nie die volle waarheid met betrekking tot die toestand van die gerepatrieerdes verstrek het nie. Dit was duidelik dat daar 'n kloof tussen die werklike toestand van die volk en die amptelike voorstelling daarvan was. Verwysende na 'n buitelandse beriggewer se onjuisthede en die laakbare misbruike deur repatriasierade het The Friend dié informant soos volg tereg gewys: „He would have to tell of members of these Boards growing sleek and fat while the so-called repatriated Boer searched the veldt to capture a porcupine or some other wild

163. The Friend, 3.7.1905.

164. Macdonald, op. cit., p. 138.

165. The Friend, 10.7.1903.

166. Cd. 1551/1903.

animal, whose flesh he must use as an antidote to the gnawings of hunger. He would have to tell of members of the Boards amassing great herds of cattle at preferential tariffs while the repatriated Boer trudged miles to seek a few oxen wherewith to break the soil for the planting of his Repatriation seed - much of which consisted of kiln-dried mealies. He would have to tell of a magistrate who refused to grant a span of oxen to a farmer while he used three spans to convey anthheap for the making of a tennis court He would see a people ruined, despondent, and wondering how long prosperity will take to recover its war shattered nerves and return. He would see once prosperous farmers working like slaves on relief works, where they eke out a miserable existence, earning pay at which the native, who, prior to the war was the labourer, now laughs as he sits in ease in his hut, living in indolence on the money he earned fighting as a soldier of the King.¹⁶⁷

Milner het later na hierdie en ander kritiek verkleinerend verwys as „the trick of perpetual fault-finding, the steady drip, drip of depreciation, only diversified by occasional outbursts of hysterical abuse....“¹⁶⁸

Opvallend is dit dat die Bloemfontein Post al die kritiek teen repatriasie probeer doodswyg het. Toe die veroemende oordeel van die Afrikaners en Britse opposisie-blaaie die repatriasie-skandaal blootgelê het, het dié blad volstaan met: „Lord Milner's administration has brought us over a most critical period in our history.“¹⁶⁹ The Friend se verwysing na die Post se opvallende pro-Britse houding is deur laasgenoemde ter syde gestoot met redaksionele verklarings soos: „We have not been pro-Boer, we have been Boer,“¹⁷⁰ en „only the excellence of the government enables

167. The Friend, 10.7.1903.

168. Headlam, op. cit., p. 339.

169. The Bloemfontein Post, 29.7.1904.

170. The Bloemfontein Post, 12.3.1906.

the Post to defend the Crown here."¹⁷¹ Op een stadium is selfs die volgende insiggewende verskoning vir die stilswye oor Britse mislukkings in Suid-Afrika aangebied: „Mr. Chamberlain's presence in the House of Commons will be a guarantee that the destiny of South Africa will not be made the sport of opposing factions."¹⁷²

De Kiewiet probeer die sorgelose beheer oor repatriasiefondse soos volg verskoon: „The money allocated for relief and compensation was distributed freely and almost carelessly. The British administration seemed determined not to make the mistake of financial severity which had so damaged its reputation with the Boers after the first annexation of the Transvaal in 1877."¹⁷³

Na aanleiding van die wanadministrasie insake boekhouding en finansies het opposisieblaaie in Engeland heftige kritiek op die Milner-regime uitgespreek: Op 2 September 1903 het The Echo geskryf: „The boards which administered the funds which Parliament voted consisted for the most parts of National Scouts, and they have either absorbed the funds which they administered in personal expenses or else they have distributed them among their own partisans."¹⁷⁴ 'n Dag later het The Manchester Guardian soos volg hierop voortgebou: „The main cause of this waste, no doubt, has been the neglect to provide proper representation on the Repatriation Boards of those whose interests they were intended to serve. Ignorance of the country and of the people has been at the bottom of these peace scandals, as it was at the bottom of the war scandals."¹⁷⁵

Hierdie kritiek is slegs 'n jaar na die aanvang van repatriasiewerk uitgespreek en is later in baie opsigte as waar bewys. Selfs Beak moes later erken: „The failure

171. The Bloemfontein Post, 10.5.1906.

172. The Bloemfontein Post, 18.4.1904.

173. De Kiewiet, op. cit., p. 145.

174. Abraham Fischer-Versameling : Koerantuitknipsels.

175. Ibid.

of repatriation has generally been attributed by the South African opposition press to the fact that the work was carried out by a number of imported officials, who knew not the country, the language or the people and it must be admitted that mistakes were frequent."¹⁷⁶

Teen 1904 was die Britse regering verplig om 'n ouditeur uit Engeland te stuur om repatriasierekeninge te ondersoek. Hierdie amptenaar het van 1904 tot 1907 hieraan gewerk en so die reeds hoë administratiewe koste nog verder verhoog. Sy bevindinge was dat „the scheme of Repatriation was properly carried out as defined in the Terms of Surrender, and any subsequent instructions issued to the Departments."¹⁷⁷ Tog het hy ook die swak boekhouwerk, onekonomiese kooptransaksies, die surplus-voorrade by die afsluiting van repatriasie en sekere transaksies betreur.

Hoewel repatriasie in 1905 afgesluit is, het die naweë daarvan nog lank diep in die ekonomiese lewe van die repatrieerdes gegryp. Die Kroonkolonieregering het bv. verwag dat die eerste paalement op repatriasielenings voor 1 April 1907 betaal moes word. Na vertoë deur baie skuldenaars is 'n jaar uitstel verleen. Daar is aangevoer dat van die skulde onbillik was, en dat vee en implemente verbo hulle waarde aan die boere gelewer is. In 1932 het die Carnegie-Kommissie, wat ondersoek na die armblanke-vraagstuk ingestel het, hierdie goedhartigheid van die owerheid teenoor skuld van die boere betreur. Dit het die opvatting by sekere groepe van die bevolking versterk dat skuld aan die regering geen skuld is nie. Gepaard daarmee het geestes-eienskappe soos bedelgees, onverantwoordelikheid, laksheid en oneerlikheid wortel geskied. Die skewe opvatting het ook geheers dat die repatriasie-voorskotte die morele verplig-

176. Beak, op. cit., p. 56

177. Worsfold, op. cit., p. 93.

ting van die oorwinnaar was.¹⁷⁸ Dit blyk dus dat repatriasie ook 'n demoraliserende invloed op die Afrikaner gehad het. Met repatriasie het die landboukredietstelsel ook sy beslag gekry. Die verskaffing van gratis voedsel aan die ingesetenes van konsentrasiekampe en die voortsetting daarvan in gewysigde vorm onder repatriasiebeheer het tewens die demoralisasie van die moreel-swakker Afrikaner bevorder.

Die toekenning van repatriasieleninge het onteenseglik ook die weg voorberei vir die hedendaagse gebruik van Landbanklenings en koöperasie-krediet wat naas sy deugde ook menige boer tot sy ondergang gelei het. Al is daar selfs 'n mate van regverdiging vir die opvatting dat die repatriasievoorskotte die morele verpligting van die oorwinnaar was, moet erken word dat dit die gevoel versterk het dat staatsvoorskotte nie terugbetaal hoef te word nie. Ewe as die oorlog self, het ook repatriasie meegehelp om die getal gedemoraliseerde armblankes aan te vul.

Worsfold beweer verkeerdelik dat die totale repatriasieuitgawe in albei verowerde kolonies ongeveer £16,084,514 bedra het. Met behulp van dieselfde optelsommetjies waarvoor Milner so lief was, bereik hy hierdie bedrag deur die volgende bymekaar te tel: £5,000,000 van die gewaarborgde lening van £35,000,000, die £2,000,000 wat aan kompensasie vir Britse onderdane, uitlanders en naturelle bestee is, die veelbesproke „Free Grant” van £3,000,000 en ongeveer £4,500,000 wat deur die militêre owerheid aan Hensoppers en ter vergoeding van militêre kwitansies aangewend is, plus die administratiewe koste. Soos vroeër aangedui, het Worsfold hier 'n fout begaan. Die „Free Grant” was ingegrepe by die £5,000,000 vir „repatriation and compensation in the Transvaal and Orange River Colony.”¹⁷⁹ Verder was

178. Grosskopf, J.W., Die Armblankevraagstuk in Suid-Afrika, I, p. 221.

179. Cd. 1552/1903, p. 36 : Milner aan die Koloniale Kantoor, 16.2.1903.

repatriasie en kompensasie uiteindelik een en dieselfde ding en het Milner alleen £5,000,000 as hervestigingsfonds beskikbaar gehad. By die afsluiting van repatriasiewerk is die rekeninge van die repatriasierade in die O.R.K. en Transvaal aan die Interkoloniale Raad oorhandig. In 'n verklaring ten tye van Uniewording is die uitgawe aan repatriasiewerk in albei kolonies op net meer as £6,584,513 gestel, waarvan ongeveer £1,279,413 die O.R.K. se deel uitgemaak het.¹⁸⁰

Ook hierdie syfer stem nie ooreen met die getalle wat in die finale rekeningstaat van die Ouditeur-generaal van die O.R.K. in 1906 aangegee word nie. Laasgenoemde gee dit as £1,832,636.10.7 aan, waarvan die volgende uitgawe die belangrikste was: lenings £1,254,287.8.1 ; administratiewe koste £149,238; vervoer £188,583; „Relief," o.a. ook £32,616 aan naturelle, £98,871.16.10 en dooie verliese £140,979.¹⁸¹ Ter regverdiging van die groot bedrae wat deur administratiewe koste, vervoer en verliese opgeslurp is, beweer Worsfold dat niemand vooruit geweet het hoeveel repatriasie sou kos nie. Sy verskoning is verder: „What was known and recognised was the fact that the population of the two colonies must be restored to their homes at all costs and at the earliest possible moment."¹⁸²

Waar Afrikaners en hulle ondersteuners almal deur die bank repatriasie - soos dit toegepas is - verdoem het, het repatriasiebeamptes, Britsgesinde nuusblaaië in Suid-Afrika en Britse Blouboeke uitweë en verskonings uit 'n hopelose dilemma probeer seek.

Dit moet toegegee word dat die weg van repatriasie letterlik met allerlei struikelblokke besaai was. 'n Verarmde bevolking moes na 'n verwoeste land teruggebring word; wekelank is daar gekibbel met betrekking tot voorrade wat

180. Worsfold, op. cit., p. 90.

181. Report of the Auditor-General on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, pp. 52-53.

182. Worsfold, op. cit., p. 93.

van die leër oorgeneem is; vervoer was nie beskikbaar nie; armblankes het 'n bykomende vraagstuk geskep; die burgerlike en militêre owerheid kon nie saamwerk nie; sommige repatriasiebeamptes was doelbewus daarop uit om hulle eie sakke te vul; die repatriasiedepartemente is swak georganiseer; daar was onnodige oorvleueling omdat die magte en pligte van die Sentrale en plaaslike rade nooit noukeurig afgebaken is nie en die Afrikaner het die departement gewantrou. Daarby gee Beak toe: „The work of repatriation was certainly hampered by incapacity.”¹⁸³

Milner was nie bevrees vir die onpartydige historikus se oordeel oor sy werk as geheel nie. Hy het verklaar: „Mistakes have been made - no doubt, not a few. I myself could point out more mistakes than any of the cavillers.... What strikes me as I look back on the years of restless constructive activity since the restoration of peace, is the enormous mass of their achievement and, considering the fearful pressure under which it had to be done, the general solidity of the work.”¹⁸⁴

Feitlik al Milner se bewonderaars en verdedigers vel 'n oordeel oor sy werk as geheel en nie oor repatriasie as sodanig nie. Laasgenoemde word dikwels verberg agter sy sukses in verband met landbou en die staatsdiens. Nes Milner beklemtoon Amery die hoeveelheid werk wat afgehandel is en voeg daarby: „What was achieved in that brief space was not a mere series of useful reforms but the creation of a new country.”¹⁸⁵

Beak, wat as repatriasiebeampte self skuld aan die mislukkinge gehad het, beweer dat, sover dit repatriasie betref, Engeland tevrede kon wees dat hy sy beloftes in die vredesverdrag uitgevoer het: „Regarded simply as the

183. Beak, op. cit., p. 51.

184. Amery, op. cit., p. 145.

185. Ibid., p. 149.

fulfilment of a pledge, an act of grace to a fallen foe, the scheme will probably rank as one hitherto unparalleled in history."¹⁸⁶

Ivan-Müller onthef Milner van alle skuld en mislukkinge deur te verklaar: „Lord Milner did not create the problem which he was called upon to solve."¹⁸⁷ Sir Percy Fitzpatrick weer het soos volg aan Milner met sy vertrek uit Suid-Afrika geskryf: „Of course the Boers hate you; it is their certificate of your success."¹⁸⁸ Milner se opvolger, Selborne, het na sy aankoms in Suid-Afrika soos volg aan Milner geskryf: „The more I see of these two Colonies, the more I am amazed at and admire the work of reconstruction which you have done in the last three years."¹⁸⁹ Pyrah is vas oortuig: „It was a fine achievement."¹⁹⁰

Worsfold beskou Milner se heropbouwerk as 'n geïnspireerde staatsmansdaad: „The reinstatement of the population of the late Boer republics in their homes and industries was a measure without precedent in the annals of history. As a political transaction it must always rank among the greatest achievements of European statesmanship; and the manner of its execution was as meritorious to the officials of the new colonies as was the transaction itself creditable to the British nation."¹⁹¹

The Bloemfontein Post was ook oortuig dat repatriasie 'n ongekwalfiseerde sukses was en grootliks tot eer van Milner spreek: „The history of the country during the past seven years considering the manifold difficulties that have been overcome, and the peculiar type of problem presented, no less than in the enduring result achieved, will remain

¹⁸⁶. Beak, op. cit., p. 237.

¹⁸⁷. Ivan-Müller, E.B., Lord Milner and South Africa (Londen, 1902), p. 716.

¹⁸⁸. Headlam, op. cit., p. 541 ; vgl. Fitzpatrick, P.J., South African Memories, p. 101.

¹⁸⁹. Wrench, E.J., Alfred lord Milner, the man of no illusions, p. 259.

¹⁹⁰. Pyrah, op. cit., p. 214.

¹⁹¹. Worsfold, op. cit., p. 106.

a particularly bright chapter in the Colonial annals of Britain."¹⁹²

Genl. Louis Botha het Milner lof toegeswaai vir die beskikbaarstelling en uitbreiding van staatshulp aan die landboubevolking.¹⁹³ Walker het ook lof vir Milner gehad: „He went, worn out with the work of reconstruction The scope and quality of that work constitute his best claim of memory among South Africans."¹⁹⁴

Die Sentrale Regterlike Kommissie, wat belas was met die verdeling van die hooggeroemde £3,000,000 „Free Grant," verklaar in sy finale verslag dat verreweg 'n groter som as £3,000,000 ten opsigte van repatriasie bestee is en dat die onderhawige klousule van die vredesverdrag wat op repatriasie betrekking gehad het, nagekom is. Daar was geen verpligting op die owerheid om meer te voorsien as wat deur die repatriasierade voorsien is nie.¹⁹⁵

Tydens 'n vaarwel-toespraak op 22 Maart 1905 in Pretoria het Milner gespog met wat hy uitgerig het: „Thus, at a cost of some sixteen and a half millions, the stupendous task of reinstating a whole nation was accomplished with marvellous efficiency and promptitude, and a generosity unexampled in the history of any nation."¹⁹⁶

Milner self het repatriasie as geslaagd beskou, maar was nogtans eerlik genoeg om te erken: „When the whole story is told, I think it will be regarded as a remarkably creditable one, though I am far from saying that a good deal of money has not been thrown away here and there."¹⁹⁷ Hierdie erkenning bewys dat die herstelprogram nie deurgevoer is met die „marvellous efficiency" waarvoor hy homself hierbo krediet gee het nie.

192. The Bloemfontein Post, 20.7.1907.

193. Engelenburg, F.V., General Louis Botha, p. 108.

194. Walker, E.A., A History of Southern Africa (Londen 1959), p. 515.

196. Headlam, op. cit., pp. 373-374.

197. Cd. 2102/1904, p. 11 : Milner aan Lyttelton, 15.2.1904.

Wat ook al die kritiek teen en vir die praktiese uitvoering van repatriasie in die eertydse Republieke was, was dit nie so 'n volslae mislukking as wat genl. Louis Botha, waarskynlik in 'n oomblik van wanhoop, beweer het nie. Milner se eerlik-bedoelde poging om 'n verarmde en ontwortelde landboubevolking te hervestig en 'n ganse ekonomie te probeer rekonstrueer en te ontwikkel, was beslis lofwaardig.

Beak som miskien die hele saak die beste op waar hy verklaar: „The repatriation scheme was not responsible for the wounds made by the war, but, on the other hand, did not succeed in healing them.”¹⁹⁸

Behalwe Afrikaners het die repatriasierade ook ongeveer 50,000 Britse vlugtelinge en 100,000 naturelle gerepatrieer. Dat dit alles sonder ernstige wrywing kon geskied, moet in 'n groot mate aan die selfbeheersing en ordeliewendheid van die Afrikaner toegeskryf word - iets waarvoor selfs Milner sy waardering uitgespreek het: „Whatever I may have said or felt against them, I never, even in the heat of the struggle, failed to appreciate and to vindicate their patriotism; their resourcefulness, their endurance, their dignity and self-restraint in victory and their stoicism in defeat. And now that the fight is over, I am deeply impressed by the manly way, in which so many of them, the kernel, as I think, of the race, are facing the future, and without subservience, are trying to make the best of the new situation.”¹⁹⁹

Die repatriasieskema self het aan soveel gebreke mank gegaan en homself in soveel flaters gedompel dat dit beslis nie 'n oorheersende faktor in die ekonomiese herstel na die oorlog was nie. Veeleer was dit 'n praktiese hulpmiddel wat sonder die Afrikaner se inherente herstelvermoë en wilskrag nie veel sou vermag het nie. Soos 'n Phoenix sou die Afrikaner uit die puin van die oorlog herrys en self sy herstel uitwerk.

198. Beak, op. cit., p. 227.

199. Headlam, op. cit., p. 386.

H O O F S T U K VI.

„UIT EIGEN KRACHT EN ENERGIE“

„En 'n voël draai bowe in
eensame vlug - dis al!“ -
Jan F.E. Celliers.

Tot die „bittere einde“ sou hulle veg. So het hulle op 9 Oktober 1899 as eerbare patriotte besluit, en nou op 31 Mei 1902 het die einde in sy volslae bitterheid aangebreek. Toe vir 'n neergevelde en verbysterde volk die tyding van vrede bekend word, „het die fontein van hul tranne vir die laaste keer oopgegaan.“¹

Op 1 Junie 1902 het die son oor 'n ander Suid-Afrika opgekom. Die Suid-Afrika waarna 'n Rhodes, 'n Chamberlain en 'n Milner so lank oor gedroom en so lank uitgesien het. Die rypbedekte vlaktes en bulte het soos 'n kombers van verlatenheid oor die eertydse republieke gevou. Kaal murasies het troosteloos teen die hemel afgesteek, landerye was deur onkruid ingeneem, vrugteboorde uitgekap en vuur gemaak, die ryke veebestand het verdwyn en die grafte van dierbares en kamerade het soos stille monumente oor die land versprei gelê.

'n terneergedrukte stemming het na die vredesluiting geheers. Slegs Milner was oor die vredesverdrag verheug. In 'n brief aan 'n vriend het hy gespog met die sukses wat hy behaal het „with a beaten enemy, who are the greatest bluffers in this mortal world.“²

Afrikanergesinne het verslae en oorstelp by die groue ruïnes van hulle eens so welvarende plase aangekom. En-

1. Krüger, D.W., Winter in die Hart van 'n Nasie in Die Huisgenoot, 26.5.1950.

2. Headlam, C., The Milner Papers, II, p. 353.

kelinge, wat alles in die oorlog moes prysgee, het doel-loos oor hul plase rondgedwaal en tevergeefs na 'n teken van lewe tussen die puin van die inspanning van 'n leeftyd gesoek. Uit daardie tyd dateer die brief van 'n teruggekeerde burger wat skryf dat 'n hond en 'n paar sinkplate waaronder hy leef, ál is wat hy oorgehou het van sy aardse besittinge.³ Die geskonde land was soos 'n stille aanklag teen die Britse leër se verwoestingsbeleid. Nogtans skryf Amery: „For the first time the Boers realized the full meaning of the guerilla war, and passed through the depths of despondency when faced with its results.”⁴

Bitter swaarmoedig het genl. Louis Botha tydens die vredesonderhandelinge verklaar: „Ons volk is op stoffelijk gebied totaal uitgeroeid en zal dus geheel en al aan de genade van den vijand blootgesteld zijn.”⁵

'n Rukkie later skryf genl. Smuts mismoenig en swartgallig aan Emily Hobhouse: „I and mine belong to the vanquished, and over our country is now being written - with ink which no time will ever let fade - the brutal vae victis policy of the conqueror South Africa is on the down grade.....”⁶ In 'n ander brief kla hy: „The spirit of South Africa is crushed by the disappointment, the ruin, the losses of the past I sometimes ask myself whether South Africa will rise again”⁷

Uit die smeulende puin van ontnugtering en armoed moes opnuut 'n toekoms gebou word. Deur arbeid moes die volksadel van die Afrikaner behoue bly, óf op moedverloor

3. Krüger, D.W., Taaiste manne wat S.A. opgelewer het in Die Huisgenoot, 9.6.1950.

4. Amery, L.S., The Times History of the War in South Africa, VI, p. 51. Genl. Manie Maritz het sy manne tydens die Rebelle van 1914 ook gelas om oor te gee juis omdat hy nie kans gesien het vir 'n herhaling van wat in guerilla-oorlog soos die van 1899-1902 meegebring het nie.

5. Kestell en Van Velden, De Vredesonderhandelinge tussen Boer en Brit in Zuid-Afrika, p. 191.

6. Millin, S.G., General Smuts, I (Londen, 1936), p. 207.

7. Ibid., p. 193.

se vlakte onherroeplik verlore gaan. By die kruispad van sy volksbestaan is die Afrikaner voor hierdie keuse gestel. Hoe hy gekies het, is die verdere relaas van hierdie verhandeling.

* * * * *

Die gefolterde land was nie gereed om sy vorige bewoners te ontvang nie. Dit was winter toe die oorlog opgehou het. Winter op die onherbergsame vlaktes en winter in die hart van 'n verslane volk. Winter-somberheid het soos 'n wolk oor die grafstil land gehang. Tereg skryf Amery: „The restoration of the people to their homes was undertaken in the face of almost inconceivably adverse circumstances. It was winter, to begin with, and the veld was bare.....”⁸

Ook die nuwe bewind was nie gereed om met rekonstruksiewerk te begin nie. Verlamming het soos 'n naskok oor die werklikheid van die oorlog neergesak. Eers drie weke na die vredesluiting kon amptenare na die verskillende distrikte afreis om daar dikwels in 'n tent in die wildernis die administrasie van die militêre owerheid oor te neem. Treffend skets Worsfold die toestand in die afgeleë distrikte: „For many months in the more remote districts the officials, from the Resident Magistrate of the district to the telegraph clerks, lived and worked in tents or rude sheds of corrugated iron, or in offices improvised out of bare walls roofed in with tarpaulin. And not merely in such districts, but in all localities removed from the immediate neighbourhood of the railway lines, the Government servants of all grades, no less than the burghers, had to depend for many months after the declaration

8. Amery, op. cit., p. 50.

of peace upon the repatriation transport for food and other necessities of life, and even for the means of communicating with the heads of their respective departments...."⁹

Nie alleen was die land verwoes nie, maar sy politieke, maatskaplike en ekonomiese struktuur was verniel. Alle vorme van plaaslike bestuur was tot niet. Repatriasie was ook die middel waardeur plaaslike bestuur herlewe het. Polities was dit die eerste paaient van die nuwe Britse bestuur.

As gevolg van die oorlog was Afrikaners, wat voorheen met plaaslike bestuur behulpsaam was, onwillig om weer leiding te neem en 'n spesiale beroep moes op die bevolking gedoen word om weer die verantwoordelikheid van plaaslike sake op hulle te neem. In die verband skryf The Friend: „The appeal of the Lieutenant-Governor to the many chairmen of town management boards, who had come to see Mr. Chamberlain, to impress upon the leading men the necessity of taking upon their shoulders portion of the civic duties, should be carefully noted in all towns and villages throughout the Colony If the Orange River Colony is going to be a big and great colony the people will have to put more energy into it and the leading men will have to assist more in the government of their village or town...."¹⁰

Onder die nuwe bewind is in Bloemfontein en 33 ander dorpe munisipaliteite tot stand gebring.¹¹ Vervoer was skaars, die posdiens ongereeld. Paaie is gedurende die oorlog verwaarloos en karre, waens en trekdiere was daar nie. Die spoorweë was nog in lord Kitchener se hande en die demobilisasie van die leër het voorrang geniet. Derhalwe was dit moeilik om voedsel en ander voorrade per trein te vervoer.¹² Waens en karre is aan die Repatriasiedepartement

9. Worsfold, W.B., The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, I, p. 33
10. The Friend, 10.2.1903.
11. Goewermentskoerant, 15.4.1904.
12. Cd. 1551/1903, p. 5.

afgestaan, maar „none were complete; many were only fit for firewood; all required repairs.“¹³

As gevolg van die gebrek aan vervoermiddele en die swak gehalte trekosse wat aangekoop is, het die Repatriasiedepartement gesukkel om boere, wat op hulle eie na hul tuistes teruggekeer het, van voedsel te voorsien. Die magistraat van Hoopstad het, kort na die aanvang van repatriasie melding gemaak van die feit dat sommige boere tot 20 myl moes loop om rantsoene by die depôts te kom afhaal.¹⁴

Die boere was baie haastig om op hul plase te kom en die gebrekkige vervoerstelsel het as gevolg hiervan 'n onnodige opeenhoping van gerepatrieerdes veroorsaak. Teen Augustus 1902 was daar al 'n groot aantal mense, baie sonder tente of onderdak, by Sannasposstasie afgelaai. Hier moes hulle sit en wag om na hulle tuistes vervoer te word.¹⁵

In afgeleë distrikte waar daar geen spoorweg was nie, het repatriasie en die uitdeling van voedselware heelwat probleme meegebring. Om die vervoerkwessie te oorbrug, is langsamerhand buiteposte en voedseldepôts opgerig. Toe eers kon die Refugeekampe op groot skaal ontruim word en die eintlike repatriasie begin. Te Eloemfontein en ander belangrike spoorwegsentrums soos Springfontein, Kroonstad en Heilbron, is pakhuse en krale gebou.¹⁶

In Fauresmith is eers teen die einde van Julie 1902, twee maande na die vredesluiting, met hervestiging begin, want toe eers kon vervoer voorsien word „and then the work went very slowly at first, owing to the distance from the railway line of most of the people brought back. Stores had also to be conveyed a distance of thirty-five miles

13. Beak, G.B., The Aftermath of War, p. 88.

14. C.S. 2051/02 : Magistraat aan regeringsekretaris, 26.7.1902 ; vgl. ook C.S. 3231/02 m.b.t. vervoerprobleme in Fauresmith en Jagersfontein.

15. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 135/02 : Kommandant van Waterwerke aan Sentrale Raad, 20 en 22 Augustus 1902.

16. Beak, op. cit., pp. 132, 133 en 135.

from the railway line before distribution could be attempted, and this duty alone kept many of the waggons occupied which were originally intended for the conveyance of people and their chattels."¹⁷

Die grootste gedeelte van Fauresmith se inwoners was in die Refugee-kampe. Min moeite is ondervind om die bewoners van die suidelike en oostelike dele van die distrik plaas toe te vervoer, want dit was naby die spoorlyn, maar in die res van die distrik „the distance from the railway was so great that a fortnight was usually occupied in taking one family home and returning to the railway-line," het die mgistraat voorts in sy maandverslag vir Augustus 1902 geskryf.¹⁸

Gevolglik is bykomende muil- en ossewaens aangevra om inwoners huis toe te vervoer. Daar het ongelukkig runderpes in die noordelike Kaapkolonie uitgebreek en die verwagte versterkings kon dus nie daarvandaan gestuur word nie. Hierna is die plaas Roodepoort as verspreidingsentrum vir die noordelike en westelike deel van die distrik ingerig.¹⁹

Ook in Smithfield het vervoer- en kommunikasieprobleme die hervestigingsprogram vertraag. Feitlik alle plaaseienaars het saam met Prinsloo oorgegee en ongeveer driekwart van die gemeenskap was in die Refugee-kampe van Aliwal-Noord, Norvalspont, Uitenhage, Kabusie, Bethulie, Springfontein, Bloemfontein en Brandfort versprei. Van die vier lede van die plaaslike repatriasieraad kon die voorsitter slegs met een direk in aanraking kom. 'n Ander lid is na verskeie telegramme in die Groenpuntse krygsgevangenekamp, 'n derde in een van die talle Refugee-kampe en die vierde in Matatiële opgespoor. Op Jagersfonteinwegstasie is hulle toe

17. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, Monthly Reports vir Augustus 1902.

18. Ibid.

19. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 417/02 : Fauresmith-voorsitter aan Sentrale Raad, 4.9.1902.

nog 'n verdere drie weke lank weens vervoerprobleme ver-
traag en eers in Augustus 1902 kon die hervestiging van in-
woners van die distrik op georganiseerde skaal onderneem
word. Die plaaslike repatriasieraad het gevolglik gewaar-
sku dat, weens die stadige terugkeer, Smithfield se boere
nie voor die oes van 1903 selfvoorsienend sou wees nie.²⁰

Die plaaslike repatriasierade het feitlik oral nie oor
voldoende vervoergeriewe beskik om voedselrantsoene na die
gerepatrieerdes te stuur nie, terwyl laasgenoemde weer nie
by die depôts kon kom om rantsoene of te haal nie. In
Reitz kon vroue, wie se mans nog in krygsgevangenekampe was,
niemand vind om rantsoene vir hulle te gaan haal nie. Som-
mige vroue het in hulle nagklere Reitz toe geloop om kos te
ontvang, en toe hulle daar kom, was die voorraad gedaan
voor hulle aan die beurt kon kom.²¹

So het dit gebeur dat individue, wat een of ander vorm
van vervoer kon bekom, waar moontlik ook hulle minder-geluk-
kige bure se voedselrantsoene saamgeneem het wanneer hul eie
gehaal is. Hierdeur is sommige kwitansies vir rantsoene nie
deur die werklike ontvangers geteken nie en dit sou later
groot warboel in die repatriasierekeninge veroorsaak.²²

Vreemd en vernederend was die rytuie waarmee eens wel-
varende grondeienaars hulle rantsoene kom haal het. Die
magistraat van Lindley het in verband hiermee die volgende
in sy maandverslag vir September 1902 geskryf: „It was a
sad sight to see most of these arrivals coming in on foot
and with strange vehicles. They were badly clad, and some
had patches of sheepskin worked on their clothes. Most of
them were in a deplorable condition. Some had plough-

20. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 314/02 : Verslag, 11.8.1902. Vgl. ook die maand-
verslae vir Augustus 1902 vir vervoerprobleme in
Rouxville en Vrede.

21. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 614/02 :
M.P.W. Combrinck aan die Sentrale Raad, 3.9.1902.

22. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the
Accounts of Repatriation, etc., 1906, pp. 24-25.

wheels to which was fixed a box; others sheets of corrugated iron tied on wheels; and others again, a kind of sledge made of odd pieces of wood."²³

Ook die magistraat van Smithfield het die vervoermiddele van die verarmde bevolking opgemerk: „One of the first carts to arrive was curious in construction. Its pole was a tree-trunk, its seat an empty biscuit-box, whilst each wheel was made up of several old wheels of various types fastened with wire. There was not much style about this conveyance, but it served its purpose."²⁴ Die kenmerkende vindingrykheid van die Boer het hom in hierdie dae goed te pas gekom.

Dit was ook moeilik om touleiers en wadrywers, selfs teen goeie salarisse, te bekom. Die naturelle was bederf deur die hoë salarisse wat gedurende die oorlog deur die militêre owerheid aan hulle betaal is en hulle wou 'n lui-lekkerlewe voer. Daar is 'n poging aangewend om hulle met bywoners te vervang, maar die meerderheid van laasgenoemde wou sulke werk nie doen nie en andere het weer hoër salarisse en bykomende rantsoene geëis.²⁵

Gedurende Augustus 1902 het die South African Constabulary inspeksiereise deur die O.R.K. onderneem om vas te stel in hoeverre die hervestiging en ekonomiese herstel van die eertydse boerebevolking gevorder het. Uit die samegestelde verslag van die inspekteur-generaal van hierdie polisiemag het die volgende geblyk: Langs die Rietrivier was ongeveer een derde van die plase weer bewoon, hoewel opgemerk is dat die plase gedurende die oorlog baie verwoes is. Jagersfontein, Fauresmith en Koffiefontein se bevolking was nog nie almal tuis nie en Philippolis se boere was baie arm. Langs die Caledonrivier was een derde

23. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, Monthly Reports, September 1902.

24. Ibid.

25. Beak, op. cit., p. 137.

van die plase weer bewoon, langs die Valsrivier ongeveer 30% en langs die Sandrivier - naby die spoorlyn - ongeveer 'n driekwart. Langs die Riet- en Wilgerivier het gebrek aan trekvee, saad en aanteelvee die repatriasie vertraag. Samevattend het die verslag gemeld dat ongeveer 30% van alle plase in die O.R.K. weer bewoon is.²⁶

Aan die einde van Augustus 1902 was in Smithfield slegs 91 uit 'n totaal van 400 plase weer bewoon en die magistraat het in sy vorderingsverslag geskryf: „At present the outlook is somewhat gloomy.”²⁷ Vanaf Boshof het die magistraat geskryf: „The people require help badly to rebuild their dwellings and get a roof over their heads I found the people on the whole very poor and in great need of help in every respect.”²⁸ Gedurende Oktober 1902 het baie boere nog in die dorpe Reddersburg en Dewetsdorp gewoon, omdat hulle nie vervoer plaas toe gehad het nie.²⁹

Die vertraagde terugplasing van die bevolking by hul vorige tuistes was dus bepaald nie die skuld van die repatriasie-owerheid nie, maar is eerder toe te skryf aan omstandighede wat uit die militêre strategie van die Britse bevelhebbers voortgevloei het en aan vervoerprobleme soos die skaarste aan trekdier en rytuie.

Heel gou het ook 'n voedselvraagstuk en hoë lewenskoste na vore getree. Die voedselvoorrade wat deur die Repatriasiedepartement van die militêre owerheid oorgeneem is, was meestal ou voorrade wat nie meer eetbaar was nie. Tot Februarie 1903 het die militêre owerheid slegte voedsel vang en op die aankope van voedselvoorrade het die Oorlogskantoor korting van £34,920 aan die O.R.K. toegestaan.³⁰

26. C.S. 3388/02 : Verslag, 22.8.1902 ; vgl. ook C.S. 3231/02 vir volledige verslae.

27. C.S. 3637/02.

28. Magistratuur Boshof : Uitgaande brief, 9.10.1902.

29. C.S. 4384/02 : Verslag van maj. L.M. Morris, Oktober 1902.

30. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 27 ; Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 235/02.

Dis 'n bewys hoe swak die voedsel werklik was.

In Fauresmith het die gebrek aan voedselvoorrade verhoed dat boere na hulle plase kon terugkeer. Op 23 Junie 1902 was daar nog geen voedselvoorrade in Fauresmith, Jagersfontein, Petrusburg en Luckhoff te koop nie. 'n Maand later was die toestand nog sodanig dat die magistraat van Fauresmith die hoofsuperintendent van die Refugee-kampe moes versoek om persone, wat nie vir hulle self kon sorg nie, nog in die kampe te hou.³¹

Die magistraat van Bethlehem het ook berig dat gerepatrieerdes lang afstande moes aflê om rantsoene te kom haal. Die repatriasieraad in sy distrik was die enigste „handelaar” wat oor voedselvoorrade beskik het, want selfs op Lindley en Reitz het winkels nog nie weer handel begin dryf nie.³² In Frankfort moes die magistraat voedselvoorrade selfs vir hom en sy personeel aanvra, terwyl sy kollega in Ficksburg klere en kos vir hulpbehoewendes aangevra het.³³

In Vredefort kon selfs alledaagse noodsaaklikhede nie bekom word nie en teen die einde van Augustus 1902 was die distrik al twee weke sonder vleis. Beide die gerepatrieerdes en die handelaars was sonder geld. „The result is that even where a small amount of money exists there is no one to buy from and the Repatriation Board will continue to be for months, if not for years, the only source of supply,”³⁴ was die pessimistiese kommentaar van die voorsitter van Vredefort se repatriasieraad.

In Kroonstad was geen meelblom, meel, lampolie, kerse of suiker verkrygbaar nie. Boere was gretig om hulle

-
31. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 227/02 ; C.S. 1910/02 ; vgl. ook Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 240/02 waar die magistraat van Ficksburg op 26 Julie 1902 'n soortgelyke versoek rig.
 32. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke 115/02 : Magistraat Bethlehem aan Sentrale Raad, 10.7.1902.
 33. C.S. 3086/02 ; C.S. 3193/02 ; vgl. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 174/02 (Jacobsdal) en 180/02 (Harrismith) vir soortgelyke toestande.
 34. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 757/02 : Verslag, 30.8.1902.

wonings te herbou, maar boumateriaal was onverkrygbaar.³⁵ Hierdie algemene skaarste aan boumateriaal het veroorsaak dat gerepatrieerdes dikwels 'n gedeelte van hulle afgebrande wonings tydelik van 'n dak probeer voorsien het, of andersins buitegeboue en tente gebruik het.³⁶

Wildehonde het in Senekal en Rouxville in troppe van twintig tot dertig rondgeswerf en groot skade aan die klein-vee van gerepatrieerdes aangerig. Die boere, wat sonder gewere was, was magteloos hierteen en daarby kon hulle ook nie die baie wild skiet nie, terwyl leëroffisiere na hartelus onder die spring- en blesbokke geskiet het.³⁷

Hulle karige rantsoene was dus die gerepatrieerdes se enigste voedsel. Geen wonder dat genl. De Wet, wat gedurende hierdie tyd in Europa was, by geleentheid gesê het nie: „En onder al die eerbewyse ek dink aan die duisende wat in Suid-Afrika gebrek ly en wat nou - bitter gedagte! - daar deur bemiddeling van die volk wat hulle gereneweer het, moet gevoed word. Dit was vir my by tye of ek van my verstand kon raak.“³⁸

Intussen het repatriasie sy moeisame weg gegaan. Uit Vredefort is berig dat daar geen gesaides was nie en dit was reeds die einde van Augustus. In die hele distrik het alle gerepatrieerdes tesame nie 10 spanne osse besit nie. Op 27 Augustus 1902 het die magistraat van Thaba Nchu getelegrafeer dat driekwart van die blanke bevolking in sy distrik armblankes was.³⁹

In Oktober 1902 was daar in Reddersburg en Dewetsdorp, weens gebrek aan saad en vee, nog maar min vordering sover dit landbou betref.⁴⁰ Kos was gevolglik baie duur. Hoë

35. C.S. 2385/02 : Magistraatsverslag, 12.7.1902.

36. Cd. 1551/1903, p. 6 : Milner aan Chamberlain, 4.4.1903.

37. C.S. 2324/02 (Winburg), C.S. 2421/02 (Hoopstad), C.S. 2028/02 (Senekal), C.S. 3388/02 (Rouxville).

38. Kestell, J.D., Christiaan de Wet, p. 160.

39. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 415/02 en 757/02.

40. C.S. 4384/02 : Verslag van maj. L.E. Morris, Oktober 1902.

lewenskoste, onbekend in die patriargale bestaan voor die oorlog, het oral sy verskyning begin maak. Uit Ladybrand het The Friend berig: „At present living is very expensive in Ladybrand. Meat and vegetables are very scarce, both fetching a high price. Rents are high, and houses almost unobtainable. At public auctions furniture is fetching a fabulous price, much more than it can be bought for new.”⁴¹ Alle soorte vee het hoë pryse behaal en nuttelose perde selfs tot £20.

Deur mettertyd repatriasiewinkels in alle dorpe te open, ook daar waar ander winkels sake gedoen het, het Milner wyslik gehandel en die boeregemeenskap so teen uitbuiting deur handelaars beskerm.

Ook in Bloemfontein is die dorpsbewoners deur die lewensduurte getref. Hout het tot £4 per sak gekos, skaapvleis tot 9/6 per boud en aartappels 25/- per sak.⁴² The Friend kon nietemin meld dat, ten spyte van die hitte en droogte, die hoë lewenskoste en al die teëslae, die boeregemeenskap fluks aan die werk was en dat hulle vasbeslote was om op die plase te bly.⁴³

Die boeregemeenskap is werklik tot hoë mate beproef. In Frankfort was daar soms nie voldoende en geskikte voedsel vir suigeling nie. Die Distriksgeneesheer het die owerheid in kennis gestel dat hy suigeling gesien het wat harde krakeling moet eet. Hy het melk en babakos aangevra, asook toestemming om siekes onder die armes te behandel, want die bywoners het nie eens 'n sikspens besit nie. Op laasgenoemde versoek het G.B. Beak, assistent-sekretaris van die Sentrale Repatriasieraad, soos volg geantwoord: „Article 10 of the Deed of Settlement provides for the constitution of District Repatriation Commissions to assist in

41. The Friend, 15.10.1902.

42. Ibid.

43. The Friend, 21.10.1902.

restoring the people to their homes; there is therein no mention of restoring to health."⁴⁴

Te midde van vervoerprobleme en voedselskaarste moes boere intussen van vooraf, sonder vee en implemente, en slegs met die grond, begin boer. Na baie gekibbel het die Repatriasiedepartement, met die oog op die naderende ploegseisoen, vee en voorrade ter waarde van £1,391,000 van die Britse leër oorgeneem. Hiervan was die O.R.K. se aandeel die volgende:-

11,577 perde	£219,310 - 2 - 0
6,000 muile	128,972 -18 - 4
11,851 osse	118,510 - 0 - 0
110 donkies	880 - 0 - 0
153 beeste	879 -15 - 0
990 waens	35,530 - 0 - 0
77 trollies	770 - 0 - 0
265 Skotskarre	3,180 - 0 - 0
120 Kaapse karre	360 - 0 - 0
21 Waterkarre	315 - 0 - 0
Toerusting	6,680 - 4 - 6
	£515,387 -19 -10
Saals, halters, ens.	13,025 -19 -10
Boumateriaal, draad, ens.	3,109 - 9 - 3
Vorrade (vleis, koffie, ens.)	224,363 - 3 - 6
1,500 Blokhuisse	15,000 - 0 - 0
Totaal	<u>£770,891 -12 - 5⁴⁵</u>

Prysontleding toon dat perde teen ongeveer £19 stuk, muile teen £21 stuk, osse teen £10, donkies teen £8, waens teen £36 en blokhuisse teen £10 stuk verkoop is. Hierdie pryse toon duidelik die swak gehalte van die vee.

44. Sentrale Repatriasieraad : Uitgaande stukke, 758/02 : Beak aan Distriksgeneesheer, 23.12.1902.

45. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 106 ; C.S. 3910/02 : McLaughlin aan Milner, 3.9.1902.

Toe die vee van die militêre owerheid oorgeneem is, was dit winter en weiding skaars. Opgegaarde voer was daar nie, aangesien die plase verwoes was en die lande in baie gevalle drie jaar lank onbewerk gelê het. Gevolglik was die vee, waarvan die leër eerste ontslae wou raak, in 'n baie treurige toestand. Tereg kon Milner kla: „The large number of animals which we took over from the Military, were, for the most part, in the most wretched condition. Hundreds of them died before they had done any work at all, many thousands were useless for several months“⁴⁶ Hy het ook melding gemaak van die gebrek aan trekvee.

Ook maj. McLaughlin, sekretaris van die Sentrale Repatriasieraad in die O.R.K., het in sy vorderingsverslag vir 1902 gekla: „I feel bound to call attention to the quality of the transport taken over from the Military. The oxen and mules were naturally the worst they had with the exception of class D oxen (which were useless for transport purposes), and those they wished to part with at the commencement of their reduction of transport. The oxen were in poor condition, and, in many cases, old. The mules old, suffering in many cases very badly from skin diseases, and saturated with glanders; the waggons in bad repair a very considerable portion of our mule transport was useless for months.“⁴⁷

Ook in Transvaal was meer as die helfte van die trekosse wat van die militêre owerheid oorgeneem is, ongeskik vir enige werk en hulle moes dwarsdeur die winter gevoer word. Veessiektes het repatriasie verder in die wiele gery. In die O.R.K. is tussen Julie en Desember 1902 alleen 655 perde en 967 muile ter waarde van £33,204 aan droes dood. Gedurende dieselfde tydperk is osse ter waarde van

46. Cd. 1551/1903, p. 4 : Vorderingsverslag aan Chamberlain, 4.4.1903.

47. Ibid., p. 52.

£7,800 in Kroonstad, Heilbron en Ladybrand dood. Van 250 osse wat van Ladybrand na Ficksburg - 'n afstand van 35 myl - aangejaag is, is 31 op die pad dood.⁴⁸ Klagtes oor die swak toestand van en siekte en vrekte onder vee is uit feitlik alle distrikte ontvang.⁴⁹

Van hierdie minderwaardige vee moes boere koop om weer hul veestapels op te bou. Die voorsitter van die Smithfieldse repatriasieraad het berig dat boere kla dat hulle swak gehalte vee, bv. koeie so swak en oud dat hulle net vir slagdoeleindes geskik was, teen £14 stuk moet koop. Boonop word hierdie bedrae dan as lenings beskou. Ook uit Vredefort is gekla dat die hervestiging deur die minderwaardige trekvee vertraag word.⁵⁰

Die koopprys van lewende hawe is soos volg deur die repatriasierade bereken: Die kosprys plus die vervoerkoste vanaf die plek waar dit gekoop is en dan is verliese as gevolg van vrekte teen die plaaslike rade gekrediteer. Omdat die veepryse weens die abnormale toestande hoog was en die gehalte laag, was dit geen wonder dat boere lievers in die Kaapkolonie gaan vee koop het nie.⁵¹ Omdat vervoerkoste buitendien by die prys van die repatriasie-vee ingereken is, het die boere dus geen bykomende koste aangegaan deur self hul vee in die Kaapkolonie te gaan koop nie.

Ten spyte van die swak gehalte vee het die veestapels stadig maar seker aangegroei. Volgens 'n verslag van die Landboudepartement van die O.R.K. was daar tot 20 Oktober 1902 die volgende getalle vee in besit van boere: 21,546

48. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 27.

49. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 215/02 (Lindley), 224/02 (Heilbron), 227/02 (Faure-smith), 240/02 (Ladybrand), 256/02 (Ficksburg), 310/02 (Bethulie), 308/02 (Smithfield), 418/02 (Winburg), 756/02 (Boshof), 757/02 (Vredefort), ens..

50. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke 757/02 en 388/02.

51. C.S. 2348/02 ; vgl.. ook Verslag van Repatriasie Skulde-Kommissie, p. 11.

perde, 491,313 skape, 102,384 beeste, 2,271 muile en 607 donkies.⁵² Aan die einde van 1902 het hierdie getalle tot die volgende aangegroei: 805,225 skape, 142,499 beeste, 110,700 bokke, 49,978 perde, 13,877 osse, 7,701 muile, 1,195 varke en 793 donkies.⁵³ Vergeleke met 1890 - toe nog nege jaar voor die oorlog - was dié getalle maar gering:

Soort	1890	1902
Skape	6,619,992	805,225
Beeste	895,099	142,499
Perde	248,878	49,978
Bokke	858,155	110,700
Muile en Donkies	19,782	8,494
Varke	34,787	1,995 ⁵⁴

Hoewel in gedagte gehou moet word dat die runderpes-epidemie van 1896 die veestapel 'n ernstige knou toegedien het, was daar bewyse dat hierdie getalle in 1890 kort vóór die oorlog al weer verbygesteek is. Die totale aantal skape in 1902 was slegs een agste van die totaal van 1890, beeste ongeveer een sesde, perde een vyfde, bokke een agtste en varke een sewentiende. Dit sou dus in die meeste gevalle minstens agt jaar duur - as die vordering in 1902 as basis geneem word - voordat die vooroorlogse peil bereik sou word. Boonop moet in gedagte gehou word dat intussen meer as tien jaar van ekonomiese vooruitgang verlore gegaan het en dat boere met 'n groot skuldelaas opgesaal was. Die jaar 1910 het in 1902 dus as die eindpunt van die herstelprogram voorgekom. Alleen die Afrikaner se eie inherente wil en herstelkrag sou bepaal of dit gouer sou plaasvind al dan nie.

Vanselfsprekend kon nie verwag word dat die landelike gemeenskapskap gou van die skokke van die oorlog sou herstel nie,

52. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 567/02.

53. Cd. 1551/1903, p. 51 : Verslag van maj. McLaughlin, 3.3.1903.

54. Census Report of the O.R.C., 17.4.1904, p. 213.

en daar was voldoende getuienis dat die meeste boere bo-kerf getrek het. In 'n verslag oor die herstel van sy distrik sedert die vrede tot die einde van 1902 het die magistraat van Vrede bepaald nie bemoedigende nuus gehad nie : feitlik die helfte van die repatriasieë wat aan boere verkoop is, het gevrek en 800 volwassenes in die distrik moes nog deur die Repatriasiedepartement gevoed word.⁵⁵

Ook The Friend het, met verwysing na die terugbetaling van die steeds groeiende landbouskuld, nie baie hoopvol geskryf nie: „It is a moral certainty that neither of the two Colonies can afford to pay anything for at least two years. Repatriation is proceeding slowly, but, although the burghers are returning to their farms, there cannot be any appreciable returns for their labour for at least another year....”⁵⁶

Ongelukkig het onderlinge verdeeldheid die Afrikanerdom in hierdie jare geskeur. Reeds tydens Chamberlain se besoek aan Suid-Afrika is hierdie ongelukkige toestand geopenbaar. Die pro-Afrikaner blad, The Friend, het nog vóór die besoek voorbrand begin maak vir die Afrikaner in die O.R.K.: „In this Colony, especially, where matters are righting themselves faster than in our neighbouring Colonies, Mr. Chamberlain will be able to see the class of men who, under de Wet, opposed him to the last ditch, but who to-day is as anxious to work hand in hand with him as any other of the citizens of South Africa He is not going to lend an ear to the cry of the Capitalists and turn a deaf ear to the plea of the poor and almost ruined agriculturalist.”⁵⁷

Hoewel hierdie redaksionele kommentaar slegs 'n variasie op 'n baie ou tema was - voor die oorlog is die Oranje-Vrystaat al te dikwels as die „model-republiek aan Transvaal voorgehou - was daar binne die Afrikanerdom in die O.R.K. ook 'n groot kloof tussen Bittereinders en Hensoppers, nes

55. C.S. 6118/02.

56. The Friend, 23.10.1902.

57. The Friend, 1.12.1902.

tussen die verarmde landbouer en die Randse Kapitalis.

Dit spreek boekdele vir die Afrikaner dat onaangenaamhede en uitbarstings, so vreemd aan sy natuur, selde voorgekom het in die moeilike na-oorlogse maande toe die Bittereinder moes swoeg, terwyl Hensoppers, Scouts en Britse onderdane veel beter daaraan toe was. Selfs Amery loof hierdie houding van die Afrikaner: „Never in the course of history has a conquered people been treated with such friendly confidence, with such true magnanimity. And never, perhaps, has it accepted the verdict of war with such loyal and good-humoured acquiescence. Within eighteen months of the peace a Boer critic of the Government declared to a Boer meeting 'There has been no case of sedition since the peace no instance has been heard of in which a Boer has uttered an insult either to his new flag or to his king. We have not exactly wrapped Union Jack round ourselves, but could any sane man expect that?' The atmosphere of impotent hatred, so intense in Italy under Austrian rule, or in the Southern States of America after the Civil War, was entirely absent Everywhere the British officials were received with courtesy, often with apologies for the inadequate hospitality which a ruined homestead afforded.”⁵⁸

'n Gevoel dat hulle van die Hensoppers en Scouts onderskei moes word, het nogtans in sekere distrikte, bv. Lindley en Vrede, bestaan, waar Bittereinders wit knopies gedra het om hulle van Hensoppers te onderskei.⁵⁹ In Parys weer het Bittereinder-kerkraadslede geweier om saam met Hensoppers in dieselfde kerkraad te dien en in Lindley was ds. Du Plessis, wat met 'n Engelssprekende dame getroud was en gedurende die oorlog as lid van die sogenaamde „Vredeskomitees" die Boere se oorlogspoging probeer saboteer het, verplig om as predikant te bedank. Die Bittereinders het geweier om sy

58. Amery, op. cit., pp. 151-152.

59. C.S. 6118/02.

dienste by te woon.⁶⁰ So ernstig het die bitterheid teenoor verraaiers geword dat Milner in 'n vorderingsverslag aan Chamberlain moes erken: „The Burghers themselves have become divided into bitter factions against each other.”⁶¹

Teen die einde van 1902 was daar nog 'n groot tekort aan goeie vee^{en} skaarste aan voedselware. Om alles te kroon, het die lenterêëns weggebly en 'n kwaai droogte het ingetree. Toe die eerste ploegvare vars en blinknat in Vrystaatse aarde moes lê, was daar nog net 'n dorre en verskroeiende aarde. Gedurende die oorlog, toe landbou feitlik tot stilstand gekom het, het genoeg reën geval, maar die eerste jaar na die oorlog het die kwaaieste droogte in 40 jaar opgelewer. Uit Ficksburg het 'n korrespondent aan The Friend geskryf: „At present the outlook is gloomy. Everything is being baked; the earth is like an oven; water is giving out everywhere; crops, such as there are, perishing.”⁶²

Boonop is die hervatting van boerderybedrywigheide weens 'n tekort aan arbeid gestrem. Gelyktydig met die blankes is naturelle na hulle vorige tuistes gerepatrieer, óf waar hulle verkies het om te woon. Ten tye van die vredesluiting was daar 52,356 naturelle in die 26 naturelle Refugee-kampe. Van owerheidswêë is die versekering gegee dat alles in hulle vermoë gedoen sou word om naturelle-gesinne spoedig op die plase te besorg. As gevolg van die terugkeer van naturelle wat in militêre diens was, het die getalle van naturelle in die Refugee-kampe ná die vredesluiting gou aangewas. Beak beweer dat daar op 1 Junie 1902 in 30 naturelle Refugee-kampe 60,604 naturelle was.⁶³

Die naturelle was onwillig om die Refugee-kampe te verlaat en nog onwilliger om te werk. Die hoë lone van die militêre owerheid gedurende die oorlog het hulle bederf en

60. The Friend, 28.1.1903 ; C.S. 3149/02.

61. Cd. 1551/1903, p. 201.

62. The Friend, 9.12.1902.

63. Beak, op. cit., p. 162 ; Goewermentskoerant, 4.7.1902 ; C.S. 3839/02, vgl. ook C.S. 2150/02.

die laer lone, wat die burgerlike owerheid aangebied het, is deur hulle van die hand gewys.⁶⁴ The Friend het die toestand van die naturelle mooi opgesom: „The late war seems to have had a deteriorating effect on the natives, who evidently expect the same high rate of wage paid by the military authorities, and in many instances, decline to work for wages paid prior to the war. The great factor in the spoiling of the native labourer has been, and still is, the native concentration camps, and the sooner these are done away with, the better for the labour market of the two Colonies.”⁶⁵

Die gebreke aan arbeidskragte was dan ook een van die vernaamste faktore wat weeropbou vertraag het. Die landboukundige huishouding was nog, soos vandag, van goedkoop, ongeskoolde nie-blanke arbeid afhanklik. In hulle krale het sommige naturelle ook ledig gesit, want hulle was versadig deur die hoë oorlogtydse salarisse en kon met vee, wat tydens die oorlog gesteel is, spog.⁶⁶

Na 'n inspeksiereis gedurende Augustus 1902 deur die O.R.K. het kol. H.L. Pilkington, inspekteur-generaal van die berede polisiemag, veral gewys op die onwilligheid van die naturelle om die Refugee-kampe te verlaat en te gaan werk. Voorts het hy 'n onrusbarende verskynsel aan die lig gebring: „The Kaffirs on the whole have gained much more than they lost during the war. They are not inclined to work and are disposed to be insolent and insubordinate towards the Boers. They appear to think that under British authority they will not be kept in order at all.”⁶⁷

Volgens 'n ope brief, onderteken deur genl. Louis Botha, maar geskryf deur genl. Smuts, in 1904, het die naturelle, versadig van die oorlogtydse geld, in ledigheid gesit en

64. Worsfold, op. cit., p. 50.

65. The Friend, 13.10.1902.

66. The Friend, 16.10.1902 ; vgl. verder The Friend, 15 en 18 Desember 1902, asook C.S. 3637/02 waarin die magistraat van Smithfield kla dat feitlik alle boere in sy distrik sonder naturelle-arbeid is.

67. C.S. 3388/02 : Verslag, 22.8.1902.

wag op die millennium wat die Engelse hulle beloof het.⁶⁸
The Friend het min of meer in dieselfde trant geskryf: „It is a well-established fact that under the aegis of the Union Jack the natives in South Africa have become demoralised and dissolute and completely 'out of hand'“⁶⁹

Naturelle wat na plase wou terugkeer, het gratis rantsoene vir drie, en in sommige gevalle vir vier maande, ontvang. So traag was hulle egter om die luilekkerlewe van die Refugee-kampe vaarwel te sê, dat daar tot 15 September 1902, m.a.w. in drie en 'n half maande na die vredesluiting, slegs 10,796 naturelle gerepatrieer is.⁷⁰

Die knellende droogte wat van 1902 tot 1903 geduur het en die mislukking van die eerste mielie-oes het baie naturelle egter gedwing om te gaan werk. Op 21 Januarie 1903 was daar nog net 77 naturelle in die Refugee-kampe oor. Die koste verbonde aan die repatriasie van naturelle en die naturelle Refugee-kampe het meer as £32,616 bedra.⁷¹

Ten spyte van die feitlik algemene repatriasie van naturelle tot Januarie 1903 het The Friend op 3 Februarie 1903 nog gekla dat die naturelle nie wil werk nie en dat dit die boerdery strem. Die magistraat van Winburg het ook gekla oor die gebrek aan werkvolk en die feit dat die naturelle die gedagte koester dat hulle, deur te weier om na hulle vorige tuistes terug te keer, die regering sou verplig om groot regeringslokasies op dieselfde grondslag as die naturelle Refugee-kampe in stand te hou.⁷²

Baie jong naturellevroue het besef dat hulle, eerder as om te werk, deur prostitusie hulle salarisse kon vertiendubbel. So vinnig het hierdie euwel, hoofsaaklik met blankes,

68. Millin, op. cit., p. 200.

69. The Friend, 25.10.1902.

70. C.S. 3778/02 : Verslag insake naturelle Refugee-kampe, 15.9.1902.

71. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, p. 52; Beak, op. cit., p. 163.

72. C.S. 4796/02 : Verslag, 5.11.1902.

toegeneem dat die Kommissaris van Polisie in die O.R.K., D.G. Gray, in Julie 1902 strenger wetgewing teen prostitusie moes bepleit. Die polisie het baie naturelle-prostitute verban, maar op 11 Julie 1902 was daar - slegs van die gevalle aan die polisie bekend - in sewe O.R.K.-dorpe 96 naturelle-prostitute. Vuilsiekte het algemeen in die lokasies voorgekom en, omdat baie blankes lokasie toe gaan, het die polisiehoof aanbeveel dat daar liewers 'n dosyn „white clean prostitutes" in Bloemfontein toegelaat moes word.⁷³

Na al die mislukkings en probleme was daar egter ook bemoedigende nuus vir die owerheid. Dit het getoon dat die landbouwer weer hand aan die ploeg geslaan het. Die korrespondent van The Friend in Ficksburg en Ladybrand het gedurende Oktober 1902 berig dat, hoewel boere die ruïnes van hulle eertydse wonings vol smart gadeslaan, „the people are returning to their old ways as fast as circumstances will permit."⁷⁴

Ook die houding van en gees waarin die Afrikaner sy plaas begin opbou het, het gunstige kommentaar ontlok: „The O.R.C. is steadily righting itself, and the people of this Colony are living together more in harmony than in any other part of S. Africa. The rancours and hatreds of the struggle are fast becoming a thing of the past It is both interesting and satisfactory to note the way in which the settlement of the Orange River Colony is progressing."⁷⁵

Korrespondente van The Friend het in nuusbrokkies uit hulle onderskeie distrikte blyke van die Afrikaner se ekonomiese herstel gegee. Uit Winburg is berig dat die Afrikaners vasberade was om hul vooroorlogse boerderypeil te herstel. Vanaf Brandfort is berig dat boere opnuut hand aan die ploeg geslaan het en hard werk, terwyl 'n Winburgse Afrikaner in

73. C.S. 2364/02 : Verslag, 11.7.1902.

74. The Friend, 14.10.1902.

75. The Friend, 27.10.1902.

'n brief aan die redakteur verklaar het dat die regering hulle net moes help om opnuut te begin en hulle dan met rus moes laat.⁷⁶

Ook Afrikaner-weduwees en vroue van krygsgevangenes wat ver weggestuur was, het getoon van watter staal hulle gemaak was. Waar sodanige vroue 'n manlike verwant of vriend kon vind om hulle te help, is hulle plaas toe gestuur. Hierdie vroue wou graag iets voor die einde van die ploegseisoen van 1902 saai. Beak was vol lof vir die moed van hierdie vroue: „The Boer farmer's wife has proved herself capable of much hard work out of doors, and possessed of much resourcefulness and energy, and in nearly every case was as much farm work done as if the husband had accompanied his family.”⁷⁷

Teen die einde van 1902 was die meeste van die inwoners van die O.R.K. op hulle plase terug. 'n Aantal het alreeds geploeg en gesaai, maar die gerepatrieerdes was nog nie selfvoorsienend nie. Op 31 Januarie 1903 moes nog sowat 40,000 gerepatrieerdes rantsoene van die Repatriasiedepartement ontvang.⁷⁸ Hoe dit ook al sy, die hervestiging van die bevolking was feitlik afgehandel en die herstelprogram kon in alle erns geloods word. In die O.R.K. was 10,000 uit sowat 12,000 krygsgevangenes terug en in die Refugee-kampe was in Brandfort nog net 551 en in Springfontein 791 oor. In Transvaal is tot 22 November 1902 sowat 45,000 mense gerepatrieer.⁷⁹

Die owerheid was nogtans nie besonder optimisties gestemd met die oog op die toekoms nie. Maj. H.J. McLaughlin, sekretaris van die Sentrale Repatriasieraad van die O.R.K., het verwag dat teen die herfs van 1903 daar nog 20,000 van die Repatriasiedepartement afhanklik sou wees. Vandaar

76. The Friend, 24.12.1902 en 4 en 11 November 1902.

77. Beak, op. cit., p. 139.

78. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 758/02.

79. Luitenant Goewerneur Transvaal : Band 84 no. 93/1 : Progress of Repatriation ; C.S. 546/03.

luitenant-goewerneur Goold-Adams se versigtige uitlating in sy vorderingsverslag vir 1902 : „Although the progress of the last eight months has exceeded our most sanguine expectations; it is still too early to venture any forecast as to the length of time it will take to complete the work of repatriation. A great deal depends on the natural recuperative power of the country.....”⁸⁰

Ook Milner het in sy vorderingsverslag vir die eerste agt maande na die oorlog aan Chamberlain bloot vae feitelike gegewens verstrek: „The principal points in the history of this period, to which I would direct attention, are the return of the prisoners of war; the restoration of the country population to their homes; their maintenance, and the supply to them of virtually everything necessary for their support.....”⁸¹

Teenoor 'n vriend was Milner veel meer optimisties oor die welslae van sy herstelprogram. Op 21 Desember 1902 skryf hy dat hy oortuig is „that the bulk of the 'repatriated' Boers will be off our hands by March or April.”⁸² The Friend was oortuig dat daar eers na drie of vier gunstige jare van herstel gepraat sal kan word.⁸³

Indien die hervestiging van die boere op hulle plase, en nie hulle werklike ekonomiese stand nie, as maatstaf geneem word, was die luitenant-goewerneur nie verkeerd ingelig nie toe hy in 1902 by die aanvang van hierdie liggaam se sitting met betrekking tot repatriasie verklaar het: „I am glad to be able to inform you that the work of Repatriation, although carried on under great difficulties, has proceeded far more rapidly than could have been foreseen. The number of persons still remaining in the Concentration Camps is quite insignificant, and it will be satisfactory to you

80. Cd. 1551/1903, pp. 49 en 54.

81. Ibid., p. 1.

82. Headlam, op. cit., p. 375.

83. The Friend, 9.12.1902.

to know that the health of their inmates during the last twelve months has been excellent."⁸⁴

Bogenoemde was eintlik niks meer as 'n terloopse verwysing na repatriasie nie en daarby baie vaag. Die luitenant -goewerneur se verslag oor die finansiële toestand van die Kolonie, wat na verwagting 'n oorskot van £15,000 vir die boekjaar sou oplewer, het The Friend dadelik geïnspireer om van die „wonderlike" herstel van die gebied na die oorlog te skryf!⁸⁵ Die redakteur het egter nagelaat om van die herstel van die inwoners van die O.R.K. - die werklike basis van enige herstel - melding te maak.

Wat wel belowend was, was die gees waarin die Vrystaters die weeropbou aangepak het. Reeds met die oorgawe van die Bittereinders het genl. E.L. Elliott geskryf: „The tone of the burghers was much the same everywhere. They were all proud to think that they had fought it out to the end."⁸⁶

Beak was van mening dat die Afrikaner dit moeilik sou vind om deel van die magtige Britse Ryk met sy wydlopende belange te word: „It was difficult for both the late surrenderers and the returning prisoners of war to take up again the thread of everyday life, and to resume their ordinary occupations. To the Boer all that had seemed worth living for had apparently disappeared. He was now called upon to take up his status as a citizen of an Empire that had worldwide interests, by the side of which things merely South African must appear insignificant. All periods of transition are disquieting to those who have to live through them; for so self-centred a nation as the Boers it was particularly difficult to accept the new order of things."⁸⁷

Beak se groothartige kommer oor die Afrikaners se aanvaarding van hulle Britse status was egter oorbodig. H.

84. Notule van die Wetgewende Raad van die O.R.K., 14.1.1903, p. 7.

85. The Friend, 15.1.1903.

86. Cd. 988/1902 : Verslag, 18.6.1902.

87. Beak, op. cit., p. 53.

Middleton, gewese magistraat van Bethlehem, het spontaan en ongevraagd aan die regeringsekretaris 'n kykie in die Afrikaner-karakter gegee deur te skryf dat hulle „are far more likely to settle down in a contented way with something to do, than to be treated as a helpless people.”⁸⁸ Ontredderd was die Afrikaner dus nie. Hulle was verheug om na hulle plase terug te keer. Vervolgens het die magistraat geskryf: „They quite grasp the fact that they go back, as it were, to nothing, but, to go back to the ground which is their own, with their wives and familiesseems to be what they would prefer.”⁸⁹ Uit Ficksburg, waar gedurende die oorlog 273 plase verwoes is, het die korrespondent van The Friend berig: „The rapidity with which farmers are working themselves into the happy old grooves is truly remarkable.”⁹⁰

Dat die meeste Afrikaners bereid was om na hulle verwoeste plase terug te keer en van nuuts af te begin, spreek boekdele vir die deursettingsvermoë en inherente wil van die Afrikaner om oor teenslae te triomfeer. Juis hierdie gees het die Afrikaner van algehele ondergang en uitsaking gered. Op die vooraand van Chamberlain se inspeksietoer deur die eertydse republieke is 1903 het The Friend die herstelkrag van die Afrikaner heelhoog geprys: „It is remarkable how the Orange River Colony has settled down since the peace, how the people have returned with the fixed determination to restore their ruined farms and burnt homesteads, and to in reality turn the sword into a ploughshare On all sides one sees the man who was a fierce fighter some months ago, is now a peaceable citizen, with but one object in view - that of restoring his country to the prosperous state it was in before the war

88. C.S. 1738/02.

89. Ibid.

90. The Friend, 3.1.1903.

..... This condition of affairs within eight months after a terrible struggle is eminently satisfactory...."91

Chamberlain was uitgeslape genoeg om hierde gedagterigting op te volg. Tydens sy toespraak gedurende 'n noenmaal in Bloemfontein het hy o.a. gesê: „I was glad to see in so many cases that the men who fought against us are now fighting with equal energy in order to repair the damage I admire the energy, and I would almost say the cheerfulness they are displaying, and which, I think augurs well for the future of the Colony That has been my experience in every town through which I have passed; everywhere there are signs of increasing confidence, and of a determination to make the best of the opportunities”92

In 'n skrywe aan pres. Steyn, toentertyd oorsee, het genl. De Wet ook die onvernietigbare gees van die burgers geloof: „Maar er blyft onder onze burgers, die standvastig gestaan hebben, het zelfde vertrouwen en dezelfde geest als voorheen.”93 Ook oud-landdros C.C. Froneman van Senekal het in 'n brief aan pres. Steyn die verbasende herstellingsvermoë en moed om weer bo uit te kom, aangeprys: „Het is verbazend te zien hoe de menschen alle pogingen aanwenden tot herstel van ons treurig stand.....”94

Selfs die ongenaakbare en strenge Milner het in sy vorderingsverslag van 14 Maart 1903 die onuitblusbare Afrikanergees geskilder: „The change in the attitude of the farming population, about that time, was very noticeable. The extreme depression which characterised them two or three months earlier had almost completely passed away, and they were looking forward to the future with much more hopefulness They showed, with few exceptions, great patience under hardships, and much energy and resourceful-

91. The Friend, 28.1.1903.

92. The Friend, 6.2.1903.

93. Pres. Steyn-versameling 156/2/1: Inkomende brief, 17.1.1903.

94. Pres. Steyn-versameling 156/2/1 : Inkomende brief, 2.2.1903.

ness in making the best of the small means at their disposal"⁹⁵

Ramsay Macdonald het egter met die volgende gunstige kommentaar oor die Afrikaner se lewensiening ná die oorlog die seël op al hierdie lotuitinge geplaas: „I desired to know in what state of mind he had returned. Was he a defeated man? Did he look back upon the war with pride, or had its results crushed him? I had no difficulty in coming to conclusions, for wherever I met him he was the same. He is proud of himself. He has lost his independence, but he has won a gallery of heroes and an inspiring history."⁹⁶

Die oorlog het in baie gevalle die fleur van hul liggame ontnem, maar hulle harte is ongeskonde gelaat. Selde in die annale van oorlogvoering is die lewe van die nievegtende bevolking in so 'n mate beroer, so swaar getref soos gedurende die Tweede Vryheidsoorlog nie. Selde in die geskiedenis het 'n volk tot so 'n hoë grens van opoffering en heldedom gestyg. Selfs Roberts moes erken: „They were brave men. Large-hearted, generous, and respected their enemies. We had never in the field met a braver enemy than the Boers."⁹⁷ In hulle beproewing was hulle standvastig, onder dwang onafhanklik, onder vernedering waardig, onder smart geduldig en by die aanblik van die dood kalm.

Aan die einde van 1902 was dit reeds duidelik dat die aanvanklike verlamming gewyk het, wat net ná die oorlog gedreig het om die Afrikaner te oormeester. So het die dolksteek op die hart van die Afrikanernasie sy doel nie bereik nie.

Die blote aanvaarding van hul lot na die verwoestende oorlog en die begeerte om uit homself te herstel, bevestig die Afrikaner se aanspraak op roem. Daardeur het hy tot

95. Cd. 1551/1903, p. 5.

96. Macdonald, J.R., What I saw in South Africa, p. 16.

97. The New Age, 6.9.1906 : Roberts-toespraak gedurende Junie 1902 voor die Royal Asiatic Society.

onverganklike gestalte gegroei. Swaarkry, hongery en die ander naweë van die oorlog het die adel van hart en inbors gelouter. Sommige Afrikaners, bv. Botha en Smuts, sou later goeie vriende van Engeland word, maar selfs hulle sou nes die ander nooit hul nasieskap aflê nie.

Aan die einde van 1902 was daar nog veel ellende in die O.R.K. aanwesig, maar dit was toe reeds duidelik dat die Afrikaner met sy houding van „ek vra geen simpatie nie,” die beste van 'n slegte saak gemaak het. Opvallend is dit dat die Britse gesagsdraers in hulle optimistiese vorderingsverslae aan die owerheid in Engeland hierdie karaktertrek van die Afrikaner verswyg het. Dat die Afrikaner binne ses maande na die vrede daarin geslaag het om homself weer te vind, sou hom goed te stade kom, want die jaar 1903 sou toon dat daar vir hom nog bitter en moeilike jare voorgelê het.

* * * * *

Maar hoe die gees van die Afrikaner hom ook al in die aanvangsjaar stadig opgerig het, in 1903 sou sy wil om te herstel deur die natuur tot die uiterste beproef word. 'n Knellende droogte het al die werk van 1902 ongodaan gemaak. Amery erken: „For the Boers, the whole of 1903 proved a very trying time.”⁹⁸

Vanaf Januarie tot September 1903 het slegs 8.9 duim reën in die O.R.K. geval in vergelyking met 'n gemiddelde van 23.86 duim vir die jare 1879 tot 1901.⁹⁹ As gevolg hiervan was die mielieoes wat in 1902 gesaai is, 'n volslae mislukking en so ook die koring wat in April 1903 gesaai is. Gedurende die droogte was selfs die Caledonrivier - bronaar van die graanskuur van die O.R.K. - droog.¹⁰⁰ Dit

98. Amery, op. cit., p. 100.

99. Beak, op. cit., pp. 168-169.

100. Worsfold, op. cit., I, pp. 86-87.

was werklik asof die natuur wou meehelp om die Afrikaner finaal te breek. Heel swaarmoedig het genl. De Wet op 17 Januarie 1903 vanaf Koppies aan president Steyn geskryf: „De toestand van ons volk is zeer betreurenswaardig. Er heerscht nu eene groote droogte zoodat er bijna geen kans is om te ploegen.”¹⁰¹

Hoewel die ganse O.R.K. deur die droogte geteister is, was dit veral die saaidistrikte in die noordelike en noord-oostelike distrikte wat kwaai deurgeloop het. Ook die vee het gely. Die staatsveearts het in sy verslag vir Augustus - September 1903 die volgende droewige toneel opgeteken: „While waiting at Vredefort Road I saw a mule train passing through the station. In front of the station was a tank, from which men were drawing water. When the mules saw and smelt the water, they raised one universal cry of delight, only to be followed, unfortunately, by an equal universal groan of agony as the poor brutes saw the water for which they were thirsting, left behind.”¹⁰²

Dat die Repatriasiedepartement juis op hierdie stadium van bitter swaarkry besluit het om sy werksaamhede op 1 Mei 1903 te staak, was egter 'n growwe oordeelsfout. Voorsitters van plaaslike repatriasierade sou egter nog voortgaan om rantsoene aan hulpbehoewendes uit te reik. Sedertdien sou die Repatriasiedepartement as die Relief Department bekend staan. Onder toesig van die Luitenant-goewerneur en die regeringsekretaris sou H.J. McLaughlin en G.B. Beak onderskeidelik as Direkteur en Assistent-Direkteur van „Relief” optree.¹⁰³

As gevolg van die ontbinding van die Repatriasiedepartement en die terugkeer van handelaars na die dorpe, het die meeste repatriasiewinkels gesluit. Hulle voorrade is

101. Pres. Steyn-versameling 156/2/1.

102. Government Relief Department : Inkomende stukke 1352/03.

103. Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, etc., 1906, pp. 20-21.

deur winkeliers oorgeneem en die uitreikings van rantsoene is gestaak. Dit het rampspoedige gevolg vir die gerepatrieerdes gehad. „As was to be expected, the price of flour and Boer meal at once rose when we stopped selling. It would undoubtedly assist the farmers greatly if we could obtain an extra supply to be sold for cash at a reasonable figure. The lowest quotation for mealies we have been able to obtain, is 30s. 9d. delivered at Harrismith. The price is high, but seeing that as soon as our stock ran out the local prices rose at once from 25s. to 32s. 6d. per muid, it appears to be absolutely necessary to get a further supply not only of the quantity which we ourselves sell, but because it enables us to keep the price fairly reasonable," het die magistraat van Bethlehem in sy vorderingsverslag tot einde April 1903 geskryf.¹⁰⁴

Om die dreigende hongersnood as gevolg van die langdurige droogte die hoof te bied en die buitensporige pryse van handelaars te besnoei, moes voedseldepôts opnuut geopen word.¹⁰⁵ Dit het heilsame gevolg gehad. In sy verslag vir Julie 1903 kon die magistraat van Bethlehem skryf: „The policy of keeping a supply of foodstuffs for issue for cash has amply justified itself. The ring of storekeepers has been broken, and they are now cutting prices against each other. Flour can now be bought in the stores at 18s. 6d. per 100 pounds, and mealies at 22s. 6d., a reduction of 40 per cent. on the prices ruling before our last stocks arrived.”¹⁰⁶

Intussen het getuienis van swaarkry as gevolg van die droogte uit veral die noordelike, suidelike en westelike distrikte van die O.R.K. die owerheid bereik. Sover dit die noordelike streek betref, het die droogte veral die

104. Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, Monthly Reports : Verslag 1.5.1903.

105. Sentrale Repatriasieraad : Uitgaande stukke, 758/02.

106. Government Relief Department : Inkomende stukke, Monthly Reports, Julie 1903.

boere van Parys, Bultfontein, Lindley, Frankfort en Reitz geknel. In Parys was daar gesinne wat nie kos gehad het nie.¹⁰⁷ Uit Bultfontein het 22 persone oor grootskaalse ellende gekla en aansoek om gratis voedsel gedoen.¹⁰⁸

Die magistraat van Lindley het op 20 Februarie 1903 getuig dat dit nog lank nodig sou wees om twee derdes van sy distrik te voed.¹⁰⁹ Aan die begin van Junie 1903 het die magistraat van Lindley dringend om 100 sakke boermeel gevra, want persone wat van die rantsoenlys verwyder was, val almal daarop terug. Daarby was dit die koudste winter in menseheugenis.¹¹⁰ Gedurende Augustus 1903 het 19 persone uit Lindley getuig dat hulle net pap eet. In Reitz was daar tussen 80 en 90 gesinne in diepe ellende en 'n gelyke getal persone in Lindley en Frankfort was sonder kos.¹¹¹ 'n Rukkie later het 146 inwoners van Reitz gekla dat hulle sonder kos en geld was. Kruideniersware en groente was onverkrygbear. Hulle het om gratis voedsel aansoek gedoen.¹¹² In sy uitgawe van 22 Augustus 1903 het The Friend vertel van 'n boer wat 50 myl ver na die Relief Works loop, 'n paar maande werk en dan met £4 terugkeer sodat sy vrou en kinders voedsel en saad kan koop.

Uit Hoopstad het „An esteemed Correspondent" van The Friend 'n bykans wrange beeld van swaarkry en ellende geskets: „For instance, J.K., whose farm buildings were all destroyed during the war, has now to live on his ruined farm. All his son possesses is a bull and a calf. These people draw nothing and have to subsist, as far as meat is concerned, on the flesh of porcupines and antbears, which

107. C.S. 831/03 : Brief van C. Fouche, 29.1.1903.

108. C.S. 6575/03.

109. Magistratuur Lindley : Uitgaande brief, 20.2.1903 ; Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke, 900/03.

110. The Friend, 13.7.1903 ; Government Relief Department : Inkomende stukke, 1166/03.

111. C.S. 6286/03.

112. Government Relief Department : Inkomende stukke, 1285/03.

they catch at night. I may tell you that I am a poor man who gets nothing and wants nothing."¹¹³ Hierdie getuienis is later deur die magistraat van Hoopstad bevestig: „I was informed by more than one farmer, especially among the poorer classes (Bijwoners) that during the drought last year they subsisted chiefly on vermin, such as springhares, antbears and porcupines....."¹¹⁴ Uit Fauresmith is berig: „In many cases the farmers are still leading a hand to mouth existence"¹¹⁵

Hierdie berigte van wydverspreide nood en ellende het die owerheid verontrus. Gevolglik het die Government Relief Department verslae omtrent die heersende toestande in die verskillende distrikte aangevra. Behalwe die magistraat van Bethlehem, wat vol bewondering was vir die wyse waarop boere hulle plaaswerk aanpak, het al die ander magistrats berig dat wonings op die plase meesal nog nie herstel was nie en dat die boeregemeenskap bitter swaarkry.¹¹⁶

Weens die droogte het 8,651 persone nog tot aan die einde van Mei 1903 voedselrantsoene van die Relief Department ontvang. Teen Augustus 1903 het dié getal darem tot 4,170 gedaal.¹¹⁷ Verontrustend was egter die groot getal boere, meestal bywoners, wat weens die droogte die plase verlaat en op die Relief Works toegesak het. Teen Junie 1903 het die getal inwoners van die onderskeie Reliefkampe tot 3,082 aangegroei.¹¹⁸

'n Beeld van die ellende wat dwarsoor die O.R.K. geheers het, kan duidelik gevorm word uit Emily Hobhouse se beskrywing van haar reis deur die O.R.K. gedurende die laaste helfte van 1903. Sy het besluit om haarself van

113. The Friend, 4.2.1903.

114. C.S. 1683/04 : Verslag, 25.2.1904.

115. Government Relief Department : Inkomende stukke, Monthly Reports : Verslag, 30.6.1903.

116. Government Relief Department : Monthly Reports, Feb.-Mei 1903.

117. Government Relief Department : Inkomende stukke, 1315/03 en 1162/03.

118. C.S. 7017/03 : Verslag, 30.6.1903.

die toestand van die landelike gemeenskap in die mees verwoeste dele van die O.R.K. persoonlik op hoogte te stel. Tydens hierdie uitgebreide rondreis het sy vir ons 'n betroubare weergawe van die landstoestand verstrek.

Op 12 Junie 1903 het haar reis vanaf Bloemfontein in die rigting van Boshof 'n aanvang geneem. Op die plaas Bultfontein het sy by die Rheeder-gesin oornag. Een deel van die gesin het in die waenhuis en die ander in die „patched-up“ buitekamers van die afgebrande en daklose huis gewoon. By 'n sekere Steenkamp het sy die volgende dag soortgelyke toestande aangetref.¹¹⁹

Dieselfde dag het sy werklike broodsgebrek by 'n sekere Van Aswegen aangetref. In 'n brief aan haar tante skryf sy dat hierdie gesin nie eers koffie gehad het om aan haar voor te sit nie. Sy het koffie en rys aan hulle gegee. Toe hulle die Refugee-kamp verlaat het, is tien dae se rantsoene op rekening aan hulle verskaf en sedertdien het hulle geen verdere hulp van die owerheid ontvang nie. Voorts skryf sy: „No cows. Some hens which cannot lay for want of food. They live on goat's milk, hares and birds which they trap, and Springbok which they shoot....“¹²⁰ Soms gebeur dit dat, wanneer die berede polisie op die plaas kom, die boere hulle gewere leen, 'n paar bokke skiet en dan een aan die konstabel afstaan om hom in 'n goeie luim te hou.

Op 14 Junie het sy darem in die distrik Boshof by Piet Nel en drie jong skaapboere tekens van herstel op die weg na selfstandigheid aangetref. In die dorp Boshof het die 600 inwoners almal hulp nodig gehad. Gewoonlik het die inwoners in een kamer van die huis, waarvoor 'n venster gevind kon word, gewoon en sakke voor die ander stukkende vensters gespyker.

119. Pres. Steyn-versameling 156/3/12 : Diverse stukke, I : Memoirs XI : Emily Hobhouse aan lady Hobhouse, Junie-Augustus 1903.

120. Ibid.

Vanaf Hoopstad het sy in 'n versoekskrif aan die Luitenant-goewerneur van die O.R.K. die aandag op die knellende droogte gevestig en gratis voedsel vir die inwoners aangevra totdat hulle oeste ingehaal was. Volkome ekonomiese ondergang van die inwoners het vir haar onvermydelik gelyk. Baie kon daagliks net een maaltyd nuttig en dan was dit gewoonlik net pap.¹²¹

Kontantgeld was in Hoopstad skaars, want die inwoners het nog steeds op die uitbetaling van kompensasie gewag. Op pad na Bultfontein het sy gevalle van die grootste nood en ellende teengekom. Sy moes haar eie padkos met die ou heer Jan de Wet deel.

Op 19 Junie het sy in Brandfort by die Van Graan-gesin aangekom. Voor die oorlog was hulle welgesteld, maar een het nou in 'n stal gewoon en almal het 'n patetiese stryd gevoer om weer op die been te kom. Op die groot plaas was net 16 skape wat teen 'n lae prys by 'n vriend gekoop is, omdat hulle aan brandsiekte gely het. Aartappelsaad wat by die regering gekoop is, het weens die droogte geen oes opgelewer nie. Ten spyte van hulle betreurenswaardige toestand en die verwoeste toestand van die plaas het die eienaar en sy broer nog kans gesien om te lag. Emily Hobhouse het hierdie gelag by baie Afrikaners wat sy ontmoet het, verskriklik gevind en dit as wanhoop vertolk.¹²² Hierdie gelag was waarskynlik 'n teken van die kenmerkende humorsin van die Afrikaner om selfs onder die allermoeilikste omstandighede vir homself te lag of met homself te spot.

Aan die einde van Junie is sy na Koppies, waar sy enkele dae op die verwoeste plaas van genl. De Wet deurgebring het. Sy het gesien dat genl. De Wet sukkel. Hy het 'n bestaan gemaak van die 6d. outeursregte op sy boek. Tog het hy, nes die ander Afrikaner, gelag.

121. *Ibid.* : Versoekskrif, Junie 1903.

122. *Memoirs XI*, 19.6.1903.

Vanaf Augustus het sy die noordelike distrikte besoek. Te Heilbron het sy by die weduwee Boshof vertoef waar die sterre snags geskitter het deur gate so groot soos halfkrone in die dak. Oor die mense self het sy geskryf: „They eat so very little, for they have so little to eat.”¹²³

Tydens haar besoek aan Lindley het sy verneem dat 'n winkelier, Oates, rente vra op kliënte se vooroorlogse rekeninge. So het een vrou se rekening van £7 tot £20 aangegroei. Om hierdie skuld en Repatriasieskuld te betaal, het mense nie geld vir kos en klere gehad nie. „It is cruel. A large poor class which never existed before is being created on the land,” het sy geskryf.¹²⁴

Op aandoenlike wyse het sy oor Lindley en sy inwoners geskryf: „It is all lamentable in the town and district. I shall never forget the pathos of the meeting when they came to address me - I felt so utterly at a loss what to say to them. Even General Olivier could not speak, but turned away, and they silently melted off, each with his burden of want and debt and barrenness, in face of which one's sympathy seemed a mockery.”¹²⁵

Op die plaas Plezier het een van die dogters haar in die kamer geroep en meegedeel dat daar niks was om te eet nie. 'n Moeder, wat haar eersteling verwag het, het nie eens 'n tjalie vir die kind gehad nie. Maande lank het die mense net van pap gelewe. „Two old people came into town The minister's wife gave them a joint of salt meat. Going home, such was their craving, they ate half of it raw.”¹²⁶

In Reitz het 'n man, sy 65-jarige skoonmoeder en elfjarige dogter meer as tien myl ver vir kos na die dorp ge-

123. Memoirs XI, 2.8.1903.

124. Ibid. Hierdie bewering was foutief. Voor die oorlog was pres. Steyn al bekommerd oor die armblankegetalle.

125. Memoirs XI, 2.8.1903.

126. C.S. 6207/03 : Emily Hobhouse in The South African News, 13.8.1903 ; Memoirs XVIII, pp. 6-7.

loop, nadat hulle die vorige dag laas een maaltyd genuttig het. In Ventersburg het ds. Snyman haar meegedeel dat in sy gemeente van 400 daar 300 lidmate was wat nie vir hulself kon sorg nie. Sy was in die wolke oor die vertoning van 'n plaaswoning wat heeltemal in sy vooroorlogse toestand herstel is. Ook in Jacobsdal was daar verskriklike ellende.¹²⁷

Na haar reis het sy verklaar dat veral die mense van die westelike gebiede sowel as Frankfort, Reitz, Heilbron en Lindley werklik honger gely het. Omdat osse so skaars was, is kinders soms voor die ploëë gespan. Nogtans loof sy die inherente adel van karakter en waardigheid van die Afrikaner: „The people are very quiet; the hungrier they are, the more restraint they seem. The women retain their composure, though the moisture is in their eyes when they describe their condition, and I have seen tears well up in the face of many a stalwart Boer at the mere prospect of a bag of meal.”¹²⁸

Emily Hobhouse se getuienis van soveel stille lyding en ellende het die owerheid tot aksie gedwing. Magistrate is opdrag gegee om rondreise in hulle distrikte te onderneem en verslag oor die algemene landstoestand te doen. Hulle verslae het die voorafgaande beeld van ellende en nood bevestig. Oral was water skaars. Selfs in Bethlehem was daar gevaar dat die oes weens die droogte heeltemal kon misluk. In Bloemfontein, Dewetsdorp, Brandfort en Reddersburg was vooruitsigte „gloomy.” In Bethulie, waar die magistraat elke plaas besoek het, sou grootskaalse ellende voorkom indien die droogte voortduur. Uit Ficksburg is berig: „Everything is now burnt up.” In Smithfield het

127. Pres. Steyn-versameling 156/3/12 : Memoirs XXI : Briewe aan lady Hobhouse, 1-23 Oktober 1903.

128. C.S. 6207/03 : Koerantknipsel van The South African News, 13.8.1903.

baie boere skaars drinkwater gehad.¹²⁹

Nadat hy hom van die ontstellende inhoud van die meeste verslae vergewis het, het G.B. Beak, Assistent-Direkteur van Relief in die O.R.K., aan sy hoof, maj. H.J. McLaughlin, geskryf: „I have gone carefully through the September reports received from the various District Administrators of this Department. I regret to inform you that the situation generally, as revealed in these reports, is most disheartening.”¹³⁰ Tog het hy Emily Hobhouse se bewering dat Repatriasie misluk het en dat grootskaalse ellende heers - iets wat selfs op hierdie tydstip in die Kaapse parlement te berde gebring is - betwyfel, en verklaar dat persone wat beter ingelig was oor die werklike stand van sake, haar beskuldigings weerlê het. Repatriasie was afgehandel en noodleniging is in verdienstelike gevalle verleen. Twee droogte-seisoene het egter elke poging van sy Departement om die bevolking van die O.R.K. tot normale leefwyse te herstel, lamgelê en verydel. Hy het erken dat die O.R.K. sedert die einde van die oorlog niks geproduseer het nie. Alle menslike pogings het misluk omdat die natuur nie sy rol gespeel het nie. Meer grond as voorheen is bewerk, maar die oeste het misluk. Die koringoes wat nog in Augustus 1903 belowend gelyk het, het verdor. Wanneer dit reën, sou lande opnuut geploeg moes word. Die veelgeroemde „graanskuur” - die Caledonvallei - sou nie eers genoeg vir eie gebruik produseer nie. In Smithfield, Fauresmith en Jacobsdal het waterskaarste gedreig. „Although not perhaps in an equal degree, the effect of the drought has been, and is being, felt by all classes of the farming community. The landowner is in a worse position than when the Repatriation Department was closed down; the land settler has in many cases staked his

129. Government Relief Department : Inkomende stukke, 1400/03.

130. Ibid.

little all and he bids fair to come out a loser; the bywoner is being driven to the Relief Works," het hy afgesluit.¹³¹

Hoewel bywoners honger gely het, het hy beter vooruitsigte vir hulle in die Relief Works betwyfel. Laasgenoemde sou die vraagstuk nie oplos nie. Hy het hulp aan alle hulpbehoewendes bepleit. In baie distrikte, veral Wepener, Ficksburg en Bethlehem, het ook naturelle honger gely en bykomende rantsoene en voorrade sou aan hulle verskaf moes word.¹³²

Uit hierdie memorandum van Beak blyk duidelik die invloed van die uitgerekte droogte op die herstelprogram. Dit het selfs die Relief-beamptes medeloes gemaak. Desnieteenstaande het die magistraat van Hoopstad, na aanleiding van Emily Hobhouse se bewering, verklaar dat daar net een of twee gevalle van werklike nood in sy distrik was. Op 24 September 1903 het „One Who Knows" vanaf Hoopstad die magistraat se beweringe betwis. Eersgenoemde was bewus van verskeie gevalle waar gebrek gely word. Hy het die volgende uitlating van 'n korporaal in die berede polisie met betrekking tot die noodgevalle aangehaal: „We have never been told to report cases of distress, nor would we think of volunteering our information, for we would get no thanks, but I could point out about twenty such cases of distress, or next door to starvation and yet I am not able to point out every case, as it is impossible to go up to a man and ask him whether he is starving. Our R.M. (Resident Magistrate) certainly shows that he is not well informed, when he says, 'there are only one or two cases'.¹³³

„One Who Knows" het die toestand in Hoopstad en die O.R.K. soos volg geskets: „It is ruined through the late

131. Ibid.

132. Ibid.

133. The Friend, 1.10.1903.

war, and since peace the farmers have had no chance of regaining or restoring their lost fortunes. Many a landowner is away at the different relief works to earn a few shillings to keep the wolf from the door, while their farms are going to wreck and ruin."¹³⁴

Twee dae na hierdie brief gepubliseer is, het die magistraat van Hoopstad ter verdediging verklaar dat hy gedurende Junie en Augustus 1903 aan 25 gevalle van gebrek, wat onder sy aandag gebring is, rantsoene gestuur het. Dit was al werklike gevalle van ellende.¹³⁵

Die waarnemende Luitenant-goeweneur was blykbaar tevrede met hierdie verontskuldiging, want op 12 Oktober 1903 het hy aan die Luitenant-goewerneur verklaar dat Emily Hobhouse se beweringe aangedik en onwaar was. So gou noodgevalle aangemeld word, word aandag aan hulle gegee.¹³⁶ Op 27 Oktober 1903 het "One Who Knows" met spesifieke gevalle van ontberinge sy bewerings gestaaf.¹³⁷ Nogtans het die owerheid die saak nie verder ondersoek nie. Op 11 November 1903 het die magistraat homself probeer verskoon met die verklaring dat hy nie persoonlik elke plaas in sy distrik kon besoek nie.¹³⁸

Asof die noodlot met die waarnemende Luitenant-goewerneur se ontkenning van Emily Hobhouse se beweringe die spot wou dryf, het daar na sy gerusstelling aan die Luitenant-goewerneur verdere bewyse van ernstige behoefte onder die volk voor gekom. Op 12 Oktober 1903 het die magistraat van Ficksburg geskryf dat die nood in sy distrik as gevolg van die mislukte oeste hoog was. Hy het onderstandswerk vir 300 mense gevra.¹³⁹ Twaalf dae later het die magistraat van Smithfield geskryf dat die meeste damme in sy distrik droog

134. Ibid.

135. C.S. 7125/03 : Verslag, 3.10.1903.

136. C.S. 7278/03.

137. The Friend, 5.11.1903.

138. Magistratuur Hoopstad : Uitgaande brief, 11.11.1903 ;
C.S. 7278/03.

139. C.S. 7362/03.

was en dat sommige mense drie tot vier myl ver drinkwater moes gaan haal. Omdat die oeste misluk het, sou baie mense spoedig geheel en al behoeftig wees. Ten slotte het hy be-
weer: „The severe drought, I am afraid, will put back the District more even than what the war did.”¹⁴⁰

Na aanleiding van die vele gerugte van swaarkry en ellende het James Butler en Lawrence Richardson namens The Friend 'n rondreis deur Winburg, Senekal, Lindley, Reitz, Frankfort en Heilbron onderneem. Hulle het onderhoude met magistrate en inwoners gehad. Hulle het gevind dat die meeste mense net van pap leef^{en} „away from the towns we found a universal condition of great pinch and poverty.” In die distrikte waar hulle besoek afgelê het, was tussen 30% en 40% van die inwoners nog nie in staat om hulself te onderhou nie.¹⁴¹ Behalwe hierdie bevestiging van armoede was daar ook die bemoedigende nuus dat meer as 60% van die inwoners van die Noord-Vrystaat al weer selfversorgend was.

Teen Oktober 1903 het die langverwagte reëns begin uit-
sak. Behalwe suid-wes van 'n lyn tussen Zastron en Kimberley het die hele O.R.K. reën gekry.¹⁴² Hierna sou die verslae in 'n meer bemoedigende trant oor die herstel van die inwoners berig. Soos altyd het die reën die boer opnuut moed gegee. In Senekal het boere hulle verwoeste wonings begin herbou.¹⁴³

Slegs 5445 persone in 19 distrikte het nog rantsoene van die Relief Department ontvang en die verwagting was dat twee derdes van hierdie getal ná die mielie-oes in 1904 selfversorgend sou word. Behalwe Heilbron, waar gesaaides verdroog het, en Frankfort, waar die ruspe verskyn het, was die vooruitsig in die noordoostelike streke van die O.R.K.

140. C.S. 7580/03.

141. C.S. 7673/03 : Verslag, 29.10.03.

142. Government Relief Department : Maandverslae vir Desember 1903 met 'n opsomming deur G.B. Beak, 9.1.1904.

143. Magistratuur Senekal : Uitgaande brief, 2.11.1903.

belowend. In Bethlehem kon selfs 'n deel van die koringoes gered word. Werklike nood het egter in Winburg, Bultfontein en tussen die Oranje- en Caledonriviere geheers. Weiveld was skaars in Jacobsdal; in Fauresmith was daar net 'n aartappeloes en in Edenburg was die vooruitsig op 'n oes swak.¹⁴⁴

Elders in die O.R.K. is met geesdrif gewoel en gewerskaf. Reeds aan die einde van Oktober 1903 was al die lande in die distrik Vredefort klaar geploeg en in Wepener het die reën die oes gered. In Ficksburg is 909 sakke saadmielies en 168 osse by die Relief Departement vir ploeg- en saaidoeleindes geleen. In Frankfort is 500 osse uitgeleen.¹⁴⁵

Die toestand was inderwaarheid soveel gunstiger dat die Assistent-Direkteur van Relief, Beak, die moontlikheid van die verkoping van die oorblywende vee en voorrade, in besit van die Relief Department, geopper het. Hy het sy verslag vir Desember 1903 soos volg afgesluit: „I think the reports on the whole are satisfactory and that the outlook is distinctly more promising than it was a month ago. The conclusion may be drawn that, so soon as the Mealie crop is assured, we shall be able to close down in the majority of Districts. In the remainder the Resident Magistrates might possibly take over, because Relief can be practically confined to the supply of foodstuffs.”¹⁴⁶

Reisigers deur die O.R.K. gedurende 1903 is beïndruk deur die moed van die Vrystaters om hulle ekonomiese weeropbou te verseker. James Butler en Lawrence Richardson het na 'n reis deur die O.R.K. soos volg aan die regeringsektaris van die O.R.K. geskryf: „We have been much impressed with the cheerful and plucky spirit in which the people are

144. Government Relief Department, 1551/03 : Memorandum van G.B. Beak, 9.1.1904.

145. Government Relief Department : Monthly Reports, Nov. 1903 en Inkomende stukke 1448/03 en 1449/03.

146. Government Relief Department, 1551/03.

trying to restore their ruined homes and with the hospitality given, in spite of difficulties, to strangers like ourselves, even where the object of our mission was unknown."¹⁴⁷

In 'n inleidingsartikel het The Friend ook die onver-nietigbare gees van die Afrikaner geloof: „If the war did nothing else for the Afrikander, it showed him to be a man of sterling worth, who could take a victory calmly, and 'take his gruel' with any other man under the sun; it also proved that the women of South Africa endure hardships of the worst kind without a murmur, and that they could, like their husbands, fathers and sons, remain loyal to the end."¹⁴⁸

Ten spyte van die terugslae van 1903 was daar dus vor-dering te bespeur. Boweal was dit baie duidelik dat die Afrikaner nie moed verloor het nie. Dat die herstelprogram wel kon slaag, was nou in sig. Die tekens van herstel blyk dan ook uit die vermeerdering van die veestapel. Vergeleke met 1902 was die getalle teen September 1903 soos volg:

	1902	1903
Perde	49,978	51,267
Muile	7,701	9,250
Donkies	793	3,096
Beeste	142,499	195,349
Skape	805,225	1,437,258
Bokke	110,700	308,920
Varke	1,995	24,348
Volstruise	-	468 ¹⁴⁹

Nieteenstaande die droogte het die veestapel dus ge-leidelik gegroei. Dit het egter nog lank nie beteken dat boere op die pad na welvaart was nie. Tereg erken Amery:

147. C.S. 7673/03 : Brief, 29.10.1903.

148. The Friend, 2.12.1903.

149. C.S. 6798/03 : Landbouverslag, 26.9.1903 ; Cen-sus Report of the O.R.C., 17.4.1904, p. 213.

"As a whole, the farming community were still some way from attaining the level of prosperity - such as it was - which had prevailed before the war."¹⁵⁰ Die jaar 1904 sou toon of die pendulum na voorspoed en welvaart sou begin terugswaai. Dat hulle egter daarin kon slaag om twee agtereenvolgende droogte-seisoene ná 'n verwoestende oorlog, sowel as vervoer- en arbeidsprobleme en innerlike verdeeldheid te oorleef, het veel goeds vir die Afrikaner voorspel.

Tydens haar toer deur die O.R.K. het Emily Hobhouse ook 'n merkwaardige en insiggewende verskynsel aangetref. Ds. de Bruyn van Brandfort het aan haar verklaar dat die soeke na hoër en geestelike waardes by die teruggekeerde boerebevolking algemeen aan te tref was. Ten spyte van die droogte was kollekte tydens eredienste groter as ooit sedert die oorlog. Emily Hobhouse was van oordeel dat hierdie geestelike herlewing dan ook 'n bewys is dat die Afrikaner hartstogtelik aan sy kerk vasgeklou het omdat dit die enigste instelling van die vooroorlogse jare is wat vir hom behoue gebly het.¹⁵¹ Sy was reg. Geestelike krag is 'n uitvloeisel van die geloof in morele waardes. Die oorlog het die Afrikaner wel militêr verpletter, maar sy eerbied vir morele waardes is nie daardeur aangetas nie. Dit het hom in staat gestel om sy neerlaag weer te bowe te kom. Die Afrikaner se kerk het gewis vir hom as 'n bolwerk gedien dat hy nie ook geestelik geknak geraak het nie. Dit was 'n noodsaaklike fondament wat tussen 1902 en 1907 sou verseker dat die Afrikaner as volk in volwaardigheid sou uitstyg.

* * * * *

Na die swaarkryjaar 1902 en die misoeste en droogte van

150. Amery, op. cit., p. 129.

151. Pres. Steyn-versameling 156/3/12 : Diverse Stukke I, Memoirs XI : Brief, 21.6.1903.

1903, wat werklike nood en honger in sommige distrikte tot gevolg gehad het, het 1904 die eerste ligpunt in die na-oorlogse herstel opgelewer. Dis trouens eers in 1904 dat werklike gedeeltelike herstel ingetree het. Uit alle oorde het getuienis gekom van 'n volk wat stadig maar seker besig was om homself weer op te rig. Die maandelikse verslae van magistrate, koerantverslae, amptelike korrespondensie en selfs die debatte in die Wetgewende Raad het die langverwagte en welkome tyding van herstel gebring.

Op 15 Januarie 1904 was daar nog altesaam 6,000 blanke bywoners en behoeftiges in die O.R.K. wat rantsoene van die Relief Department ontvang het.¹⁵² Hoewel hierdie getal aansienlik was, was dit in vergelyking met die totale blanke bevolking van 142,679 maar slegs 0.42% van die ganse blanke bevolking.¹⁵³ Dit het getoon dat die blanke bevolking weer vir hulself kon sorg - al was dit dikwels maar net 'n lewe van die hand tot die tand. Teen 31 Maart 1904 het die getal rantsoentrekkers reeds tot slegs 3,700 gedaal.¹⁵⁴

Die algemene gunstige toestande waarvan feitlik alle magistrate in hulle vorderingsverslae melding gemaak het, het tot gevolg gehad dat die Uitvoerende Raad van die O.R.K. besluit het dat, as gevolg van die belowende vooruitsigte, behalwe in Jacobsdal, Rouxville, Bethulie, Edenburg en Fauresmith, die Relief-depôts in die ander 18 distrikte op 30 April 1904 sou sluit. Slegs 1,500 permanente behoeftiges sou dan oorbly.¹⁵⁵

'n Voormalige veldkornet van genl. De Wet, wie se naam ongelukkig nie verstrekkend is nie, het in Maart 1904 in 'n skrywe aan 'n vriend in Engeland die afwesigheid van armoede

152. C.S. 300/04 : Verslag van Government Relief Department, 15.1.1904.

153. Vgl. in hierdie opsig die Sensusverslag van Suid-Afrika 1911, p. 9.

154. Cd. 2104/1904, p. 138 : Milner-verslag, 23.5.1904.

155. Government Relief Department 1594/04 : Verslag van Direkteur van Relief, 12.2.1904.

in die O.R.K. geroem: „If anybody should come from any part of Europe into these two Colonies, and he was told that a three years' war and two years' drought raged in these Colonies, and that everything was devastated, he would never believe it. It is not two years since peace was concluded, and yet I may venture to say that, as far as poverty is concerned, there is nothing in these Colonies to be compared to some European states, London not excepted."¹⁵⁶ Al probleem wat daar bestaan het, was om met die National Scouts versoen te raak.

Hierdie brief was geensins ydele of valse grootpraterie nie. Magistraatsverslae uit alle streke het 'n optimisme weerspieël wat 'n jaar tevore ontbreek het. Uit die noordelike O.R.K. waar Emily Hobhouse nog die vorige jaar soveel ellende aanskou het, het gunstige berigte van herstel gekom. Na 'n inspeksiereis van twee weke deur sy distrik het die magistraat van Lindley die begeerte van die inwoners om weer 'n onafhanklike bestaan te voer, beklemtoon: „The farmers are settling down quietly and are contented with present Government. No complaints are heard and no politics discussed. They are all endeavouring to become prosperous again."¹⁵⁷

In Vredefort, waar slegs vier plaaswonings nie gedurende die oorlog verwoes is nie, is die magistraat op sy rondreis oral gasvry ontvang. Hy meld nie presies hoeveel wonings herstel is nie, maar skryf tog dat hy in „552 blanke wonings" ontvang is.¹⁵⁸ Die afleiding is dus dat 552 gesinne al weer in huise gewoon het, m.a.w. dat soveel geboue reeds herstel of woonbaar was.

Magistraat S. Bowen van Winburg het vanaf 12 Januarie 1904 tot einde Februarie 1904 'n rondreis deur die armste

156. The Bloemfontein Post, 14.3.1904.

157. C.S. 5364/04 : Verslag, 10-26 Mei 1904. My kursivering.

158. C.S. 1148/04 : Verslag van magistraat van Parys, 16.2.1904.

deel van sy distrik onderneem. Die meeste gesinne het as gevolg van die oorlog swaar gely, maar orals was die herstel sodanig dat almal 'n woonplek gehad het. Daar was selfs mooi blomtuinte en baie boere het tussen 100 en 200 skape gehad. Ondanks die skaarste aan natuurlike-arbeid was baie plase mooi bewerk en ter staving hiervan het die magistraat talle plaasname verstrek.¹⁵⁹

In Frankfort was baie min wonings nog herstel, hoofsaaklik omdat boere nie verbande op hulle grond wou neem om huise te herbou nie. Tog het die magistraat na 'n inspeksietoer deur sy distrik geskryf: „With reference to the condition of the inhabitants generally, I may state that I consider it extraordinary that in a District like this the people have recovered themselves to the extent they have.”¹⁶⁰

Vanaf Bloemfontein suidwaarts tot sover as Bethulie - die skaapwêreld waar die oorlog die ganse ryke veebestand uitgewis het - het ook verslae van vordering gekom. Vanaf Wepener het die magistraat op 26 Januarie 1904 geskryf dat, met enkele uitsonderings, alle plaasomheinings herstel was. Die herstelkrag van diegene wat werklik gely het, blyk duidelik uit die volgende woorde van die magistraat: „Strange to say, the half dozen or so of dwelling houses which have not yet been restored belong to well-to-do people who have been well treated in the matter of compensation.”¹⁶¹

Die magistraat van Smithfield het na 'n rondreis geskryf dat hy oral baie gasvry ontvang is en in elke huis tee of koffie aangebied is. Dat die Afrikaners ook al weer geld gehad het om aan ander dinge as kos te bestee, blyk uit die mededeling dat in feitlik alle wonings portrette van Boerehelde uit die oorlog gepryk het.¹⁶² Vanaf Bethulie is berig dat almal fluks aan die werk was. Die enigste klag was die

159. Magistratuur Winburg 9/28 : Verslag vir Februarie 1904.

160. C.S. 5116/04 : Verslag, 9.7.1904.

161. C.S. 1389/04 : Verslag, 26.1.1904.

162. C.S. 800/04 : Verslag, 1.2.1904.

skaarste aan werkvolk.¹⁶³

Ook uit Bloemfontein het getuienis van heropbou gekom. Tydens 'n rondreis deur sy distrik het die magistraat aan-skou hoe baie wonings al weer herstel was. Hy het op die plaas Perzikfontein van kommandant Piet Fourie, wie se plaas van die eerste was wat gedurende die oorlog verwoes is, oornag. Hoewel daar 'n swaar verband was, was die plaas weer mooi opgebou.¹⁶⁴

Uit die oostelike en noordoostelike graandistrikte het verdere bemoedigende verslae die owerheid bereik. Die Bethlehemse magistraat het gedurende die eerste week van Februarie 1904 al die afgeleë plase, grensende aan Harrismith, Vrede, Frankfort, Heilbron en Lindley, besoek en hy kon meedeel: „These have always been the worst parts of the district and it is most satisfactory to be able to report that, without a single exception, the inhabitants of the farms visited are now in a position to supply themselves with food...”¹⁶⁵

Sedert sy besoek net na die vredesluiting het die magistraat van Harrismith 'n „merkbare” verbetering in sy distrik in 1904 aangetref. Baie afgebrande huise was weer herstel. Boere het al weer sodanig herstel dat die osse, wat deur die Repatriasiedepartement aan boere gedurende die ploegseisoen geleen is, teruggestuur is en verkoop kon word. Slegs diegene wat voor die oorlog grond gehuur het, het nog gesukkel.¹⁶⁶

Hoewel die ooste van 1903 in Ficksburg deur die droogte benadeel is, was boere vol moed. Die kenmerkende Afrikanergasvryheid het die magistraat tydens sy besoeke opgeval.¹⁶⁷

Alhoewel die inwoners van Vrede nog sonder baie lewens-

163. Government Relief Department : Monthly Reports 1904 : Bethulie-verslag, 18.3.1904.

164. C.S. 4521/04 : Verslag, 23.4.1904.

165. Government Relief Department 1597/04 : Verslag, 6.2.1904

166. C.S. 774/04 : Verslag, 20.6.1904.

167. C.S. 3652/04 : Verslag, 16.5.1904 ; vgl. ook C.S.3996/04 waar die magistrate van Bethlehem en Senekal ook hiervan melding maak.

benodighede moes klaarkom, het die magistraat geskat dat ongeveer 44,000 sakke mielies gedors sou word. Dat selfs in hierdie verwoeste en verarmde distrik 'n opvallende strewe na selfstandigheid was, blyk uit die volgende opmerking van die magistraat na 'n inspeksiereis deur die distrik: „In nearly every case the farmers appear to be making a real effort to recover lost ground, though often living with hardships... ..”¹⁶⁸

Ook die westelike distrikte van die O.R.K. waar Emily Hobhouse gedurende 1903 tekens van hongersnood gerapporteer het, het nie in die herstellpoging agterweë gebly nie. Vanaf Boshof is berig dat die boeregemeenskap geleidelik vorder en dat hulle wonings alreeds taamlik herstel was.¹⁶⁹

In Hoopstad, waar daar werklike ellende gedurende 1903 geheers het, het die magistraat 'n toer deur die distrik onderneem, wat altesaam 27 dae geduur het. Nêrens maak hy melding van ellende nie, en, asof hy die veranderde ekonomiese toestande wou onderstreep, het hy tussen die veestapel van Augustus 1902 en Januarie 1904 in die distrik 'n vergelyking getref. Beeste het meer as verdriedubbel van 2,757 in 1902 tot 8,792 in 1904; skape en bokke het meer as sewe keer soveel as in 1902 getel en op 112,167 te staan gekom, terwyl perde van 612 in 1902 tot 1,391 in 1904 gestyg het.¹⁷⁰

Slegs uit Dewetsdorp het berigte van armoede en gebrek die owerheid bereik. Die Vrederegter het, na 'n besoek aan 'n gedeelte van die distrik, bereken dat ongeveer die helfte van die inwoners nog nie selfversorgend was nie.¹⁷¹ Die Dewetsdorpse korrespondent van The Friend het geskryf: „The credit system is here, perforce, stretched to its utmost, as only one man in sixteen has the wherewithal to pay cash for anything.”¹⁷²

168. C.S. 5365/04 : Verslag, 15.7.1904.

169. C.S. 765/04 : Magistraatsverslag, Mei 1904.

170. C.S. 1112/04 : Verslag, 14.2.1904.

171. C.S. 5880/04 : Verslag, 4.8.1904.

172. The Friend, 12.7.1904.

Hierdie nood en gebrek, wat ook genoodsaak het dat voedseldepôts in Jacobsdal, Rouxville, Bethulie, Edenburg en Fauresmith na 30 April 1904 moes oopbly, was aan natuurlike faktore te wyte. In sy vorderingsverslag tot einde Junie 1904 het Milner die Koloniale Kantoor meegedeel dat die laat reëns en ruspes in hierdie gebiede weereens die oeste laat misluk het, en dat daar dus sedert die einde van die oorlog niks in hierdie suidelike streek geproduseer is nie.¹⁷³

Hoe dit ook al sy, die sluiting van Relief-depôts in ander distrikte het nie beteken dat die ekonomiese herstel voltooi was nie. Dit het slegs beteken dat die meeste inwoners weer vir hulle self kon sorg. So is een van die beloftes in Artikel 10 van die vredesverdrag nagekom, nl. die terugplasing van die bevolking met sodanige hulp om hulle normale bedrywigheide te hervat. Die O.R.K. het egter nog lank nie die ekonomiese voorspoed van voor die oorlog gewenaar nie. Na twee droogteseisoene, veesiektes en ruspes kon dit tewens nie verwag word nie.

Dat geleidelike herstel in die meeste distrikte ingetree het, word ook aangedui in die feit dat boere altesame £130,786 geleen het om hulle boerdery uit te brei en te verbeter. Veel belangriker egter was die feit dat die leningskuld wat tussen Maart en Mei 1904 terugbetaal is, nl. £137,372, groter was as die nuwe skuld wat aangegaan is.¹⁷⁴ Dat die boere dus bereid was om hulle boerderye uit te brei, getuig minstens van 'n nuutgewonne selfvertroue. Ook die terugbetaling van skuld was 'n bewys van vermeerdering in produksie, hoe gering ook al.

Die hernude vooruitgang en boerderybedrywigheid word ook in die groei van die veestapel van die O.R.K. gereflekteer. Die volgende tabel gee hiervan aanduiding:

173. Cd. 2104/1904, p. 138 : Verslag, 23.5.1904.

174. Ibid., p. 137 : Verslag van H.F. Wilson.

	20.10.1902	Des. 1902	Des. 1903	1904
Perde	21,546	49,978	51,267	76,251
Skape	491,313	805,225	1,437,258	2,999,547
Beeste	102,384	156,376	156,065	363,204
Bokke		110,700	308,920	734,169
Muile	2,271	7,701	9,250	(28,480
Donkies	607	793	3,096	(
Varke		1,995	24,348	61,409
Volstruise				1,323 ¹⁷⁵

Perde het dus meer as verdriedubbel, skape was ses keer soveel aan die einde van die oorlog, beeste het meer as verdriedubbel, terwyl muile, donkies en varke meer as honderdvoud vermenigvuldig het.

Toe die Wetgewende Raad van die O.R.K. op 27 Junie 1904 vergader, het die waarnemende Luitenant-goewerneur dan ook die algemene stand van die O.R.K. bevredigend gevind. Die veestapel het mooi aangegroei, en, behalwe in die suidelike distrikte, is 'n goeie mielie-oes verwag. Die finansiële toestand van die staat was ook sodanig dat 'n oorskot verwag is. Hierdie oorskot het uiteindelik £67,876 bedra.¹⁷⁶

Ook die herlewing van boereverenigings en die algemene verenigingslewe was vir The Friend 'n bewys dat die volk van die O.R.K. se gees nie geknak was nie.¹⁷⁷ Genl. Schalk Burger se woorde op 13 Junie 1904 aan pres. Steyn was 'n skitterende getuigskrif vir die Afrikaner se herstelvermoë: „Alhoewel dit ook met tegenheden en moeilikheden gepaard gaan en nog honderde zonder een levensbestaan zijn doordat er geen werk en goede mark bestaat, mag toch geconstateerd worde dat voor een groote gedeelte de sporen des oorlogs

175. Census Report of the O.R.C. 1904, p. 213 ; C.S. 2211/04 : Verslag van Direkteur van Landbou, 26.4.1904 ; Cd. 1551/1903, p. 51 : Verslag van H.J. McLaughlin, 3.3.1903 ; Sentrale Repatriasieraad ; Inkomende stukke, 567/02.

176. Cd. 3528/1907, p. 35 ; Notule van die Wetgewende Raad, 27.6.1904, pp. 2-6.

177. The Friend, 12.7.1904.

verdwenen. Onze volk heeft zich weder in groote mate hersteld en het Afrikaner karakter en energie heeft ook iedere getoond het hoofd te kunnen bieden tegen het scheinbare onoverkomelijke. Vele huizen zijn weder herbouwd, landen be-
arbeid, vee aangeschaft¹⁷⁸

Van owerheidsweë het gunstige reaksie op die Afrikaner se herstellpoging gekom. Dit het groter ondersteuning vir en koördinasie van alle boerekragte in die hand gewerk. Gedurende Desember 1903 is reeds 'n Landbou-Adviesraad in die lewe geroep nadat W.J. Palmer as Direkteur van Landbou aangesel is. Spoedig sou die Adviesraad 'n volwaardige staatsdepartement word.¹⁷⁹

In 1904 is die proefplaas Tweespruit in die distrik Thaba Nchu (1,500 morg) deur die Departement van Landbou aangekoop. 'n Romery is daar opgerig. Verder is 'n aantal volbloed Arabiese hingste ingevoer en merries in die Kaapkolonie en van die militêre owerheid aangekoop. Boere kon hiervan koop. Ook die proefplaas van die voormalige Republiek, Grootvlei, ongeveer 8 myl van Bloemfontein, is teen die einde van 1904 weer in gebruik geneem. Behalwe voorligting aan boere is ook proefnemings met vee en katoen gedoen. Van die volbloed hingste, ramme en bulle is aan boere geleen om hulle veestapel te verbeter. Op ope vendusies kon boere ook van die goeie ingevoerde vee koop.¹⁸⁰ Nadat reeds in 1904 met bosbou begin is, was teen 1906 reeds 850,693 bome aangeplant.¹⁸¹

Om veeboerdery aan te moedig, het die regering £15,000 aan boereverenigings gestem. Hierdie bedrag moes vir vee-aankope onder boere verdeel word. 'n Verdere £10,000 is vir die maak van damme gestem.¹⁸² Verder is probeer om die

178. Pres. Steyn-versameling 156/2/1. My kursivering

179. Departement van Landbou van die O.R.K. : Eerste Jaarverslag 1904-5, p. 5.

180. Ibid., p. 8.

181. Departement van Landbou : Tweede Jaarverslag 1905-6, p. 177.

182. O.R.K.-Wetboek 1905, pp. 157-158.

sprinkaanplaag uit te roei.¹⁸³

Aangemoedig deur hierdie belangstelling en steun van die owerheid, het boere groter selfvertroue aan die dag begin lê en self hulle veestapels probeer aanvul. Aan die begin van 1906 is bestellings ten bedrae van £28,442 vir die aankoop van 2,031 Merino-ooie in Australië geplaas. 'n Afvaardiging is later na Australië om skape te koop. Die sukses van hierdie sending het 'n verdere bestelling van 237 boere vir 614 ramme en 910 ooie tot gevolg gehad.¹⁸⁴

Waar daar voor die oorlog net in Bloemfontein landboughtoonstellings plaasgevind het, is vanaf 1906 naas Bloemfontein ook landboughtoonstellings in Bethulie, Smithfield, Thaba Nchu, Winburg, Bethlehem, Harrismith, Senekal en Vrede gehou.¹⁸⁵ Die feit dat boere alweer bereid was om in die openbaar met hulle plaasprodukte met mekaar te wedywer, het nie alleen die landbouherstel nie, maar ook die herwonne boeretrots beklemtoon.

Die herstel blyk ook uit die groei van die bevolking, wat tog immers die essensiële potensiaal in die ekonomie is. Sedert 1899 het die blankes van 97,785 tot 142,679 in 1904 gestyg. Die nie-blanke en kleurlingbevolking het terselfdertyd van 225,685 tot 244,636 gestyg.¹⁸⁶ Die blanke bevolkingspotensiaal het dus met 44.7% teenoor slegs 8.6% by die nie-blanke gestyg, en dit in weerwil van die besondere teenwerkende omstandighede waaronder die blankes gebuk moes gaan.

Eenheid en krag het mettertyd in blanke geledere na die versoening tussen Bittereinders en Hensoppers ingetree.

183. Departement van Landbou : Derde Jaarverslag 1907-8, pp. 288-289 en Tweede Jaarverslag 1905-6, p. 13.

184. Departement van Landbou : Tweede Jaarverslag 1905-6, pp. 17-18 ; vgl. ook Derde Jaarverslag 1906-7, p. 13.

185. Departement van Landbou : Derde Jaarverslag 1906-7, p. 22.

186. Census Report 1911, p. 9 ; Budget Statement, 30.6.1905.

Reeds tydens die Brandfort-kongres in Desember 1904 het genls. De Wet en Hertzog vergewensgesindheid teenoor die Hensoppers bepleit. Genl. De Wet was verheug dat dáár al soveel toenadering te bespeur was. Dié grootmoedige wyse waarop die Hensoppers weer deur Bittereinders in hulle gelede opgeneem is, „reflected the highest credit upon both their loyalty and their ability."

Die Hensoppers was opreg dankbaar dat hulle skande vergewe is. 'n „Protected Burgher," Vlotman, het dankbaar getuig: „De dag voor het volk is aangebroken. Ik ben verblijd te zeggen dat wij nu voor onze rechten kunnen opstaan en onze verdediging voor hogere autoriteiten kunnen brengen. Een nieuw tijdperk is aangebroken..... De dag van broederbond is gekomen. Wat ook ons gedrag in het verleden moge geweest zijn, wij hebben elkaar nu toegeroepen om de Oranje Rivier Kolonie op te bouwen. De verdeeldheid beschouw ik uit de weg geruimd. Alle klassen zijn verschenen om samen te werken in het belang van onze zaak. Als volk der O.R.K. moeten wij samenwerken met het geveernement om die O.R.K. te maken wat zij voor de oorlog was, nl. een der bloeiendste kolonies."¹⁸⁸

Die jaar 1905 het dus vir die eerste keer sedert die oorlog 'n nuwe, sterker-verenigde Afrikanerfront gesien. Nou kon Afrikanerkragte doeltreffender gemobiliseer word. Teen 1905 ontwikkel die Afrikaner-ekonomie dan ook sodanig dat daar in die regeringskorrespondensie geen verslae aangefind word waarin van nood en ellende melding gemaak word nie. Die owerheid het ook nie meer om verslae van die vordering in die verskillende distrikte gevra nie. Klaarblyklik omdat aanvaar is dat die boere van die O.R.K. weer op die been was, hoewel die res van Suid-Afrika in hierde jare in die

187. Pyrah, G.B., Imperial Policy and South Africa 1902-10, p. 144.

188. C.S. 1164/05 : Verslag van Brandfort-kongres.

greep van die na-oorlogse depressie verkeer het.

Die Luitenant-goewerneur het by die aanvang van die sitting van die Wetgewende Raad in 1905 ook aankondig dat die droogte die landbou-ekonomie nie platgeslaan het nie. In die oostelike distrikte kon op sommige plekke tot die helfte van die koringoes gered word.¹⁸⁹

Die vooruitgang en terugkerende voorspoed van die landbouer het ook die dorpenaars bevoordeel. Geleidelik het die lewenskoste begin daal. Waar mielies in 1904 nog tussen 17/- en £1 per sak was, daal die prys teen Julie 1905 tot tussen 10/- en 12/6. Eiers het van 3/- per dosyn in 1904 tot 1/- per dosyn in 1905 gedaal; Kafferkoring was in 1905 tussen 10/- en 12/- per sak, waar dit in 1904 tussen 27/6 en 37/6 was; pampoen, wat in 1904 tussen 8d. en 1/4 stuk was, het in 1905 tussen 2d. en 6d. gekos.¹⁹⁰

In sy begrotingsrede op 30 Junie 1905 kon die Koloniale Tesourier tereg met die gesonde ekonomie van die O.R.K. spog: „Alone in South Africa when all our neighbours have been groaning over loss and practising the severest and most painful methods of retrenchment, we have weathered the storm It is a most extraordinary thing that this Government should have taken over a country which had been burned to the ground, with hardly a head of stock or a standing granary, where even the bricks of the farm-houses had been strewn on the blackened veldt, and be able year after year to report surplus revenues accompanied by great public works; a repatriated and settled people together with a population increased by fifty per cent; a greatly magnified Customs revenue; railways, schools, offices built and extended and no debt.....”¹⁹¹

Ook The Friend, wat destyds elke Afrikaner-prestasie

189. Notule van die Wetgewende Raad, 12.1.1905.

190. The Bloemfontein Post, 2.3.1904 en 8.7.1905.

191. Budget Statement, 30.6.1905 ; The Bloemfontein Post, 1.7.1905.

toegejuig het, het in 'n redaksionele artikel verklaar dat, hoewel die vooroorlogse ekonomiese status nog nie herstel was nie, daar darem oeste op die lande en vee op die velde was. Terselfdertyd is die Afrikanerboer se wil om uit eie krag te herstel, hoog aangeprys: „There is still suffering in the land - suffering beneath which a less sturdy and resourceful race than the Afrikaner would long ago have gone under - but it is not hopeless destitution.”¹⁹²

Ds. J.D. Kestell van Ficksburg het in 'n brief aan pres. Steyn opreg-dankbaar getuig: „Van ons land en volk zal ik nu niet spreken. God leidt ons! Velen zijn weder op de been.”¹⁹³

Uiteindelik het ook een van die Afrikanerleiers sy stem laat hoor. Waar Britse amptenare, van wie die meeste totaal onbekend met die vooroorlogse toestand was, voorheen getuienis van die herstel moes lewer, het genl. Hertzog in 1906 vir die eerste keer die Afrikaner se standpunt met betrekking tot die herstel gestel. Tydens 'n politieke vergadering in Mei 1906 het hy o.a. verklaar: „We look back to the time when you came from oversea, from the camps and from the battle-field to find desolation everywhere, scarcely an animal being left, and how in the succeeding years the people have forged ahead again and prospered to the great astonishment of all. That is a matter for great thankfulness. We have retained self-respect, that self-respect without which a people cannot exist.”¹⁹⁴

Aanvullende getuienis van die bykans wonderbaarlike herstel van die Afrikaner het van die platteland gekom. Gedurende Mei 1906 het die magistraat van Smithfield, A.J. Trollope, 'n inspeksiereis deur sy distrik onderneem om die

192. The Friend, 14.9.1905.

193. Pres. Steyn-versameling 156/2/1 : Kestell aan Steyn, 24.2.1905 ; vgl. ook Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, II, p. 462.

194. The Bloemfontein Post, 10.5.1906. My kursivering.

vordering sedert 1904 te bepaal. Daarna het hy 'n vertroulike verslag aan die Luitenant-goewerneur gerig. Hy meld dat hy vasgestel het dat niemand honger ly nie. Dan roem hy die Afrikaner se ingebore herstelkrag: „It is quite marvellous to see the enormous strides that have been made since the above date. Houses that were burnt to the ground in the war and only the outside walls left standing, have been rebuilt as good as they were formally, some better. Dams repaired, faountains opened up and sufficient new kraals made It can be safely said that 95 per cent of the landowners are now well on their legs again; this must be largely put down to the extraordinary recuperative power of the Boer.”¹⁹⁵

Na aanleiding van hierdie verslag uit een van die swakste boerderydistrikte van die O.R.K. van destyds kan 'n mens nie anders as om tot die slotsom te geraak dat die ander distrikte al so op die been was, dat magistrate dit oorbodig geag het om langer voort te gaan met die insending van vorderingsverslae.

Die Direkteur van Landbou, W.J. Palmer, wou hom persoonlik op hoogte van die ekonomiese peil van die boerebevolking stel. Na 'n toer deur die O.R.K. kon hy rapporteer dat orals goeie oeste as gevolg van die mooi reëns verwag word. Hoewel die veestapel nog heelwat aangevul moes word, was die vooruitsigte van die veeboer belowend. Boere kon alweer hooi bêre vir die winter. Al die damme was vol. Vir hulle room het boere reeds 1/2 plus 4d. diwidend per pond gekry. Bestellings vir botter is al van buite die O.R.K. ontvang. Varkspek het 1/6 per pond behaal en hy het 'n varkinmaakfabriek in die vooruitsig gestel.¹⁹⁶

* * * * *

195. C.S. 2259/06 : Vertroulike verslag, 1.6.1906. My kursivering.

196. The Friend, 14.9.1905.

Die herstel van die landelike bevolking is opnuut weer-
spieël in alle vertakkinge van die ekonomiese bedrywighede.
Landbouproduksie het spoedig gestyg, die arbeidstekort is
geleidelik uitgeskakel en teen 1906 het elke boer gemiddeld
vier naturellewerkers op sy plaas gehad.¹⁹⁷ Aan die einde
van 1907 was reeds 612,973 morg onder verbouing. Hiervan
was 345,218 morg onder mielies, 83,922 onder hawer, 76,226
onder kafferkoring en 73,967 morg onder koring. Tot 31 De-
seMBER 1907 is mielies ter waarde van £268,990 uitgevoer.
Engeland was die beste mark. Die plat Hickory King-mielie
het van 11/3 tot 11/4 per mud behaal. Dat die O.R.K.-mie-
lies van hoë gehalte was, blyk uit die feit dat V.S.A.-mie-
lies op dieselfde mark 10/2½ per mud behaal het.¹⁹⁸

In Augustus 1907 is 'n tabakproefplaas in die distrik
Vredefort op die plaas Schoemansdrif aangelê, en teen die
einde van 1907 was daar reeds 735 morg in die O.R.K. onder
tabak. Vervolgens is ook 'n Tabakkwekersvereniging in Vre-
fort gestig met die oogmerk om die kwaliteit van die produk-
te verbeter en hoër pryse te verkry.¹⁹⁹ Boere het geleide-
lik ook weer die verwoeste plantasies op hul plase met jong
bome vervang. Teen 1908 was reeds 2,050,702 bome in planta-
sies geplant, terwyl boere self 679,385 bome gekoop en 'n
verdere 399,629 kosteloos van die owerheid ontvang het.²⁰⁰

Die aanvanklike droogteseisoene het die koringbedryf
'n ernstige terugslag besorg. Teen 1908 het die koringpro-
duksie egter sodanig gestyg dat, waar daar gedurende 1907
nog £156,300 aan die invoer van meel en meelblom bestee is,
die invoer daarvan in 1908 geheel en al gestaak kon word.²⁰¹

Ook die veeteelt het gevorder. Op 31 Desember 1907 het

197. Cd. 3528/1907, p. 81.

198. Departement van Landbou ; Derde Jaarverslag 1906-7, p. 26 ; Vierde Jaarverslag 1907-8, p. 42 en p. 45 ; Budget Statement, 17.6.1908 ; Hansard 1910, p. 183.

199. Departement van Landbou : Vierde Jaarverslag 1907-8, pp. 174-175, 45 en 74.

200. *Ibid.*, p. 111.

201. Budget Statement, 17.7.1908, p. 11.

die getal skape op 8,020,308 te staan gekom. Dit was slegs 312,182 minder as in 1899. In hierdie opsig was die terugslag as gevolg van die oorlog dus feitlik herstel. Die Minister van Landbou, genl. C.R. de Wet, het in die laerhuis verklaar dat driekwart van dié getal skape in 1907 van beter gehalte as die vooroorlogse skape was.²⁰²

Die getal bokke, nl. 1,251,606, het die vooroorlogse getal van 1,079,472 in 1907 oortref. Perde en beeste was nog heelwat minder as in 1899, maar die 127,579 perde en 585,077 beeste was al baie meer as die 76,251 en 363,204 onderskeidelik van 1904. Die uitvoer van bokhaar het £182,600, die van velle en huide £109,500 en kafferkring £15,800 bedra.²⁰³

Na die oorlog was feitlik geen pluimvee oor nie. In 1906 is egter eiers ter waarde van £33,000 uitgevoer.²⁰⁴

Sover dit die nywerheid betref, het die O.R.K. ook met rasse skrede vooruitgegaan. Teen 1907 was behalwe die myn-industrie, ook die konfyt- en roomindustrie stewig gevestig. Waar die mynbou in 1898 'n opbrengs van £16,955,000 gelewer het, styg dit in 1905 tot £23,144,000.²⁰⁵

In Februarie 1905 is 'n konfytfabriek in Parys opgerig en een in Bloemfontein in die vooruitsig gestel. Hierdeur is boere aangemoedig om meer vrugtebome aan te plant. Teen Julie 1905 het die fabriek in Parys reeds 'n blanke personeel van 17 gehad.²⁰⁶ Gedurende die finansiëlejaar 1906-7 het die fabriek sowat 40 ton vrugte van boere vir verwerking gekoop.²⁰⁷

Vanaf Desember 1904 tot Junie 1905 het die Romery op Tweespruit van 50 boere 65,513 lb. room teen £1,399-13-0

202. Budget Statement, 17.7.1908, pp. 10-11.

203. Ibid., p. 10.

204. Hansard, 1910, p. 192.

205. Cd. 3528/1907, p. 18.

206. Hansard, 1907, p. 123 en Hansard, 1905, p. 126.

207. Hansard, 1907, p. 123.

gekoop, terwyl 26,014 lb. botter vervaardig is.²⁰⁸ Hierna vorder die suiwelbedryf sodanig dat gemelde romery teen Junie 1906 reeds 156 kliënte het. Hulle het 263,647 lb. room gelewer waarvoor hulle £4,734-8-6 ontvang het en waarvan 94,709 lb. botter gemaak is.²⁰⁹ Aan die einde van Junie 1907 het die kliënte tot 232 aangegroei, m.a.w. 'n styging van 364% in die aantal voorsieners. Hulle het gedurende die betrokke finansiële jaar tot Junie 1907 462,654 lb. room verskaf waarvan 187,338 lb. botter gemaak is en hulle £8,335-15-0 ontvang het. Sedert 1904 het die roomproduksie dus met 606% gestyg. Die steeds groeiende suiwelbedryf het genoodsaak dat bykomende romerye op ander dorpe gevestig moes word. Gedurende Oktober 1907 is gevolglik die Orangia Romery in Bethlehem en ander romerye in Heilbron en Harri-smith geopen. Vanaf Junie 1907 tot Junie 1908 het die Twee-spruitse romery 120 ton botter geproduseer en £9,000 vir room aan boere betaal, terwyl die Orangia Romery in Bethlehem in die ooreenstemmende tydperk 40 ton botter geproduseer en £3,600 vir room aan boere uitbetaal het. Waar gedurende 1905 en 1906 nog onderskeidelik botter ter waarde van £23,000 en £18,000 ingevoer moes word, word gedurende 1907 botter ter waarde van £18,000 na ander Suid-Afrikaanse kolonies uitgevoer.²¹⁰

Hierdie oplewing in alle vertakkinge van die boerdery, waarin hoofsaaklik die Afrikaner betrokke was, het 'n merkwaardige styging in die uitvoerhandel van die O.R.K. bewerkstellig. Allereers het die groeiende veestapel die woluitvoer bevorder. Gedurende die finansiële jaar 1904-5 het die woluitvoer £413,000 bedra.²¹¹ Dit was 'n rekordbedrag, want

208. Departement van Landbou : Derde Jaarverslag 1907-8, p. 68.

209. Ibid.

210. Hansard, 1906, p. 23 ; Budget Statement, 14.10.1909, pp. 14-15 ; Departement van Landbou : Vierde Jaarverslag 1907-8, pp. 16-17, en Derde Jaarverslag 1907-8, p. 68.

211. Verslag van die Industriële Kommissie 1904, p. 10 ; Budget Statement, 17.7.1906.

in die finansiële jaar tot 30 Junie 1899 het die uitvoer £363,776 bedra. In die daaropvolgende jaar, 1905-6 styg die woluitvoer tot £546,000. Wanneer dit gedurende 1906-7 op £715,000 te staan kom,²¹² was dit amper dubbel die uitvoerwaarde van wol in 1899. Aan die einde van 1907 styg dit tot £787,700 - dubbel die bedrag van 1899.²¹³ Ten spyte van die wêreldwye daling in die wolmark gedurende 1908, is die gesonde styging in 1909 voortgesit toe 30,721,575 lb. wol ter waarde van £711,273 uitgevoer is.²¹⁴ Dit was 11,084,737 lb. meer as in 1899.

Ook ander landbouprodukte het uitvoerstatus bereik. Reeds in Februarie 1907 is uitstallings van vrugte uit die O.R.K. in Engeland en Nederland aangetref. Gedurende Oktober 1907 is 'n Tuinboursaad van 25 lede in die lewe groep om die regering en boere aangaande vrugteboerdery te adviseer. Aan die einde van 1907 kon bevestig word dat vrugte van die O.R.K. 'n plek op die Londense mark verower het.²¹⁵

Gedurende 1907 is 638,633 sakke mielies ter waarde van £268,990 uitgevoer. In die daaropvolgende jaar styg die uitvoer tot 646,172 sakke. Die totale uitvoer vanaf alle Suid-Afrikaanse hawens vir 1907 en 1908 was 463,500 sakke. Tereg kon die Koloniale tesourier op 14 Oktober 1909 in sy begrotingsrede verklaar: „In connection with our mealie trade it is interesting to note that the O.R.C. surplus was more than sufficient to provide for the surplus grain South Africa could spare for export oversea.”²¹⁶ Teen 1909 het die mielie-uitvoer van die O.R.K. reeds £559,587 bedra.

Die uitvoerwaarde van Kafferkoring het van £15,800 in 1907 tot £35,800 in 1908 gestyg en dié van hawer van £11,000

212. Budget Statement, 18.7.1907, p. 1.

213. Ibid., pp. 10-11.

214. Budget Statement, 14.10.1909, p. 14.

215. The Friend, 25.12.1907 ; Departement van Landbou : Vierde Jaarverslag 1907-8, p. 173 en Derde Jaarverslag 1906-7, pp. 28-29.

216. Budget Statement, 14.10.1909, p. 14.

tot £27,000 in die ooreenkomstige tydperk. Eiers ter waarde van £42,000 is in 1908 na Transvaal uitgevoer. Die ekonomiese posisie van die O.R.K. in vergelyking met Transvaal met sy steeds toenemende stedelike verbruik was hier sodanig dat Transvaal in 1908 altesaam eiers ter waarde van £90,000 moes invoer. Die uitvoer van pluimvee uit die O.R.K. het van £47,000 in 1907 tot £67,000 in 1908 gestyg, sodat die gesamentlike uitvoer van eiers en pluimvee amper £110,000 in 1908 beloop het. „A wonderful achievement truly when it is remembered that there was scarcely a fowl in the country in 1903," het die Koloniale tesourier verklaar.²¹⁷

Waar die uitvoer van botter in 1907 sowat £18,000 bedra het, styg dit tot £38,000 in 1908. Terselfdertyd moes Transvaal botter ter waarde van £225,000 invoer.²¹⁸

Ook die algemene uitvoerbeeld het positief vertoon. Gedurende die finansiële jaar 1905-6 het die totale invoer nog die uitvoer oortref met onderskeidelik £3,400,000 teenoor £2,646,000. Wat egter toe reeds bemoedigend was, was dat die plaaslike boere vinnig besig was om weer in die O.R.K. se behoeftes te voorsien. Dít blyk duidelik uit die feit dat graan- en meelinvoer van £144,000 in 1904-5 tot £122,000 in 1905-6 gedaal het.²¹⁹

Gedurende die finansiële jaar 1906-7 het die invoer die uitvoer nog met £641,000 oortref, maar reeds in 1907 kom hier verandering. Tot 31 Desember 1907 het die uitvoer die invoer vir die eerste keer sedert die oorlog oortref en wel met £237,000.²²⁰ Die uitvoerwaarde van wol, bokhaar, velle, huide, kafferkoring, mielies, eiers en botter - alles landbouprodukte - het aan die einde van 1907 £1,415,500 bedra. Pluimvee-uitvoer het toe £47,000 bedra.²²¹ Hierdie syfers spreek boekdele vir 'n staat wie se landboubronne

217. Ibid.

218. Ibid.

219. Budget Statement, 17.6.1906.

220. Budget Statement, 17.7.1908.

221. Budget Statement, 14.10.1909.

gedurende die oorlog totaal verwoes is.

'n Goeie voorbeeld van die hernude landelike welvaart van die O.R.K. en sy rol in die destydse Suid-Afrikaanse ekonomie blyk uit die volgende: Gedurende 1908 was die totale oorsese uitvoer van wol vanaf alle Suid-Afrikaanse hawens sowat 104,250,000 lb. ter waarde van £2,768,000. Hiervan was die O.R.K. se aandeel 31% van die gewig en 26% van die waarde.²²²

Waar die totale invoer van die O.R.K. in 1907 £3,672,591 was, daal dit in 1908 tot £2,945,860. Terselfdertyd het die uitvoer vir die finansiële jaar tot Junie 1908 tot £3,749,006 gestyg.²²³ Daar was dus 'n voordelige handelsbalans van £803,146, en die O.R.K. het verder sy invoer met £726,731 verminder - 'n bewys dat hy alhoemeer in sy eie behoeftes kon voorsien.

Al hierdie bewyse van gesonde ekonomiese bloei en groei van die landelike bevolking het beter en vinniger vervoer en verkeer genoodsaak. 'n Uitgebreide padbou - en spoorwegprogram het gevolg. Waar daar in 1898 sowat 1,109 myl spoorlyn in die O.R.K. was, het dit in 1905 tot 1,542 myl gestyg, terwyl die spoorinkomste onderskeidelik van £1,836,503 tot £3,150,201 gestyg het.²²⁴

Ook die bankinrigtings van die O.R.K. het die gesonde ekonomiese groei weerspieël. Tot 30 Junie 1906 was onttrekkings in spaarbanke £11,700 meer as deposito's. 'n Jaar later was dit slegs £439 meer en op 30 Junie 1908 was deposito's £7,900 meer as onttrekkings. Voorskotte deur banke het in 1907 ook tot £1,658,059 gedaal waar dit die vorige jaar nog £1,990,000 was.²²⁵ Kapitaalkvorming was dus weer aan die orde van die dag.

So is die ganse ekonomiese herstel in die steeds

222. Ibid.

223. Ibid., pp. 13-14.

224. Cd. 3528/1907, p. 18.

225. Budget Statement, 17.7.1908, p. 10.

groeïende staatsinkomste weerspieël. Reeds in 1904 het die inkomste uit die Pos- en Telegraafwese, Tolgelde en die In- en Uitvoer tot meer as in 1898 gestyg.²²⁶ Aan die einde van die finansiële jaar in 1905 was daar 'n oorskot van £5,514.²²⁷ Die daaropvolgende jaar het 'n oorskot van £1,400 opgelewer. Dit het die totale bedrag aan oorskotte sedert die anneksasie van die Oranje-Vrystaat deur Engeland op 13 Maart 1900 op £312,056 te staan gebring.²²⁸

Die terugbetaling van staatsvoorskotte het hierna aandag geniet. Dit het getoon dat die ganse boerebevolking nog nie volkome herstel het nie. Hoewel die eerste paaïement van repatriasieskulde op 1 April 1907 betaalbaar was, is dit tot 1 April 1908 uitgestel.²²⁹ Die rede hiervoor was dat 8 van die 23 distrikte, t.w. Hoopstad, Bultfontein, Bethlehem, Vredefort-Parys, Heilbron, Ficksburg, Kroonstad en Frankfort daarom gevra het.²³⁰ Altesaam 1,044 naamtekeninge het versoekskrifte in dier voege aan die owerheid gerig.

Die totale getal repatriasie-skuldenare, nl. 5,260, het toe nog £401,663 aan kapitaal en £29,042 aan rente geskuld. Slegs ongeveer een-vyfde van die boerebevolking kon dus nog nie hulle skuld betaal nie. 'n Vername rede vir die aansoek om uitstel van betaling was ook die onsekerheid of gerepatrieerdes wel vir voedselrantsoene moes betaal. Die genoemde petisionarisse het gevolglik 'n herondersoek na repatriasieskulde aangevra.²³¹

Teen Junie 1909 was onderskeidelik £32,929 en £10,975 aan kapitaal- en rentedelging van repatriasieskuld betaal.²³² Dit het op 8% kapitale en 38% rente-delging neergekom. Daar moet egter in gedagte gehou word dat dit vir lange jare die

226. Cd. 3528/1907, pp. 29-30 : Verslag van H.F. Wilson, 27.8.1906 ; Budget Statement, 30.6.1905.

227. Cd. 3528/1907, p. 35.

228. Ibid.

229. Goewermentskoerant, 22.3.1907.

230. Verslag van Repatriasie Skulde-Kommissie, 1908, pp. 30-31.

231. Ibid., p. 34.

232. Ibid., p. 35.

houding van ons boerbevolking was dat skuld aan die regering nie betaal hoef te word nie. Vandaar dat selfs die Afrika-nerbewind in die O.R.K. sedert 1907 soveel moeite ondervind het om skuld aan die vorige regering in te vorder.

Teen 1908 het tien distrikte 'n totale repatriasieskuld van £287,743 of ongeveer 70% van die totale repatriasieskuld gehad - 'n bewys hoe die oorlogsverwoesting sekere distrikte getref het. Dit was:

Heilbron	£59,318
Frankfort	38,789
Vredefort-Parys	29,348
Lindley	25,769
Winburg	25,637
Kroonstad	24,390
Bethlehem	23,050
Ficksburg	21,678
Hoopstad	21,372
Rouxville	18,392 ²³³

Gedurende 1908 het 1,722, d.w.s. ongeveer een derde van die 5,260 repatriasieskuldenare hulle paalemente betaal. 'n Verdere 2,346 of 45% se rekeninge is as gevolg van klagtes weer in hersiening geneem. Na deeglike ondersoek is verdere uitstel aan 2,057 verleen.²³⁴ Hieruit volg die afleiding dat die ekonomiese posisie van meer as 60% sodanig was dat hulle in staat geag is om hulle skulde te betaal. Insiggewend is dat in sekere van die mees verwoeste distrikte, bv. Jacobsdal, Ficksburg, Bethlehem, Hoopstad, Smithfield, Boshof, Frankfort, Wepener en Heilbron, meer as die helfte van die skuldenare hulle verpligtinge nagekom het.²³⁵

233. Ibid.

234. Ibid., p. 39.

235. Ibid., p. 38.

Na ietwat meer as vyf jaar van stryd, worsteling en weeropbou het voorspoed, soos in die veelbewoë dae op die vooraand van die oorlog, in 1907 na die O.R.K. teruggekeer. Die geringe repatriasieskuld van minder as £400,000, terwyl die oorlogskade aan die landboubronne tot so hoog as £60,000,000 beraam is, het eerder in die guns van die boer as teen hom getel. As mistastings en wanopvattinge insake repatriasie en „kompensasie“ in aanmerking geneem word, kan die boer sy onwil om die repatriasieskuld te betaal, wat hoofsaaklik vir voedselrantsoene verskuldig was, verskoon word. In vergelyking met wat in vyf jaar herstel is, was hierdie skuld onbeduidender as die spreekwoordelike druppel in 'n emmer water.

Waar die mynwese en die industriële vooruitgang in Transvaal van die terugkeer van die Britse Refugees afhanklik was, was die herstel van die landelike welvaart in die O.R.K. van die Afrikaanssprekende bevolking afhanklik. Die sukses wat hier behaal is, het die Afrikaner sy mede-seggen-skap in die ekonomiese lewe van die twee nuwe Britse kolonies besorg.

Omdat reeds breedvoerig na die graanproduksie verwys is, word hier volstaan met 'n statistiese beeld van die veeteelt waaruit opnuut die fenomenale herstel van die landbou-ekonomie sedert die oorlog sal blyk.

Soort	1899	1902	1903
Perde	248,878 in 1890	49,978	51,267
Skape	8,332,490	805,225	1,437,258
Beeste	1,284,448	156,376	156,065
Bokke	1,079,472	110,700	308,920
Muile	19,782) in)	8,494))	12,346
Donkies	1890)	)	-
Varke	34,787	1,995	24,348
Volstruise	1,461	-	-

Soort	1904	1907	1911
Perde	76,251	127,579	220,725
Skape	2,999,547	8,020,303	8,587,638
Beeste	363,204	585,077	1,286,234
Bokke	734,169	1,251,606	1,048,571
Muile	28,480	-	17,553
Donkies	-	-	-
Varke	61,409	-	162,656
Volstruise	1,323	-	9,097 ²³⁶

236. Census Report 1911, pp. 1220-1221 ; Census Report 1904, p. 52 en p. 213 ; C.S. 2211/04 ; Cd. 1551/1903, p. 51 ; Sentrale Repatriasieraad : Inkomende stukke 567/02 ; Budget Statement, 17.7.1906 ; Hansard, 1906, p. 32 en p. 46 ; Departement van Landbou : Vierde Jaarverslag 1907-8, p. 42 ; Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1910-1916, p. 388.

Gemiddelde per inwoner:

Soort	1880	1890	1904	1911
Beeste	4.58	4.31	0.94	2.44
Perde	0.99	1.20	0.20	0.42
Muile en Donkies)	0.03	0.10	0.07	0.03
Skape	38.92	31.90	7.74	16.26
Bokke	5.05	4.14	1.90	1.99
Varke	0.10	0.10	0.16	0.31
Volstruise	0.02	0.01	0.00	- 237

Skape, Wolproduksie en Uitvoer:

Jaar	Produksie	Skape	Uitvoerwaarde
	lbs.		
1899	19,636,838	8,332,490	£363,776
1904	11,105,553	2,999,547	253,197
1905-6	-	-	560,000
1907	31,000,000	8,020,308	795,000
1908	32,000,000	-	713,000
1909		-	989,000 238

237. Census Report 1911, p. 1214 ; Census Report 1904, p. 213.

238. Census Report 1904, p. 52 ; Budget Statement, 14.10.1909, p. 14 ; Departement van Landbou : Tweede Jaarverslag 1905-6, p. 30 ; Departement van Landbou : Vierde Jaarverslag 1907-8 ; Vyfde Jaarverslag, 1908-9, p. 20 ; Unie-Jaarboek, 1910-1916, p. 390 ; Verslag van die Industriële Kommissie, 1904, p. 10.

Bevolking:

Jaar	Blank	Nie-blank
1899	97,785	225,685
1904	142,679	244,636
1911	175,189	352,985 239

Ten opsigte van bevolkingstatistiek moet eerstens daarop gelet word dat die getal blankes tussen 1899 en 1911 feitlik verdubbel het. As verder in aanmerking geneem word dat daar grootskaalse verstedeling na die oorlog ingetree het, dan is die gemiddelde aantal vee per inwoner geen betroubare maatstaf vir die ekonomiese herstel van die individu nie, veral nie van die bona fide landbouer wat so swaardeur die oorlogsverwoesting getref is nie. Hoewel die ingevoerde Britse landnedersetters ruimskoots deur die owerheid van vee voorsien is, het die meeste van hulle spoedig na die stede uitgewyk.

Die getal skape het reeds vanaf 1907 binne bereik van die vooroorlogse totaal gekom. Die getal bokke het toe reeds die vooroorlogse totaal verbygesteek. Die agterstand van perde en beeste in 1907 moet teen die agtergrond van die moderne vervoerwese gesien word waardeur die perd en os as vervoermiddele uitgeskakel is. Die reuse wolopbrengs spreek vanself vir die gehalte skape.

Indien die feit in aanmerking geneem word dat die boer van meet af aan moes begin, spreek die voorafgaande statistiek boekdele vir die Afrikaner se herstelvermoë. Wat van 1854 tot 1899, d.w.s. in 45 jaar vóór die oorlog bereik is, is slegs binne ses jaar weer ná die oorlog bereik. Hoewel die ou ietwat patriargale stelsel vir moderne en wetenskap-

like boerdery moes plekmaak, het die inherente kragte van die Afrikaner nie daardeur verlore gegaan nie.

* * * * *

Die jaar 1907 was in meer as een opsig 'n annus mirabilis. In hierdie jaar is nie net selfbestuur aan die O.R.K. toegeken nie, maar het die vooroorlogse voorspoed in al sy omvang na die gebied teruggekeer.

By geleenthied van die afsluiting van die laaste sitting van die Wetgewende Raad voordat verantwoordelike bestuur verwerklik is, getuig The Bloemfontein Post: „The grant of Responsible Government has come at a peculiar moment in our history. The stain of war has been wiped from the face of the land.²⁴⁰ Aan die Tesourier van die nuwe Afrikanerbewind is 'n oorskot van £60,000 oorhandig.

Gevolgtlik kon die Koloniale Tesourier, toe hy sy laaste begroting onder die kroonkolonie-bewind ter tafel gelê het, met verwysing na die jare 1900-1906 verklaar: „On the whole, if we remember that of the period I referred to, two were years of war, two were years of repairing the damages of war, and the last two were years of severe depression throughout South Africa, we are justified in contending that the financial result is satisfactory.”²⁴¹

In die daaropvolgende verkiesing was 'n oorwinning vir die Orangie-Unie, die politieke party waarin veral die Afrikaner betrek is, van die begin af 'n uitgemaakte saak. Die Afrikanerdom in die O.R.K. het so 'n verenigde front gevorm dat selfs 'n man soos genl. C.R. de Wet tydens die verkiesingsveldtog in 'n toespraak in Bloemfontein 'n versoening tussen Boer en Brit kon pleit.²⁴²

240. The Bloemfontein Post, 3.8.1907. My kursivering.

241. Budget Statement, 18.7.1907, p. 14.

242. The Friend, 21.10.1907.

Die verkiesing is dan ook geensins op rassegrondslag gevoer nie. Op 20 November 1907 het die Opposisie slegs 7 van die 38 setels verower. Vier hiervan was stedelike kiesafdelings in Bloemfontein. Die Orangia-Unie het 66% van die uitgebragte stemme op hom verenig.²⁴³

Selfs die Opposisie-pers moes erken dat die Orangia-Unie 'n organisasie van nasionale omvang was en het grootmoedig die Afrikanersege erken: „Among the historic dates in the annals of this Colony, November 20, 1907, will take a high and distinctive place. On that day was consummated a policy which has not been duplicated since Empires were first created. A country which had been subdued by a long and devastating war passed peacefully back again into the hands of the conquered.”²⁴⁴

Abraham Fischer, regterhand van pres. M.T. Steyn in die republikeinse dae, het Eerste Minister geword; genl. Hertzog het Minister van Justisie en Onderwys geword; genl. C.R. de Wet Minister van Landbou; A.E.W. Ramsbottom Minister van Finansies en C.H. Wessels Minister van Openbare Werke, Lande en Mynbou.²⁴⁵ Onder hierdie bewind sou die Afrikaner al meer en meer tot sy reg kom.

Op 18 Desember 1907 het die nuwe parlement vir die eerste keer vergader. Vir alle doeleindes van binnelandse regering het die O.R.K. feitlik dieselfde grondwet as tydens die Republikeinse tydperk aanvaar. Die welbekende Afrikanervriend, W.T. Stead, het sy blydschap in 'n brief aan The Friend te kenne gegee en o.a. geskryf dat die O.R.K. weereens in werklikheid 'n „vrye staat” was „and expressed the pleasure it gave him to feel that the old inscription on the old building of the Volksraad corresponded again with the actual facts.”²⁴⁶

243. The Bloemfontein Post, 21 en 23 Nov. 1907.

244. The Bloemfontein Post, 23.11.1907.

245. Goewermentskoerant, 27.11.1907.

246. The Friend, 18.12.1907.

Selfs The Bloemfontein Post het hierdie gedenkwaardige dag nie ongemerk laat verbygaan nie: „Among the historic dates which mark the history of the country, December 18th, 1907, must always hold an honoured and conspicuous position. On that day was offered the outward and visible sign of an inward revolution, and a miracle in modern colonial history was consummated and completed. Five short years ago the country was one gigantic battlefield, with its fair face ravaged, seared and marred. Many of those who assemble to-day under the dome of the Raadzaal were in arms against the Sovereign they now cheerfully and willingly acknowledge. Two of the ministers of the Government which came into being a month ago were the leaders of the splendid forlorn hope which compelled the admiration and extorted the praise of the world.”²⁴⁷

In sy troonrede tydens die aanvangsitting van die eerste parlement onder selfbestuur het die Luitenant-goewerneur verklaar dat, na al die teëspoed, die O.R.K. tekens van terugkerende voorspoed begin toon. In 'n hoofartikel het The Friend hierop voortgeborduur en getuig dat die wol- en vleisproduksie steeds styg, dat die uitvoerhandel in mielies steeds ontwikkel, dat vrugte uit die O.R.K. 'n plek op die Londense mark verower het en dat die Verowerde Gebied sy beste koringoes in jare gedors het.²⁴⁸

Ook uit die eertydse verwoeste en verarmde platteland het bevestiging gekom van die feit dat rus en vrede, voorspoed en welvaart andermaal in die O.R.K. ingetree het. Die magistraat van Vrede, F.W. van Heerden, het na 'n inspeksietoer deur sy distrik op 28 Desember 1907 o.a. soos volg verslag gedoen: „Considering the ravages and destruction caused by the late war, the present condition of this district, socially and economically, affords incontestable proof of

247. The Bloemfontein Post, 18.12.1907.

248. The Friend, 25.12.1907 en 19.12. 1907.

the recuperative nature of the country, associated with the fact that its inhabitants are loyal, and have practically obliterated all the bitter traces and memories of the past."²⁴⁹

Voorts het hy gemeld dat ongeveer 100,000 sakke mielies gedors is. En waar die distrik voor die oorlog bekend vir sy perdeteelt was, was laasgenoemde nou, na die invoer van goeie rasse, op 'n hoër peil. Die boere het reeds weer besondere inisiatief aan die dag gelê. 'n Boer, Willem Odenaal, het al 10,000 bome aangeplant en hy wou nog 'n verdere 40,000 plant.

Hoewel soortgelyke verslae uit ander distrikte ontbreek, moes die voorspoed en ondernemingsgees oral merkbaar gewees het, want nóg in die amptelike korrespondensie, nóg in die nuusblaaië het verslae van swaarkry of ellende verskyn.

Dat die herstel tussen 1902 en 1907 ook geen frats was nie, blyk uit die feit dat die welvaart en voorspoed ook na 1907 verder uitgebou is. Toe die finansiële jaar op 30 Junie 1908 eindig, kon die Koloniale Tesourier 'n oorskot van £2,097 in die staatshuishouding aankondig. Na aanleiding hiervan het hy verklaar: „For the first few years subsequent to the declaration of peace, the towns especially enjoyed a period of fictitious prosperity which in the succeeding years steadily and surely faded away. But in the meantime, the country was surely and steadily improving until, from the state of almost utter ruin of six years ago, it is fast approaching a condition of comparative prosperity."²⁵⁰

Laasgenoemde was profetiese woorde. In 1908 en 1909 het die O.R.K. onder Afrikaner-bewind steeds sy volgehoue welvarendheid as Suid-Afrikaanse staat getoon. Gedurende die eerste 8 maande van 1908 het die O.R.K. 509,328 lb.

249. C.S. 117/08.

250. Budget Statement, 17.7.1908, p. 15.

botter ter waarde van £30,819 uitgevoer. In die ooreenkomstige tydperk in 1909 is 1,099,267 lb. ter waarde van £65,238 uitgevoer. Die totale uitvoerwaarde van botter in 1908 was £38,000, welke bedrag gedurende die eerste 8 maande van 1909 feitlik verdubbel is. In die ooreenkomstige tydperk in 1908 is 92,486,201 lb. mielies ter waarde van £192,096 uitgevoer. In dieselfde tydperk in 1909 styg dit tot 111,125,992 lb. ter waarde van £267,859.²⁵¹ Die totale uitvoerwaarde van mielies gedurende 1908 was £286,391 sodat gedurende die eerste 8 maande van 1909 feitlik die vorige jaar se totaal bereik is - 'n bewys dat die geld al hoe meer in die beursies van die boere gevloei het.

Gedurende die eerste 8 maande van 1908 is 4,552,892 eiers ter waarde van £21,909 uitgevoer. Gedurende dieselfde tydperk in 1909 het dit tot 5,827,560 eiers ter waarde van £28,039 gestyg. In die ooreenstemmende tydperk styg die woluitvoer van 23,208,989 lb. tot 30,721,575.²⁵²

Tereg kon die Koloniale Tesourier in 1909, op die voor-aand van Uniewording, sy begrotingsrede soos volg afsluit: „Mr. Speaker, I think these figures cannot be looked upon in any other light than as indicating that money is now beginning to flow into the country instead of out of it as heretofore. The effect that this altered condition of affairs is likely to have upon the financial state of the Colony is so obvious as to need no comment. I feel confident that we are at last approaching the end of our period of depression and that more prosperous times are in view. The turn to prosperity may not be rapid as we have not as yet discovered any payable gold mines in the O.R.C., but we are busy developing other mines, which from their permanent nature may in the end prove even more valuable than gold mines, and I venture to predict that when the Union of South

251. Budget Statement, 14.10.1909, p. 14.

252. Ibid.

Africa is consummated no Colony will enter that Union with its finances in a more stable condition or with more favourable prospects than the little O.F.S."²⁵³

Ook pres. M.T. Steyn, wat as eerste burger in 1899 deeglik op hoogte van die ekonomiese stand in die destydse Oranje-Vrystaat was, het die ekonomiese herstel aangestip. So het hy voor die Christelike Jongeliede Vereniging in Bloemfontein verklaar: „Ziet gij niet hoe ons volk, dat een paar jaar geleden verpletterd en uitgeroeid was, uit eigen kracht en energie zich zover hersteld heeft dat het, hoewel nog arm, toch gevoelt dat het verder op eigen voeten staat? Het is een levend, vooruitstrevend volk."²⁵⁴

Toe die twee verowerde Republieke dus in 1910 tot die Unie van Suid-Afrika toetree, het die Afrikaner allermins 'n minderwaardige posisie in vergelyking met die ander Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe bekleed. Dat die oorlog en sy naweë tot 'n Unie van Boer en Brit sou lei, waarin die Boer 'n leidende aandeel sou neem, was iets wat geen imperialis voorsien het nie.

Sarah Gertrude Millin het die situasie raak gesien toe sy geskryf het: „The end has triumphed over the means. And, although there are many Boers who cannot forget the past, there are also many who shrug their shoulders and think philosophically : 'Well, let England call this Union hers. We shall bear it. For, in effect, it is ours.' "²⁵⁵

Brittanje het dus die oorlog, maar die Afrikaners het die vrede gewen. Te midde van oorstelpende teenwerkende faktore het die Afrikaner op fenomenale wyse uit eie krag herstel. Met behoud van sy selfrespek kon die Afrikaner in 1910 op gelyke voet met die Brit die landsbestuur van Suid-Afrika oorneem. Die knegskap wat deur die oorlog oor

253. Ibid., p. 15.

254. Van der Merwe, op. cit., p. 181. My kursivering.

255. Millin, S.G., South Africans (Londen, 1937), p. 86.

hom gebring is, is daarmee finaal afgewerp. John Buchan, een van Milner se „Kindergarten," het grootmoedig erken: „History has seen many fine stocks brought within the pale of our empire, but none stronger and finer than this one which turned defeat into victory, and led captivity captive."²⁵⁶

256. Geen, M.S., The Making of South Africa (Kaapstad, 1958), pp. 196-197.

B E S L U I T.

Net soos die veelbewoë oorlogsjare van 1899-1902 vir die Afrikaner ten opsigte van sy voortbestaan voor 'n krisis gestel het, só het die tydperk 1902-1907 opnuut aan hom eise gestel wat hy sou moes vervul indien hy sy identiteit as Afrikaner wou behou. Dit was jare waarin die keur van Afrikanergesinne moes honger ly en soms teen 'n hongerloon vir ander moes gaan werk. Maar die Afrikaner se gees was nog steeds dié van 'n bittereinder en 'n kanniedood. Swartgaligheid en frustrasie sou hom nie deelagtig word nie. Die knellende jare van swaarkry sou die beste uit die Afrikanervolk te voorskyn bring - daadkrag, pligsbesef en 'n verantwoordelikeheidsin wat onder meer gunstige materiële toestande waarskynlik agterweë sou gebly het. In sy uur van neerlaag, vernietiging en verlies het sy inherente gekultiveerdheid, waardigheid en adel van karakter as waarborg gedien dat hy weer die hoogtes van weleer en selfs hoër hoogtes sou bereik.

Die oorlog en sy naweë was die eerste van 'n reeks skokke wat die Afrikaner in die twintigste eeu sou tref; waardeur sy karakter getoets en sy lewenswaardes gelouter sou word. Die smart, verlies, verguising, hoon, lyding en opoffering wat sedert 1900 beleef is, het 'n onmisbare en besielende warborg vir die voortbestaan van die Afrikanerdom geword. Die wil om te werk en te herstel wat verwoes is, het die Afrikaner 'n waardige nasaat van die Voortrekkers gemaak. 'n Heldetradisie is op die ekonomiese, kulturele, opvoedkundige en politieke vlak van heropbou voortgesit. Uit die puin van 'n leeftyd se inspanning is boustene vir 'n nuwe Afrikanerdom gehaal.

Dit was nie bloot toeval of omstandigheid wat hierdie karaktertrekke van die Afrikaner geopenbaar het nie. Reeds

in die dae van die oorloë aan die Kaapse oosgrens het hul voorsate getoon dat deursettingsvermoë en 'n wil om uit hul nederlae op te staan, 'n besondere gestalte in die Afrikaner verkry het - juis eienskappe wat hom van ander boere onderskei en hom Boer gemaak het. Ekonomiese herstel was dus nie iets nuuts vir die Afrikaner nie. Vorentoe boer uit eie krag het herstel op ander terreine van die volksbestaan gewaarborg en die sleutel geword tot sterk staan op kulturele en politieke gebied. Daarmee het sy gevoel van eie-waarde behoue gebly.

Die ekonomiese aspek in die herryzenis van die Afrikaner na 1902 is waarskynlik nog nooit volledig raakgesien nie. Die politieke herlewing, veral sedert 1904, soos dit uiting gevind het in die stigting van politieke partye, Het Volk en die Orangia-Unie, en die kulturele opbloeï wat ingelui is deur Eugene Marais se gedig „Winternag," was wel die daeraad van 'n nuwe toekoms vir die neergevelde Afrikanerdom, maar die herryzenis sou nie net daarop rus nie. Die Afrikaner sou ook ekonomies weer sterk moes staan as hy sy sukses op politieke en kulturele gebied wou verseker. Die sleutel tot sy rehabilitasie en sy herowering van 'n magposisie sedert 1907 moet dus ook op die ekonomiese vlak gesoek word.

Die ink van die vredesverdrag was nouliks droog toe die Afrikaner opnuut 'n stryd tot die bittere einde moes aanknoop - hierdie keer teen armoede wat sy individualiteit en selfstandigheidsin in gevaar gestel het. Die oorlog het die republikeinse verlede van die Afrikaner verpletter, maar armoede het sy toekoms in die weegskaal geplaas. Alle ander aspekte van die herstelprogram is verdwerg deur die ekonomiese rekonstruksie waardeur 'n ganse leefwyse herstel moes word. Sukses op hierdie terrein sou sy voortbestaan verseker en sy selfrespek behoue laat bly.

'n Betreklik gelukkige, vergenoegde en landelike lewe het tot 1899 in die Oranje-Vrystaat bestaan. Vreedsame naasbestaan in 'n selfversorgende, welvarende en partylose staat het die Afrikaner se aanspraak as volksbouer en staatsman bevestig. Beide die persoonseconomie en die staatshuishouding het voorspoed weerspieël. Die ontdekking van diamante en goud het as uitheemse en buite-grenslieke prikkel wel die Voortrekker-uitkyk en die pionierstrewe op die agtergrond geskuif, maar tog die Afrikaanse karakter en lewenshouding redelik onbevlek gelaat. Teenslae ten spyt het die Afrikaner 'n model republiek tot stand gebring waarin die mooiste Afrikanertrekke tot volle wasdom sou ontluik.

Met woeste geweld het die oorlog oor hierdie stille landskap losgebars. Die hoogste lewenswaardes en materiële sukses is wreed vertrap en vernietig. Alle tekens van bewoning en bewerking is nie net uitgewis nie, maar ook kerke en skole - bastions van die beskawing - is deur vlammetonge opgelek. Duisende wit kruisies in konsentrasiekampkerkhoe het getoon hoe die groeikrag van 'n jong volk getap is. Die land het leeg, kaal en woest geword. In Junie 1948, toe genl. Smuts 'n eredoktorsgraad deur die universiteit van Leiden in Holland toegeken is, het hy tereg getuig: „In World War II no part of Europe was so devastated, root and branch, as the Transvaal and Orange Free State in the South African War. From the battlefield our people returned to a country in ruins - devastated and burned until only nature remained.”¹

Bykans drie jaar na die begin van die stryd het eiendomsverwoesting en die leed wat nie-vegtendes berokken is, die Afrikaner se verset so afgetakel dat hy tot 'n vredesberaad by Vereeniging gedwing is. Milner, die man wie se imperialistiese hartstog die oorlog in 'n groot mate ontketen het, wou nie slegs die oorlog met vrede afrond nie,

1. The Star, 18.6.1948.

maar daarmee die genadeslag aan die Afrikaner toedien. Reeds voor die vredesluiting, nl. op 21 April 1902, skryf hy vertroulik aan maj. Williams: „I hate negotiations. If a bad peace is to be made, it must be over my political - corpse.”²

Eindelik moes die Britse vredesaanbiedinge met 54 teen 6 stemme ter wille van Afrikaner-eenheid deur albei republieke aanvaar word. Wat in alle Afrikanerharte geskrei het, het waarn. pres. S.W. Burger van die Z.A. Republiek soos volg uitgedruk: „Wij staan hier bij het graf van de twee Republieken”³

Die afgevaardigdes van die verskillende kommando's was verbysterd. Kommandant senator C.A. van Niekerk roep dié gewyde en grootse oomblik in pynlike herinnering: „Wat daar toe deur my hart gegaan het, kan deur geen pen beskrywe word nie Dit was asof die doodsklok oor ons gelui het Ons het net versteen, in diepe stilte daar gesit.....”⁴ Die verbysterde generaals en kommandante moes hierdie onmoontlike nuus aan die wagtende burgers bring.

In stilte het die oorgawe van die kommando's plaasgevind. 'n Geskokte predikant het verklaar: „Ek kon God nêrens sien nie. Ek het weggegaan soos 'n uitgeworpene en moes in my siel worstel.”⁵ Genl. J.C.G. Kemp het geskryf: „Hete, soute tranes rol oor die bruingebrande wange om op die verskroeiende grashalmpies aan hul voete te val..... Groue grysaards en baardlose seuns het gesnik”⁶ Ook vir die vroue in die kampe was dit 'n skokkende tyding. Hulle wat die getuie van soveel smart was; hulle sou die

2. Headlam, C., The Milner Papers, II, p. 339.

3. Kestell en Van Velden, De Vredesonderhandelingen tussen Boer en Brit in Zuid-Afrika (Amsterdam, 1909), p. 212.

4. Hopkins, H.C., Maar één soos hy, Die lewe van Kommandant C.A. van Niekerk (Kaapstad, 1963), p. 142.

5. Macdonald, Ramsay, Wat ek in Suid-Afrika gesien het, pp. 31-32.

6. Kemp, J.C.G., Vir Vryheid en Vir Reg (Kaapstad, 1946), p. 476.

troostelose alleenwees en die gebrek aan kinderstemme die meeste voel. Die Afrikanervrou is vir goed van Brittanje vervreem en haar nageslag sou van jongs af herinner word aan die kampe en die vernedering deur die veroweraar haar aangedoen, en by haar kinders sou 'n onuitblusbare haat en afkeer vir die renegaat gekweek word.

Ten spyte van al die verwoesting en die feit dat die land kaal gestroop was, wou die Afrikaners dadelik plaas toe. 'n Verdere skok het daar op hulle gewag. In stilte is die weergalose verwoesting aanskou. 'n Leeftyd het in as en puin gelê. Kommandant C.A. van Niekerk het net 'n eensame ou wolhaarkat tussen die ruïne van sy woning aange-tref en die eerste nag in die stal deurgebring.⁷

Die verwoesting van die Afrikaner se materiële besit was volkome, maar die jare van heropbou sou toon dat hy moreel geen knak toegedien is nie. Arbeid sou nou oorwin waar die geweer gefaal het. Die oorlog het die Afrikaner verwond, maar nie oorwonne gelaat nie. Kort na afloop van die oorlog reeds het ds. J.D. Kestell geskryf: „God heeft het Afrikaansche volk in den grooten strijd gevormd. Het is niet uitgedelgd de Afrikaner zin en geest bestaan nog.”⁸ Uit die smeltkroes van die oorlog het 'n gelouterde Afrikanerdom met 'n roemryker tradisie as ooit tevore getree. Tereg skryf dr. D.W. Krüger: „But they had emerged from the war with a new-won pride in their military achievements, a new selfrespect and a national consciousness stronger than before.”⁹ Die gevoel van eiewaarde en broederskap wat deur die oorlog geskep is, sou spoedig verder versterk word deur die wanbestuur van die veroweraar en die gebreke wat so veelvuldig in die hele herstelprogram van

7. Hopkins, op. cit., p. 151.

8. Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, J.J., Republieke en Republikeine (Kaapstad, 1960), p. 161.

9. Krüger, D.W., The Age of the Generals (Johannesburg, 1958), p. 25 ; vgl. ook Cortzee, J.A., Politieke groepering in die wording van die Afrikaner-nasie, p. 324.

die nuwe owerheid voorgekom het.

Al was hulle harte stukkend, is die harde oordeel wat oor hulle gekom het, met stille en kalme waardigheid aanvaar. „To get to his heart you have to go through a weary wilderness, just as you have to do to get to his farm,”¹⁰ het Ramsay Macdonald geskryf.

Die staatkundige ideaal is by Vereeniging begrawe, terwyl die stoflike besit in vlamme en rook verdwyn het. Maar uit die graf van soveel wat vir hom dierbaar was, het die Afrikaner se wil om te lewe, heerlik en daadwerklik verrys. „En tog was die mense na al die verwoesting en die swaar lyding en verliese wonderlik moedig en hoopvol. Die verslaenheid oor hulle verlore besittings was duidelik sigbaar, maar daar was geen gevoel van haat of nyd of bitterheid nie. Met stille onderworpenheid en die grootste openbaring van wilskrag het hulle na hulle plase teruggegaan om te bou en te herbou,”¹¹ het komdt. C.A. van Niekerk meer as 'n halfeeu later vertel.

Die offer was nie tevergeefs nie. Reeds tydens die vredesberaad het genl. Smuts profeties verklaar: „Niemand zal mij ooit overtuigen, dat de ongeëwenaarde opofferingen, door het Afrikaansche volk op 't altaar der vrijheid gelegd, ijdel en tevergeefsch zullen zijn.”¹²

Dit is oorbekend dat die gemoedstemming onmiddellik na die neerlaag dié van diepe neerslagtigheid was. By meer as een Afrikaner het die gedagte posgevat dat alles waarvoor Krüger en Steyn geveg het - staatkundig en kultureel - verlore was. Uit hierdie ondergrond van teleurstelling het die ekonomiese oorweging verrys, dit wat die rigsnoer in die lewe van meeste mense is : dit is die beste om jou by die nuwe orde aan te pas; die oorwinnaar lyk tegemoetkomend noudat hy sy sin gekry het; 'n mens moet, al gaan dit hoe

10. Macdonald, J.R., What I saw in South Africa, p. 24.

11. Hopkins, op. cit., p. 155.

12. Kestell en Van Velden, op. cit., pp. 196-197.

goed of sleg, tog vir jou gesin sorg.¹³

Op die vooraand van die oorlog het die Afrikaner geglo dat hy vir 'n regverdige saak stry en dat die lotgeval van sy volk in 'n Hoër Hand geleë is. Hierdie geloof het hom veral na die oorlog staande gehou. Uit die geloof het noodwendig die gedagte gevloei: ek moet werk, want die Here help immers diegene wat hulle self help.

Die oorlog en sy nagevolge moes geleidelik by die Afrikaner opnuut die bewussyn wakkergeroep het dat hy in hierdie land 'n bestemming gehad het. Die verwesenliking daarvan sou egter van hom harde werk vereis. Die lewenstand vóór die oorlog en die heroïese stryd om die behoud daarvan sou hulle voortdurend besiel. Vir sommige Afrikanerleiers soos Botha en Smuts sou die Vrede van Vereeniging mettertied die einde word van 'n verhaal wat liefers nie oorvertel moes word nie. Vir andere soos De Wet, De la Rey, Beyers en Steyn „was dit slegs die afsluiting van 'n hoofstuk van die verhaal wat hom nog moes ontplooi - die verhaal van die volkome vrywording van die Afrikaner....“¹⁴ Reeds tydens die vredesberaad het De Wet ondubbelsinnig die Vrystaters se begeerte vertolk om die stryd voort te sit. Dit was 'n geïnspireerde daad wat daarna in die ekonomiese worstelstryd moedige weerklank op die verlate en verwoeste plase sou vind.

Die ekonomiese herstel was vir die Afrikaner nie 'n geïsoleerde en losstaande stryd nie. Dit moes in die lig van besonder teenwerkende omstandighede aangepak word. Die ganse Milner-bewind en die administratiewe struktuur het hom gedurig aan sy minderwaardige posisie herinner. Te midde van die smart oor die verlies van sy vryheid en soveel lewensgoedere en die moeisame taak van heropbou, het Milner op ondubbelsinnige wyse te kenne gegee wat hulle eindbestemming

13. Van den Heever, C.M., Die Afrikaanse Gedagte in Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, III, p. 20.

14. Van Schoor, M.C.E., Die Vrystaatse Helpmekaar (Bloemfontein, 1960), p. 8.

sou wees, nl. „A federated British South Africa in a federated British Empire.”¹⁵ In die lig hiervan het ál Milner se skemas 'n onheilspellende betekenis vir die Afrikaner gekry. Terwyl hulle daaglik met die heropbou van hul verwoeste plase besig was, moes hulle dit voortdurend in gedagte hou dat hulle gevaar loop om as 'n volk deur die imperialistiese stroom meegesleur te word.

Milner het in die eerste plek in die onderwys 'n middel ter vernietiging van die Afrikanerdom gesien. Na die kampskele is die denasionalisasie van die Afrikanerkind in die regeringskele op die dorpe voortgesit. Die minderwaardige posisie waarin hulle taal gestel is en die voorwaardelike toelating daarvan in kele het daartoe gelei dat veral sedert Januarie 1904 eie Christelik-nasionale kele deur die Afrikaner in die lewe geroep is. Dié C.N.O.-skele moes voortbou op die verlede, op die godsdiens, die taal en die geskiedenis van die Afrikanernasie.¹⁶ Hoewel die C.N.O.-skele in die O.R.K. 'n finansiële sukkelbestaan moes voer en uiteindelik met die regeringskele moes amalgameer, het dit die stryd van die Afrikaner om behoud van sy eie bevestig.

Milner se onverskele wantroue in die Afrikaner is ook in die landnedersettingskema geopenbaar. Die droom na 'n getalle-oorwig van Britse immigrante moes die uitkoms van die oorlog in vredestryd konsolideer. Milner wou ook seker maak dat sy ideale na hom sou voortleef. Daarom wou hy dat die toekomstige leiers van die Britse bevolking in Suid-Afrika sy leerskele moes deurloop „to inspire them with his ideals and to leave them as the executors of his policy.”¹⁷ Ook om die rede wou hy die toekenning van selfbestuur aan

15. Neame, L.E., General Hertzog (Londen, 1930), p. 57

16. Van Schoor, M.C.E., Onderwys in die Oranje-Vrystaat in Onderwys in Suid-Afrika 1652-1910 (Pretoria, 1963), p. 168.

17. Amery, L.S., The Times History of the War in South Africa, VI, p. 154.

die verowerde kolonies so lank moontlik vertraag. Intussen moes baie Afrikaners met die Britse ideaal versoen raak en Britse immigrante in groot getalle ingevoer word sodat die Britse bevolkingsdeel „a substantial majority and real power” sou word.¹⁸ Vandaar die wantroue in en vooroordeel teen immigrasie wat tot betreklik onlangs deur 'n aansienlike deel van die Afrikanervolk as 'n bedreiging vir hulle voortbestaan gesien is.

Die hooghartige houding wat deur baie van Milner se amptenare aangeslaan is, het die Afrikaner verder van Engeland vervreem. Juis die houding om die Afrikaner gedurig aan die uitkoms van die oorlog te herinner en Milner se onverbiddelike en ongenaakbare houding ten opsigte van die seggenskap van Britse imperialisme in Suid-Afrika het onder die Afrikaner 'n begeerte tot selfhandhawing gewek wat in vernieuëde nasionalisme en verzet teen alles wat Brits was, uiting sou vind.

So het Milner onbewus by die Afrikanervolk dit gevoed wat hy juis wou vermy. Sy bewustelike strewe na die verengelsing van die Afrikaner en sy administrasie het daarvoor gesorg dat die Afrikaner steeds bekommerd gebly het oor die moontlikheid dat hy as volk kon verdwyn. Daarom dat die Afrikaner sy administrasie en Britse oorheersing met alle mag teë gegaan het. Die Afrikaner het gestreef na beveiliging teen die aanslae van die Britse politiek en kultuur. In die strewe om hierteen 'n bolwerk op te rig, moes hy ook veral sy ekonomiese posisie herstel en die agterstand wat deur die oorlog veroorsaak is, ingehaal word. Die geloof en hoop in die herstel van sy republikeinse regeringsvorm was by die Afrikaner deel van hierdie beveiligingsgedagte.

Kompensasie en repatriasie sou die Afrikaner verder in die harnas jaag. Die „Free Grant” van £3,000,000 was onge-

18. Headlam, Op. cit., pp. 521-526 : Milner aan Lyttelton, 2.5.1904.

twyfeld goed bedoel, dog die wyse waarop Engeland op sy woord teruggegaan het en die wyse waarop hervestigingshulp uit hierdie fonds verleen is, het die indruk bevestig dat dit deel was van die plan om die Afrikanerdom te „breek.” Chamberlain het ten spyte van dringende pleidooie deur Afrikanerleiers krampagtig aan die letter en gees van die vredesverdrag vasgeklou en die weeropbou volkome in Milner se hande gelaat. Klagtes oor kompensasie en repatriasie het op laasgenoemde weinig indruk gemaak. In 1903 het Chamberlain wel die verowerde gebiede kom inspekteer en voorbrand kom maak vir Milner se aanbod aan gewese Afrikanerleiers om lede van die dekoratiewe Wetgewende Rade te word. Die vertroue van hulle volksgenote was egter meer werd as die begeerlike salarisse wat Milner aangebied het. Dat die Afrikanerleiers goed genoeg vir hierdie rade was, maar seggenskap in die repatriasie- en kompensasieliggame ontsê is, het Milner se wantroue teenoor die Afrikaner terdeë bewys.¹⁹

Geen wonder dus dat Milner se beleid op 'n mislukking uitgeloop het nie. Na sy vertrek uit Suid-Afrika het hy op 27 Oktober 1905 in die Britse Hoërhuis sy optrede in Suid-Afrika probeer regverdig. Hy het die Afrikanerleiers grootliks vir die mislukking van sy beleid verantwoordelik gehou. In antwoord op hierdie toespraak het die Lord Chancellor, sir Robert Threshie Reid, gesê dat „in a series of blunders in South Africa, extending over a century, the greatest belong to Milnerism..... Lord Milner had inflicted the greatest injury on the Empire after the loss of

19. Van der Walt, Wiid en Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, I (Kaapstad, 1955), p. 629.

America."²⁰

'n Verdeelde Afrikanerdom het in die nagloed van die stryd na hulle plase teruggekeer. Bittereinders het die grootste veragting vir Scouts en Hensoppers gehad. So het genl. Hertzog geskryf: „Respek word ons van alle kante be- toon, behalwe deur verraaiers, wat ek inniglik verag en nie sal groet nie."²¹ Die Scouts en Hensoppers het weer 'n uit- dagende houding in teenwoordigheid van die Britse gesag aan- geslaan. Die botsing het veral op kerklike gebied ten top gestyg waar hulle mekaar moeilik kon vermy. Bittereinders het beswaar gemaak teen Scouts en Hensoppers in kerkrade en teen predikante wat burgers tot vroegtydige oorgawe aange- hits het.²²

Dat die Afrikaner in 1902 kans gesien het om met so te sê niks opnuut hulle plase te verwerk, was op sigself 'n heroïese daad. Armoede, droogte en veesiektes het hom on- middellik in die greep van ekonomiese ondergang geplaas en

20. The Friend, 28.2.1906. Die skerpste kante van die Britse imperialisme is deur die Anglo-Boere-Oorlog afgeslyt. Cecil Rhodes lê in sy eensame graf in die Matoppo-heuwels, 'n grillige landskap van grani- et-koppies en skraal kreupelhout. In 'n onlangs verskene werk deur J.G. Lockhart en C.M. Woodhouse oor Rhodes word verklaar: „The tide of imperialism turned to ebb within a generation of his death." (p. 33). Milner weer het na sy terugkeer in Engeland 'n mosie van sensuur op die lyf geloop en as verbit- terde mens gesterf. Chamberlain is in 1914 oorlede nadat hy die laaste agt jaar van sy lewe feitlik 'n invalide was en geen rol in die openbare lewe kon speel nie. Die Liberale oorwinning in 1906 het die imperialistiese gety finaal gestuit. Wrench in sy werk, Alfred lord Milner, the man of no illusions, (p. 371) skryf dat die geesdriftige verwelkoming wat die Liberalis te beurt geval het, die lawaai oor Britse oorwinnings gedurende die oorlog na 'n holle geskreeu laat klink het.

21. Van den Heever, C.M., Generaal J.B.M. Hertzog, p. 178.

22. Coetzee, J.A., Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p. 321. So het die sif- tingsproses wat deur die oorlog begin is volkome geword. Die Hensoppers het tog van die begin af geweet dat die uitkoms van die oorlog 'n beklonke saak was. So ook Bittereinders. Diegene wat end- uit getrou gebly het, het die kern van die nuwe Afrikanerdom geword. Op hulle herstelkrag het die toekoms berus.

verder is hy met repatriasieskuld oorlaai deur middel van voorskotte wat hy verkeerdelik as deel van die veelgeroemde „Free Grant” van £3,000,000 vertolk het.²³ Maar hierdie teenslae ten spyt is sy inherente herstelvermoë nie geknak nie. Die wil om bo dit alles uit te styg, was by hom alles-oorheersend.

Die jaar 1903 het 'n hongerjaar geword. Die droogte het voortgeduur. Ook die armoede. Toe die ysige winterkoue aanbreek, het kommandant C.A. van Niekerk in Ons Land geskryf: „Kleederen zijn zeer van noode. De winter is verschrikkelijk koud, en menig arm kind en moeder en vader bibberen des nachts van koude, en hebben niets om zich mede te dekken, om niet eens te spreken van hoe velen des avonds met een ledige maag naar bed gaan.”²⁴ En tog het die Afrikaner staande gebly. Hy het te midde van die swaarkry en hongerly op die plaas gebly, terwyl hy maklik kon tou opgooi en na die onproduktiewe „Reliefkampe” kon verhuis.

In 1904 het die daeraad van 'n nuwe toekoms aangebreek. Na twee sukkeljare was die meeste Afrikaners nog op die plase en kon hulle eerste na-oorlogse oes ingesamel word. Dit het in skerp teenstelling gestaan met die Britse land-

23. Opmerklik is dit dat hierdie mistasting selfs vandag nog gehuldig word en dat selfs 'n pasverskene werk (Du Plessis, E.P., 'n Volk staan op - Kaapstad, 1964 -, p. 17) van „'n skenking van £3,000,000” melding maak.

24. Hopkins, op. cit., p. 157. Tydens haar besoek aan die O.R.K. in 1903 is Emily Hobhouse ook getref deur die armoede, maar ook deur die moedige wyse waarop die Afrikanervolk hom daaraan probeer ontworstel het. Gevolglik het sy besluit om die moeders en dogters te leer spin en weef. Huisnywerhede sou die gesinslewe bestendig. Die verhuising van bywoners na die dorpe het haar egter op spin- en weefskole laat besluit. Teen 1908 was daar reeds spin- en weefskole in Philippolis, Ficksburg, Bloemfontein, Bethlehem, Smithfield, Winburg en Boshof. Hierdie skole het verhoed dat bywonerdogters hul selfrespek verloor en het sluimerende adel van karakter laat ontluik. Vgl. in hierdie verband Fry, R.A., Emily Hobhouse, A Memoir (Londen, 1929), p. 240; Terblanche, Anette, Emily Hobhouse (Johannesburg, 1948), p. 8; Van Schoor, M.C.E., en Oberholster, J.J., President Steyn aan die Woord (Bloemfontein, 1953), p. 112.

nedersetters wat alles van die owerheid ontvang het en nogtans as gevolg van die teenslae na die stede gevlug of verdere staatshulp aangevra het. Terselfdertyd het die gebeurtenisse voor en na die Brandfort-kongres voldoende bewys gelewer dat die Afrikaner uit die eerste verlamming van die oorlog ontwaak het en dat hulle nie langer Milner se wanadministrasie en die versuim om gegewe beloftes na te kom, lydelik sou aanvaar nie. Genl. De Wet het dit onomwonde gestel: „Wij wenschen geen tittel of jota van onze rechten op te geven.“²⁵

Dié herlewing van Afrikaner-nasionalisme is tereg deur Worsfold toegeskryf aan „a returning confidence begotten of the improvement in the material conditions of the ex-burgher population.“²⁶ Tydens die Brandfort-kongres is die Hensoppers ook weer in Afrikaner-geledere opgeneem. Dit was asof gemeenskaplike swaarkry en miskenning die Hensopgees finaal vermorsel het. Met broedertwis grotendeels uit die weg geruim, kon die Afrikanerdom nou ook soveel vinniger herstel.

Gedurende die jare 1905 en 1906 het die herstel voortgeduur ten spyte van die feit dat depressie in die res van Suid-Afrika geheers het. Van besondere betekenis is egter die feit dat Afrikaners ten spyte van al hulle swaarkry en hongerly, geen klagte oor hul behandeling of pleidooie om aalmoese tot die owerheid gerig het nie. En toe hulle op albei bene begin staan, was dit die owerheid wat luidkeels daaroor gespog het.

Die jaar 1907 het 'n oorwinningsjaar vir die Afrikanerdom geword. In 1907 het die Liberale regering van Campbell-Bannerman, volgens die belofte van 1902, selfregering aan die eertydse republieke toegeken. Binne die raamwerk van die Britse Ryk sou die nasionale bewuswording van die Afri-

25. C.S. 1164/05 : Verslag van Brandfort-kongres.

26. Worsfold, W.B., The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, II, p. 244.

kaner nou al sterker na vore tree. In die toekoms sou daarmee deeglik rekening gehou moes word.²⁷

Oor hierdie politieke herryzenis van die Afrikaner is al veel geskryf en veel geroem, maar die grootse prestasie van die Afrikaner om binne vyf jaar ná die vredesluiting hom ekonomies so te herstel dat hy die hele wêreld weer in die oë kon kyk, is 'n daad waarvoor hy nog te weinig krediet ontvang het. Die roem van sy eie herstel is te dikwels aan die optrede van die owerheid toegedig. Inderwaarheid het honger en swaarkry hom gehelp om self ontslae te raak van die las wat deur die oorlog oor hom gebring is. Sonder die aalmoese van die veroweraar het 'n volk uit sy eie geesteskrag opgestaan. Met die bewussyn van hul eie krag sou die Bittereinders die herryzenis verseker en in hierdie proses ook die renegaat tot selfstandige herstel inspireer.

Dat die repatriasieskema van die owerheid egter noodsaaklike en onmisbare hulp verleen het, veral tydens die eerste na-oorlogse maande van hongerly en die knellende droogte van 1903, ly geen twyfel nie. As 'n faktor in die ekonomiese herstel van die Afrikaner mag dit nooit uit die oog verloor word nie. Ongelukkig het die kredietstelsel wat die repatriasieskema met hom meegebring het, talle Afrikaners in die skuld gedompel en sodoende die Afrikanerdom met 'n groeiende armlankedom swaar belas. Diegene wat nie kop bo water kon hou nie, sou dorp toe, of by die Relief Works gaan werk soek, of chroniese sukkelaars van die ergste graad word. So het die oorlog sy blywende letsels gelaat en 'n belangrike rol gespeel om die Afrikaner tot heel onlangs op ekonomiese gebied agter te stel ten spyte van sy snelle herstel aan die begin van hierdie eeu.

Volkome was die ekonomiese herstel gewis nie. Met deurlopende ontwikkeling sonder oorlog kon die Afrikaner in

27. Vgl. Weidemann, N.C., Die Politieke Naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal, 1902-07, p. 624.

die O.R.K. bes moontlik met sy mede-landgenote in die Kaapkolonie gelyk getrek en hulle selfs oortref het. Die werklike herstel was van die negatiewe tot die positiewe. Die eerste stryd was om bo die broodlyn te kom. Daarin is geslaag en teen 1907 was die boeregemeenskap weer gelukkig en welvarend, maar lank nie soos in 1899 nie. Die moontlikheid moet egter nie uitgesluit word nie dat die Vrystaters sonder oorlog tot louter materialisme kon verval het. Die ongewenaarde prestasie van die Afrikaners in die O.R.K. lê egter daarin dat hulle van alle aardse besittings ontdaan slegs met hulle grond en lewenservaring binne 'n bestek van nouliks vyf jaar hulle vooroorlogse lewenspeil kon herstel.

In sy stryd om sy selfbehoud het die Afrikaner ná 1902 wel nie uitsluitlik op sy ekonomiese herstel staatgemaak nie. Hy sou ook na sy taal en kultuur, en na die politiek gryp. Hoewel die stryd om ekonomiese rekonstruksie geen geïsoleerde faset in die Afrikaner se na-oorlogse materiële en geestelike herstel was nie, was dit tog die voorste loopgraaf van die herryshenis van 'n jong volk.

- - - - -

B I B L I O G R A F I E.

1. ARGIVALE BRONNE

A. ONGEPUBLISEERDE BRONNE

(a) Vrystaatse Staatsargief, Bloemfontein.

1. Argief van die Oranje-Vrystaat, 1854-1899.

Bylaes van die Volksraad van die O.V.S..... V.R.
O.V.S. Staatspresident : Inkomende
en Uitgaande Korrespondensie, 1899-
1900 P.31

2. Argief van die Oranjerivier-Kolonie, 1900-1907.

Inkomende en Uitgaande Stukke van die
Militêre Goewerneur, 1900-1901.....M.G. 1-30
Inkomende en Uitgaande Stukke van die
Koloniale Sekretaris, 1901-1907.....C.S. 1-763
Notule van die Sentrale Repatriasie-
raad, 1902-1903.....G.R.D. 1-4
Inkomende en Uitgaande Stukke van die
Sentrale Repatriasieraad, 1902-1903..G.R.D. 5-59
Inkomende en Uitgaande Stukke van die
Government Relief Department, 1903-
1907.....G.R.D. 60-161
Magistrature : Inkomende en Uitgaande
Korrespondensie, 1900-1907:

Bethlehem
Bloemfontein
Boshof
Brandfort
Ficksburg
Harrismith
Hoopstad
Jacobsdal
Kroonstad
Lindley
Winburg

Legislative Council, Annexures,
1903-1907..... L.C. 4-17

(b) Transvaalse Staatsargief, Pretoria.

Argief van die Luitenant-Goewerneur
(Lt. G.) Bande 73-147

(c) Versamelings:

Abraham Fischer-versameling : Bande 59/1/1-
59/12/275
Gustav Preller-versameling : Pamflette en
Brosjures : Bande 1-4
Pres. Steyn-versameling:
Inkomende Briewe aan pres. Steyn,
1881-1908..... 156/1/1-156/1/4
Uitgaande Briewe, 1888-1907.. 156/2/1-156/2/2
Diverse Stukke, 1899-1902.... 156/3/1
Outobiografie van Emily Hob-
house..... 156/3/11-156/3/12
Koerante en Koerantknipsels
uit verskeie Engelse koe-
rante..... 156/4/1-156/4/2
Los Koerantknipsels..... 156/4/3-156/4/7
Persoonlike Versameling van
A.P.J. van Rensburg.

B. GEPUBLISEERDE BRONNE.

(a) Amptelik:

1. Wetboeke

O.V.S. Wetboek, 1854-1891 en 1892-1899.

O.R.K. Wetboek, 1900-1907.

2. Notules

Notule van die O.V.S. Volksraad, 1854-1899.

Bylae tot die Notule van die O.V.S. Volksraad
(Oranje-boeke), 1880, 1888-1889, 1890.

Minutes of the Proceedings of the Legislative
Council, 1903-1907.

Debates : Inter Colonial Council of the Transvaal
and Orange River Colony, 1903-1907.

3. Imperiale Blouboeke

Cd. 261/1900 : Further Correspondence relating to
Affairs in South Africa, July, 1900.

Cd. 426/1900 : Proclamations issued by Field-
Marshal Lord Roberts in South Africa.

Cd. 524/1901 : Return of Buildings Burnt in each
month from June 1900 to January 1901, including
Farm Buildings, Cottages and Hovels.

Cd. 547/1901 : Further Correspondence relating to
Affairs in South Africa, April, 1901.

Cd. 582/1901 : Correspondence between the Comman-
der-in-Chief in South Africa and the Boer Com-
manders so far as it affects the Destruction of
Property, June, 1901.

Cd. 605/1901 : Despatch by General Lord Kitchener,
dated 8th May, 1901, relative to Military
Operations in South Africa.

Cd. 626-627/1901 : Report of the Lands Settlement
Commission, South Africa, June, 1901.

Cd. 628/1901 : Report by Sir David Barbour on the
Finances of the Transvaal and the Orange River
Colony, June, 1901.

Cd. 695/1901 : Despatch by General Lord Kitchener,
dated 8th July, 1901, relative to Military
Operations in South Africa.

Cd. 732/1901 : Correspondence relating to the Pro-
longation of Hostilities in South Africa, August,
1901.

Cd. 820/1901 : Despatches by General Lord Kitchener,
dated 8th August, 8th September and 8th October,
1901, relative to Military Operations in South
Africa.

Cd. 823/1902 : Despatch by General Lord Kitchener,
dated 8th November, 1901, relative to Military
Operations in South Africa.

Cd. 824/1902 : Despatch by General Lord Kitchener,
dated 8th December, 1901, relative to Military
Operations in South Africa.

Cd. 890/1902 : Despatch by General Lord Kitchener,
dated 8th January, 1902, relative to Military
Operations in South Africa.

- Cd. 902/1902 : Further Papers relating to the Working of the Refugee Camps in South Africa, January, 1902.
- Cd. 903/1902 : Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, January, 1902.
- Cd. 904/1902 : Papers relating to Legislation Affecting Natives in the Transvaal, January, 1902.
- Cd. 970/1902 : Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th March, 1902, relative to Military Operations in South Africa.
- Cd. 981/1902 : Papers relating to the Administration of Martial Law in South Africa.
- Cd. 938/1902 : Despatch by General Lord Kitchener, dated 23rd June, 1902, relative to Military Operations in South Africa.
- Cd. 1096/1902 : Correspondence respecting Terms of Surrender of the Boer Forces in the Field, June, 1902.
- Cd. 1163/1902 : Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, July, 1902.
- Cd. 1284/1902 : Papers relating to an Interview between the Secretary of the State for the Colonies and Generals Botha, De Wet and De la Rey on September 5th, 1902.
- Cd. 1329/1902 : Correspondence relating to the Appeal of the Boer Generals to the Civilized World.
- Cd. 1463/1903 : Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, February, 1903.
- Cd. 1551/1903 : Papers relating to the Progress of Administration in the Transvaal and Orange River Colony, April, 1903.
- Cd. 1552/1903 : Papers relating to the Finances of the Transvaal and Orange River Colony.
- Cd. 1792/1903 : Appendices to the Minutes of Evidence taken before the Royal Commission on the War in South Africa.
- Cd. 1844/1903 : Report received from Mr. Henry Birchenough, the Special Commissioner appointed by the Board of Trade to inquire into and report upon the Present Position and Future Prospects of British Trade in South Africa.
- Cd. 2102/1904 : Correspondence relating to the Finances of the Transvaal and Orange River Colony.
- Cd. 2104/1904 : Correspondence relating to Affairs in the Transvaal and Orange River Colony, July, 1904.
- Cd. 2482/1905 : Further Correspondence relating to Affairs in the Transvaal and Orange River Colony, May, 1905.
- Cd. 2563/1905 : Further Correspondence relating to Affairs in the Transvaal and Orange River Colony, July, 1905.
- Cd. 3028/1906 : Further Correspondence relating to Affairs in South Africa, July, 1906.
- Cd. 3528/1907 : Further Correspondence relating to

Affairs in the Transvaal and Orange River Colony, 1907.

4. Koloniale Blouboeke

Report of the Industrial Commission, 1904.

Census Report of the O.R.C. : General Report with Annexures, 1904.

Department of Agriculture of the O.R.C., Annual Reports, 1904-1907.

Reports of the Auditor-General of the Transvaal and O.R.C. on Loan Expenditure, Land Settlement, Public Works and Telegraph, and Repatriation, 1905-6.

Report of the Auditor-General of the O.R.C. on the Accounts of Repatriation, Relief Works and British Refugee Aid Departments in the O.R.C., 1906.

Reports and Financial Statements of the Repatriation Department of Transvaal, 1906.

Budget Statements of Colonial Treasurer in O.R.C. Legislative Council, 1906-1909.

Departement van Onderwijs van die O.R.K. : Rapport van die Direkteur van Onderwijs, 1907-1908.

Report of the Commission Appointed by the Government of the O.R.C. to enquire into the position and circumstances of Poor Whites in the O.R.C., 1908.

Rapport van een Commissie aangesteld om onderzoek in te stellen in zake de Repatriatie Schulden, 1908.

Minutes of the Proceedings of the Central South African Railways Extension Conference (T.A., T.G. 164).

Central South African Railways : Verslag van de Algemeen Bestuurder van Spoorwegen over het Jaar geëindigd 31 December 1908 (T.A., T.G. 173/1).

Report on the Liquidation of the Affairs of the late Inter Colonial Council, 1910.

Census of the Union of South Africa, Annexures to General Report, 1911 (U.G. 32 - 1912).

Official Year Book of the Union of South Africa, 1910-1916.

(b) Ander

Eybers, G.W., Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795-1910 (Londen, 1918).

Headlam, C., The Milner Papers, I & II (Londen, 1933). Sien ook Literatuurlys.

Kestell, J.D. en Van Velden, D.E., De Vredesonderhandelungen tusschen de Regeringen der twee Zuid-Afrikaansche Republieken en de Vertegenwoordigers der Britsche Regeering (Pretoria en Amsterdam, 1909).

Officeel Verslag van de Verrichtingen van het Nasionaal kongres gehouden te Brandfort op 1 en 2 Desember 1904, met een overzicht van de voorbereidende maatregelen; including a translation into English of the official minutes of the congress together with a tabulated synopsis of statements

re compensation claims (Bloemfontein, De Vriend
drukkers en uitgevers maatschappij beperkt, 1905).

Verslag der Deputatie die naar de Kaap kolonie werd
afgezonden door de VredesComités in de Oranje Rivier
Kolonie, 1901 (Bloemfontein, Argus Co. Ltd. Printers,
1901).

II. LETTERKUNDIGE BRONNE

A. Periodieke Publikasies

(a) Amptelik:

O.V.S. Gouvernements Courant, 1857 - Maart 1900.

O.R.C. Government Gazette, April 1900-1907.¹

(b) Ander:

De Express, 1889.

De Tijd, 1863.

De Vriend des Volks, 1904-1907.

De Zuid-Afrikaan, 1872.

The Bloemfontein Post, 1900-1907.²

The Friend, 1856, 1861, 1868, 1876, 1900-1907.³

B. Kontemporêre Werke, Reisbeskrywinge, Herinneringe, Dagboeke, ens.

Amery, L.S., The Times History of the War in South
African, I-VI (Londen, 1906-9).

Bauman, G. en Bright, E., The Lost Republic : The
Biography of a Land Surveyor (Londen, 1940).

Beak, G.B., The Aftermath of War. An Account of Re-
patriation of the Boers and Natives in Orange
River Colony, 1902-1904. (Londen, 1906).

Boissevain, C., The Struggle of the Dutch Republics
(Amsterdam, 1900).

Brebner, A., Memoirs of the Life and Work of Rev.
John Brebner (Edinburgh, 1903).

Bryce, J., Impressions of South Africa (Londen, 1900).

Collins, W.W., Free Statia (Bloemfontein, 1907).

Curtis, Lionel, With Milner in South Africa (Londen,
1951).

Davitt, M., The Boer Fight for Freedom (Londen, 1902).

Doyle, A. Conan, The Great Boer War. A Two Years'
Record 1899-1901 (Londen, 1902).

1. In hierdie verhandeling word deurgaans bloot na Goe-
wermentskoerant verwys.
2. Hierdie blad het The Friend of the Free State en
Daily Friend onmiddellik opgevolg in 1900 en tot
1907 voortbestaan toe dit met The Friend amalgameer het.
3. In hierdie verhandeling word na The Friend verwys. Op
11 Oktober 1902 het die ou Friend of the Free State
weer onder die titel The Friend verskyn. De Vriend
des Volks, wat 'n voortsetting van De Wekelijksche
Vriend (vanaf 9 Julie 1904 tot September 1905 as
Hollandse medeganger deur die uitgewers van The
Friend uitgegee) was, is vanaf 1 Oktober 1905 tot
in 1927 as 'n halfweeklikse blad uitgegee.

- Fitzpatrick, P.J., South African Memories (Londen, 1932).
- Fraser, J.G., Episodes in My Life (Port Elizabeth, 1922).
- Froude, J.A., Two Lectures on South Africa (Londen, 1880).
- Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika (Amsterdam, 1903).
- Hobhouse, E., The Brunt of the War and where it fell (Londen, 1902).
- Hobson, J.A., The War in South Africa ; Its Causes and Effects (Londen, 1900).
- Iwan-Müller, E.B., Lord Milner and South Africa (Londen, 1902).
- Kestell, J.D., Through Shot and Flame (Londen, 1903).
- Macdonald, J.R., What I saw in South Africa (Londen, 1902).
- Maurice, F., History of the War in South Africa, Compiled by the Direction of His Majesty's Government, III & IV (Londen, 1906).
- Muller, H.P.N., Oude Tijden in den Oranje Vrijstaat (Leiden, 1907).
- Muller, H.P.N., Zuid-Afrika - Reisherinneringen (Leiden, 1889).
- Perris, W.C., Blood and Gold in South Africa - an Answer to dr. Conan Doyle (Londen, 1902).
- Phillips, Lionel, Transvaal Problems (Londen, 1905).
- Phillips, L. March, With Rimington (Londen, 1901).
- Robertson, J.M., The Truth About the War, An open letter to Dr. A. Conan Doyle (Londen, 1902).
- Stead, W.T., How not to make peace (Londen, 1900).
- Stead, W.T., Methods of Barbarism (Londen, 1901).
- Trollope, A., South Africa, I & II (Londen, 1878).
- Twentieth Century Impressions of the Orange River Colony and Natal, their history, people, commerce and resources (Lloyds Greater Britain publishing company, 1906).
- Vallentin, W., Der Burenkrieg (Leipzig, 1903).
- Van Ittersum, W.A., De Vrijstaters en hun Geschiedenis (Leiden, 1900).
- Worsfold, W.B., Lord Milner's Work in South Africa (Londen, 1906).
- Worsfold, W.B., The Reconstruction of the New Colonies under Lord Milner, I & II (Londen, 1913).

III. LITERATUUR.

- A. Gepubliceerde Werke en Ongepubliceerde Verhandelinge:
- Arndt, E.F.D., Banking and Currency Development in South Africa (Johannesburg, 1928).
- Breytenbach, J.H., Kommandant Danie Theron (Kaapstad, 1950).
- Clark, Colin, The Conditions of Economic Progress (Londen, 1951).

- Coetzee, J.A., Politieke Groepering in die Wording van die Afrikanernasie (Johannesburg, 1941).
- Crafford, F.S., Jan Smuts (Kaapstad, ongedateerd).
- Curtis, Lionel, With Milner in South Africa (Oxford, 1951).
- D'Arbez, De Levensgeschiedenis van President J.H. Brand (Amsterdam, 1914).
- De Kiewiet, C.W., A History of South Africa, Social and Economic (Oxford, 1946).
- De Wet, C.R., Die stryd tussen Boer en Brit (Kaapstad, 1959).
- Du Plessis, E.P., 'n Volk Staen Op (Kaapstad, 1964).
- Durham, Lord., A Report on Canada (Londen, 1930).
- Engelenburg, F.V., Generaal Louis Botha (Pretoria, 1928).
- Fitzpatrick, P.J., South African Memories (Londen, 1932).
- Fry, R.A., Emily Hobhouse, A Memoir (Londen, 1929).
- Geen, M.S., The Making of South Africa (Kaapstad, 1958).
- Grauman, H., Rand Riches and South Africa (Kaapstad, 1935).
- Grobbelaar, J.J.G., Die Vrystaatse Republiek en die Basoeto-vraagstuk in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1939, dl. II (Kaapstad, 1939).
- Grosskopf, J.W., Die Armblanke-Vraagstuk in Suid-Afrika in Verslag van die Carnegie-Kommissie, I (Stellenbosch, 1932).
- Hancock, W.K., Smuts. The Sanguine Years, 1870-1919 (Cambridge, 1962).
- Headlam, C., The Milner Papers, I & II (Londen, 1933).
- Hobhouse, E., Die Smarte van die Oorlog en wie dit gely het (Kaapstad, 1941).
- Hofmeyr, Jan H., South Africa (Londen, 1931).
- Holt, Edgar, The Boer War (Londen, 1958).
- Hopkins, H.C., Maar één soos hy, Die lewe van Kommandant C.A. van Niekerk (Kaapstad, 1963).
- James, D., Lord Roberts (Londen, 1954).
- Kemp, J.C.G., Die Pad van die Veroweraar (Kaapstad, 1942).
- Kemp, J.C.G., Vir Vryheid en Vir Reg (Kaapstad, 1946).
- Kestell, J.D., Christiaan de Wet (Kaapstad, 1920).
- Kestell, J.D. en Van Velden, D.E., De Vredesonderhandelinge tussen Boer en Brit in Zuid-Afrika (Amsterdam, 1909).
- Kieser, A., President Steyn in die Krisisjare (Kaapstad, 1951).
- Kriel, J.D., Emily Hobhouse en die Naweë van die Anglo-Boere-Oorlog, 'n Studie in altruïsme en pasifisme (ms. D.Phil.-Verhandeling, U.O.V.S., 1956).
- Kriel, J.D., Die Verhouding tussen Kerk en Staat in die Republiek van die Oranje-Vrystaat, 1854-1902 in Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,

- 1953, I (Kaapstad, 1953).
- Krüger, D.W., The Age of the Generals (Johannesburg, 1958).
- Kruger, Nellie, Rachel Isabella Steyn (Kaapstad, 1949).
- Lamprecht, G.J., Die Ekonomiese Ontwikkeling van die Vrystaat van 1870 tot 1899 (Ms. D.Phil.-verhandeling, Stellenbosch, 1953).
- Lockhart, J.G. en Woodhouse, C.M., Rhodes (Londen, 1963).
- Macdonald, J.R., Wat ek in Suid-Afrika gesien het (Johannesburg, 1941).
- Martin, A.C., The Concentration Camps, Facts, Figures and Fables (Kaapstad, 1957).
- Millin, S.G., General Smuts, I & II (Londen, 1936).
- Millin, S.G., South Africans (Londen, 1937).
- Milner, A., The Nation and the Empire (Londen, 1913).
- Neame, I.E., General Hertzog, (Londen, 1930).
- Oberholster, J.J., e.a., Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat (Bloemfontein, 1964).
- Otto, J.C., Die Konsentrasiekampe (Kaapstad, 1954).
- Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog (Kaapstad, ongedateerd).
- Pyrarh, G.D., Imperial Policy and South Africa 1902-10 (Oxford, 1955).
- Scholtz, G.D., Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914 (Johannesburg, 1941).
- Schreiner, Olive, Thoughts on South Africa (Londen, 1925).
- Spender, H., General Botha, The Career and the Man (Londen, 1919).
- Terblanche, A., Emily Hobhouse (Johannesburg, 1948).
- Theal, G.M., A Fragment of Basuto History 1854-1871 (Kaapstad, 1886).
- Van den Heever, C.M., Die Afrikaanse Gedagte in Die Kultuureskiedenis van die Afrikaner, III (Kaapstad, 1950).
- Van den Heever, C.M., Generaal J.F.M. Hertzog (Johannesburg, 1944).
- Van der Merwe, N.J., Marthinus Theunis Steyn, I & II (Kaapstad, 1921).
- Van der Poel, J., Railway and Custom Policies in South Africa (Longmans, 1933).
- Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A. en Geyer, A.L., Geskiedenis van Suid-Afrika, I (Kaapstad, 1951).
- Van der Westhuizen, H.M., Die Kultuurbewuswording van die Afrikaner in Die Kultuureskiedenis van die Afrikaner, III (Kaapstad, 1950).
- Van Schoor, M.C.E., Malan, I.S. en Oberholster, J.J., Christiaan Rudolph de Wet (Bloemfontein, 1954).
- Van Schoor, M.C.E., Die Vrystaatse Helpmekaar (Bloemfontein, 1960).
- Van Schoor, M.C.E., Onderwys in die Oranje-Vrystaat in Onderwys in Suid-Afrika 1652-1910 (Pretoria, 1963).

- Van Schoor, M.C.E., Die Nasionale en Politieke Bewus-
wording van die Afrikaner in Migrasie en sy ont-
luiking in Transgariep tot 1854 in Argiefjaarboek
vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1963, II (Kaap-
stad, 1963).
- Van Schoor, M.C.E. en Oberholster, J.J., President
Steyn aan die Woord (Bloemfontein, 1953).
- Vulliamy, C.E., Outlanders (Londen, 1938).
- Walker, E.A., A History of Southern Africa (Londen,
1959).
- Walker, E.A., A History of South Africa (Londen, 1947).
- Walton, J., Vroeë plase en nedersettings in die
Oranje-Vrystaat (Amsterdam, 1955).
- Weideman, H.J.S., Die Geskiedenis van die Ekonomiese
Ontwikkeling van die Oranje-Vrystaat met verwysing
na die ontstaan van die Armblankedom, 1830-1870
(Ms. M.A.-verhandeling, U.K.O.V.S., 1946).
- Weidemann, N.C., Die Politieke Naweë van die Anglo-
Boereoorlog in Transvaal, 1902-07 (Ms. D.Phil.-ver-
handeling, U. Pretoria, 1955).
- Worsfold, W.B., The Reconstruction of the New Colonies
under Lord Milner, I & II (Londen, 1913).
- Wrench, J.E., Alfred lord Milner, the man of no il-
lusions (Londen, 1958).

B. Pamflette:

Sir Alfred Milner on the Real Cause of the War. Being
an Interview between the High Commissioner of South
Africa and Mr. James Molteno, the Representative of
the Ministerialists in the Cape Parliament, five
days before the outbreak of War. (Kaapstad, 1899:
herdruk uit Daily Chronicle).

Leaflets and Pamphlets issued by the South African
Conciliation Committee:

No. 57: The Expulsion of Boer Women and Children,
Lord Robert's Correspondence with General
Botha (herdruk uit Manchester Guardian).

No. 58: A plain statement of the change that has
come over the War in South Africa, A Memorial
addressed to Lord Salisbury by the South
African Conciliation Committee.

No. 59: Farm Burning in South Africa (herdruk uit
Westminster Gazette).

No. 60: The Question of Farm Burnings, A Memorial
from Boer officers (herdruk uit Westminster
Gazette).

C. Artikels:

Kieser, A., Skaapboerdery in die Oranje-Vrystaat in
Die Volksblad, 17.12.1932.

Krüger, D.W., Winter in die Hart van 'n Nasie in Die
Huisgenoot, 26.5.1950.

Krüger, D.W., Taaiste manne wat Suid-Afrika opgelewer
het in Die Huisgenoot, 9.6.1950.

Van Rensburg, J.J., Die Brandfort-kongres in Die Volks-
blad, 10.8.1957.